# AGENDA

## vir die 15de vergadering van die

# ALGEMENE SINODE

## van die

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

**VEREMARKSAAL, PORT ELIZEBETH**
**Sondag 6 tot Donderdag 10 Oktober 2013**

# ROEPINGSVERKLARING

## van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

## 2007

Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy:

(a) *Om met 'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe.*
Ons is daarvan oortuig dat slegs die evangelie van Jesus Christus mense op die pad van verlossing, versoening en lewende hoop plaas. Daarom wil ons die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig, as profete optree en oral getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.

(b) *Om voortdurend in liefde na mekaar te luister en in ons vertroue van mekaar te groei.*
Bewus van ons diversiteit, verbind ons ons aan groter eenheid tussen gemeentes, aan die hereniging van die kerkfamilie, asook aan die versterking van ons ekumeniese bande. Ons wil graag met alle ander Christene saamwerk om veilige ruimtes te skep waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en bly praat.

(c) *Om in deernis met ander saam te leef.*
Ons word deur God geroep as deel van sy liggaam in Afrika. Ons is dankbaar vir alle positiewe ontwikkelinge op ons kontinent, waaronder die snelle groei van die Christelike geloof. Daar is ook vele tragiese verhale van geweld, misdaad, armoede, hongersnood en die gevolge van MIV-Vigs. Ons betuig ons meegevoel aan die talle slagoffers hiervan en wil meewerk aan genesing vir mens, dier en omgewing. God roep en stuur sy kerk om 'n verskil te maak. Ons verseker alle owerhede van ons voorbidding.

(d) *Om met openheid onvoorwaardelik diensbaar te wees in die wêreld.*
Ons wil graag met alle ander Christene hande vat om ons samelewings op te bou en pynlike omstandighede te verlig. Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons is beskikbaar en is verbind tot diens aan gemeenskappe. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons oral hoor. As gestuurde gelowiges is ons sout van die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk.

Ons buig voor die Here. Ons is hier. Ons is sy kerk. Ons is gestuurdes.

Aan God al die eer.

# VOORWOORD

Die vyftiende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het, soos alle vorige Algemene Sinodes, ’n baie spesifieke opdrag. Dit word uitgespel in Artikel 43 van die Kerkorde wat soos volg lui:

*Tot die taak van die Algemene Sinode hoort:*
*1 dit wat uitdrukking gee aan ons gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, belydenis, kerkorde, roeping en beleid;*
*2 dit wat ons nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak;*
*3 dit wat die kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak;*
*4 die viering van ons onderlinge verbondenheid;*
*5 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;*
*6 die vasstelling van die Belydenisskifte ooreenkomstig Artikel 44, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruike, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;*
*7 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienaars van die Woord;*
*8 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode;*
*9 die beheer oor algemene kerklike media;*
*10 die hantering van appélsake wat voor hom gebring word.*


Dit is ’n mondvol, maar dit is belangrik vir die lewe en funksionering van ons kerkverband. Dit is die werk waarvoor afgevaardigdes opgeroep is om oor byeen te kom. Die sake wat hanteer moet word, bied aan hierdie kerkverband *wonderlike geleenthede* om dit wat in ons *Roepingsverklaring* staan, arms en hande en bene en voete te gee.

Wanneer die Algemene Sinode vergader, is dit ’n *kerkvergadering* waar ons met ons *oop Bybels* in die teenwoordigheid van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees verkeer. Ons moet *sy stem* hoor. Ons moet *onderskei* wat *sy wil* is met betrekking tot die sake in die Agenda én wat die leiding is wat die Algemene Sinode aan die kerkverband moet gee tov ons roeping in ons wêreld. Ons kan dit alleen biddend doen.

Ons moet altyd onthou dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie aan haarself behoort nie. Dit is nié *ons* kerk nie. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk behoort aan die Koning van die Kerk en aan Hom alleen. Dié wete moet ons in alles rig – al meen ons ons moet ’n ander koers gaan.

Baie dankie aan almal wat meegewerk het aan die voorbereiding met die oog op die Algemene Sinode, ook hierdie Agenda. My gesin verdien besondere dank vir hulle ondersteuning en hulle wonderlike geduld.

*Werk in u Sinode, Here*
*– Vader, Seun en Heil’ge Gees –*
*reinig ons deur u genade,*
*laat ons offers heilig wees;*
*U is heilig, maak ons heilig*
*deur die werking van u Gees.*
(Lied 474:2 (verwerk))



**Dr JJ Gerber**
**Algemene Sekretaris van die NG Kerk**

# INHOUDSOPGAWE

## A. VERSLAE


**A.1 AGENDAKOMMISSIE** ... 9

**A.2 ARGIEF** ... 28

**A.3 BEVOEGDHEIDSRAAD** ... 47

**A.4 BYBELVERTALING, -VERKLARING EN -VERSPREIDING** ... 56

**A.5 DIENS EN GETUIENIS** ... 62
VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS ... 62
KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSTERAAD ... 65

**A.6 FONDSE** ... 71

**A.7 JEUG** ... 72
KATEGESE ... 72
KATEGESE: BELYDENISAFLEGGING ... 75
NAVORSING: JEUG ... 77

**A.8 KERKLIKE MEDIA** ... 80
BYBEL-MEDIA ... 80
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS ... 84

**A.9 KLEIN GEMEENTES** ... 87

**A.10 LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE** ... 89
TAAKSPAN LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE ... 89
SAMEHANG VAN DIE SAKRAMENTE IN VERBONDSTEOLOGIESE PERSPEKTIEF ... 93
DOOPHERINNERING EN DOOPHERDENKING ... 99

**A.11 LIDMATE** ... 120
LIDMAATBEMAGTIGING ... 120
VROUE ... 122

**A.12 MODERAMEN** ... 124
REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN ... 129
BESTUURSPAN ... 130
KERKHERENIGING ... 149
BELYDENIS VAN BELHAR ... 171
ARMOEDE ... 185
MENSWAARDIGHEID ... 191
    Seisoen van Menswaardigheid ... 197
MISSIONALE AARD EN ROEPING VAN DIE NG KERK ... 199
EKOLOGIE: TER WILLE VAN DIE AARDE EN HAAR BEWONERS ... 216
KOMMUNIKASIE ... 218
EKUMENE ... 220
PUBLIEKE GETUIENIS ... 233
    Onderwys en opvoeding ... 238
    Grondhervorming, landelike ontwikkeling en landbou ... 242
    Die NG Kerk en apartheid ... 249

**A.13 NAVORSING** ... 252

**A.14 REGTE** 254

**A.15 TEOLOGIESE OPLEIDING** 263
Algemene Kuratorium 263
Hugenote Kollege 278

**B. BESKRYWINGSPUNTE** 281

# AFKORTINGS

**A**

| | |
|---|---|
| AACC | All Africa Conference of Churches |
| ABF | Algemene Bedieningsfonds |
| ABID | Argief- en Bestuursinligtingsdienste |
| ABR | Algemene Bevoegdheidsraad |
| ACK | Afrikaanse Christen Kerk NS |
| ACRC | Africa Communion of Reformed Churches |
| ACSA | Anglican Church of Southern Africa |
| ADD | Algemene Diensgroep Diens en Getuienis |
| ADGO | Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling |
| AGS | Apostoliese Geloofsending |
| AJK | Algemene Jeugkommissie |
| AK | Algemene Kuratorium |
| AKLAS | Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake |
| APK | Afrikaanse Protestantse Kerk |
| ARCA | Alliance of Reformed Churches in Africa |
| ASGISA | Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa |
| ASM | Algemene Sinodale Moderamen |
| ATA | Algemene Taakspan Argief |
| ATABID | Algemene Taakspan Argief- en Bestuursinligtingsdienste |
| ATBV | Algemene Taakspan Bybelvertaling, -Verklaring en -Verspreiding |
| ATDV | Algemene Taakspan Diensverhoudinge |
| ATF | Algemene Taakspan Fondse |
| ATKM | Algemene Taakspan Kerklike Media |
| ATLAS | Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake |
| ATR | Algemene Taakspan Regte |
| ATTO | Algemene Taakspan Teologiese Opleiding |
| A-Z | Omvattende handleiding tov alle fasette rakende leraars |

**B**

| | |
|---|---|
| Bep | Bepaling |
| BDV | Die Bybel: Direkte Vertaling |
| BIG | Basiese Inkomste Toelaag (Basic Income Grant) |
| BM | Bybel-Media |
| BSA | Bybelgenootskap van Suid-Afrika |

**C**

| | |
|---|---|
| CABSA | Christen Vigsburo vir Suidelike Afrika |
| CAD | Christelike Afhanklikheidsdiens |
| CCAP | Church of Central Africa Presbyterian |
| CEC | Evangelical Community in the Congo |
| CPK | Calvyn Protestantse Kerk |
| CLF | Christelike Lektuurfonds |
| CMR | Christelike Maatskaplike Raad |
| CRCA | Communion of Reformed Churches in Africa |
| CRCA | Christian Reformed Churches of Australia |
| CRCNA | Christian Reformed Church in North America |
| CRWRC | Christian Reformed World Relief Committee |
| CUC | Church Unity Commission |
| CUM | Christelike Uitgewersmaatskappy |

**D**

| | |
|---|---|
| DL | Dordtse Leerreëls |
| DRC | Dutch Reformed Church (NGK) |
| DRCB | Dutch Reformed Church in Botswana |
| DVK | Diensverhoudingkommisie |

**E**

| | |
|---|---|
| ELKSA | Evangelies-Lutherse Kerk van Suider-Afrika |

**F**

| | |
|---|---|
| FEPS | Federasie van Switsers-Protestantse Kerke |
| FIM | Forum for Intercultural Missionaries |
| FJKM | Church of Jesus Christ in Madagaskar |
| FLAM | Eietydse Musiekbediening |

**G**

| | |
|---|---|
| GCF | Global Christian Forum |
| GDN | Gemeentedienstenetwerk |
| GEKA | Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië |
| GER | (REC) Gereformeerde Ekumeniese Raad |
| GISA | Genealogiese Instituut van Suid-Afrika |
| GKSA | Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika |
| GSU | Genealogical Association of Utah |

**H**

| | |
|---|---|
| HK | Hugenote Kollege |
| HK | Heidelbergse Kategismus |

**I**

| | |
|---|---|
| IFAPA | Inter-faith Action for Peace in Africa |
| IFFM | Independent Forum for Faith and Media |
| IKOO | Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys |
| ISWEN | Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing |

**J**

| | |
|---|---|
| JONK | Jeugbediening van die NG Kerk |

**K**

| | |
|---|---|
| KBB | Kommissie vir Buitelandse Bediening |
| KJWV | Kerklike Jeugwerkersvereniging |
| KMDR | Kerklike Maatskaplikediensteraad |

| | |
|---|---|
| KO | Kerkorde |

**L**

| | |
|---|---|
| LPG | Lessenaar vir Publieke getuienis |
| LXX | Septuaginta |

**M**

| | |
|---|---|
| MoA | Memorandum of Agreement |

**N**

| | |
|---|---|
| NAV | Nuwe Afrikaanse Vertaling |
| NBI | Nehemia Bybelinstituut |
| NBO | Nuwe Bedieningsontwikkeling |
| NDR | Nasionale Demokratiese Revolusie |
| NEK | Nuwe Gemeente-ontwikkeling, Evangelisasie, Kerkplanting |
| NGB | Nederlandse Geloofsbelydenis |
| NG Kerk | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| NGKA | (DRCA) Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika |
| NGKU | NG Kerk Uitgewers |
| NGSK | NG Sendingkerk |
| NGO | Nuwe Gemeente-ontwikkeling |
| NGTT | Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif |
| NHK | Nederduitsch Hervormde Kerk |
| NOP | Nasionale Ontwikkelingsplan |
| NRASD | National Religious Association for Social Development |
| NRLC | National Religious Leaders Council |
| NRLF | National Religious Leaders Forum |
| NT | Nuwe Testament |
| NWO | Nie-winsgewende organisasie |

**O**

| | |
|---|---|
| OT | Ou Testament |
| OWO | Openbare weldaadsorganisasie (PBO) |

**P**

| | |
|---|---|
| PASD | Predikant in Algemene Sinodale Diens |
| PCUSA | Presbyterian Chuch in the USA |
| PKN | Protestantse Kerk in Nederland |
| PL | Parlementêre Lessenaar |
| Prim | Primarius |
| Ps | Psalm |
| PSD | Predikant in Sinodale Diens |

**R**

| | |
|---|---|
| REC | (GER) Reformed Ecumenical Council |
| RCA | Reformed Church in Africa |
| RCEA | Reformed Church in East Africa |
| RCH | Reformed Church in Hungary |
| RCJ | Reformed Church in Japan |
| RCWF | Reformed Christian Womens' Forum |
| RCZ | Reformed Church in Zimbabwe |

**S**

| | |
|---|---|
| SAARC | Southern African Alliance of Reformed Churches |
| SAID | Suid-Afrikaanse Inkomstediens |
| SAKOV | Suid-Afrikaanse Kerkorrelisvereniging |
| SACLA | South African Christian Leadership Assembly |
| SACLI | South African Christian Leaders Indaba |
| SAKV | Suid-Afrikaanse Koorvereniging |
| SAOU | Suid-Afrikaanse Onderwysersunie |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| SARK | Suid-Afrikaanse Raad van Kerke |
| Sek/Sec | Sekundus/Sekundi |
| SKB | Sentrum vir Kontekstuele Bediening |
| STDV | Sinodale Taakspan Diensverhoudinge |

**T**

| | |
|---|---|
| TEASA | The Evangelical Alliance of South Africa |
| TIW | Toerustingsburo vir Interkerklike Werkers |
| TM | Tydskriftemaatskappy |
| TKK | Tussenkerklike Kommissie |
| TKR | Tussenkerklike Raad |
| TSO | Teologiese Studente Opleiding |

**U**

| | |
|---|---|
| UCA | Uniting Church in Australia |
| UMSW | Uniting Ministry for Service and Witness |
| UP | Universiteit Pretoria |
| UPCSA | Uniting Presbyterian Church in Southern Africa |
| URCSA | Uniting Reformed Church in Southern Africa |
| US | Universiteit Stellenbosch |
| UV | Universiteit Vrystaat |

**V**

| | |
|---|---|
| VBO | Voortgesette Bedieningsontwikkeling |
| VCSV | Verenigende Christelike Studentever-eniging |
| VDDG | Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis |
| VDM | Verbi Divini Minister (Bedienaar van die Goddelike Woord) |
| vGKN | voortgezette Gereformeerde Kerken in Nederland |
| VGKSA | (URCSA) Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika |
| VONKK | Adviesnetwerk vir klassieke kerklied |
| VPKB | Verenigde Protestantse Kerk in België |
| VTO | Voortgestette Teologiese Opleiding |

**W**

| | |
|---|---|
| WARC | World Alliance of Reformed Churches |
| WBG | Wêreldbond van Bybelgenootskappe |
| WBGK | (WARC) Wêreldbond van Gereformeerde Kerke |
| WCRC | World Communion of Reformed Churches |
| WGGK | Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke |
| WRF | World Reformed Fellowship |
| WRK | (WCC) Wêreldraad van Kerke |
| WVK | Waarheids- en Versoeningskommissie |

# A. VERSLAE

# A.1 AGENDAKOMMISSIE/ ONTWERPSPAN

## 1. OPDRAG

**1.1 Reglement 3 pt 3.1:** *Die Kommissie vir die Agenda word deur die Moderamen saamgestel…*
Die Moderamen het besluit om ’n Ontwerpspan saam te stel wat die beplanning vir die Algemene Sinode sal doen. Die Ontwerpspan het aan die Moderamen verslag gedoen van sy werksaamhede.

**1.2 Personeel**
Die personeel was die volgende: dr Kobus Gerber (sameroeper), me Rinel Hugo (Kantoor- en prokekbestuurder van die Algemene Sinode), dr Chris van Wyk, di Danie Mouton, Nelis J van Rensburg, Norma Rossouw, Barnard Steyn, mee Elna Schoeman, Ester Steyn, Chantall Vermaak en mnr Gerhard Potgieter.

## 2. PLEK EN DATUM VAN SINODE

**2.1 Datum**
Die Moderamen het die datum vir die Vyftiende Algemene Sinode bepaal vir Sondag 6 tot Donderdag 10 Oktober 2013.

**2.2 Kennisgewing**
Skribas en saakgelastigdes van die tien sinodes is op 20 Maart 2013 formeel kennis gegee van die vergadering asook voorsien van die noodsaaklike inligting soos dit in die Reglement vir Orde vermeld word.

**2.3 Gasheersinode**
Die Moderamen het goedgekeur dat die Sinode van Oos-Kaap as gasheersinode vir die Vyftiende Algemene Sinode optree.

**2.4 Plek**
Die Moderamen het goedgekeur dat die Algemene Sinode by die Veremarksaal in Port Elizabeth gehou word. Verblyf is in die nabygeleë Garden Court Hotel.

## 3. AFGEVAARDIGDES

**3.1** Die name van die afgevaardigde predikante en ouderlinge/diakens (met sekundi) verskyn in die lys van afgevaardigdes in die Agendaboek (bl 22).
**3.2** In ooreenstemming met Reglement 3 pt 1.2 berus hierdie lys op die gesamentlike geloofsbriewe wat deur die skribas van sinodes ingedien is op grond van Kerkorde Art 38.1. Die berekening verskyn ook in die Agendaboek (bl 27). Die berekening is deur die Moderamen goedgekeur en deurgegee aan die sinodes.
**3.3** Die dosenterade van die drie Teologiese Fakulteite is adviserend teenwoordig (Kerkorde Art 38.2).
**3.4** Aan die predikante in algemene sinodale en in sinodale diens, sowel as aan skribas van permanente kommissies en amptenare van soortgelyke status wat mede-verantwoordelikheid dra vir verslae wat voor die Algemene Sinode dien, en wat nie afgevaardigdes na die Algemene Sinode is nie, word reg van sitting met adviserende stem verleen wanneer daardie verslae en sake wat hulle werk raak, behandel word.
**3.5 Alle wysigings van die lys afgevaardigdes moet tydens registrasie op Sondag 6 10 Oktober 2013 voor 18:00 by die Algemene Sekretaris, dr Kobus Gerber, ingehandig word**.
**3.6** Plekke word gereserveer vir die ekumeniese verteenwoordigers en besoekers wat die Dagbestuur/ Moderamen uitgenooi het.
**3.7** 'n <u>Beperkte</u> getal sitplekke is beskikbaar vir besoekers.

## 4. REGISTRASIE

**4.1** Die registrasie van afgevaardigdes vind **vanaf Sondagoggend 6 Oktober 2013 om 10:30 tot die middag 16:00** plaas **by die Garden Court Hotel.** Meer detail verskyn in die omsendskrywe aan elke afgevaardigde.
**4.2** Afgevaardigdes ontvang <u>naamkaartjies wat hulle **deurgaans** as identiteitskaartjies</u> moet dra.

## 5. VERBLYF

**5.1** Sinodes is versoek om verblyfbehoeftes aan te dui binne die raamwerk van die konferensiepakket wat beding is.
**5.2** Kamerindelings word in oorleg met die sinodes gedoen.
**5.3** Kamernommers en toegangskaarte word tydens registrasie voorsien.

## 6. OPENINGSGELEENTHEID

Die Openingsliturgie wat Sondagaand 6 Oktober 2013 om 19:00 plaasvind, is die amptelike opening van die Algemene Sinode. Die geleentheid word gereël en aangebied soos deur die Ontwerpspan ooreengekom met die Sinode van Oos-Kaap.

## 7. KONSTITUERING

**7.1** Die afgevaardigde **leraar met die langste diens, wat die oudste in jare is**, neem die opening van die Algemene Sinode as deel van die openingsliturgie waar (vgl Reglement 3 pt 1.1). Die leraar se naam verskyn in die *Aanvullende Verslae*.
**7.2** Die Algemene Sekretaris help met die konstituering as deel van die openingsliturgie.

## 8. SITTINGSTYE
Die sittingstye word in die *Werkskema* weergegee.

## 9. VERLOF EN PERSONEELVERANDERINGS
**9.1** 'n Dringende beroep word op elke afgevaardigde gedoen om die hele tyd teenwoordig te wees. Elke sinode tref self reëlings ten opsigte van die verlof van sy afgevaardigdes. Elke sinode se skriba hanteer die gewone verlofaansoeke van sy afgevaardigdes. Die betrokke sinode kan ook iemand anders vir hierdie doel aanwys.
**9.2** Die betrokke skriba moet alle personeelveranderings aan die Notulekommissie deurgee vir plasing in die notule.
**9.3** Die sameroeper van die Steunspan moet toesien dat die kworum van die vergadering nie in gedrang kom nie.

## 10. ANDER REËLINGS
**10.1 Vervoer**
Lug-/padvervoer van groepe is deur die kantoor van die Algemene Sinode en sinodes gereël/gekoördineer. Sinodes is ook versoek om te reël dat afgevaardigdes wat per motor kom, saamry ter wille van kostes. Afgevaardigdes wat per vliegtuig kom, word van en na die Port Elizabeth Lughawe vervoer.
**10.2 Sitplekindeling**
**10.2.1** Afgevaardiges word by ronde tafels geplaas. Die spesifieke tafelnommer word aangedui op die naamkaartjie.
**10.2.2** Indien 'n sekundus ná die verskyning van die Agenda (en tydens die vergadering) opgeroep word, neem hy/sy sy/haar sitplek in op die naam van die primarius wat hy/sy vervang.
**10.3 Mikrofone**
Staanmikrofone word orals in die saal opgerig. Indien iemand 'n spreekbeurt wil hê, moet hy/sy betyds na die mikrofoon beweeg.
**10.4 Parkering**
Daar is genoeg parkering by die hotel. Plaaslike afgevaardigdes word versoek om eerder daar te parkeer aangesien parkering by die Veremarksaal beperk is.
**10.5 Dienstafel**
'n Dienstoonbank word tydens die sitting ingerig met voltydse personeel. Hier kan afgevaardigdes boodskap-pe ontvang en stuur en algemene inligting, posdienste en reisinligting verkry. Daar word ook voorsiening gemaak vir internettoegang en e-posfasiliteite. Die ligging van die Dienstoonbank verskyn in die inligtingstuk wat tydens registrasie voorsien word.
**10.6 Administrasiekantoor**
'n Administrasiekantoor word ingerig om aandag te gee aan al die nodige administrasie.
**10.7 Etes en verversings**
**10.7.1** Alle etes vir alle afgevaardigdes word bedien soos aangedui op die inligtingstuk wat tydens registrasie verskaf word. Afgevaardigdes kan nie op sinodekoste elders gaan eet nie.
**10.7.2** Tee/koffie en verversings word bedien soos aangedui op die inligtingstuk.
**10.8 Uitstallings**
**10.8.1** ‘n Aantal instansies stal hulle werksaamhede en produkte uit. Hulle het vooraf toestemming daartoe verkry.
**10.8.2 Geen ander boeke, pamflette, artikels, ware, ensovoorts mag op enige plek op die terrein uitgestal, verhandel of uitgedeel word nie, of enige opname van die verrigtinge gemaak word behalwe met vooraf-goedkeuring deur die Moderatuur.**
**10.9 Mediese dienste**
Enige persoon wat dringend mediese hulp nodig het, kan navraag doen by die Dienstafel.
**10.10 Media**
Die Algemene Sinode is ‘n oop vergadering tensy per geleentheid anders ter vergadering gereël word. Die pers is welkom by die Sinode.
**10.11 Bring asseblief saam**
**Afgevaardigdes moet die Bybel, die *Liedboek van die Kerk* en die jongste uitgawe van die Kerkorde (2011) met hulle saambring.**
**10.12 Kleredrag**
Kleredrag word oorgelaat aan die eie diskresie van elke afgevaardigde. Die aanbeveling is netjies-informeel.
**10.13 Besoekers**

***1** Ons werk met twee kategorieë van besoekers: die wat volledig vir die hele tyd daar is (besoekers wat die sitting volledig wil bywoon moet asseblief met hulle sinodes onderhandel – ook tov hulle registrasie en die betaling van hulle koste) en besoekers wat net bloot kom inloer/bysit vir sekere verslae. Laasgenoemde aanvaar volledig verantwoordelikheid vir eie verversings en etes by nabygeleë eetplekke asook eie verblyf.
***2** Daar is beperkte plek vir beide kategorieë beskikbaar.
***3** *Dit is nie moontlik om te reël vir ekstra verversings/ etes vir besoekers nie* (behalwe die wat by die volledige pakket inskakel).

**10.14 Internettoegang**

Internettoegang is afgevaardigdes se eie verantwoordelikheid. Die Dienstafel sal in dringende gevalle behulpsaam wees.

## 11. AGENDABOEK

**11.1** Die Agendaboek is deur NUMASA Drukkers (Pretoria) gedruk. Die Agenda is ook deur die drukkers op disket geplaas en dit is ook op die webwerf van die NG Kerk beskikbaar gestel.
**11.2** Die Agenda is deur die Algemene Sekretaris saamgestel op grond van die verslae van Taakspanne/ Projekspanne van die Algemene Sinode. Toestemming is deur die Moderamen verleen dat bepaalde verslae laat mag wees.
**11.3** Volgens besluit van die Algemene Sinode word die koste van die Agenda- en Handelingboeke/diskette deur gemeentes gedra. Rekeninge word egter aan sinodes gestuur wat die geld self by gemeentes moet insamel of op hulle eie wyse verkry. Dit vorm alles deel van die totale koste van die sitting.
**11.4** In ooreenstemming met die Reglement van Orde pt 3.1 word Agendaboeke/diskette aan *"alle diens-doende bedienars van die Woord van die Kerk, sowel as gemeentes, amptenare en belanghebbende instansies"* voorsien. Sinodes het aangedui hoeveel eksemplare van die boeke/diskette hulle nodig het.
**11.5** Alle navrae in verband met die Agenda moet gerig word aan die Algemene Sekretaris, dr Kobus Gerber.
**11.6** Die Agenda sal tydens die sinodesitting as gelese beskou word. Die *Werkskema* dui die verloop van die sitting aan. Die Reglement van Orde bepaal (3.3) dat die Algemene Sekretaris aantekeninge moet maak van sake wat op meer as een plek in die Agenda voorkom en die aantekeninge tot beskikking van die voorsitter van die Algemene Sinode moet stel. Dr Kobus Gerber gee aandag aan hierdie opdrag.
**11.7** Daar word nie 'n embargo op die inhoud van die Agendaboek geplaas nie - vgl besluit van Algemene Sinode 1998 (bl 465: 2.3 onder C.1.2): *Die Algemene Sinode plaas geen embargo op toekomstige agendas nie, afgesien van spesifieke sake waaroor die Kommissie vir die Agenda vooraf sou kon besluit dat ten opsigte daarvan 'n embargo nodig is.*

## 12. TAAKSPANNE TYDENS DIE ALGEMENE SINODE

Die volgende "sinodekommissies" en "tydelike kommissies" wat tydens die sitting moet funksioneer, word aanbeveel.

**12.1 SINODETAAKSPANNE EN -FUNKSIONARISSE**

**12.1.1 Notulekommissie**

**12.1.1.1** Die Notulekommissie word saamgestel deur die Sinode van Oos-Kaapland.
**12.1.1.2** Die Notulekommissie is in opdrag van en in oorleg met die Algemene Sekretaris verantwoordelik vir die noukeurige notulering van die handelinge van die Algemene Sinode.
**12.1.1.3** Die notule word daagliks aan die Sinode voorgelê. Nadat dit uitgedeel is, kan skriftelike kommentaar en verbeterings aan die aangewese lid van die Notulekommissie gegee word. Die Notulekommissie werk dit in en lê dit, waar toepaslik, aan die Sinode voor by die behandeling van die notule.

**12.1.2 Skakelkommissie**

Drr Kobus Gerber, Ben du Toit en ds Norma Rossouw. Hulle skakel met die Moderatuur wanneer nodig.

**12.1.3 Steunspan**

Me Ester Steyn (Kantoor van die Algemene Sinode) en teologiestudente van die Teologiese Fakulteit Pretoria.

**12.1.4 Liturgie/ Aanbidding/ Musiek**

Die Sinode van Oos-Kaap. Ds Barnard Steyn is die sameroeper. Die musiek van VONKK en FLAM word saam met die van die Liedboek gebruik.

**12.1.5 Tafelleiers**

Vergelyk die uitdeelstuk wat by registrasie beskikbaar is.

**12.1.6 Logistiek**

Die Ontwerpspan sorg dat alle logistieke reëlings voor en tydens die sitting in plek is.

**12.1.7 Stemtellers**

’n Span uit die afgevaardigdes van Oos-Kaap met die hulp van die Steunspan.

**12.1.8 Tolke**

Reëlings word getref om deurlopende tolkdienste te verskaf.

**12.1.9 Sinodebode**

Die personeel van Kerkbode voorsien elke dag 'n spesiale uitgawe van die *SINODEBODE.*

**12.1.10 Die proses ter vergadering**
***1** Die Moderatuur word tydens die vergadering bygestaan deur die volgende groepe mense ten einde die vergadering vlot te laat verloop:
** Die voorsitters van die tien sinodes se diensrade/ sinodale kommissies/ moderamens.*
** Die lede van die Ontwerpspan.*
**Die Luisterspan*
***2** Die Moderamen het ook *fasiliteerders* benoem met die volgende opdrag:
* om die onderskeidende proses tydens die vergadering te hanteer
* om die verloop van die vergadering dop te hou en te help bepaal waar fasilitering nodig is
* om fasiliteringbystand te verleen aan die verhelderingsgesprekke.

**12.2 TYDELIKE TAAKSPANNE**
**12.2.1 Samestelling en taak**
**12.2.1.1** Die Reglement van Orde bepaal dat Tydelike Taakspanne, behalwe waar anders voorgeskryf, deur die Kommissie vir die Agenda (Ontwerpspan) aangewys word en reeds voor die aanvang van die Sinode met hulle werksaamhede mag begin (Reglement van Orde, pt 7.1.).
**12.2.1.2** Predikante/amptenare in diens van die sinodes en van die Algemene Sinode het sitting met adviserende stem in die betrokke tydelike taakspanne (as afgevaardigdes of as waarnemers op koste van sinodes).
**12.2.1.3** Tydelike taakspanne behandel beskrywingspunte wat na hulle verwys is, of sake wat ter vergadering verwys is, en dien die Algemene Sinode met aanbevelings. Insenders van beskrywingspunte mag die betrokke punt by die tydelike taakspanne persoonlik toelig. Tydelike taakspanne maak nie aanbevelings oor die verslae van Taakspanne/ Projekspanne nie tensy daar 'n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer 'n saak deur die Algemene Sinode na hulle verwys is. Tydelike taakspanne moet sover moontlik uit lede van die ooreenstemmende Taakspanne/ Projekspanne bestaan (Reglement van Orde, 7.4 - 7.5.).
**12.2.2 Personeel van Tydelike Taakspanne**
Vgl die Aanvullende Verslae.
**12.2.3 Vooraf-vergaderings van Tydelike Taakspanne**
Die aanbeveling is dat slegs die *Tydelike Taakspan vir sake wat met regte/ kerkordelike sake verband hou* vooraf vergader. Al die ander tydelike taakspanne hoef nie vooraf bymekaar te kom nie en kan hulle werk tydens die sinodesitting afhandel. Die Ontwerpspan kom reeds op Saterdag 5 Oktober 2013 bymekaar.
**12.2.4 Funksionering van Tydelike Taakspanne**
**12.2.4.1** Sodra 'n tydelike taakspan 'n redelike deel van sy agenda afgehandel het, word die betrokke deel van sy verslag aan die Notulekommissie oorhandig wat dit nasien ten opsigte van die regte vorm en numerering en wat sorg vir die tik en duplisering daarvan. Proefleeswerk word deur die Notulekommissie en die skriba van die betrokke tydelike kommissie gedoen.
**12.2.4.2** Die verslae van tydelike taakspanne kry dieselfde nommer as die afdeling van die Agenda waarop die saak betrekking het, met 'n T vooraan, byvoorbeeld T.1.4. Indien daar meer as een verslag van die betrokke tydelike kommissie is, word dit T.1.4 (1), T.1.4 (2), ens.
**12.2.4.3** Tydelike taakspanne moet die beskrywingspunt of punte uit 'n verslag waaroor dit gaan, duidelik aandui en, indien hulle dit aanbeveel, in hulle aanbeveling die volledige besluit wat deur die sinode geneem moet word, weergee, sodat dit woordeliks in die Handelinge van die Algemene Sinode opgeneem kan word.


## 13. WERKSKEMA
Die *Werkskema* verskyn op **bladsy 19** van hierdie Agendaboek. Dit is belangrik om daarop te let dat die vertrekpunt die *fokuspunte* vir die spesifieke dag is. *Sake wat daaronder verpak is, kom aan die orde soos wat die betrokke sessie se proses verloop.* ’n Finale Werkskema word, indien nodig, op 6 Oktober 2013 voorsien.

## 14. PROSESSE VIR DIE VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE
Die Ontwerpspan het deeglik probeer aandag gee aan die prosesse om die vergadering van die Algemene Sinode as ’n geloofsonderskeidende proses te laat vlot. Die Ontwerpspan het van ’n kleiner Prosesspan gebruik gemaak om hom te adviseer.

**1. ALGEMENE OPMERKINGS**
**1.1** Die geloofsonderskeidende proses word hieronder in meer detail uitgepak: kyk asseblief na pt 2 en 5.
**1.2** Die Sinode het ’n **luisterspan** (een lid van elke sinode) wat oorhoofs die bewegings van die Gees in die vergadering deur refleksie gaan verwoord in 'n kort verslag aan die einde van die Sinode. Die vergadering sal hierop kan reflekteer Woensdagaand en in die laaste sessie Donderdagoggend.
**1.3** Die **moderators** van die tien sinodes, die **tafelleiers** en die **fasiliteerders** staan die **Ontwerpspan** (wat ter vergadering die verkose Moderatuur insluit) by tov die verloop van die vergadering. Hierdie groepe asook

inleiers (waar van toepassing) kry vooraf-begeleiding tov óf hulle aanbiedings en/óf hulle begeleidingsrol. Dit vind Sondagmiddag 6 Oktober plaas.
**1.4** Die **Ontwerpspan** ontmoet elke aand tydens die sitting die inleiers en fasiliteerders vir die volgende dag en beplan saam die vloei van die vergadering.
**1.5** Met die oog op prosesse formuleer die Ontwerpspan 'n **duidelik-geformuleerde vraag/vrae** wat die volgende dag in die geloofsonderskeidende gesprekke hanteer word, bv tov die gesprek oor die Belydenis van Belhar kan die vraag uit die kortfilm gebruik word: *"Help die Belydenis van Belhar ons om dié vrae oor eenheid, versoening en geregtigheid vir ons tyd te antwoord?"*
***1.6*** *Die Sinode self in sitting moet* ***prioritiseer*** *en aan die ASM oorhandig vir uitvoering. Dit is nodig vir eienaarskap van besluite en vertroue. Sinodes sal hierin reeds ter vergadering betrek word. Die eerste rondte prioritisering vind Woensdagaand plaas en word in die laaste sessie Donderdagoggend gefinaliseer*.
**1.7** Wat na die Sinode gebeur, is net so belangrik as wat voor en tydens die Sinode gebeur. Die **vergaderings van afgevaardigdes van die tien sinodes** elke dag tydens die sitting is dus van kardinale belang.
**1.8** In plaas van 'n **evaluasievorm** vra ons van die begin af dat mense stories skryf oor wat met hom of haar gebeur het tydens die Sinode en waarmee hulle weggaan, sodat ons 'n meer kwalitatiewe evaluering kry. Die **Luisterspan** word getaak om dit te hanteer. Dié verslag vorm deel van die gesprek Woensdagaand en Donderdagoggend.
**1.9** Tov **interaktiewe en oop kommunikasie** is die volgende in plek:
**1.9.1** 'n **Webtuiste** is spesifiek vir hierdie vergadering geskep met die temas, verslae (met ekstra skakels en bronne uit bv Kruisgewys) en kommentaarruimte by http://www.ngkerk.org.za/AS2013 vir deelname en refleksie. Teken in op die voorblad by **Ontvang nuwe bydraes via E-pos** deur jou e-posadres in te vul. Klik dan op "Teken in" om outomaties nuwe bydraes in jou Inbox te kry. 'n Bevestiging sal per e-pos na jou e-posadres gestuur word waarop jy moet reageer om dit te aktiveer. Die webtuiste sal van die begin van September af die hele agenda bevat. **Dit is beskikbaar vir almal wat wil inskakel. Maak dit dus wyd bekend in julle kerke en sosiale netwerke!**
**1.9.2** Die **sosiale media** sal kwistig gebruik word tydens die vergadering. Gedurende die sinode kan idees, opmerkings en besluite op Twitter en Facebook met die relevante hash tag (#ngkerk) geplaas word. YouTube en " podcasts" (potgooie) word ook aangewend. Cobus van Wyngaard neem verantwoordelikheid vir hierdie faset van die vergadering.
**1.9.3** Daaglikse radio-onderhoude asook 'podcasts' word oorweeg om mense reg oor ons lande deel van die prosesse te laat wees. Inligting sal op die webbladsy en Facebook gepubliseer word.

**2. BELYNING VAN SPIRITUALITEIT EN DIE GELOOFSONDERSKEIDENDE PROSES**
**2.1** Ons werk met die breë geloofsonderskeidende proses: **Ontvang, Ontgin** en **Ontplooi**. Dit werk so – meer inligting aan die einde van die dokument:
*** ONTVANG**: ons kry 'n **inset** ('n verslag of inleiding);
*** ONTGIN**: ons hou **verhelderingsgesprekke** (vorige aand) sowel as **tafelgesprekke** (in sitting) waarin daar onderskeidend na die insette en voorstelle gekyk word sowel as na Bybeltekste en ons eie verhale geluister word en ons ook saambid, om tot 'n **gedeelde oortuiging** te kom.
*** ONTPLOOI**: ons hou ook **grootvergadering-gesprekke** oor die vernaamste sake, en neem – *indien nodig* – ook **besluite**.




**2.2** Die **sinodes se eie afvaardiging** vergader saans voor etes vir 'n halfuur as **luistergroepe** met 'n duidelike vraag: bv: *"Wat beteken vandag vir julle as sinode?"* Hier word gereflekteer oor die dag se gebeure, sowel as vooruit gekyk na wat die volgende dag gebeur. Dit is 'n belangrike deel van die ontginningsproses wat die Algemene Sinode-in-sitting gaan help met verfyning van voorstelle en die uitrol van besluite in die sinodale streke. Dit gaan ook die verhelderingsgesprekke vooraf.
**2.3 Verhelderingsgesprekke** – Elke aand word ongeveer drie groot onderwerpe van die volgende dag se agenda hanteer – vgl die *Werkskema*. Ons het reeds die taakspanvoorsitters en skrywers van verslae betrek in die beplanning hiervan, maar dit kan uitgebrei word na gelang van die behoefte van die vergadering self. Dit is by voorkeur die plek waar groot verskille en/of verskil in standpunte uitgesorteer word met alternatiewe aanbevelings aan die vergadering indien nodig.
**2.4** Daar sal ruimte wees vir **wegbreeksessies** tydens die Sinode indien daar steeds groot verskille is en 'n ad hoc-groep sal dan deur die voorsitter in oorleg met die vergadering daarvoor afgevaardig word.
**2.5** Daar sal 'n **ken-mekaar** van die onderskeie tafelgenote wees by die aanvangserediens sodat spanbou reeds begin tydens die openingsgeleentheid.

**3. LITURGIESE INKLEDING**

Enkele algemene opmerkings:
**3.1** Die liturgie verpak nie die inhoudelike van die Sinode nie, maar die styl van die vergadering. Die Sinode word daarom so ingerig dat die liturgie (saam met die dialoog en gesprekke) die Sinode kan fasiliteer. Die liturgie sal daarom geïntegreerd wees met die sittingsprosesse.
**3.2** Die liturgiese proses word begelei met metafore en beelde vanuit die perspektief van die Drie-eenheid, naamlik Vader, Seun, en Heilige Gees. Kyk by punt 4 vir meer inligting.
**3.3** Liturgiese momente kan ook deur die fasiliteerders by die verhelderingsgesprekke gebruik word (sang, gebed, skilderye) indien moontlik. Sinodegangers moet immers ook hier ervaar: "God is hier teenwoordig".

**4. TEMATIESE INKLEDING**
Na aanleiding van die prioriteite wat die ASM vir hierdie sitting geïdentifiseer het, word die vergadering soos volg ingerig (detail van die program is in die Werkskema (verslag A.1) en in die *skedule* op die web by (http://www.ngkerk.org.za/AS2013):

Oorhoofse tema: **"In die teenwoordigheid van die Drie-Enige God"**
**1. "Geseën om te seën" – Genesis 12.2**
(Ons begin met **'n waarderende gesprek oor die kerk.** Deur die dag word daar gefokus op oa Missionale kerkwees, Jeug/Jeugnavorsing, Vroue, #Imagine, Klein gemeentes, Lidmaatbemagtiging, Kategese, Ritmejaar, Teologiese opleiding, Hugenote Kollege, Onderwys, Algemene Bevoegdheidsraad en Predikantesake)
**2. "Sodat die wêreld kan glo" – Johannes 17:21**
(Ons begin met **'n waarderende gesprek oor eenheid, versoening en geregtigheid**. Deur die dag word daar gefokus op oa Kerkhereniging, Ekumene, Belydenis van Belhar, Regte en Fondse)
**3. "Hou vas aan wat goed is": Romeine 12:9**
(Ons begin met **'n waarderende gesprek oor die vraag: Hoe vorm ons morele mense?** Deur die dag word daar gefokus op Menswaardigheid/ Seisoen van Menswaardigheid, Apostolicum, Ekologie, Publieke getuienis, NG Kerk en apartheid, Grondhervorming, Samehang tussen die sakramente, Doopherinnering, Prosesvoorstel oor homoseksualiteit, Moderamen, Regte, Bybelvertaling, Maatskappye, Kerklike Media (BM, CLF) en Bestuurspan)
**4. "Gaan maak jy ook so": Lukas 10:37**
(Ons begin met **'n gesprek oor hoe ons armoede kan bestry**. Deur die oggend word daar gefokus op Armoede, Diens en Getuienis, Kerklike maatskaplike dienste, Ekonomie en Prioritisering).

**5. GELOOFSONDERSKEIDENDE PROSESSE**
**5.1 Inleiding**
Die Algemene Sinode gaan as vergadering op 'n eenvoudige model werk: daar is **insette**, gevolg deur **nadenke** (refleksie), gevolg deur **oortuigings** (besluite of voornemens).

**5.2 Insette**
Insette kan sake uit die **sakelys** wees. Die sakelys word hanteer binne die raam van bepaalde temas vir bepaalde dae, bv "Armoede", "Moraliteit", "Missionale kerkwees", ens. Hierdie temas vat dikwels verskillende sake uit verskillende verslae saam.

'n Hele tema gaan deur middel van 'n kort inset aan die orde gestel word voor dit in die proses van nadenke of refleksie geplaas word. Die indeling van die temas en skedule verskyn in die *Werkskema* in die Agenda. Die skedule is ook op die web by http://www.ngkerk.org.za/AS2013.

Verder gaan bepaalde **temas/ aspekte van verslae** eers in **verhelderingsessies** (wat saans plaasvind) deurgetrap word voordat dit tydens die vergadering as **inset** aan die orde kom. Elke sinodeganger kan self kies by watter verhelderingsessies hy/sy wil inskakel. Die verhelderingsessies is geskeduleer vir die volgende aande: Sondag (beperk), Maandag, Dinsdag en Woensdag. Die skedule verskyn in die *Werkskema* in die Agenda asook op die web http://www.ngkerk.org.za/AS2013.

**5.3 Nadenke (refleksie)**
Op sleuteloomblikke tydens die Sinode gaan **kleingroepies** rondom die tafels op 'n spesifieke patroon nadink oor die insette. Ons gaan hierdie nadenke met mekaar deel.

Daar word ook 'n tweede ruimte vir nadenke geskep: daaglikse **sinodegesprekke**. Die onderskeie sinodale afvaardigings kom aan die einde van elke dag bymekaar (vgl die *Werkskema*) om saam na te dink oor die betekenis van die dag se insette vir die lewe van die betrokke sinode.

Daar is ook 'n **Luisterspan** (een lid van elke sinode) wat oorhoofs die bewegings van die Gees in die vergadering deur refleksie gaan verwoord in 'n kort verslag aan die einde van die sinode. Dit sal reeds Woensdagaand in 'n eerste rondte vir refleksie deur die Sinode aangebied word.

**5.4 Oortuigings**

Aangesien die Here lewend en persoonlik in die vergadering aanwesig is, vertrou ons Hom om bepaalde oortuigings by ons wakker te maak. As Gereformeerdes praat ons hiervan graag as ons *roeping* – ons vertrou die Here om ons te nooi tot bepaalde aksie. Sommige van hierdie oortuigings kan as Algemene Sinodebesluite verwoord word, ander as sinodale besluite, of nog ander as persoonlike verbintenisse.

Ons verwag dus dat die uitset van die Sinode baie groter gaan wees as die paar besluite wat ons gaan neem. Aangesien Gereformeerdes altyd 'n kontekstuele benadering volg, wil ons juis besluite vermy wat ons almal tot sentrale aksies verbind. Ons wil besluite soveel moontlik afwentel na sinodes, ringe, gemeentes of individuele gelowiges.

Dit is dus duidelik dat die Sinode 'n **toekomsgerigte** en **koninkryksgerigte** uitkoms wil nastreef.

**5.5 Geloofsonderskeiding**

Geloofsonderskeiding beteken om met wysheid 'n saak te oorweeg en tot 'n praktiese besluit daaroor te kom.

Ons leer dit ken in die Nuwe Testamentiese gebruik van die Griekse woorde *phronesis* en *phroneo* wat in die betekenis van wysheid of onderskeiding gebruik word:
* In **Lukas 1:17** word *phronesis* gebruik in die sin van "**die regte pad te vind**", dit waarmee Johannes die Doper die volk moes help – "the right way of thinking" (New Century Version).
* In **Efesiërs 1:8** word *phronesis* gebruik in die sin van om God se genade met wysheid en "**insig te ontvang**", die geskenk wat God in en deur Christus vir gelowiges in oorvloed gee.
* In **Filippense 2:2** word die werkwoord *phroneo* gebruik saam met die woord *autos* in die sin van "**saam te dink**" wat met eensgesindheid vertaal is. Dit beteken nie om eenders te dink nie, maar om verskillende perspektiewe met mekaar te deel totdat daar 'n gesamentlike oortuiging opdaag. Dit sluit die onderlinge liefde en die dra van mekaar se belange in (**vers 3-4**) en word deur die voorbeeld van Christus verder beliggaam (**vers 5-11**).
* Dit is ook hierdie *saamdink* wat van Euodia en Sintige in **Filippense 4:2** gevra word, waar dieselfde woorde gebruik word. Daar word dit verder gekwalifiseer dat hierdie saamdink "**in die Here**" moet geskied, dws in Sy teenwoordigheid, waarin Sy wil uiteindelik die deurslag gee.

**5.6 Geloofsonderskeiding in aksie**

Ons sien geloofsonderskeiding in aksie in die verhaal in **Handelinge 15** waar die kerk **die wyse pad moes onderskei** rondom die vraagstuk van die insluiting van gelowiges uit die heidendom in die Christelike geloofsgemeenskap.

Uit hierdie eerste geloofsonderskeidende vergadering leer ons die volgende:

**1. Onderskeiding sluit almal se bydraes in**

Die hele gemeente is saam met die apostels en die ouderlinge as partye in die gesprek betrokke (**vers 4-5**). Beide die gewone gelowiges en die leierskap gesels saam. Die aandrang op die besnydenis kom immers spesifiek uit *gelowiges* wat vroeër Fariseërs was se geledere.

Dit is duidelik dat baie menings en perspektiewe verreken word. Die proses word nie afgejaag of met die hantering deur 'n magskliek vinnig in 'n rigting gedwing nie.

**2. Onderskeiding werk met getuienisse oor God se werk in die lewe**

Die gesprek in die gemeente handel oor alles wat **God** gedoen het. Die tema is die lewe van geloof, en die wyse waarop gelowiges beleef dat God handel. **Verhale** word vertel om op die spoor van God se aksie te kom.

Wanneer die apostels en ouderlinge bymekaar kom, praat **Petrus** ook eers oor wat God doen en gedoen het. Hy is geroep om die evangelie aan die heidennasies te bring. Trouens, hy het so pas van 'n eie sendingreis teruggekom. En hy het self beleef hoedat God sy Gees aan heidense gelowiges gee net soos aan Joodse gelowiges. En hy het gesien dat hulle harte deur geloof gereinig is, nie deur die nakoming van die Joodse wet nie.

Hierna vertel **Barnabas en Paulus** wat God onder die heidennasies gedoen het**.** Hierdie benadering gee ruimte aan God. Die vraag is wat God doen, en hoe God deur die gemeente se bediening nagevolg moet

word. Dis nie 'n strategiese gesprek wat voor- en nadele opweeg, of takties korrek wil wees nie. Hier is 'n diepe soeke na God se handelinge ter sprake, en die vertel van verhale wat dit op die agenda plaas, is die benadering wat gevolg word.

**Dit is in die verhale van God se werk wat Sy wil duidelik word!**

**3. Onderskeiding toets alles aan die Skrifwoord totdat daar klaarheid daaroor kom.**
Nadat die vertelling van God se handelinge in die hede en verlede afgehandel is, word dié verhale aan die Skrif getoets. **Jakobus** speel 'n belangrike rol om die Skrif, die gebeure en die gelowiges se interpretasie daarvan bymekaar te bring.

Oor die leer van die Skrif is daar **gesprek** – dws die blote *lees* van die Woord word aangevul deur die *interpretasie* van daardie Woord. Jy kan nie maar net tekste aanhaal en daarmee basta nie. Jy moet deel wat jy daaruit agterkom van wat God wil hê.

Uiteindelik is dit die **vergadering** (**vers 22**) wat aandui dat die verbintenis tussen die verhale wat vertel word en die interpretasie van die Skrif vir hulle sin maak en dan 'n besluit daaroor neem.


Dit is so belangrik dat 'n mens nie die Bybel gebruik om mekaar af te kraak nie. Die Bybel is nie 'n geweer waaruit ons tekste soos Bybel-koeëls op mekaar afskiet ten gunste van een of ander standpunt nie.

Nee, gelowiges soek saam en lank genoeg – tot die punt van voldoende konsensus en 'n gedeelde oortuiging – na waarheid uit die Woord. Dit geskied totdat die sake waaroor die besluit geneem moet word voldoende deur die Woord belig is en helderheid bereik is.

**4. Eers as daar wye instemming bereik is, word dit die besluit van die geloofsgemeenskap**
Geloofsonderskeiding is dus om saam te soek na 'n gemeenskaplike konsensus wat gebore word uit die oortuiging dat God reg gehoor en sy Woord reg geïnterpreteer word, soos wat dit in die lewe gestalte kry in die verhale van God se werk onder ons. Eers dan neem die geloofsgemeenskap 'n besluit (**vers 22**).

**5.7 Geloofsonderskeidingsproses**
Ons gebruik die Seisoen van Luister se **luistersiklus** in ons geloofsonderskeidende prosesse.

Die luistersiklus kan as volg voorgestel word vir die gesprekke wat ons in kleingroepe sowel as in die grootgroepgesprekke by die sinode gaan hê :




**Vooraf**
Ons gaan elke aand verhelderingsgesprekke hê waar 'n aantal verwante sake rondom **temas** deurgesels gaan word. Daar sal inleidende insette deur inleiers gemaak word waarna 'n fasiliteerder die gesprek met afgevaardigdes sal begelei waar vrae gevra kan word, bydraes gemaak kan word en voorstelle vir die

volgende dag se bespreking en besluitneming gemaak kan word. Dit is ’n belangrike eerste rondte voorbereiding vir die gesprekke wat ons die volgende dag oor daardie temas gaan hê. Almal moet dus hulle bydraes daar lewer sodat die gesprekke die volgende dag vlot kan verloop.

In die geloofsonderskeidende gesprekke wat ons deur die dag in kleingroepe en vloer besprekings gaan hou, sal die volgende proses gevolg word:

**Ontvang**
* Ons beskou die **verslae** wat in die agenda ingebind is as gelese. Dit beteken egter nie dat dit daarmee afgehandel is nie. Ons maak net staat op almal se voorbereiding sodat ons tyd kan wen deur nie vir die eerste keer by die Sinode daarna te kyk nie. Dit sal baie help as elkeen ’n kort sinopsis maak oor sake van belang wat in die verhelderingsgesprekke, kleingroepgesprekke en vloerbesprekings gebruik kan word.
* Ons het ook ’n paar inleiers gevra om spesifieke **insette** te maak wat in ons geloofsonderskeidende gesprekke gebruik kan word. Die verhelderingsessie van die vorige aand sal ook dien as voorbereiding hiervoor. Al dié insette kan gebruik word in die kleingroepgespreke sowel as later in die vloerbesprekings.

**Ontgin**
* In die kleingroepbesprekings wil ons ’n diep gesprek voer oor die tema van die sessie totdat daar ’n breë instemming of oortuiging posvat.
* Ons deel met mekaar gedeeltes uit die **Bybel** wat vir ons help om oor die tema te dink. Die waarde wat ons lei, is *leerbaarheid*.
* Ons neem gebeure en gedagtes uit ons **konteks** in ag om tot helderheid te kom oor wat regtig van belang is. Die waarde wat ons begelei is *deernis*.
* Ons span ons in om te luister na **mekaar** totdat ons begryp wat die essensie daarvan is, sonder om standpunte af te skiet. Ons gee genoeg tyd en geleentheid dat almal gehoor word. Die waarde wat ons begelei is *vertroue*.
* Ons probeer ons ook in die skoene van **ander** plaas wat nie teenwoordig is nie om hulle standpunte te verreken en verstaan. Die waarde wat ons begelei is *openheid*.
* Ons vra strykdeur die **Godsvrae** wat ons help om Sy wil vir ons te onderskei. Dit is vrae soos: *Wat is God besig om nou te doen? Watter moontlikhede het God vir ons oopgemaak? Watter van dié moontlikhede voel ons wil God hê moet ons laat vaar/ontgin?*

**Ontplooi**
* Ons deel met mekaar ons oortuigings in vloer**besprekings** met die oog op ’n breë dialoog en konsensus. Enigiemand kan deelneem en eie bydraes lewer, maar dit sal ons baie help as ons as Sinode kan hoor watter oortuigings by die kleingroepbesprekings posgevat het. Ons wil graag onderskei hoe die Here ons as vergadering lei deur die insette van die kleingroepe.
* Ons gaan oor tot **besluitneming** om aan ons oortuigings gestalte te gee, tesame met voorstelle vir die implimentering daarvan wat verantwoordelikhede en verwagtinge uitspel vir verdere ontplooiing deur sinodale kommissies, amptenare, ringe, gemeentes, leraars en lidmate.

## 15. ANDER SAKE

### 15.1 Liturgiese geleenthede/ aanbidding
Die Ontwerpspan het gereël dat die Sinode van Oos-Kaap verantwoordelik sal wees vir die liturgiese wydingsgeleenthede. Afgevaardigdes word versoek om betyds hulle plekke in te neem sodat die verrigtinge stiptelik en sonder enige steurnis kan begin.

### 15.2 Groeteboodskappe
Groeteboodskappe word deur die loop van die vergadering hanteer.

### 15.3 Ekumeniese verteenwoordigers
* Die volgende kerke is uitgenooi om die sinodesitting by te woon:
*Kerke uit Suid-Afrika:* Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Uniting Presbyterian Church in Southern Africa, United Congregational Church of Southern Africa, Anglican Church of Southern Africa, Methodist Church of Southern Africa, South African Catholic Bishops Conference, Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika, Volkskerk van Afrika, Evangeliese Lutherse Kerk (NT), The Evangelical Alliance of South Africa, Suid-Afrikaanse Raad van Kerke
*Kerke uit Suider-Afrika:* Swaziland Reformed Church, Reformed Church in Zimbabwe, Reformed Church in Zambia, Reformed Church of East Africa, Igreja Reformada em Moçambique, Dutch Reformed Church in Botswana, Church of Central Africa Presbyterian (Nkhoma Synod), Church of Central Africa Presbyterian (Harare Synod), Church of Jesus Christ in Madagascar
*Kerke elders in die buiteland:* Protestantse Kerk in Nederland, Reformed Church in Hungary, Reformed Church in Japan, Christian Reformed Church in Sri Lanka, Christian Reformed Churches of Australia, Uniting

Church in Australia, Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië, Afrikaanse Christen Kerk van Nieu-Seeland, Christian Reformed Church in North America, Verenigde Protestantse Kerk in België
* Die verteenwoordigers wat kan bywoon, kry deur die loop van die vergadering kans om 'n 5min groeteboodskap aan die vergadering oor te dra. Ander boodskappe word skriftelik ontvang en in die Handelinge opgeneem.
* 'n Spesiale ete word vir ekumeniese verteenwoordigers beplan.
* Ekumeniese verteenwoordigers sal by gereserveerde tafels sit en per geleentheid inskakel by die tafelgesprekke van die vergadering.
* Tolkdienste word voorsien.

**15.4 Spreekbeurte**

Afgesien van die oordra van groeteboodskappe word spreekbeurte vir persone van buite tydens die sitting tot die absolute minimum beperk word. Die Moderatuur saam met die Ontwerpspan oefen hier hulle diskresie uit.

**15.5 In-werking-stel van besluite**

Die Algemene Sinode het in 1994 besluit dat 'n besluit van die Sinode *in werking tree met die publikasie van die Handelinge van die Algemene Sinode tensy die sinode anders besluit. Die Kerkorde en Reglemente tree in werking by die publikasie daarvan.* (Handelinge 1994, bl 426)

## 16. AFSLUITING VAN DIE SINODE

Die afsluitingsgeleentheid van die sinode word bepaal vir nie later nie as **12:00** op **Donderdagmiddag 10 Oktober 2013 nie. Afgevaardigdes moet asseblief hulle reisreëlings so tref dat hulle die sitting enduit kan bywoon.**

## 17. AANBEVELING: REËLINGS SINODE 2013

**Die Algemene Sinode keur die reëlings van die Agendakommissie/Ontwerpspan goed.**

## WERKSKEMA

## SONDAG 6 OKTOBER 2013

| | |
|---|---|
| 10:30-16:00 | Registrasie by die Garden Court Hotel |
| | |
| 12:00-14:00 | MIDDAGETE: Afgevaardigdes eet voor oriënteringsessies op ’n plek van eie keuse |
| 12:00-15:00 | Oriëntering vir alle afgevaardigdes op elke uur vir 30 minute by die Garden Court. |
| 16:00-17:00 | Opleiding vir alle tafelleiers, fasiliteerders, moderators en luisterspan |
| 16:30-17:45 | Busse vertrek na die Veremarksaal |
| | |
| 18:00 | AANDETE |
| 19:00 | 1. **Openingsliturgie olv die Sinode van Oos-Kaapland** |
| | IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD DRIE-ENIG |
| | Die **konstituering** word as deel van die liturgie hanteer |
| 21:00 | Verhelderingsgesprekke |
| | * Teologiese Opleiding |
| | * Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) |
| 21:00-22:15 | Busse vertrek na Garden Court Hotel |
| | Tydelike taakspanne vergader soos nodig by Garden Court Hotel |

## MAANDAG 7 OKTOBER 2013

GESEËN OM TE SEËN (Gen 12:2)

| | |
|---|---|
| 06:30-08:00 | ONTBYT |
| 07:00-08:10 | Busse vertrek na Veremarksaal |
| 08:30 | Dagwyding |
| 09:00 | **2. Verkiesing van Moderatuur** neem ’n aanvang |
| | **3. Waarderende gesprek oor die NG Kerk: w**aarmee is die NG Kerk geseën? |
| | |
| 10:30-11:00 | VERVERSINGS |
| 11:00 | **4. Missionale kerkwees/ekklesiologie** |
| | **5. Klein gemeentes** |
| | **6. Jeug/ Jeugnavorsing/ inligting oor #Imagine** |
| | **7. Vroue** |
| | **8. Lidmaatbemagtiging** |
| | **9. Kategese/ belydenisaflegging** |
| | **10. Ritmejaar** |
| | |
| 13:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 | **11. Teologiese Opleiding** |
| | **12. Hugenote Kollege** |
| | **13. Onderwys** |
| | |
| 15:30 | VERVERSINGS |
| 16:00 | **14. Algemene Bevoegdheidsraad (ABR)** |
| | **15. Predikantesake** |
| 17:00 | **16. Afgevaardigdes vergader in sinodeverband** |
| | |
| 18:00 | AANDETE |
| 19:30 | **17. Verhelderingsgesprekke** |
| | * Belydenis van Belhar |
| | * Kerkhereniging |
| | * Apostolicum |
| 20:30 | Busse keer terug na Garden Court Hotel |
| 21:00 | Tydelike taakspanne vergader soos nodig by Garden Court Hotel |

## DINSDAG 8 OKTOBER 2013

| | |
|---|---|
| | SODAT DIE WÊRELD KAN GLO (Joh 17:21) |
| 06:30-08:00 | ONTBYT |
| 07:00-08:10 | Busse vertrek na Veremarksaal |
| 08:30 | Dagwyding |
| 09:00 | **18. Waarderende gesprek oor eenheid, versoening en geregtigheid** |
| 10:30 | VERVERSINGS |
| 11:00 | **19. Kerkhereniging** |
| | **20. Ekumene** |
| 13:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 | **21. Belydenis van Belhar** |
| 15:30 | VERVERSINGS |
| 16:00 | **22. Regte** |
| | **23. Fondse** |
| 17:30 | **24. Afgevaardigdes vergader in sinodeverband** |
| 18:00 | AANDETE |
| 19:30 | **25. Verhelderingsgesprekke** |
| | * Samehang van die sakramente/ doopviering |
| | * Bediening van bevryding/ duiwel/ saamwoon |
| | * Prosesvoorstel oor homoseksualiteit |
| 20:30 | Busse keer terug na Garden Court Hotel |
| 21:00 | Tydelike taakspanne vergader soos nodig by Garden Court Hotel |

## WOENSDAG 9 OKTOBER 2013

| | |
|---|---|
| | HOU VAS AAN WAT GOED IS (Rom 12:9) |
| 06:30-08:00 | ONTBYT |
| 07:00-08:10 | Busse vertrek na Veremarksaal |
| 08:30 | Dagwyding |
| 09:00 | **26. Gesprek: Hoe vorm ons morele mense?** |
| | **27. Menswaardigheid** |
| | **28. Seisoen van Menswaardigheid** |
| | **29. Verkiesing van die Moderamen neem 'n aanvang** |
| 10:30 | VERVERSINGS |
| 11:00 | **30. Apostolicum** |
| | **31. Ekologie** |
| | **32. Samehang tussen die sakramente/ doopherinnering** |
| | **33. Saamwoon/ bediening van bevryding** |
| | **34. Publieke Getuienis** |
| | *** Grondhervorming** |
| | *** Die NG Kerk en apartheid** |
| 13:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 | **35. Prosessvoorstel oor homoseksualiteit** |
| | **36. Uitstaande leerstellige en aktuele sake** |
| | **37. Moderamen (en tersake bylaes)** |
| | **38. Regte** |
| 15:30 | VERVERSINGS |
| 16:00 | **39. Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding** |
| | **40. Kerklike media (BM en CLF)** |
| | **41. Maatskappye** |
| | **42. Bestuurspan** |
| 17:30 | **43. Afgevaardigdes vergader in sinodeverband** |

18:00 AANDETE
19:00 **44. Navorsing**
**45. Regte**
**46. Terugvoering vanaf Luisterspan/ sinodes**
**47. Prioritisering: eerste gesprek**

21:00 AANDWYDING
Busse keer terug na Garden Court Hotel
Tydelike komissies vergader soos nodig by Garden Court Hotel

## DONDERDAG 10 OKTOBER 2013

GAAN MAAK JY OOK SO (Luk 10:37)

06:30-08:00 ONTBYT
07:00-08:10 Busse vertrek na Veremarksaal
08:30 Dagwyding
09:00 **48. Insette en gesprek: Hoe kan ons armoede bestry?**
**49. Armoede**
**50. Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis (VDDG)**
**51. Kerklike Maatskaplike Diensteraad (KMDR)**
**52. Ekonomie**

10:30 VERVERSINGS
11:00 **53. Prioritisering: tweede gesprek**
**54. Uitstaande sake**
**55. Volgende Algemene Sinode**

12:00 AFSLUITING
13:00 Middagete
Vertrek

# LYS VAN AFGEVAARDIGDES ALGEMENE SINODE 2013

Let wel: Hierdie lys word vóór die konstituering van die Sinode deur die skriba van elke sinode verbeter of aangevul. Die konstituering geskied dan aan die hand van die verbeterde en getekende lys wat as geloofsbrief dien. Die gegewens hieronder is soos dit van die 10 sinodes ontvang is:

## SINODE VAN WES- EN SUID-KAAP

**PRIMARII: PREDIKANTE**

Dr AR Hanekom
Ds C Janse van Rensburg
Dr QE Heine
Ds MP Sahd
Ds R Potgieter *
Dr JW Burger
Ds DH de Wet
Dr JG le Roux
Ds CFJ Meyer
Ds RC Thorne
Ds JJ Steyn
Dr T Bosman *
Ds FJ Human
Ds SW Kotzé
Ds GJ Beyers
Ds JvS Momsen
Ds MC Britz *
Ds L Venter

**SEKUNDI: PREDIKANTE**

Ds A van Wyk
Dr GF Wessels
Ds CJ Stander
Ds HAH van den Heever
Ds DP Wium
Ds AL O'Kennedy
Ds AJ Verwey
Ds DC van Dyk
Ds JH Beyers
Ds E Archer
Ds L Smith
Ds J Steenkamp
Ds JG Marais
Ds G v H Rauch

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**

Dr E Morkel *
FW Bosman
CM de Wet *
C van Wyk
AR van der Spuy
J Engelbrecht
JC Furniss *
LJ Benn *
NL Rossouw *
M Jansen van Rensburg *
C Cronje
M Beukes
JJ Duvenhage
JH Groenewald
JJ Swart
BJ Greeff *
L Serfontein

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**

J Louw
JAM Potgieter
Prof J Cronje
M Landman *
F Brand
DE Jordaan *
K Smit
F Rootman
R de Villiers

**WAARNEMERS**

Dr JF Marais
Ds AH Minnaar
Dr JG Botha
Dr CW Burger
Ds H van Niekerk

## SINODE VAN OOS-KAAP

**PRIMARII: PREDIKANTE**

Ds NW Bezuidenhout
Ds CP Crouse
Ds JJ Louw
Ds E Malan
Ds DW Mouton
Ds DF Oelofse
Ds EGJdeG Schutte

**SEKUNDI: PREDIKANTE**

Ds JJD Nel
Ds DO Strydom
Ds WD Schoeman
Dr JP Cloete
Ds FJ Greeff
Ds AJ Beyers
Ds DC Thomas

Ds M Van Niekerk *
Dr ACV Van Wyk

Ds DW O'Kennedy
GEEN

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
AE Büchner
J Carstens
DP de W Coetsee
FJ Ferreira
HC Olivier *
WF Prinsloo
L Stander
A Van Onselen *

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**
JG Van der der Westhuizen
BR Coetzee
NJ Botha
BM Crouse
GEEN
GEEN
GEEN
GEEN

## SINODE VAN NOORD-KAAP

**PRIMARII: PREDIKANTE**
Dr JB Vos
Ds J Oosthuizen
Ds JPJ van Tonder
Ds AW Grobler
Ds GJ Duursema
Ds HK Viljoen
Ds PG Otto

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
DG Cilliers
PS van Wyk
PH Coetzee
PJ du Plessis
EJ VZ Greyling
HJ Rossouw
MA van der Merwe

**WAARNEMER**
Ds JPL Mostert

## SINODE KWAZULU-NATAL

**PRIMARII: PREDIKANTE**
Ds FJ van der Merwe
Dr BJ Tolmay
Dr H Theunissen
Ds GJ Kok
Ds SWP Scott
Ds M Sadie *
Ds WA van Zyl

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
Ds HAJ Viljoen
P Nel
LA Nel
BJ Nel
C Stander
R Vreken *

## SINODE VAN DIE VRYSTAAT

**PRIMARII: PREDIKANTE**
Ds E Barnard
Ds DH Botes
Ds LM Foot
Ds HM Janse van Rensburg
Dr BF Joubert
Ds G Lamprecht
Ds JJ Louw
Ds JJ Lubbe

**SEKUNDI: PREDIKANTE**
Dr JP Robb
Ds OJ Fourie
Dr A Celliers
Ds BSR du Toit
Ds WB Müller
Ds T Oosthuyzen
Ds SJ van Heerden
Ds J Hamman

Ds AJJ Stander
Dr PJ van Jaarsveld
Dr CHJ van Schalkwyk *

Ds D du Toit
Dr GJ Serfontein
Ds PJ Theron

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
RM Brits
LJA de Wet
R du Preez *
WJ Lombard
F Maritz
PHJ Olivier
SA Smuts
HA van der Walt
WJ van Eeden
AJJ van Wyk

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**
JAM Potgieter
JMC du Toit
S Pretorius
M Hanekom *
CJW Louw *
J Knot
F Goodchild
GJ Jansen van Vuuren
PN van der Merwe
M Lyon

## SINODE VAN WES-TRANSVAAL

**PRIMARII: PREDIKANTE**
Ds N Rossouw *
Ds JPA Brink
Ds NWJ van Rensburg
Ds DW Kruger
Ds G Jansen van Rensburg
Dr JA Kritzinger
Dr MJG du Plessis
Ds JJ Pelser
Ds MJ de Beer
Ds HJ Niemand
Ds AJ Mocke

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
JA Barnard
JS Malherbe
Ds JvW du Plessis
JB van Schoor
Ds CC Maritz
HC Dreyer
A Kruger
KFG Potgieter
NJ du Toit
LC Breytenbach
Ds AJ Bezuidenhout

## NOORDELIKE SINODE

**PRIMARII: PREDIKANTE**
Dr GF Claassen
Ds PJ Grobler
Dr L Ungerer
Dr HL Carelsen
Dr WA Pretorius
Dr AK le Roux
Ds M van der Westhuizen *
Dr MJ Benadé
Dr JA Botha
Dr C Gericke
Ds JAS Peens
Ds WHS Wolhuter

**SEKUNDI: PREDIKANTE**
Ds AS Nel
Ds PF van Vuuren
Dr SI Cronje
Dr JA Myburgh
Ds J Pretorius
Ds TJH Meyer
Ds HES Pretorius

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
HC Kruger
AJ Smal
CM Brand

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**
JJ de Jager
CJ du Toit
FJ Grobler

P van der Merwe
ME de Lange *
CAS Weber
DS de Klerk
HA Schreuder
Prof M Nel
HP Coertzen *
RJ Engelbrecht

R de Bruin
J Steynberg

## SINODE HOËVELD

**PRIMARII: PREDIKANTE**

Dr C de K Du Randt
Dr HH Van der Linde
Ds T Danzfuss
Dr GJ Kok
Ds DS Oosthuizen
Ds CA Du Plessis
Dr JC Gouws
Ds HS Klut *
Dr DJ Malan
Prof CJP Niemandt
Ds MC Roux

**SEKUNDI: PREDIKANTE**

Ds GJ Visser
Ds BD Klut
Ds JS Sandenbergh
Ds FAJ Ströh

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**

Dr AS Koorts
E Arnott *
PD Klut
E Poalses
J Van der Merwe
PA Froneman
L Louwrens *
D Smit
N Van der Walt *
Ds A van Wyk

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**

D Louw
MM Rademeyer
JG Scheepers
CPF Schultz

## OOSTELIKE SINODE

**PRIMARII: PREDIKANTE**

Ds DE van der Spuy
Dr J van der Merwe
Ds JJ de Jager
Dr T Erasmus
Ds F Schoeman
Dr LL Bosman
Ds PJG van Niekerk
Dr JH Ernst
Ds JPT Koen
Ds FJ Retief
Dr DJ Dreyer

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**

PF Kruger
T Broose *
EJ Bezuidenhout *
Ds M Janse van Rensburg *
J Smook
CL Viljoen
GJHJ van der Merwe
DM Roelvert
JE Potgieter
CH Boshoff
ST van Niekerk

## SINODE VAN NAMIBIË

**PRIMARII: PREDIKANTE**
Ds JJ Pienaar
Ds JHG Maritz
Ds HJ van Zyl
Ds AP Coetzee
Dr F van der Berg
Dr JC Woest

**SEKUNDI: PREDIKANTE**
Ds LCJ Coetzer
Ds TJ de Koning
Dr JJdeW Strauss
Dr DA Louw

**PRIMARII: KERKRAADSLEDE**
F Brand
R van der Westhuizen
J Coetzer
GP van der Westhuizen
IH Liebenberg *
ET Conradie *

**SEKUNDI: KERKRAADSLEDE**
D Kotze
W Louw
F Badenhorst
G vd Merwe *



Inhoudsopgawe

**BEREKENING VAN DIE PROPORSIONELE KOMPONENT VAN SINODES SE AFVAARDIGING NA DIE EERSKOMENDE ALGEMENE SINODE ITV KERKORDE ARTIKEL 38. DIE BEREKENING IS GEDOEN VOLGENS DIE STATISTIEK IN DIE 2013-UITGAWE VAN DIE JAARBOEK.**

## Komponent gebaseer op die aantal belydende lidmate van sinodes

| Sinode | Getal | % | Afvaardiging |
|---|---|---|---|
| Wes-en-Suid Kaap | 202,971 | 25.25% | 25 |
| Oos-Kaap | 55,682 | 6.93% | 7 |
| Noord-Kaap | 32,110 | 3.99% | 4 |
| Natal | 25,031 | 3.11% | 3 |
| Vrystaat | 90,491 | 11.26% | 11 |
| Wes-Transvaal | 96,775 | 12.04% | 12 |
| Noordelike Sinode | 106,115 | 13.20% | 13 |
| Hoëveld Sinode | 84,443 | 10.50% | 11 |
| Oostelike Sinode | 93,769 | 11.66% | 12 |
| Namibie | 16,490 | 2.05% | 2 |
| | 803,877 | 100.00% | 100 |

## Totale Afvaardiging

| Sinode | Vaste Komponent | Berekende Komponent | Totaal |
|---|---|---|---|
| Wes-en-Suid Kaap | 10 | 25 | 35 |
| Oos-Kaap | 10 | 7 | 17 |
| Noord-Kaap | 10 | 4 | 14 |
| Natal | 10 | 3 | 13 |
| Vrystaat | 10 | 11 | 21 |
| Wes-Transvaal | 10 | 12 | 22 |
| Noordelike Sinode | 10 | 13 | 23 |
| Hoëveld Sinode | 10 | 11 | 21 |
| Oostelike Sinode | 10 | 12 | 22 |
| Namibie | 10 | 2 | 12 |
| | 100 | 100 | 200 |

# A.2 ARGIEF

**1. OORDRAG VAN DIE ARGIEF [AS Agenda 2011, 28-29, §1]**
**1.1** Die ATABID (Algemene Taakspan Argief en Bestuursinligtingsdienste) het op 31 Augustus 2011 ontbind. Die ABID (Argief en Bestuursinligtingsdienste) is as ’n lopende besigheid in terme van Artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet Nr 66 van 1995 soos gewysig, aan die NG Kerk in Suid-Afrika oorgedra.
**1.2** Die Argief word vanaf 1 September 2011 deur Wes- en Suid-Kaapland se STA (Sinodale Taakspan vir die Argief) bestuur. Die STA is ’n taakspan in die SDO (Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste). Ds Bossie Minnaar is die PSD: Ondersteuningsdienste (Saakgelastigde).
**1.3** Die Algemene Sinode, sewe van die tien sinodes, die VGK en enkele ander instansies koop sedert 1 September 2011 ’n argiefdiens by die NG Kerk in Suid-Afrika. Alhoewel hierdie sinodes nie meer vir die bestuur van die Argief verantwoordelik is nie, het hulle as “kliënte” direkte inspraak in die diens wat aan die betrokke sinode of instansie gelewer word.
**1.4** Die Direkteur en Assistent-Direkteur van die ABID (Dr Johan en mev Dienkie Froneman) het in 2011 afgetree. Die twee direkteursposte is daarmee saam afgeskaf.
**1.5** Die res van die personeel van die Argief het onveranderd gebly. Die personeel is: Mev Marlene Schoeman (hoofargivaris, databasis en inligtingswet); Alta Vrey (senior argivaris, acta en museum), Susan Marais (argivaris: Transvaalse sinodes), Angeline Brooks (argivaris, Kaapse sinodes), Marsha Conning (argiefbeampte, VGK) en Julia Daniels (algemene beampte).

**2. NUWE REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE TAAKSPAN ARGIEF (Bylaag 1)**
**2.1** Die nuwe Algemene Taakspan Argief (ATA) se Reglement is deur die Algemene Sinode na die ASM en ATR vir finalisering verwys (AS 2011, 31, §4 en H52-53, §1.1.1). Die gewysigde reglement is as Reglement 4 in die Algemene Sinode se Kerkorde van 2011 opgeneem.
**2.2** Op grond van die gewysigde Reglement is die volgende persone na die ATA se konstitueringsvergadering, soos gehou op 22 en 23 Januarie 2013, opgeroep: Ds AH (Bossie) Minnaar (Sameroeper); mev MC (Marlene) Schoeman [Hoofargivaris, Stellenbosch]; mev C (Christa) Botes [Argivaris, Bloemfontein]; mev Elize de Villiers [Argivaris, Pietermaritzburg]; ds Clem Marais [Argivaris, Windhoek]; dr GJ (Gerrit) Cloete [Gesamentlike Sinodale Kommissie van die NG Kerk van Transvaal]. Ds Minnaar is op hierdie vergadering as die kundige lid aangewys en as voorsitter verkies. Die eerste termyn duur tot die Algemene Sinode se sitting in Oktober 2013.
**2.3** Die ATA het enkele wysigings aan die ATA se Reglement aanbeveel. Die voorskrif oor waar vergader moet word (elke keer by ’n ander argief) is byvoorbeeld as te duur en onprakties beoordeel en dus geskrap.
**2.4 AANBEVELING: REGLEMENT ALGEMENE TAAKSPAN ARGIEF**
**Die Algemene Sinode besluit om die ATA se gewysigde Reglement (Bylaag 1) in sy geheel goed te keur.**

**3. ALGEMENE ARGIEFBELEID VIR DIE KERK (Bylaag 2)**
**3.1** Die eerste opdrag aan die ATA (Reglement 4: 3.1) is die formulering van ’n algemene argiefbeleid vir die Kerk.
**3.2** Die ATA het op sy vergadering van 22 en 23 Januarie 2013 die algemene argiefbeleid (Bylaag 2) goedgekeur.
**3.3** Benewens die algemene argiefbeleid het die Argief ook ’n aantal riglyne opgestel. Hierdie riglyne is op die Argief se webblad beskikbaar of kan by die Argief aangevra word (argief@kaapkerk.co.za / 021-882-9923):
**3.3.1** Riglyn vir die skryf van notules;
**3.3.2** Riglyn ten opsigte van bewaringstydperke;
**3.3.3** Riglyn vir die vernietiging van argivalia; en
**3.3.4** Riglyne vir die bewaring van elektronies geskepte argivalia.
**3.4 AANBEVELING: BELEID VIR ARGIEFBEWAARPLEKKE**
**3.4.1 Die Algemene Sinode besluit om die voorgestelde beleid vir argiefbewaarplekke van die NG Kerk (Bylaag 2) goed te keur.**
**3.4.2 Die Algemene Sinode besluit om die beleid vir argiefbewaarplekke van die NG Kerk in die Kerkorde van die Algemene Sinode (2013) op te neem.**

**4. REGLEMENTE VIR DIE HANTERING VAN ARGIEF- EN MUSEUMMATERIAAL EN REGISTERS (Bylaag 3 en 4)**
**4.1** Die Algemene Sinode het in 2011 besluit om die reglemente vir die hantering van argief- en museummateriaal en registers – en die wyse waarop dit gepubliseer moes word – na die ATR en ASM te verwys (AS 2011, 31, §5 en H52-53, §1.1.1).
**4.2** Die ATA het intussen die Reglement vir die hantering van argief- en museummateriaal en die Reglement vir die hantering van registers (soos opgeneem in die Kerkorde van die Algemene Sinode in 2007)

bygewerk. Die ATA reken dat dit noodsaaklik is dat albei hierdie reglemente in die geheel in die Kerkorde van die Algemene Sinode van 2013 opgeneem word:
**4.2.1** Kerkkantore verkies 'n enkele brondokument met die beleid en reglemente van die Kerk.
**4.2.2** In soverre die NG Kerk steeds die gebruik van 'n lidmaatskapsertifikaat en die verwysing na byvoorbeeld 'n "belydende lidmaat" in die Kerkorde bevestig, is dit nodig dat al die sinodes lidmaatskapsertifikate op dieselfde wyse hanteer.
**4.2.3** Die verwysings in die Kerkorde na die "getal belydende lidmate" in 'n gemeente noodsaak ook die konsekwente hantering en berekening van mense se lidmaatskap in 'n gemeente.
**4.3 AANBEVELING: REGLEMENTE VIR DIE HANTERING VAN ARGIEF- EN MUSEUMMATERIAAL EN REGISTERS (Bylaag 3 en 4)**
**Die Algemene Sinode besluit dat die gewysigde Reglement vir die hantering van argief- en museummateriaal (Bylaag 3) en die gewysigde Reglement vir die hantering van registers (Bylaag 4) in die Kerkorde van die Algemene Sinode opgeneem word.**

**5. INLIGTINGSWET**
**5.1** Die Algemene Sinode het in 2011 besluit om die ATABID se aanbevelings in 2011 (AS 2011, 31-32, §6 en H116, §2.22.1) te laat oorstaan in afwagting van die nuwe Argiefreglement.
**5.2** Die Argief lewer 'n diens aan ál die sinodes (in Suid-Afrika) ten opsigte van die nakoming van die vereistes van Wet 2 van 2000. Hierdie Wet gee aan mense die reg om aanspraak te maak op toegang tot bepaalde inligting wat 'n liggaam (staat of privaat) ten opsigte van die persoon (of sy saak) mag hê. Ter nakoming van hierdie Wet word vereis dat elke gemeente, ring, sinode, taakspan of diensgroep jaarliks (voor einde Februarie) 'n inventaris van dokumente in hulle besit aan die Argief moet voorsien.
**5.3** Intussen het Minister JB Radebe 'n regulasie (Nr 34814) gepubliseer (Staatskoerant van 30 Desember 2011) waarin privaatmaatskappye (waaronder sinodes en gemeentes ressorteer) tot 31 Desember 2015 uitstel ontvang het om aan die Wet te voldoen. Die Argief poog al vir baie jare om hierdie inventarisse vanaf gemeentes te kry. Die Argief se webblad doen gereeld verslag van die vordering met die insameling van hierdie inventarisse. Dit wissel van so min as 51% in een sinode tot 86% in 'n ander sinode. Sien http://kerkargief.co.za/inligtingswet . Met die uitstel wat tot 2015 verleen is, beplan die Argief om weer vanaf die middel van 2014 ernstige pogings aan te wend om inventarisse van al die gemeentes, ringe en sinodes te kry.
**5.4** Vir die kommunikasie met die Menseregtekommissie (wat die adres ten opsigte van die Inligtingswet se voldoening is), is dit nodig dat die Algemene Sinode weer 'n Inligtingsbeampte (in terme van Wet 2 van 2000) aanwys.
**5.5 AANBEVELINGS: INLIGTINGSWET**
**5.5.1 Die Algemene Sinode wys – vir die doeleindes van Wet 2 van 2000 – die Saakgelastigde van die NG Kerk in SA (ds AH Minnaar), synde die PSD vir die Argief te wees, aan as die "Inligtingsbeampte van die NG Kerk".**
**5.5.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes (met uitsondering van Namibië) om al hulle binnelandse gemeentes, ringe, kerklike instansies en kantore gereeld te versoek om as 'n saak van dringendheid uitvoering te gee aan die vereistes van Wet 2 van 2000.**

**6. BEWARINGSWETGEWING**
**6.1** Die ATA wil weer eens die omvang en implikasies van enkele wette onder die aandag van sinodes, ringe en gemeentes bring:
**6.1.1** Nasionale Erfeniswetgewing (Wet 25 van 1999). Hierdie wetgewing het direk betrekking op kerklike eiendomme en die bewaring van dokumente, kunswerke en artefakte. Dit is aangevul deur Goewermentskennisgewing Nr 1313 van 25 Oktober 2002 en bepaal onder andere dat alle geboue (ook van gemeentes) ouer as 60 jaar deur die Wet beskerm word en dat toestemming verkry moet word voordat enige vervreemding, restourasie of verbouings mag plaasvind. Dit verwys na byna alles wat verder terug as 50 jaar in Suid-Afrika geskep is (boeke, manuskripte, dokumente, argivalia, kaarte, afdrukke, foto's, films, klankmateriaal en enige materiaal wat uniek is). 'n Lang lys verskyn in Bylaag A tot Goewermentskennisgewing Nr 1313 van 25 Oktober 2002.
**6.1.2** Wetgewing ten opsigte van E-Kommunikasie en Transaksies (Wet 25 van 2002). Hierdie wetgewing fasiliteer en reguleer elektroniese kommunikasie (e-pos) en transaksies.
**6.2** Al die wetlike bepalings ten opsigte van die bewaring van 'n regspersoon se notules, korrespondensie en finansiële rekords in "papier-formaat" (hardekopie), is ook op elektroniese dokumentasie van toepassing.
**6.3** Die ATA is besorg oor die klein getal kerklike instansies wat die nodige voorsorg tref om hulle elektroniese dokumente se bewaring, integriteit en voortbestaan van een sagteware-weergawe tot die volgende opgradering te verseker.

**7. SENTRALISERING VAN GEMEENTELIKE REGISTERS**

**7.1** Die Algemene Sinode het oor jare die skep van ’n sentrale lidmaatregister bepleit, maar in 2011 besluit om nie daarmee voort te gaan nie. Die besluit is veral geneem op grond van ’n kwotasie wat minstens R617 220 per jaar sou kos (AS 2011, 29-30, §2 en H52-53, §1.1.1).
**7.2** Met die vinnige ontwikkeling van tegnologie en die al goedkoper beskikbaarheid van databerging, is dit nou reeds moontlik om ’n sentrale lidmaatregister byna gratis te skep.
**7.3** Die ATA het kennis geneem dat die Argief in Stellenbosch reeds met so ’n ondersoek besig is. Die basiese uitgangspunte is dat so ’n sentrale register
**7.3.1** geen koste vir die Algemene Sinode of enige ander sinode sal inhou nie;
**7.3.2** gemeentes vrywillig by die stelsel sal kan inskakel; en
**7.3.3** dat die koste (vir gemeentes) beperk sal wees tot die spesifieke gemeenteadministrasie-sagteware wat die betrokke gemeente gebruik.

**8. DIGITERING VAN ARGIVALIA**
**8.1** Die Algemene Sinode het in 2011 kennis geneem dat die GSU (*Genealogical Society of Utah*) groot planne het om alle lidmaat- en huweliksregisters in besit van gemeentes te skandeer (AS 2011, 30-31, §3 en H125, §23). Die projek sou in totaal na bewering sowat R140 miljoen vir die GSU gekos het. Die GSU het intussen baie stil geraak oor hierdie projek.
**8.2** Die “Het Jan Marais Nationale Fonds” se bydraes het gehelp om al ook ander argivalia (soos notules) te skandeer. Die geskandeerde argivalia is egter nog nie van veel nut nie. Die Argief het in effek ’n baie duidelike hoë kwaliteit foto (8 tot 11 MB elk) van elke bladsy uit elke notuleboek (handgeskrewe, getik en gedruk) en van elke bladsy in die lidmaatregisters. Die teks is egter nie soekbaar nie.
**8.3** Die Argief is tans besig met ’n projek om dié foto’s so te benoem en te sorteer dat dit makliker is om ’n bepaalde bladsy op te spoor. Die volgende stap (moontlik met die “Het Jan Marais Nationale Fonds” se hulp) is om die foto’s na soekbare teks om te skakel.
**8.4** Die ATA sien digitering (elektroniese ontsluiting) nie as die primêre taak van ’n argief nie. Digitering van dokumente geskied wel soos en wanneer daar spesifieke behoefte aan ’n spesifiek dokument is. Argiefskeppende instansies word egter wel versoek om – benewens die hardekopie – ook ’n digitale weergawe van die dokument aan die Argief te voorsien.

**9. BEKENDSTELLING VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE KERK AS GEHEEL**
**9.1** Die ATA se opdrag sluit ook die “bekendstelling van die geskiedenis van die Kerk as geheel” in. Die ATA kon nog nie direk hieraan uitvoering gee nie.
**9.2** Daar word wel met dank kennis geneem van artikels in dié verband wat gereeld in die Kerkbode en die NGTT verskyn. Daar is ook heelwat studente wat die argiewe besoek met die oog op hulle nagraadse verhandelinge oor een of ander faset van die kerklike geskiedenis.

**10. IN MEMORIAM**
Geen amptenare of ampsdraers in diens van die Algemene Sinode is in die afgelope twee jaar oorlede nie.

Ds Bossie Minnaar (Voorsitter)
Mev Marlene Schoeman (Skriba)



Inhoudsopgawe

**BYLAAG 1**

## REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE TAAKSPAN ARGIEF

**1. NAAM**
Algemene Taakspan Argief (ATA).

**2. SAMESTELLING**
2.1 Die termyn duur van sinodesitting tot sinodesitting.
2.2 Die Taakspan word saamgestel uit:
2.2.1 die argivaris of persoon belas met die argief uit elk van die kerkargiewe te Stellenbosch, Bloemfontein, Pietermaritzburg, Pretoria (Oostelike Sinode) en Windhoek, met die voorsitter of ander verteenwoordiger van elk van die betrokke argiefkommissies as sekundus;
2.2.2 een verteenwoordiger van die Gesamentlike Sinodale Kommissie van die NG Kerk van Transvaal, met sekundus; en
2.2.3 een kundige op die terrein van argiefwese, met sekundus.
2.3 Vakatures in die Algemene Taakspan Argief word deur die Moderamen, op aanbeveling van die Taakspan, aangevul.

**3. OPDRAG**
Die Taakspan se opdrag is die
3.1 formulering van ’n algemene argiefbeleid vir die Kerk;
3.2 advisering van die onderskeie sinodes se argiefkommissies oor die opstel van argiefreglemente en handleidings;
3.3 koördinering van werksaamhede van die argiewe van die onderskeie sinodes;
3.4 advisering van die onderskeie sinodes se argiefkommissies oor die toepassing van relevante wetgewing;
3.5 kontrolering of die onderskeie argiefbewaarplekke voldoen aan die standaardvereistes vir doelmatige en veilige bewaring van argivalia;
3.6 bewaring en ontsluiting van die Algemene Sinode se eie argivalia by die aangewese bewaarplek(ke);
3.7 opstelling van die In Memoriam-verslae oor amptenare/ampsdraers in diens van die Algemene Sinode;
3.8 bekendstelling van die geskiedenis van die Kerk as geheel; en
3.9 verslagdoening aan die Moderamen en die Algemene Sinode.

**4. VERGADERINGS**
4.1 Die Taakspan vergader minstens een maal per jaar.
4.2 Die Taakspan kies by die eerste vergadering van sy termyn ’n voorsitter, ondervoorsitter en skriba. Taakspanlede kan nie vir meer as twee termyne in dieselfde posisie verkies word nie.
4.3 Die Taakspan beskik nie oor ’n dagbestuur nie.



Inhoudsopgawe

**BYLAAG 2**

## REGLEMENT 4.2: BELEID VIR ARGIEFBEWAARPLEKKE VAN DIE NG KERK

**1. ALGEMEEN**

1.1 Die beleid in hierdie dokument vervat, is van toepassing op alle argiefbewaarplekke van die sinodes en die Algemene Sinode. Die sinodes bepaal die vereistes vir die argiefbewaarplekke van die ringe en gemeentes binne die betrokke sinodale gebied. Indien daar nie aan hierdie vereistes voldoen kan word nie, moet die argivalia na 'n argief gestuur vir bewaring wat wel aan hierdie vereistes voldoen.

1.2 Kerklike argiefbewaarplekke is fasiliteite wat die regte omgewing skep vir die versameling, versorging, bewaring, onderhouding, ontsluiting, bestudering en beskikbaarstelling van kerklike dokumente en ander kerklike materiaal wat om historiese, gedenkwaardige, informatiewe en simboliese redes permanente beskerming moet geniet.

1.3 Die onvervangbare aard van die materiaal wat in argiefbewaarplekke veilig geberg word, vereis dat by sodanige fasiliteite die risiko om die materiaal vir altyd te verloor, tot die absolute minimum beperk moet word.

1.4 Die veilige en korrekte hantering van argivalia deur personeel en gebruikers bevorder die behoud en die voortbestaan van die materiaal.

1.5 Die beleid in hierdie dokument vervat, word aangevul deur 'n afsonderlike beleid vir die bewaring en vernietiging van argivalia. Hierin word onder meer bepaal welke materiaal op watter stadium vernietig kan word en welke materiaal op watter stadium deur die gemeentes en ringe aan die sinode vir permanente bewaring oorhandig moet word.

**2. VEREISTES VIR ARGIEFGEBOUE**

2.0 Die tipe gebou wat as argiefbewaarplek dien, moet ontwerp of struktureel aangepas wees om minstens aan die volgende vereistes te voldoen:

**2.1 Kluis**

2.1.1 Elke argief moet oor 'n kluis beskik wat argivalia te alle tye teen brand, rook, water, wind, weerlig en lig beskerm. Die volgende voorskrifte word vir die kluis gestel:

2.1.2 Die kluis mag geen vensters of ander openinge hê nie en toegang mag slegs deur die kluisdeur moontlik wees.

2.1.3 Die vloer en fondamente moet die volle gewig van die gebergte materiaal kan dra.

2.1.4 Argivalia moet, sover moontlik, in afsonderlike kompartemente binne die kluis of in afsonderlike kluise geberg word om die verlies van al die materiaal deur 'n brand of vloed te voorkom.

2.1.5 Nie-brandbare materiaal moet vir alle bergingsfasiliteite, soos rakke, kabinette, en afskortings, gebruik word.

2.1.6 Verfafwerking binne die kluis(e) moet 'n waterbasis hê om die afskeiding van chemiese gasse te beperk wat vernietigend inwerk op die leeftyd van papier, ink en verpakkingsmateriaal.

2.1.7 Die kluis(e) se sement mure en vloere moet nie onafgewerk gelaat word nie, omdat dit stof en gasse afgee wat die leeftyd van papier, ink en verpakkingsmateriaal inkort.

2.1.8 Die kluis(e) se vloer en mure moet stofvry gehou word, omdat stof die lewensduur van argivalia inkort en die ideale omgewing vir organismes skep wat van papier en ink leef.

2.1.9 Geen riool- of waterpype mag deur die kluis(e) loop of aan die direkte buitemure van die kluise geheg wees nie.

2.1.10 Indien die kluis onder die omliggende grondoppervlakte geleë is, moet al die nodige voorsorgmaatreëls getref word om die deursyfering van water, oorstroming, vogtigheid, muwwerigheid, besoedeling, swak ventilasie en vasgekeerdheid te voorkom.

2.1.11 Die kluis(e) van 'n argiefbewaarplek moet groot genoeg wees om al die verlangde materiaal in te berg en daar moet genoegsame ruimte wees vir verdere noodsaaklike toevoegings.

2.1.12 Slegs argiefpersoneel mag toegang hê tot die kluis(e) van die argiefbewaarplek.

**2.2 Leeskamer- en kantoor**

2.2.1 Naas die kluis moet die argiefbewaarplek oor 'n leeskamer vir besoekers en navorsers, kantore vir personeel en 'n deurgangsgebied vir aangevraagde en afgelewerde materiaal beskik.

2.2.2 Besoekers en navorsers mag slegs gekontroleerde toegang geniet tot die gedeelte wat vir hulle gereserveer is.

2.2.3 Die argiefbewaarplek moet van toiletgeriewe vir die personeel en gebruikers voorsien wees.

2.2.4 Personeel se toegang en uitgang moet beheer word.

2.2.5 Voorsiening moet vir die behoeftes van gestremdes gemaak word.

**3. BRAND, BEVEILIGING, SEKURITEIT EN VERSEKERING**

3.1 Die argiefbewaarplek moet met ’n doelmatige alarm- en sekuriteitstelsel toegerus wees wat deurlopend funksioneer en skendings kan naspoor.
3.2 Die argiefbewaarplek moet oor die nodige brandtoerusting beskik waarvan die inhoud by gebruik nie enige skadelike effek op die gebergte materiaal sal hê nie.
3.3 ’n Munisipale brandkraan moet vir brandbestryding binne reikafstand van die argiefbewaarplek aangebring wees.
3.4 Die argiefbewaarplek moet ’n nooduitgang, ’n veiligheidplan vir skielike ontruiming en die nodige aanwysings daarvoor in plek hê.
3.5 Diefwering moet voor alle venters, ongeag of hulle oopmaak of nie, aangebring wees.
3.6 Die elektriese installasies in die argiefbewaarplek moet minstens jaarliks deur ’n gekwalifiseerde en geregistreerde elektrisiën geïnspekteer word en ’n veiligheidsertifikaat moet daarvoor uitgereik word.
3.7 By die ingang en uitgang moet gekontroleer word dat goedere nie die argiefbewaarplek ongemagtig inkom nie en dat gebergte materiaal nie die argiefbewaarplek onreëlmatig verlaat nie.
3.8 Die gebruik van digitale kameras, selfone met kameras en draagbare skandeerders moet streng beheer word. Die intellektuele eiendomsreg ten opsigte van die argivalia moet beskerm word. Die toegang tot vertroulike inligting moet in terme van die bestaande wetgewing beperk word.
3.9 Geen materiaal mag op enige stadium deur enige persoon uit die argiefbewaarplek verwyder word nie, tensy dit met die geskrewe goedkeuring van die bestuurspan en onder uitdruklike voorwaardes vir uitstalling elders beskikbaar gestel word.
3.10 Die gebou en inhoud van die argiefbewaarplek moet omvattend verseker word.

**4. OMGEWINGSBEHEER**
4.1 Die argiefbewaarplek moet behoorlik geventileer wees en klimaatkontrole moet toegepas word. Die lugversorgingstelsel moet aan die brandalarm gekoppel wees en onmiddellik afskakel indien ’n brandgevaar dreig.
4.2 Die argiefbewaarplek moet gereeld teen insekte en skadelike organismes berook word.
4.3 Berokingsfasiliteite moet beskikbaar wees.

**5. BEWARING VAN ARGIVALIA**
5.1 Argivalia moet teen die korrekte temperatuur (maksimum 21°C) en ligsterkte geberg word. Waar soorte materiaal teen verskil in temperatuur en/of humiditeit en/of beligting geberg moet word, moet in afsonderlike kompartemente/kluise daarvoor voorsiening gemaak word.
5.2 Waar die kluis(e) so geleë is dat oorstromings en gebarste waterpype die kluis kan binnestroom, moet die onderste rakke oopgelaat word.
5.3 Geen materiaal mag op enige stadium buite die kluis(e) gestoor word nie, tensy dit op uitstalling in die argiefbewaarplek is.
5.4 Die uitstalling van materiaal in die argiefbewaarplek moet agter veiligheidsglas wees en slegs deur gemagtigde personeel bereik kan word.
5.5 Die argiefbewaarplek moet oor ’n volledige inventaris beskik van al die materiaal wat geberg word en hierdie inventaris moet in veilige bewaring gehou word.

**6. BEWARING VAN ELEKTRONIESE DATA EN MEDIA**
6.1 Die argiefbewaarplek moet ’n elektroniese lêer formaat strategie in plek hê, wat insluit ’n indeks van die lêer tipes waarin die elektroniese data en media geberg word en ’n prosedure vir die migrasie van inligting.
6.2 Elektroniese data en media moet in geskikte elektroniese lêer formaat bewaar word (bv PDF formaat – internasionaal aanvaarde weergawe). Die riglyne van die Nasionale Argief en Rekordsdiens van Suid-Afrika (NARS) [www.national.archives.gov.za] word in dié verband gevolg.
6.3 Die argiefbewaarplek moet ’n behoorlike rugsteun beleid in plek hê wat nougeset gevolg word. Hierdie rugsteun beleid moet van tyd tot tyd aangepas word om tred te hou met die ontwikkeling in die bewaring van elektroniese data en media.
6.4 Die bestuurspan moet toesien dat die personeel op hoogte bly van die ontwikkelings en standaarde ten opsigte van die langtermynbewaring van elektroniese data en media.

**7. HANTERING VAN ARGIVALIA**
7.0 Personeel en gebruikers moet minstens van die volgende geskrewe voorskrifte voorsien wees:
7.1 Die hantering van oorspronklike materiaal moet tot die minimum beperk word. Die oorspronklike materiaal word slegs een keer gedupliseer, waarna die gedupliseerde kopie (verkieslik in elektroniese formaat) vir verdere besigtiging en duplisering beskikbaar gestel word.
7.2 Gebruikers kan materiaal slegs in die leeskamer besigtig onder die voortdurende toesig van ’n personeellid.
7.3 Slegs ’n beperkte aantal dokumente of eenhede van materiaal mag op enige gegewe stadium aan ’n gebruiker beskikbaar gestel word.

7.4 Daar mag geensins op die materiaal self geskryf word nie. Kopiëring van materiaal moet sover moontlik beperk word.
7.5 Karton- of papierstroke moet beskikbaar wees vir aanwysiging van stukke waarvoor kopiëring benodig word.
7.6 Bros, breekbare, tenger en sensitiewe dokumente, waaronder foto's, films, klank- en videobande, asook enige materiaal ouer as vyftig jaar, moet met suurvrye handskoene hanteer word.
7.7 Materiaal moet, waar moontlik, in 'n toegevoude lêer, in 'n karton of staal houer en op 'n trollie tussen kluis en leeskamer vervoer word.

**8. PERSONEEL EN BESTUUR**
8.1 Die argiefbewaarplek word op deeltydse of voltydse basis bedryf deur 'n argivaris en enige aantal ander personeellede wat benodig word.
8.2 Die argiefbewaarplek word bestuur deur 'n span kundiges wat ook oor die personeel toesig hou. Die argivaris is ex officio deel van die bestuurspan.
8.3 Die argiefbewaarplek bekom die dienste van vrywilligers.

**9. FINANSIES**
9.1 Die bestuurspan stel jaarliks 'n begroting op en laat dit goedkeur deur die gemagtigde orgaan van die betrokke sinode(s).
9.2 Uitgawes binne die begroting word deur die bestuurspan gemagtig en genotuleer.
9.3 Die argiefbewaarplek beskik oor 'n besigheidsplan en genereer soveel moontlik fondse deur dienslewering, die hef van gebruikersgelde, die verkoop van oortollige antikwariese materiaal en die uitgee van publikasies.
9.4 Die moontlikhede wat die beskikbaarstelling van geskiedkundige en genealogiese data bied om 'n goeie inkomste te verseker, word benut.



Inhoudsopgawe

**BYLAAG 3**

## REGLEMENT 4.3: REGLEMENT VIR DIE HANTERING VAN ARGIEF- EN MUSEUMMATERIAAL

(Suid-Afrikaanse wette geld uit die aard van die saak nie vir die buiteland nie. Die Sinode van Namibië en buitelandse ringe en gemeentes is dus nie gebonde aan die vereistes in hierdie reglement wat direk met 'n Suid-Afrikaanse wet te doen het nie [Sien byvoorbeeld 3.2.2.1 en 3.2.2.2]. Hierdie sinodes, ringe en gemeentes moet hulle vergewis van hulle eie land se toepaslik wette.)

**1. BEGINSELS**

1.1 In ooreenstemming met die karakter van die kerk, het sy argief- en museumarbeid primêr 'n Skriftuurlik-teologiese grondslag. Eerstens is dit dus op teologies-wetenskaplike en daarna op sekulêr-wetenskaplike diens ingestel.

1.2 Hierdie arbeid bou die geheue van die kerk uit en stel die kerk in staat om sy funksies op 'n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse voort te sit. Die kerk se argief huisves gevolglik ook die skriftelike en ander getuienisse wat die kerk teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm.

1.3 Die versameling, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal beteken die hantering van getuienisse oor die handelinge van God Drie-enig in en deur Sy kerk in 'n bepaalde gebied.

1.4 As dienaar van die kerk, het die argief die taak om hierdie getuienisse deur die dienste van versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasie te verwerk.

1.5 Die argiefbewaarplek en museum is 'n gesistematiseerde inligtingsbron in diens van die kerk en sy verskillende kennisvelde, met besondere klem op die teologie en meer bepaald die ekklesiologie.

1.6 Dit dien vanweë sy ryke inligting, ook ander wetenskappe, beantwoord as akademiese instansie akademiese navrae en gee aan navorsers voorligting in die metodiek van navorsing en geskiedskrywing.

**2. TERMINOLOGIE EN VERANTWOORDELIKHEDE**

2.1 Argief- en museummateriaal beteken die dokumente of alle ander materiaal wat inligting oor gemeentes, ringe, sinodes en hulle kommissies, sowel as moontlike kerklike inrigtings binne hulle grense, bevat. Dit behels alle inligting deur alle middele oor die kerklike lewe in sy nouste en breedste verband binne 'n bepaalde gebied.

2.2 Vir doelmatige argief- en museumdienste het kerkrade, ringe, sinodes en ander argief- en museumlewerende instansies die volgende verantwoordelikhede ten opsigte van kopieë vir bewaring:

2.2.1 die voorsiening van verstaanbare, noukeurige en taalkundig goed versorgde en gedokumenteerde inligting, sowel as die gevraagde museummateriaal;

2.2.2 duidelike rekenaaruitdrukke met hoë letterkwaliteit;

2.2.3 netjiese en leesbare skrif in 'n ink wat nie maklik verbleik of uitgewis kan word nie;

2.2.4 korrigeerlak (Tipp-Ex) mag onder geen omstandighede gebruik word nie;

2.2.5 die gebruik van duursame argiefpapier van A4-formaat van 100 gram per vierkante meter;

2.2.6 tik- of skryfwerk of druk- of kopieerwerk verkieslik op albei kante van die papier met 'n oop ruimte van minstens 2,5 cm aan die binnekant van die teks met die oog op inbinding en 1,5 cm aan die oop kant;

2.2.7 die volledige datering, ondertekening en/of parafering en stempel van alle dokumente soos wanneer en waar wetenskaplike en gemeenregtelike argiefbeginsels dit vereis;

2.2.8 die inagneming van die noodsaaklikheid van ruimtebesparing in die argief deur die stelselmatige vernietiging van wegdoenbare materiaal soos deur die Algemene Sinode in sy beleid vir rekordbeheer beskryf en

2.2.9 die inlewering van argief- en museummateriaal by die betrokke sinodale bewaarplek onder die dekking van 'n behoorlike inventaris.

**3. DIE KERKRAAD**

3.1 Elke kerkraad benoem 'n argiefkommissie waarvan die skriba of administratiewe beampte lid is.

3.2 Hierdie kommissie sien toe dat:

3.2.1 die gemeente oor 'n doeltreffende en wetenskaplike argiefstelsel beskik, waarby ingesluit is 'n doeltreffende lêersisteem, asook die nodige geriewe daarvoor in 'n brandbestande kluis of -vertrek;

3.2.2 die kerkraad aan al die kerklike, juridiese, argivaliese en museumkundige vereistes vir die betrokke materiaal en dienste voldoen:

3.2.2.1 deur 'n inventaris wat voldoen aan die vereistes van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting [Wet 2 van 2000] op te stel en jaarliks by te hou vir deursending aan die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch [slegs van toepassing vir instansies, gemeentes, ringe en sinodes binne Suid-Afrika];

3.2.2.2 deur te voldoen aan die vereistes gestel in die Nasionale Erfeniswet [Wet 25 van 1999 en aangevul in Goewermentskennisgewing Nr 1313 van 25 Oktober 2002].

3.2.2.2.1 wat alle strukture – of gedeelte daarvan – wat ouer is as 60 jaar, beheer en
3.2.2.2.2 wat bepaal dat geen "erfenis objek" [boeke, manuskripte, dokumente, argivalia, kaarte, afdrukke, foto's, films, klankmateriaal en enige materiaal wat uniek is en wat die mondelinge geskiedenis van Suid-Afrika aanvul] sonder toestemming of 'n permit vervreem, vernietig, beskadig, bekrap, verander, gerestoureer of herstel mag word nie [slegs van toepassing vir instansies, gemeentes, ringe en sinodes binne Suid-Afrika];
3.2.2.3 deur in samewerking aan die kerkraad leiding te gee met betrekking tot die ordening, instandhouding, bewaring en uitbouing van die gemeente-argief, die vernietiging van wegdoenbare stukke, die inlewering van gemeentelike argivalia by die argief en alle ander verpligtinge ten einde te voldoen aan die vereistes gestel in die Kerk se beleid ten opsigte van rekordbeheer soos van tyd tot tyd aangepas en by die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch beskikbaar is;
3.2.3 die getekende en geparafeerde handelinge van die kerkraad, sy kommissies, diensaksies en ander gemeentelike vergaderings in 'n behoorlike, goed versorgde en argivalies aanvaarbare notuleboek of notulelêer aangeteken en die betrokke bylaes daarby gevoeg word;
3.2.4 lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate op datum gehou en versorg word;
3.2.5 regstellings, wysigings of versuimde inskrywings in die registers korrek aangebring word nadat die aansoeke, met die nodige bewysstukke, deur die kerkraad en die argivaris goedgekeur is;
3.2.6 alle ander belangrike argivalia soos konsistorieboeke, afkondigingsboeke, duplikate van uitgaande briewe en die oorspronklike inkomende briewe, behoorlik versorg word;
3.2.7 gemeentelike verslae volgens die kerklike bepalings opgestel en op die bestemde tyd aan die ring besorg word.
3.2.8 jaarliks sorgvuldig gekontroleerde, gekorrigeerde, geparafeerde en ondertekende afskrifte van die lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate op voorgeskrewe wyse aangebring en na die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch gestuur word;
3.2.9 alle stukke wat deur die Argief vir verbetering/aanvulling/vervanging na gemeentes terugverwys is, binne vier weke na die vergadering in die verlangde toestand aan die argief besorg word;
3.2.10 alle argief- en museummateriaal waartoe ooreengekom is, vir veilige bewaring, versorging en oordeelkundige gebruik deur navorsers aan die argief toevertrou word volgens besluit van die sinode;
3.2.11 skriftelike en mondelinge oorkondes wat 'n bydrae kan lewer tot die getuienis van die handelinge van God in Sy kerk, bewaar en aan die argief besorg word;
3.2.12 museummateriaal versamel en versorg word en
3.2.13 die nodige besonderhede oor die gemeente jaarliks aan die Sinodale Kerkkantoor deurgegee word vir versending aan die hoofredakteur van die Jaarboek van die Ned Geref Kerke.

**4. DIE RING**
4.1 Die ring benoem 'n argiefkommissie.
4.1.1 Die argiefkommissie sien toe dat die ring oor 'n doeltreffende en wetenskaplike tydelike argiefstelsel beskik waarby ingesluit is afskrifte van die ring se behoorlik ondertekende notules, stukke in verband met die ring se administrasiefonds, ringskommissienotules en 'n doelmatige lêersisteem, asook die nodige geriewe daarvoor in 'n brandbestande kluis of -vertrek. Weens die gedurige verwisseling van ringskribas, word ringe aangemoedig om alle oorspronklike argivalia jaarliks aan die sinodale argief te besorg en slegs afskrifte van lopende werksdokumente (soos hierbo beskryf), vir plaaslike gebruik, in die tydelike argiefstelsel te bewaar.
4.1.2 Die argiefkommissie sien toe dat die ring aan al die kerklike, juridiese en argivaliese vereistes vir dokumentêre materiaal en dienste voldoen (sien 3.2 hierbo).
4.1.3 Die argiefkommissie sien toe dat die ringskriba behoorlik ingelig is oor sy/haar verpligtinge soos beliggaam in die Argief- en Museumreglement, naamlik:
4.1.3.1 Agenda
4.1.3.1.1 alle verslae word voorsien van duidelike en volledige opskrifte met vermelding van die naam van die betrokke sinodale gebied, ring, gemeente, kommissie, diensaksie en dergelike meer en datum van vergadering en/of verslag;
4.1.3.1.2 oorspronklike verslae word behoorlik onderteken en in volgorde gebind;
4.1.3.1.3 volledige verduidelikings word verstrek waar verslae en ander dokumente nie volledig onderteken kon word nie;
4.1.3.1.4 alle oorspronklike verslae en bylaes by die ringskriba ingelewer, word vir bewaring na die argiefbewaarplek gestuur;
4.1.3.2 Ringsnotules
4.1.3.2.1 word korrek en deurlopend genumereer;
4.1.3.2.2 elke bladsy van notules word geparafeer, die laaste bladsy behoorlik onderteken deur die voorsitter en skriba en in volgorde gebind;
4.1.3.2.3 alle notules word voorsien van duidelike en volledige opskrifte met vermelding van die naam van die betrokke sinodale gebied, ring en datum van vergadering.
4.1.4 Die argiefkommissie sien toe dat die ring die volgende argief- en museummateriaal van die gasheergemeente by ringsittings nagaan:

4.1.4.1 notules (kerkraad, kerkraadkommissies en gemeentelike aksies);
4.1.4.2 verslae van kerkraadskommissies;
4.1.4.3 dooplidmate- en lidmateregisters;
4.1.4.4 attestate en lidmaatbewyse;
4.1.4.5 teenblaaie of rekenaarinskrywings van attestate/lidmaatbewyse en doopseels uitgereik;
4.1.4.6 doopaansoekvorms;
4.1.4.7 huweliksregisters;
4.1.4.8 konsistorieboeke en kerkraadsregisters;
4.1.4.9 aankondigingsboeke of -blaaie;
4.1.4.10 personeellêers: dienskontrakte en verlofregisters;
4.1.4.11 korrespondensie, liassering en liasseerstelsel;
4.1.4.12 foto's, foto-albums en plakboeke;
4.1.4.13 museumuitstallings.
4.1.5 Die argiefkommissie sien toe dat die ring argivalia by die argiefbewaarplek inlewer.
4.1.5.1 Inlewer van ringstukke: die volgorde van die inventaris word gebruik.
4.1.5.2 Binne twee maande na elke ringsitting word die oorspronklike handelinge van die vergadering, asook alle bylaes en alle verslae en gemeentelike stukke wat voor die ring gedien het, onder dekking van die voorgeskrewe inventarisvorm aan die betrokke argief gestuur.
4.1.5.3 Die notule en korrespondensie van alle ringskommissies, wat nie meer vir onmiddellike naslaan benodig word nie, moet aan die argief gestuur word.
4.1.5.4 Alle argiefmateriaal, insluitend korrespondensie, moet van tyd tot tyd aan die argief gestuur word.
4.1.5.5 Alle stukke wat vir verbetering/aanvulling/vervanging terugverwys is, moet so gou moontlik na ontvangs en noukeurige kontrole deur die ringskommissie, aan die betrokke argiefbewaarplek gestuur word.
4.1.6 Die argiefkommissie verleen hulp aan gemeentes. Kerkrade word begelei met die ordening, instandhouding, bewaring en uitbouing van die gemeente-argief; die vernietiging van wegdoenbare stukke; die inlewering van gemeentelike argivalia by die argief; en alle ander verpligtinge ten einde te voldoen aan die vereistes gestel in die Kerk se beleid ten opsigte van rekordbeheer (Sien 6.2.7 hier onder).
4.1.7 Die argiefkommissie sien toe dat die nodige besonderhede oor die ring jaarliks aan die Sinodale Kerkkantoor deurgegee word vir versending aan die hoofredakteur van die Jaarboek van die Ned Geref Kerke.
4.1.8 Die argiefkommissie sien toe dat 'n besluiteregister tydens die ringsvergadering opgestel word en dat 'n indeks van ringsbesluite, waar moontlik, bygehou word.

**5. DIE SINODE**
5.1 Die Sinode wys'n taakspan vir die argief aan om
5.2.1 die nodige advies aan die sinode vir die voorsiening van 'n doelmatige sinodale argief en moontlike museumdiens en toereikende personeel te gee en/of 'n toepaslike en doelmatige argiefdiens by 'n erkende argief aan te koop;
5.2.2 die nodige leiding aan die sinode in sake die versameling, versorging, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal en implementering en benutting van die rekenaar in die verband, te gee;
5.2.3 reëlings te tref vir die versameling van argief- en museummateriaal van kerkrade, ringe, sinodes, kerklike kommissies en -inrigtings met die oog op die bewaring daarvan in die sinodale argief;
5.2.4 belangrike teologiese (veral kerkhistoriese) geskrifte of publikasies vir die sinodale argief, ook by wyse van afskrifte, afdrukke of kopieë daarvan, te verkry;
5.2.5 toesig te hou oor die werk van die argiefpersoneel;
5.2.6 'n verslag oor die werk in die argief, saam met 'n begroting van inkomstes en uitgawes, aan elke vergadering van die sinode op te stel;
5.2.7 finaal te beslis oor die moontlike vernietiging van efemere stukke;
5.2.8 belangrike kerkhistoriese en ander materiaal te oorweeg en te publiseer en
5.2.9 'n in memoriam-verslag op te stel indien die sinode dit verlang.

**6. DIE ALGEMENE SINODE**
Sien Reglement 4.1 van die Algemene Sinode.

**7. INLEWERING VAN ARGIVALE BRONNE**
**7.1 Moderature, sinodale kommissies, ringskommissies, kerkrade en ander kerklike instansies**
7.1.1 Moderatuurslede, skribas van alle sinodale kommissies, sinodale amptenare wat verantwoordelikheid beklee by diensaksies, verenigings, inrigtings, institute, byeenkomste, maatskappye, trusts, pensioenfondse, skemas, kerkkantore, rade, ensovoorts – en alle ander kerklike ampsdraers – moet van tyd tot tyd ingevolge beskikkingsmagtiging, en met eerbiediging van alle argiefvereistes soos in hierdie reglement gestel, alle argivalia en gevraagde museummateriaal by die betrokke sinodale kerkargief of die Argief van die NG Kerk in SA te Stellenbosch inlewer of daarmee handel soos skriftelik met die Argief te Stellenbosch ooreengekom. Dit behels behoorlik ondertekende, geparafeerde, gedateerde en genumereerde agendas, notules en



Inhoudsopgawe

bylaes, stelselmatig en argivalies korrek geliasseerde korrespondensie, aktes, registers, finansiële stukke, alle stukke wat betrekking het op die interne funksionering en kronologie van werksaamhede, statistiek en gegewens, manuskripte, aantekeninge, ensovoorts.
7.1.2 Die skriba van ’n sinode en die aktuarius het die verantwoordelikheid om so gou moontlik na elke sinodale vergadering die gepubliseerde agenda, notule en kerkorde aan die Argief van die NG Kerk in SA te Stellenbosch vir bewaring en navorsing te besorg.

**7.2 Rekordbeheer**
7.2.1 Gemeentes beskik oor hulle eie argivalia en lewer dit in by die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch vir bewaring, volgens die riglyne in die Agenda van die Algemene Sinode 1998, p 142, naamlik tien jaar (of vroeër) nadat ’n register of boek afgesluit (of vol) is.
7.2.2 Kommissies van die kerk in breër verband lewer gereeld hulle argivalia (alle stukke ouer as tien jaar) by die betrokke argief in vir bewaring.
7.2.3 Waar ’n gemeente met ’n ander gemeente verenig, word alle gemeentestukke van die gemeente wat sluit, behalwe dokumente van die laaste vyf jaar en die gemeenteregisters, by die argief ingehandig vir bewaring voor datum van eenwording.
7.2.4 Gemeentes wat ophou bestaan, lewer voor datum van ontbinding alle argivalia by die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch in.
7.2.5 Argiefskeppende instansies en amptenare moet by die inlewering van argivalia, die Argief adviseer met betrekking tot stukke wat gesluit behoort te word. Sulke stukke is vir navorsers gesluit en word alleen beskikbaar gestel met goedkeuring van die argiefskeppende instansie of indien die Argief deur ’n hof daartoe gelas word.
7.2.6 Argiefskeppende instansies moet behulpsaam wees met die versameling en bewaring van ongepubliseerde verhandelinge (teologiese/historiese navorsing), gemeenteblaaie, fotomateriaal en akoestiese materiaal.
7.2.7 Vir doeltreffende rekordbeheer word die riglyne vir die Bewaring en Vernietiging van Dokumente (Agenda van die Algemene Sinode 1998, p 142 tot 147) aanvaar as beleid wat van tyd tot tyd aangepas word in ooreenstemming met wetgewing. Die nuutste inligting hieroor is in Stellenbosch by die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika beskikbaar.

**BYLAAG 4**

# REGLEMENT 4.4: REGLEMENT VIR DIE HANTERING VAN REGISTERS

## 1. ALGEMEEN

### 1.1 Noodsaak van 'n lidmateregister

1.1.1 Elke gemeente moet 'n lidmateregister vir doop- en belydende lidmate hê – óf 'n handgeskrewe (of getikte) register óf 'n gerekenariseerde register óf albei.

### 1.2 Kontrolering

1.2.1 Kontroleer gegewens deeglik voor elke inskrywing in 'n register om te verseker dat name, vanne, gemeentename en datums korrek is. Die voorletters en vanne van leraars; die name en vanne van alle ander persone; die name van gemeentes; en alle datums moet volledig en korrek verstrek word.

1.2.2 Ten einde die juiste geboortedatum en die spelling van name vir inskrywing in die register te verseker, moet die ouer(s) by die aanmelding vir die doop die dokument toon wat by die registrasie van die kind se geboorte uitgereik is. Ongeregistreerde dooplidmate moet vóór belydenisaflegging 'n doopseel inlewer.

### 1.3 Afkortings

1.3.1 Die name en vanne van persone en die name van gemeentes moet volledig en korrek verstrek word. Afkortings soos BFN vir Bloemfontein en PE vir Port Elizabeth, en populêr-gebruikte maar nie-amptelike name soos "Groote Kerk" vir Kaapstad en "Bosmanstraat-kerk" vir Pretoria is ontoelaatbaar. Die korrekte name verskyn in die Jaarboek van die NG Kerke.

### 1.4 Skryfwyse van datums

1.4.1 Datums word volgens die agtsyferstelsel, in die orde van dag, maand, jaar geskryf en met punte verdeel. [Voorbeeld: 3 April 1992 word as 03.04.1992 geskryf]

### 1.5 Geen herhalingstekens

1.5.1 Geen herhalingstekens of woorde soos "do" of "ditto" is toelaatbaar nie.

### 1.6 Alfabetiese inskrywings

1.6.1 Inskrywings geskied in alfabetiese orde. Vanne soos Van der Merwe en Van Rensburg kom onder die letter V. 'n Van soos Janse(n) van Rensburg, waar die Janse(n) 'n deel van die van uitmaak en die betrokke persoon dit self so gebruik, kom onder J.

### 1.7 Ooplaat van reëls

1.7.1 Ter wille van ruimtebesparing word daar normaalweg geen reël tussen twee inskrywings in die lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate oopgelaat nie. Om dieselfde rede begin die inskrywings van elke volgende nuwe jaar of termyn nie telkens op 'n nuwe bladsy nie. Waar dit nodig geag word om 'n nuwe jaar of termyn aan te dui, kan 'n reël oopgelaat word, met toevoeging van die jaartal.

### 1.8 Opmerkingskolom

1.8.1 As algemene reël geld dat niks vermeld mag word wat lasterlik is of 'n stigma dra nie. Opmerkings soos "buite-egtelik", "vader onbekend" of "enkelouer" is heeltemal ontoelaatbaar.

1.8.2 Inligting wat in die opmerkingskolom van die dooplidmateregister verstrek word, moet verklarend wees ten opsigte van buitengewone omstandighede wat die kerkregtelike posisie van die doopouers, dopeling of bedienaar van die doop raak, of wat op die wese en implikasie van die sakrament betrekking het.

1.8.2.1 Waar die vader of moeder byvoorbeeld nie 'n belydende lidmaat van 'n gemeente is nie, of om 'n ander rede nie by die doop teenwoordig is nie, moet die dooplidmateregister aandui dat die betrokke ouer nie die doopbelofte afgelê het nie. In so 'n geval word met die opmerking "Vader/Moeder lê belofte alleen af" volstaan. Waar by 'n registerinskrywing addisionele inligting van nut kan wees, mag dit – met eerbiediging van die gestelde riglyn – in die opmerkingskolom aangeteken word, selfs al maak die Reglement nie spesifiek daarvoor voorsiening nie.

1.8.2.2 In die geval waar iemand na belydenis gedoop, deur doopouers aangeneem, óf na ouderdom van 7 jaar gedoop word, word dit in die opmerkingskolom aangeteken met verwysing na die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeelde: "Na oud 7 gedoop. KR 10.02.2012" of "Gedoop na belydenis. KR 10.02.2012"]

## 2. WYSIGINGS EN/OF AANVULLINGS

### 2.1 Begripsomskrywing

2.1.1 Rektifikasie [regstelling] beteken om 'n fout in die register, byvoorbeeld "Johannis" tot "Johannes" of 20.04.1967 tot 21.04.1967, reg te stel.

2.1.2 Naamsverandering beteken om ’n bepaalde voornaam of van, byvoorbeeld “Petrus” deur “Hermanus” of “Conradie” deur “Nienaber”, soos dikwels by aanneming gebeur, te vervang.
2.1.3 Versuimde registrasie is die aanvulling van inligting in die register vir doop- of belydende lidmate wat deur versuim direk na die gebeurtenis agterweë gebly het.

**2.2 Vorms en adres**
2.2.1 Aansoeke vir wysiging/aanvulling word in tweevoud [Sien 2.4 hier onder] op die voorgeskrewe vorm of in die voorgeskrewe formaat en met die nodige bewysstukke/stawende dokumente ingedien
2.2.1.1 by die kerkraad van die gemeente waar die doop plaasgevind het,
2.2.1.2 of in die geval van ’n belydende lidmaat, by die kerkraad van die gemeente waar die inskrywing versuim of foutief is
2.2.1.3 of, wanneer die oorspronklike inskrywing nie opgespoor kan word nie, waar die belydende lidmaat tans aangeteken is.

**2.3 Bewysstukke**
2.3.1 Ten opsigte van ’n rektifikasie en naamsverandering is die vereiste bewysstukke/stawende dokumente as volg:
2.3.1.1 In die lidmateregister: ’n identiteitsdokument of ’n geboortesertifikaat.
2.3.1.2 In die dooplidmateregister: ’n identiteitsdokument of ’n geboortesertifikaat.
2.3.1.3 In die dooplidmateregister vir ’n wettige aanneming: die aannemingsorder en ’n identiteitsdokument of ’n geboortesertifikaat. Die nommer en datum van die aannemingsorder moet agter die name van die aanneemouers geskryf word. Aangesien die moeder se nooiensvan nie op dié order verskyn nie, moet dit verkry en duidelik op die aansoekvorm ingevul word.
2.3.2 Vereiste bewysstukke/stawende dokumente vir ’n versuimde inskrywing van ’n doop:
2.3.2.1 Skriftelike verklarings van twee betroubare en ongesensureerde lidmate, doopouers uitgesluit, dat die betrokke persoon wel gedoop is
2.3.2.2 of ’n skriftelike verklaring deur die leraar wat die doop waargeneem het, vergesel van ’n afdruk van die betrokke bladsy in die doopkladboek en, indien beskikbaar, ’n doop- of lidmaatskapkaart/-boekie of ’n foto van die gebeurtenis.
2.3.3 Vereiste bewysstukke/stawende dokumente vir ’n versuimde inskrywing van ’n belydenisaflegging:
2.3.3.1 skriftelike verklarings verkry van twee betroubare en ongesensureerde lidmate dat die betrokke persoon wel belydenis van geloof afgelê het
2.3.3.2 of ’n verklaring deur die betrokke leraar vergesel van ’n afdruk van die betrokke bladsy in die lidmaatskapkaart/-boekie.

**2.4 Prosedure**
2.4.1 Tydens ’n kerkraadsvergadering gaan die kerkraad die aansoek na en keur dit goed.
2.4.2 Hierna word albei die voltooide aansoekvorms saam met die bewysstukke by die argivaris ingedien. [Die aansoek kan ook per e-pos in PDF-formaat ingedien word in welke geval die duplikaat nie nodig is nie. Die nodige bewysstukke moet steeds aangeheg word.]
2.4.3 Die argivaris kontroleer of die aansoek aan al die vereistes voldoen, teken die wysiging/aanvulling in die betrokke registerafskrif aan en stel die kerkraad daarvan in kennis.
2.4.4 Die skriba van die kerkraad bring nou die goedgekeurde wysiging in die oorspronklike register aan.

**2.5 Aantekening in registers**
2.5.1 Geen skrapings in die registers is toelaatbaar nie. Die korrekte besonderhede word met rooi ink bo die foutiewe gegewens, wat in alle gevalle met rooi ink onderstreep word, ingeskryf. In die opmerkingskolom word daar, ook met rooi ink, aangeteken dat die argivaris dit goedgekeur het, met verwysing na die datum. Die amptenaar wat die wysiging aanbring, parafeer dit met vermelding van sy/haar amp. [Voorbeeld: Arg 10.02.2012 *KM* Skriba]
2.5.2 By versuimde registrasie word die inskrywing in rooi ink gedoen in die register van die jaar waarin en so naby moontlik aan die plek waar dit versuim is, met, indien nodig, ’n verwysingsnota.
2.5.2.1 In die opmerkingskolom word daar, ook in rooi ink, die nodige aantekening gemaak. Die amptenaar wat die wysiging aanbring, parafeer dit met vermelding van sy/haar amp. [Voorbeeld: Vers reg. Arg. 11.09.2012. *ARB* Skriba].
2.5.2.2 Indien die inskrywing nie by die spesifieke jaar waar dit versuim is, gedoen kon word nie, moet ’n verwysingsnota by die jaar waar die inskrywing moes plaasgevind het (byvoorbeeld 1983), aangebring word. [Voorbeeld: Jooste, Pieter N – sien 2012].
2.5.3 ’n Skryffout wat in die lopende jaar begaan is, moet dadelik (sonder aansoek om rektifikasie) reggestel word deur die fout met rooi ink te onderstreep en die regstelling in rooi ink daarbo in te skryf. Die skriba parafeer dit.
2.5.3.1 In die registerafskrifte word die korrekte besonderhede dan sonder meer oorgeskryf.

2.5.3.2 ’n Skryffout word gemaak wanneer die skriba wel die korrekte besonderhede ontvang het, maar ’n fout maak met die inskryf daarvan in die register en dit dadelik opmerk.
2.5.4 ’n Naamsverandering in die lopende jaar word hanteer soos in 2.5.1 hier bo.
2.5.5 Waar die persoon se van verander is, moet ’n verwysing in rooi ink gemaak word by die relevante plek. [Byvoorbeeld: “Van der Merwe, Pieter N – Sien by Jooste, Pieter N” moet by die V’s ingevoeg word as die persoon se van van “Jooste” na “Van der Merwe” verander is]

**2.6. Afskrif**
2.6.1 Waar ’n gemeente slegs ’n gerekenariseerde register het, moet daar steeds jaarliks ’n Doop- en Lidmaatregisterafskrif gedruk en bewaar word, benewens die stel wat na die Argief versend moet word [Sien 6 hier onder]. Wysigings (soos bedoel in hierdie paragraaf 2) word op hierdie afskrifte (in die gemeente se besit) gedoen én in die gemeente-administrasieprogram.
2.6.2 Die alternatief is dat ’n nuwe stel registerafskrifte vir die betrokke jaar gedruk word, nadat die data op die gemeente-administrasieprogram gewysig is. Dit nuwe stel word saam met die verouderde stel en die goedkeuringsbrief van die Argief bewaar.

## 3. DOOPLIDMATEREGISTER

### 3.1 Van en voornaam
3.1.1 Die dopeling
3.1.1.1 Die dopeling word geregistreer onder die van soos dit op sy/haar identiteitsdokument verskyn met die name van die biologiese ouers voluit geskryf.
3.1.2 Die ouers
3.1.2.1 Slegs die nooiensvan van die moeder word saam met haar volle voorname ingeskryf en nie haar getroude van nie, maar as haar nooiensvan en haar getroude van dieselfde is, word “geb.” duidelikheidshalwe voor haar nooiensvan geskryf. [Byvoorbeeld: Louise geb. Dippenaar]
3.1.2.2 Alle voorname van ouers en dopelinge word voluit geskrywe.
3.1.2.3 Waar die vader of moeder nie ’n belydende lidmaat van ’n gemeente is nie, of om ’n ander rede nie by die doop teenwoordig is nie, moet die lidmateregister vir dooplidmate dit aandui dat die betrokke ouer nie die doopbelofte afgelê het nie (Sien 1.8.2.1 hierbo).

### 3.2 Buite-egtelike kind
3.2.1 Die dopeling word langs die gewone weg geregistreer.
3.2.2 Slegs die nooiensvan en voornaam van die moeder word ingeskryf. Indien dit ’n weduwee of geskeide vrou is, word haar getroude van in hakies langsaan aangebring [Byvoorbeeld: “Susan Spies (nou Nel)”]. Die reël vir die vader se naam word oopgelaat. In die opmerkingskolom word aangebring: “Moeder lê belofte alleen af” (Sien ook 1.8.2.1 hierbo).

### 3.3 Aangenome kind
3.3.1 Waar ’n dopeling voor die doopbediening aangeneem is, word die dopeling onder die van van die aannemende ouers ingeskryf en word die name van die aannemende ouers voluit in die ouerkolom ingeskryf.
3.3.2 Indien die kind na die doopbediening aangeneem word en hy/sy ’n ander van kry, word die voorgeskrewe weg vir naamsverandering gevolg (Sien 2 hier bo). Onder geen omstandighede mag die naam van die oorspronklike ouers geskrap word nie. Ter wille van die alfabetiese orde moet ’n verwysing in rooi ink van die nuwe van na die ou van in die betrokke register gemaak word (Sien 2.5.5 hier bo).
3.3.3 Indien slegs die van van die kind verander is, sonder dat die kind wettiglik aangeneem is, kan die name van die ouers nie verander word nie.
3.3.4 By die uitreiking van ’n doopseel of ’n dooplidmaatskapsertifikaat word die volle name van die aannemende ouers sonder meer ingevul.

### 3.4 Kind in pleegsorg
3.4.1 Waar die dopeling voor die doopbediening in pleegsorg geneem is, word die dopeling onder sy/haar eie van ingeskryf, terwyl die naam van die pleegsorgouers voluit in die ouerkolom verskyn. In die opmerkingskolom word die datum van die kerkraadsbesluit aangeteken. [Voorbeeld: KR 26.02.2012]
3.4.2 Indien die kind na die doopbediening aangeneem word en hy/sy ’n ander van kry, word die voorgeskrewe weg vir naamsverandering gevolg (Sien 2 en veral 2.5.5 hier bo). Onder geen omstandighede mag die naam van die oorspronklike ouers geskrap word nie.

### 3.5 Doop van kinders ouer as sewe jaar
3.5.1 In die opmerkingskolom moet van die doop van ’n kind van sewe jaar en ouer rekenskap gegee word met vermelding van die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: KR 26.02.2012]

**3.6 Doop van kinderhuiskinders ouer as sewe jaar**

3.6.1 ’n Ongedoopte kinderhuiskind van sewe jaar en ouer wie se kinderhuisplasing min of meer ’n permanente vorm aangeneem het, en wat dit begeer, kan gedoop word. Die implikasie is dat ’n persoon of persone naas die eie, pleeg- of aanneemouer by die doop op die formulier kan antwoord en vir die geestelike opvoeding van ’n kinderhuiskind verantwoordelikheid kan neem.

3.6.2 Die kinderhuis of gemeente kan nie korporatief as pleegouer optree vir doeleindes van die aflê van en die uitvoering van die doopbelofte nie. Kerkrade kan wel, nadat die biologiese ouers, waar moontlik, daaroor geraadpleeg is, lidmate van die gemeente wat bereid is om verantwoordelikheid te neem vir die verbondsopvoeding, aanwys om as doopgetuies of geestelike voogde op die formulier te antwoord by die bediening van die doop aan ’n kinderhuiskind van sewe jaar of ouer.

3.6.3. Die dopeling word in die Dooplidmateregister geregistreer onder die van soos dit op sy/haar identiteitsdokument/geboortesertifikaat verskyn met die name van die biologiese ouers voluit geskryf.

3.6.3.1 Indien die naam van een of albei van die biologiese ouers nie bekend is nie, word daar in die betrokke ouerkolom aangeteken dat dit nie beskikbaar is nie. [Voorbeeld: Vader se naam nie beskikbaar nie]

3.6.3.2 Indien die kinderhuiskind ’n buite-egtelike kind is, word slegs die voornaam en nooiensvan van die moeder ingeskryf. Indien die moeder ’n weduwee of geskeide vrou is, word haar getroude van in hakies langsaan aangebring [Byvoorbeeld: “Susan Spies (nou Nel)”]. Die reël vir die vader se naam word in hierdie geval dus oopgelaat (Sien ook 1.8 en 3.2.2 hier bo).

3.6.4 Die volle voorname en van van die doopgetuies wat as doopouers optree, kom voluit in die volgende twee reëls in die kolom vir die ouers. Die nooiensvan van ’n vrou word ingeskryf met haar getroude van in hakies.

3.6.5 In die opmerkingskolom moet van die doop van ’n kinderhuiskind ouer as sewe jaar rekenskap gegee word met vermelding van die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: KR 26.02.2012]

**3.7 Onopspoorbare bewys van dooplidmaatskap**

3.7.1 Waar geen dooplidmaatinskrywing opgespoor kan word nie, maar die dooplidmaat (of die dooplidmaat se ouers/voogde) ’n verklaring ingedien het dat hy of sy wel gedoop is en die kerkraad met die verklaring tevrede is [Gebruik 2.3.2 hier bo as riglyn], word die persoon in die lidmateregister ingeskryf. In die opmerkingskolom word aangeteken dat ’n verklaring ingelewer is asook die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: Verklaring ingel. KR 10.06.2012]

**3.8 Doop in ’n ander gemeente**

3.8.1 In die geval waar met toestemming van die plaaslike kerkraad die doop in ’n ander gemeente bedien word, registreer die skriba van die gemeente waar die doop bedien is, die doop in die dooplidmateregister, maar reik gelyktydig ’n bewys van dooplidmaatskap uit wat aan die gemeente waar die dopeling woonagtig is, gestuur word vir registrasie in dié gemeente se dooplidmateregister.

3.8.2 Die skriba wat die dooplidmaatskap oorplaas, teken in die opmerkingskolom aan van watter gemeente toestemming vir die doop ontvang is. [Voorbeeld: Toest. Maitland]

**3.9 Doop van kinders uit ander kerke**

3.9.1 In die opmerkingskolom moet van die doop van kinders uit ander erkende kerke rekenskap gegee word deur die kerk te vermeld in die opmerkingskolom. [Voorbeeld: Van RKK Kaapstad]

**3.10 Doop van kinders uit buiteland**

3.10.1 As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon, hulle kind in ’n ander gemeente as hulle tuis-gemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hulle tuisgemeente verkry. Sien verder 3.8 hier bo.

3.10.2 Waar lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by ’n gemeente inskakel, hulle kind in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hulle gemeente in die buiteland verkry. Die doopgesprek word deur die leraar waar die kind gedoop gaan word, gevoer en na die doop registreer die skriba die doop in die dooplidmateregister, maar reik gelyktydig ’n bewys van dooplidmaatskap uit wat aan die gemeente waar die dopeling woonagtig is, gestuur word vir registrasie. Die opmerkingskolom word voltooi soos in 3.8.2 of 3.9.1.

3.10.3 Waar lidmate wat permanent in die buiteland woon en nie daar by ’n gemeente kan inskakel nie, hulle kind in Suid-Afrika wil laat doop, vra die kerkraad van die gemeente waar hulle wil laat doop, hulle attestate aan vanaf die gemeente waar hulle lidmate was voordat hulle geëmigreer het. Die doopgesprek word deur die leraar waar die kind gedoop gaan word, gevoer en na die doop registreer die skriba die doop in die dooplidmateregister.

**3.11 Volwasse doop**

3.11.1 Waar ’n volwassene na belydenis gedoop word, word die inskrywing in beide die dooplidmateregister en die belydende lidmateregister gedoen en word dit in die opmerkingskolom aangeteken met ’n verwysing na die datum van kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: Gedoop na belydenis. KR 12.03.2012]

3.11.2 Die name van die ouers word steeds voluit in die dooplidmateregister geskryf. Indien die name van die ouers onbekend is, word in die ouerkolom aangeteken: “Name nie beskikbaar nie”. Sien ook 1.8.2.2 hier bo.
3.11.3 Die doopinskrywing van ’n getroude vrou geskied onder haar nooiensvan met die huidige van tussen hakies. [Voorbeeld: Rossouw (nou Nel)]

**3.12 Doop na moeder se hertroue**
3.12.1 In die geval waar ’n weduwee of ’n geskeide vrou weer trou en die kinders uit die vorige huwelik nog gedoop moet word, word die kinders geregistreer onder die van van die natuurlike (biologiese) vader. Albei die natuurlike ouers se name moet steeds in die ouerkolom aangeteken word. In die opmerkingskolom word aangeteken dat die moeder die belofte alleen afgelê het en dat die vader oorlede is of dat die egpaar geskei is. [Voorbeelde: Vader oorlede op 12.12.1981. Moeder lê belofte alleen af / Geskei op 12.12.1981. Moeder lê belofte alleen af]
3.12.2 Alleen indien die kind se van langs geregtelike weë verander is, kan die kind by die doop onder die nuwe van geregistreer word en slegs indien bogenoemde ouer se nuwe man of vrou die kind wettiglik aangeneem het, kan sy /haar naam, in plaas van die biologiese ouer s’n, in die ouerkolom aangeteken word. In so ’n geval moet die dokumentêre bewys (aannemingsorder in geval van wettige aanneming) aan die betrokke kerkraad voorgelê word. Verder word presies gehandel soos in 3.3.1 uiteengesit.
3.12.3 Indien so ’n aanneming eers na die doop plaasvind, moet langs die voorgeskrewe weg aansoek om naamsverandering in die dooplidmateregister gedoen word (Sien 2.3.1.3, asook 2.4 en 2.5).

**3.13 Doopgetuies**
3.13.1 Die inskrywing van die name van doopgetuies by ’n “normale doop” word ontmoedig omdat dit eintlik geen kerklike doel dien nie.
3.13.2 Die name van getuies wat as doopouers optree kom in die ouerkolom en wel onder die ruimte vir die ouers se name. Dit gebeur egter slegs wanneer die ouers nie self die dopeling ten doop kan bring nie. Sulke gevalle moet hoogs uitsonderlik wees en deur die kerkraad goedgekeur word en so in die opmerkingskolom aangeteken word [Voorbeeld: Doopgetuies lê belofte af. KR 26.02.2012]. Die naam van die wettige ouers word normaalweg in die ouerkolom geskryf.
3.13.3 Die voorname en van van die doopgetuies word voluit geskryf. Die nooiensvan van die vrou word ingeskryf met haar getroude van in hakies.

**3.14 Oorgekom van en vertrek na ’n ander gemeente**
3.14.1 Wanneer ’n dooplidmaat met of sonder sy/haar ouers na ’n ander gemeente vertrek, reik die skriba ’n bewys van dooplidmaatskap uit wat in die nuwe gemeente ontvang, afgelees en in die dooplidmateregister ingeskryf word. Die geboortedatum en datum van doop en die naam van die leraar wat die doop bedien het, moet ook op die uitgereikte bewys van dooplidmaatskap verskyn.
3.14.2 Die dooplidmateregister word verder net soos die lidmateregister voltooi. Sien 4.2.1 tot 4.2.5 hier onder.

**3.15 Lidmaatskap oor gemeentegrense heen**
3.15.1 Sien 4.5.1 hier onder.

**4. DIE BELYDENDE LIDMATEREGISTER**

**4.1 Aflegging van geloofsbelydenis**
4.1.1 Die datum van belydenisaflegging en die geboortedatum van die belydende lidmaat word in die betrokke kolom ingeskryf. Wanneer die belydende lidmaat na ’n ander gemeente vertrek, moet die geboortedatum op die uitgereikte attestaat/bewys van lidmaatskap verskyn.
4.1.2 Wanneer ’n vrou belydenis aflê, word dit onder haar nooiensvan in die register aangeteken en die van behou sy deurgaans in lidmateregisters vir belydende lidmate aan hoeveel gemeentes sy daarna ook al mag behoort en hoeveel male sy ook al mag trou. Dit kan alleen verander word as sy haar nooiensvan wettig laat verander en dan ook aansoek doen om naamsverandering in die lidmateregister vir belydende lidmate. Waar ’n vrou uit ’n ander gemeente of kerk kom en haar getroude van verskyn op die attestaat/bewys van lidmaatskap/verklaring, moet sy nogtans onder haar nooiensvan aangeteken word. Telkens word haar geldende getroude van in hakies bygevoeg. [Voorbeeld: Dippenaar (nou Odendaal)].
4.1.3 Sien 3.11.1 hier bo vir iemand wat na belydenis gedoop is.

**4.2 Oorgekom van en vertrek na ’n ander gemeente**
4.2.1 In die geval van ’n lidmaat wat by wyse van attestaat of bewys van lidmaatskap uit ’n ander gemeente kom, word die naam van die betrokke gemeente in die regte kolom ingeskryf. Die datum van inskrywing in die register geld as datum van aankoms in die gemeente.

4.2.2 In die geval van ’n vertrekkende lidmaat word die datum wanneer en die gemeente waarheen hy/sy vertrek, in die betrokke kolom ingeskryf op die plek waar die naam oorspronklik in die register ingeskryf is.
4.2.3 Waar ’n getroude vrou by wyse van attestaat of bewys van lidmaatskap van ’n ander gemeente (Sien 4.2.1) oorkom, word haar naam en nooiensvan soos dit op die attestaat of bewys van lidmaatskap voorkom, in die register ingeskryf. Die huidige van word tussen hakies geskryf (Sien ook 4.1.2).
4.2.4 Aangesien ’n predikant se akte van demissie ook sy/haar attestaat is, word sy/haar bevestigingsdatum as die datum van sy/haar oorkoms aangeteken.
4.2.5 Wanneer ’n persoon te sterwe kom, moet dit teen sy/haar naam in die opmerkingskolom aangeteken word. [Byvoorbeeld: Oorl 10.02.2011]

**4.3 Oorkoms van ’n ander kerk of Christelike groep**
4.3.1 Waar ’n persoon uit ’n ander kerk wil oorkom, doen hy/sy self die nodige om te bedank/bewys van lidmaatskap van die vorige kerk te verkry.
4.3.2 Waar ’n persoon uit ’n ander kerk wil oorkom en – na die voorgeskrewe prosedure – lidmaat van die gemeente word, word die korrekte naam van die vorige kerk in die kolom “VAN WAAR” geskryf en in die opmerkingskolom die datum van die kerkraadsbesluit aangeteken.
4.3.2.1 Lidmate uit kerke wat die Drie Formuliere van Enigheid onderskryf:
4.3.2.1.1 Die kerkraad besluit oor die aansoek om lidmaatskap.
4.3.2.1.2 In die opmerkingskolom van die register word verwys na die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: KR 10.06.2012].
4.3.2.2 Lidmate uit ander kerke:
4.3.2.2.1 Die aansoeker voltooi Vorm 6 (Verklaring vir ondertekening deur lidmate van ander kerkgenootskappe). Nadat daar aan die vereistes voldoen is wat vir die betrokke persoon geld of bepaal is, besluit die kerkraad oor die aansoek om lidmaatskap. In die opmerkingskolom van die register word verwys na die betrokke vorm en datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: Vorm 6; KR 10.06.2012]

**4.4 Vertrek na ’n ander kerk**
4.4.1 Waar ’n persoon na ’n ander kerk wil oorgaan, bedank hy/sy self en beteken dit die beëindiging van lidmaatskap van die NG Kerk. Die prosedure van 4.6 hier onder word gevolg.

**4.5 Lidmaatskap oor gemeentegrense heen**
4.5.1 In alle gevalle waar die kerkraad ’n besluit moes neem, moet die datum van die kerkraadsbesluit in die opmerkingskolom aangeteken word. [Voorbeeld: KR 10.02.2012]

**4.6 Verlies van lidmaatskap en herregistrasie**
4.6.1 Aangesien die NG Kerk geen interkerklike attestaat of bewys van lidmaatskap het nie en die oorgaan van lidmate by wyse van ’n “Verklaring insake lidmaatskap” (Vorm 7) moet geskied, moet verlies van lidmaatskap (byvoorbeeld: oorgaan na ’n nie-erkende kerk of afsnyding) en oorgaan na ’n erkende kerk (byvoorbeeld: om huweliksredes na ’n kerk met ’n gereformeerde belydenis) op presies dieselfde wyse hanteer word deur die uitreiking van ’n Vorm 7 ná besluit deur die Kerkraad.
4.6.1.1 Indien verlies van lidmaatskap gedurende die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit in die opmerkingskolom aangeteken dat die lidmaatskap verval het. Die datum van die kerkraadsbesluit word ook vermeld. [Voorbeeld: Lm verval. KR 10.02.2012.]
4.6.1.2 Indien verlies van lidmaatskap buite die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit by die oorspronklike inskrywing in die opmerkingskolom, met verwysing na die datum van die kerkraadsbesluit, aangeteken. Met vermelding van die naam, jaar van inskrywing en datum van die kerkraadsbesluit, word die saak per brief aan die Argief oorgedra vir aantekening in die betrokke registerafskrif.
4.6.1.3 Indien die naam van die kerk waarheen die persoon oorgegaan het, bekend is, moet dit ook in die opmerkingskolom aangeteken word. [Voorbeeld: Lm verval. Oor na RKK. KR 10.02.2012.]
4.6.1.4 Wanneer ’n persoon by wyse van belydenisaflegging of oorkoms weer lidmaat word, word dit so in die register aangeteken met verwysing na die kerk en die datum van die kerkraadsbesluit in die opmerkingskolom.
4.6.1.5 Waar ’n persoon ’n gemeente verlaat sonder om by ’n ander kerk aan te sluit en dan weer na berou na die kerk terugkeer, moet hy/sy weer belydenis van geloof aflê en dit moet so in die register aangeteken word. By verlating word in die opmerkingskolom aangeteken dat die lidmaatskap verval het.

**4.7 Onopspoorbare bewys van lidmaatskap**
4.7.1 Waar geen lidmaatinskrywing opgespoor kan word nie, maar die lidmaat ’n verklaring ingedien het dat hy of sy wel belydenis van geloof afgelê het in ’n NG gemeente en die kerkraad daarmee tevrede is, word die persoon in die lidmateregister ingeskryf. In die opmerkingskolom word aangeteken dat ’n verklaring ingelewer is asook die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: Verklaring ingel. KR 10.06.2012]

**5. HUWELIKSREGISTER (OPSIONEEL)**

5.1 In elke gemeente word die huwelike wat daar bevestig word in ’n huweliksregister aangeteken (gebruik die “Kerklike Huweliksaantekeningboek”, beskikbaar by Bybel-Media). Hierdie huweliksregister is nie die huweliksbevestiger se huweliksregister nie, maar ’n register van huwelike wat in die betrokke kerkgebou of gemeente bevestig is.
5.2 Hierdie registers word sover moontlik ook deur die kerkraad se argiefkommissie gekontroleer en moet, net soos in die geval van ander registers, na die Argief gestuur word wanneer dit nie meer deur die gemeente benodig word nie.

**6. REGISTERAFSKRIFTE**
6.1 Alle afskrifte moet ’n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike registerinskrywings wees. Vertrekkende lidmate word nie aangeteken nie, behalwe as hulle vertrek het in dieselfde kerkjaar as wat hulle aangekom het.
6.1.1 As ’n register egter gebrekkig aangelê is, beteken dit nie dat die gebreke in die afskrifte herhaal moet word nie. Die gegewens in die register moet met ander woorde in hul korrekte vorm oorgeskryf of-getik word. Die kerkraad moet die afskrifte nagaan:
6.1.1.1 deur al die besonderhede in die lidmateregister vir dooplidmate met dié in die doopkladboek te vergelyk;
6.1.1.2 deur die name in die lidmateregister vir belydende lidmate met die attestate/bewyse van lidmaatskap en die lys van name van persone wat belydenis afgelê het, te vergelyk;
6.1.1.3 deur die teenblaaie van die lidmaatsertifikaat- en attestaatboek met die lidmateregisters vir belydende lidmate te vergelyk en
6.1.1.4 deur die besonderhede in die afskrifte noukeurig met dié in die lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate te vergelyk.
6.1.2 Die parafering en handtekening van die kommissie/persone deur die kerkraad aangewys, beteken dat die afskrifte nagegaan, waar nodig gekorrigeer en uiteindelik as korrek gesertifiseer is. Alle wysigings moet ook geparafeer word.

**6.2 Voltooiing van die registerafskrifte**
6.2.1 Op die voorblad verskyn slegs die naam van die gemeente en die tydperk waaroor die afskrifte strek. Die naam van die gemeente en die jaartal word verder op elke bladsy aangedui.
6.2.2 Lê die binneblaaie soos ’n boek oop. Begin met die inskrywings op die agterkant van die eerste blad en gaan dan voort soos dit in die register voorkom. Nommer die bladsy so dat wanneer die “boek” oop lê, die registrasieruimte op elkeen van die twee velle dieselfde nommer kry.
6.2.3 Daar mag geen bladsye tussenin oopgelaat word nie. Moet dus nie elke letter van die alfabet op ’n nuwe bladsy begin nie. Hoogstens mag daar tussen die name wat met verskillende letters van die alfabet begin, ’n reël oopgelaat word.
6.2.4 Geen gewone regstelling mag bo-oor ’n skryffout van die registerhouer aangebring word nie. Die fout moet met rooi ink onderstreep en die regstelling in rooi ink daarbo ingeskryf word. Alle regstellings word geparafeer. Let wel: ’n gewone regstelling of korreksie is geen wysiging of rektifikasie nie.
6.2.5 Op die laaste bladsy van die afskrifte en net onder die laaste inskrywing sertifiseer die kerkraad dat die afskrifte ’n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike register is. Elke binnebladsy word ook regs onder klein en netjies geparafeer.
6.2.6 Voltooide afskrifte moet nie opgerol of gevou word nie.

**6.3 Gebrekkige registerafskrifte**
6.3.1 Die kerkraad moet toesien dat alle stukke wat deur die argief vir verbetering, aanvulling of vervanging na hulle kerkraad terugverwys is, binne vier weke aan die Argivaris terugbesorg word. (Sien ook Reglement 4.3: 3.2.9).

**6.4 Registersrekenaar**
6.4.1 Waar gemeentes hulle registers en/of registerafskrifte op rekenaar doen, geld al die voorskrifte soos reeds genoem. Sien veral 1.2 tot 1.6 hierbo.
6.4.2 Let ook op die volgende vereistes (Sien Reglement 4.3: 2.2.2 tot 2.2.5):
6.4.2.1 Die papier wat gebruik word, moet duursame A4-papier wees wat 100 gram per vierkante meter weeg. Argiefpapier is beskikbaar by Bybel-Media.
6.4.2.2 Drukwerk moet met netjiese en leesbare lettertipes gedoen word met ink wat nie maklik verbleik of uitgewis kan word nie.
6.4.2.3 Die spasiëring tussen lyne mag nie kleiner as die huidige spasiëring wees nie. Indien ongelinieerde papier gebruik word, moet lyne daarop aangebring word. Inskrywings moet steeds genommer word.
6.4.2.4 Daar moet voorsiening gemaak word vir presies dieselfde kolomme in dieselfde volgorde as in die oorspronklike registers (dit hoef nie noodwendig dieselfde wydte te wees nie). Indien ongelinieerde papier gebruik word, moet kolomlyne daarop aangebring word.

6.4.2.5 Drukwerk moet op beide kante van die papier wees, met genoeg spasie vir inbinding (lê die binneblaaie soos ’n boek oop – die regterkantlyn van die linkerbladsy en die linkerkantlyn van die regterbladsy moet ten minste twee sentimeter wees).
6.4.2.6 Sommige van die rekenaar sagteware programme wat gebruik word om afskrifte van lidmateregisters te druk, kan nie al die vereistes van 6.4.2 hier bo nakom nie. Dit word egter wel onder bepaalde omstandighede deur die Argief aanvaar. Skakel asseblief vooraf met die Argief om te verneem of ’n bepaalde pakket se drukstukke vir die Argief aanvaarbaar is.

---

Vir inligting oor argiefpapier, sagteware vir gemeente-administrasie, die goedgekeurde lys van afkortings, rektifikasievorms en enige navrae oor die hantering van die registers, kan die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch gekontak word. Inligting (en vorms) kan ook op die Argief se webblad gevind word.

Posadres: Posbus 34, Stellenbosch, 7599
Telefoon: 021-882-9923
Faks: 086-617-5963
E-pos: argief@kaapkerk.co.za
Webblad: www.kerkargief.co.za

# A.3 BEVOEGDHEIDSRAAD

## 1. PERSONEEL

**Primarii:** Drr Johann Ernst, Flip du Toit, Dewyk Ungerer, Elsje Büchner, Theo Swart, mnr Len Dekker, ds Marius Cornelissen en adv Fanie Visser.
**Sekundi:** Dr Johan van der Merwe, di Danie Kruger en Deon Oelofse.

## 2. BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE EN ASM

### 2.1 BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE

**2.1.1** Die Algemene Sinode het tydens sy vergadering in Oktober 2011 die volgende besluite geneem ten opsigte van die ABR (Agenda A.12 (Regte) bl 279 pt 2.8.5; Notule bl 88 pt 32):

Die Algemene Sinode
1 besluit om ’n Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) daar stel om alle sake rakende bedieningsbevoegdheid namens die Algemene Sinode te hanteer;
2 versoek die Bestuurspan van die ASM om so gou moontlik kantoorfasiliteite tot beskikking van die ABR te stel;
3 keur die Reglement vir die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) goed (Punt 2.8.4 hierbo);
4 gee opdrag aan die ATR om te kontroleer watter wysigings aan die reglemente deur die instelling van die ABR nodig sal wees en die voorgestelde wysigings aan die Moderamen vir goedkeuring voor te lê;
5 Die Algemene Sinode besluit verder
5.1 dat alle proponente, bedienaars van die Woord in diens van gemeentes en die kerkverband, ander persone met die bevoegdheid van bedienaar van die Woord en emeriti by die ABR registreer en dat ’n jaarlikse registrasiefooi betaalbaar word.
5.2 om werkgewers te versoek om minstens 50% van die registrasiefooi vir ’n bedienaar van die Woord/proponent/emeritus in diens van ’n gemeente/kerkverband te betaal;
5.3 dat die jaarlikse registrasiefooi deur die Bestuurspan van die Moderamen op aanbeveling van die ABR en die ATF vasgestel word;
5.4 om op aanbeveling van die Tydelike ATR die eerste lede van die ABR aan stel.
6 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om, nadat advies van die ABR en die ATF ontvang is, die koördineerder/uitvoerende amptenaar aan te stel.

**2.1.2** Die Algemene Sinode het ook die volgende besluit geneem insake die Kantoor van die ABR (vgl Agenda A.3 bl 45 pt 7.3 ; T.12.2 pt 2.3.1; Notule bl 88 pt 32)**:**

Die Algemene Sinode skep ’n Sentrale Kantoor vir Bevoegdheid soos verwoord in pt 5.1 (pt 6.5) en pt 7 van hierdie verslag.

**2.1.3** Verder het die Algemene Sinode aan die Moderamen die volgende opdrag gegee (vgl Agenda A.3 bl 45 pt 7.2 en 7.3; T.3.2 bl 1 pt 2; Notule bl 88 pt 32):

Die Algemene Sinode gee die opdrag aan die Moderamen om:
1 in die lig van 2.8.5.2 'n datum te bepaal wanneer die kantoorfasiliteite aan die ABR beskikbaar gestel word
2 die lede van die ABR in samewerking met die ATR aan te wys
3 die volgende te bepaal:
3.1 datum van implementering van die jaarlikse registrasiefooi
3.2 die finansiering van die Kantoor van die ABR te fasiliteer in samewerking met die ATF
3.3 die eerste jaarlikse registrasie registrasiefooi
4 om nadat die eerste proses van finansiering gefinaliseer is 'n koördineerder/ uitvoerende amptenaar te benoem.

### 2.2 BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODALE MODERAMEN

In die uitvoering van die opdrag van die Algemene Sinode het die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) die volgende besluit op 31 Oktober tot 2 November 2011geneem:

**8.2 ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD**
**8.2.1 Aanwys van die ABR (vgl Regl pt 1 op bl 278 van Agenda Algemene Sinode 2011; Besluiteregister bl 4,5)**
**Primarii:** Drr Johann Ernst (Algemene Sinode Aktuarius) (Oostelike Sinode), Flip du Toit (Algemene Kuratorium/huidige Bevoegdheidsregister) (Noordelike Sinode), Dewyk Ungerer (kundige diensverhouding/kerkregkundige) (Noordelike Sinode), mnr Len Dekker arbeidskundige/ regsgeleerde) (Oostelike Sinode), dr Elsje Büchner (kerkregkundige) (Oostelike Sinode), ds Marius Cornelissen (bestuurskundige) (Kapelaan-Generaal), adv Fanie Visser (regsgeleerde) (Noordelike Sinode). **Sekundi:** Ds



Inhoudsopgawe

Danie Kruger (Wes-Tvl), dr JM van der Merwe (kerkregkundige) (Universiteit van Pretoria), ds Deon Oelofse (Oos-Kaap).

**8.2.2 Kantoor van die ABR**
8.2.2.1 Die kantoor vorm deel van die Kantoor van die Algemene Sinode in Pretoria.
8.2.2.2 Die fooie is soos volg:
*1 Predikante: R500 per jaar (predikant 50% en gemeente 50%)
*2 Studente: R50 per jaar
*3 Proponente in voltydse betrekkings: R500 per jaar
*4 Emeriti wat 'n pos as predikant beklee: dieselfde reëling as vir predikante
*5 Ander emeriti: gratis
8.2.2.3 Die eerste fooi is op 1 Maart 2012 betaalbaar (vooruit).

**8.2.3 Benoeming van amptenaar**
Die ABR moet die Bestuurspan en die Dagbestuur dringend adviseer.

### 2.3 BENOEMING VAN DIE AMPTENAAR
Dr Dewyk Ungerer is benoem as Bestuurder: ABR met ingang 1 Maart 2012. Die pos word huidig op'n 50% basis gevul en die 50% dienste word by die NG Gemeente Raslouw uitgekoop.

### 2.4 DIE REGLEMENT VAN DIE ABR
**2.4.1** Nadat die ABR benoem is, het die ASM besluit om ook die Taakspan Predikantebegeleiding onder die vaandel van die ABR in te skuif. Dit het meegebring dat die Reglement wat tydens die Algemene Sinode in Oktober 2011 aanvaar is, gewysig moes word in terme van die samestelling van die ABR.
**2.4.2** Die ASM het die gewysigde Reglement 8: Reglement van die Algemene Bevoegdheidsraad goedgekeur.

## 3. WERKSAAMHEDE VAN DIE ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD

### 3.1 SAKE WAT REEDS AFGEHANDEL IS
**3.1.1 Besoeke aan sinodes**
Die voorsitter en bestuurder het al die sinodes besoek met die oog op die bekendstelling van die ABR en sy werksaamhede, om onduidelikhede en verwarring uit te klaar en vrae te beantwoord.
**3.1.2 Inwin van biografiese data en die finalisering van die databasis**
**3.1.2.1** Die Kantoor het met behulp van die onderskeie sinodes asook die gegewens wat uit die Jaarboek verkry is 'n databasis saamgestel van al die persone wat deur die NG Kerk gelegitimeer is. Hierdie databasis bevat onder meer die biografiese gegewens van (getalle tussen hakies):
(1) Predikante met volle ampsbevoegdheid (1 730)
(2) Proponente (302)
(3) Emeriti (1 251)
(4) Uitgetrede persone sonder bevoegdheid (870)
**3.1.2.2** Die Kantoor het op 1 Maart 2013 begin om aan elke gelegitimeerde sy/haar eie biografiese datablad te stuur sodat persone wat oor bevoegdheid beskik jaarliks by die ABR kan registreer. Begin April 2013 het elke geregistreerde persoon ook'n rekeningstaat ontvang vir die betaling van die jaarlikse betaling van registrasiefooie.

**3.1.2 Hantering van bevoegdheidsaansoeke**
**3.1.2.1** Die ABR het'n hele aantal aansoeke hanteer waar persone aansoek gedoen het om behoud van bevoegdheid aan die hand van die proses soos beskryf in Artikel 11 van die Kerkorde. In hierdie periode is die volgende hanteer: 7 aansoeke vir die hertoelating tot die bediening en 13 aansoeke om die behoud van bevoegdheid. Die ABR het ook 20 persone se sake hanteer wat hulle bevoegdheid verloor het deur bedanking of tugmaatreëls.
**3.1.2.2** Meer as twee honderd bevoegdheidsnavrae is hanteer.
**3.1.2.3** Daar is ook adviese gegee vir sinodale kommissies/ sinodale diensrade/ moderamens insake aansoeke om hertoelating tot die bediening en die aflê van'n *colloquium doctum*.
**3.1.2.4** Lede van die ABR het ook in November 2012 die legitimasie hanteer op aanbeveling van die kuratoria van die teologiese fakulteite aan die Universiteite van Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch.

**3.1.3 Predikantebegeleiding**
**3.1.3.1** Een van die winste van die besluite van die ASM was dat Predikantebegeleiding ook tuishoort onder die vaandel van die ABR. Dit het meegehelp dat alle predikante-aangeleenthede nou saamgevoeg en baie gekoördineerd bestuur kan word.

**3.1.3.2** Die ABR het kennis geneem van die besonderse werk wat persone verantwoordelik vir predikantebegeleiding in die onderskeie streeksinodes doen. Daar is besondere aandag gegee aan mentorskap, retreats, predikantewegbreke, assesering van bekwaamheid, ringsondersteuning asook individuele versorging. Die ABR is dankbaar om te verneem dat tussen 40% - 50% van leraars die geleenthede tot eie groei en selfontwikkeling benut en dat dit vir hulle tot groot seën en verryking is.

**3.1.3.3 AANBEVELINGS: PREDIKANTEBEGELEIDING.**

**3.1.3.3.1 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot werk wat die onderskeie sinodes en ringe doen om gelegitimeerdes in hul bedienings- en selfontwikkeling te ondersteun.**

**3.1.3.3.2 Die Algemene Sinode moedig alle gelegitimeerdes aan om ter wille van hul eie bedieningsvreugde by die geleenthede in te skakel.**

**3.1.4 Advies aan kerklike vergaderings**

Die ABR het die nodige adviese binne sy mandaat aan kerklike vergaderings asook persone gegee.

**3.2 SAKE WAT IN PROSES VAN AFHANDELING IS**

**3.2.1 Statutêre registrasie as pastorale versorgers**

**3.2.1.1** Dit het onder die ABR se aandag gekom dat bedienaars van die Woord wat dikwels berading doen en lidmate pastoraal versorg, gevaar loop om statutêre wetgewing te oortree. Dit kan daartoe lei dat bedienaars van die Woord vervolg kan word asook die risiko hê van groot eise teen hulle.

**3.2.1.2** Die ABR het leiding geneem in die ondersoek om die bedienaars van die Woord as pastorale versorgers statutêr te registreer om sodoende die nodige beskerming aan hulle te verleen. Tans is die ABR nog in 'n onderhandelingsfase met die betrokke staatsdepartement.

**3.2.1.3 AANBEVELING: STATUTÊRE REGISTRASIE**

**Die Algemene Sinode neem kennis van die onderhandelinge wat plaasvind om bedienaars van die Woord statutêr as pastorale versorgers te laat registreer.**

**3.2.2 Bedieningsbeoordelingsisteem**

**3.2.2.1** In verskeie werkkringe word daar prestasiebeoordeling gedoen en vele stemme het in die kerk opgegaan vir 'n sisteem om bedienaars van die Woord en amptenare te kan beoordeel in terme van werksuitsette. Die ABR is van oordeel dat hulle nie op dieselfde manier as persone wat vir sekulêre instansies werk, beoordeel kan word nie maar dat daar eerder na 'n eiesoortige sisteem gekyk moet word.

**3.2.2.2** Nadat verskeie modelle ondersoek is, is 'n eiesoortige konsepmodel ontwikkel. Die voorgestelde konsepmodel berus op bedieningsbeoordelingsisteem (bedienaars van die Woord) en werksbeoordelingssisteem (amptenare).

**3.2.2.3** Die ABR versoek kerklike vergaderings om van die konsepmodel gebruik te maak en insette te lewer sodat dit verder ontwikkel kan word.

**3.2.2.4 AANBEVELINGS: BEDIENINGSBEOORDELINGSISTEEM**

**3.2.2.4.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die konsepmodel wat ontwikkel is om kerklike vergaderings te help om bedienaars van die Woord se bediening en amptenare se werk te evalueer en te ondersteun.**

**3.2.2.4.2 Die Algemene Sinode moedig kerklike vergaderings aan om die konsepmodel te gebruik en kommentaar aan die ABR deur te stuur.**

**3.2.3 ABR Handleiding vir gebruik in die breë kerkverband**

**3.2.3.1** Na aanleiding van verskeie navrae, onduidelikhede en onsekerhede oor die versorging, begeleiding en bevoegdheid van bedienaars van die Woord het lede van die ABR saamgewerk met die skep van 'n handleiding wat die breë kerkverband wil dien met die verskillende dienste wat die ABR aanbied. Die Handleiding beoog om die volgende ondersteuning en hulp aan die kerk beskikbaar te stel:

**INLEIDING**

| **Onderwerp** | **Breë Inhoud** |
|---|---|
| A-Z Beleid | Aanmelding tot studies en versorging tot uittrede |
| Legitimasie | Intreepunt waar die Algemene Sinode 'n persoon legitimeer |
| Begeleiding | Op watter terreine kan die ABR leraars in die bediening begelei |
| Mandaat | Die raamwerk waarbinne die ABR funksioneer |

**DEEL 1: ONSTAAN, DOEL, VISIE EN MISSIE VAN DIE ABR**

| **Onderwerp** | **Breë Inhoud** |
|---|---|
| Ontstaansagtergrond | Aanloop tot die totstandkoming van die ABR |
| Doel | Wat is die doel van die ABR? |
| Sinodale besluite | Besluite oor die ABR |

| | |
|---|---|
| Samestelling | Hoe is die ABR saamgestel? |
| Reglement | Mandaat waaronder die ABR funksioneer |
| Visie/doel | Wat wil die ABR bereik? |
| Missie/funksies | Hoe gaan die ABR sy doelwitte bereik ? |
| Infrastruktuur | Kantoor en personeel |

**DEEL 2: TOEKENNING, BEHOUD EN VERLIES VAN BEVOEGDHEID**

| **Onderwerp** | **Breë Inhoud** |
|---|---|
| Wat is "bevoegdheid"? | Omskrywing van bevoegdheid |
| Verskillende kategorieë | Omskrywing van die onderskeie kategorieë van bevoegdheid |
| Toekenning | Opleidingsvereistes en legitimasie |
| Colloqium Doctum | Vereistes en prosedure by die aansoek om hertoelating |
| Beëindiging en opskorting van bevoegdheid | Prosedure en aksies wanneer bevoegdheid opgeskort en/of beëindig word |
| Register | Databasis en register van alle persone wat oor bevoegdheid beskik |
| Vorms | i) Registrasievorm<br>ii) Kategorievorm<br>iii) Registrasiefooivorm |
| Sertifikaat | Bevoegdheidsertifikaat wat jaarliks uitgereik kan word |

**DEEL 3: DIENSVERHOUDINGE**

| **Onderwerp** | **Breë Inhoud** |
|---|---|
| Advies | Watter tipe advies is beskikbaar aan kerklike vergaderings, leraars en ander personeel? |
| Bestuurshandleiding | Beskikbaarstelling van die Bestuurshandleiding<br>Opdatering van Handleiding |
| Vergoeding | Bestuur die proses van leraars se vergoedingspakkette |
| Ondersteunende betaalstelsel | Ondersoek die moontlikheid van 'n ondersteunende betaalstelsel |
| Bedieningsbeoordelingsisteem | Prosedure en aksies wat gevolg word by die bedieningsbeoordelingsisteem van leraars |

**DEEL 4: TUG EN DISSIPLINÊRE AANGELEENTHEDE**

| **Onderwerp** | **Breë Inhoud** |
|---|---|
| Tug en dissipline | Onderskeid tussen tug en dissipline<br>Skematiese voorstelling |
| Tug | Prosedure by tughandeling deur kerklike vergaderings |
| Dissipline | Prosedure by dissiplinêre handeling deur kerklike vergaderings |
| Sentrale liasseerstelsel | Wyse waarop alle sake gedokumenteer word sodat'n presedente stelsel opgestel kan word vir verwysing |

**DEEL 5: PREDIKANTEBEGELEIDING EN VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING (VBO)**

| **Onderwerp** | **Breë Inhoud** |
|---|---|
| Versorging van leraar | Beleid rakende begeleiding en versorging van leraars insluitend geestelik, fisies, emosioneel en finansieel. |
| A-Z Beleid | Bestuur en implementering van die A-Z Beleid |
| Mentorskap en sootgelyke ondersteuningsisteme | Beleid rakende mentorskap en die opleiding van mentors.<br>Beleid oor retreats, bekwaamheidsondersteuning, ens.<br>Bestuur van hierdie geleenthede. |
| VBO en gepaardgaande krediete | Beleid ten opsigte van voortgesette bedieningsontwikkeling<br>Skep 'n bedieningsontwikkelingsplan |
| Selfsorgkrediete | Toekenning en bestuur van krediete<br>Terugvoer aan/ van ringe |
| Administrasie | Administrasie en bestuur van die krediete en registrasie daarvan |
| Advies | Verskaffing van advies oor VBO en selfsorgkrediete en terugvoer van krediete verdien aan leraars en ringe |

**DEEL 6: MOBILITEIT VAN LERAARS IN DIE KERK**

| **Onderwerp** | **Breë Inhoud** |
|---|---|
| Mobiliteit | Beleid rakende mobiliteit in die kerk |
| Standplaasverwisseling | Proses vir bestuur en implementering van mobiliteit. |



Inhoudsopgawe

| | |
|---|---|
| Verskuiwings | Beleid rakende die proses wat die kerkraad kan volg om standplaasverwisseling te bewerk<br>Beleid rakende die proses wat die leraars kan volg om standplaasverwisseling te bewerk |
| Advies | Aanvra en bestuur van adviese rakende standplaasverwisseling |

**DEEL 7: ROL VAN DIE BREË KERKVERBAND**

| **Onderwerp** | **Breë Inhoud** |
|---|---|
| Sinode | Beleid rakende betrokkenheid van sinode |
| Ring | Beleid rakende betrokkenheid van sinode |

**3.2.3.2** Die handleiding is tans nog in ontwikkelingsfase. Die ABR wil graag tydens die sitting van die Algemene Sinode 'n konsephandleiding beskikbaar stel as eerste werksdokument. Kerklike vergaderinge word versoek om die handleiding te gebruik en kommentaar aan die ABR deur te stuur met die oog op die finalisering van die Handleiding.

**3.2.3.3 AANBEVELINGS: ABR HANDLEIDING**

**3.2.3.3.1 Die Algemene Sinode neem die ABR Handleiding in ontvangs vir gebruik in die NG Kerk.**

**3.2.3.3.2 Die Algemene Sinode moedig kerklike vergaderinge aan om van die Handleiding gebruik te maak.**

**3.2.3.3.3 Die Algemene Sinode versoek kerklike vergaderinge om kommentaar aan die ABR deur te stuur teen 31 Maart 2014 met die oog op die finalisering van die Handleiding.**

**3.3 NUWE SAKE**

**3.3.1 VBO en selfsorgkrediete**

**3.3.1.1AANBEVELING: VBO-KREDIETSTELSEL**

**Die Algemene Sinode bevestig dat die VBO-kredietstelsel, soos voorheen goedgekeur, onveranderend hanteer sal word.**

**3.3.2 Selfsorgkredietsisteem**

**3.3.2.1** In aanvulling tot die bestaande VBO-kredietstelsel, wat 'n selfstandige en eie proses is, wil die ABR die selfsorgkredietstelsel daarnaas (en in kombinasie) implementeer ten einde leraars ook aan te moedig en erkenning te gee vir selfsorg, eie ontwikkeling en blootstelling. Die VBO-sisteem gaan voort soos voorheen goedgekeur terwyl die nuwe voorgestelde selfsorgsisteem daarnaas en in aanvulling bestuur word.

**3.3.2.2** Bedienaars van die Woord se toerusting tot voortgesette bekwaamheid word dus in die toekoms gemeet aan beide die VBO-kredietstelsel (opleiding) en eie selfsorgsisteem.

**3.3.2.3** Die selfsorgkredietsisteem val uit in twee bene naamlik:

**3.3.2.3.1** In-diens-ontwikkeling-en-praktyk-aanwending(IDOPA)

Uit hierdie groepering moet 20 krediete per jaar in 'n 3-jaar siklus verwerf word:

| **Aktiwiteit** | **Krediete** |
|---|---|
| Mentor (4 x per jaar) | 10 |
| Retreat | 10 |
| Induksie | 10 |
| Assessering | 10 |
| Ringswerk (verkies tot) | 5 |
| Sinode (verkies tot, verslae) | 5 |
| Bywoon meerdere vergadering | 5 |

**3.3.2.3.2** Persoonlike ontwikkeling, selfsorg en gemeenskapsbetrokkenheid (POSG)

Uit hierdie groepering moet 20 krediete per jaar in 'n 3-jaar siklus verwerf word

| **Aktiwiteit** | **Krediete** |
|---|---|
| Sport of Fisiese aktiwiteite | 10 |
| Verlof (21 dae aaneenlopend) | 5 |
| Sabbatstyd | 5 |
| Stokperdjie | 5 |
| Standplaasverwisseling | 10 |
| Leierskap/ gemeenskap | 10 |



Inhoudsopgawe

**3.3.2.4 AANBEVELINGS: SELFSORGKREDIETSISTEEM**
**3.3.2.4.1 Die Algemene Sinode keur die selfsorgkredietsisteem as aanvulling tot die VBO-kredietstelsel goed.**
**3.3.2.4.2 Die Algemene Sinode versoek die ABR om advies aan ringe en kerkrade te voorsien met die oog op die hantering van die selfsorg-krediete in aanvulling tot die VBO-krediete.**

**3.3.3 Standplaasverwisseling**
**3.3.3.1** Die ABR het veral na aanleiding van terugvoer via Predikantebegeleiding en Kerkspieël terdeë bewus geword van die groter behoefte aan mobiliteit in die Kerk as wat daar tans plaasvind. Die ABR is ook bewus dat daar bepaalde voordele vir beide leraars en gemeentes is in groter blootstelling van leraars aan meer gemeentes en dat daar met ’n nuwe beroep bepaalde nuwe energie in beide leraar en gemeente loskom.
**3.3.3.2** Die ABR wil daarom graag meewerk dat daar groter mobiliteit in die breë kerk sal kom. Wanneer leraars en kerkrade meer openlik oor die stelsel van standplaasverwisseling is, sal die leraar sowel as die kerkraad daarby baat vind. Vir die gemeente kan dit ’n nuwe impetus bring en vir die leraar nuwe blootstelling en uitdagings bring sodat hy in sy persoon en bediening verder kan ontwikkel.
**3.3.3.3** Die ABR wil poog om standplaasverwisseling meer deursigtig te maak en help om dit gekoördineerd met behulp van ringe en sinodes deur die hele land heen te bestuur. Derhalwe wil die ABR versoek dat die Algemene Sinode die nodige hulpbronne beskikbaar stel sodat die proses in werking gestel kan word.
**3.3.3.4** Die ABR is ook van oordeel dat waar ’n leraar langer as tien jaar in dieselfde gemeente is, daar ’n gesprek tussen leraar, kerkraad en ring gevoer moet word. Tydens hierdie gesprek moet daar onder andere geëvalueer word of die leraar nog steeds effektief en met bedieningsvreugde in sy/ haar werkkring kan voortgaan of standplaasverwisseling oorweeg kan word.
**3.3.3.5 AANBEVELINGS: STANDPLAASVERWERWISSELING**
**3.3.3.5.1 Die Algemene Sinode besluit om die proses van standplaasverwisseling meer deursigtig te maak vir die hele kerk.**
**3.3.3.5.2 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ABR om ’n hernude proses van standplaasverwisseling vanaf 1 Januarie 2014 van stapel te stuur.**
**3.3.3.5.3 Die Algemene Sinode besluit in beginsel dat waar leraars langer as tien jaar in ’n gemeente is kerkrade, leraars en die ring ’n gesprek moet voer oor die moontlikheid van standplaasverwisseling.**
**3.3.3.5.4 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ABR om ’n proses vir die praktiese uitvoering van standplaasverwisseling te bepaal en te begelei met deurlopende terugvoer aan die Moderamen.**

**3.3.4 Ondersteunende betaalstelsel**
**3.3.4.1** Die ABR het met kommer kennis geneem van die verslegtende finansiële situasie van gemeentes en daarom ook van hul leraars. Baie van die kleiner gemeentes kan nie meer ’n leraar bekostig nie en maak gebruik van aflos-/ brugpredikante en ook ouderlinge wat eredienste moet lei. Uit die aard van die saak is daar baie faktore wat ’n deeglike ondersoek benodig. Die ABR sou daarom saam met alle ander rolspelers in die kerk wil kyk na ’n vorm van ’n ondersteunende betaalstelsel waar sekere gemeentes as gevolg van omstandighede nie meer volhoubare bediening kan verseker nie. Dit sal beteken dat sake soos kerkbegrip, aantal gemeentes in ’n ring, demografiese veranderinge, die belangrikheid van die kerk se “footprint”, alternatiewe bedienings en vlakke van ondersteuning ondersoek moet word. Moontlike ondersteuningsvlakke kan wees van gemeentes aan gemeentes, ringe aan gemeentes, sinodes aan gemeentes, ens. Dit sou goed wees vir die bediening in gemeentes indien dit moontlik sou kon wees om ’n leraar op ten minste die minimum vergoedingsriglyn in diens te neem.
**3.3.4.2 AANBEVELINGS: ONDERSTEUNENDE BETAALSTELSEL**
**3.3.4.2.1 Die Algemene Sinode gee die ABR opdrag om in samewerking met alle rolspelers ’n ondersoek te doen na die moontlike ontwikkeling van ’n ondersteunde betaalstelsel.**
**3.3.4.2.2 Die ABR doen so spoedig moontlik aan die Moderamen verslag met die oog op moontlike implementering.**

**3.3.5 Die rol van ringe**
**3.3.5.1** Geen werksaamheid van die ABR kan effektief funksioneer as die ring nie tot sy volle reg kom nie. Die ABR het weereens onder die indruk gekom van die geweldige groot rol wat ringe speel en die groot taak wat ringe verrig aan die hand van die kerkordelike artikels (vgl KO Artikels 29-31).
**3.3.5.2** Die ABR versoek dat ringe optimaal sal funksioneer sodat die ondersteuning wat die ABR kan bied tot volle potensiaal ontwikkel en benut kan word. Sake soos predikantebegeleiding en versorging, monitering van die kredietstelsel, standplaasverwisseling en finansiële begeleiding is van kardinale belang vir die ondersteuning aan leraars en gemeentes. Daarsonder kan die Kerk nie sy leraars na behore versorg en begelei nie.
**3.3.5.3 AANBEVELINGS: ROL VAN DIE RING**



Inhoudsopgawe

**3.3.5.3.1 Die Algemene Sinode bevestig weer die rol en taak van die ring soos omskryf in die Kerkorde Artikels 29-31.**
**3.3.5.3.2 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om prosesse in plek te plaas waar sinodes ondersteun kan word met die bemagtiging van ringe.**

## 4. WYSIGINGS

**4.1 WYSIGING AAN REGLEMENT 8**
**4.1.1** Die ABR het met sy ontwikkeling en terugvoer van sinodes, ringe en leraars tot die besef gekom dat daar moontlik'n verkeerdelike indruk geskep is dat daar te veel klem geplaas word op die regsaspekte rakende gelegitimeerdes en minder op die versorging en begeleiding van die leraarskorps. Die ABR wil hiermee herbevestig dat die swaartepunt van die ABR se werksaamhede gewortel is in die totale versorging en begeleiding van die gelegitimeerde (vergelyk die A tot Z- Beleid en Bedieningsvreugdemodel).
**4.1.2** In die lig van die ontwikkeling soos hierbo verwoord, beveel die ABR by die Algemene Sinode aan dat die reglement tov die samestelling gewysig word.
**4.1.3 AANBEVELING: SAMESTELLING VAN DIE ABR**
**Die Algemene Sinode besluit om die samestelling van die ABR soos volg te wysig:**
**4.1.3.1 Verander Regl 8 pt 2.3.3 *"die verteenwoordiger van die Algemene Kuratorium, met sekundus*" om te lees "*twee verteenwoordigers van teologiese opleiding (een uit die Algemene Kuratorium en een van die VBO Forum), met sekundi".***
**4.1.3.2 Verander Regl 8 pt 2.3.4 "*die verteenwoordiger van predikantebegeleiding, met sekundus"* om te lees "*twee verteenwoordigers van predikantebegeleiding, met sekundi".***

**4.2 BENAMING VAN DIE ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (ABR)**
**4.2.1** Die ABR het in terugvoering van verskeie sinodes, gemeentes en individue besef dat die naam nie beskrywend genoeg is vir die werksaamhede van die ABR nie. Nadat die ABR daaroor besin het, wil die ABR graag poog om 'n meer beskrywende naam aan die ABR te gee.
**4.2.2 AANBEVELING: BENAMING VAN DIE ABR**
**Die Algemene Sinode besluit om die naam van die Algemene Bevoegdheidsraad te wysig na *Algemene Taakspan vir Predikantesake.***

**4.3 KANTOOR VIR PREDIKANTESAKE**
**4.3.1** Die vorige reglement het nie duidelik uitgespel wat die funksie van die Kantoor van die ABR is nie. Met die vestiging van die ABR-kantoor is egter besef dat die funksies van die Kantoor duideliker omskryf moet word.
**4.3.2 AANBEVELING: KANTOOR VIR PREDIKANTESAKE**
**Die Algemene Sinode keur goed dat die Kantoor vir Predikantesake die volgende funksies verrig:**
***1 bevoegdheidsaangeleenthede;**
***2 diensverhoudinge;**
***3 personeel van die Algemene Sinode;**
***4 arbeidsregtelike dienste aan gelegitimeerdes en kerkvergaderinge;**
***5 standplaasverwisseling;**
***6 predikantebegeleiding;**
***7 kreditering van opleiding en VBO;**
***8 sekretariaat van die Taakspan vir Predikantesake.**

**4.4 WYSIGING VAN DIE REGLEMENT**
**4.4.1** In die lig van bogenoemde besluite word die gewysigde reglement voorgelê vir goedkeuring:

**REGLEMENT 8**
**REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE TAAKSPAN VIR PREDIKANTESAKE**

**1. NAAM**
Die Algemene Taakspan vir Predikantesake (ATPS)

**2. SAMESTELLING**
2.1 Die Algemene Taakspan vir Predikantesake word deur die Moderamen aangewys en bestaan uit agt permanente lede (vergelyk 2.3.1 tot 2.3.5 hieronder) wat gesamentlik oor kundigheid en ervaring beskik op die terreine van begeleiding en versorging van bedienaars van die Woord, voortgesette bedieningsontwikkeling van bedienaars van die Woord, bestuur van diensverhoudinge, kerkreg en statutêre reg.

2.2 Minstens twee lede van die Algemene Taakspan Predikantesake moet afgevaardigdes na die Algemene Sinode wees.
2.3 Die Algemene Taakspan Predikantesake word saamgestel uit:
2.3.1 die verteenwoordiger van die Algemene Taakspan Regte, met sekundus;
2.3.2 die bestuurder van die Kantoor vir Predikantesake;
2.3.3 twee verteenwoordigers van teologiese opleiding (een uit die Algemene Kuratorium en een van die VBO Forum), met sekundi;
2.3.4 twee verteenwoordigers van predikantebegeleiding, met sekundi; en
2.3.5 vier kundiges, waarvan minstens twee nie-gelegitimeerdes moet wees, met sekundi.
2.3.6 Die Algemene Taakspan Predikantesake word, wanneer nodig, bygestaan deur een lid uit elke sinode, deur die betrokke sinode of sy gevolmagtigde aangewys, met sekundus. Wanneer die Algemene Taakspan Predikantesake 'n bevoegdheidsaangeleentheid hanteer, geskied dit waar moontlik in oorleg met die lid deur die betrokke sinode aangewys.
2.3.7 Die Algemene Taakspan Predikantesake kan twee addisionele lede koöpteer.
2.4 Die Kantoor vir Predikantesake hanteer die skribaat van die Taakspan.
2.5 Die voorsitter en ondervoorsitter word deur die Algemene Taakspan Predikantesake aangewys.
2.6 Vakatures in die Algemene Taakspan Predikantesake word op aanbeveling van die Taakspan deur die Moderamen aangevul.
2.7 Die voorsitter, bestuurder en nog 'n lid deur die Algemene Taakspan Predikantesake aangewys, tree as dagbestuur op.
2.8 Die dagbestuur hanteer, in terme van die Algemene Taakspan Predikantesake se opdrag, alle administratiewe en spoedeisende sake met verslag aan die Taakspan.
2.9 Die Taakspan lewer verslag aan die Bestuurspan, Moderamen en die Algemene Sinode.

**3. WERKSTERREINE EN OPDRAG**

Die Algemene Taakspan Predikantesake hanteer sy funksies deur middel van die volgende sub-taakspanne:

3.1 Bevoegdheidsaangeleenthede
3.1.1 Die verlening van bedieningsbevoegdheid (legitimasie) op aanbeveling van die kuratoria;
3.1.2 die opskorting of ontneming van bedieningsbevoegdheid op aanbeveling van 'n ring of sy gevolmagtigde ondersoekliggaam;
3.1.3 die instandhouding van die bevoegdheidsregister;
3.1.4 advies aan aansoekers en kerkvergaderinge oor die hantering van aansoeke om herstel van bevoegdheid en die vereistes wat daarvoor nagekom moet word;
3.1.5 verskaffing van tersaaklike inligting aan kerklike vergaderings en die *Jaarboek* oor bedieningsbevoegdheid van proponente, bedienaars van die Woord en emeriti;

3.2 Diensverhoudinge
3.2.1 advies en leiding aan sinodes, ringe en kerkrade met die oog op eenvormige en gekoördineerde optrede ten opsigte van hantering van diensverhoudinge;
3.2.2 samestelling en bywerk van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge;
3.2.3 beveel jaarliks die vergoedingspakkette van bedienaars van die Woord aan in oorleg met die Algemene Taakspan Fondse.

3.3 Personeel Algemene Sinode
3.3.1 adviseer die Bestuurspan en Moderamen oor die aanstelling van personeel;
3.3.2 jaarlikse merietebeoordeling van personeel;
3.3.3 bestuur van diensverhoudinge, personeelbeleid en verlof;

3.4 Arbeidsregtelike Dienste
3.4.1 die instandhouding van die ondersoekregister van alle tug-, dissiplinêre en appèlsake waarby studente en gelegitimeerdes betrokke is;
3.4.2 advies en leiding aan sinodes en ringe met die oog op eenvormige en gekoördineerde optrede ten opsigte van hantering van tug- en dissiplinêre ondersoeke, appèlsake en beslissings oor bedieningsbevoegdheid;
3.4.3 opleiding en toerusting ten opsigte van arbeidsregtelike en gemeenregtelike aangeleenthede in tug-en/of dissiplinêre optrede en bevoegdheidsaansoeke;
3.4.4 verskaffing van advies aan ondersoekliggame;

3.5 Standplaasverwisseling
3.5.1 help en gee advies in verband met standplaaswisseling;
3.5.2 behulpsaam met passingsprosesse.

3.6 Predikantebegeleiding
3.6.1 help en gee advies in verband met implementering van die A-Z Beleid;
3.6.2 help en gee advies in verband met predikanteversorging;
3.6.3 adviseer die mentorprogram.

3.7 Opleiding en VBO
3.7.1 lewer jaarliks insette by die Algemene Kuratorium rakende behoeftes van opleiding aan studente;
3.7.2 lewer jaarliks insette by die VBO Forum en diensverskaffers rakende voortgesette bedieningsontwikkeling;
3.7.3 die administrasie van krediete vir voortgesette bedieningsontwikkeling.

3.8 Sekretariaat
3.8.1 die gereelde instandhouding van die bevoegdheidsregister;
3.8.2 die hantering van alle korrespondensie rakende die bevoegdheidsregister;
3.8.3 die instandhouding van ondersoekregister van alle tug-, dissiplinêre en appèlsake; en
3.8.4 die hantering van die skribaat van die Algemene Taakspan Predikantesake.
3.8.5 Die begroting vir die kantoor en werksaamhede van die Algemene Taakspan Predikantesake word deur die Algemene Taakspan Fondse en die Bestuurspan van die Moderamen in oorleg met die Algemene Taakspan Predikantesake hanteer.
3.8.6 Die werksaamhede van die Kantoor, Taakspan en subtaakspanne word befonds uit die registrasiefooi en hierdie geld mag slegs hiervoor aangewend word. Die jaarlikse registrasiefooi word deur die Bestuurspan van die Moderamen op aanbeveling van die Algemene Taakspan Predikantesake en die Algemene Taakspan Fondse vasgestel.
3.8.7 Die werksaamhede van die Algemene Taakspan Predikantesake word, waar moontlik, bykomend befonds uit fondse van die Algemene Sinode.

**4. VERGADERINGS**
4.1 Die Algemene Taakspan vir Predikantesake vergader minstens een maal per jaar.
4.2 Die dagbestuur van die Algemene Taakspan vir Predikantesake vergader wanneer nodig.
4.3 Die subtaakspanne vergader soos nodig.

**5. KANTOOR VIR DIE ALGEMENE TAAKSPAN PREDIKANTESAKE**
5.1 Die Algemene Taakspan Predikantesake:
5.1.1 Neem ’n bestuurder in diens wat die Kantoor bestuur en die werksaamhede koördineer;
5.1.2 Skep ’n ondersteunde infrastruktuur vir die Taakspan se werksaamhede.

**4.4.2 AANBEVELING: REGLEMENT VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN PREDIKANTESAKE**
**Die Algemene Sinode keur die gewysigde Reglement vir die Algemene Taakspan Predikantesake goed vir opname in die Kerkorde.**

## 5. SLOT
**5.5.1** Hierdie is die ABR se eerste verslag na sy totstandkoming op 1 Maart 2012. In ’n kort tydjie het die ABR hard gewerk om ’n kantoor te ves tig, strukture in plek te kry, inligting in te samel om die databasis op datum te bring en te hou, ’n goeie liasseerstelsel te skep en ’n klomp navrae te beantwoord. Die ABR erken dat die kantoor nog nie volledig funksioneer soos dit in die vooruitsig gestel is nie.
**5.5.2** Die ABR is steeds oortuig dat ons die taak wat aan ons opgedra is in die tyd tot ons beskikking na die beste van ons vermoë na behore uitgevoer het. Die ABR bevestig weereens sy verbintenis om alleen tot diens van die korps gelegitimeerdes – van proponent tot emeritus – van die NG Kerk te wees. Ons wil graag leraars te help om elke dag in sy of haar werkkring bedieningsvreugde te beleef.

Die Algemene Sinode word die seën van die Here toegebid met haar vergadering asook die besluite wat geneem moet word.

M Cornelissen (Voorsitter)
L Ungerer (Bestuurder)

# A.4 BYBELVERTALING, -VERKLARING EN –VERSPREIDING

## 1. BYBELVERTALING

**1.1 OPDRAG**
Adviseer die Algemene Sinode in verband met die aanwysing van Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word (KO Art 43.1.5).

**1.2 UITVOERING**
**1.2.1 *Die Bybel: 'n Direkte vertaling* (BDV)**
Die lede van die ATBV verteenwoordig die NG Kerk by ’n *Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans)* van die *Bybelgenootskap van Suid-Afrika* (BSA) wat die Bybelgenootskap adviseer insake alle aspekte van Bybelvertaling in Afrikaans. Soos reeds in 2007 aan die Sinode meegedeel, het die BSA op versoek van die *Kerklike Advieskomitee* besluit dat aan die versoek van die kerke vir ’n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel voldoen word. Die vertaalopdrag lui: Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.Daar is ook ’n omvattende *Werkboek* vir die medewerkers saamgestel.
**1.2.2 Begeleidingskomitee**
Die Begeleidingskomitee en Projekleier (Prof Bernard Combrink) gee leiding aan *Die Bybel: 'n Direkte vertaling* (BDV) met verslag aan die BSA. Die BSA het die ongeveer 100 eksegete en brontaalkenners op aanbeveling van die kerke aangewys. Daar word meestal van spesialiste op 'n bepaalde boek as eksegete gebruik gemaak. Verder is daar meer as 40 erkende Afrikaanse skrywers/digters en opgeleide vertalers wat by die formulering van die Bybelteks in Afrikaans betrokke is, asook Literêre en Taalkundige Adviespanele.
**1.2.3 Redaksionele Komitee**
Die Redaksionele Komitee (1 brontaalkenner, 2 eksegete, 2 letterkundiges, 1 taalkundige, 1 vertaalkundige, Projekleier) is verantwoordelik vir die finalisering van die Ou Testament, Nuwe Testament en Deuterokanonieke boeke (DKB) ná Fase 2 en 3.
**1.2.4 Fases in die proses**
Die projek verloop in 5 fases. Ná deeglike kruiskontrole in Fase 1 en 2, word die teks in Fase 3 aan die benoemde kerklike lesers vir kommentaar gestuur. Daarna volg die oorhoofse kontrole van konsekwentheid en die finalisering van die teks deur die Begeleidingskomitee vir oorhandiging aan die BSA.
**1.2.5 Proefvertalings**
Ná kontrole deur die Redaksionele Komitee word proefvertalings ook op die webblad aan die publiek bekend gestel.
**1.2.6 Hoofletters / kleinletters in Ou-Testamentiese Messiaanse profesieë**
In die loop van die afgelope paar jaar het verteenwoordigers van die BSA in gesprek getree met die kerkleiding van vyf denominasies met bepaalde bedenkinge oor die BDV, spesifiek ten opsigte van die gebruik van kleinletters in Messiaanse tekste in die Ou Testament. Aangesien die BSA alle kerke dien en begrip het vir die oortuiging oor hierdie saak by gelowiges, is die BSA van oordeel dat daar saam gesoek moet word na ‘n wyse waarop hierdie aangeleentheid sinvol hanteer kan word, ook die moontlikheid van twee uitgawes.
**1.2.7 Petisie teen die BDV**
Die BSA het kennis geneem van die petisie teen die BDV wat per e-pos en op die internet versprei word. Die rede wat aangevoer word (en daar word aangehaal presies soos dit in die petisie staan), is dat die vertaling “Jesus Christus, die Seun van God, as 'n gewone mens omskryf” asook dat die vertaling “Beoog Om Jesus Christus Totaal En Al Uit DIE MESSIAANSE PROFESSIEë Uit Te Vertaal, Deur KLEINLETTERS Te Gebruik Inplaas van GROOT LETTERS.” Verder word gesê: “Met Jesus Christus uit hierdie Nuwe vertaling (2016) word die GODHEID VAN JESUS CHRISTUS Totaal en al wegvertaal, en kan ENIGE (NEW AGE) god nou in hierdie skrifgedeelte in geredeneër word.”

**1.3 BEVINDING**
**1.3.1 Medewerkers aan die BDV**
Dat 'n groot aantal NG Kerk-eksegete en -brontaalkenners asook 'n hele aantal NG-lidmate as skrywers/digters, opgeleide vertalers, taal- en letterkundiges, saamwerk aan die BDV.
**1.3.2 Verteenwoordiging**
Dat – anders as by vorige vertalings – tans bykans alle denominasies met Afrikaanse lesers van die Bybel in die *Kerklike Advieskomitee* verteenwoordig is en by die projek betrokke is. Dit sluit in die NGK, NHK, GKSA, VGKSA, APK, AGS, PPK, VEK, Metodiste, Lutherane, Rooms-Katolieke en Anglikane.
**1.3.3 Proefvertalings**
Dat op die webblad tans reeds feitlik die hele NT en 'n hele aantal OT boeke **(ná Fase 2)** beskikbaar is om te lees.

**1.3.4 Die NT en Ps**
Dat die publikasie van die NT en Ps (waarop steeds kommentaar gelewer sal kan word) vir 2014 in die vooruitsig gestel word.
**1.3.5 Hoofletters / kleinletters in Ou-Testamentiese Messiaanse profesieë**
Dat die denominasies wat bepaalde bedenkinge oor die gebruik van kleinletters in Messiaanse tekste in die Ou Testament uitgespreek het, tans besig is om voorstelle in hierdie verband voor te berei vir voorlegging aan die BSA met die oog op 'n tweede uitgawe van die BDV.
**1.3.6 Petisie teen die BDV**
Dat die BSA hom ten sterkste uitgespreek het teen die pogings om die Bybelvertaling te diskrediteer in die kerklike media en petisies wat deur e-posse teen die BDV versprei word, aangesien dit van alle waarheid ontbloot is en hierdie aantygings in 'n baie ernstige lig beskou word. Sodanige bewerings tas die integriteit en geloofsoortuiging van die BSA en die vertalers aan en word in die sterkste taal verwerp. GEEN Bybelvertaling van die BSA sal die Godheid van Christus ontken of in die "New Age"-rigting beweeg nie. Die BSA het op die BDV se webblad www.bybeldirektevertaling.co.za inligting beskikbaar gestel, asook sy amptelike verklaring aan alle kerke en denominasies gestuur. Die korrekte inligting word aan alle ondertekenaars van die petisies (van wie die BSA bewus is) beskikbaar gestel, en op alle navrae in hierdie verband word dadelik gereageer.
**1.3.7 Fondse**
Dat die BSA aanvanklik geoordeel het dat dit 'n tienjaarprojek sal wees, maar dat die projek ongelukkig stadiger vorder as beplan, hoofsaaklik as gevolg van die groot druk waaronder akademici aan tersiêre inrigtings verkeer. Die BSA is steeds vol vertroue is dat die nodige fondse ingesamel sal kan word, mits die betrokke kerke mede-eienaarskap vir die projek aanvaar en hulle lidmate aanmoedig om die projek finansieel te ondersteun. Die BSA vra nie die verskillende kerke om spesifieke ondernemings te maak nie. Die *Gereformeerde Kerke van SA* het egter reeds fondse beskikbaar gestel sodat akademici doseerhulp ontvang om meer aandag aan die vertaling te kan gee.
**1.3.8 Vordering**
Dat die vordering teen Mei 2013 daar soos volg uitsien:
Fase 1 OT: 64,41%; DKB: 64%; NT: 100%
Fase 2 OT: 22.87% ; DKB: 0%; NT: 100%
**1.3.9 Proefvertalings**
Dat die eerste Proefvertalings in 2008 gepubliseer is en dat 'n hele aantal boeke ná Fase 2 tans reeds aan kerklike lesers gestuur is en op die BDV se webblad vir kommentaar beskikbaar is.
**1.3.10 Entoesiasme by kerke**
Dat daar steeds by die *Kerklike Advieskomitee* groot entoesiasme heers vir die projek omdat daar 'n wye behoefte aan juis so 'n Bybelvertaling is. Dit is verder belangrik dat hierdie vertaling nie in opposisie of ter vervanging van die *1983-vertaling* gesien moet word, maar om in 'n wyd gevoelde behoefte te voorsien.
**1.3.11 Ekumene**
Dat hierdie projek baie sentraal staan ten opsigte van die *prioriteit* wat die netwerk van kerke (ekumene) in die Sinode se *visie* behoort te beklee.

**1.4 AANBEVELINGS: BYBELVERTALING**
**1.4.1 Vordering met die nuwe vertaalprojek (BDV)**
**Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die mate van vordering met die projek vir die bronteksgeörienteerde vertaling van die Bybel in Afrikaans.**
**1.4.2 Rol van NG Kerk-lidmate**
**Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot aantal lidmate wat as teoloë, brontaal- en doeltaalkenners as medewerkers betrokke is by die BDV.**
**1.4.3 Webblad www.bybeldirektevertaling.co.za**
**Die Algemene Sinode moedig ons lidmate en gemeentes aan om op die BSA se webblad kennis te neem van die projek en sy vordering, asook van enige proefvertalings wat daar bekendgestel word .**
**1.4.4 Hoofletters / kleinletters in Ou-Testamentiese Messiaanse profesieë**
**Die Algemene Sinode aanvaar die vertalers se vertaling van die Messiaanse tekste in sy Ou-Testamentiese verband en voor die hand liggende betekenis, en dat genoemde tekste met 'n voetnoot gemerk word as verwysend na Christus in die Nuwe Testament. Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die wyse waarop die BSA besig is om op baie verantwoordelike wyse met al die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, hierdie saak te hanteer.**
**1.4.5 Pogings om die Bybelvertaling te diskrediteer**
**Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die wyse waarop die BSA so wyd moontlik die korrekte inligting in verband met die vertaalprojek aan alle kerke beskikbaar gestel het, en doen 'n beroep op lidmate om hulle nie aan onwaar bewerings oor die vertaalprojek te steur nie, maar om op die www.bybeldirektevertaling.co.za die korrekte inligting na te gaan. Die Algemene Sinode distansieer hom van die pogings om die BDV te diskrediteer**
**1.4.6 Finansiële steun vir BDV**

**Die Algemene Sinode neem met dank daarvan kennis dat die BSA geen direkte bydrae vir die BDV van onderskeie kerke vra nie, maar moedig ons eie lidmate en gemeentes aan om die projek finansieel te ondersteun.**
**1.4.7 Opdrag**
**Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ATBV om steeds sy volle medewerking aan die BSA te verleen vir hierdie groot projek.**

## 2. BYBELVERKLARING

**2.1 OPDRAG**
Neem inisiatief en adviseer die Algemene Sinode in verband met die publikasie van Bybelverklarings in ooreenstemming met die behoefte van lidmate (Regl 5 pt 3.2).

**2.2 UITVOERING**
**2.2.1 Publikasie**
Sedert 2002 het die Taakspan voortgegaan om die voortbestaan van die reeks *Skrifuitleg vir Bybelstudent en gemeente* (SBG) te fasiliteer.
**2.2.2 Bybelmedia (BM) – Insig in die Bybelreeks**
Die verantwoordelikheid vir die SBG-reeks berus voortaan by BM. Die *Insig in die Bybel-reeks* is die ou SBG-reeks, wat elektronies uitgegee is.
**2.2.2.1** BM het nuwe omslae ontwerp en 'n nuwe titel vir die reeks gegee om dit meer toeganklik vir vandag se gebruikers te maak. Die inhoud is nog presies dieselfde. Deur drukkoste uit te sny, kan die produk ook teen 'n goedkoop prys gelewer word. Die boeke is beskikbaar in 'n e-PUB format, wat op 'n e-leser of op 'n rekenaar gelees kan word.
**2.2.2.2** Titels in e-PUB-formaat beskikbaar: Josua; Hosea; Sefanja; Numeri; Nahum; die Evangelie volgens Matteus; die briewe van Johannes.
**2.2.2.3** Waar is die boeke beskikbaar?
Die boeke is beskikbaar by www.bybelmedia.co.za of www.mybooks.co.za/ of www.kalahari.com.
**2.2.2.4** Bemarking
Die boeke is bekendgestel in Mei 2012. BM se bemarkingsveldtog het advertensies in Kerkbode, asook e-nuusbriewe ingesluit.
**2.2.2.5** Verkope
Tot Mei 2013 is die volgende verkoop:

| | |
|---|---|
| Die Evangelie volgens Matteus | 35 |
| Die briewe van Johannes | 21 |
| Josua | 15 |
| Hosea | 14 |
| Sefanja | 11 |
| Numeri | 15 |
| Nahum | 8 |

**2.2.3 ATBV en VGKSA**
Die Taakspan funksioneer steeds gesamentlik met die VGKSA, wat deur twee lede van die VGKSA in die ATBV verteenwoordig word.

**2.3 BEVINDING**
**2.3.1 SBG-reeks**
Dat die SBG-reeks tans as die *Insig in die Bybel-reeks* suksesvol deur Bybel-Media in elektroniese formaat bemark en verkoop word.
**2.3.2 Res van die reeks**
Dat medewerkers weer aangemoedig kan word om die OT te voltooi.
**2.3.3 Visie van Sinode**
Dat die beskikbaarstelling van Skrifverklarings wat in die vooruitsig gestel word, van besondere hulp behoort te wees om uitvoering te gee aan die prioriteit in die Sinode se visie van *geloofsvorming en fokus op God*.
**2.3.4 VGKSA**
Dat die bestaande samewerking met die VGKSA op die terrein van Bybelvertaling en -verklaring steeds verder uitgebou word.

**2.4 AANBEVELINGS: BYBELVERKLARING**
**2.4.1 SGB-reeks**
**Dat die Algemene Sinode die ATBV versoek om voort te gaan met die *Insig in die Bybel-reeks* en dit tot voltooiing te bring.**
**2.4.2 Dank teenoor Bybelmedia (BM)**

**Dat die Algemene Sinode sy opregte dank betuig teenoor Bybelmedia (BM) vir die kreatiewe wyse waarop die voormalige SBG-reeks tans as die *Insig in die Bybel-reeks* bemark word, asook vir die moontlike voortsetting daarvan.**
**2.4.3 Samewerking met die VGKSA**
**Dat die Algemene Sinode die nouer samewerking met die VGKSA op die terrein van Bybelvertaling en -verklaring ondersteun.**

## 3. BYBELVERSPREIDING – BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Met die verskillende **kerke as vernaamste vennote** van die Bybelgenootskap in die verspreiding van die Woord, kan met dankbaarheid gerapporteer word dat dit sedert die vorige Algemene Sinode goed gegaan het met al die projekte en werksaamhede van die Bybelgenootskap, asook met nuwe projekte wat geïnisieer is.

**3.1 Hoogtepunte** die afgelope twee jaar was die:
***1** publikasie van die isiNdebele-Bybel, ons laaste amptelike taal wat sy Bybel ontvang het.
***2** verspreiding van meer as 2 000 000 gedrukte Bybels.
***3** verspreiding van meer as 650 000 gratis Selfoonbybels.
***4** ontwikkeling van 'n Bybelgebaseerde geletterdheidsprogram.

**3.2 Vertaling van die Bybel**
**3.2.1** "Nou kan ek maar sterf," was die woorde van die 91-jarige vader Mtsweni toe hy sy **isiNdebele-Bybel** in ontvangs neem gedurende 'n luisterryke naweek, 23-24 November 2012, met die bekendstelling van die eerste volledige isiNdebele-Bybel. Vertaalwerk aan die Ou Testament en hersiening van die Nuwe Testament het 11 jaar geduur. Met die verskyning van hierdie Bybel is die sirkel voltooi nadat die Setswana-Bybel reeds in 1857 verskyn het. **Al 11 ons amptelike tale beskik nou oor 'n volledige Bybel!**
**3.2.2** Prof HJB Combrink, projekleier van **Die Bybel: 'n direkte vertaling**, doen elders afsonderlik verslag oor die vordering met hierdie vertaling.
**3.2.3** Nog twee ander Bybelvertalingsprojekte word tans deur die Bybelgenootskap onderneem, naamlik 'n **Engelse Bybel vir Dowes** en ook 'n **isiZulu-Bybel**.

**3. Bybelverspreiding – gedrukte Bybels**
**3.1** Meer as 2 000 000 gedrukte Bybels is die afgelope twee jaar versprei. 'n Nuwe ontwikkeling is die publikasie en verspreiding van **Uitreikbybels** in Afrikaans, Engels, Zulu en Xhosa, wat slegs R25 elk kos.
**3.2** Die Bybelgenootskap het die afgelope twee jaar die volgende **gratis Bybels** voorsien: 34 600 aan gevangenes, en 46 900 aan baie arm mense wat nie 'n Bybel kan bekostig nie. Verlede jaar is met 'n nuwe projek begin toe 50 000 Bybels aan Graad 7-leerders in skole in arm gebiede versprei is, en daar word gehoop dat dit elke jaar herhaal kan word.
**3.3** Die volgende **Bybelseleksies oor spesifieke temas** kan gratis by www.bybelgenootskap.co.za afgelaai word: As jou lewe donker word; As MIV/VIGS jou lewe aantas; Arm en sonder blyplek?; Ek was 'n vreemdeling; Word jy bedreig deur gesinsgeweld; Wanneer verslawing jou in sy greep kry; Wanneer misdaad en korrupsie jou onderkry; Moenie bang wees nie; Ek is ook iemand; ensovoorts.

**4. Bybelverspreiding – digitale Bybels**
**4.1** Bybels is eers op perkament en toe op papier versprei, maar vandag se digitale era maak dit moontlik dat die Bybel teen ongekende spoed versprei word, en die Bybelgenootskap probeer om ook tov hierdie medium op die voorpunt te wees. 'n Kenmerk die afgelope twee jaar was die reuse vooruitgang wat met die digitale verspreiding van die Bybel gemaak is.
**4.2** Meer as 650 000 **Selfoonbybels** in 11 tale is die afgelope twee jaar gratis by m.bibles.co.za of www.youversion.com afgelaai en blyk 'n wenner te wees!
**4.3** Ander **digitale formate** sluit in Bybels **aanlyn op Internet** (www.bybel.co.za en www.bibles.co.za) en **eBybels** vir elektroniese lesers. By www.kalahari.com was die Afrikaanse 1983-vertaling vir baie lank die topverkoper e-boek. Op die Facebookbladsy, Die Bybel, op Twitter, asook per e-pos by vers@versndag.co.za, word ook gereeld Bybelgedeeltes gedeel, en dit blyk in 'n groot behoefte te voorsien.

**5. BYBELVERSPREIDING – OUDIOBYBELS**
**5.1** Die Bybelgenootskap is besig om in al ons tale enkelstemopnames van die volledige Bybel te maak wat in MP3-formaat, maar ook op ander luisterapparate, soos Audibible en Megavoice, beskikbaar is. Hierdie opnames kan vir groep- sowel as enkelluister gebruik word.
**5.2** Hierdie Oudiobybels vervang die **Geloof kom deur Gehoor**-program van die Bybelgenootskap, omdat dit al moeiliker word om die spesiale luisterapparaat van borge in Amerika te kry.

**6. Bybelgebaseerde geletterdheidsprogram**
Die ontwikkeling van **Bybelgebaseerde geletterdheidsmateriaal** is 'n eerste vir die Bybelgenootskap. Die materiaal is veral op kinders gerig, maar kan vir alle ouderdomsgroepe gebruik word, en bevorder basiese lees- en skryfvaardigheid, asook Bybelse geletterdheid. Die boekies word gratis beskikbaar gestel waar skole of groepe dit nie kan bekostig nie. Alle gemeentes kan dit oorweeg om vennote te word in die implementering van hierdie getoetste program en sodoende 'n verskil in die geletterdheidvlakke van ons land te maak.

**7. My getuies… tot in China**
**7.1** Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, wat uit 146 lede bestaan, en is gevolglik ook betrokke buite ons eie grense. Die Bybelgenootskap gee byvoorbeeld ook spesiale ondersteuning aan **Bybelgenootskappe in ons buurlande**, Swaziland, Lesotho, Botswana en Namibië, asook vir Bybelvertaalwerk in Suidelike Afrika. Wêreldwyd versprei Bybelgenootskappe ongeveer 30 miljoen Bybels per jaar.
**7.2** Die Bybelgenootskap het 'n besondere band deur die Wêreldbond van Bybelgenootskappe met die kerk in China. Die **Amity Printing Company**, wat ook al ons Bybels druk, het verlede jaar die 100 miljoenste Bybel wat hulle sedert 1987 gedruk het, gevier. 60 miljoen van hierdie Bybels was vir China self. Die Bybel is vandag die topverkoperboek in China! Bykans R500 000 is verlede jaar via die Bybelgenootskap deur donateurs vir Bybelwerk in China bygedra.

**8. DIE NG KERK SE BELANGRIKE ROL**
**8.1** Die **NG Kerk** is en bly 'n **belangrike vennoot** wat as Protestantse kerk die Bybel as enigste rigsnoer van die Christelike lewe aan elke taalgroep deur die Bybelgenootskap beskikbaar stel. Die besondere verhouding tussen die NG Kerk en Bybelgenootskap word bevestig in die Reglement van die ATBV, waarvan die Bybelgenootskap lid is, asook in vele Algemene Sinodale besluite van die verlede mbt die Bybelgenootskap. Die betrokkenheid van die NG Kerk is onder andere ook te sien in die finansiële bydraes van gemeentes en lidmate; die betrokkenheid van kundige teoloë en lidmate by die vertaling van die Bybel, soos *Die Bybel: 'n direkte vertaling* asook die Engelse Bybel vir Dowes; inisiatiewe tov Bybelverspreidingsprojekte; NG Kerklidmate wat dien in die verskillende streekkomitees, die Algemene Jaarvergadering en die Raad van Direkteure.
**8.2** Vanaf 2013 kan die groter bydraende kerke **direkte verteenwoordigers op die Algemene Jaarvergadering** van die Bybelgenootskap aanwys. Die NG Kerk mag twee verteenwoordigers aanwys waarvan ten minste een 'n nie-geordende moet wees.
**8.3** Predikante in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika word beroep deur die Algemene Taakspan vir Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding. Gedurende die verslagtyd is ds JH Peyper beroep as Organiserende Sekretaris. Di HJ Geyer en GJF Gouws het gedurende die verslagtyd afgetree.
**8.4** Elf NG Kerk-predikante is ook tans in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, asook drie van die VGKSA. Die predikante skakel ook in by van die VBO-kursusse wat aangebied word.

**9. AANBEVELINGS: BYBELGENOOTSKAP**
**9.1 Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika spreek sy groot en opregte dank uit teenoor die leraars, gemeentes, lidmate en akademici van die NG Kerk vir hul besondere en volgehoue ondersteuning van die Bybelgenootskap in gebede, in bydraes, in Bybelvertaling, in die verspreiding van die Bybel, asook waar gedien word op die verskillende beheerliggame van die Bybelgenootskap.**
**9.2 Die Algemene Sinode versoek alle gemeentes en lidmate om deur volgehoue gebeds- en finansiële ondersteuning aktief by die verskillende programme van die Bybelgenootskap betrokke te wees. Elke R36 help die Bybelgenootskap om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel en kan as doelwit per lidmaat per jaar gestel word. Gemeentes word steeds aangemoedig om tydens Pinkster en op Bybelsondag spesiale kollektes vir Bybelverspreiding op te neem.**
**9.3 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om van die Bybelgebaseerde geletterdheidsmateriaal van die Bybelgenootskap gebruik te maak in geletterdheidsprojekte wat gemeentes aanbied.**

Ds Gerrit Kritzinger
Uitvoerende Hoof

## 4. ALGEMEEN

### 4.1 UITVOERING
Die ATBV is in 2011 soos volg saamgestel:

**4.1.1 NG Kerk-Dosenterade**
Deur die  NG Kerk-Dosenterade van die drie Teologiese Fakulteite aanbeveel: OT: Proff LC Jonker (US), DJ Human (UP), SD Snyman (UV); NT: Proff HJB Combrink (US) (Voors), GJ Steyn (UP), HC van Zyl (UV)
4**.1.2 VGKSA**
Proff PJJS Els (OT), G D Cloete (NT)
**4.1.3 Bybelgenootskap van Suid-Afrika**
Di GS Kritzinger en DC Taljaard
**4.1.4 Vakkundiges deur die ATBV aanbeveel**
Proff JA Naudé en CHJ van der Merwe (Hebreeus/Vertaalkunde), JA du Rand (NT) en DF Tolmie (NT).

**4.2 AANBEVELING: FUNKSIONERING VAN TAAKSPAN**
**4.2.1 Personeel**
**Die Algemene Sinode wys die volgende lede aan om vir die volgende termyn in die ATBV te dien:**
**4.2.1.1 Deur NG Kerk-Dosenterade van die drie Teologiese Fakulteite aanbeveel:**
**OT: Proff HL Bosman (US), DJ Human (UP), SD Snyman (UV)**
**NT: Proff HJB Combrink (US), GJ Steyn (UP), HC van Zyl (UV)**
**4.2.1.2 Deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aanbeveel:**
**Di GS Kritzinger en DC Taljaard**
**4.2.1.3 Vakkundiges deur ATBV aanbeveel:**
**Proff JA Naudé en CHJ van der Merwe (Hebreeus/Vertaalkunde), JA du Rand (NT) en DF Tolmie (NT).**
**4.2.2 Begroting**
**Die Algemene Sinode begroot vir die werksaamhede van die Taakspan ATBV.**

HJB Combrink   (Voorsitter)
JA du Rand  (Skriba)

# A.5.1 VERENIGDE DIENSGROEP VIR DIENS EN GETUIENIS

**1. INLEIDING**
**1.1** Die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG) van die familie van NG Kerke het in 2006 deur middel van ’n ooreenkoms wat deur al vier kerke in die familie aanvaar is, tot stand gekom. Die Algemene Diensgroep vir Diens en Getuienis (ADD) het by die vorige Sinode in 2011 volledig oor die totstandkoming van die VDDG gerapporteer.
**1.2** Dié Sinode het soos volg oor die VDDG besluit: “*Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig van die voorgestelde strukturering van die Algemene Sinodale werksaamhede, die ooreenkoms met die ander kerke rakende ’n Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis in stand gehou word en dat verteenwoordigers van die NG Kerk om in die VDDG te dien, aangewys word*.”
**1.3** Die Moderamen het sewe persone aangewys om die Algemene Sinode in die VDDG te verteenwoordig naamlik prof Piet Meiring, drr Carin van Schalkwyk, Gideon van der Watt, Eddie Orsmond, Botha van Aarde asook di Willem Botha en Willie van der Merwe.

**2. BESTUUR VAN DIE VDDG**
**2.1** Die volle VDDG strewe daarna om een keer per jaar te vergader. Die vergadering wys ’n bestuursgroep aan wat tussendeur die daaglikse bestuur van die liggaam behartig.
**2.2** Tot 30 Junie 2012 het die kantoor van die Algemene Sektretaris die sekretariaat van die VDDG behartig. Na ds Willie van der Merwe se vertrek voorsien dié kantoor steeds beperkte ondersteuning aan die VDDG en ds Van der Merwe gaan, met die instemming van Hugenote Kollege, voort met die sekretariaat. Die jongste vergadering van die VDDG wat in Junie 2013 gehou is, het egter geoordeel dat die reëling beperkend inwerk op die VDDG en derhalwe is besluit om die Algemene Sinode van die NG Kerk te versoek om meer kapasiteit tot beskikking van die VDDG te stel.

**3. OPDRAG AAN DIE VDDG**
**3.1** In die huidige ooreenkoms tussen die vier kerke in die NG Kerkfamilie waarvolgens die VDDG nou funksioneer, word dié liggaam se opdrag in breë terme omskryf. Intussen is die Algemene Diensgroep vir Diens en Getuienis (ADD) deur die Algemene Sinode afgeskaf. Die afskaffing van die ADD het spesifieke leemtes gelaat wat tot dusver nog nie voldoende hanteer is nie.
**3.2** Die een leemte is die aanwysing van ’n beheerraad vir die Christelike Lektuurfonds (CLF), ’n funksie wat vroeër deur die ADD behartig is. Vroeër het die ADD ook as ’n skakel tussen die Algemene Sinode van die NG Kerk en beide die Kerklike Maatskaplike Diensteraad (KMDR) en Hugenote Kollege gedien.
**3.3** Alhoewel geargumenteer kan word dat die Moderamen van die Algemene Sinode bogenoemde funksies van die ADD oorgeneem het, sien die CLF en Hugenote Kollege hulleself as organisasies wat al vier kerke in die NG Kerkfamilie wil dien en in die geval van die CLF dien verteenwoordigers van al vier kerke in die beheerraad. Wat Hugenote Kollege aanbetref, is beide die NG Kerk en die VGKSA lede van die maatskappy en verteenwoordig in die direksie
**3.4** Die KMDR bestaan uit die maatskaplike diensorganisasies van die onderskeie sinodes van die NG Kerk, maar in praktyk word al vier kerke deur die onderskeie lede van die KMDR bedien. Die KMDR sien homself derhalwe ook as ’n organisaise vir al vier kerke in die VDDG.
**3.5** Al drie genoemde organisasies huldig die standpunt dat die VDDG se opdrag gewysig moet word om voorsiening daarvoor te maak dat die genoemde instansies aan die VDDG rapporteer en dat die VDDG kan funksioneer as ledevergadering van die CLF wat die beheerraad namens die vier deelnemende kerke in die VDDG kan aanwys.

**4. AGENDA VAN DIE VDDG**
**4.1** Die VDDG poog om, sover moontlik, alle sake wat deur die deelnemende kerke na hulle bedieninge, of kommissies, vir diens en getuienis verwys word, gesamentlik te hanteer. Die gesprek in die VDDG het die afgelope paar jaar sodanig verdiep en die onderlinge verhoudinge het so gegroei dat daar inderdaad ’n verenigde diensgroep onstaan het. Die sake op die agenda het die VDDG se sake geword, ongeag die oorsprong daarvan, en die verslae aan die onderskeie kerke word ook gesien as die gesamentlike verslae van die VDDG.
**4.2** Die praktyk skep verder die geleentheid dat die verteenwoordigers die problematiek waarmee die onderskeie kerke worstel, kon leer verstaan en ook by mekaar kon leer hoe om dit te hanteer .
**4.3** Mettertyd het dit vir die VDDG duidelik geword dat sy agenda in vyf fokusse uiteenval, naamlik teologiese besinning, kerkeenheid, diakonaat (diens), sending (evangelisasie) en publieke getuienis. Die VDDG funksioneer op die vlak van die Algemene Sinode en verstaan dat sy bevoegdhede ten opsigte van die fokusse beperk is tot die rolle van fasiliteerder, ’n veranderingsagent, ’n aktiveerder of koördineerder.

**5. TEOLOGIESE BESINNING**

As gevolg van ’n gebrek aan fondse kon die VDDG nie met die daarstelling van ’n reeks werkboeke gebaseer op die basisteorie in “Diens en Getuienis in Eenheid (2011)” vorder nie. Hierdie saak bly egter ’n hoë prioriteit vir die VDDG en verskeie pogings word nou aangewend om die reeks die lig te laat sien. Tans is gesprekke met die CLF, Bybel-media en Hugenote Kollege aan die gang om vennootskappe rakende dié projek met die instansies aan te gaan.

**6. KERKEENHEID**

**6.1** Die VDDG het tot stand gekom as ’n liggaam wat kerkeenheid wil dien en bevorder. By sy jongste vergadering in Junie 2013 is daar met groot dankbaarheid kennis geneem van die vordering wat gemaak word met die gesprekke onder leiding van Wêreldgemeenskap vir Gereformeerde Kerke waarby al vier kerke nou betrek word.

**6.2** Die totstandkoming van sinodale strukture soortgelyk aan die VDDG wat as loodsprojekte, maar ook as tekens van hoop, kan dien, is opnuut geïdentifiseer as ’n prioriteit en die VDDG wil sinodes graag hierin bystaan.

**7. DIAKONAAT**

**7.1** Die VDDG het begin met ’n werkgroep wat aandag gee aan die bevordering en ondersteuning van die gemeentes se diakonaat. Die doel van die werkgroep was om materiaal te ontwikkel wat deur gemeentes gebruik sou kon word. Die werksaamhede moes as gevolg van ’n tekort aan fondse ook opgeskort word, maar pogings word nou aangewend om dit in samewerking met die KMDR en Hugenote Kollege weer aan die gang te kry.

**7.2** Die vennootskap met die National Religious Association for Social Development (NRASD) ten opsigte van die projek wat op die tuisversorging van persone met Vigs en die versorging van kwesbare en weeskinders as gevolg van Vigs, fokus, gaan steeds voort. Die projek word deur die *Gobal Fund* befonds en die KMDR as geregistreerde organisasie sonder winsoogmerk is verantwoordelik vir die bestuur die projek. Teen September 2012 het 4440 kinders en 3402 pasiënte reeds versorging deur die projek ontvang.

**7.3** Die *Southern African Diaconal Partnership* (SADP) tussen die VDDG en gereformeerde kerke in Noord-Amerika gaan steeds voort. Daar is ook vennootskappe met kerke in Europa wat deur die VDDG gekoördineer word.

**7.4** Die transformasie van die maatskaplike welsynsisteem in Suid-Afrika het steeds ’n baie negatiewe uitwerking op die sinodaal-georganiseerde professionele maatskaplike dienste, veral ten opsigte van die toekenning van staatsubsidie en die eise wat aan die dienste gestel word. Saam met ander netwerke in die land is die KMDR ook intensief hierby betrokke.

**7.5** Die wisselwerking tussen die gemeentes se diakonaat en die professionele dienslewering is nog ‘n tema op die KMDR se agenda. Een van die vrae is wat die impak van ’n moontlike ineenstorting van die professionele dienste en residensiële versorging op gemeentes kan hê. Aan die ander kant is dit so dat die kerklike maatskaplikediensorganisasies oor baie ervaring en kundigheid beskik wat baie waardevol vir die verdere uitbouing van gemeentes se diakonaat kan wees.

**7.6** Die verslag van die KMDR is hierby aangeheg as selfstandige verslag.

**8. SENDING**

**8.1** Evangelisasie, kerkplanting, dialoog met ander godsdienste, die ontwikkeling van multi-kulturele gemeentes en die ontwikkeling van interkultuele vaardighede bly steeds belangrike prioriteite van die VDDG. Alhoewel daar begin is met die ontwikkeling van materiaal oor sommige van die temas, moes die projek ook weens ’n tekort aan fondse opgeskort word. Gesprekke is nou aan die gang om die CLF, Bybel-media en Hugenote Kollege as vennote te betrek in die ontwikkeling van materiaal en die aanbied van kort kursusse oor die temas. Die VDDG is van mening dat vordering op die terreine nie net die uitbreiding van die Christelike geloof sal dien nie, maar ook ‘n bydrae sal maak tot versoening in die land.

**8.2** Versoening is steeds ’n belangrike prioriteit vir die VDDG. Daar is begin met ’n projek om kort kursusse wat praktiese versoeningsprojekte in gemeenskappe fokus, te ontwikkel. Die VDDG is van oordeel dat sulke projekte ook kerkeenheid sal dien.

**9. SEISOEN VAN MENSWAARDIGHEID**

Die VDDG is opgewonde oor die Seisoen van Menswaardigheid wat in die Familie van NG Kerke beoog word en oordeel dat daar talle raakvlakke is met die sake op die VDDG se agenda. Daarom wil die VDDG graag saamwerk met die ontwikkeling van dié seisoen.

**10. PUBLIEKE GETUIENIS**

Die VDDG is van mening dat ’n gesamentlike publieke getuienis deur die familie van NG Kerke ’n belangrike impak kan hê op die Suid-Afrikaanse samelewing en daarom word die aangeleentheid as ’n fokus van die VDDG gesien. Die VDDG is egter baie bewus daarvan dat dit ook ’n belangrike funksie van die kerke se leierskapstrukture is. Die VDDG sou graag wou sien dat die saak ook hanteer sal word in die gesprek oor die opdrag van VDDG waarna hierbo reeds verwys is.

**11. VENNOOTSKAPPE**
Die bevordering van diens en getuienis-vennootskappe met die kerke in die breër NG Kerkfamilie in Afrika is nog ’n saak wat vir die VDDG baie na aan die hart lê. Dit is egter nog ’n saak waarby die leierskapstrukture van die kerke ook belang het vanweë die ekumeniese verhoudinge waarbinne die vennootskappe gebeur. Verskeie kerke, asook sinodes van die NG Kerk, het die behoefte dat die vennootskapsontwikkeling verder geneem moet word en die VDDG het besluit om dit op sy agenda te hou.

**12. AANBEVELINGS: VDDG**
**12.1 Die Algemene Sinode bevestig dat die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis ’n belangrike bydrae maak tot die vestiging van ’n gesamentlike diens en getuienis deur die vier deelnemende kerke en versoek die Moderamen om ’n proses te inisieër ten einde die opdrag en mandaat van die VDDG in meer detail te omskryf. In die proses moet spesifiek aandag gegee word aan eerstens die verhouding tussen die VDDG en die CLF, KMDR en Hugenote Kollege en tweedens die mandaat aan die VDDG om as ledevergadering van die CLF te funksioneer wat ook ’n beheerraad vir CLF kan aanstel .**
**12.2 Die Algemene Sinode versoek die Moderamen om in die 2014/2015 begroting reeds aandag te gee aan die kapasiteitsbehoeftes van die VDDG.**

Prof Piet Meiring (voorsitter)
Ds Willie van der Merwe (skriba)



Inhoudsopgawe

# A.5.2 KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSTERAAD

## 1. INLEIDING

Die Kerklike Maatskaplike Diensteraad (KMDR) is die netwerk-organisasie in nasionale verband wat al die sinodale organisasies van die Familie van NG Kerke verteenwoordig. Kerklike maatskaplike dienste is die sambreelterm wat verwys na al die vakkundige maatskaplike welsynsprogramme van sinodes. Hierdie programme fokus daarop om die maatskaplike funksionering van individue, gesinne en gemeenskappe te verbeter. Die KMDR is geregistreer as ’n Nie-Winsgewende Organisasie (Non Profit Organisation - NPO) in terme van die betrokke wetgewing, en funksioneer as ’n nie-regeringsorganisasies (Non Governmental Organisation - NGO). Die KMDR verstaan homself voorts as ’n geloofsgebaseerde organisasie (Faith Based Organisation - FBO). In die NG Kerk is daar ’n geregistreerde NPO binne elke sinodale gebied wat die dienslewering in daardie sinode koördineer. Kerklike maatskaplike dienste het egter nie in dieselfde mate in die ander drie kerke van die NG Kerkfamilie ontwikkel nie. In die VGKSA word kerklike maatskaplike dienste hoofsaaklik deur Badisa, wat ’n lidorganisasie van die KMDR is, gelewer. Usizo in KZN word in ’n mate deur KZN CMD by die KMDR verteenwoordig. Die lidorganisasies van die KMDR is almal geregistreerde NPO’s met selfstandige beheerrade. Hierdie beheerrade word saamgestel uit verteenwoordigers van plaaslike diensleweringsorganisasies, deelnemende kerke en klliënte. Die sinodale/provinsiale organisasies wat onder die sambreel van die KMDR funksioneer is:
**NGBD** (NG Barmhartigheidsdienste), Sinode Hoëveld – Gauteng & Mpumalanga
**NG Welsyn Noordwes**, Sinode van Wes-Transvaal – Noordwes & Gauteng
**SKDBM**, Noordelike Sinode – Gauteng & Limpopo
**CMR Noord**, Noordelike Sinode - Limpopo
**KZN CMD**, Sinode van KZN
**BADISA**, Sinode van die Wes-Kaap – Wes- en Suid-Kaap en VGKSA Sinode Kaapland
**ENGO**, Sinode van die Vrystaat
**CMR Oos-Kaap**, Sinode van die Oos-Kaap
**NG Welsyn Noord-Kaap**, Sinode van die Noord-Kaap
**CMR Mpumalanga**, Oostelike Sinode – Mpumalanga
**CMR Gauteng-Oos**, Oostelike Sinode – Gauteng
**EcSos**, Sinode Namibië

## 2. AGTERGROND

Diens van barmhartigheid is so oud soos die kerk van Christus self. Vroeg in die kerk se geskiedenis (Hand 6) word manne gekies vir die versorging van die Griekssprekende weduwees. In Suid-Afrika gaan die verhaal terug tot by die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap in 1652. In die *Oorsig oor Kerklike Maatskaplike Dienste,* wat voor die Sinode in 2011 gedien het, word die historiese ontwikkeling van kerklike maatskaplike dienste in meer besonderhede beskryf. Aanvanklik was alle maatskaplike dienslewering deel van die gemeente se diakonaat. Die meer formele maatskaplike dienste in die NG Kerk het aan die begin van die vorige eeu ontwikkel. Verskeie plaaslike oorloë, die Eerste Wêreldoorlog, die groot droogte en griepepidemie, het baie mense, en veral kinders, verlate en brandarm gelaat. Dit het die NG Kerk gedwing om met meer formele maatskaplike dienslewering te begin. Later is die werk binne sinodale (provinsiale) verband gestruktureer. Die bogenoemde *oorsig* verwys na die verdere ontwikkeling van kerklike maatskaplike dienste in die volgende drie prosesse:
**2.1** Die statutêre regulering van die maatskaplike welsynsektor het daartoe gelei dat sinodale organisasies as regspersone moes registreer.
**2.2** Die ontwikkeling van die vennootskap met die staat in die tweede helfte van die vorige eeu het die kerklike organisasies in staat gestel om ’n uitgebreide en omvattende diens te ontwikkel. (Sedert 1994 het hierdie verhouding onder druk gekom.)
**2.3** Die ontwikkeling van Maatskaplike Werk as wetenskap het meegebring dat talle maatskaplike werkers in diens geneem is om as vakkundiges in kerklike maatskaplike diensprogramme leiding te neem. Vandag lewer die sinodaal gestruktureerde en plaaslike welsynsorganisasies dienste in bykans alle gemeenskappe in Suid-Afrika.

## 3. ’N TEOLOGIE VAN DIENS

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat maatskaplike dienslewering nog altyd as deel van die kerk se diakonaat gesien is. Die teologiese begronding vir hierdie bediening van die kerk lê in Christus se dienswerk op aarde. Die kerk se diakonaat, en daarom ook die kerklike maatskaplike dienste, is deel van die kerk se verkondiging van God se genade en liefde aan die wêreld. Kerklike maatskaplike dienste is dus deel van die kerk se betrokkenheid by God se sending (*Missio Dei*) in die wêreld. In die roepingsverklarings van die onderskeie sinodes word telkens verwys na die kerk se betrokkenheid by die samelewing en verbintenis aan

die land en sy mense. In ‘n land met soveel armoede en ander maatskaplike euwels, kulmineer hierdie verbintenis in die diakonale en maatskaplike dienste van die kerk en haar diensleweringsorgane. Om haar roeping te operasionaliseer, gebruik die kerk verskillende instumente soos die besondere ampte, die amp van gelowige en die amptelike organe van die kerk. Volgens die Kerkorde van die NG Kerk moet die Kerk, *met priesterlike bewoëndheid omsien na die armes en ander sorgbehoewendes deur hulle te help, te troos en geestelik op te hef. Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, onderneem die gemeentes in kerkverband barmhartigheidsbediening* (Art 54). Twee dinge raak uit hierdie Kerkorde Artikel duidelik:

**3.1** Die Kerk maak nooit ’n onderskeid tussen lidmate en nie-lidmate nie.


**3.2** Die Kerk lewer barmhartigheidsdienste in breër verband wanneer omstandigheide dit vereis.

Dit is hoofsaaklik hierdie dienste wat onder die sambreel van die KMDR funksioneer. Daar kan dus met reg gesê word dat die gereformeerde tradisie en die NG Kerk by name, oor die jare ‘n “teologie van diens” ontwikkel het. Hierdie teologie van diens word in terme van die NG Kerk goed opgesom deur *Kerk en Samelewing (par 58 – 62):*

***Dit alles impliseer dat die kerk se diakonale bediening:***
*1. Tot alle mense moet uitgaan en oor alle grense beoefen moet word;*
*2. Alle samelewingstrukture wat in stryd is met die Skrif moet bestry en positief moet werk vir ‘n beter samelewing;*
*3. Met die owerheid op alle vlakke en alle beherende instansies moet skakel om oorsake van nood verwyder te kry;*
*4. Maatreëls moet tref vir die daarstelling van toepaslike versorgingsinstansies (inrigtings en gesinsorgdienste);*
*5. Moet ywer vir doeltreffende welsynswetgewing waarvolgens die allerbeste diens vir almal gelewer kan word.*

## 4. DIENSTE GELEWER

Die basiese vertrekpunt van kerklike maatskaplike dienste is ’n *holistiese versorgings- en ontwikkelingsmodel*, gerig op individue, gesinne en gemeenskappe. Maatskaplike heling beteken dat individue in gesins- en gemeenskapsverband goed moet funksioneer. Die verskillende kategorieë van dienste en die getal persone wat jaarliks deur die kerklike dienslewering bereik word, is soos volg:




Die bogenoemde dienste is vanuit verskillende fasiliteite, wat oor baie jare ontwikkel is, gelewer. Vanuit maatskaplike werk kantore in plaaslike gemeenskappe, word kinder- en gesinsorg dienste gelewer. Hierdie dienskantore is wyd versprei en kom in die meeste gemeenskappe in Suid-Afrika, selfs tot in diep landelike gebiede, voor. Vanuit kinderhuise, tuistes vir bejaardes, residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede, spesiale opleidingsplekke, ens word ’n wye verskeidenheid versorgings- en ontwikkelingsdienste in al die provinsies en streke van Suid-Afrika gelewer. In lyn met die visie van die KMDR word hierdie diensleweringspunte as **Sentrums van Hoop** gesien.

## 5. BEGUNSTIGDES

### 5.1 DIREKTE BEGUNSTIGDES

Die bogenoemde getalle bevestig dat die lidorganisasies onder die sambreel van die KMDR 1 215 659 individue jaarliks direk bereik. Met ’n bevolkingsgetal van ongeveer 50 miljoen, verteenwoordig dit 2.4% van die totale bevolking van Suid-Afrika. In die diensveld van Kinder- en Gesinsorg fokus dienste hoofsaaklik op die *ontwikkeling* van gesonde gesinne en *intervensie* waar kinders verwaarloos en mishandel word. In ’n land met die geweldadige geskiedenis van Suid-Afrika, raak die mishandeling en misbruik van vroue en



Inhoudsopgawe

kinders 'n groot probleem. Maatskaplike werkers moet dikwels deur statutêre prosedures alternatiewe versorging vir kinders in moeilike omstandighede vind. In die vorige boekjaar is *842 232 persone* op hierdie manier beveilig. 'n Kinderhuis is soms die enigste alternatief wat oorbly vir kinders in nood. Die lidorganisasies bied jaarliks vir *4 191 kinders* 'n veilige tuiste in 'n Kinder- en Jeugsorg fasiliteit waar hulle in veiligheid en vrede kan opgroei en ontwikkel. In die moderne samelewing met sy fokus op ontwikkeling, word Bejaardesorg dikwels verwaarloos. Dit gebeur wanneer diensverskaffers nie verstaan dat die ontwikkelingsbenadering ook vir bejaardes geld nie. Aan die ander kant het baie mense in die laaste dae van hul lewe eerder versorging, genade en 'n hand-vashou nodig in plaas van "ontwikkeling." Lidorganisasies versorg jaarliks *30 591 persone* in tuistes, klubs en sosiale groepe vir bejaardes Die KMDR-netwerk is bevoorreg om *248 279 persone* te bereik met armoedeverligtings- en ontwikkelingsprogramme. In 'n land met hoë vlakke van armoede en maatskaplike nood maak enige program in hierdie veld 'n reuse bydrae in die lewens van baie mense. Oor baie jare kon die lidorganisasies van die KMDR 'n wye verskeidenheid gespesialiseerde dienste ontwikkel. Hierdie dienste sluit ondersteunings- en ontwikkelingsdienste vir mense met MIV/VIGS, substans afhanklikes, gestremdes, ens in. Daar word jaarliks ongeveer *90 366 persone met spesiale behoeftes* bereik.

### 5.2. IMPAK

Wanneer die impak van dienste in maatskaplike dienslewering gemeet word, word die getal direkte begunstigdes dikwels met 4 vermenigvuldig. Dit word bereken dat elke diens wat aan een persoon gelewer word, op die lewens van ten minste nog 3 persone positief impakteer. Die meeste kerngesinne wat deur die dienste aan 'n gesinslid geraak word, is selfs groter as 4 lede. Indien hierdie kriterium toegepas word, kan met groot sekerheid bereken word dat die barmhartigheidsdienste van die KMDR-lede op *4 862 636* persone impakteer. Dan kom die impak baie naby aan 10% van die bevolking van die RSA.

### 5.3 DEELNAME VAN BEGUNSTIGDES

Begunstigdes is waar moontlik betrokke by die beplanning, implementering en uitkoms van dienste wat gelewer word. Gemeenskapsontwikkelings-programme word beplan in samewerking met gemeenskapsleiers. Die programme word gewoonlik deur gemeenskapslede gedryf en die betrokke lidorganisasie gee ondersteuning. Selfs in dienste aan individue, neem die individu volledig deel aan die ontwikkeling van 'n behandelingsprogram. Die maatskaplike werker en individu *"kontrakteer"* dan met mekaar daaroor en die persoon is volledig betrokke by die implementering, monitering en evaluering van die program.

### 6. VISIE VIR DIENSLEWERING

Teen die agtergrond van die historiese ontwikkeling en teologie van diens het die KMDR en sy lidorganisasies 'n generiese visie ontwikkel.

**Visie**

*Om gemeenskappe van uitnemendheid te skep deur Hoop te bring vir mense in nood*.

**Missie**

Die lidorganisasies van die KMDR het ten doel om:

**6.1** die barmhartigheidsbediening van deelnemende kerke en ander organisasies te koördineer en te ontwikkel;

**6.2** Christelik gebaseerde maatskaplike voorkomings-, intervensie-, en nasorgdienste te lewer aan alle mense in materiële, maatskaplike en geestelike nood, ongeag ras, geslag of geloof;

**6.3** te voldoen aan alle bestuurs- en administratiewe funksies soos deur toepaslike wetgewing voorgeskryf;

**6.4** te skakel tussen die kerk, die staat en ander welsynsorganisasies oor maatskaplike dienslewering;

**6.5** om te netwerk en samewerking met ander welsynsorganisasies te bevorder.

As nasionale netwerk-organisasie stel die KMDR homself ten doel om 'n instaatstellende omgewing op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak te skep vir die dienslewering van lidorganisasies.

## 7. BEFONDSING

### 7.1 JAARLIKSE OMSET

Die gesamentlike omset van die lidorganisasies van die KMDR was in die 2012 boekjaar R829 210 650. Bereken op die direkte teikengroep van 1 215 659, was die per kapita uitgawe R682.11. Die bronne vir befondsing verskil van streek tot streek en van diens tot diens. Dit is daarom nie moontlik om 'n gedetaileerde afbreek van inkomstebronne te doen nie. 'n Generiese afbreek wat wel op nasionale vlak aanvaar kan word, is soos volg: ongeveer 40% van die fondse is staatsubsidies en betaalde dienste is nog 10 – 20%. Die res van die inkomste, 40-50%, kom van donasies van individue, kerke, besighede, NLDTF (nasionale lotery) en trustfondse. Al die lidorganisasies ervaar tans groot finansiële uitdagings.

### 7.2 VOLHOUBAARHEID

Die KMDR verstaan dat die huidige vlakke van dienslewering nie volhoubaar sal wees sonder staatsubsidies nie. Lidorganisasies het wel volhoubaarheidsplanne, maar weet ook om in geloofsvertroue *te doen wat ons kan met wat ons het.* In hierdie opsig is die uitspraak van moeder Teresa rigtinggewend, "*If you can't feed a hundred, then feed one.*"

**7.3 VERANTWOORDBAARHEID**

Die bestuur van die KMDR en lidorganisasies word binne die riglyne van King III gedoen. Alle boekhouding word gedoen in terme van die erkende boekhoupraktyke en geouditeer deur geregistreerde ouditeure. Die KMDR se huidige ouditeure is *Logista CA (SA) Inc, reg no – 1992/003090/21.*

**7.4 EENHEIDSKOSTE VAN DIENSTE**

Die Dept van Maatskaplike Ontwikkeling het 'n onafhanklike konsultant versoek om die koste van verskillende dienste te bereken. Die ouditeursfirma KPMG is versoek om te bereken wat die werklike koste van elke soort diens in die sektor is. Die generiese doelwitte hieronder gebruik hierdie kosteberekeninge as maatstaf.

## 8. MONITERING EN EVALUERING (M&E)

Monitering en evaluering van kerklike maatskaplike dienste vind op verskillende vlakke plaas. Intern het elke diensleweringsorganisasie verskeie kontrolesisteme. Vanuit die Christelike konteks word maatskaplike dienste altyd gesien as die liefdeshand van die Here. Daarom is die standaard van dienslewering vanselfsprekend baie belangrik. Die Registrateur van NPO's ontvang jaarliks finansiële state en jaarverslae van alle organisasies. Dienste wat gesubsidieer word, word deurlopend deur die subsidie-afdelings van die betrokke staatsdepartemente gemoniteer en ge-evalueer. Ander donateurs het ook elkeen sy eie sisteem van M&E. Terugvoerverslae word deurlopend aan kerklike strukture gelewer omdat die kerklike maatskaplike dienswerk in die eerste plek as kerkwerk gesien word.

## 9. GENERIESE DOELWITTE

Dit is nie moontlik om al die doelwitte van al die lidorganisasies hier te noem nie. Die volgende generiese doelwitte poog om die wye verskeidenheid van diensvelde waarop dienste gelewer word, te verwoord:

**9.1 KINDER- EN GESINSORG: Implementeer en volhou maatskaplike voorkomings-, intervensie, en nasorgdienste om kinders, vroue en families te beskerm.** Lewensvaardighede, krisis ingryping en berading, kinderhofondersoeke en die hereniging van families is van die dienste wat aandag kry. Die intensiteit van elke saak en die hoeveelheid ure daaraan gewy wissel van geval tot geval, wat 'n generiese kosteberekening bemoeilik. Tans bereken die KMDR die minimum koste vir beveiliging van een persoon deur middel van die statutêre prosesse op **R3 000**. Met ander woorde, vir elke R3 000 wat geskenk word, kan een kind of ander persoon beveilig word uit sy/haar gevaarlike omstandighede.

**9.2 RESIDENSIËLE KINDER- EN JEUGSORGFASILITEITE: Voorsien volle residensiële versorging aan kinders wat geen ander versorgingsopsie het nie om aan hulle die geleentheid te gee om in 'n veilige omgewing op te groei en aan hulle drome vir die toekoms te bou.** Hierdie versorgingsmodel lê holisties klem op die fisiese, emosionele, opvoedkundige en geestelike behoeftes van die kind. Volgens die berekeninge van KPMG is die werklike kostes vir hierdie dienste **R6 751** per kind per maand. Tans is die staatsubsidie R2 200 per kind per maand.

**9.3 BEJAARDESORG: Voorsien residensiële versorging, sorg vir verswaktes, en ondersteuningsdienste aan bejaardes.** Die vertrekpunt vir die bejaardesorg van die kerklike maatskaplike dienste is om die bejaarde vir solank as moontlik selfversorgend in die gemeenskap te hou. Soms verswak 'n bejaarde egter sodanig dat permanente versorging nodig raak. KPMG se kosteberekening stel die koste vir hierdie tipe versorging op **R7 318** per persoon per maand. Die staat se subsidie vir hierdie dienste is tans R914 pp per maand vir semi-verswaktes en R1 523 vir verswakte bejaardes.

**9.4 ARMOEDEVERLIGTING EN ONTWIKKELING: Bedryf Provinsiale programme en plaaslike gemeenskapsontwikkelingsprojekte om armoede te verlig en maatskaplik gesonde en selfversorgende gemeenskappe te ontwikkel.** Die kerklike maatskaplike dienste bedryf 'n groot verskeidenheid projekte om lewensvaardighede van mense in nood te ontwikkel, voedsel sekerheid aan armes te verskaf, inkomste te genereer en selfs werk te skep. Vanweë die uiteenlopende aard van hierdie projekte en programme is dit nie moontlik om 'n standaardkoste per kapita vir hierdie projekte te bereken nie.

**9.5 SPESIALISDIENSTE: Bedryf programme wat mense met spesiale behoeftes ondersteun, versorg en ontwikkel.** Persone met gestremdhede, MIV/VIGS, afhanklikheid, ens word deur middel van

tuisversorging en residensiële sorg bereik. ’n Akkurate finansiële berekening kan ook nie hier gedoen word nie.

## 10. NASIONALE PROGRAMME

Naas die bogenoemde generiese diensleweringsdoelwitte van lidorganisasies het die KMDR ook sy eie nasionale doelwitte wat in sy konstitusie beskryf word. Om hierdie doelwitte te verwesenlik, bestuur die Organisasie tans drie nasionale programme:

### 10.1 ’N INSTAATSTELLENDE OMGEWING VIR DIENSLEWERING

Die nasionale doelwitte van die KMDR kan saamgevat word in die doelstelling om ’n *instaatstellende omgewing te skep waarbinne lidorganisasies hulle kerklike maatskaplike dienslewering kan doen.* Die drie sisteme waarbinne, en waartussen kerklike maatskaplike werk moet funksioneer veroorsaak amper iets soos die spreekwoordelike “*perfekte storm*” vir kerklike maatskaplike dienslewering:

**10.1.1** Die ***politieke konteks*** is tans nie hoopgewend nie en ’n algemene gebrek aan strategiese leierskap in die maatskaplike opheffing van gemeenskappe in Suider-Afrika is ’n probleem.

**10.1.2** Wêreldwyd is ***maatskaplike dienslewering*** ’n uitdaging omdat welsyn dikwels die stiefkind van ontwikkeling bly. Die toelaesisteme blyk wêreldwyd nie meer volhoubaar te wees nie.

**10.1.3** Die ***kerklike sisteme*** gaan ook deur moeilike tye om ’n nuwe identiteit en staanplek in die (post)moderne samelewing te kry. Kerklike maatskaplike dienste se identiteit lê juis in sy verhouding met die kerk. Die groot uitdaging is hoe om die maalkolke tussen hierdie drie sisteme te verstaan en hoe om die golwe te ry. Die KMDR het besluit om homself in die volgende jare met hierdie vrae besig te hou as hy ’n instaatstellende omgewing vir die lidorganisasies wil skep. Die groot uitdaging is die vraag hoe dienslewering vir die toekoms verseker kan word.

### 10.2 INLIGTINGBESTUURSTELSEL

Hierdie rekenaargebasseerde inligtingbestuurstelsel sal ’n groot leemte in die maatskaplike dienslewering van lidorganisasies vul. Die stelsel werk op drie vlakke:

**10.2.1** Op grondvlak dien dit as databasis van kliënte en bestuursinligting vir dienslewering. Sonder om vertroulikheid in gedrang te bring, dien dieselfde stelsel by wyse van provinsiale en nasionale rekenaar-bedieners *(“servers”)* as inligtingstelsel vir statistiese gegewens op

**10.2.2** Provinsiale en

**10.2.3** Nasionale vlak.

Die stelsel is in die implementeringsfase en behoort in 2014 in volle bedryf te wees.

### 10.3 GLOBAL FUND-PROGRAM

Via ’n gesamentlike ekumeniese aansoek van die NRASD (National Religious Assosiation for Social Development) by die Global Fund, ontvang KMDR ’n donasie vir die tuisversorging van MIV/VIGS pasiënte en kwesbare kinders (*OVC – Orphans & Vulnerable Children*). Verskeie lidorganisasie neem aan die program deel. Die NRASD het sekere areas in die binnelandse provinsies geïdentifiseer waarop gefokus word. Tussen 1900 en 2000 persone word deurlopend op ’n weeklikse basis deur 74 versorgers bedien.

## 11. NETWERKING

Die KMDR se netwerking op nasionale vlak met die staat en ander rolspelers in die welsynsektor word as ‘n strategiese funksie beskou. Netwerking met ander nasionaal-gestruktureerde rolspelers is goed en die KMDR speel dikwels ’n belangrike rol in gesamentlike strategie-ontwikkeling en onderhandelinge met die staat. Die twee belangrike vennote vir die KMDR op nasionale vlak, is NACOSS *(National Coalision for Social Services)* en NAWONGO (*Nasionale Assosiasie vir Welsynsorganisasies en NGOs*). Ongelukkig is die kontak en gesamentlike beplanning met die staat en regeringsdepartemente tans nie goed nie. Kommunikasie met die Nasionale Dept van Maatskaplike Ontwikkeling het gekwyn en sal in die jare wat kom ontwikkel moet word.

## 12. UITDAGINGS

Dit is vir die KMDR belangrik om ’n instaatstellende omgewing vir lidorganisasies te skep waarbinne maatskaplike dienslewering kan geskied. Die groot uitdaging is om die drie sisteme wat hierbo genoem word, nl die politieke konteks van Suid-Afrika, die staanplek van maatskaplike dienslewering, en die kerklike sisteme te integreer en die impak van die een op die ander te verstaan en te verreken. Die wêreldwye resessie en verlangsaming van die Suid-Afrikaanse ekonomie plaas groot finansiële druk op die organisasies. Die finansiële ondersteuning van dienste bly ’n groot uitdaging. Binne die kerklike sisteme lê die grootste uitdagings in die bou van verhoudings tussen gemeentes en diensleweringsorganisasies. Die bykans onuitputlike bron van vrywilligers binne die kerk moet beter benut word. Dispariteit tussen die salarisse van die NGO-sektor en die staat skep spanning en is ’n verdere uitdaging vir die KMDR. Die beginsel van “*equal pay for equal work*” word nie in die sektor gehandhaaf nie.

## 13. SLOTOPMERKINGS

Die KMDR betuig hiermee sy dank teenoor die Here vir die manier waarop Hy sy kinders gebruik om mekaar te ondersteun en te versorg. Ds Willie van der Merwe word ook bedank vir sy getroue diens en leiding in sy tyd as uitvoerende beampte van die KMDR. In hierdie moeilike tye van maatskaplike dienslewering en ontwikkeling, met 'n groeiende tekort aan hulpbronne, bly die KMDR en sy lidorganisasies se fokus **om te doen wat jy kan met wat jy het.**

Dr Botha van Aarde (Uitvoerende Beampte)

## A. FONDSE

Hierdie verslag dien volledig as deel van die Aanvullende Verslae. Die ATF kon eers op 9 September 2013 vergader aangesien sinodes se inligting nie voor die tyd beskikbaar kon wees nie.

# A.7.1 KATEGESE

## 1. FOKUS

Die Projekspan Kategese is verantwoordelik om gemeentes, in hulle omvattende bediening, te ondersteun om effektiewe kategese *(onderrig in die Woord en leer van die Kerk)* aan hulle kinders en jongmense binne hulle eie konteks aan te bied. Hierdie verantwoordelikheid word uitgevoer deur navorsing te doen, voorligting te gee en relevante materiaal en ander hulpmiddels binne die raamwerk van die gereformeerde teologie en belydenisskrifte van die NG Kerk te ontwikkel.

## 2. SAMESTELLING

’n Projekspan Kategese is na die vorige Algemene sinode aangewys en bestaan uit die volgende lede:
Ds Johan Avenant (NG The Reeds – Noordelike Sinode) – Voorsitter
Ds Tienie Bosman (NG Stellastraat – Noordelike Sinode)
Ds Alex Clark (NG Elarduspark – Oostelike Sinode)
Dr Charlene van der Walt (NG Maitland – Wes-Kaap Sinode)
Ds Wynand van Niekerk (NG Monumentpark – Noordelike Sinode)
Ds Mynhardt van Zyl (NG PE-Lorraine – Oos-Kaap Sinode)
Ds Heinrich Viljoen (NG Kathu – Noord-Kaap Sinode)
Dr Paul du Toit (Ampshalwe - Fasiliteerder Bybel-Media NG Kerk)
Ds Ronnie Noemdoe (Ampshalwe – Fasiliteerder Bybel-Media, VGKSA)
Nog een afgevaardigde van die VG Kerk wat hulle aanwys

## 3. RAAMWERK VIR EFFEKTIEWE KATEGESE BINNE ELKE GEMEENTE

Die Projekspan Kategese het reeds in 2005 ’n raamwerk opgestel om gemeentes te help om holisties te dink oor effektiewe kategese as deel van formele geloofsontwikkeling. Hierdie raamwerk word gereeld hersien soos wat navorsing nuwe lig oor kategese na vore bring:

Ons sien die lewe as ’n reis – nie ’n reis op pad na God toe nie, maar ’n reis saam met God. Op hierdie reis vorm die volgende sewe prioriteite die ruggraat van die kategesebediening van ’n plaaslike gemeente:

1.’n ***Holistiese kategesebediening*** gaan uit van die verstaan dat kategese slegs ’n onderdeel van geloofsontwikkeling uitmaak en sien toe dat hierde formele onderrig binne die raamwerk van ’n teologiese perspektief (inwyding en begeleiding van alle kinders en jongmense in die weg van die Here tot ’n lewe van dissipelskap) plaasvind. Kategese behoort daarom ’n integrale deel van onderrig in ’n holistiese bedieningsfilosofie van die plaaslike gemeente te vorm waarin kinders en jongmense ’n integrale deel van die gemeente uitmaak. Met ander woorde: Wat vir volwassenes geld, geld net so vir kinders en jongmense.
2. Toegewyde en entoesiastiese ***ouers*** of huise wat dien as rolmodelle en wat deur die gemeente op ’n beplande basis gereeld ondersteun en toerus word in hulle geloofsonwikkelingstaak.
3. ***Kinders/ katkisante*** wat hulle nuwe identiteit in Christus as ware dissipels van die Here op hulle geloofspad leer ken, verstaan en uitleef waar hulle ook al is.
4. Gemotiveerde en toegeruste ***kategete/ fasiliteerdes/ gespreksleiers*** wat binne verhoudings geloofsontwikkeling op ’n gedifferensieerd-toegspitste manier fasiliteer en optree as geestelike mentors.
5. Die ***Bybel*** staan sentraal in die geloofsontwikkeling en kinders word begelei om beide goeie kennis van die heilshistoriese ontwikkeling van God se verlossingsplan op te doen en die vermoë te ontwikkel om die Bybel kontekstueel te lees en toe te pas op hulle lewensreis.
6. Helder prinsipiële **uitgangspunte/ waardes** waarin die gereformeerde verstaan van die Bybel en belydenisgrondslag ononderhandelbaar is, byvoorbeeld verbondsgerigtheid, missionêre roeping, ens.
7. 'n **Databank** van goeie effektiewe materiaal en ’n netwerk van steundienste en hulpmiddels wat bo genoemde prioriteite ondersteun.

Eers wanneer al hierdie bestandele in elke gemeente saamwerk, kan effektiewe geloofsontwikkeling plaasvind.

## 4. RAAMWERK VAN WAARDES WAARBINNE MATERIAAL EN PRODUKTE ONTWIKKEL WORD.

Die Projekspan Kategese het reeds in 2007 die volgende waardes opgestel as raamwerk waarbinne materiaal ontwikkel word. Hierdie raamwerk word ook gereeld hersien soos wat navorsing nuwe lig oor kategese na vore bring :

1. Die primêre ruimte waarbinne geloofsontwikkeling plaasvind, is binne verhoudings.
2. Ouers/huise dra primêr die verantwoordelikheid vir hul kinders/lede se geloofsontwikkeling en gemeentes ondersteun hulle in die taak.
3. Gemeentes skep en benut ruimtes soos bv kategese waarbinne geloof ontwikkel, ondersteun en uitgedaag word.
4. In geloofsontwikkeling ontmoet ons kinders en jongmense in hul leefwêreld (fasesensitief).
5. Geloofsontwikkeling moet altyd holisties (totale mens, totale leefwêreld, binne totale bediening) benader word.
6. In geloofsontwikkeling staan God se Woord sentraal en ons kies om dit kontekstueel (ons maak erns met die konteks voor die teks, die konteks van die teks en die konteks van ons as lesers) te lees.
7. Geloofsontwikkeling gaan vir ons uit van die breë gereformeerde belydenis.
8. In geloofsontwikkeling fasiliteer ons egte verhoudings met God, mekaar en die wêreld.
9. Geloofsontwikkeling is afhanklik van toegeruste en versorgde volwasse begeleiers wat geloofsgesprekke fasiliteer en deur voorbeeld lei en mentor.
10. In geloofsontwikkeling fokus ons op dissipel-wees en dissipel-maak.

## 5. WERKSAAMHEDE

Die Projekspan funksioneer in verskillende werksgroepe wat materiaal ontwikkel vir die onderskeie groepe.

### 5.1 JUNIORS

Daar is in 2011 'n nuwe kurrikulum, wat strek oor ses jaar, vir die ouderdomsgroep graad 1-6 op die selfde formaat as **LP3** (LP3 staan vir Lyne, Panele. Portrette en Prente. Hierdie benadering tot kategese fokus op die heilshistoriese openbaring van God deur middel van Bybelverhale wat op 12 panele visueel uitgebeeld word) ontwikkel. Die eerste jaar se materiaal (Die coolste Plan) is reeds in 2013 in gebruik geneem. Die tweede jaar se materiaal is reeds ontwikkel en tans in die proses om afgerond en gedruk te word.

### 5.2 SENIORS

Daar is in 2012 'n nuwe kurrikulum, wat strek oor vier jaar, vir die ouderdomsgroep graad 7 -10, wat bekend sal staan as ***Real Lewe,*** ontwikkel. Die eerste jaar se materiaal is reeds ontwikkel en tans in die proses om afgerond te word om in 2014 in gebruik geneem te word. Hierdie materiaal bestaan uit 4 afdelings, naamlik geloofsfondasies, oorsig oor die Woord, aktuele temas en kerkjaarontmoetings. Hierdie materiaal wil jongmense steeds op hulle geloofsreis begelei om 'n kernbelydenis te kan formuleer en daaraan te kan vashou, om 'n etiese of gedragskode te kan ontwikkel en daarvolgens besluite te neem en te lewe, en om hulle roeping te kan ontdek en daarvolgens te lewe.

### 5.3 BELYDENISAFLEGGING

By die vorige Algemene Sinode is die volgende opdrag aan die Taakspan Kategese opgedra:

***"Die Algemene Sinode bevestig dat in gehoorsaamheid aan die verbondsbelofte van ouers, ouers en die kerk verantwoordelikheid moet aanvaar vir die verbondsonderrig (kategese) van hul gedoopte kinders sodat hulle gelei word tot 'n toe-eiening van die heil (belydenisaflegging) wat nie aan 'n bepaalde ouderdom gekoppel kan word nie, en versoek daarom die Taakspan Kategese (nou Projekspan Kategese) om die plek, aard en ouderdom vir belydenisaflegging te ondersoek.***

Die hantering van hierdie opdrag verskyn in 'n afsonderlike verslag onder die opskrif: *Die plek, aard en ouderdom vir belydenisaflegging*.

### 5.4 HUISGELOOF

'n Belangrike nuwe fokusarea by die Projekspan is die gesin wat vandag anders lyk en deeglik mee rekening gehou moet word. Die kategese is nie die enigste plek waar geloofsvorming kan of behoort plaas te vind nie. Ouers behoort in hulle geloofsontwikkelingstaak ondersteun te word.

Die Projekspan is deurlopend besig om materiaal te ontwikkel wat gemeentes kan ondersteun om ouers toe te rus om verantwoordelikheid te neem as die primêre begeleiers van hulle kinders op hulle geloofsreis. Die vertaling van Mark Holmen se boek, *Kerk + Huis*, wat gemeentes begelei tot 'n holistiese implimentering van geloofsvorming tuis, word hierdie jaar bekendgestel. Daar is ook nuwe materiaal ontwikkel met die oog op doopvoorbereiding (doopgesprek) wat hierdie jaar gepubliseer word.

### 5.5 KATEGEET/ GESPREKSFASILITEERDER

Die Projekspan is deurlopend besig om opleidingsmateriaal te ontwikkel vir kategete en leiers in kategese en ander ruimtes van jeugbediening. *Gerat*, 'n oudio- en videogedrewe produk is in 2011 ontwikkel en in 2012 in

gebruik geneem om leiers toe te rus om as fasiliteerders van jongmense op te tree op hulle geloofsreis. Daar word gewerk aan twee nuwe produkte vir volgende jaar, naamlik *Gerat vir LP3* en *Gerat vir Real Lewe*.

## 6. AANBEVELINGS: KATEGESE

**6.1 Die Algemene Sinode oordeel steeds dat Kategese as 'n prioriteit van die Algemene Sinode beskou moet word.**

**6.2 Die Algemene Sinode wys 'n Projekspan aan om navorsing te doen, voorligting te gee en eietydse, relevante materiaal en ander hulpmiddels binne die raam van die gereformeerde teologie en belydenisskrifte van die NG Kerk te ontwikkel.**

Hiermee vertrou die Projekspan dat hy sy opdrag uitgevoer het.



Inhoudsopgawe

# A.7.2 DIE PLEK, AARD EN OUDERDOM VIR BELYDENISAFLEGGING

## 1. DIE OPDRAG

*Die Algemene Sinode bevestig dat in gehoorsaamheid aan die verbondsbelofte van ouers, ouers en die kerk verantwoordelikheid moet aanvaar vir die verbondsonderrig (kategese) van hul gedoopte kinders sodat hulle gelei word tot* ***'n toe-eiening van die heil (belydenisaflegging)*** *wat nie aan 'n bepaalde ouderdom gekoppel kan word nie (soos tans in die Kerkorde vasgestel word), en versoek daarom die Taakspan Kategese (nou Projekspan Kategese) om die plek, aard en ouderdom vir belydenisaflegging te ondersoek.*

## 2. WERKSWYSE

Die Projekspan Kategese het hierdie opdrag na 'n werkgroep verwys bestaande uit di Tienie Bosman (sameroeper), Fouche de Wet (Noordelike Sinode se jeug en Ritmejaar) en Danie Vermaak (Oostelike Sinode se kategese). Hierdie projekspan het op 26 Februarie 2013 'n verslag vir die Projekspan Kategese opgestel. Tydens die Projekspan Kategese se halfjaarlikse vergadering van 12-14 Maart 2013 is die werkgroep se verslag en aanbevelings goedgekeur en besluit om dit so aan die Algemene sinode deur te gee.

## 3. PROBLEME MET DIE OPDRAG

**3.1** Die opdrag gaan van die **uitgangspunt** uit dat belydenisaflegging te make het met "'n toe-eiening van die heil" en dat hierdie toe-eiening nie aan 'n bepaalde ouderdom gekoppel kan word nie. Tog word van die Projekspan verwag om die plek, aard en ouderdom vir belydenisaflegging te ondersoek.
**3.2** Hierdie opdrag spruit voort uit die besinning oor **die doop en doopviering** (doopherinnering) waarin die sinode die volgende in 2011 aanvaar het:
***3.2.1*** *Die Algemene Sinode bevestig ons gereformeerde oortuiging dat die Verbondsdoop uitdrukking gee aan die grondwaarheid van die Evangelie dat God se genade en trou te alle tye ons gelowige aanvaarding daarvan voorafgaan en selfs omsluit.*
***3.2.2*** *Die Sinode is van oordeel dat die gesprek en beredenering oor die gereformeerde vertrekpunte van die doop deur die jare in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deurdag is en 'n rykdom van teologie ontsluit.*
***3.2.3*** *Die Sinode bevestig weer dat die verbondsteologie sentraal staan in die beredenering van doopherdenking of -herinnering.*
**3.3** Dieselfde sinode het **ook aan ATLAS die volgende opdrag** gegee: "ATLAS word versoek om die Sinode te bedien met 'n dokument wat die noodsaak van die verhouding tussen die doop as eenmalige toesegging in die heil en nagmaal as herhalende viering van die heil binne die verbondsteologie belig".
**3.4 Die Kerkorde (2011) Artikel 50 rakende Jeugbediening** sien belydenisaflegging as deel van die "onderrig wat geskied met die oog op belydenisaflegging waardeur hulle deel in die volle regte en verantwoordelikhede van belydende lidmate". Belydenisaflegging het dus volgens die Kerkorde te make met die regte en verantwoordelikhede van 'n belydende lidmaat.
**3.5 Die hele kwessie van lidmaatskap** word deur hierdie opdrag weer oopgemaak vir bespreking:
**3.5.1 In 1998 besluit die Sinode:**
**3.5.1.1** Die Algemene Sinode bevestig dat dooplidmate en belydende lidmate op grond van die verbond volledig lidmate van die kerk is. Insluiting in die verbond (soos deur die doop bekragtig) is die grond vir volledige lidmaatskap (besluit van 2002).
**3.5.1.2** Die Algemene Sinode handhaaf die praktiese onderskeiding van dooplidmate en belydende lidmate om uitdrukking te gee aan die verskil in verantwoordelikhede rondom lidmaatskap.
**3.5.2 In 2002 besluit die Sinode:**
**3.5.2.1** Die Algemene Sinode besluit dat die formele aflegging van geloofsbelydenis ingeklee word as 'n getuienis van persoonlike geloof in Jesus Christus, onderskrywing van die Gereformeerde leer soos vervat in die Ou- en Nuwe Testament en die artikels van die Christelike geloof, en gereedheid om leiding te neem in die gemeente. Hiervolgens het belydenisaflegging dus te make met 1] persoonlike geloofsoortuigings, 2] onderskrywing van die Gereformeerde leer en 3] die gereedheid om leiding te neem.
**3.6** Die opdrag word ook geraak deur **die besluite rakende kinders aan die nagmaalstafel:**
**3.6.1 In 1998 besluit die Sinode:**
**3.6.1.1** Die Algemene Sinode besluit dat gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo, aan die vereistes van 1 Korintiërs 11 voldoen, en die begeerte het om nagmaal te gebruik tot die nagmaal toegelaat mag word.
**3.6.1.2** By die toelating van kinders tot die nagmaal verval belydenisaflegging as toelatingsvoorwaarde vir die nagmaal.
**3.6.1.3** Die praktyk van kategese en belydenisaflegging word gehandhaaf in ooreenstemming met die vorige besluite van die Algemene Sinode (Handelinge 1998, bl 432, 4).
**3.6.1.4** In 2002 word die besluit herbevestig en voeg die Sinode by:

**3.6.1.4.1** Kerkrade het daarom ook ’n verantwoordelikheid om die besluit van die Algemene Sinode 1998 oor die toelating van kinders tot die nagmaal uit te voer. In hierdie proses moet daar deurlopende begeleiding van ouers en kinders plaasvind omdat die ouers so ’n belangrike rol by die kind se sinvolle gebruik van die sakrament speel. Kerkrade kan hiervoor die prediking, kategese, die pastorale werk van predikant, ouderling en diaken en ander vorme van begeleiding, inligting en voorligting gebruik.
**3.7** Dit is juis hierdie **“deurlopende begeleiding”** wat die noodsaak van die lewe as ’n reis saam met God op die tafel sit. Daar moet dus besin word in watter mate is belydenisaflegging deel van die geloofsreis waarin daar verskillende mylpale ter sprake is.
**3.8** Die opdrag word ook deur **die tydsgees** bemoeilik waarin mense al hoe minder waarde heg aan die afhandeling van formele verpligtinge en die verkryging van sekere regte.
**3.9** Die **indiwidualesring van geloof** asof dit slegs ’n persoonlike aangeleentheid is, bemoeilik ook die ondersoek.
**3.10 ’**n Verdere probleem is dat belydenisaflegging in die NG Kerk reeds met ’n verskeidenheid van funksies, rituele en gebruike gepaard gaan. Om **die diversiteit** hiervan te ondersoek en te bestuur, is g’n geringe saak nie.
**3.11 Hierdie is nie ’n nuwe besinning nie**. Die Taakspan Kategese het reeds in 2007 begin om ’n Gespreksdokument oor Belydenisaflegging op te stel wat onder andere aandag gee aan die historiese band tussen doop, nagmaal en belydenisaflegging. Die opdrag wat nou weer aan die Projekspan opgedra is, raak dus ’n verskeiedenheid van vorige verslae, uitgangspunte en besluite.

## 4. AANBEVELINGS: BELYDENISAFLEGGING

**Ten einde die opdrag uit te voer, keur die Algemene Sinode die volgende proses in drie fases goed:**
**4.1 BESINNING**
**4.1.1 Bestaande verslae, uitgangspunte en besluite moet herbesoek word. Hiervoor is dit nodig dat besinning wat reeds aan die gang is by ATLAS en die Projekspan Kategese gekoödineer moet word.**
**4.1.2 Daar moet besin word of belydenisaflegging die regte woordkeuse is in die lig van kinders wat reeds hulle geloof bely om deel te mag hê aan die nagmaal.**
**4.1.3 Daar moet besin word oor die mylpale wat belydenisaflegging vooraf gaan en die mylpale wat belydenisaflegging opvolg.**
**4.2 VESTIGING VAN BEDIENINGSHOUDING**
**Uit bogenoemde besinning word sekere gevolgtrekkings gemaak oor die aard, die plek en die rol van belydenisaflegging in die geloofsreis, maar ook in die belewing van lidmaatskap in die kerk en burgerskap van die koninkryk.**
**4.3 VESTIGING VAN BEDIENINGSTYL**
**4.3.1 Die bedieningshouding wat gegroei het uit die besinning vloei dan oor in ’n bepaalde bedieningstyl. Hierdie bedieningstyl vestig dan sekere rituele en simbole wat van belydenisaflegging ’n mylpaal maak wat geloofsgroei aan die hand werk. Belydenisaflegging word dus slegs een van die mylpale op die geloofsreis en nie die enigste mylpaal nie.**
**4.3.2 Belydenisaflegging word dan ’n mylpaal waarop daar telkens weer deur die lidmaat en die kerk gereflekteer word (besinning). En so bly hierdie ’n oop proses wat aanhou.**
**4.4 PROJEKSPAN**
**4.4.1 Ten einde hierdie proses te bestuur, word die volgende Projekspan saamgestel:**
***1 Besinning oor die Kerkorde: dr Johan van der Merwe en dr Paul du Plessis;**
***2 Besinning oor die leer rakende toesegging van heil, toe-eining van heil en die uitleef van verantwoordelikhede: dr Andries Kritzinger;**
***3 Besinning oor bestaande gespreksdokumente: ds Johan Avenant;**
***4 Besinning van die jongmense se belewenisse: di Fouche de Wet en Danie Vermaak;**
***5 Sameroeper: ds Tienie Bosman.**
**4.4.2 Die Algemene Sinode begroot vir die werksaamhede van die Projekspan.**

# A.7.3 NAVORSING: JEUG

## 1. AGTERGROND

### 1.1 OPDRAG VAN ALGEMENE SINODE IN 2011

**1.1.1** Die Algemene Sinode het tydens sy sitting in 2011 opdrag gegee dat navorsing gedoen word om aktuele jeugkwessies en relevante tendense in jeugbediening te identifiseer om die kerk sodoende te adviseer en te verseker dat effektiewe jeugbediening plaasvind (Agenda A8 Bylaag 9 bl 129).
**1.1.2** ’n Aparte projekspan is deur die Algemene Sinode se Bestuurspan goedgekeur om hierdie saak te hanteer.

### 1.2 VERFYNING VAN DIE OPDRAG 2012

Die wye opdrag is deur die span verfyn om die volgende spesifieke uitkomste te lewer:
**1.2.1** Navorsing word gedoen oor die geloofslewe, geloofsontwikkeling asook wyer lewensruimtes en sisteme van 14-35 jarige jongmense binne die NG Kerk (en ander kerke) in geheel. Die navorsing moet poog om ’n duidelike en diep beskrywing van jongmense te skets wat behulpsaam kan wees in die kerk se toekomstige bediening aan hierdie jongmense.
**1.2.2** Alhoewel die navorsing aanvanklik bedoel was en beperk is tot NG Kerk-jongmense word ’n uitnodiging gerig aan ander kerke en organisasies om deel te word van hierdie projek. Al die deelnemende kerke neem dan op dieselfde wyse aan ’n wyer proses deel saam met die NG Kerk. Sodoende word vergelykende studies ’n moontlikheid. Op hierdie wyse neem ons vir 'n eerste keer in die geskiedenis aan 'n omvattende interdenominasionele en ekumeniese navorsing in belang van die jeug in Suid Afrika en van jeugbediening in die land deel. Elke deelnemende kerk/organisasie word van die begin af deel van die beplanning.
**1.2.3** Die projek word in samewerking met die Departement Praktiese Teologie van die Universiteit van Pretoria gedoen.
**1.2.4** Die disseminasie van die navorsingresultate moet lei tot bruikbare, verpakte inligting en riglyne aan predikante, jeugwerkers en leiers in die kerk wat op gemeentelike vlak jongmense bedien. Die navorsing moet onder andere die Algemene Sinode help om effektiewe beleid, strategie en riglyne te formuleer oor die NG Kerk se denke oor jeugbediening in die toekoms. Dieselfde uitkoms sal in ander kerke moontlik kan wees.

### 1.3 FINALE TITEL EN BESKRYWING VAN DIE NAVORSING

#### 1.3.1 Titel van die navorsing
*Kerklike jongmense en geloof in Suid-Afrika*.

#### 1.3.2 Doel van die navorsing
**1.3.2.1** Die navorsing wil ’n holistiese beskrywing gee van jongmense (14-35 jaar) en hul geloofslewe in verskillende denominasies om tot ’n beter verstaan van hul identiteit te kom. Daar word gefokus op twee hoofkonsepte in die navorsing, naamlik ’n deeglike profiel van jongmense asook hul persepsie en opinies rondom sake wat veral die bediening van die kerk aan jongmense raak.
**1.3.2.2** Die navorsing wil tendense identifiseer wat die kerk kan help om jongmense beter te bedien.

#### 1.3.3 Die tydperk van die navorsing
Die navorsingsproses sal oor twee jaar plaasvind (2013-2014). Die proses sluit die formulering en ontwikkeling van die vraelys asook die implementering en afhandeling van die totale projek in.

#### 1.3.4 Navorsingsmetodologie
**1.3.4.1** Die navorsing sal na alle waarskynlikheid nie op dieselfde wyse en met dieselfde grote populasie in al die kerke gedoen word nie. Die vraelys word gestandariseer vir alle kerke, maar laat ook ruimte vir die opsies om kerk-spesifieke vrae te vra. Nie al die kerke en denominasies gaan die navorsing nasionaal doen nie. Sekere groepe sal dit moontlik provinsiaal laat doen of later uitbrei. Die NG Kerk-span hoop om dit so wyd as moontlik in die NG Kerk te doen, maar die moontlikheid bestaan ook dat dit weens praktiese oorwegings en kostes nie moontlik sal wees nie.
**1.3.4.2** Die vraelyste sal beide elektronies en in gedrukte vorm ingevul kan word. Elke kerk en denominasie is verantwoordelik vir die koste hieraan verbonde en kan self bepaal hoe dit administratief georganiseer sal word.

**1.3.4.3** Die detail van die akademiese kant van die metodologie word nie vir hierdie verslag volledig bespreek nie. Die belangrike is wel dat daar gepoog word om goeie en wetenskaplik-deurdagte navorsing te doen wat bruikbaar is vir die kerk in geheel.

### 1.4 DEELNEMENDE KERKE EN DENOMINASIES

Nadat 'n uitdnodiging aan alle denominasies en kerke gerig is, het die volgende denominasies en kerke besluit om deel te neem aan die projek:
1.4.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk
1.4.2 Verenigende Gereformeerde Kerk
1.4.3 Reformed Church in Africa
1.4.4 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
1.4.5 United Congregational Church
1.4.6 Anglican Church of Southern Africa
1.4.7 Baptist Convention of South Africa
1.4.8 Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

## 2. VORDERING VAN PROJEK 2013

### 2.1 JANUARIE TOT MAART 2013

**2.1.1** Al die deelnemende kerke en denominasies se verteenwoordigers het baie tyd spandeer om die navorsing se metodologie asook die inhoud van die navorsing te bespreek. Die navorsing se doel en wydte is afgebaken en deurtrap sodat dit vir al die deelnemers gemaklik en aanvaarbaar is. Verskeie sake soos taal, kultuur en spesifieke kerklike behoeftes is in ag geneem.
**2.1.2** Daar is besluit op 'n proses waarin informele fokusgroepe deelneem aan 'n oop proses om die konsepte en konstrukte van die navorsing self te formuleer en uit te wys. Op die wyse is in verskeie kerke jongmense tussen 14 en 35 jaar gevra om deel te neem aan 'n proses wat gebruik word om die vraelys te formuleer. Deur die loop van Maart het sowat 80 jongmense reeds aan hierdie proses deelgeneem.

### 2.2 APRIL TOT JULIE 2013

**2.2.1** Die inligting van die informele fokusgroepe is opgeskryf en verwerk. Die hele groep het begin om saam die verskillende aspekte van die navorsing te identifiseer. Die proses is die basis van die bou van die vraelys.
**2.2.2** 'n Kleiner span het die inligting verwerk tot konsepte, konstrukte en items wat in vrae geformuleer word vir die opstel van die finale vraelys.
**2.2.3** Die finalisering van die proses rondom die verwerking van die data vind plaas.

### 2.3 AUGUSTUS TOT SEPTEMBER 2013

**2.3.1** Die span finaliseer die vraelys en die vraelys word getoets.
**2.3.2** Die finale besluite oor die inhoud en vraelys word gedoen.

## 3. DIE PAD VORENTOE

**3.1** Die beplanning is om die navorsing in 2014 in al die denominasies en kerke wat deelneem, te doen. Die inligting word dan verwerk en bespreek.
**3.2** Die finale uitkomste van die navorsing sal in akademiese sowel as meer populêre wyses beskikbaar gestel word aan die kerk nadat jeugbedieningkundiges betrek is in die disseminasieproses. Dit is belangrik dat die publisering van die navorsing saam met bedieningsvoorstelle aan die kerk gebied sal word. Plaaslike leraars en leiers moet deur die publisering en beskikbaarstelling van die navorsing gehelp word om jongmense te bedien.
**3.3** Die moontlikheid bestaan dat die navorsing opgevolg kan word met wyer navorsing of met 'n kwalitatiewe navorsingsproses. Indien die hulpbronne hiervoor beskikbaar is, sal hieroor 'n besluit geneem word.

## 4. BEGROTING

**4.1** Elke kerk en denominasie is verantwoordelik vir haar eie kostes wat die insameling van data en deelname aan die proses betref.
**4.2** Die bestuurspan het reeds 'n begroting vir die navorsing wat oor twee begrotings loop, goedgekeur.

## 5. AANBEVELINGS: JEUGNAVORING

**5.1 Die Algemene Sinode keur goed dat die navorsing soos beplan, voortgaan.**

**5.2 Die Algemene Sinode versoek gemeentes wat genader word om deel te neem aan die navorsing om dit as 'n saak van prioriteit en belangrikheid te sien. Gemeentes word versoek om hul samewerking in die verband te gee.**

**5.3 Die Algemene Sinode bevestig die belangrikheid van die bediening aan jongmense in die kerk. Die Algemene Sinode dra dit aan die ASM op om seker te maak dat moontlike strukture, bedieningsmoontlikhede en verdere projekte wat deur die navorsing ter tafel kom as prioriteit, met befondsing, aandag sal geniet op Algemene Sinodale vlak.**

**5.4 Die Algemene Sinode spreek sy waardering uit teenoor ander kerke en denominasies wat saam met die NG Kerk aan hierdie projek deelneem.**

**TAAKSPAN VAN DIE NG KERK**
Dr Zander van der Westhuizen (Voorsitter)
Prof Malan Nel
Dr Elnerine Greeff
Mev Leandra Koenig-Visagie

# A.8.1 BYBEL-MEDIA

## 1. VENNOOT IN GELOOF EN BEDIENING

**1.1** Bybel-Media (BM) kon gedurende 2011 en 2012 weer sy motto "Vennoot in geloof in bediening" uitleef as die motivering vir alles wat die organisasie gedoen het – soos oor die afgelope 41 jaar.
Bybel-Media het as Bybelkor ontstaan. Later jare het Mema-Media bygekom en het die naam na Bybel-Media verander. Nóg later het die Tydskriftemaatskappy ingeskakel. Dit maak die organisasie nou 'n wonderlike diverse media-familie. Andrew Murray se dorp, Wellington, was oor al die jare steeds BM se tuiste.
**1.2** Volgens Artikel 43.1.9 van die Kerkorde is die Algemene Sinode verantwoordelik vir "algemene kerklike media". BM is die orgaan waardeur dit geskied. Gedurende die reses is die akte van oprigting van Bybel-Media en sy verwante maatskappye sodanig verander dat die Moderamen voortaan die ledevergaderings van die drie maatskappye (bedryfseenhede) vorm.
**1.3** BM funksioneer as drie maatskappye (bedryfseenhede), te wete Bybel-Media, Bybel-Media Handel en Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk, binne agt departemente. 'n Hele aantal aktiwiteite ressorteer direk onder die Uitvoerende Hoof.
**1.4** BM streef steeds na die volledige inwerkingstelling van die besluit van die 2002-sinode dat alle kerklike media onder een dak verenig moet word. Daarom beywer die organisasie hom steeds onvermoeid vir samesprekings met die Christelike Lektuurfonds om die verwesenliking hiervan – en ook sodat skaarser-wordende bronne steeds beter benut kan word.
**1.5** BM het in die twee boekjare tot einde April 2013 meer as R12 miljoen aan projekte binne die kerk en wyer spandeer. Dit is afgesien van die omset van die meer kommersiële ondernemings soos *LIG*, *Kerkbode* en die handelsafdeling (Bybel-Media Handel). Die Randwaarde van die totale omsette van die BM-Groep vir die boekjaar 2012/13 alleen was net bokant R30 miljoen.

## 2. PUBLIKASIES STEEDS 'N KERNBESIGHEID

**2.1** 'n Totaal van 47 nuwe titels is in die afgelope twee jaar uitgegee. Daarvan het 26 ook as e-boeke verskyn en 34 herdrukke is gedoen. Digitale boeke is te koop by die bekende webtuiste www.kalahari.net. Die *Insig in die Bybel*-reeks se kommentare (Sefanja, Hosea, Josua, Numeri, Nahum, Matteus en 1-3 Johannes) is net digitaal.
**2.2** Publikasies oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe het die lig gesien. Bybelstudies bly immer tops en getrou aan BM se Bybelkor-oorsprong maak dit steeds 42 persent van alle publikasies uit.
**2.3** Van die gewildste titels was *Die coolste plan LP3 Junior* (kategese), *G8* (kategese), *Die coolste plan LP3 Senior* (kategese), *Ester* (Bybelstudie), *Lewe op die kruis-pad* (Bybelstudie), *Woord en lewe* (dagstukke van die Leesrooster) en *Woord en fees* (preekhulp).
**2.4** Publikasies se verkope (uitgesluit kategeseprodukte, wat steeds die topverkoper is) het sedert BM sy uitgewersbedrywigheid in September 2007 ná agt jaar hervat en die ooreenkoms met Lux Verbi in 2010 finaal opgesê het, in die finansiële jaar 2012/13 die eerste maal die R1 miljoen-kerf oorskry tot R1,26m.
**2.5** Al meer nuwe publikasies verskyn ook met 'n CD of DVD.
**2.6** In die oorweging van nuwe konsepte laat BM se publikasieafdeling hom steeds lei deur die prioriteite wat die Algemene Sinode stel, te wete missionaliteit, armoede en menswaardigheid, moraliteit en versoening. Onder elkeen van hierdie noemers het een of meer publikasies verskyn. BM was ook die uitgewer van al die produkte van die Seisoen van Luister.

## 3. DEPARTEMENT ELEKTRONIESE MEDIA (MEMA-MEDIA)

**3.1** Dié departement lewer 'n belangrike ondersteunende diens tot die produktereeks van BM. Verder verskaf dit 'n belangrike diens aan verskeie ander afdelings van die kerk, vervaardig videoproduksies vir kerklike instansies en buite-organisasies, huisves en onderhou verskeie Christelike en kerklike webtuistes en dupliseer CD’s en DVD’s vir verskeie instansies.
**3.2** BM het die afgelope boekjaar alleen ’n totaal van 19 webtuistes bestuur en in stand gehou, met 'n unieke besoekerstal van meer as 'n 540 000.
**3.3** Die dagstukkie, *Boodskap vir Vandag,* spesiaal vir BM geskryf, se daaglikse intekenare oorskry nou 8 000 ontvangers per dag.

## 4. DEPARTEMENT TYDSKRIFTEMAATSKAPPY VAN DIE NG KERK

**4.1** Ná deeglike marknavorsing kon die tydskrif *LIG* se voorkoms en inhoud aangepas word om in die smaak te val van die mark wat dit wil bereik – "'n ma tussen 30 en 45 jaar oud met kinders in die huis". Die Maart 2013-uitgawe was die eerste nuwe weergawe. *Kerkbode* en *LIG* is deesdae ook digitaal beskikbaar. Goeie sukses word hiermee behaal.

**4.2** Die redakteur, Adri-Louise van Renen-Fourie, was van 11 Junie tot 30 November 2012 met siekteverlof nadat sy met kanker gediagnoseer is. Met die hulp van dr Barend Vos (waarnemende redakteur) en knap personeel kon die skip vlot gehou word.
**4.3** *Kerkbode* en *LIG* se gemeentebestellings het oor die afgelope twee jaar verminder. J*aarboek* verkoop jaarliks konstant so 2 600 kopieë (gedruk en op CD).
**4.4** *LIG* se winkelrakverkope het egter gereeld gestyg. Dit maak dat die tydskrif se geouditeerde ABC-syfer op gemiddeld 38 000 te staan kom – wat dit steeds een van die groter Afrikaanse tydskrifte maak.
**4.5** *Kerkbode* het in 2013 hom as borg van openbare gesprekke tydens die Stellenbosse Woordfees onttrek toe dit bewus geword het van die aard en die opstelling daarvan. Dit het tot baie sensasionele mediadekking gelei, met gevolglike spanning op die direksie en uitvoerende bestuur van BM. Dit het ook die skeiding van die weë met een van Tydskriftemaatskappy se werknemers meegebring.

## 5. DEPARTEMENT MISSIONÊRE BEDIENINGS

Die Here het dié afdeling oorvloediglik geseën.
**5.1 NEHEMIA BYBELINSTITUUT**
**5.1.1** By die Nehemia Bybelinstituut het 1 384 nuwe studente vir die kursus geregistreer en 540 studente het al ses die modules voltooi en die UP-sertifikaat verwerf. 21 nuwe leersentrums (Bybelskole) is gevestig.
**5.1.2** Dit sal die einde van 'n vyf jaar lange proses wees wanneer teen die einde Julie 2013 al 15 nuwe studiegidse van die Bedieningontwikkelingsprogram voltooi is. Die nuwe 15 studiegidse van die Kerkleierskap-Ontwikkelingsprogram in Engels is reeds klaar.
**5.1.3** Phaphile Celesi is bevorder tot Onderhoof: Missionêre Opleiding. Dit behels onder andere dat hy ook voortaan op BM se Uitvoerende Komitee sal dien. In die lig van BM se afkoms en geskiedenis is dit 'n besondere voorwaartse stap.
**5.1.4** Met befondsing van BM het die Sentrum Kontekstuele Bediening by UP inisiatief geneem om 'n forum tot stand te bring vir diensverskaffers wat betrokke is by die opleiding van dienende kerkleiers wat nooit voorheen die geleentheid vir opleiding gehad het nie. So wil BM dié opleiding koördineer, standaardiseer en uiteindelik by die regte owerheidsinstansies akkrediteer.
**5.2 BEDIENING AAN GEVANGENES**
**5.2.1** Baie getuienisse word steeds ontvang van mense in tronke oor die lengte en breedte van Suid-Afrika wat vertel watter geweldige verskil BM se Bybelstudiekursusse in hulle lewe gemaak het.
Die personeel van Studentedienste het 21 670 gratis kursusse aan gevangenes, werkloses en skoolkinders versprei. Die pastorale beraders het 2 975 persone se vrae en probleme op Afrikaans, Engels, Tswana, Sesotho en Noord-Sotho; Zoeloe, Xhosa en Portugees hanteer.
**5.2.2** Sewe nuwe Bybelstudies, spesiaal vir dié konteks geskryf, het die lig gesien, en sewe van die ouer kursusse in verskillende tale is herdruk met mooi nuwe omslae.
**5.3 GEVORDERDE KURSUSSE**
Geeneen van die nuwe Bybelstudieboeke wat in die afgelope twee jaar by Bybelkor verskyn het, is meer met 'n kursustoets vir nasien uitgegee nie. Nogtans is 516 sertifikate vir gevorderde kursusse uitgereik. Toetse is op die internet of per telefoniese navraag beskikbaar.
**5.4 ONDERSTEUNING VAN WERK IN INDIË**
**5.4.1** Die werk van Pastoor Sam Salva Raj en sy span in Indië is jaarliks met 'n groot subsidie ondersteun. Dit word gebruik vir die druk van Bybelstudies en die ondersteuning van Indië se *Nehemiah Bible College.*
**5.4.2** 'n Deel van die NBI-kursus in Tamil dien as 'n korrespondensiekursus. Die kursus is baie gewild en lok baie inskrywings.
**5.5 BEDIENING *GOOD NEWS MEDIA***
Altesaam 4 577 items van dié bediening is aan nie-lesers versprei. Volgens kliënte se behoefte laai BM die regte Bybelvertaling en eie klankmateriaal op sogenaamde Audibible-spelertjies.

## 6. DEPARTEMENT FONDSWERWING

**6.1** Kommunikasie met baie ongelooflik lojale donateurs is die hooftaak van die Departement Fondswerwing. Dit gebeur telefonies, skriftelik, per e-pos en met sms. Hierdie unieke groep BM-vriende woon dwarsoor die land. Sommige van hulle is al langer as 30 jaar steunpilare! Die dank vir baie van die suksesverhale by BM gaan aan individuele donateurs, sakeondernemings, BM-vriende en gemeentes.
**6.2** Meeste bydraes kom deur maandelikse debietorders. Dan volg kontantdonasies, spesiale projekte en gemeente-ondersteuning met spesiale of deurkollektes. Boedels van voormalige donateurs speel ook 'n beduidende rol.
**6.3** Die begrote finansiële mikpunt kon elke jaar bereik word ten spyte van baie donateurs met wie dit ekonomies steeds moeiliker gaan. Van elke Rand wat ontvang is, het 80 sent direk na BM se aktiwiteite, publikasies en bedienings toe gegaan.
**6.4** Nadat die Algemene Sinode in 2011 versoek het dat gemeentes BM se werk jaarliks met 'n spesiale kollekte moet ondersteun, het 16 persent méér gemeentes begin bydra. Die totale aantal bydraende gemeentes maak egter steeds 'n baie klein deel van die totale kerk se gemeentes uit.

Fondswerwing geskied steeds met die Bybelkor-logo.

## 7. DEPARTEMENT BYBEL-MEDIA HANDEL

**7.1** Bybel-Media Handel ('n geregistreerde nie-winsgewende maatskappy) is die verkoopsagent van al die produkte van Bybel-Media (uitgesonderd *Kerkbode* en *LIG)*. Verkope geskied per telefoon, e-pos of deur die webwinkel. Versending binne Suid-Afrika is gratis.
**7.2** *Jeugfokus* se kategeseprodukte is steeds verreweg die grootste kategorieverkoper. Dit maak 47% van die totale omset uit.
**7.3** BM se eie boekprodukte is die tweede grootse kategorieverkoper (27% van die totale omset). Produkte van alle ander goeie Christelike uitgewers kan egter ook by Bybel-Media Handel aangekoop word.

## 8. MUSIEKBEDIENING

Soos met *Liedboek van die Kerk* (waarvan die kopiereg by Bybel-Media lê kragtens die feit dat NG Kerk-Uitgewers in Bybel-Media opgeneem is), is musiek binne die kerk steeds vir Bybel-Media 'n hoë prioriteit.
**8.1 FLAM**
**8.1.1** FLAM is sedert 2009 deel van Bybel-Media se mediaprojekte. FLAM kontrakteer ds Faani Engelbrecht van Goodwood-Park om baie van die administrasie en bestuur te doen.
**8.1.2** FLAM het meer as 500 liedere se bladmusiek aflaai-gereed op die webtuiste. Afgesien van die lirieke, kan die bladmusiek van elke lied afgelaai word as ’n *lead sheet, chord sheet* en *hymn sheet*.
Die webtuiste, www.flam.co.za, doen baie goed. Dit getuig daarvan dat die webuitste ’n nodige diens lewer, gebruikersvriendelik is en beslis werk!
**8.1.3** In Augustus 2012 is www.fluister.co.za oopgestel vir die verkoop van suiwer Suid-Afrikaanse geestelike MP3’s (ook in Engels). Die besoekerstal is nog nie na wense nie.
**8.1.4** FLAM se e-nuusbrief, Fuurhoutjie, gaan maandeliks gratis aan 2 100 intekenare. *Megafoon,* www.fluister.co.za se nuusbrief, bevat hoofsaaklik resensies oor nuwe gospelmusiek en onderhoude met kunstenaars.
**8.1.5** Die CD's *Fluistering* en *Folgende* (lg gemik op ’n nuwe, jonger generasie) het verskyn. So ook die DVD's van *Brandstof 1 en 2* (’n hulpmiddel vir gemeentes sonder begeleidingsgroepe en kleingroepe).
**8.1.6** *FLAM Live* tree steeds op uitnodiging by gemeentes op.
**8.2 VONKK**
**8.2.1** VONKK is 'n BM-adviesnetwerk wat die klassieke kerklied bevorder. VONKK het reeds ’n totaal van 215 liedere op die webtuiste.
**8.2.2** BM het twee VONKK-CD's en -DVD's uitgegee met 60 snitte van nuwe VONKK-liedere uitgegee, ideaal vir groepe wat VONKK-liedere tydens kleingroepbyeenkomste wil sing.

## 9. HUGENOTE-BYBELINSTITUUT

Op 31 Maart 2013 het die Hugenote-Bybelinstituut 310 studente gehad. Christelike Nood-en-Traumaberading het die meeste studente, dan volg Bybel- en Godsdienskunde, vervolgens Jeugbediening en daarná Sending. Daar is ook 'n nuwe Etiekkursus. Die Sentrum vir Kontekstuele Bediening (UP) akkrediteer die kursusse en reik 'n sertifikaat aan suksesvolle studente uit.

## 10. GEMEENTEDIENSNETWERK

Die Gemeentedienstenetwerk (GDN) is 'n forum van kerklike diensverskaffers. Die uitgee van *Kruisgewys* vier maal per jaar is die sigbaarste aktiwiteit van hierdie projek. Alle predikante van die NG Kerk, gemeenteleiers van die Afrikaanse gemeentes van die VGKSA, Gereformeerde Kerke, Nederduitsch Hervormde Kerk en Christelike Gereformeerde Kerk kry dié blad – 'n gerespekteerde rigtingwyser, veral oor gemeenteteologie.

## 11. GELOOFSVORMING

Die kategesetaakspan is 'n projekspan van die Algemene Sinode. BM is volledig vir die begroting van dié projekspan verantwoordelik. Die taakspan lewer ook 'n afsonderlike verslag aan die sinode. Di Paul du Toit en Ronnie Noemdoe van Belhar-Oos-gemeente fokus op nuwe produkontwikkeling, gemeentebesoeke, opleiding- en toerustingsgeleenthede.

## 12. ANDREW MURRAY-DESMOND TUTU-PRYSFONDS

BM het andermaal die administratiewe tuiste vir hierdie prestige-pryse verskaf. Ná 'n lang droogte het BM-publikasies verlede jaar en vanjaar die Andrew Murray-prys gewen. Dit was slegs die tweede en derde keer in BM se bestaan. Verlede jaar se wenboek was *Fluit-fluit, die kerk is uit?* van Frits Gaum, en vanjaar (2013) Ernst Conradie se *Lewend en Kragtig? In gesprek oor God se handelinge in die wêreld.*

## 13. VIGSBEDIENING
BM het sy bande met die Christian Aids Bureau (CABSA) verder versterk. BM het weer eens geldelik bygedra tot die elektroniese en gedrukte hulpmiddels wat CABSA aan alle opgeleide fasiliteerders verskaf. Dié gebruik hulle vir die verdere opleiding wat hulle in die verskillende dorpe en stede verskaf in die talle Afrika-lande wat hulle verteenwoordig.

## 14. ELEKTRONIESE NUUSBLAAIE VAN DIE KERK
BM het, soos in die verlede, ingestaan vir die koste van die jaarlikse byeenkoms van die redakteurs van die verskillende sinodes se elektroniese koerante.

## 15. DIENS AAN DIE KERK
Uit al die aktiwiteite soos hier bo gelys, behoort dit baie duidelik te wees dat BM hom volledig toewy aan die sake wat vir die Algemene Sinode prioriteite is, te wete gestuurdheid, armoede en menswaardigheid, moraliteit, kerkhereniging en versoening. In daardie sin is die organisasie werklik 'n "Vennoot in geloof en bediening".

## 16. DIREKSIELEDE
Mouton, DW (Voorsitter)
Basson, AJ
Kruger, PG
Van der Westhuizen, Z
Rautenbach, MC
Janse van Rensburg, C
Gerber, JJ (Adviserend)
Fourie, PJA (Skriba) *(ex officio)*

# A.8.2 CHRISTELIKE LEKTUURFONDS (CLF)

## 1. HISTORIES

Op inisiatief van dr AH Dekker en ander “sendingleraars” het CLF in 1957 as selfstandige instansie met ’n eie Beheerraad ontstaan. Dit het produkte vir die destydse NGKA gelewer, maar mettertyd ook vir die NG Sendingkerk asook ander kerke in die NG Kerkfamilie (binne- en buitelands). Hoewel die NG Kerk CLF in 1968 per kontraktuele ooreenkoms “oorgeneem” het, was die duidelike veronderstelling dat CLF “in trust” vir die NG Kerkfamilie bedryf sou word, steeds met die bedoeling om bedieningsmateriaal vir die kerke in die NG Kerkfamilie daar te stel. CLF was dus deurgaans geposisioneer as instansie van en vir die NG Kerkfamilie.

Histories het CLF op produkte wat hierdie posisionering en doelwitte as instansie vir die NG Kerkfamilie sou dien, gefokus:

### 1.1 BEDIENINGSMATERIAAL VIR DIE SUSTERKERKE IN DIE NG KERKFAMILIE

Dit het ingesluit: kategesemateriaal, gesangeboeke, kinderbybels, liturgieboeke, kerklike vorms soos doop en geboortesertifikate, ens. Hierdie produkte is swaar gesubsidieer uit die Fonds wat opgebou is. Groot oplae is oor die jare gedruk en versprei.

### 1.2 GRATIS PAMFLETTE

Letterlik miljoene gratis pamflette in’n groot aantal tale is oor die jare versprei. Hierdie pamflette het gedien as evangelisasiemateriaal, maar ook as toerustingsmateriaal vir gelowiges en gemeentes.

### 1.3 TOERUSTINGSMATERIAAL VIR KERKLEIERS

Histories het CLF ook gefokus op die daarstel van materiaal (insluitende boeke) met die oog op die toerusting van leiers in die NG Kerkfamilie. Preekbundels, skolingsmateriaal, almanakke, boekies oor die huwelik, gebed, dankoffers, die rol van ouderlinge, ens. is gemaak. Die fokus was die bedieningskonteks van susterkerke in die NG Kerkfamilie.

### 1.4 MATERIAAL OOR DIE KERK SE MISSIONÊRE ROEPING (DIENS EN GETUIENIS AS ’N NA-BUITEGERIGTE-BEDIENING)

Tradisioneel het CLF ook materiaal gedruk waarin besin word oor die kerk se roeping tot diens en getuienis. Wat hierdie materiaal betref, was die NG Kerk self ook die teikenmark. Om hierdie rede, maar ook omdat CLF die taalgemeenskap in die VGKSA dien, is daar oor die jare ook Afrikaanse produkte gemaak.

Ten einde bogenoemde doelwitte te bereik, het CLF oor die’n jare fonds opgebou waaruit die gratis pamflette befonds en die verkoopbare produkte subsidieer kon word. Hierdie Fonds is opgebou uit bydraes van hoofsaaklik individue, maar ook die bydraes (kollektes en toekennings) van kerke. Die bydraes is vir die spesifieke bedieningsdoelwitte (sien hierbo) gegee en moet dus as trustfonds beskou word.

## 2. HUIDIGE MISSIE

### 2.1 DIE BOODSKAP VAN DIE BYBEL AAN ALMAL

CLF het ten doel om in diens van God se sending na die wêreld die boodskap van die Bybel uit te dra deur die daarstelling en verspreiding van gratis of bekostigbare Christelike lektuur. Hierdie lektuur word op geloofwaardige, professionele en effektiewe wyse in die verskillende tale van Suider-Afrika versprei met die oog op die bediening in en deur susterkerke in die NG Kerkfamilie (binne- sowel as buitelands). Die lektuur is so ver moontlik ook gerig op die behoeftes van ander kerke en instansies met wie ons in vennootskapsverhouding staan en waarin CLF veral fokus op die roeping tot diens en getuienis in die Suider-Afrikaanse konteks.

### 2.2 CLF PRODUKFOKUSSE

#### 2.2.1 GRATIS PAMFLETTE

Meer as 1,5 miljoen gratis pamflette in meer as 20 tale word jaarliks versprei (meer as 70 titels). Dit fokus op:

**2.2.1.1 Evangelisasiemateriaal (Teikengroep – mense buite die kerk, nie-gelowiges)**

Bondige verduidelikings van die evangelie (goeie nuus) in verskillende vorme bied uitnodigings tot geloof in Christus. Dit bied ook toerusting oor hoe die evangelie effektief uitgedra kan word.

**2.2.1.2 Geestelike groei (Teikengroep – mense wat reeds glo)**



Inhoudsopgawe

Die opbou en versterking van gelowiges (lidmate) se geloof. Temas omsluit geestelike groei, gebed, hoop en nog meer.

**2.2.1.3 Gemeentetoerusting (Teikengroep – bedieningshulp aan gemeentes/kleingroepe, ens.)**

Toerustingsmateriaal oor aktuele temas in die gemeentebediening (veral ook in gemeentes in NG Kerkfamilie) word geskep. Die pamflette is normaalweg langer as byvoorbeeld evangelisasiemateriaal en word so geskryf dat dit bespreking uitlok. Dit gaan oor temas soos dankoffers, offerandes, die wederkoms, nagmaal, doop, ens.

**2.2.1.4 Gemeenskapskwessies (Teikengroep – die hele gemeenskap, of spesifieke sektore van die gemeenskap)**

Hier word gepoog om verskillende aktuele temas in die gemeenskap aan te spreek – met die oog daarop dat mense se kennis, gesindheid en gedrag sal verander. Dit gaan oor temas soos verskillende vorme van geweld, MIV/Vigs, verskillende vorme van afhanklikheid, versoening, huwelik, tienerswangerskappe, ens.

**2.2.2 BOEKE**

**2.2.2.1 Kerklike materiaal (Teikengroep – susterkerke in die NG Kerkfamilie)**

Amptelike kerklike bedieningsmateriaal soos gesangeboeke, kerklike formulierboeke, doopregisters, kategesemateriaal, ens. word gedruk en versprei.

**2.2.2.2 Geloofsvorming (Teikengroep – susterkerke, maar ook wyer – ander kerke)**

Dit gaan hier oor ŉ hele reeks boeke wat gemik is op geloofsvorming by kinders, bv Kinderbybels en jeugbedieningsmateriaal byvoorbeeld die *Desmond Tutu Bybelverhale vir kinders, Vertel, vertel!* as ŉ omvattende nuwe geloofsvormingreeks, ens.

**2.2.2.3 Toerusting vir leiers (Teikengroep – almal wat leiding in die bediening neem, in sowel die NG Kerkfamilie as in ander kerke)**

Dit gaan in hierdie kategorie om preekbundels, nadenke oor fasette van die bediening, die Pinksterreekse, hulpmiddels soos Bybelstudies, nadenke oor die kerk se missionêr-diakonale roeping binne ons konteks, ens. Hier word doelbewus ook outeurs van buite die NG Kerkfamilie betrek.

**2.2.2.4 Algemene geestelike groei (Teikengroep – die breër gemeenskap van Suider-Afrika)**

In hierdie kategorie word publikasies gemaak met die oog daarop om geestelike toerusting vir lidmate en selfs nie-gelowiges. Dit handel oor sake wat die gemeenskap raak, soos geloofsgroei, die huwelik, waardes in die samelewing, ens.

**2.3. UITBOU EN BESTUUR VAN DIE FONDS**

Die Fonds word op verantwoordelike wyse uitgebou deur middel van renteverdienste op ’n beleggingsportefeulje en bydraes van donateurs. Fondswerwing is ’n belangrike en gespesialiseerde funksie binne CLF. Uit die opbrengs word die druk en verspreiding van die gratis pamflette befonds en bedieningsprodukte vir die NG Kerkfamilie subsidieer. Die Fonds word deur die bedryfshoof administeer met verslag aan die Beheerraad. ’n Onafhanklike ouditkomitee speel ’n onmisbare rol om enige moontlike risiko’s uit te skakel.

**2.4 HANDELSAKTIWITEITE**

CLF Uitgewers hanteer die handelsaktiwiteite. Dit behels die druk, stoor en verspreiding van materiaal. Vir die boekjaar wat geëindig het op 29 Februarie 2013 het die handelsaktiwiteite ’n omset van meer as R1 miljoen getoon. Daar word hard gewerk aan die daarstel van meer effektiewe bemarkingskanale vir die produkte.

## 3. BEHEER EN BESTUUR

CLF word bekwaam bestuur deur ’n bedryfshoof, mev Christelle Vorster. Die Beheerraad word saamgestel uit verteenwoordigers van die vier susterkerke in die NG Kerkfamilie. ’n Publikasiekomitee, wat eweneens uit verteenwoordigers van die susterkerke in die NG kerkfamilie bestaan, bepaal die publikasiebeleid en -doelwitte.

## 4. SAMEWERKING EN VENNOOTSKAPPE

CLF werk in allerlei vennootskappe saam met ’n verskeidenheid kerklike en ander instansies, diensleweraars, skrywers en vertalers. Binne die NG Kerkfamilie word daar gepoog om in nouer strategiese vennootskappe met instansies soos Bybel-Media en die Hugenote Kollege saam te werk ten einde optimale en koste-effektiewe diens aan die NG Kerkfamilie te lewer, ook met die oog op die eenwording van die vier susterkerke.

## 5. REGSPERSOON EN BEVOEGDHEDE

**5.1** CLF is ŉ vrywillige, nie -winsgewende organisasie wat as sodanig geregistreer is by die Direktoraat vir Nie-winsgewende Organisasies met NPO nommer 020-595-NPO, met ŉ eie konstitusie.

**5.2** Histories is die NG Kerk se verteenwoordigers op CLF Beheerraad deur die ASSK (later ASKG en ADD) aangewys. Die VDDG is die instansie wat prakties die beste geposisioneer is om die beheerraadslede namens al vier kerke aan te wys. Hierdie mandaat moet die onderskeie kerke ter wille van sekerheid oor die regspersoon van die VDDG en derhalwe ook CLF Beheerraad aan die VDDG verleen.

## 6. AANBEVELINGS: CLF

**6.1 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van CLF en versoek CLF om daarmee voort te gaan.**
**6.2 Die Algemene Sinode gee aan die VDDG die mandaat om verteenwoordigers van CLF Beheerraad namens die NG Kerk aan te wys (met approbasie van die Algemene Sinodale Moderamen).**
**6.3 Die Algemene Sinode dra dit aan die Hugenote Kollege, Bybelmedia en CLF op om wyses te vind en strukture daar te stel om optimale samewerking te bewerkstellig.**

Ds Willem Botha (voorsitter)
Dr Gideon van der Watt (skriba)



Inhoudsopgawe

# A.9 KLEIN GEMEENTES

## 1. OPDRAG

**1.1** Die Algemene Sinode het in 2011 die volgende aanbeveling goedgekeur, soos gerapporteer in die Besluiteregister:

*1 Die Algemene Sinode word versoek om ’n navorsingsprojek oor klein gemeentes as prioriteit te aanvaar.*

*2 Indien dit as prioriteit aanvaar word, word ’n Netwerk vir Klein Gemeentes in die lewe geroep met die opdrag om as gespreksforum vir klein gemeentes te dien, vitaliteit in klein gemeentes te bevorder, studie oor hierdie onderwerp te stimuleer en studieresultate in die kerklike lewe te integreer. Die Netwerk nooi ook die Familie van NG Kerke en ander Gereformeerde kerke uit om aan die gesprek deel te neem.*

*3 Die Algemene Sinode keur die beginsel van afstandsonderrig vir tweedeloopbaanpredikante goed. ATTO word getaak om hierdie besluit te implementeer volgens die Theological Education by Extension-model.*

*(vgl Agenda A.8 Bylaag 12 bl 160 pt 8; Notule Dag 2)*

**1.2** Na afloop van die sinodesitting het die moderamen 'n netwerk vir klein gemeentes in die lewe geroep. Getrou aan die karakter van 'n netwerk, het verskeie rolspelers inisiatief geneem en is daar besondere dinamika ontsluit.

## 2. DIE POSISIE VAN KLEIN GEMEENTES IN DIE NG KERK

**2.1** Volgens geformeerde oortuiging roep God die Vader gelowiges deur die werk van die Seun en die bediening van die Heilige Gees tot 'n gemeente byeen. God se gemeente neem deel aan God se missie in die wêreld. Dit beteken dat elke gemeente se roeping kontekstueel is. Dit vind plaas op 'n bepaalde plek, in 'n bepaalde tyd, en word gerig deur Christus as die Hoof van Christus se gemeente.

**2.2** Hierdie trinitariese ekklesiologie, wat kontekstuele, missionale roepingsvervulling hoog waardeer, beteken dat die dorpies en stegies waar klein gemeentes bedien ernstig geneem moet word. God versamel die gemeente, al is dit 'n groepie van 34, vir 'n bepaalde roeping op 'n spesifieke plek en tyd.

**2.3** In die praktyk word klein gemeentes dikwels anders hanteer. Sodra 'n gemeente nie langer die "triniteit"van predikant, pastorie en kerkgebou kan bekostig nie, is haar bestaan onder druk. Die gevaar is 'n pragmatiese, operasionele ekklesiologie wat gemeentes ontbind en met ander gemeentes saamvoeg op grond van ekonomiese oorwegings. Die prima ekonomiese oorweging is dan om 'n geografiese super-gemeente deur samesmelting te skep wat 'n predikant kan onderhou, 'n kerkgebou in stand kan hou, en die nodige administratiewe personeel kan besoldig.

**2.4** Die aandag wat die Algemene Sinode die afgelope aantal jare aan klein gemeentes gee, en kerkordelike reëlings om die bediening te vergemaklik, dra veel daartoe by om die trinitariese gereformeerde ekklesiologie verantwoordelik prakties toe te pas.

## 3. NAVORSING OOR KLEIN GEMEENTES

**3.1** Verskeie instansies doen navorsing oor klein gemeentes. Dit behels formele navorsingsprojekte deur M- en D-graad studente by teologiese fakulteite, die werk van die Algemene Sinode se Taakspan Navorsing (vgl Kerkspieël) asook projekte van 'n aantal sinodes.

**3.2** Verskeie sinodes implementeer bedieningsmodelle wat die bestaan en gesonde funksionering van klein gemeentes bevorder. Hierdie modelle bevorder respek vir klein gemeentes en die besondere lokale bydrae wat hulle in diens van God se sending lewer. Voorbeelde van innoverende bedieningsontwikkeling is opleiding vir ouderlinge met preekvergunning, wat reeds deur 'n aantal sinodes benut word, asook die opleiding en legitimering van bedienaars van die Boesmangemeentes in Namibië.

**3.3** Sinodes waaronder die Oostelike Sinode, KwaZulu-Natal en Oos-Kaapland het modelle ontwikkel wat 'n toekomsvisie, versorging en bedieningsvoorsiening vir klein gemeentes behels.

**3.4** Die jaarlikse konferensie vir klein gemeentes, publikasies soos Kruisgewys, en die verskillende bedieningsgerigte fora binne die NG Kerk skep ruimtes waar die bevindings van die navorsing in die lewe van die kerk integreer kan word.

## 4. KLEINGEMEENTE-KONFERENSIES

**4.1** Sedert die vorige vergadering van die Algemene Sinode het twee konferensies vir kleingemeentes reeds plaasgevind. Beide is met die NG Kerk in die Vrystaat as gasheersinode by die Gariepdam gehou.

**4.2** Tydens beide konferensies is aandag aan die klein plattelandse gemeente as vennoot vir bediening in die gemeenskap gegee. Die konferensies het klein gemeentes gehelp om mekaar te ontdek, 'n nuwe, positiewe belewing van hul eie identiteit te skep, en die openheid te skep dat klein gemeentes aktief begin

bedien in die gemeenskap. Dit help die gemeentes om die klem vanaf oorlewing na diensbaarheid te verskuif.
**4.3** Daar is steeds predikante in klein gemeentes wat swaarkry. Deur hierdie gemeentes oor die geografiese grense van die onderskeie sinodes aan mekaar voor te stel, ontwikkel die kapasiteit tot onderlinge ondersteuning.

## 5. OPLEIDING VIR TWEEDELOOPBAANPREDIKANTE

**5.1** Punt 3 van die besluit van Algemene Sinode 2011 is ter sake.
**5.2** Daar vind 'n konvergensie van twee belangrike verskynsels in die kerk plaas. Enersyds kan baie klein gemeentes nie langer voltydse predikante bekostig nie. Andersyds kom verskeie lidmate na vore met die getuienis dat die Here hulle roep om as tweede loopbaan 'n predikant van die NG Kerk te word.
**5.3** In baie gevalle is hierdie lidmate persone in klein plattelandse kontekste. Baie van hulle beoefen beroepe en is finansieel selfversorgend. Vanuit hierdie perspektief het klein gemeentes 'n besondere belang daarby dat die opleidingsmodel van die NG Kerk aangepas word om voorsiening te maak dat persone teologiese opleiding kan ondergaan sonder om die hele kursus voltyds residensieel af te handel. Hierdie studente is baie goed geplaas om in tentmakerbedienings te tree.
**5.4** Klein gemeentes word gewoonlik met plattelandse kontekste geassosieer. Daar is ook in stede klein gemeentes, waarvan sommige nuwe kerkplantings is of meestal bedieninge wat radikaal nuut innoveer, weg van 'n tradisionele bedieningsmodel na 'n kontekstuele bediening. Ook hier kan tentmakerbediening 'n dramatiese verskil maak.
**5.5** Sedert die Algemene Sinode se besluit in 2011 het die Algemene Kuratorium tot stand gekom. Dit het baie vinnig geblyk dat hierdie kuratorium uitstekend daarin slaag om die kerk te posisioneer met die oog op veranderende behoeftes aan teologiese opleiding.
**5.6** Die Algemene Kuratorium het moeite gedoen om na te dink oor tweedeloopbaanstudente. In hul verslag aan hierdie vergadering van die Algemene Sinode word aanbevelings hieroor gemaak wat die netwerk vir klein gemeentes volledig ondersteun.

## 6. UITDAGINGS VIR KLEIN GEMEENTES

**6.1** Klein gemeentes het nodig om 'n nuwe visie vir nuwe bedieningsgestaltes te ontwikkel. Hiervoor is pioniersgemeentes nodig wat 'n nuwe toekomsvisie beliggaam sodat ander by hulle kan leer.
**6.2** Nuwe gestaltes van geloofwaardige geestelike leierskap is nodig om die bediening finansieel volhoubaar te maak. 'n Aantal klein gemeente kan saamspan om saam 'n leraar te beroep wat in 'n mentorsrol optree vir plaaslike geestelike leiers in elke individuele gemeente self.
**6.3** Gemeentes wat krimp, bv waar demografiese skuiwe 'n rol speel, het die uitdaging om die bediening aan te pas by die nuwe werklikhede. Hierdie situasie skep 'n pynlike ervaring vir die dienende besoldigde personeel en verg begrip en ondersteuning van die kerkverband.

## 7. AANBEVELINGS: KLEIN GEMEENTES

**7.1 Die Algemene Sinode aanvaar die dank van die Netwerk vir Klein Gemeentes vir die belangstelling en ondersteuning wat hierdie groep gemeentes vanuit die verband ontvang.**
**7.2 Die Algemene Sinode kontinueer die opdrag wat in 2011 gegee is.**

Hiermee vertrou die Netwerk vir Klein Gemeentes dat die opdrag van die Algemene Sinode uitgevoer is.

Ds Danie Mouton (sameroeper)

# A.10.1 LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE

## 1. TAAKSPAN

**1.1** Die Algemene Sinode Moderamen het geoordeel dat hierdie Taakspan noodsaaklik is (vgl verslag van die Moderamen pt 6.1.3). Die volgende opdrag is aan die Taakspan gegee:
*Die Taakspan:*
*1. Koördineer die opdragte van die Algemene Sinode 2011 wat na verskillende projekspanne verwys is (die Bestuurspan identifiseer die sake).*
*2. Gee aandag aan sake wat deur die Moderamen verwys is.*
*3. Adviseer die Algemene Sinode oor beskrywingspunte tov leerstellige en etiese sake.*
*4. Adviseer die Algemene Sinode/ Moderamen in verband met leerstellige en etiese sake in belang van die lewe en getuienis van die NG Kerk.*
**1.2** Hierdie Taakspan is saamgestel uit verteenwoordigers van kundiges wat vanuit die samestellende sinodes van die Algemene Sinode van die NG Kerk aangewys is:
Heerden van Niekerk (Wes-en-Suid-Kaapland: Voorsitter)
Ben du Toit (Algemene Sinode: Sameroeper)
Danie Malan (Hoëveld: Addisionele lid van Dagbestuur)
Fanie Cronje (Noordelike Sinode)
Jan Lubbe (ASM aangewese)
Riaan van Zyl (Vrystaat)
Andries Kritzinger (Wes-Transvaal)
Jan Woest (Namibië)
Jan Cloete (Oos-Kaapland)
Auke Compaan (Oostelike Sinode)
Dawie Oosthuysen (KwaZulu-Natal)
Gert Duursema (Noord-Kaapland)

## 2. SAKE VERWYS

Die beskrywingspunte/ beswaarskrifte wat op hierdie Taakspan se tafel hoort, is deur die Algemene Sinode Moderamen (ASM) na die nuut-gekonstitueerde Algemene Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake verwys vir aanbevelings aan die Algemene Sinode in sitting Oktober 2013 te Port Elizabeth.

## 3. HUWELIK/SAAMWOON

**3.1** Kom voor in dokumente van NG Gemeente Wonderboom-Suid; NG Gemeente Doornkloof; Sinode Hoëveld; NG Gemeente Vryheid-Wes. Al vier vra na 'n herformulering van die vorige besluit (veral punt 4) en stel alternatiewe voor. Dit is uit die dokumente self duidelik dat dit gaan om die plek van seksuele uitlewing binne 'n verhouding. Deur 'n nuwe punt 1 te formuleer, wat die oorspronklike punte 1 en 9 vervang, die volgorde van die punte meer logies te rangskik en punt 4 (nou die nuwe punt 6) se tweede sin te herformuleer, bring die Taakspan die volgende na die sinode vir goedkeuring.
**3.2 AANBEVELINGS: HUWELIK/SAAMWOON**
**3.2.1 Die Algemene Sinode probeer om tans die volgende perspektiewe ten opsigte van saamwoonverhoudings te stel in die besef dat dit saamhang met omvattende sake soos die huwelik, egskeiding en seksuele etiek van gelowiges, wat deurlopend met deernis en sensitiwiteit deur die kerk onderskei en begelei moet word. Die verskillende punte hieronder moet daarom deurgaans met mekaar in verband gelees word.**
**3.2.2 Die Algemene Sinode besef dat die huwelik soos ons dit vandag ken die produk van eeue se ontwikkeling is. Daarom kan sommige huweliksgebruike soos in die Bybel beskryf, byvoorbeeld leviraatshuwelike en die vrou as besitting van die man, nie sonder meer dien as riglyne vir hoe Christelike huwelike vandag behoort te wees nie.**
**3.2.3 Die Algemene Sinode is daarvan oortuig dat die historiese ontwikkeling van die huwelik in die Bybel en in die geskiedenis vir ons duidelike riglyne bied van wat ’n Christelike huwelik is: ’n vaste, formele ooreenkoms tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om hulle lewens in alle opsigte met mekaar te deel in ’n lewenslange verbintenis waarin seksualiteit 'n eksklusiewe karakter dra, geseën of bevestig deur die kerk, gesluit in die teenwoordigheid van getuies, sover as moontlik in die gemeenskap van gelowiges en verkieslik erken deur die staat as ’n wettige huwelik.**
**3.2.4 Die Algemene Sinode oordeel dat, in die lig van bostaande, gelowiges met reg die huwelik ’n gawe van God noem en dat seksuele gemeenskap buite so ’n vaste, formele verbintenis/verhouding nie aan Christelike riglyne voldoen nie.**
**3.2.5 Die Algemene Sinode is daarvan bewus dat saamwoonverhoudings (wat die seksuele insluit) vandag ’n werklikheid in die samelewing is. Daar is verskillende redes waarom mense saamwoon.**

**Sommige mense woon saam omdat hulle seksuele eksklusiwiteit nie as ’n belangrike aspek van ’n verhouding beskou nie. Hierdie verhoudings is weens die nie-permanente en selfsugtige aard daarvan, eties onaanvaarbaar.**
**3.2.6 Die Algemene Sinode is egter bewus daarvan dat daar ander redes is waarom sommige pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, voordat hulle trou. Van hierdie verhoudings streef in sekere opsigte na die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit. Daarvoor is daar waardering. Tog is dit minder as wat die Christelike verstaan van die huwelik verwag en waarop dit hoop.**
**3.2.7 Die Algemene Sinode wil mense wat in 'n saamwoonverhouding leef, aanmoedig om die verbintenis nog vaster te maak deur die kerklike en staatkundige aspekte in plek te kry.**
**3.2.8 Die Algemene Sinode beskou die reëlings van mediese fondse en pensioenskemas wat voordele van mense ontneem wanneer hulle na die dood van ’n eggenoot/eggenote weer in die huwelik tree, as eties problematies en onderneem om nogeens met die betrokke owerhede hieroor in gesprek te tree.**
**3.2.9 Die Algemene Sinode aanvaar dat al die implikasies rondom die bevestiging van ’n enkel kerklike huweliksverbintenis nog nie uitgeklaar is nie en is daarom op hierdie stadium nie ten gunste van so ’n reëling nie.**

## 4. TWYFEL SAAI OOR GELOOFSWAARHEDE

**4.1** Met betrekking tot die beskrywingspunt van die Sinode Hoëveld in hierdie verband, lê die Taakspan die volgende aanbevelings aan die Algemene Sinode voor:
**4.2 AANBEVELINGS: GELOOFSWAARHEDE**
**4.2.1 Die Algemene Sinode herbevestig weereens die NG Kerk se standpunt oor die gesag van die Woord van God as enigste norm vir ons geloof.**
**4.2.2 Die Algemene Sinode herbevestig weereens dat die NG Kerk die belydenisskrifte sien as normatief in die sin dat dit volgens die Skrif ons geloof bely.**
**4.2.3 Die Algemene Sinode herbevestig dat die Skrif en Belydenis gelees moet word binne hulle historiese konteks en dat hulle met verantwoorde hermeneutiek vertolk sal word, sodat ons die leiding van die Gees vir ons tyd kan hoor.**
**4.2.4 Die Algemene Sinode wys lidmate daarop dat ons met mekaar in gesprek sal tree voordat mense verdag gemaak word, of van leerdwaling beskuldig word, want verdagmaking en leuens is net soveel sonde as leerdwaling.**
**4.2.5 Die Sinode besef dat baie lidmate geweldige onsekerhede op baie vlakke beleef en wil lidmate verseker van deernis met hulle situasie. Die Sinode wil ook lidmate en leraars daarop wys dat, juis wat ons van die Bybel en Belydenisskrifte as antwoord hierop glo, ons weerhou van fundamentalisme (aan die een kant) en vrysinnigheid/radikale sekularisme (aan die ander kant).**

## 5. DOOPHERINNERING EN RITUELE

**5.1** 'n Beswaarskrif is van die gemeente Vryheid-Wes ontvang oor die besluit van die vorige Algemene Sinode (2011) oor doopherinneringseremonies – waarteen hulle sekere teologiese verskilpunte opper.
**5.2 AANBEVELINGS: DOOPHERINNERING EN RITUELE**
**5.2.1 Hierdie beswaar word verwys na die Taakspan wat werk oor die samehang van die sakramente.**
**5.2.2 Die volgende formulerings word aan hierdie taakspan gestuur vir oorweging as reaksie op hierdie beswaarskrif:**
**5.2.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis van hierdie beswaar van die gemeente oor doopherinnering, en gee die gemeente toe op die teologiese beredenering dat die doop en nagmaal nie deur ander geleenthede vervang mag word nie. Tog meen die Sinode dat die beswaar hoofsaaklik gegrond is op 'n interpretasie van 'n woord (“ritueel”) in die besluite wat die bedoeling daarmee ver te bowe gaan. Die formulering het bedoel dat daar toepaslike geleenthede geskep sal word vir viering van die heil in Christus.**
**5.2.2.2 Die Algemene Sinode het begrip daarvoor dat sommige lidmate en gemeentes op teologiese gronde ongemaklik is oor die besluite van die 2011-sinode rondom die erkenning van kerkrade se hantering van doopvieringspraktyke as addisionele geleenthede. Derhalwe wil die Sinode kerkrade opnuut oproep om ondubbelsinnig die regsinnige gereformeerde teologie van die sakramente te leer en in gemeentes te praktiseer.**
**5.2.2.3 Die Algemene Sinode besluit om “dooprituele” te ontmoedig omdat doopherinnering deel is van elke doopgeleentheid. Lidmate moet leer leef uit hulle doop. Die Algemene Sinode besluit dat oor doop en nagmaal dieper gepreek en nagedink moet word – as viering van die heil in Christus. Die simboliek en eenvoud van die doop en nagmaal moet opnuut ontdek/ervaar word.**
**5.2.2.4 Lidmate wat die behoefte het om groot gedoop te word, of wat hulle reeds laat herdoop het, behoort pastoraal begelei te word om saam te soek na die belewing van die wonderlike genade en**

**heil van God. Leraars behoort meer moeite te doen om in die bediening van die sakramente mense se behoefte aan troos en versekering aan te spreek.**

## 6. BELYDENISSE EN REGSVERBINTENISSE, ASOOK DIE ONTBINDING VAN DIE NG KERK

**6.1** Beskrywingspunte is van die NG Gemeente Vryheid-Wes oor bogenoemde sake ontvang.

**6.2 AANBEVELING: BESKRYWINGSPUNT VRYHEID-WES OOR SAKE RAKENDE KERKHERENIGING**
**Hierdie saak word verwys na die ATR.**

## 7. HOMOSEKSUALITEIT

**7.1** Die beskrywingspunt van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap se moderamen (ook na aanleiding van die skrywe van Gaum ea) in hierdie verband het betrekking. Die Algemene Sinode Moderamen het 'n taakspan aangewys om hom met 'n prosesvoorstel te bedien oor die hantering van die saak. Die ATLAS wil die volgende aanbevelings aan die Algemene Sinode voorlê:

**7.2 AANBEVELINGS: HOMOSEKSUALITEIT**

**7.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis van hierdie beskrywingspunt/versoek van die moderamen van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland.**

**7.2.2 Die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake versoek die Algemene Sinode om, ook in die lig van die aanwysing van 'n taakspan uit die ASM om met 'n prosesvoorstel na die Sinode te kom,**

**7.2.2.1 die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake betrokke te maak in die NG Kerk se verdere besinning oor sy besluit/standpunt/posisie oor homoseksualiteit;**

**7.2.2.2 in die verdere hantering/besluite van die NG Kerk oor homoseksualiteit, ook kennis te neem van ons ekumeniese vennote se hantering van die saak.**

## 8. BEDIENING VAN BEVRYDING

**8.1** Die volgende beskrywingspunte/ beswaarskrifte is hier ter sprake: NG Gemeente Wonderboom-Suid; NG Gemeente Doornkloof; Sinode Hoëveld; NG Gemeente Oos-Londen-Wesheuwels: Sinode Vrystaat; Sinode Noord-Kaapland; Ring van George; NG Gemeente Vryheid-Wes.

**8.2 AANBEVELINGS: BEDIENING VAN BEVRYDING**

**8.2.1 Die Algemene Sinode neem die besware wat oor hierdie saak handel (punt 7 van die besluit oor die Bediening van Bevryding) baie ernstig op en verseker lidmate en gemeentes dat die sinode hierdie saak op geen manier wil ontduik nie.**

**8.2.2 Weens die kompleksiteit van die saak – asook die groot behoefte aan 'n diepgaande gesprek oor die hermeneutiek (in terme van die vertolking van die Bybel en Belydenisskrifte) – gee die Algemene Sinode aan die nuutgevormde Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake (ATLAS) opdrag om na afloop van hierdie Sinode die kerk hiermee te help sodat ons met 'n dieper verbondenheid aan God en mekaar sal leef.**

**8.2.3 Die Algemene Sinode is eenstemmig oor die bestaan van die bose. Daar is egter duidelik 'n verskeidenheid van perspektiewe in die NG Kerk oor die persoonlike of nie-persoonlike aard van die bose/duiwel. Daarom doen die Algemene Sinode 'n ernstige beroep op lidmate en predikante van die kerk, wat juis draers van die liefde van God moet wees, om nie mekaar se *bona fides* in twyfel te trek en mekaar verdag te maak as daar nie met die ander saamgestem word nie.**

**8.2.4 Die Sinode oordeel dat die bewering in die beskrywingspunt van Vryheid-Wes nie reg is dat daar in die besluite van die Sinode afgewyk word van ons Gereformeerde geloof in die krag van God se Woord wat mense bevry nie. Die standpunt van die Sinode propageer nie allerlei slagspreuke of formules vir bevryding nie.**

## 9. VERHOUDING WETENSKAP EN TEOLOGIE (GELOOF)

**9.1** Daar word tans op meer as een plek in die NG Kerk oor hierdie saak op een of ander manier gewerk en nagedink. Lede van die Taakspan vir Leerstellige Sake is vroeër gevra om iets hieroor vir die Algemene Sinode te formuleer. Ongelukkig kon die volledige Taakspan nou eers in Junie vanjaar (2013) sy eerste vergadering met verteenwoordigers uit al die samestellende sinodes van die Algemene Sinode hou. Die tyd om met 'n deurdagte studiestuk hieroor na die Algemene Sinode in Oktober te kom, is eenvoudig te kort.

**9.2** Die Taakspan het egter 'n studiestuk van die sinode van Wes-en-Suid-Kaap se STLAS bestudeer (*OOR GELOOF EN DIE WETENSKAP*, sien ingesluit in sinode-lêer), wat ontwikkel is as 'n dokument vir kommunikasie met lidmate. Die bedoeling hiermee was om dit as 'n pamflet aan gemeentes beskikbaar te maak. Dit het nog nie gebeur nie. Die Algemene Sinode se Taakspan het nou sekere redaksionele voorstelle aan hierdie dokument gemaak en lê dit graag aan die Algemene Sinode voor.

**9.3 AANBEVELINGS: WETENSKAP EN TEOLOGIE (GELOOF)**

**9.3.1 Die Algemene Sinode besluit om die dokument *Oor geloof en die wetenskap* (afsonderlike publikasie voor die vergadering) as gespreksdokument binne die NG Kerk te ondersteun en moedig**

**kerkrade en gemeentes aan om daarmee openhartige gesprek oor hierdie aktuele saak in hulle eie konteks te stimuleer.**
**9.3.2 Die Algemene Sinode sal enige kommentaar op hierdie dokument met die oog op 'n verbetering daarvan verwelkom. Kommentaar en voorstelle kan gestuur word aan die skriba van die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake (kommunikasie@kaapkerk.co.za).**
**9.3.3 Die Algemene Sinode ondersteun die druk van 'n verbeterde weergawe (indien aanvaarbare wysigings ingedien word) en sal 'n versoek aan Bybel Media in hierdie verband ondersteun met die oog op beskikbaarstelling aan gemeentes.**

## 10. APOSTOLICUM

**10.1** Die resultaat van die opdrag van die Sinodes van 2007 en 2011 word in 'n afsonderlike aanvullende publikasie aan die vergadering beskikbaar gestel.
**10.2 AANBEVELINGS: APOSTOLICUM**
**10.2.1 Die Algemene Sinode aanvaar *Die Apostolicum as eietydse geloofsverantwoording* as raamwerkdokument* vir die kerkverband.**
**10.2.2 Die Algemene Sinode versoek die Kerk se mediamaatskappye om te help om die dokument te publiseer, wyd bekend te stel en in hulle materiaal en publikasies te gebruik.**
**10.2 3 Die Algemene Sinode gee die dokument deur aan die kerkverband mdo op aanwending in die Kerk se teologiese opleiding en VBO, kategesemateriaal, gemeentegebruik in toerustingsgeleenthede en studiemateriaal vir lidmate.**
**10.2.4 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ATLAS om leiding te neem in die uitvoering van pte 2 en 3 hierbo. ATLAS moet ook verantwoordelikheid aanvaar om die dokument in Engels te vertaal en aan die ekumeniese familie, en in besonder die deelnemende kerke aan die Conventus, beskikbaar te stel.**
**10.2.5 Die Algemene Sinode bedank die span teoloë uit die NG Kerkfamilie wat oor 'n tydperk van sewe jaar hard gewerk het om hierdie stuk teologie aan die NG Kerkfamilie en hulle onderskeie kerkverbande beskikbaar te stel.**

***'n Raamwerkdokument is 'n teologiese standpuntinname wat breë lyne gee oor 'n saak wat vir die kerkverband van wesenlike belang is en leiding gee met betrekking tot geloofsonderskeidende gesprek en besinning oor asook gestaltegewing van die betrokke saak in hulle geloof in en lewe voor die aangesig van die Vader, Seun en Heilige Gees.**

## 11. ABORSIE

**11.1** Die Moderamen het, omdat die vorige sinode nie weer 'n ATLAS daargestel het nie, hierdie opdrag laat oorstaan in die verwagting dat die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland in hulle besinning oor menswaardigheid ook aan die aspek sou aandag gee. Dit kon nie gebeur nie.
**11.2** Hierdie opdrag verdien steeds aandag en moet kontinueer word.
**11.3 AANBEVELING: ABORSIE**
**Die Algemene Sinode verwys die opdrag van 2011 oor aborsie na die ATLAS vir aandag.**

Ds Heerden van Niekerk (Voorsitter)
Dr Ben du Toit (Skriba)

# A.10.2 DIE SAMEHANG VAN DIE SAKRAMENTE BINNE VERBONDSTEOLOGIESE PERSPEKTIEF

Die opdrag van die Algemene Sinode (AS 2011) om iets op skrif te stel rondom die vraag na die samehang van die sakramente (vanuit die perspektief van 'n Verbondsteologie) het voortgespruit uit twee verslae wat voor die sinode gedien het, te wete die ADGO-verslag oor die moontlikhede en voorbehoude van 'n praktyk van doopviering en 'n verslag van ATLAS rondom Vraag en Antw 80 van die Heidelbergse Kategismus, wat handel oor die Roomse mis.

Reaksie op die ADGO-verslag by wyse van 'n beskrywingspunt van die gemeente Vryheid-Wes (rakende doopherinnering en rituele) is ook deur die taakspan in behandeling geneem en verreken in die opstel van die verslag.

## 1. VRAAGSTELLING

Die uitgangspunt van die taakspan wat verantwoordelik is vir die verslag, is dat die *relatiewe verselfstandiging* van die sakramente ten opsigte van mekaar, verarmend inwerk op ons beskouing van die (aard van die) heil. Positief gestel: ons is van mening dat die *saamhou van die twee sakramente* in hulle onderskeie eienaardigheid, die algemene teologiese nadenke en die sakramentsteologiese nadenke in die besonder, ten goede kom met die belofte om by te dra tot die verryking van ons geloofsverstaan en gemeentelike praxis.

Daar kan historiese oorsake aangedui word vir die 'verwydering' wat binne Protestantse geledere ontstaan het tussen die sakramente ten opsigte van teologiese verstaan en gemeentelike praxis. Enersyds was dit die impuls van uitermatige klem op die rasionele waarin die ortodokse verstaan van die sakramente benadruk is. Dit het fikserend en verstarrend ingewerk en min ruimte gelaat vir die sakramente as (Woord)**gebeure** wat kerugmaties, dinamies en pastoraal-prakties troos en sekerheid 'vanuit 'n Ander oord' bemiddel. Andersyds het die Protestanse leerbeslissings in die konflik van interpretasie rondom die sakramente op twee (verwyderde) fronte aan die orde gekom. In die vraag rondom die betekenis van die Nagmaal is die kritiek van die Protestante[1] verwoord teenoor die teologie agter en die praktyk van die Roomse mis. In die vraag rakende die betekenis en praktyke rondom die doop is dit veral die Anabaptiste, en later Pentakostalistiese en Charismatiese groepe, wat die 'korrigerende' bydraes van die Gereformeerdes moes aanhoor. Dit bly ongekwalifiseerd tragies dat juis die sakramente as sigbare tekens van eenheid, heiligheid, katolisiteit en Christelikheid by uitnemendheid die verdelende faktor binne die huis van die Christendom geword het.

## 2. AANPAK EN OPBOU VAN DIE VERSLAG

Die verslag bestaan grondliggend uit twee dele. In die eerste deel word daar kortliks na die twee sakramente gekyk in die lig van die Belydenisskrifte. In die tweede gedeelte word die vraag na die **samehang** van die twee sakramente onder die loep geneem en belig aan die hand van enkele verbondsteologiese koördinate.

## 3. DOOP EN NAGMAAL BINNE DIE KONTEKS VAN DIE BELYDENISSKRIFTE

'n Mens se totale teologie word weerspieël in die wyse waarop jy die sakramente verstaan. Juis dáárom het die sakramentsleer in die brandpunt van die Hervorming gestaan. Eerste aan die orde is die vraag hoe belangrik die sakramente vir 'n mens is. Die NG Kerk word deesdae dikwels daarvan beskuldig dat die sakramente vir ons te belangrik is. Daar word bv deur sommige beweer dat ons reken dat as 'n baba eenmaal gedoop is, dan is die een se plek in die hemel verseker – ongeag. As dít waar is, is ons baie naby aan die sakramentsbeskouing wat die Rooms-Katolieke Kerk leer. Is die beskuldiging waar? Wat leer die NG Kerk regtig? Vir gereformeerdes staan die Woord altyd sentraal. Wyle prof. Flip Theron het dit eenmaal so gestel: "Die verkondiging van die Woord is nie maar net mededelings *oor* die heil nie – dit is mededeling *van* die heil." Wanneer 'n mens die Woord *hoor* én dit *glo*, *het* jy die ewige lewe, sou Johannes eeue gelede al gesê het (Joh. 5:24). By die Rooms-Katolieke Kerk het die Woord al meer en meer aan die sakrament ondergeskik geraak – sóveel só dat Woordbediening langsamerhand verskraal is tot blote voorbereiding op die ontvangs van die sakrament. Gaandeweg word die sakrament die heilsmiddel by uitnemendheid en uiteindelik die uitsluitlike heilsmiddel.

[1] Binne Protestantse geledere was daar nooit 'n 'eenduidige verstaan' van die sakramente en met name dan die Nagmaal nie. Die veralgemenende opmerking moet nie die feitelike toedrag van sake rakende die meningsverskille wat bestaan het, versluier nie.

Vier verwysings toon hierdie ontwikkelingsgang duidelik aan:
***** Hugo van St Victor (c.1096 - 1141) leer: *"'n Sakrament is die sigbare vorm van die onsigbare genade wat in die sakrament verleen word"*.
***** Petrus Lombardus (1100 - 1160) gaan 'n stappie verder: *"Die sakrament bevat die genade en verleen die genade aan diegene wat dit waardig ontvang."*
***** Dan kom die konsilie van Trente (13 Desember 1545 tot 4 Desember 1563). In kanon 7 word die ban uitgespreek oor almal wat ontken dat *"... die genade altyd en aan almal, wat God betref, gegee word – ook al ontvang hulle dit nie behoorlik nie*".
***** En in kanon 8 word die ban ook uitgespreek oor almal wat sê dat die genade *"... nie ex opere operato in die sakramente verleen word nie, maar dat slegs die geloof in Gods beloftes genoeg is om die goddelike genade te verkry."*

Met die uitdrukking "*ex opere operato*" wil Rome min of meer die volgende sê: die Een wat in die sakramente werksaam is, is tog die Here self. En wat Hý doen, is immers goed gedoen en dit het effek. Dáárom deel die sakramente die volle heil mee.

Vir Rome beteken dit dat die sakrament van die doop effektief al 'n mens se sonde wat hy/sy tot op daardie stadium gedoen het, afwas. Net so by die mis (nagmaal): die gebruiker kry effektief 'n stukkie van die Here se (ware) liggaam en 'n slukkie van sy (regte) bloed en daarmee saam uiteraard al die heil wat Sy liggaam en bloed inhou.

Die verskil van die gereformeerdes met Rome gaan geheel en al nie oor die *objektiwiteit* van die sakramente nie. Dit beteken dat die sáák waarom dit gaan in die sakrament glad nie afhang van die deugdelikheid van die bedienaar óf van die ontvanger van die sakramente nie.

Waar Rome egter sê dat: "...*die volle GENADE altyd en aan almal, wat God betref, in en deur die sakrament gegee word – ook al ontvang hulle dit nie behoorlik nie*...", sal gereformeerdes sê dat: "*die BELOFTE van al die Here se genade altyd en aan almal, wat God betref, gegee word – ook al ontvang hulle dit nie behoorlik nie.* Die Skrif vra dat ons dit wat aan ons belowe word, moet gló. Die sakramente werk nie buite die geloof om nie.

Die sakramente se werking is vir Rome iets wat outomaties, vanselfsprekend gebeur: as dit aan jou bedien is, hét jy terselfdertyd alles wat die sakramente verteenwoordig of uitbeeld, ontvang. Die ontvanger se *subjektiewe disposisie* (geloof) speel géén rol in die verband nie. So 'n standpunt kan lei tot growwe onverskilligheid. Vir 'n gereformeerde is dit ondenkbaar - selfs heiligskennis - dat die heil vanselfsprekend, buite die geloof om, aan enige iemand meegedeel kan word.

Die verskil gaan dus eintlik om die leer van die regverdiging deur die geloof alleen. Die sakramente word van Godsweë in alle erns en opregtheid gegee, maar mens deel nie in die seën daarvan as 'n mens dit wat die sakrament uitbeeld nie van harte glo nie. 'n Voorbeeld: Judas Iskariot het die sakrament uit die hand van die Here self ontvang, maar nie die sáák of waarheid van die sakrament nie. Die saak, die waarheid van die sakramente is Jesus Christus self.

Opsommenderwys gaan dit om:
* die verhouding tussen die Woord en die sakramente;
* die vraag of die sakramente noodsaaklik is vir die heil;
* die korrelasie tussen geloof en die sakramente.

Vir Rome is alle genadeverlening aan die sakramente te danke. Van die wieg tot die graf word die genade deur die sakramente die mens ingestort, vermeerder of herstel. Die pous het reeds in 1439 (Dekreet 695) (vry vertaal) verklaar: "*Deur die doop word ons geestelik wedergebore; deur die vormsel (by ons is dit die belydenis van geloof) word die genade in ons vermeerder en word ons in die geloof bekragtig; ons word deur die goddelike voedsel van die Eucharistie (nagmaal) wedergebore, versterk en gevoed; indien ons deur sonde 'n siekte van ons siel opdoen, word ons deur die boete geestelik genees; ons word geestelik en liggaamlik deur die laatste oliesel genees na gelang van wat vir ons gees nodig is; deur die ordening (van die priesters) word die kerk regeer en op 'n geestelike manier vermeerder en deur die huwelik groei die kerk liggaamlik*." Die Roomse Kategismus (II 1, 6) sê dit so: "*Het sacrament is een aan de zintuigen onderworpen zaak, die krachtens Gods instelling het vermogen heeft de heiligheid en gerechtigheid te betekenen en te bewerken*." Teenoor Rome leer die Hervormers dat die Here die

sakramente *by die Woord van die evangelie gevoeg het*. Dit beteken dat die Woord genoegsaam of voldoende is. Nie die sakrament nie, maar die *Woord* is die genademiddel by uitnemendheid.

God se Woord is skeppingsmagtig: die Woord van God het die vermoë om geloof, heiligheid en geregtigheid te bewerk wanneer dit geglo word. Reeds Augustinus het gesê: Nie die sakrament nie, maar die Woord regverdig; ons word geregverdig nie omdat die sakramente *bedien* word nie, maar omdat dit *geglo* word. Vandaar stelling 38 (van die 95 stellinge) van Luther: "Glaubst du, so hast du; glaubst du nicht, so hast du nicht" (vry vertaal: "Wat jy glo, het jy!). Die Nederlandse Geloofsbelydenis leer duidelik dat die sakramente "...*sy beloftes aan ons ... beseël..."* en dat die Here dit *"... by die Woord van die evangelie gevoeg (het) om vir ons uitwendige sintuie des te beter voor te stel wat Hy ons deur sy Woord te kenne gee ...*". Omdat die Woord genoeg is, sê die Nederlandse Geloofsbelydenis dat "*ons goeie God, omdat Hy rekening hou met ons stompsinnigheid en swakheid, die sakramente vir ons ingestel het...*" Dit is eintlik 'n skande dat ons die Here God nie op sy Woord wil neem nie! Ons is inderdaad *stompsinnig*, of as jy sag oor ons wil oordeel, *swak*. Daarom dat Luther ook sê dat die nagmaal in 'n sekere sin 'n baie *weelderige* maaltyd is. Die geykte gereformeerde uitdrukking lui dat die sakramente *tekens* en *seëls* van God se beloftes aan ons is waarmee Hy ons *voed en versterk* vir die ewige lewe:
*Dit is tekens vir ons *ander* sintuie: in die Woord *hoor* ons, in die sakramente *sien* ons, *proe* ons, *ruik* ons, *tas* ons.
*Dit is seëls wat die Here onderaan sy beloftes aan ons plaas. Daarmee bekragtig Hy – Hy lê as't ware 'n eed af (sien Heb 6:13) – dat Sy beloftes waar en waaragtig is vir ons.

Dit is nou sonder meer duidelik dat die sakramente ons geestelik *voed en versterk* vir die ewige lewe. Uit bogenoemde is dit voorts baie duidelik dat die *Handelende Subjek* by die bediening van die sakramente die Here self is. In die bediening van die sakramente gee die Here inderwaarheid Homself aan ons en ons is bloot die ontvangers daarvan. Die feit dat ons móét glo dat die Here Homself aan ons meedeel, maak ons nie nou die handelende subjekte nie. Ons geloof is as't ware net 'n leë emmer waarin God sy genade stort. Ons kan selfs so ver gaan as om te sê ons is nie handelende subjekte nie, maar passiewe ontvangers. Hierteenoor lê die Anabaptiste alle klem op die subjektiewe ingesteldheid van die mens en ken beswaarlik die objektiewe heilshandeling van die Here in die sakramente. In hulle verstaan van die sakramente is die gelowige die handelende subjek: jý laat jou doop omdat jý gehoorsaam is en jý gebruik die nagmaal omdat jý daarmee die dood van die Here verkondig. Die gebruik van die sakramente is vir hulle van begin tot einde 'n daad van die gehoorsame siel.

## 4. WOORD EN SAKRAMENT, DOOP EN NAGMAAL

Wie oor die sakramente nadink, moet daarmee rekening hou dat daar 'n geskiedenis van tweeduisend jaar daaragter sit. Al die nuanses wat as gevolg van nuwe beklemtonings, herinterpretasies en die ontstaan van nuwe 'denkskole' meegeklink het in die gesprekke rondom die sakramente, het die oorlewering in die verband gekompliseer. In die Skrif self is daar met betrekking tot die doop alreeds apologetiese tendense aan te dui wat niks anders kan beteken as dat daar toe reeds konflik van interpretasie was nie.[2] Ook wat die nagmaal betref, is daar byvoorbeeld kritiese opmerkings oor die Nagmaalspraktyke in Korinthe. Hierdie toedrag word onmiddellik herlei na 'n gebrekkige verstaan van die verhouding tussen Christus en Sy gemeente en die daarmee-samehangende verhoudinge tussen gelowiges onderling. In wat volg, poog ons om die saaklike samehang van die sakramente kortliks te verken ten einde die 'toegevoegde waarde' uit te lig wat die verrekening van die twee se onderlinge aangewesenheid op mekaar inhou. Ook in die verband geld dat verstaanshulp tegelyk bestaanshulp is.

## 5. DIE SAKRAMENTE: IN DIE 'BEDDING' VAN DIE OORLEWERINGSGEMEENSKAP

Die doop en Nagmaal is histories te ken uit die kerklike praktyk van die Woordverkondiging en die sakramentsviering nog voordat nadenke daaroor skriftelik vasgelê is. Die historiese verbintenis tussen Woord en sakrament is nie maar 'toevallig' nie; dit is *intrinsiek* van aard; die sakrament is nie bloot 'n verduidelikende addendum by die Woord nie, maar die sigbare gestalte van die Woord**gebeure**![3] Sonder

---

[2] 1 Petrus se opmerking dat die doop nie die afwassing van die vuil is nie, maar die bede tot God om 'n skoon gewete.

[3] Die Gereformeerde belydenisskrifte verstaan die sakramente deurlopend as tekens en seëls van God se belofte. Daarom is die sakrament 'n modus van die verkondiging. Die sakrament het nie 'n 'eie lewe' los van die Woordgebeure nie, maar is deel van die Woordgebeure self. As *betuiging*, bevestiging, versekering van die heil, is die sakrament tegelyk *viering* van die heil. As seël en teken is die sakrament daarom nie minimalisties 'bloot simbool' en pedagogiese ritueel nie, maar letterlik 'simbool' in verwysende en partisiperende sin. Binne die konteks van die Woordgebeure en 'binne' die korrelasie van Woord en geloof,



Inhoudsopgawe

die sakramentsviering is die Woord abstrak, sakramentsviering sonder die Woord op sy beurt rite sonder rigting en intensie. Hierdie 'twee-eenheid' van Woord en sakrament geskied gebeurend binne die kerk as geloofsgemeenskap (gemeenskap van die heiliges binne die gemeenskap van heil) ... met die oog op die wêreld[4]. Dit is so dat die NT tendensliteratuur is: kontekstueel en gerig op die eksistensiële vrae en heersende toestande van gemeentes. Nêrens in die NT vind ons 'n uitgewerkte leerstuk oor die doop of gesistematiseerde nadenke oor die Nagmaal nie. Binne die verskillende oorleweringsgemeenskappe het die (wan)praktyke van die doop en die nagmaal verdere nadenke gestimuleer wat daarop uitgeloop het dat gemeentelike praktyk en geloofsverstaan binne 'n 'aangesuiwerde' teologiese raamwerk aan die orde gekom het.[5]

## 6. WOORD EN SAKRAMENT

Ons het reeds daarop gewys dat woord en sakrament onlosmaaklik saamhang. Die heil wat verkondig word en in-der-daad meegedeel word in en deur die Woord, word in die sakrament teenwoordig gestel (vierend uitgewys as teenwoordige werklikheid).[6] In hierdie sakramentele aanwysing gaan dit om die kern van die Evangelie – God se daad van liefde tot redding van die wêreld in die *lewensoorgawe* van Sy Seun. Daarom gaan dit in die sakramente primêr om wat God gedoen het; daarom is die trinitariese spreiding en die fokus op die kruis(gebeure ) onmiskenbaar in die middelpunt.[7] In Paulus se samevatting van die kern van die prediking noem hy dit die woord van die kruis. En die elemente van die sakramente (water, brood en wyn) lê hierdie kern van die prediking, die lewensoorgawe van Christus, uit as die Bron van heil vir die wêreld. 'n Mens sou nog meer toegespits kon sê dat die sakramente van doop en nagmaal hulle diepste sin vind in die 'uitleg' van die Sakrament van die Godsontmoeting, Jesus Christus.

## 7. DIE VERHOUDING TUSSEN DOOP EN NAGMAAL

In die lig van die sakramentele teen***Woordi***gstelling van die (een, ongedeelde) heil, is die vraag na die verhouding tussen doop en nagmaal eintlik te verwagte. Hoe sou die twee sakramente saamhang? Laat hulle onderlinge aangewesenheid op mekaar iets van die 'grammatika', iets van die spraakreëls van die geloof en mitsdien van die heil duidelik word? Eberhard Jüngel praat graag van die sakramente as geïnstitusionaliseerde Godservarings. As Godservarings is dit ***heils***ervaring, ervaring in die sin van meegeneem-word deur die een, enige God in die trinitariese rykdom van Sy eie bestaan ... wat oop is na die mense toe. Dit is die ***een*** heil wat 'ervaar' word en ter sprake kom vanuit verskillende perspektiewe. Die swaartepunt van die doop as genadige insluiting, as *inkorporasie* in die liggaam van Christus, waarvan Hy die Hoof is, het die belangrike ondertoon dat jy/ons *ingedoop* is in die een heilige algemene Christelike kerk van die eeue![8] Ons 'eie' doop laat ons deelhê aan die doop waarmee die kerk van die eeue gedoop is.[9] Die gemeente, diegene wat by geleentheid die eerstelinge van die nuwe wêreld genoem word, vind *kragtens Gods werk* 'n nuwe tuiste – dit is kragtens hierdie werk van God dat die kerk 'n kosmies-eskatologiese teken word/is van die vrede, die herskepping wat kom![10] Wie ‚ingedoop' is in hierdie nuwe 'werklikheid' waarvan Christus die Hoof is, kan prinsipieel gesproke nooit weer as verenkelde ter sprake kom los van God, van Sy genadige verbintenis aan ons en van die geloofsgemeenskap nie. Teenoor die hooplose veroudering en verenkeling ('incurvatus in se ipsius', die inbuig in sigself, soos Luther by geleentheid oor die sonde sou praat) is die tog/reis wat meegemaak word rondom die **nagmaal**stafel die ervaring van nuwe syn as ***gemeenskap*****syn**. Vanweë ons behorendheid aan die Here kragtens ons ingedoop-wees as lede-mate van

---

is die sakramente 'n dimensie van die Woordgebeure en as sodanig sigbare, performatiewe taalgebeure.

[4] Let op die sterk missionale motief wat ter sprake is in die sakramentsviering as viering van die heil. Vgl Matt 28 en die Nagmaalsformulier'.

[5] Dink in die verband aan die verskille tussen die Pauliniese en 'Lukanese doopverstaan met Lukas se skematisering van die heilsgeskiedenis.

[6] Streng gesproke stel die sakramente nie die Lewende Heer teenwoordig nie, anders om. **Omdat** Hy die Teenwoordige is, word water, brood en wyn sakramentele heenwysing /aanduiding/versekering van Sy teenwoordigheid.

[7] Moltmann praat van die doop as die praxis van die Triniteitsleer.

[8] Hierdie eienskappe van die kerk (eenheid, heiligheid, katolisiteit, Christelikheid) hang elkeen op besondere wyse met die doop saam. Die etiese appél van die doop is immers om vanuit die verbondenheid aan Christus nuut te leef! Presies dieselfde is waar van die nagmaal; die notae ecclesiae word sigbaar vergestalt waar gelowiges rondom die tafel van die Here saam is.

[9] Hierdie beklemtoning van die korporatiewe lê lynreg teenoor die laat-moderne Westerse individualisme en die ego-sentriese instelling van 'n verbruikerskultuur.

[10] Vgl PF Theron se Ekklesia as kosmies-eskatologiese teken



Inhoudsopgawe

die liggaam van Christus, behoort ons ook aan mekaar. Wat ons kragtens ons gemeenskaplike doop is, vier ons rondom die Nagmaalstafel as *een en dieselfde saak*, (heil van Godsweë) maar vanuit verskillende perspektiewe. Wat ons van Godsweë in Christus het, moet ook in onsself tot vrug kom; Gods werk *ter wille van* ons (pro nobis et extra nos) word ook Gods werk *in ons* (in nobis). Die inisiatief bly in Gods hand, maar Sy werk neem ander 'kontoere' aan. Só werk Hy in ons dat ons in vryheid en van harte begin saamwerk. Nie samewerking ***sodat*** Hy ons moet red nie, maar samewerking ***omdat*** Hy ons om Christus ontwil *reeds* Syne gemaak het. In hierdie samewerking, die mee-doen met God vanuit die gemeenskap met Hom (en met mekaar), herken ons die ruimtes van ons vryheid en strek ons ons gemeenskaplik daarna uit! Rondom die Nagmaalstafel bot en bloei die eerste vrug van die nuwe wêreld; onderlinge liefde, eenheid[11], versorging, mededeelsaamheid en vreugde oor die gemeenskaplike hoop; dit vier ons verkondigend ... todat Hy kom!

## 8. SAMEHANG VAN DIE SAKRAMENTE EN AARD VAN DIE HEIL

Sê die samehang van die sakramentele perspektiewe op die werk van God ter wille van, in en deur ons iets oor die aard van die heil? Inderdaad. Die nuwe lewe is syn-in-ontvangs, en daarom pas die ***eucharistia,*** die dank aan God met hart en mond en hande by ons. Selfs hierdie dankbaarheid het ons nie in onsself nie, daarvoor moet ons oë telkens weer oopgemaak word, sodat ons hoe langer hoe meer die diepte van die barmhartigheid van die Here sal aanbid deur Hom te dien met ons hele lewe.

Waar en wanneer behoort ons hierdie heil-van-Godsweë te vier? Oral en altyd! Die heil moet vierend geleef en lewend (di konkreet beliggaam) gevier word: eties, prakties, liturgies, sakramenteel, misties, samevattend, in die erediens van die lewe! **Maar nie deur te *herdoop* nie!!** Herdopery krap die 'sintaksis' van die groot gesprek tussen hemel en aarde deurmekaar. Dit val God in die rede onder die voorwendsel dat jy baie mooi wil luister na wat Hy sê. Die (sakramentele) ruimte van die viering van die doop as viering van die heil is die nagmaalstafel, en dit so dikwels as moontlik! Die toegee aan die matelose individualisme van die moderne tyd, die verwaarlosing van die nagmaal in Protestantse geledere en die gevolglike 'verwydering' tussen die sakramente, is van die belangrikste redes hoekom ons tans 'n krisis rondom die doop beleef. Die in-gebruik-neming van 'maatreëls' wat op gespanne voet staan met die aard van die heil soos dit konfessioneel verwoord is, sal nie die antwoord wees aan die hand waarvan ons teruggelei kan word om weer by die Begin te begin nie[12]**.** Bovermelde oorvleuel in 'n groot mate met die besorgdheid wat in 'n beskrywingspunt van die NG Gemeente Vryheid-Wes verwoord word[13].

## 9. SAKRAMENTE EN SOSIALE ETIEK

Ons het vroeër daarop gewys dat die sakramente sigbare prediking (Woordgebeure) is. As sodanig deel dit 'n karaktertrek met die kerugma, dit word 'Zeitansage', dit roep die tyd uit, sê hoe laat dit is. Die Evangelie is

---

[11] Uit baie druiwekorrels een wyn en uit baie koringkorrels een brood... sê die ou Nagmaalsformulier

[12] Enige rituele wat verwydering tussen die sakramente tot gevolg het, behoort ten alle koste vermy te word. So ook praktyke wat suggereer dat dit in die sakramente primêr gaan om dit wat ons doen.

[13] Bg opmerking hang saam met ATLAS se beoordeling van en antwoord op 'n beskrywingspunt ontvang van die gemeente Vryheid-Wes in verband met doopherinnering en rituele. Die volledige antwoord lui as volg:

1. Die Algemene Sinode neem kennis van hierdie beswaar van die gemeente oor doopherinnering, en gee die gemeente toe op die teologiese beredenering dat die doop en nagmaal nie deur ander geleenthede vervang mag word nie. Tog meen die Sinode dat die beswaar hoofsaaklik gegrond is op 'n interpretasie van 'n woord (ritueel) in die besluite wat die bedoeling daarmee vêr te bowe gaan. Die formulering het bedoel dat daar toepaslike geleenthede geskep sal word vir viering van die heil in Christus.
2. Die Algemene Sinode het begrip daarvoor dat sommige lidmate en gemeentes op teologiese gronde ongemaklik is oor die besluite van die 2011-Sinode rondom die erkenning van kerkrade se hantering van doopvieringspraktyke as addisionele geleenthede. Derhalwe wil die Sinode kerkrade opnuut oproep om ondubbelsinnig die regsinnige gereformeerde teologie van die sakramente te leer en in gemeentes te praktiseer.
3. Die Algemene Sinode besluit om "dooprituele" te ontmoedig omdat doopherinnering deel is van elke doopgeleentheid. Lidmate moet leer leef uit hulle doop. Die Algemene Sinode besluit dat oor doop en nagmaal dieper gepreek en nagedink moet word as viering van die heil in Christus. Die simboliek en eenvoud van die doop en nagmaal moet opnuut ontdek/ervaar word.
4. Lidmate wat die behoefte het om groot gedoop te word, of wat hulle reeds laat herdoop het, behoort pastoraal begelei te word om saam te soek na die belewing van die wonderlike genade en heil van God. Leraars behoort meer moeite te doen om in die bediening van die sakramente mense aan te spreek.



Inhoudsopgawe

'n 'tydwoord', dit sê dat die oue verby is en die nuwe gekom het. Presies so die sakramente. 'Julle is gedoop' is die uitroep van die aankoms van die nuwe tyd! Moet dus nie langer soos heidene lewe nie. Net so roep die nagmaalsviering op tot geleefde eenheid, tot sin vir versorging, medelye en geregtigheid in 'n konkrete situasie.[14] In die saaklike samehang van die sakramente (as tydwoord-gebeurtenisse), word die kerk as geloofsgemeenskap getrek deur die toekoms, beter, deur die Toekomende; die lotsverbondenheid met Christus in Sy opstanding het ons reeds in Hom maar nog nie voltooid in onsself nie (Rom 8) en die *memoria passiones* hou net aan todat Hy kom. Waar die sakramente nie meer hierdie sin vir hoe laat dit al is (Rm 13:11) wakker roep nie, nie meer eskatologiese 'tydsaanduiding ' is nie, daar kan dit ook nie meer egte viering van die heil wees nie.

Beide doop en nagmaal is tegelyk vierende terugkruip in die eskatologiese geskiedenis van die heil én hoopvolle instap in die vervullende toekoms van die Here. In beide gevalle van die doop en die nagmaal, word hierdie perspektief konkreet uitgelig ; '... en kyk, Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld ...' wanneer ek die nuwe wyn sal drink in die basileia van my Vader.

## 10. 'N WEG UIT DIE EENSAAMHEID?

Waarheen nou? Terug na die verkondiging en viering van die werklike teenwoordigheid[15] van die Lewende en Lewendmakende God ... todat Hy kom. Die plek, die locus van hierdie viering, is nie in die hemel 'sodat jy moet opklim soontoe' of die onderaardse dieptes 'waarna jy moet afdaal' nie, maar in die aangryping van die nabye Woord (die nabyheidsgestalte van die Here) wat in jou mond en in jou hart is, die Woord wat aan ons verkondig is en steeds word. Die weg uit die eensaamheid begin in die gemeenskap van die gelowiges ... rondom die kombuistafel waar ons vir ons kinders vertel wat dit beteken dat ons as huisgesin (saam met ander gelowige gesinne) die merkteken van God se liefde dra en daarom Syne is vir tyd en ewigheid. Die sakrament rondom die nagmaalstafel se gloed moet die erediens van die lewe (rondom die kombuistafel ... en oral waar God ons aantref) verlig en rig. In die huis se fotogalery met momentopnames van die denk- en herdenkingswaardige, moet – by wyse van spreke – die doopseels (die kinders en die ouers s'n) hang! Die troos van die Evangelie moet aan ons kinders 'uitgelê' word – in jou lewe moet hulle sien wat die belofte, die erewoord van die Here aan mense doen! Egte reformasie begin in die huis!

Die krisis rondom kerk en sakrament, rondom samelewing en sosiale verantwoordelikheid, het ook in die huis begin – in die afwesigheid, die swye, die lewensinstelling van verabsoluteerde individualisme, hedonisties afgestem op die hoogs moontlike vervulling van die vlietende begeerte. In die innerlike verlatenheid van kinders (en grootmense!) wat aan hulle eie genade oorgelaat word om te gryp na elke halm wat (dalk) die belofte dra van lewensbevestiging, van onvoorwaardelike aanvaarding, van egte selfskenkende sorgsaamheid, behoort die geloofsgemeenskap in al die gestaltes van same-syn (gesin, wyk, gemeente) 'uitstralingskerne' van hoop en troos te wees. Die 'mandaat', die aanmoediging, die oproep daartoe, is die doop waarmee die kerk van die eeue (en dus ook ons!) gedoop is, díe doop wat ons telkens sáám vierend beaam as ons oor die nagmaalstafel na mekaar en na die wêreld kyk.

## 11. AANBEVELINGS: SAMEHANG VAN DIE SAKRAMENTE IN VERBONDS-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

**11.1 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om in die *viering* van die sakramente die belydenis van die kerk voor oë te hou en die samehang van die twee sakramente te verreken.**
**11.2 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om in die *kategetiese onderrig* die samehang van die sakramente uit te lig en die kardinale rol daarvan in die proses van geloofsformasie tot sy reg te laat kom.**
**11.3 Die Algemene Sinode moedig *ouers* aan om in hulle *saamleef met hulle kinders* die troosryke werklikheid van die sakramente na die oppervlak te laat kom in gesprek en lewensvoorbeeld in ooreenstemming met die doopbelofte.**

Dr Andries Kritzinger
Ds Gert Duursema

[14] Dink aan die wanpraktyke by die nagmaal in Korinthe, die versteurde verhouding tussen ryk en arm, die in-gebreke bly om die liggaam van die Here te onderskei.
[15] Die praesentia realis Christi mag nie beperk word tot 'n spesiale vraag m.b.t. die Nagmaal nie. Dit is voluit te handhaaf wat die Woordverkondiging en die doop (!) betref.



Inhoudsopgawe

# A.10.3 DOOPHERINNERING EN DOOPHERDENKING

## 1. OPDRAG VAN DIE ALGEMENE SINODE 2011

Die Algemene Sinode gee aan ADGO opdrag om ’n taakspan te benoem wat ondersoek doen na wyses waarop daar aan doopherinnering/doopherdenking gestalte gegee kan word.

## 2. TAAKSPAN

Drr Elsje Büchner (sameroeper), André Bartlett, prof Cas Wepener en ds Freddie Schoeman.

## 3. VERBOND EN DOOP: 'N TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

Wat is die verbond? Wat is verbondsteologie? Wat is die betekenis van die doop en wat is die verband tussen doop en verbond? Watter rol speel ons verstaan van die verbond wanneer ons liturgieë en gesinsrituele wil ontwerp om die doop in herinnering te roep?

**Verbondsteologie**

Verbondsteologie is ten diepste 'n hermeneutiese sleutel (Packer 1990). Dit help ons om die teologiese boodskap (of ten minste 'n groot deel daarvan) van die Bybel te ontsluit en/of begripsmatig te organiseer. Soos wat 'n raam die kyker in staat stel om 'n portret of skildery duideliker te sien, so is die verbond die raamwerk waarbinne die boodskap van die hele Bybel helderder verstaan kan word. Die verbondsformule, “Ek sal vir jou/julle 'n God wees ...”, is 'n refrein wat in beide Testamente telkens herhaal word, onder andere in Genesis 17:6-8, Eksodus 20:2, 29:45 ev, Levitikus 11:45, Jeremia 32:38, Esegiël 11:20, 34:30 ev, 36:28, 2 Korintiërs 6:16-18 en Openbaring 21:2 ev). Dit omvat alle handelinge tussen God en mense.

Die verbond speel 'n groot rol in die gereformeerde deel van die reformasie en die verbondsteologie het grootliks in gereformeerde kringe ontwikkel. Zwingli het aanvanklike insette gelewer en dit is later deur sy opvolger in Zürich, Bullinger, verder ontwikkel. Calvyn was egter die eerste om dit sistematies en integraal deel van sy teologie te maak.

Calvyn gebruik die gedagte van die verbond teologies as 'n hermeneutiese sleutel en as organiseringsprinsipe wanneer hy in die tweede deel van die Institusie (hoofstukke 10 en 11) oor die verbond handel. Calvyn handhaaf die eenheid tussen die oue en die nuwe. *“Die beloftes van die evangelie geld dus nie net vir die gelowiges onder die Nuwe Testament nie, maar ook vir die onder die Ou Testament”* (Institusie 2.10.3). *“Die gelowiges onder die Ou Testament het dus nie net dieselfde beloftes van die ewige lewe gehad nie, maar dit is ook deur geestelike sakramente aan hulle verseël”* (2.10.6).

Calvyn se verbondsbegrip hou rekening met beide die kontinuïteit en diskontinuïteit tussen die verbond wat God met Israel opgerig het en die verbond wat Hy met ons opgerig het. Hy verklaar dat hierdie twee verbonde wesenlik een is. *“Die verbond wat God met die vaders opgerig het, verskil in die geheel nie van die wat Hy met ons opgerig het in sover dit die wese daarvan betref nie”* (2.10.2). Hy verdedig die eenheid van die Ou en die Nuwe Testament (verbond) teen Servet en “sommige dwase uit die sekte van die wederdopers”. Volgens hom het die sienswyse van sy teenstaanders “die Joodse volk 'n klomp swyne” gemaak wat “deur God vet gevoer is op die aarde sonder enige hoop op die hemelse heerlikheid” (kyk 2.10.1).

Daar is egter 'n verskil (diskontinuïteit) en die verskil lê in die “bediening”. Calvyn lig dit in hoofstuk 11 van die tweede deel (boek) van sy Institusie uit. Dit sluit in: die verskil tussen die wet en die evangelie asook die roeping van die heidene in die nuwe teenoor die toespitsing op een volk in die oue (2.11.12-13).

**Verbond**

In die Nuwe Testament is dit veral Paulus wat die verbondsbegrip sistematies en konsekwent hanteer ten spyte van die gebeurlikheidsaard van sy geskrifte. Hoewel die woord *diatheke* nie baie in die Pauliniese literatuur voorkom nie (dit kom in nege teksverse voor, drie daarvan in Galasiërs 3-4), funksioneer die verbond duidelik deurgaans as 'n sentrale deel van Paulus se teologie.

Wanneer ons na Paulus se verbondsbegrip kyk, sien ons dat dit ten nouste saamhang met die volgende konsepte:
* Die koms van Jesus as die Messias wat die verbondsbelofte kom vervul;
* Die konsep van regverdigmaking en heil (In teenstelling met die Hervormers van die sestiende eeu was die groot vraag in Paulus se tyd nie “hoe om die ewige lewe te beërwe nie”. Die groot verlange was dat die God



Inhoudsopgawe

van Israel sou ingryp in die geskiedenis en dinge weer regmaak vir sy verbondsvolk wat so lank onderdruk was – dat die ballingskap uiteindelik beëindig sou word. Die Hervormers se groot vraag spruit voort uit die probleem van die sterflikheid van die mens wat waarskynlik 'n obsessie geword vir die mense van die Middeleeue as gevolg van die Swart Dood in die 14de en 15de eeue in Europa.);
* Sy siening van die eskatologie – Paulus se verbondsbegrip het 'n eskatologiese toespitsing (vgl Romeine 8:18 ev).

Om die verbondsbegrip by Paulus te verstaan, is dit nodig om te weet dat hy met 'n "*grand narrative*" werk. Dit is die groot verhaal van God se bemoeienis met die wêreld en die mensdom en wat soos 'n goue draad deur die geskiedenis loop en op pad na 'n einde is. Vir Paulus is die verbond 'n wesenlike deel van die groot verhaal van God se betrokkenheid by mense. Dit is derhalwe noodsaaklik om na die manier waarop hierdie verhaal in Paulus se denke na vore kom, te kyk om te verstaan watter plek die verbond binne die verhaal inneem. Wanneer ons na hierdie verhaal kyk, dan is ons nie as sodanig besig met narratiewe teologie nie, maar bloot besig om na te gaan hoe dit (die groot verhaal) in Paulus se denke funksioneer.

Hierdie verhaal (en die konsepte hierbo genoem) kan as volg kortliks saamgevat word:
Ten einde die wêreld en die mensdom weer aan hulle skeppingsdoel te laat beantwoord, sluit God 'n verbond met Abraham en sy nageslag. Dit behels die belofte van heil vir die hele wêreld en alle mense. Die koms van die Messias is die vervulling van hierdie beloftes. Almal wat "in Christus" is, is deel van die verbond, deel van God se volk (die verbondsvolk) en ontvangers ("erfgename") van die verbondsbeloftes.

**Die groot verhaal** ("*grand narrative"*)
Wat is die besonderhede van die verhaal wat Paulus konsekwent in sy agterkop gehad het toe hy begin het om sy gedagtes op skrif te stel? Dit kan min of meer as volg weergegee word:

In die begin het God die hemel en die aarde en alles daarop en daarin geskep. Hy het die mense as sy verteenwoordigers (Genesis 1:26) aangestel om die skepping te bewaak en te bewaar (Genesis 2:15). Die mens het egter gerebelleer (Genesis 3) en die gevolg is moord, haat, oorlog, hongersnood, ens (Genesis 3-11). Die mens se rebellie en arrogansie bereik sy hoogtepunt in die bou van die toring van Babel (Genesis 11). God laat egter nie die mense aan sy lot oor nie. Hy gryp in deur in 'n sekere sin van voor af te begin deur 'n verbond met een mens te sluit, naamlik Abraham (Genesis 12, 15 en 17).

Hierdie verbond behels bepaalde beloftes insake land en nageslag. Dit het egter ook 'n baie spesifieke toespitsing (doel): seën vir al die nasies (Genesis 12:3c "In jou sal al die volke van die aarde geseën wees"). God wil 'n nuwe wêreld tot stand bring en Abraham en sy nageslag is sy werktuie. Die verbond getuig van God se vasberadenheid om die bose die stryd aan te sê met die belofte dat die oorwinning uiteindelik behaal sal word.

Die teken van die verbond is die besnydenis (Genesis 17:9-14). Dit sou voortaan die onderskeidende kenmerk wees van iemand wat deel is van die verbond. Die Bybelse verhaal vertel verder van die verbondstrou van die God van Abraham, Isak en Jakob. Toe hongersnood Jakob se seuns in Egipte laat beland het, het Hy die volk deur Moses uitgelei. Die pasga, wat hierdie gebeurtenis in herinnering roep, is ingestel as bevestiging van en herinnering aan God se verbondstrou en liefde vir sy volk.

By Sinaï gee die Here sy wet. Die onderhouding van hierdie wet sou onder andere dien as verdere onderskeiding tussen die verbondsvolk en die omringende heidense volkere. Die oortredings van die wet en die gevolge daarvan (ballingskap, ens) is telkens in die volgende eeue deur die profete uitgelig. Sommige profete het egter ook steeds die doel van die verbond in die oog gehou en verkondig 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde – seën vir al die nasies (bv Jesaja 65).

'n Gedagte wat in die laaste eeue voor Christus sterk begin posvat het, is die verwagting dat God in sy verbondstrou ("sy geregtigheid") gaan ingryp en sy heerskappy vestig, 'n heerskappy wat gebaseer is op geregtigheid en liefde teenoor die dominerende en uitbuitende heerskappy van die Grieke en Romeine. Die eskatologiese protagonis sou die Messias (gesalfde) wees – 'n koninklike en profetiese figuur wat die aardse magte sou oorwin. Die verwagting het in beide 'n profeties-historiese rigting en 'n apokalipties-esaktologiese rigting (Daniël 7-12) ontwikkel.

Die Nuwe Testament tel die groot verhaallyn van die Bybel op met die koms van die Messias. "Die koninkryk van God het naby gekom," kondig Jesus aan. Die verbondsbeloftes gaan in vervulling. Die Messias is die een wat Israel se lang geskiedenis tot sy voorafbepaalde doel tot uitvoer bring. In en deur die kruisiging en opstanding van Jesus word die oorwinning oor die bose behaal. In die proses word die verbond uitgebrei na "al die nasies", soos aan Abraham belowe in die oorspronklike verbondsbeloftes.

Diegene wat “Jesus, gekruisig en opgewek, as die Here” bely en dit in hulle hart glo (Romeine 10:9) word deel van God se volk (“geregverdig”). Die onderskeidende kenmerk is nie meer die besnydenis of die onderhouding van die wet nie. Die onderskeidende kenmerk is geloof (*sola fide*). Op hierdie punt het Paulus sterk gestaan teenoor Jakobus (Jesus se broer en leier van die gemeente in Jerusalem) en die Joodse Christene wat aangedring het op die voortsetting van die besnydenis (vgl Galasiërs 2).

Galasiërs 3:26-29 gee Paulus se siening van die verbond in 'n neutedop weer:
*“[26]Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, [27]want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. [28]Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. [29]En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God.”*

Paulus stel dit duidelik: álmal (Jood én Griek, slaaf én vry, man én vrou) wat in Christus Jesus glo (maw Jesus as Here bely), is kinders van God – nie net diegene wat besny is nie. Diegene wat aan Christus behoort is *ipso facto* ook nakomelinge en erfgename van Abraham (maw deel van die Abraham-verbond) kragtens die belofte van God, nie kragtens die besnydenis nie. Die implikasie is dat diegene wat “in Christus” is, is deel van die verbond. 'n Verdere implikasie is dat die verbond met Abraham nie tersyde gestel word nie, maar vervul word. Met ander woorde die beloftes wat daarmee gepaard gegaan het, is vervul.

**Die doop en die verbond**
Uit die Galasiërs-teks hierbo bespreek, is die plek wat die doop inneem in die nuwe manier waarop die verbond funksioneer baie duidelik. Paulus spel dit uit: Diegene wat “in Christus” is, is deel van die verbond. Hoe word gelowiges verenig met Christus? Paulus se antwoord: deur die doop. Gelowiges word deur die doop deel van God se verbondsvolk, *nie* deur die besnydenis nie.

Nadat Paulus die brief aan die Galasiërs geskryf het, het hy geleentheid gekry om in Korinte te oorwinter. Hy het nou meer tyd tot sy beskikking gehad en kon hierdie aangeleentheid meer sistematies deurdink. Die resultaat kry ons in Romeine 6:1-5: *“Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem? [2]Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe? [3]Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? [4]Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so ’n nuwe lewe kan lei. [5]Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding.”*

Vir Paulus bewerkstellig die doop eenheid met Christus. Hierdie eenheid word uitgedruk met die woorde wat telkens by Paulus voorkom: “in Christus” (bv Romeine 8:1). Die gedagte van gelowiges se verbondenheid met Christus word in Kolossense 2:9-12 verder uitgewerk: *“[9]In Hom is die volle wese van God beliggaam, [10]en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag. [11]Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. [12]Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het.”*

In hierdie gedeelte word daar duidelik voortgebou op die gedagtes van Paulus in Galasiërs 3 en Romeine 6. Hier is dit betekenisvol dat die verbondsteken sedert Abraham, die besnydenis, nie deur mense nie maar “deur Christus” plaasvind uit hoofde van gelowiges se “verbondenheid” aan Christus.

**Eskatologiese toespitsing, regverdigmaking en heil**
Die doel van die verbond was van die begin die redding en heil van die hele wêreld. Mense word nie *uit* die wêreld gered nie, maar die wêreld word *saam met* die mense gered. Die rede waarom God Israel kies, is sodat Hy deur hulle al die nasies van die wêreld kan seën. Om deel van God se verbondsvolk te wees, het beteken om instrumente in God se plan te wees: iets waarin Israel gefaal het. Die Messias is die eskatologiese protagonis, die getroue Israeliet wat God se heilsplan kom implementeer. Deur in Hom te glo, word gelowiges van alle nasies nou ook deel van God se verbondsvolk (*nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God – Gal 3:29*) en daardeur deel van God se plan om die wêreld en die mense daarin nuut en heel te maak.

Wanneer God eendag bekend maak wie sy kinders is (die regverdiges, die lede van sy verbondsvolk), sal die wêreld *bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê* (Romeine 8:21). Gelowiges kan nou reeds weet dat hulle geregverdig is, deel van God se verbondsvolk, deur die feit dat hulle glo dat Jesus die Here is en gedoop is.

**Samevatting**
Ten einde die wêreld en die mensdom weer heel te maak (God se heilsplan), sluit God 'n verbond met Abraham en sy nageslag, die verbondsvolk. Die teken in die Ou Testament dat 'n mens aan hierdie volk behoort het (verbondsteken), was die besnydenis. In die Nuwe Testament word 'n gelowige deel van die verbond en van die verbondsvolk deur te glo dat die gekruisigde en opgestane Jesus die Here is. So word eenheid met Christus bewerkstellig en is 'n persoon “in Christus”, behoort hy/sy aan Hom en is hy/sy aan Hom verbonde. Dit teken hiervan is die doop, 'n besnydenis wat nie deur mensehande nie, maar deur Christus bewerkstellig word. As deel van die verbondsvolk, in die Nuwe Testament *ekklesia* genoem, is elke gelowige 'n instrument in God se hande om sy heilsplan ten uitvoer te bring: nuutgemaakte en heel mense in 'n nuutgemaakte en heel wêreld.

## 4. DOOP EN KONFIRMASIE: 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF

Die feit dat daar probleme en misverstande heers rakende die doop, dat daar 'n behoefte aan dieper nadenke en ook liturgiese kreatiwiteit bestaan en dat die praktyk van herdoop in kerke van gereformeerde belydenis geen opsie is nie, is nie nuus nie. Hierdie situasie is eerder 'n realiteit wat vele gemeentes en lidmate elke dag beleef en sinvol probeer hanteer. Saam hiermee is daar ook geen eenduidige en klinkklare antwoord wat bevredigend vir alle gemeentelike situasies en lidmate sal wees nie.

Vanuit verskillende oorde is al pogings tot antwoorde gebied met verskeie grade van bevrediging. Een van die meer bevredigende antwoorde wat vir 'n wyer spektrum van kontekste leidrade gee, is te vinde in die kerkgeskiedenis, meer presies die liturgiegeskiedenis. Regoor die wêreld kyk kerke vandag na 'n ou proses wat bekend staan as die kategumenaat, wat die naam is vir die doopritueel en doopproses soos wat dit in die kerk van die eerste eeue daar uitgesien het.

In hierdie verslag sal die liturgiegeskiedenis breedweg verken word met’n fokus op die eerste drie en 'n half eeue van die liturgiegeskiedenis en kyk hoe die doop as ritueleproses daar uitgesien het, asook die ontwikkeling van belydenisaflegging (konfirmasie) in die opvolgende eeue. Die lens sal spesifiek histories en antropologies wees, met ander woorde, 'n kykie na die historiese bedding waarin hierdie ou proses ontstaan en gefloreer het, asook die besondere wyse waarop mense op 'n integrale wyse daarby betrek is in liturgies uitgevoerde rites.

**Doopritueel (kategumenaat)**
"Christene word gemaak, nie gebore nie" ... is 'n opmerking van die teoloog Tertullianus wat teen die einde van die tweede en begin van die derde eeu in Noord-Afrika gewerk het. Hierdie oortuiging van hom kom ook duidelik na vore in die wyse waarop hy gestalte gegee het aan die doopritueel (kategumenaat) in sy werk. Ons kan rofweg uit sy geskrifte, te same met die geskrifte van ander uit hierdie tyd (soos Justinus se eerste Apologie, die reisiger-non uit Spanje genaamd Egeria se reisbeskrywings en die Apostoliese Tradisie van Hippolitus) herkonstrueer hoe die doop in daardie eerste eeue daar uitgesien het.

In kort (oor 'n lang proses):
* Diegene wat hulle wil laat doop, groot en klein, meld hulle met 'n getuie by 'n doopkategeet aan;
* Hulle word dan ondervra na die redes waarom hulle gedoop wil word en die getuie getuig oor hul lewenswandel;
* Na keuring volg 'n onderrigperiode van drie jaar waartydens hulle op 'n aparte plek in die gemeente sit tydens eredienste en nie aan die Nagmaal deelneem nie;
* In hierdie tydperk moes hulle ook voortdurend barmhartigheidswerk doen en ontvang hulle deurgaans onderrig in die Christelike leer en lewenswandel;
* Tydens Lydenstyd in die derde jaar het 'n intensiewe veertig dae van onderrig en geestelike verdieping gevolg. Kandidate het hier ook die disciplina arcani (geheime dissiplines) ontvang wat beteken dat dit wat hulle geleer het slegs vir hulle en nie vir enigeen bedoel was nie. En vir die volle duur van Lydenstyd het hulle nie gebad nie en gevas;
* die doop self was skouspelagtig en het oor die drie dae van Paasnaweek gestrek.
* Vanaf Goeie Vrydag tot en met hanekraai op Sondagoggend het hulle intensiewe onderrig ontvang, deeglike selfondersoek gedoen en ook meer intensief nog gevas. In die oggendure het hulle, terwyl hulle na die Weste (die rigting van die dood waar die son ondergaan) kyk, hulle ou lewe afgesweer en dan, soos die dag breek na die Ooste gedraai en hulle geloof in Jesus Christus bely. Met hanekraai is hulle, die babas en kleintjies eerste en so verder na gelang van ouderdom, kaal gedoop (mans en vrouens apart) in 'n groot doopvont (soms in die vorm van 'n doodskis, want vandag sterf jy met Christus om vir ewig met Hom te lewe) vol kleurryke mosaïeke van die voorgangers in die geloof. Na die waterdoop (drie maal onder in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees) is hulle die hande opgelê, met geurige olie gesalf, 'n wit

doopkleed omgehang en is daar vir 'n persoon 'n lamp in die hand gegee. Hierna is die Paaslied "Christus het opgestaan en ons met Hom" ingesit en al singend het die pasgedooptes oorbeweeg na die kerk om deel te neem aan die nagmaal ('n regte ete vir mense wat vir veertig dae gevas het!). Aangekom by die kerk het elkeen eers nog, voordat hulle kon weglê aan die kos van die nagmaal, aan 'n lepel met melk en heuning geproe (as voorsmaak van dit wat werklik op elkeen van hulle wag) en daarna kon hierdie uitgehongerde mense weglê aan varsgebakte brood en ander kos;
* En, vreemd genoeg, eers in die agt dae na die doop, is die betekenis van die doop en nagmaal sélf aan hierdie nuwe lidmate verduidelik (die sogenaamde mistagogiese kategese). Hulle het lering in die volle leer van die kerk ontvang in die voorafgaande drie jaar, behalwe in die betekenis van die sakramente. Dié moes jyself eers beleef het alvorens jy kon hoor wat dit beteken.

Hierdie beskrywing van die kategumenaat in die eerste eeue was baie opsommend sodat 'n mens net 'n idee kan vorm van hoe 'n luisterryke en uitgebreide proses die doop in die eerste eeue was. 'n Simboolryke liturgie is gekombineer met intensiewe lering in die geloof. Dit was eers vanaf Augustinus se tyd 'n eeu of so later dat hierdie proses stadigaan verdwyn het, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die Christelike godsdiens die staatsgodsdiens geword het en die konteks so drasties verander het en groot hoeveelhede mense derhalwe by die kerk aangesluit het (alhoewel daar nog ander redes ook is).

Vervolgens iets meer oor die geskiedenis van belydenisaflegging (konfirmasie).

**Belydenisaflegging (konfirmasie)**
Volgens sommige liturgiewetenskaplikes is die konfirmasie ingebed in die kategumenaat en vorm dit een integrale ritueel. Die handeoplegging en salwing na die waterdoop word dan dikwels geïdentifiseer as die konfirmasie-deel van die kategumenaat. Die kategumenaat het egter drasties verander in die eeue wat gevolg het sodat Osmer 'n goeie beeld gebruik om die situasie in die Middeleeue en Reformasietyd te beskryf rakende die kategumenaat. Dit is soos 'n skip wat op die rotse geloop het en verwoes is deur die golwe. Wat oorgebly het, is net los stukke wat ronddryf op die water: hier ’n romp, daar ‘n mas en daar ’n deel van die dek. So het die kategumenaat teen die tyd van die Reformasie uiteengeval in drie dele: die doop, die kategese en die konfirmasie.

Wat presies was die situasie rondom doop, kategese en konfirmasie voor die tyd van die Reformasie? Nie net die kategumenaat het verval nie, maar dit wat in die plek daarvan gekom het, het op min plekke werklik geestelike substansie gehad. Hoewel daar hier en daar uitsonderings was, het die doop 'n meganiese proses geword, het daar min tereggekom van kategese en het die bevestiging van lidmate weinig insig of insette van hulle gevra. Sover ons weet, was daar op min plekke formele onderrrig in die geloof van die kerk se kant af gegee: dit was aan die genade van die ouers oorgelaat. Die gebruiklike vereistes was dat lidmate die Ons Vader moes kon opsê, dalk nog een of twee gebede en die Credo ken, en nou en dan die mis moes bywoon. Verder kon enige priester die doop bedien, maar slegs biskoppe kon die sakrament van konfirmasie bedien.

Die teoloë van die Reformasie het groot probleme met die situasie gehad. Hoewel die Reformatore nie sonder meer negatief oor die konfirmasie was nie, het hulle nie soveel waarde daaraan geheg as die Rooms-Katolieke Kerk nie en het hulle veral probleme gehad met die sakramentele betekenis wat daaraan gegee is. Tweedens het hulle ook probleme gehad met die rol wat die biskop in die verband gespeel het. Hulle derde probleem was dat die hele manier waarop die proses van konfirmasie hanteer is, gelei het tot 'n afswakking van die betekenis van die doop. Die skerp formele skeiding tussen doop en konfirmasie het gelei tot die geloof dat lidmate eers die Heilige Gees ontvang het wanneer hulle tydens konfirmasie die hande opgelê is. Daar was 'n vierde probleem wat die Reformatore met die praktyke gehad het – dalk die belangrikste. In die hele proses het daar van die kategetiese onderrig eintlik niks oorgebly nie.

Die belangrikste bydrae van die Reformasie ten opsigte van die inlywing van kinders in die kerk, was waarskynlik die werk wat hulle gedoen het rondom die kategetiese arbeid. Hulle het almal gebreek met Rome se verstaan van konfirmasie as 'n aparte sakrament. Oor ’n aparte belydenisgeleentheid en ritueel het hulle verskil van mening gehad. Beide Luther en Zwingli was nie baie positief daaroor nie en het dit soms as 'n menslike uitvindsel bestempel het. Fischer wys tereg daarop dat so 'n stelling tog gekwalifiseer moet word. Luther het in twee preke opgemerk dat hy bevestiging wel sal toelaat op voorwaarde dat erken word “… that God knows nothing of it, has said nothing about it, and that what the bishop claims for it is untrue”. Ons sien iets van dieselfde huiwering by Calvyn. Calvyn het geglo dat kinders van gelowiges in apostoliese tye gedoop is as babas, en wanneer hulle hul jare van onderskeiding bereik het, hulle voor die biskop gebring is om dieselfde belofte te maak as wat van volwassenes met doop verwag is. Ten einde waarde te gee aan die seremonie is kinders dan die hande opgelê en nadat hulle voldoende getuienis van hulle geloof gegee het, is die kinders met 'n seën weggestuur. “This procedure, Calvin mistakenly believed, was the pure and original form of confirmation before it became corrupted with additions such as chrismation”. Nietemin, Calvyn was ’n

voorstander van aparte kerklike kategese met die oog op bevestiging, waar die bevestiging behels het dat kinders in die teenwoordigheid van die gemeente op vrae van die predikant moes antwoord, aldus Bijlsma.

Hierdie beskrywing moet verstaan word teen die agtergrond van 'n geheel nuwe sakramentsbeskouing, naamlik dat die doop as sakrament nie self die verlossing bewerk waarna dit verwys nie, maar dat dit 'n teken en seel, 'n onderpand, is van God se getroue beloftes dat Hy die mens wat glo uit genade (sola gratia) red. Hierdie belofte bestaan uit die gawe van die Heilige Gees wat aan die mens geloof en sodoende redding skenk en insgelyks die vergifnis van sonde. 'n Kind wat hierdie waarborg kry in die sakrament van die doop, en dus geroep is tot geregtigheid, moet in die jare wat voorlê onderrig word in die geloof sodat hy of sy op 'n latere leeftyd hierdie geloof kan bely in die ritueel van belydenisaflegging (konfirmasie).

Deur ons geloof te seel, onderhou, voed, bevestig en vermeerder die sakramente ons geloof en moet diegene wat teen hierdie siening kapsie maak eerder saam met die apostels bid “Gee ons meer geloof” (Institusie 4.14.7), aldus Johannes Calvyn. Dat daar dus 'n verband is tussen 'n sakrament soos die doop en geloofsgroei, blyk duidelik ... ook dat hierdie 'n lang pad is wat gelowiges stap, 'n pad waarop onderrig en bevestiging ook hierdie geloofsgroei aanhelp en voed, is nie altemit nie.

Dit was Bucer wat van meet af gepleit het vir 'n eie protestantse rite rondom konfirmasie. Sonder om enigsins die betekenis en krag van die doop af te swak, het Bucer die waarde van ŉ formele konfirmasieplegtigheid gesien. Hy het ook duideliker as die ander gesien dat die konfirmasie nie maar bloot die afronding van die kategetiese onderrig aan gedoopte kinders kan wees waar dit hoofsaaklik gaan om die verwerwing van kennis en insig nie. So belangrik as wat kennis en insig is, het Bucer ten opsigte van konfirmasie ook gevra vir 'n persoonlike geloofsbelydenis en vir duidelike blyke van die Gees se werksaamheid in die persoon se lewe. Op hierdie manier het Bucer geglo sal nie net reg gedoen word aan die sakramentele beklemtoning van God se voorkomende genade en liefde nie, maar ook duidelik blyke gegee word dat die genade altyd van ons ŉ gelowige reaksie vra.

## 5. DOOP EN DOOPHERINNERING: 'N EKUMENIESE PERSPEKTIEF

Die afgelope aantal dekades het daar ’n merkwaardige konvergensie tussen Christelike kerke met betrekking tot die verstaan van die doop ontwikkel. 'n Redelike mate van konsensus oor kernaspekte van die doop het tot stand gekom en dit het daartoe aanleiding gegee dat kerke in toenemende mate die geldigheid van mekaar se doopbediening erken.

Sake waaroor daar grootliks konsensus bereik is, is die volgende:
* Dat die doop die primêre en fundamentele sakrament van Christelike eenheid is en dat daarom groot moeite gedoen moet word om so ver as moontlik tot 'n gemeenskaplike verstaan daarvan te kom;
* dat die doop nie 'n losstaande gebeurtenis is nie, maar in ’n noue verwantskap staan met die proses van lewenslange groei van die gelowige na Christus toe;
* dat die doop nie losgemaak mag word van die geloof van die kerk nie en daarom so ver as moontlik binne 'n erediens in teenwoordigheid van die geloofsgemeenskap bedien moet word;
* dat die doop ook nie losgemaak mag word van die geloof van die gedoopte persoon nie en daarom ten nouste verbind moet word aan 'n proses van geloofsvorming en geloofsgroei;
* dat die doop die sentrale gebeurtenis in die omvattende proses van Christelike inisiasie of inkorporasie is waardeur die gelowige deel word van die kerk as liggaam van Christus;
* dat die doop 'n eenmalige en onherhaalbare sakrament is;
* dat die doop met water en in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees bedien moet word, en so ver moontlik deur 'n georderde ampsdraer van die kerk.

Ten spyte van hierdie merkwaardige konvergensie is daar steeds kernaspekte waaroor daar verskil van mening tussen kerke bestaan:
* Terwyl sommige kerke mense van alle ouderdomme (insluitend kinders) doop, is daar ander kerke wat slegs persone doop wat 'n persoonlike belydenis van geloof kan aflê. In kerke waar kinders gedoop word, word die klem geplaas op die geloof van die kerk as geloofsgemeenskap aangesien daar van die ouers of voogde wat die kinders bring om gedoop te word, verwag word om hulle geloof te bely en te beloof om die kinders in die kerk en saam met die kerk in die Christelike geloof op te voed. In kerke wat slegs doop na 'n persoonlike geloofsbelydenis, word die klem daarteenoor geplaas op die geloof van die individu wat gedoop word.
* Terwyl sommige kerke die geldigheid van meeste ander kerke se doopbediening erken, is daar ander kerke wat verwag dat persone wat by hulle wil aansluit, weer gedoop moet word. Dit is meermale die geval by kerke wat die geldigheid van die kinderdoop ontken en aandring dat die doop slegs aan persone bedien

word wat hulle persoonlike geloof kan bely. Daar is egter ook ander kerke wat op grond van ander leerstellige verskille van persone wat by hulle aansluit, verwag om weer gedoop te word.
* Terwyl meeste kerke die waterdoop sien as die een handeling waardeur sowel die Paasgeheimenis van Christus se dood en opstanding as die Pinkstergawe van die Heilige Gees tot uitdrukking kom, is daar ander kerke wat spesifieke bykomende handelinge (soos salwing met olie en/of die oplegging van hande) koppel aan die gawe van die Gees. In sommige kerke word konfirmasie en belydenis van geloof ook gesien as 'n afsluiting of voltooiing van die doophandeling.

Die wyse waarop die bestaande verskille ten beste hanteer behoort te word, is deur respekvolle gesprek waar daar moeite gedoen word om mekaar se gesigspunte te verstaan en om nie karikature van mekaar se doopbeskouinge te maak nie. Die verskille tussen die "kinderdoop" en die "doop van gelowiges" word byvoorbeeld minder skerp wanneer erken word dat die doop in albei gevalle ten nouste aan die belydenis van geloof verbind word en dat daar in albei gevalle klem gelê word op die genadige verlossingswerk van God in Christus en deur die Heilige Gees.

Die wesenlike verbintenis tussen die doop en die belydenis van geloof vra dat daar groot erns gemaak sal word met die geloofsvorming van persone wat gedoop word. In die geval van die doop van kinders moet daar seker gemaak word dat die ouers of voogde wat die kinders ten doop bring, dit op grond van 'n opregte en persoonlike geloofsoortuiging doen. Voorbereiding vir die doopbediening behoort in sulke gevalle meer as 'n kort doopgesprek te behels en eerder die vorm van deeglike doopkategese of dooponderrig aan te neem. Die verbintenis van die ouers en voogde tot die voortgesette geloofsvorming van die kinders wat gedoop word, behoort ook verkry te word en moet opgevolg word deur ernstige pogings om alle gedoopte kinders in te skakel by die kategeseprogram van die kerk en om hulle te begelei tot die persoonlike belydenis van hulle geloof.

Die bediening van die doop behoort op so wyse gedoen te word dat dit by almal wat daarby betrokke is die diepe erns van die gebeurtenis sal tuisbring. Die gemeente moet so ver as moontlik by die gebeure betrek word, byvoorbeeld deur die gemeenskaplike geloofsbelydenis voor die bediening van die doop te doen, of deur ook van die gemeente 'n verbintenis tot die geloofsvorming van die dopelinge te vra of deur die pas gedooptes aan die gemeente voor te stel as nuwe lidmate van die gemeente van Christus.

Verskillende kerke doen toenemend moeite met die ontwikkeling van gebruike en rituele om die herinnering aan die doop te versterk. So word daar byvoorbeeld in sommige kerke in aansluiting by die oud-kerklike ligsimboliek rondom die doop 'n doopkers na die bediening van die doop aangesteek en aan die gedoopte persoon (of die ouers of voogde in die geval van gedoopte kinders) oorhandig met die bedoeling dat dit elke jaar op die herdenking van die doopdatum weer aangesteek sal word. Veral vir kinders is dit 'n uitnemende geleentheid om onderrig te word in die betekenis van hulle eie doop.

In baie kerke is daar ook die gebruik om by geleenthede wat in die kerklike tradisie 'n sterk verbintenis met die doop het (byvoorbeeld Paasfees en Pinkster), vir lidmate die geleentheid te gee om tydens die erediens hulle doopbeloftes te herbevestig. Ook die geleentheid wanneer persone wat as kinders gedoop is, hulle persoonlike belydenis van geloof aflê, word deur verskeie kerke so ingerig dat die verband met die doop beklemtoon word. Dit is opvallend dat daar veral in kerke wat ook kinders doop, ernstig besin word oor die voortgesette geloofsvorming van gedooptes asook oor gepaste wyses van doopherinnering – veral met die oog daarop om die aandrang by sommige persone wat as kinders gedoop is, om later weer gedoop te word te ondervang.

# 6. DOOPIDENTITEIT EN DOOPHERDENKING

### 6.1 WAT VRA MY DOOP VAN MY?

Die doop is 'n baken, 'n basiese oriëntasiepunt vir my lewe as iemand wat in Christus en sy gemeente ingelyf is. Dit is my doop, en juis ook die lewenswyse en geloofsdissiplines wat daarmee ooreenstem, wat maak dat my lewe as Christen nooit in ongekaarte waters, sonder stuur of roer, kan wees nie. Ek mag soms so voel, ja! Selfs tot op die punt dat ek soos Bonhoeffer in die gevangenis moet uitroep "Wie is ek?" Maar ook met Bonhoeffer mag ek dan berus: "Wie ek ook al is, o God, U weet, ek is U s'n."

Jou doop is dus 'n troos dat jy aan God behoort, maar roep jou ook op om jou identiteit as gedoopte uit te leef. Jy moet op jou doop antwoord – met 'n "ja, Here, ek wil u kind wees" én dit elke dag ook uitleef!

Toe Jesus mense geroep het om Hom te volg, het Hy 'n sigbare daad van gehoorsaamheid geëis. Om Jesus te volg, is 'n openbare saak. Die doop is ook daarom ook 'n openbare gebeurtenis want daardeur word jy reeds klein-klein as lidmaat by die liggaam van Christus ingelyf (sien bv die volgende twee teksverse):

* **Galasiërs 3:27**: "… want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword."
* **1 Korintiërs 12:13**: "Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik."

**6.2 ONS VERGEET DIKWELS DAT ONS GEDOOP IS**
In die Oosterse kerk se geskiedenis was die bediening van die doop, bediening van die nagmaal en belydenisaflegging aanvanklik een ritueel. Aanvanklik het die priesters die reg gehad om kinders te salf as deel van die doopseremonie, maar die biskop moes dit bevestig ("confirm") met die handoplegging. Wanneer die biskop nie beskikbaar was nie, het die tydperk tussen die doop en die "confirmation" al groter geword. Later het die praktyk ontstaan dat die Nagmaal eers aan kinders bedien is totdat hulle die ouderdom van "diskresie" bereik het.

Al hierdie faktore het daartoe bygedra dat die bediening van die doop, die bediening van die nagmaal en belydenisaflegging los van mekaar geraak het (gefragmenteer geraak het).

Ons huidige model, waar belydenisaflegging as die voltooiing van die doop gesien word en mense dan belydende lidmate van die kerk word, maak van die doop 'n "onvolledige sakrament". En dit is doodeenvoudig nie die waarheid nie. Die doop is 'n volledige sakrament wat op verskillende geleenthede van ons lewens gevier kan word.

**6.3 WAT MOET ONS HERONTDEK?**

*** Herontdek die Liggaam waarin die doop ons inlyf**
In die Nuwe Testament word die Heilige Gees nie deur geïsoleerde indiwidue ontvang nie, maar deur indiwidue in gemeenskap met mekaar. Die ontvanger van die Gees is die primêr die kerk en bekeerlinge ontvang die gawe van die Gees deur deel te word van die Geesvervulde Liggaam van Christus. In ons tyd van isolasie, indiwidualisering en vervreemding, kan hierdie aspek nie oorbeklemtoon word nie. Om 'n Christen te wees, IS om deel te wees van 'n geloofsgemeenskap wat 'n unieke identiteit in Jesus Christus koester. Jy is gemerk as God se geliefde kind! Ons moet al hoe dieper groei in die ervaring van God se liefde en Sy liefde al meer uitleef. Waar leer ons om dit te doen? In die geloofsgemeenskap met sy sakramente en sy geloofsdissiplines wat karaktervormend is. Die belangrikste vraag wat ons dus moet vra, is wat dit beteken om ons identiteit as gedooptes in 'n stukkende wêreld uit te lewe. Ons moet in daardie identiteit ingroei, word wat ons is, en Hom toelaat om van ons beslag te neem en elke terrein van ons lewens dienooreenkomstig te vorm.

*** Groei in jou doopidentiteit**
Dit kan baie maklik gebeur dat die doop net 'n sentimentele onderbreking van die erediens word. Ons het die doop mak probeer maak. Die doop is nie net 'n sagkense salwing wat alles aan die babatjie so mooi en skoon en onskuldig maak nie. Die doop is 'n verdrink, 'n brutale sterwensproses. Daarom is dit goed as babatjies huil, want nie een van ons neem 'n nuwe identiteit aan sonder om te skop of te skreeu nie, ook nie as ons groot is nie! (Vgl 1 Korintiërs 6:19-20: "Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik").

Wanneer iets onverwags gebeur, soos wanneer jy iemand kosbaar in jou lewe verloor, of 'n groot teleurstelling beleef, 'n verhouding beëindig word, kan ons op daardie oomblik begin word wie ons is of vergeet aan Wie ons behoort. Engelssprekende mense sê: "I just lost it!" Daardie "it" wat ek verloor het, was die bewussyn van my identiteit. Martin Luther moedig ons aan om elke oggend die teken van die kruis te maak en te sê: "In die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees." Hy het vergeet hoe maklik ons vergeet wie ons regtig is en aan Wie ons regtig behoort.

Versoeking tas ons diepste identiteit aan. Ons begin wonder wie ons regtig is en wat ons veronderstel is om met ons lewens te doen.

Dit is by groot lewensoorgange of wanneer ons brose oomblikke beleef dat die herdenking van ons doop ons kan help om onsself opnuut te verbind tot ons identiteit as gedooptes en tot 'n nuwe verstaan van ons geloof te kom. Ons belydenis van geloof is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar behoort 'n herhaalbare getuienis te wees.

## 7. SAMEVATTING

Hierdie kort teologiese, ekumeniese en historiese oorsig gee aanleiding tot die volgende vrae en opmerkings:

* Hoe geïntegreerd is liturgie (doop) en lering in ons gemeentes? Of is dit heeltemal aparte sake?
* Is ons dooppraktyke belewenisse wat die mens as 'n liggaamlik-sintuiglike wese aanspreek? Hoe "*awe-inspiring*" (soos een liturgis die kategumenaat beskryf) is ons doopbediening of doopherinnering?
* Toegang tot die kerk (dmv die eenmalige doop) was moeilik en juis dit het vreemd genoeg ook aan die geloof 'n besondere aanloklikheid verleen. Hoe lyk sake in ons dag? Ook die rol van die *disciplina arcani* en die feit dat jy eers die doop beleef het alvorens jy die betekenis daarvan ontvang het ... skuil daar hierin miskien iets vir gereformeerdes ... van God se genade wat ons eie verstaan en respons op daardie genade voorafgaan?
* Hoe betrokke is die groter geloofsgemeenskap (byvoorbeeld getuies, kerkraad en ouers) by die groter doopproses?
* Bekering was in die eerste eeue 'n lang proses van geestelike groei en volwassewording. Eers die lering en water, dan hande-oplegging en melk en heuning en dan voortdurend die brood en wyn. Hoeveel maak ons in ons dag van die sakrament van die Nagmaal as toe-eieningsgeleentheid vir die doop? En van belydenisaflegging?
* Volgens Alan Kreider het die kategumenaat "belief", "behaviour" en "belonging" gestimuleer. Tot hoe 'n mate kry ons praktyke dit vandag reg?
* Met betrekking tot die praktyk van doopherinnering is die belangrikste insig wat verkry word uit hierdie historiese verkenning die goeie balans wat tussen liturgie en lering gehandhaaf moet word. Die vraag is dus na watter kant, net die liturgiese ritueel sonder enige leerinhoude of net die lering sonder die liturgie, ons sakramente in ons kerk in ons eie dag neig? Dit is met die oog hierop dat doopherinnering as ritueel-didaktiese handeling 'n sinvolle bydrae tot die bediening kan maak.

## 8. LITURGIEË

Hieronder is 'n aantal voorbeelde van rituele en liturgieë wat in die gemeente gebruik kan word om doopbeloftes te hervestig en 'n nuwe kultuur in gemeentes te vestig waarin die verbondsdoop opnuut herwaardeer en gekoester word.

### 8.1 DOOPKERSE EN DOOPHERINNERING

Daar is reeds onder punt 6 na die tradisie van doopkerse verwys. Dit kan ongelukkig maklik gebeur dat ouers hierdie kerse in 'n "onthoukis" wegpak. Leer ouers om hulle kinders se doop jaarliks te herdenk deur vir hulle 'n e-pos op die doopherdenkingsdag vir 'n tydperk van drie tot vier jaar te stuur. Ouers waardeer dit baie as die dominee hulle kind se doop onthou, dit help hulle om 'n gesinsritueel te skep waarin hulle saam met die kind die doopkers aansteek en dit moedig hulle om weer oor hulle eie doop na te dink en met hulle kinders oor hulle doop en die implikasies van hulle doop te praat. Die inhoud van so 'n e-pos kan as volg daar uitsien en sal uit die aard van die saak elke jaar anders wees:

*Beste …*

*Ek hoop dit gaan nog goed met julle.*

*Dit is nou 'n jaar gelede dat A gedoop is. Daardie dag het God 'n ooreenkoms met hom/haar gesluit, Hy het sy hand na hom/haar uitgesteek en vir hom/haar gesê: "Ek wil vir jou 'n God wees." Steek asseblief die kers aan wat ons vir julle gegee het om dit te herdenk en sê namens hom/haar vir die Here dankie.*

*Toe julle voor die kansel op die doopbeloftes geantwoord het, het julle beloof om aan A die pad van verlossing oor te dra deur dit eerstens self uit te leef én dit aan haar te vertel. Ek hoop julle het al begin om vir haar Bybelstories te lees. Dit is krities belangrik dat ons kinders van vroeg af 'n Bybelse woordeskat opbou en hoor hoe God 'n pad saam met ons mense loop.*

*Hou ook aan om gereeld voor A, vir hom/haar te bid.*

*Jou eie geestelike groei en gesondheid is ook belangrik, anders gaan jy nie 'n sinvolle geloofspad saam met jou kind kan stap nie. Maak asseblief gereeld tyd om self Bybel te lees, te bid en in die erediens te kom. 'n Mens groei net geestelik soveel beter saam met ander gelowiges. Help mekaar sodat elkeen tyd het voor God om stil te raak.*


*Indien jy enige vrae het of voel dat jy bystand nodig het ten opsigte van jou eie of julle gesin se geestelike groei, skakel ons gerus.*

*Geniet jou kind!*

*Seënwense!*

*XY*
*Leraar verantwoordelik vir doop*

**8.2 DOOPBYBELS**
Gemeentes word aangemoedig om eerder goeie Kinderbybels vir dopelinge (indien hulle babas of jong kinders is) te gee sodat ouers van die begin af daaruit vir hulle kinders kan lees. Die Bybelgenootskap se Kinderbybel (Lees-en-Leer Bybel) is 'n goeie belegging aangesien dit 'n groot aantal verhale bevat, die teks is goed en by elke verhaal is daar 'n Skrifverwysing.




**8.3 DOOPDIENSTE**
Doopdienste behoort nie afgeskeep te word of soos in sommige groot gemeentes die gebruik is, aparte dienste te hou nie. Die sogenaamde "privaatdope" wat begin posvat het, sluit ook die geloofsfamilie, waarvan die kind deel word, uit. Wanneer 'n baba gedoop word, word hy/sy immers deel van die geloofsfamilie en die gemeente moet dit saam vier! Dit gaan dus in wese daaroor om die groter geloofsgemeenskap op 'n sinvolle wyse by die doop te betrek.

**8.3.1 Voorbeeld vir die inrig van die kinderdoop**

<u>Kindertyd</u>
Bring eers die ander kinders in die gemeente om die doopvont saam en gesels met hulle oor die doop, byvoorbeeld:
* Fokus op die reinig-faset van die doop. Soos kinders bad en skoonkom voordat hulle na iets spesiaals toe gaan, so is die doop.
* Oor die teken-karakter van die doop en waaraan dit ons herinner, kan gewys word op die maniere waarop ons onsself aan iets herinner, byvoorbeeld 'n toutjie aan die vinger, en hoe die doop ons herinner dat ons vir God spesiaal is.
* Die doop kan ook vergelyk word met 'n vlag wat geplant word en aan Wie hierdie grond (of mens!) behoort.
* Die doop is soos die vingerafdruk van God op my lewe.
* Die doop is soos die brandmerk van vee op my lewe – dit sê Wie s'n ek is.

<u>Inleiding tot die doop</u>
*<u>Liturg:</u>*
Deur die sakrament van die doop word ons lede van die liggaam van Christus. Ons ontvang die seën van God se ewige liefde en genade en ons seën die gemeente met ons unieke gawes en ons teenwoordigheid. Ons word gereinig in die doop, deur die waterstroom van sy liefde. Ons word geroep in die doop en word gestuur in die doop om in die krag van die Heilige Gees 'n lewe te leef wat van sy liefde en teenwoordigheid getuig. Ons is vandag hier saam om te bevestig en dit te vier dat klein *N* vanoggend die teken van die onvoorwaardelike liefde van God vir hom/haar ontvang.

Doopouers na vore geroep

Iemand lees Kolossense 2:6-7, 12

"[6]Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, [7]in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul. [12]Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het."

Verbintenis deur ouers

*Liturg:*

God wag nie vir ons om eerste treë na Hom te gee nie. Hy gee die eerste tree. Ons kinders moet grootword met die wete dat God hulle eerste liefgehad het sodat hulle wil reageer op sy liefde. Julle as doopouers het 'n bepalende rol om hierdie liefde van God aan julle kinders voor te leef. Daarom moet julle as ouers opreg op die volgende vrae antwoord.

*Eerstens*

Bely julle dat *N* aan God behoort en as lidmaat van sy kerk gedoop behoort te word – al het hy/sy ook as sondaar die wêreld ingekom?

*Tweedens*

Bely julle dat die Bybel vir ons die pad met God aanwys?

*Derdens*

Beloof julle om hierdie pad met God aan julle kind oor te dra en te sorg dat dit in die gemeente aan hom/haar oorgedra word deur julle eie inskakeling by die geloofsgemeenskap?

Wat is julle antwoord op hierdie vrae?

*Ouers:* "Ja."

Bevestiging deur die gemeente

*Liturg:*

Die doop van *N* betrek ons almal. Ons word vanmôre opnuut herinner dat ons gedooptes is en dat dit daaglikse geloofskeuses van ons vra. Ons word ook herinner, en ons vier dit ook, dat ons elkeen die hande en voete, stem en ore van God vir klein *N* moet wees. Dit is deur ons dat hy/sy God se warmte, beskerming, versorging en oneindige liefde kan beleef. Voordat ons dus die teken aan *N* bedien, dink ons daaraan dat ons elkeen saam met Christus gesterf het en begrawe is deur ons doop. Ons weet egter dat ons ook saam met Hom opgewek is tot 'n nuwe lewe. Daarom bely ons opnuut ons verbondenheid aan Christus en ons verwerp opnuut die selfsugtige werke in ons lewe voordat Christus vir ons 'n werklikheid was.

*Liturg:*

Bely julle julle sonde met berou?

*Gemeente:*

Ons bely ons sonde met berou.

*Liturg:*

Draai julle na Christus toe?

*Gemeente:*

Ons draai na Christus toe.

*Liturg:*

Het julle saam met Hom gesterf?

*Gemeente:*

Ons het saam met Hom gesterf.

*Liturg:*

Het julle saam met Hom opgestaan?

*Gemeente:*

Ons het saam met Hom opgestaan.

*Liturg:*

Beloof julle om die hande te wees wat hierdie kindjie/kinders op God se pad lei?

Beloof julle om die stemme te wees wat vir hierdie kindjie/kinders God se storie vertel?

Beloof julle om die ore te wees wat luister na die vreugdes en drome, maar ook die seer en twyfel van hierdie kindjie/kinders?

Beloof julle om die arms van Christus te wees wat hierdie kindjie/kinders en sy/haar familie met God se onwaardelike liefde vashou?

*Gemeente:*
Ons belowe.

*Liturg:*
Kom ons bely die Naam van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees waarin *N* vanmôre gedoop word:
*Gemeente:*
Sê of sing die Geloofsbelydenis.

Kind/ers word ingebring
[Familie en ander kinders in die gesin sluit ook voor aan.]

Gebed by die doopvont
[Liturg steek sy/haar hande uit na die water.]

In die begin het U Gees oor die water gesweef en U het alles geskep wat daar is.
Deur water het U lewe aan u skepping geskenk.
In die tyd van Noag het U alle boosheid in die water van die vloed vernietig en deur die ark 'n nuwe begin gebring.
U het u volk Israel deur die see gelei – uit slawerny na die vryheid van die beloofde land.
In die water van die Jordaan is ons Here gedoop deur Johannes en gesalf met u Gees.
Deur sy dood en opstanding en U ons vrygemaak van sonde en dood en vir ons die weg na die ewige lewe kom open.
Dankie, Here, vir die gawe van die doop.
In hierdie water word ons begrawe met Christus in sy dood.
Uit hierdie water word ons opgewek om te deel in sy opwekking.
Gee dat klein *N* U sal ken in u oneindige liefde.
Gee dat klein *N* geskoester sal word in hierdie liefdesgemeenskap van u gemeente.
Gee dat klein *N* U sal dien met sy/haar hele lewe.
Aan U kom die lof toe.
Amen.
[Uit Martin Luther se "Sondvloedgebed"]

Doopbediening
1. *N*, God wil jou Vader wees wat vir jou sorg en jou liefhet.
2. Hy wil as Jesus Christus jou Verlosser wees.
3. Hy wil as Heilige Gees in jou woon en jou 'n nuwe mens maak.

Daarom:
*N,* ek doop jou in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.
*N,* jy behoort aan God en ons eien al God se beloftes vir jou toe.

Dankgebed [met handoplegging]
Here, ons plaas die naam van klein *N* in u hande.
Graveer sy/haar naam onuitwisbaar in u handpalms
dat niks en niemand dit ooit weer kan verwyder nie.
Veral nie wanneer die Bose hom/haar op die proef stel nie.
Hou hom/haar tog vas wanneer sy/haar ouers hom/haar moet laat gaan
en laat u krag altyd sy/haar swakheid oorskadu.
U weet hoe hy/sy vervolg sal kan word
as hy/sy nie die goedkeuring van die wêreld het nie.
Wees U sy/haar troos wanneer hy/sy eensaam en bang is …
Bewaar hom/haar in u verbond,
en laat hy/sy nooit, sy/haar hele lewe deur, van U vervreem raak nie.

Voorstel aan die gemeente
Liewe gemeente, ek julle graag voorstel aan ons nuwe lidmaat, *N*.

Seënbedes deur familie/vriende
As familie/vriende wil, kan 'n paar van hulle 'n spesiale seën vir die kind(ers) toesê.



Inhoudsopgawe

*N*, ons is bly jy is deel van God se familie. Ons wil graag saam met jou vir die Here dien. Ons vra die Here om jou elke dag te seën sodat jy saam met sal speel!

Gelukwensing en oorhandiging van Bybel en doopkerse

Klokke lui tydens gelukwensing

Gemeentesang
Lied 478 – Op vaste fondamente

Hier kan verskeie liedere gesing word. Daar is 'n nuwe lied wat deur FLAM goedgekeur is, wat se woorde die verbond wonderlik onderstreep. By publikasie van die sinodeverslag was die FLAM-nommer nog nie bekend nie, daarom publiseer ons die woorde. Hierdie lied onderstreep die wese van die verbond.

Heer, U het die eerste woord gesê
1. Heer, U het die eerste woord gesê
en by die doop het U gewys
dat U my wil hê

dat ek in U hand kan lewe
en kan weet ek is vergewe
By my doop het U die eerste woord gesê

U hou my vas, U beloftes gee my hoop
U hou my vas, ek sal antwoord met geloof
Hou my vas

Op die Vader, Seun en Gees sal ek vertrou
Op die Vader Seun en Gees sal ek vertrou

2. Heer, U het my eerste liefgehad
in die verbond hoor ek U praat
en U vat my hand

Deur U bloed word ek beskerm
U het U oor my ontferm
By my doop het U die eerste woord gesê

U hou my vas, U beloftes gee my hoop
U hou my vas, ek sal antwoord met geloof
Hou my vas

Op die Vader, Seun en Gees sal ek vertrou
Op die Vader Seun en Gees sal ek vertrou
*(Pieter Malherbe)*

Ander mooi doopliedere:
Lied 290 – Dit is my troos dat ek gedoop is
Lied 291 – Ons kinders, Heer, is duur gekoop
Lied 292 – My enigste troos
Lied 293 – Jesus neem ons kleine kinders

**8.3.2 Voorbeelde vir die herbevestiging van geloof en doopherinnering**

**Voorbeeld 1**
**Voorstel vir die herbevestiging van geloof en doopherinnering vir jong volwassenes**

*Liturg:*
Hierdie gelowiges kom vandag om hulle doop te onthou en dit te vier dat hulle geliefde, geseënde kinders van God is.

*Deelnemer*:
Ek kom vanmôre om myself aan die Here toe te wy.

Ek bring my lewensverhaal en gee dit vir Hom.
Ek bring my talente en gawes en gee dit vir Hom.
Ek bring my werk as ______________ en gee dit vir Hom.
Ek bring my lewensideale en gee dit vir Hom.
U is die Pottebakker en ek is die klei.

*Gemeente sing:*
Lied 528 – Leer my u wil, Heer

Deelnemers kan kniel

Deelnemers kan nou elkeen ’n kort persoonlike getuienis lewer om te sê wat hulle daartoe gebring het om hulle geloof te kom bevestig en aan hulle doop herinner te word.

Deelnemers kom staan voor by die liturg by die doopvont.

*Liturg:*
*N*, jy is ’n geliefde kind van God. Onthou dat jy gedoop is in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.
Gaan nou en maak ’n verskil in God se wêreld.
Hy seën jou deur jou gawes in die krag van sy Gees vir ander te wees.

*Teken van die kruis / hand in doopvont:*
Die teken van die kruis word met die water uit die doopvont op die deelnemer se voorkop of handpalm gemaak.
In groter gemeentes kan die deelnemers hulle hande in die water steek terwyl hulle stadig verby die doopvont verbyloop.

Jesaja 43:1, 5:
“Luister, so sê die Here. Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.
Moenie bang wees nie, Ek is by jou.”

*Gemeente sing:*
Lied 532:2 – Ons Vader, neem ons hande
Lied 308 – Neem my lewe

**Voorbeeld 2**
**Herbevestiging van doopbeloftes**

*Voorganger*:
Ons doop is ’n teken en seel dat God ons gered het. Deur die geboorte, dood en opstanding van Jesus Christus is die magte wat ons bind, verbreek en het God se koninkryk ons wêreld ingekom. Deur ons doop is ons burgers van God se koninkryk gemaak en vrygemaak van alles wat ons gevange hou. Kom ons vier vanoggend opnuut hierdie vryheid deur die beloftes wat by ons doop gemaak is te herbevestig.
Ons gaan ons vanoggend opnuut aan God toewy deur ons geloof te bely en die doopwater aan te raak.
*Voorganger*:
Glo jy in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde?
*Gemeente:*
Ja, ek glo.
*Voorganger*:
Weet dan dat God ons Vader met jou doop al sy beloftes aan jou toegesê en jou Syne gemaak het.
Glo jy in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, ons Here?
Gemeente:
Ja, ek glo.
*Voorganger*:
Weet dan dat Jesus Christus vir jou gesterf het en dat jy die redding wat Hy bewerk het, besit.
Glo jy in die Heilige Gees?
*Gemeente:*
Ja, ek glo.
*Voorganger*:
Weet dan dat die Heilige Gees in jou woon en vir jou die krag gee om ’n ware dissipel van Jesus te wees.
Jy behoort aan die Here en niks kan hierdie waarheid ooit verander nie.
*Gemeente:*
Amen.

Die gedoopte lidmate kom dan vorentoe en steek hulle hande in die doopvont.
’n Gepaste lied kan hierna gesing word.

**Voorbeeld 3**
**Doopherinnering en toewyding**

*Voorganger*:
Die Here jou God vra vandag van jou om volgens sy voorskrifte en bepalings te leef en hulle te gehoorsaam. Jy moet dit doen met hart en siel.
*Gemeente:*
Ek sal die Here liefhê en my naaste soos myself.
*Voorganger*:
Die Here verklaar vanoggend opnuut dat jy sy eiendom is en vra dat jy Hom sal gehoorsaam.
*Gemeente:*
Ek sal die Here liefhê en my naaste soos myself.
*Voorganger*:
Wanneer jy vanoggend hier uitstap, raak aan die water. Weet dat God jou liefhet en gaan deel sy liefde met ander.
Die gemeente sing Lied 284:1-3, “Laat, Heer, u vrede deur my vloei”.
Spreek die seën uit.

Terwyl gedoopte lidmate die kerkgebou verlaat, druk hulle hulle hande in die doopvont wat by die deur staan.
(Op grond van Markus 12:28-31)

**Voorbeeld 4**
**Die hertoe-eiening van die doop vir gebruik na ’n doopdiens**

Augustinus se lewe vertel vir ons baie oor die doop. Hy was jare lank met die dinge van die wêreld besig voordat hy ontdek het God het hom reeds gevind. Hy is toe deur Ambrosius gedoop. Ons het dit vandag weer in die sakrament van die doop gesien: Soos God vandag sy belofte vir hierdie kindjie/man/vrou gegee het, so is ons elkeen reeds deur God gevind. Dit is iets wat ons (gereeld) moet (her)ontdek. Bid saam met my …

Te laat het ek U liefgekry, Skoonheid, so oud en tog so nuut;
te laat het ek U liefgekry!
U was in my binneste en ek was buite besig om U te soek,
maar op verkeerde plekke.
Ek het my liefde uitgestort op die skoonheid en pragtige dinge wat U gemaak het.
U was by my, maar ek was nie by U nie.
Dinge wat nie sou bestaan het as dit nie vir U was nie,
het my vasgehou.
U het groep en geskreeu en deur my doofheid gebreek;
U het geskitter en my blindheid verdryf;
U het ’n aangename geur versprei en ek kon dit inasem,
en nou snak ek na U:
Ek het U geproe en nou honger en dors ek na U.
U het my aangeraak en nou is ek aan die brand
Met ’n vurige verlange na u vrede.
(Augustinus)

**Voorbeeld 5**
**Voorstel vir die inrigting van die openbare belydenis van geloof van graad 11’s en 12’s waar doopherinnering figureer**

1. Soos die kinders se name een vir een uitgeroep word, staan hulle op waar hulle saam met hulle ouers verspreid in die kerkgebou sit. Een van die ouers of die voog staan saam met die kind op en kom saam na vore.
* Omdat baie kinders uit enkelouer-huise of geskeide huise kom, is dit veiliger om te vra dat net een ouer die gesin verteenwoordig.
* Die ouer kom saam as ’n simbool dat die kind aan die Here toegewy word en dat die ouer antwoord op die belofte wat hy/sy by die doop aangaande die kind gemaak het.

* Die ouer maak hiermee ook ’n eie hertoewyding – dat hy/sy voor sy/haar kind en die wêreld gelewe het en sal lewe dat almal in sy/haar lewe lewe sal sien dat die Here leef.

2. Wanneer die kind en ouer voor kom, gaan hulle na ’n tafel waar vir elke kind ’n kers gereed staan by die Christuskers. Die ouer steek die kers by die Christuskers aan, sê saggies ’n seënwens vir die kind en gaan neem weer sy/haar plek in.
* Daar staan genoeg kerse gereed dat daar een is vir elke kind wat belydenis van geloof sal aflê.
* Die aansteek van die kers simboliseer dat die ouer die kind toewens dat die lig van die Here in sy/haar lewe sal bly skyn sodat hy/sy ook self lig in die wêreld sal wees.

3. Elke kind word individueel vorentoe geroep na die doopvont. Hy/sy plaas die hand in die doopwater terwyl hy/sy “ja” antwoord op die betrokke vrae.
* By die kind se doop het die Here belowe dat Hy die kind se God wil wees. Die kind onthou hierdie genade-aanbod van God deur aan die doopwater te raak en antwoord daarmee deur as’t ware te sê: “Ja, Here, ek wil u kind wees.”

4. Nadat geantwoord is, word die kind gevra om die geloofsverbintenis te bevestig met sy/haar handtekening op die belydeniskaart.

5. Die gemeente kan vir die kind/ers ’n lied soos Lied 268 – Laat Heer u seën op hul daal, toesing.
* Terwyl die lied gesing word, kan die gemeente hulle hande na die kinders seënend uitsteek.
* Indien die kerk klokke het, kan die klokke ook op hierdie moment gelui word.

**Voorbeeld 6**
**Voorstel vir doopdiens waarby hernuwing van doopbeloftes ingesluit is**

*Doopformulier:*
God het in die Ou Testament al ’n ooreenkoms met Abraham aangegaan (dit word ‘n “verbond” genoem). Die goeie nuus? Julle nuwe babatjie is deel van daardie volk van God met wie Hy ’n spesiale verhouding wil hê. Die verbond is eintlik ’n soort testament waarin God 'n erfporsie aan sy kinders bemaak. By die doop bied God hierdie erfporsie aan julle kindjie aan. Wat behels hierdie erfporsie? Jou kind word verseker dat God ook sy/haar God wil wees. Dit beteken:
* Hy wil jou Vader wees wat vir jou sorg en jou liefhet.
* Hy wil as Jesus Christus jou Verlosser en beste vriend wees.
* Hy wil as Heilige Gees in jou kom woon en jou ’n nuwe mens maak.

Hierdie geskenk van God kan geen mens verdien nie, want ons sonde, waarmee ons al gebore word, veroorsaak dat ons die dood verdien. Dis Jesus wat die straf vir my sonde op Hom neem en aan die kruis in my plek sterf. Daarom kan Hy nou die Ewige Lewe as geskenk vir my aanbied. Dat julle babatjie nog niks hiervan verstaan nie, is nie ’n probleem nie – dit sê juis hy/sy kan dit nie verdien nie – maar net ontvang.

Een van die maniere om te verduidelik wat daar in die kerk sal gebeur, is om te sê dis soos ’n opvoering met verskillende karakters. Dis belangrik om te besef wat elke karakter se rol is.

* God. Hy is die hoofkarakter. Hy neem die inisiatief: Hy staan voor julle babatjie met ’n aanbod (“Ek wil jou God wees”) en met ’n versoek (“Sal jy my kind wees?”). Dis amper soos ’n huweliksaansoek.
* Die kind. Hy/sy verstaan nou nog niks. Soos hy/sy groter word, moet dit vir hom/haar verduidelik word en hy/sy moet op die punt kom waar hy/sy dit ook aanvaar en sê: “Ja, Here, ek wil u kind wees. Dankie dat U al klaar vir my ‘n Vader is.”
***** Die ouer. Die ouer moet self ’n persoonlike verhouding met die Here hê en dit voor die kind leef. By die doop wy die ouer die kind aan die Here. Die kerk help maar net die ouer (bv met Dissipelland/Sondagskool) om hom/haar van die Here te leer. Dit bly egter die ouer se verantwoordelikheid om vir die kind te wys dat die Here leef en hom/haar liefhet.
* Die gemeente**.** Die gemeente is by die doop getuies van julle belofte. Hulle is verder die familie waarby julle babatjie ingetrek word. Hulle is ook julle broers en susters, wat julle moet help met die groot taak. By die doop kom bied God aan om hierdie kindjie se God te wees.

Daar is verkeerde redes om jou kindjie te laat doop!
* Dit is miskien deesdae minder so, maar vroeër was jy heeltemal “uit” as jy nie gedoop is nie en as jy nie jou kinders laat doop nie. Om ’n goeie Afrikaner te wees, het beteken om aan die NG Kerk te behoort, gedoop te wees en jou kinders te doop. Mense het dikwels nie twee keer gedink oor wat dit beteken om gedoop te word nie – dit is maar net so gedoen! Moenie om hierdie rede doop nie!

* Mense is soms bang dat as hulle kindjie nie gedoop is nie sy/hy iets kan oorkom of, nog erger, nie gered sal wees nie. Die doop kan jou nie red nie. Dis wel ’n teken daarvan dat God jou so liefhet dat Hy sy Seun in jou plek laat sterf het sodat jy kan lewe.
* Onthou asseblief ook dat die doop nie ’n naamgee-seremonie is nie: die kindjie het reeds ’n naam. By die doop kom bied God aan om hierdie kindjie se God te wees.

*Verbintenis deur die ouers:*

*Liturg:*
God wag nie vir ons om die eerste tree na Hom te gee nie. Hy gee die eerste tree. Ons kinders moet grootword met die wete dat God hulle eerste liefgehad het sodat hulle wil reageer op sy liefde. Julle as doopouers het ’n bepalende rol om hierdie liefde van God aan julle kinders voor te leef. Daarom moet julle as ouers opreg op die volgende vrae antwoord:

Ten eerste:
Bely julle dat *N* aan God behoort en as lidmaat van die kerk gedoop behoort te word – al het hy/sy ook as sondaar die wêreld ingekom?
Ten tweede:
Bely julle dat die Bybel, volgens ons kerk se leer (ons leer word in die Belydenisskrifte opgesom), vir ons die ware en volkome pad van die verlossing leer én ons die pad met God verder aanwys?
Ten derde:
Beloof julle om hierdie pad met God aan julle kind oor te dra en te sorg dat dit in die gemeente aan hom/haar oorgedra word deur julle inskakeling by die geloofsgemeenskap?

*Geloofsbelydenis / Hernuwing van doopbeloftes:*

*Liturg:*
Ons dink hieraan dat ons deur ons doop saam met Christus gesterf het en begrawe is.
Ons weet egter dat ons ook saam met Hom opgewek is tot ‘n nuwe lewe.
Daarom bevestig ons opnuut die beloftes wat by ons doop gemaak is.
Ons bely opnuut ons verbondenheid aan Christus.
Ons verwerp opnuut die selfsugtige werke in ons lewe voordat Christus vir ons ’n werklikheid was.

*Liturg:*
Bely jy jou sonde met berou?
*Gemeente:*
Ons bely ons sonde met berou.
*Liturg:*
Draai jy om na Christus toe?
*Gemeente:*
Ons draai om na Christus toe.
*Liturg:*
Het jy saam met Hom gesterf?
*Gemeente:*
Ons het saam met Hom gesterf.
*Liturg:*
Het jy saam met Hom opgestaan?
*Gemeente:*
Ons het saam met Hom opgestaan.
*Liturg:*
Bely dan jou geloof in die drie-enige God.
*Gemeente:*
Ek glo in God die Vader, wat alles geskep het.
Ek vertrou sy Seun wat die mensdom kom verlos het.
Ek glo in die Heilige Gees,
wat my daagliks vernuwe en lei.

*Doopbediening*

Die water is ’n simbool
* van reiniging: dat God my sonde en skuld afwas.
* van my dood: die ou mens sterf asof hy/sy verdrink.
* van my nuwe lewe.

*Liturg* (spreek die dopeling aan):
"*N*, jy behoort aan God en ons eien al God se beloftes vir jou toe."

Liturg (spreek die gemeente aan):
"Gemeente van die Here Jesus Christus, mag ek u voorstel aan ons nuwe lidmaat, *N*."

Gebed

Sang

Gelukwensing en oorhandiging van Bybel en doopkers:
NB: Die idee is dat die doopkers elke jaar met die herdenking van die kind se doopdatum as 'n herinnering aangesteek sal word.

Klokke lui tydens gelukwensing

**Voorbeeld 7**
**Begrafnisdiens wat met 'n ritueel by die doopvont begin**

Indien die persoon wat begrawe word, gedoop is, kan die begrafnisdiens/roudiens in die kerkgebou by die doopvont begin. Die voorganger steek sy of haar hand in die water, skep water op en laat dit weer in die doopvont terugdrup. Dan sê die voorganger byvoorbeeld:
"*NN* is baie jare gelede gedoop. Paulus sê vir ons hy/sy het daardie dag reeds saam met Christus gesterf om vir ewig saam met Hom te leef."
Hierna beweeg die liturg na die plek in die liturgiese ruimte van waar hy/sy die diens verder sal lei.

**Voorbeeld 8**
**Doopherdenking tydens 'n doopdiens**

*Votum*
Johannes 1:9-13
"9Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. 10Hy wás in die wêreld—die wêreld het deur Hom tot stand gekom—en tog het die wêreld Hom nie erken nie. 11Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. 12Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. 13Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore."

*Seëngroet*
God Drie-enig groet ons met die mooiste toewensing en met oop arms:
Genade, barmhartigheid en lig vir julle
en dit kom van God ons Vader wat Sy hand van genade na ons toe uitsteek,
en Jesus Christus, die ware lig en ons Verlosser,
en van Heilige Gees, wat ons in die lig lei.

*Lied:*
*I stand amazed* of enige ander lied wat handel oor die Lig

*Doopformulier en bedien doop:*
Roep doopouers vorentoe
Doopformulier soos in 8.4.1 uiteengesit (waarin die gemeente ook verantwoordelikheid neem en aan hulle eie doop herinner word)
Vra vrae aan doopouers
Bediening van die doop

Roep doopouers se ouers vorentoe:
Verduidelik die verbond en die vreugde en verantwoordelikheid van geloof wat van geslag tot geslag oorgedra word.

Sing die Geloofsbelydenis:

Ons bely
Ons bely die Vader, Seun en Heil'ge Gees, sal ewig wees.

Ons bely die Vader as die Skepper Heer, wat steeds regeer.
Ons bely vir Jesus as die Seun van God, wat vir ons sterf, en plek berei.
Hy regeer, oor alles Heer!

Ons bely dat Jesus, God in mensevlees, by ons kom woon.
Mense gryp Hom kruisig Hom, en Hy moet sterf, in hel verkeer.
Maar Hy staan op uit die dood en Hy vaar op, as Hemelheer.
En Hy kom weer, ons bely, Hy kom weer!

Ons bely die Gees van God wat lewend maak, en ons wil leer.
Ons bely 'n kerk wat heilig rein en skoon, aan God behoort.
Ons bely dat Hy ons rein van sonde maak.
Ewig laat leef en sal kom haal.
En ons bely: God regeer!
En ons bely: God regeer!
En ons bely: God regeer!

Lied 260 of 265 kan ook as alternatief gesing word.

Oorhandig doopkerse en Bybels aan doopouers

Gebed

Skriflesing:
Matteus 3:13-17
"[13]In daardie tyd het Jesus van Galilea af na Johannes toe by die Jordaan gekom om deur hom gedoop te word. [14]Maar Johannes het dit probeer verhinder deur te sê: "Ek moet eintlik deur U gedoop word en U kom na my toe?" [15]Jesus het hom geantwoord: "Nogtans moet jy dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen." Daarna het Johannes ingestem. [16]Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom. [17]Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.""



Woordverkondiging handel oor Jesus se doop

Doopherinnering:
God se beloftes word deur die doop verduidelik en bevestig.
Die doop herinner ons aan God se onbeskryflike genade.
Dit herinner ons dat die Here ons sondes vergewe, dat Hy ons deel van die liggaam van Christus – die kerk – maak en dat die Heilige Gees ons elke dag nuut maak om reg te lewe.

Ons sien die beloftes van die Here duidelik raak in die water waarmee gedoop word.
* Water gee lewe.
* Water maak skoon.
* Water verfris.
* Water verkwik ons.

Jesus Christus is ons lewenswater!

Die doop roep ons ook op om nuut te lewe.
Dit herinner ons om in liefde te leef en in geloof aan Jesus Christus vas te hou.



Inhoudsopgawe

*Bakke met water en halwe gekleurde albasters daarin, word op verskillende plekke in die kerkgebou gesit sodat lidmate dit maklik kan bereik*

Ek nooi jou nou uit om jou eie doop saam met almal te kom vier deur jou hand in die water te kom steek en ’n klippie uit die bak met die water te neem.
Dit herinner ons aan ons doop en die geloof waaraan ons vashou.
* Dit herinner jou aan die pad wat God elke dag saam met ons stap – al van kleintyd af.
* Dit roep ons op om ons identiteit as gedooptes uit te leef.
Dra dit saam met jou – neem dit as ’n herinneringsteken en dra dit in jou sak saam met jou sleutels, jou selfoon, jou beursie – daardie alledaagse dinge. God is by jou in die alledaagse!

As jy nog nie gedoop is nie, kom ook en weet dat God ook met jou ’n pad stap. Jy kan een van die dominees kom sien en ons sal die pad saam met jou stap sodat jy gedoop kan word as ’n openbare bevestigting van God se genade en trou soos hierdie babas wat vanoggend gedoop is.

*Musiek speel musiek terwyl mense klippies uit bakke water gaan haal.*

*Gee eers tyd vir nadenke en stilte oor wat gebeur het.*
*Terwyl jy die herinneringsteken in jou hand hou, kom ons sê vir God dankie vir Sy genade.*
*Lees gedig.*

Martin vat aan sy voorkop

Martin vat aan sy voorkop
as die blitse in sy borskas slaan
en die klipkerk se mure te dun is
om die kommer na buite te ban.

Martin vat aan sy voorkop
asof hy die doopwater nog kan voel,
die koel lafenis van God se genade
wat oor sy babagesiggie spoel.

Martin vat aan sy voorkop
asof sy oumansvingers wil vat
aan die oeroue beloftes van God
wat met die water oor hom spat.

Martin Luther vat aan sy voorkop
en hy voel hoe sy hart bedaar.

*(Neels Jackson)*

Lied 510 – Genade, onbeskryflik groot
Lied 334 - God is liefde, juig ons harte
FLAM 34 - Daarom

## 9. AANBEVELINGS: DOOPHERINNERING EN DOOPHERDENKING

**9.1 Die Algemene Sinode ontvang die verslag as teologiese standpuntinname oor doop en doopherinnering/ -herdenking.**
**9.2 Die Algemene Sinode beveel die verskillende liturgieë by die kerkverband aan.**
**9.3 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om moeite te doen om die groter geloofsgemeenskap by die doopprosesse in die gemeente te betrek en daarteen te waak om aparte doopdienste te hou.**
**9.4 Die Algemene Sinode versoek dat daar in die ontwikkeling van kategesemateriaal na ’n groter geïntegreerdheid tussen doop en belydenisaflegging gekyk sal word.**
**9.5 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om lidmate gereeld kans te gee om op ’n sinvolle wyse hulle doop op verskillende maniere te herdenk.**

<u>**Bronne:**</u>

**Burger, CW & Wepener, CJ**. Die lang pad van bekering. Deel 3. Die Reformasie se reaksie op die verval van die kategumenaat en doop- en leringpraktyke in die Middeleeuse Kerk. NGTT.

**Burger, CW & Wepener, CJ**. Die land pad van bekering. Deel 4. 'n Herontdekking en wye belangstelling. NGTT.

**Burger, CW & Wepener, CJ**. Die land pad van bekering. Deel 5. Wat kan Gereformeerde kerke leer uit die Kategumenaatsproses? NGTT.

**Calvyn, J**. Institusie of Onderwysing in die Christelike Godsdiens. (Afrikaanse vertaling deur A. Duvenhage, 1978). N.G. Kerk Boekhandel.)

**Packer, JI**. 1990. Introduction: On Covenant Theology in *The Economy of the Covenants between God and Man: Comprehending A Complete Body of Divinity"*. HermanWitsius. Reprinted. Escondido. California: The den dulk Christian Foundation.

**Van der Merwe, J** (red.). 2001. Gebedeboek met liturgiese voorstelle. Saamgestel deur die Oos-Kaapse Eredienskommissie van die Oos-Kaapse Sinode van die NG Kerk. Wellington: Lux Verbi.BM.

**Van der Merwe, J**. 2010. Doop en geloofsverbintenis. Excelsus Lentekonferensie. Universiteit van Pretoria.

**Wepener, C**. 2011. Soos 'n blom na die son draai. Liturgiese voorstelle vir gebruik in die algemene erediens en in ander spesifieke dienste. Wellington: Bybel-Media.

**Wepener, CJ**. 2007. Die lang pad van bekering. Deel 1. Die opkoms van die kategumenaat in die Patristieke tyd. NGTT.

**Wepener, CJ**. 2007. Die lang pad van bekering. Deel 2. Die verval van die kategumenaat in 'n staatskerk. NGTT.

**Wepener, C & Van der Merwe, J** (red.). Ontdekkings in die erediens. 2009. Wellington: Lux Verbi.BM.

<u>**Bydraes tot liturgieë:**</u>

Drr Elsje Büchner, Johan van der Merwe, prof Cas Wepener en ds Jampie Nel.

# A.11.1 LIDMAATBEMAGTIGING

## 1. OPDRAG

*1. Die Algemene Sinode versoek dat lidmaatbemagting as 'n prioriteit oorweeg word en dat Rimpels as 'n projek voortgesit word.*
*2. Die Algemene Sinode versoek dat 'n projekspan saamgestel word wat 'n behoeftebepaling doen rondom watter materiaal nodig is vir die toerusting en begeleiding van volwasse lidmate (vgl Agenda A.8 Bylaag 3 bl 114 pt 7.10; Notule Dag 2 bl 83)*

## 2.ROEPING VAN DIE KERK

**2.1** Die kerk se roeping en opdrag is om die Goeie Nuus na die wêreld te dra. God se missie (missio Dei) word voortgesit deur die kerk. Jesus het **gewone** vissers gebruik om sy kerk te bou. Hy het hulle geroep, begelei, toegerus en toe uitgestuur om die evangelie te versprei. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle" (Joh 20:21). Hierdie woorde rig die gemeentelike lewe. Daarna sê Hy "Vrede vir julle!" en nadat Hy oor hulle geblaas het sê Hy: "Ontvang die Heilige Gees!"
**2.2** Volgens die verslag van Klein Gemeentes in 2011 aan die Algemene Sinode word "die gestuurdheid van lidmate op trinitariese wyse gekommunikeer. Die Vader stuur Jesus, die Heilige Gees word oor die dissipels gegiet, en dit geskied met die oog op die voortsetting van die trinitariese roeping. Die roeping het met die vrede te doen wat Jesus gee. God werk aktief in gemeenskappe om nuwe geloofsgemeenskap te skep. Waar lidmate hierdie dinamika snap, en God se uitnodiging om deel te neem aan God se sending hul agenda maak, en draers van God se vrede na gemeenskappe word, ontvang die gemeente lewe en vitaliteit vanuit hul roepingsvervulling."
**2.3** Roeping is die taak wat die Here aan 'n bepaalde lidmaat, in 'n bepaalde gemeente en konteks, vir 'n bepaalde tyd toevertrou. Hiervoor word die lidmaat, in die proses van gehoorsaamheid, deur die Here toegerus. Arnold Smit skryf in *Nuut gedink oor leierskap in gemeentes* (99-100) dat energerende leierskap daarin slaag om 'n gemeente in staat te stel om hulle Godgegewe visie in die gemeenskap waarin hulle leef, te vervul. Hierdie tipe styl van leierskap maak lidmate vry tot 'n verstaan van hulle eie waarde en rol in die vervulling van die gemeente se roeping.
**2.4** Lidmate word en voel bemagtig wanneer hulle ontdek en weet wat hulle roeping is binne die Missio Dei asook die verantwoordelikheid en ondersteuning kry om dit uit te leef in die krag van die Heilige Gees.
**2.5** Verder veronderstel dit natuurlik dat alle lidmate vaardighede in geloofsonderskeiding ontwikkel. Geloofsonderskeiding is die vermoë om God raak te sien in die gewone gang van sake, nie net om God se stem uit 'n prediker se mond te hoor nie. Wanneer gemeentes geloofsonderskeidend na hulle konteks begin kyk, sal lidmate en predikante verstom staan vanweë die verskeidenheid rolle waartoe die Here lidmate roep om sy gemeente en ons wêreld te bedien.
**2.6** God is besig om 'n "nuwe"(her) verstaan van kerkwees te ontsluit en Hy help ons om 'n nuwe storie te skryf. Die wonderlike nuus is: Die drie-enige God nooi ons om deel te neem aan sy sending (missio Dei) om lewe in oorvloed (Joh 10:10) te skenk. Hy is reeds aan die werk.
**2.7** Die Algemene Sinode se Netwerk vir Lidmaatbemagtiging wil daarom die fokus laat val op inspirasie vir dissipelskap asook die identiteit wat daarmee gepaard gaan. Die afgelope termyn het die Netwerk verskeie artikels hieroor gepubliseer in die Kerkbode en Kruisgewys. Dit is vir ons duidelik dat die bemagtiging van lidmate nie net nóg 'n program in die kerk is nie; dit is niks minder nie as "a way of being the church". Aan die hart hiervan lê die oortuiging om missionale kerk te wees.

## 3. DISSIPELSKAP

**3.1** Dissipelskap behels leerbaarheid, diensbaarheid en gehoorsaamheid. Die Heilige Gees bou God se koninkryk deur die werk en getuienis van gewone lidmate uit. Geesgedrewe lidmate maak impak in die samelewing.
**3.2** Lidmaatbemagtiging wil lidmate en predikante verder vrymaak om hulle passie en gawes in bediening uit te leef – en om te verstaan dat enkeles nie álles hoef te doen nie. Hulle moet weet dat hulle deel is van 'n span waarin elkeen sy of haar passie en gawes moet uitleef in die gemeente waar hulle dien. Lidmaatbemagtiging wil lidmate vrymaak om te verstaan dat hulle 'n verantwoordelikheid het en dat hulle deur Jesus bemagtig is om hulle roeping, passie en gawes volledig in die gemeente uit te leef. Lidmate moet toegelaat word om te dóén, want hulle kán!
**3.3** Daarom wil die Netwerk deur nadenke en studie gemeentes ondersteun – nie met strukture en strategiese planne nie, maar na 'n nuwe verstaan van dissipelskap. Dit is 'n bedieningshouding en bedieningstyl waarin lidmate (doop- en belydende ) en predikante elkeen Jesus volgens eie aard, passie en gawes dien.

## 4.“AMPSWERK EN AMP VAN GELOWIGE”

**4.1** Daar is tans wêreldwyd gesprekke oor die herontdekking van die amp van die gelowige aan die gang. Kleinerwordende gemeentes moet noodgedwonge al meer op lidmate se gawes en tyd staatmaak en verskeie kursusse word reeds aangebied waar lidmate toegerus word om van die tradisionele “predikantswerk” (ampswerk) te doen soos oa prediking, pastoraat, bestuurs- en leierskapfunksies.
**4.2** Die ander kant van die muntstuk is egter die roeping in die “amp van gelowige” waar elke lidmaat geroep word in hulle daaglikse lewe. Die predikant of kerkraad word nie alleen geroep nie, maar alle gelowiges word geroep om die markplein te betree en ’n verskil te maak. Davida Crabtree beweer: “*An incarnational theology of ministry affirms that the Body of Christ is at work wherever its members are at work.”*
**4.3** Die plaaslike gemeente (dissipels) is die voertuig en deel van God se plan om die wêreld te bereik. Die taakmag (dissipels) is nie slegs beperk tot predikante nie, maar elke gelowige is deel hiervan. Daarom is die opleiding, begeleiding en bemagtiging van gelowiges krities noodsaaklik. Die Netwerk behoort leiding te gee om predikante, gemeentes en lidmate by te staan om verder op hulle geloofsreis gevorm, geïnspireer en bemagtig te word. Indien die kerk werklik missionaal wil wees, is dit net moontlik indien daar nadenke oor hierdie saak is en die fokus, tot ’n groot mate, op dissipelskap val.

## 5. NADENKE OOR TOERUSTING EN GELOOFSVORMING

**5.1** Reeds in 2007 meld die verslag oor ’n praktiese gemeentelike ekklesiologie aan die Algemene Sinode die volgende:
*“Die Skrifkennis, kerkbegrip en breë prakties-teologiese insig van ons lidmate sal verruim moet word. Dit kan alleen deur behoorlike toerusting geskied. Vir te lank is kategese vir die jeug en eredienste vir volwassenes as die enigste weë gesien waarlangs dit behoort te geskied. Gemeentes behoort ernstig na te dink oor `n omvattende, holistiese en voortgaande onderrigmodel vir alle lidmate.”*
**5.2** Daarom sou die vorige opdrag aan Lidmaatbemagtiging nie werklik die probleem aangespreek het nie, maar net die simptoom. Die saak het dringende navorsing en studie nodig om duidelike riglyne aan Sinodes te gee.
**5.3** Die herontdekking van die “amp van die gelowige” asook die missio Dei lei ons in ’n nuwe verstaan van kerkwees in. Dissipelskap en die rol wat gelowiges speel kan nie onaangeraak bly nie. Ons is almal deel van God se missie.
**5.4** Artikel 55 sê die volgende oor Dienswerk van Gelowiges: *“Die roeping van die kerk in sy gestuurdheid na die wêreld (missio Dei) impliseer die toegewyde dienswerk van elke gelowige. Met die oog hierop behoort die kerk gelowiges toe te rus, te inspireer en te ondersteun.”* Voortgesette geloofsvorming van volwassenes is noodsaaklik en behoort planmatig en doelgerig aangepak te word indien ons dissipels wat inpak maak, wil kweek.
**5.5** Lidmate (insluitend die jeug) sal ná voltooiing van kategese in ’n “missionale oefenskool” toegerus moet word. Nadenke oor liturgie, erdiens, prediking, jeugwerk sowel as die totale gemeentebediening in al haar fasette is ook nodig in die lig van die “herontdekking” van die amp van die gelowige en die fokus op missionale kerkwees.
**5.6** Ook sal daar gekyk moet word na vars en nuwe maniere oor hóé die toerusting en geloofsvorming geskied, aangesien die tradisionele gedrukte media en lesingstyl nie meer al kan wees in ’n nuwe era van digitalisering, videofokus en Google nie.

## 6. AANBEVELINGS: LIDMAATBEMAGTIGING

**6.1 Die Algemene Sinode aanvaar Lidmaatbemagtiging, wat besin oor die gestuurdheid, dissipelskap en toerusting van lidmate, as ’n kontinue werksaamheid.**
**6.2 Die Algemene Sinode versoek die Netwerk vir Lidmaatbemagtiging om navorsing te doen en te besin oor gestuurdheid, dissipelskap, toerusting en dienswerk van gelowiges en die studieresultate beskikbaar te stel sodat dit die kerk en haar missionale roeping kan ondersteun.**
**6.3 Die Netwerk word uitgebrei met verteenwoordigers van die NG Kerkfamilie.**
**6.4 Die Algemene Sinode vestig ’n netwerk vir erediens en liturgie om die Algemene Sinode te adviseer.**
**6.5 Die Algemene Sinode vestig ’n netwerk vir gemeentebediening om die Algemne Sinode te adviseer.**

Hiermee vertrou die Netwerk dat die Algemene Sinode gedien is.

# A.11.2 VROUELESSENAAR

## 1. OPDRAG

*Indien die Vrouelessenaar as ’n prioriteit aanvaar word, word die volgende projekte aan die Vrouelessenaar opgedra:*
*1.1 Skakel ekumenies met die vroueleiers van ander kerke in koördinering met die ekumeniese skakeling van die NG Kerk.*
*1.2 Reël ten minste een ekumeniese geleentheid met die NG Kerkfamilie sowel as die Gereformeerde (reformatoriese) kerke in Suid Afrika se vroue.*
*1.3 Koördineer die netwerk van kundiges uit die sinodes met betrekking tot vrouebediening soos uiteengesit in die funksionering van die Vrouelessenaar.*
*1.4 Dra by tot die emosionele versorging van predikantsgesinne en emeriti en hul vroue of weduwees.*
*(vgl Agenda A.8 Bylaag 4 bl 117 pt 7; Notule Dag 2 bl 183).*

## 2. BYDRAE VAN DIE VROUELESSENAAR

Dwarsoor die wêreld, in gereformeerde sowel as charismatiese kerke, is sterk vrouebewegings wat na die bediening en belange van vroue in die kerk omsien. Vroueleiers oor die wêreld heen skakel ekumenies en bespreek gemeenskaplike sake, behoeftes en tendense met mekaar.

Die profetiese stem van Christenvroue oor aktuele sake is essensieel in die bepaling van beleid met betrekking tot sake wat vroue raak. Die NG Kerk se Vrouelessenaar vervul tans tot ’n groot mate die rol van ekumeniese- en skakelingsliggaam met verskeie ander kerke asook die regering en vroue-organisasies.

Die Vrouelessenaar fokus op die bou van verhoudings. Die bywoning van konferensies en skakeling dra by tot die versoening en heling van ons lande. Kerkhereniging is huidig ’n hoë prioriteit van die Algemene Sinode. Die Vrouelessenaar skakel op gereelde basis met vroue uit die NG Kerkfamilie waar bande en vertroue gebou word. Sinodes word ook aangemoedig om op sinodale vlak met die NG Kerkfamilie se vroue te skakel. Aangesien vroue in die NG Familiekerke die grootste persentasie van lidmate uitmaak, moet die waarde hiervan nie onderskat word nie.

Deur navorsing word behoeftes en tendense bepaal wat tot die voordeel van vrouebediening binne die kerk aangewend word.

In samewerking met Predikantebegeleiding word daar meegewerk om predikants- en emeritigesinne (asook weduwees) se behoeftes onder die aandag van sinodale diensverhoudinge of ander taakspanne te bring. Predikante se vreugde in die bediening (A-Z Beleid) kan nie in isolasie van hulle gesinne gesien word nie en die Vrouelessenaar beywer haar om hier ’n bydrae te lewer. Daar word gereeld vir die gades van predikante byeenkomste gereël waar hulle gemotiveer word en bedank word vir hulle bydrae tot die bediening in die Koninkryk.

Toerusting is essensieel om vrouepotensiaal te ontwikkel en vroue te bemagtig. Toegeruste en geÏnspireerde vroue lewer ’n positiewe bydrae in gemeentes. Die lessenaar sien toe dat daar voldoende aktuele materiaal is wat vir dié doel in gemeentes gebruik kan word.

Sedert die Algemene Sinode in 2011 het die Vrouelessenaar as ’n netwerk gefunksioneer. Daar is geen begroting vir die Vrouelessenaar nie alhoewel daar opdragte aan die lessenaar opgedra is.

## 3. WERKSAAAMHEDE:

Die Vrouelessenaar het op eie koste die volgende opdragte uitgevoer:

### 3.1 DIE NETWERK VAN KUNDIGES UIT DIE SINODES HET TWEE MAAL VERGADER.

Tydens hierdie byeenkomste is:
*1 Besin oor gemeenskaplike uitdagings, behoefte(s) en tendense ten einde oplossings in ’n veranderende omgewing te vind.
*2 Vroueleiers bemagtig deur die uitruil van kundigheid en deel van inligting.
*3 Praktiese dienswerkprojekte bekend gestel wat tot kreatiewe inisiatiewe in sinodes kan lei.
*4 ’n Oorsig oor die bediening aan vroue in die NG Kerk verkry.

### 3.2 EKUMENE /SKAKELING

**3.2.1** Die Vrouelessenaar het namens die NG Kerk met vroue van die NG Familie sowel as ander kerke geskakel.
**3.2.2** Die Vrouelessenaar het 'n byeenkoms van vroueleiers van die reformatoriese kerke in SA ge-inisieer wat die eerste keer in Mei 2013 plaasgevind het. Die Metodiste-, Presbiteriaanse-, Gereformeerde-, Hervormde Kerk sowel as die NGKA, VGK, RCA en Congregational Kerk het die byeenkoms bygewoon. Tydens die gesprek is besluit dat die profetiese stem van Christenvroue rakende sake wat vroue raak nie duidelik genoeg gehoor word nie. Dit sluit oa die volgende sake in: aborsie en tienerswangerskappe, verkragting, prostitusie, geweld teen vroue en kinders, die vroulike liggaam wat soms vernederend afgebreek word deur advertensies, onsinnige moorde van vroue en enige ander saak wat vroue raak.
**3.2.3** Reformatoriese Christenvroue Forum
Op Saterdag 3 Augustus 2013 is daar geskiedenis gemaak toe die **Reformed Christian Women's Forum** (RCWF) gestig is. Die visie van die RCWF is om 'n gemeenskaplike platform te skep waar Christenvroue uit verskillende denominasies met mekaar kan skakel om as 'n verenigde profetiese stem sake wat vroue raak, aan te spreek. Die publieke getuienis van die kerk moet op die markplein, mense se leefwêreld sowel as by wetskrywende liggame gehoor word.
**3.2.4** Die Vrouelessenaar is aktief betrokke by die Wêreldbiddag vir Vroue wat op ekumeniese vlak saamwerk, programme opstel en beskikbaar stel.

**3.3 VERSORGING VAN PREDIKANTS- EN EMERITIGESINNE**
Beklemtoon die versorging van predikants- en emeritigesinne (asook weduwees) in samewerking met die Predikantebegeleidingstaakspan. Hierdie taak is aan sinodes opgedra wat die praktiese versorging van predikante en emereti moet doen.

**3.4 NAVORSING**
**3.4.1** Tendense is ge-identifiseer en bespreek.
**3.4.2** Vroue se behoeftes en belange is onder die aandag van die Algemene Sinode gebring sodat dit aangespreek kan word.

**3.5 BEVORDER MATERIAAL**
Bevorder en stel in samewerking met vennote nuwe, eietydse en relevante toerustingsmateriaal vir geestelike toerusting en bemagtiging van vroue bekend.

## 4. BEPLANNING VIR DIE TOEKOMS
**4.1** Die Vrouelessenaar besef die waarde om jaarliks die netwerk van kundiges van die sinodes bymekaar te bring aangesien dit die werksaamhede van verskillende sinodes versterk deur praktiese dienswerkprojekte, koördinering op algemene sinodale vlak en die uitruil van kundigheid.
**4.2** Ekumeniese skakeling is vir die Vrouelessenaar van groot belang en die skakeling met die reformatoriese kerke sal 'n prioriteit bly.
**4.3** Die Vroueforum wat gestig is, is 'n unieke gebeurtenis in die Kerk en deur die forum sal die profetiese stem van Christenvroue oor aktuele sake uitgedra word.
**4.4** Die Vroulessenaar sal sinodes steeds aanmoedig om die emosionele versorging van predikantsgesinne en emeriti as prioriteit te aanvaar.
**4.5** Die Vrouelessenaar "droom" van 'n groot byeenkoms van Christenvroue waar die NG-vroue kan bid vir ons land, die Koning van alle konings kan aanbid en bemagtig word om as Christenvrou haar taak in haar kerk, sinode en in Suid-Afrika uit te voer.

## 5. AANBEVELINGS: VROUE IN DIE KERK
**5.1 Die Algemene Sinode besluit om die Vrouelesseaar se werksaamhede as prioriteit te aanvaar.**
**5.2 Die Algemene Sinode versoek die Vrouelessenaar om die netwerk van kundiges te koördineer en jaarliks byeen te bring.**
**5.3 Die Algemene Sinode keur goed dat die Vrouelessenaar namens die NG Kerk met vroue in ander kerke, die NG Kerkfamilie en vroue-organisasies skakel.**
**5.4 Die Algemene Sinode keur die Vrouelessenaar se betrokkenheid by die Reformatoriese Christenvroueforum goed.**

Hiermee vertrou die Vrouelessenaar dat haar opdrag tot bevrediging uitgevoer is.

# A.12 MODERAMEN

## 1. FUNKSIONERING
Die Moderamen het funksioneer volgens Reglement 1 soos goedgekeur by die Algemene Sinode 2011.

### 1.1 SAMESTELLING EN GOEDKEURING DEUR DIE ALGEMENE SINODE
**1.1.1** Die Moderamen het tydens die pouse voor die afsluiting van die Algemene Sinode 2011 gekonstitueer met as lede die vier lede wat op die vergadering se moderatuur verkies is, die tien verteenwoordigers soos aangewys deur die afgevaardigdes van die tien sinodes, die lede wat volgens besluit by die vergadering deur die vergadering verkies is en die Algemene Sekretaris. By die geleentheid is die Dagbestuur van die Moderamen aangewys: prof Nelus Niemandt (voorsitter), dr Braam Hanekom (ondervoorsitter), dr Johann Ernst (aktuarius), ds Nelis J van Rensburg, me Elize Bezuidenhout en dr Kobus Gerber (Algemene Sekretaris).
**1.1.2** Die vergadering van die Algemene Sinode was op die hoogte van almal wat ter vergadering verkies is. Die volle naamlys van die Moderamen is egter nooit aan die Sinode voorgelê vir bekragtiging nie. Die Algemene Sinode 2013 sal die samestelling van die Moderamen soos op 14 Oktober 2011 moet kondoneer (vgl aanbeveling hieronder).
**1.1.3 AANBEVELING: SAMESTELLING VAN DIE MODERAMEN**
**Die Algemene Sinode neem kennis van die bona fide oorsig dat die volledige Moderamen nie tydens die vergadering van 2011 voorgelê is nie. Die Algemene Sinode besluit om die samestelling soos op 14 Oktober 2011 in hierdie notule op te neem:**
*** Lede van Moderatuur tydens die sitting verkies: prof CJP (Nelus) Niemandt, dr AR (Braam) Hanekom, dr JH (Johann) Ernst, ds CJ (Nelis) van Rensburg**
*** Verteenwoordigers van sinodes soos aangewys deur sinodes se afgevaardigdes (sekundi in hakies): Wes-en-Suid-Kaap: dr E (Elize) Morkel (ds M Sahd); Oos-Kaap: dr ACV (Chris) van Wyk (ds EGJdeG Schutte); Noord-Kaap: ds GJ (Gert) Duursema (dr JJ Knoetze); KwaZulu-Natal: ds PJ (Pieter) Raath (ds FJ van der Merwe); Vrystaat: dr PJ (Pieter) van Jaarsveld (prof JJ van Rensburg); Wes-Transvaal: ds JNJ (Jacie) van Rensburg (ds NWJ van Rensburg); Noordelike Sinode: dr GF (Gustav) Claassen (dr L Ungerer); Hoëveld Sinode: dr C de K (Neels) du Randt (dr DJ Malan); Oostelike Sinode: dr FJ (Ferdie) Clasen (ds DE van der Spuy); Namibië: ds JJ (Pine) Pienaar (dr JC Woest)**
*** Addisionele lede: ds N (Norma) Rossouw; me IP (Elna) Schoeman; mnr FW (Frik) Bosman, me EJ (Elize) Bezuidenhout**
*** Algemene Sekretaris: dr JJ (Kobus) Gerber**

### 1.2 PRIORITEITE
**1.2.1** In lyn met die besluite van 2011 oor die strukturering van die werksaamhede van die Algemene Sinode het die Moderamen by sy eerste vergadering van 31 Oktober 2011 tot 2 November 2011 <u>prioriteite</u> vir die opdragte van die Algemene Sinode bepaal. Dit het geskied aan die hand van die eerste rondte prioritisering wat tydens die laaste sittingsdag in 2011 gedoen is. Die Moderamen het van 'n fasiliteerder, mnr Johan Herholdt, gebruik gemaak om hom in die proses te help.
**1.2.2** Die prioriteite soos bepaal in 2011 is die volgende: kerkhereniging, die hantering van die besluit oor die Belydenis van Belhar, armoede, menswaardigheid, die vestiging van 'n kultuur van gestuurdheid (missionale kerkwees), volhoubare lewe (ekologie) en die skep van 'n kultuur van gesprek (kommunikasie/ forums/ netwerke/ vennootskappe). Teologiese opleiding is in 2012 as 'n agste prioriteit bygevoeg. Die Moderamen het moeite gedoen om in sy fokus hierdie sake voorop te laat staan saam met al die ander werk op tafel.
**1.2.3** Werksaamhede soos uitgespel in Artikel 43 van die Kerkorde was uiteraard die Moderamen se eerste verantwoordelikheid.

## 2. AANWYS VAN TAAKSPANNE EN PROJEKSPANNE
**2.1** Die Moderamen het by sy eerste vergadering die volgende taakspanne vir staande werk in opdrag van die Algemene Sinode 2001 aangewys: Bestuurspan, Algemene Bevoegdheidsraad (ABR), Algemene Taakspan Fondse (ATF), Algemene Taakspan Regte (ATR), Algemene Taakspan Argief (ATA), Algemene Taakspan vir Bybelvertaling en –verklaring (ATBV), Algemene Kuratorium (AK); Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis (VDDG).
**2.2** 'n 21-tal projekspanne is aangewys om ander opdragte as die van die prioriteite en werk van staande taakspanne te doen.
**2.3** Verteenwoordigers op 'n 23-tal forums en instansies kragtens die werk van die Algemene Sinode is ook aangewys.
**2.4** Soos wat behoeftes verander het, het die Moderamen aandag gegee aan die aanpassing in die samestelling en verteenwoordiging.

## 3. REGLEMENTE

**3.1** ’n Reuse opgaaf op die tafel van die ATR en die Moderamen was die voorbereiding en goedkeuring van die reglemente uitgesonderd die van die Moderamen. Hierdie was nie ’n bevredigende werkwyse nie en die ATR sal die Algemene Sinode in die verband adviseer.
**3.2** Die Moderamen het die helfte van die Reglemente by sy vergadering van 14-16 Maart 2012 goedgekeur aangesien die res nie betyds gereed gemaak kon word nie. Die oorblywende reglemente is teen 15 Julie 2012 elektronies goedgekeur en die Kerkordeboek is gepubliseer. Die Moderamen het die goedkeuring by sy vergadering van 17-19 Septmenber 2012 bekragtig.
**3.3** Die Moderamen het ook ontdek dat sy eie reglement bepaalde leemtes het. Die gewysigde Reglement 1 is aangeheg as **A.12.1.**
**3.4 AANBEVELING: REGLEMENT VAN DIE MODERAMEN**
**Die Algemene Sinode keur die gewysigde Reglement vir die Moderamen goed.**

## 4. BESTUURSAANGELEENTHEDE

**4.1** Dit was ’n wyse besluit van die Algemene Sinode om ’n Bestuurspan te skep ten einde die meeste bestuursaangeleenthede van die tafel van die Moderamen af te neem.
**4.2** Die Bestuurspan het gereeld aan die Moderamen verslag gedoen.
**4.3** Die verslag van die Bestuurspan tov sake wat die aandag van die Algemene Sinode vra, is aangeheg as **A.12.2.**

## 5. VERSLAG TOV DIE PRIORITEITE WAARAAN DIE MODERAMEN AANDAG GEGEE HET

### 5.1 KERKHERENIGING
Die verslag is aangeheg as **A.12.3.**

### 5.2 DIE BELYDENIS VAN BELHAR
Die verslag is aangeheg as **A.12.4.**

### 5.3 ARMOEDE
Die verslag is aangeheg as **A.12.5.**

### 5.4 MENSWAARDIGHEID
Die verslag is aangeheg as **A.12.6**. Die verslag oor die *Seisoen van Menswaardigheid* is aangeheg as **A.12.6.1.**

### 5.5 DIE VESTIGING VAN ’N KULTUUR VAN GESTUURDHEID (MISSIONALE KERKWEES)
Die verslag is aangeheg as **A.12.7.**

### 5.6 VOLHOUBARE LEWE (EKOLOGIE)
**5.6.1** Die verslag is aangeheg as **A.12.8.**
**5.6.2** Die NG Kerk is lid van die Southern African Faith Communities’ Environment Institute (SAFCEI).
**5.6.3** Die kwessie van hidrobreking is op die agenda en daar word gesorg dat iemand van die NG Kerk by die konsultasies teenwoordig is.

### 5.7 DIE SKEP VAN ’N KULTUUR VAN GESPREK (KOMMUNIKASIE/ FORUMS/ NETWERKE/ VENNOOTSKAPPE)
Die verslag is aangeheg as **A.12.9.**

### 5.8 TEOLOGIESE OPLEIDING
Die verslag verskyn as selfstandige verslag in die Agenda.

## 6. VERSLAG TOV SAKE WAT MET ART 43 VAN DIE KERKORDE VERBAND HOU

### 6.1 GEMEENSKAPLIKE IDENTITEIT
**6.1.1** Die Moderamen het moeite gedoen om besluite wat verband hou met Art 43.1 bekend te maak, te verduidelik en waar nodig te interpreteer.

**6.1.2** As deel van dr Ben du Toit se werkomskrywing het hy op deurlopende wyse navrae uit alle oorde oor besluite van die Algemene Sinode wat met leerstellige en aktuele sake verband hou in opdrag van die Algemene Sekretaris hanteer.
**6.1.3** Die Moderamen het geoordeel dat dit nodig is dat daar 'n Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake moet wees as deel van die staande werksaamhede van die Algemene Sinode. Die Moderamen het die opdrag van die Taakspan, wat saamgestel word uit een verteenwoordiger per sinode plus kundiges soos nodig, soos volg bepaal:
*Die Taakspan:*
*1. Koördineer die opdragte van die Algemene Sinode 2011 wat na verskillende projekspanne verwys is (die Bestuurspan identifiseer die sake).*
*2. Gee aandag aan sake wat deur die Moderamen verwys is.*
*3. Adviseer die Algemene Sinode oor beskrywingspunte tov leerstellige en etiese sake.*
*4. Adviseer die Algemene Sinode/ Moderamen in verband met leerstellige en etiese sake in belang van die lewe en getuienis van die NG Kerk.*
**6.1.4** Die verslag van die Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake verskyn as 'n afsonderlike verslag in die Agenda.
**6.1.5 AANBEVELING: TAAKSPAN LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE**
**Die Algemene Sinode besluit om die daarstel van 'n ATLAS asook die Taakspan se opdrag goed te keur.**

**6.2 NASIONALE EN INTERNASIONALE EKUMENIESE BETREKKINGE**
Die verslag is aangeheg as **A.12.10.**

**6.3 PUBLIEKE GETUIENIS OP NASIONALE EN INTERNASIONALE GEBIED**
Die verslag is aangeheg as **A.12.11** met as bylaes **A.12.11.1** Onderwys, **A.12.11.2** Grondhervorming, landelike ontwikkeling en landbou, en **A.12.11.3** Die NG Kerk en apartheid.

**6.4 ONDERLINGE VERBONDENHEID IN DIE KERKVERBAND**
**6.4.1** Die Moderamen het moeite gedoen om via die Dagbestuur noue kontak met die verskillende sinodes te hou. Sinodevergaderings is deur lede van die Dagbestuur en/ of Moderamen bygewoon – daar is moeite gedoen om waar moontlik 'n langer tyd te bly asook vir onderlinge sosialisering met die lede van die vergaderinge.
**6.4.2** Waar ongelukkigheid onder aandag gekom het, het die Dagbestuur van die Moderamen opgevolg – ook saam met die betrokke taakspanne en verteenwoordigers van werksaamhede waar nodig.
**6.4.3** Die Moderamen is oortuig dat ter wille van hierdie aspek van Art 43 die vergaderings van die Algemene Sinode in die verskillende streke/ deur die verskillende streke aangebied moet word. Dit oorbrug net 'n stuk afstand wat nie andersinds moontlik sou wees nie.

**6.5 BYBELVERTALINGS**
**6.5.1** Die Moderamen was in deurlopende kontak met die Bybelgenootskap en die ATBV oor die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling en wantroue wat uit seker oorde daaroor gesaai is. Die inligting wat die Bybelgenootskap hieroor voorsien het, is in die kerkverband via die elektroniese nuusbriewe en die webblad bekend gemaak.
**6.5.2** Die Bybelgenootskap se nuwe Akte van Oprigting maak voorsiening dat die groter bydraende kerke direkte verteenwoordiging op die Algemene Jaarvergadering kan hê – iets waarvoor die Moderamen dankbaar is. Die kerke bepaal self die termyn van hulle twee verteenwoordigers ('n geordende en 'n nie-geordende).
**6.5.3** Die Moderamen het dr Paul du Plessis (sek: dr Heinrich Theunissen) en mnr Stephan Spies (sek: me Elna Schoeman) as die NG Kerk se verteenwoordigers aangewys.

**6.6 BELYDENIS, KERKORDE EN EREDIENS**
Hierdie sake lê op die tafel van die vergadering van die Algemene Sinode of soos verwys.

**6.7 OPLEIDING VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD**
**6.7.1** Die Moderamen was in dialoog met die Algemene Kuratorium oor bepaalde behoeftes en uitdagings tov die opleiding van studente wat waargeneem is en deur die kerkverband onder aandag van die Moderamen gebring is. Dit was 'n goeie en konstruktiewe werkwyse.
**6.7.2** Die verslag van die Algemene Kuratorium verskyn as selfstandige verslag in die Agenda.

**6.8 EIENDOMME EN FONDSE**

**6.8.1** Die Moderamen was deurentyd in dialoog met die ATF oor die daarstel van die inkomste vir die werk van die Algemene Sinode. ’n Baie indringende en konstruktiewe gesprek waarin rolle uitgeklaar is en die verskillende rolspelers se integriteit met hantering van die opdragte aan hulle toegeken, bevestig is, kon in die termyn plaasvind.
**6.8.2** Die Moderamen het jaarliks die begroting vir die werk van die Algemene Sinode asook die geouditeerde state goedgekeur.
**6.8.3** Die verslag van die ATF verskyn as selfstandige verslag in die Agenda.

**6.9 KERKLIKE MEDIA**
**6.9.1 Bybel-Media**
**6.9.1.1** Die Moderamen tree op as ledevergadering vir die Bybel-Media groep van Maatskappye en het as sodanig by twee geleenthede gekonstitueer.
**6.9.1.2** Die ledevergadering het in Maart 2013 die nuwe Aktes van Oprigting vir Bybel-Media, Bybel-Media Handel en Tydskriftemaatskappy goedgekeur.
**6.9.1.3** Die ledevergadering het ook verslag ontvang oor die hele Woordfees-dilemma, die bedanking van mnr Jean Oosthuizen asook mnr Danny Fourie. Die ledevergadering het soos volg bevind:

WOORDFEES EN BYBEL-MEDIA
Die Algemene Sinodale Moderamen as Ledevergadering van Bybel-Media (BM) en Tydskriftemaatskappy (TM), uitgewer van Kerkbode, het op 12 Maart 2013 in Pretoria vergader en die volgende resolusies eenparig goedgekeur:
1. Die Ledevergadering het na deeglike oorweging bevind dat die mediaverklaring oor die Woordfeesborgskap wat die Direksie op 13 Februarie 2013 uitgereik het, op die ware feite gegrond is.
2. Die Ledevergadering spreek sy volle vertroue uit in die Direksie en betuig sy dank vir die standpunte ingeneem.
3. Die Ledevergadering betreur die berigte en skrywes waarin die voorsitter van die Direksie en Uitvoerende Hoof onverhoord en valslik veroordeel is en die beeld van BM, TM en die NG Kerk skade aangedoen is.
4. Die Ledevergadering neem kennis dat die weë van die nuusredakteur van Kerkbode en TM op ’n vriendskaplike basis by wyse van ’n skikkingsooreenkoms geskei het.
5. Die Ledevergadering neem kennis van ’n onafhanklike interne ondersoek na die personeelverhoudinge by die Bybel-Mediagroep.

**6.9.1.4** Die verslag van Bybel-Media verskyn as selfstandige verslag in die Agenda.

**6.9.2 Christelike Lektuurfonds (CLF)**
**6.9.2.1** Die Moderamen het aan die Bestuurspan opdrag gegee om na die maatskappye van die NG Kerk (BM, CLF en Hugenote Kollege) te kyk en ook ’n gesprek tussen die drie instansies aan die gang te kry tov samewerking en oorvleueling van werksaamhede.
**6.9.2.2** Verslag oor die CLF verskyn in die verslag van die Bestuurspan.
**6.9.2.3** Die verslag van die CLF aan die Algemene Sinode verskyn as ’n selfstandige verslag in die Agenda.

**6.10 APPÈLSAKE**
’n Appèl deur mnr Pieter Strobos (Wonderboom-Suid) teen die besluit van 2007 oor homoseksualiteit is deur die Moderamen hanteer. Daar is geoordeel dat die appèl nie ontvanklik is nie.

## 7. GRENSWYSIGINGE
Kragtens KO Art 32 het die Moderamen die volgende grenswysiginge goedgekeur:

**7.1 NOORDELIKE EN OOSTELIKE SINODES**
Die gemeente Monumentpark-Wes (Ring van Lyttelton, Oostelike Sinode) skakel in by die Ring van Pretoria-Oos, Noordelike Sinode.

**7.2 NAMIBIË EN WES- EN SUID-KAAP**
Die gemeente Oranjemund (Wes- en Suid-Kaap) skakel in by die Suide Ring, Sinode van Namibië.

## 8. PASTORALE BRIEWE
Die Moderamen het soos nodig ’n pastorale brief aan die kerkverband gestuur.

## 9. ANDER SAKE

**9.1 BEROEPING VAN GELEGITIMEERDES VAN DIE REFORMED CHURCH IN ZAMBIA NA DIE DUTCH REFORMED CHURCH IN ZAMBIA**

**9.1.1** Die Moderamen het ’n skrywe ontvang waarin die Central Church Council, Dutch Reformed Church in Zambia (DRCZ), die NG Kerk inlig dat die DRCZ vir die eerste keer besluit het om ’n predikant uit die Reformed Church in Zambia (RCZ) te beroep. Pt 4.2.1 van die *Reglement vir die Opleiding en Legitimasie van Bedienaars van die Woord* (Reglement 10) verhoed egter dat applikante uit die RCZ beroep kan word agv die feit dat hulle nie oor die nodige kwalifikasie tov Grieks II en Hebreeus II beskik nie. Die DRCZ versoek dat hierdie kandidate van die bepaling vrygestel word. Die kandidate is verder baie goed opgelei en het universiteitskwalifikasies.
**9.1.2** Na deeglike oorweging het die Moderamen soos volg besluit: *Die Moderamen besluit om by die beroeping na ’n gemeente of ander werkkring van die NG Kerk buite die grense van Suid Afrika en Namibië, leraars van lidkerke van die NG Kerkfamilie in die buiteland met wie die NG Kerk in volle verhouding staan (vgl pt 4.7.1.2 van die Reglement vir die Verhouding tot Ander Kerke en Groepe), vry te stel van die akademiese vereiste ten opsigte die suksesvolle voltooiing van Grieks II en Hebreeus II (vgl pt 4.2.1 van die Reglement vir die Opleiding en Legitimasie van Bedienaars van die Woord), op voorwaarde dat die leraar oor minstens ’n nagraadse kwalifikasie in die teologie beskik wat deur die betrokke lidkerk aanvaar word as voldoende vir legitimasie deur daardie kerk. Die ring waaronder die gemeente van die NG Kerk ressorteer wat die beroep uitbring, kontroleer of daar aan hierdie vereiste voldoen word alvorens die beroep goedgekeur word*. Die Moderamen het verder besluit dat hierdie reëling aan die Algemene Sinode voorgelê word vir bekragtiging.
**9.1.3 AANBEVELING: BEROEP VAN GELEGITIMEERDES UIT DIE KERKE VAN DIE NG KERKFAMILIE BUITE DIE GRENSE VAN SA NA DIE NG KERK**
**Die Algemene Sinode bekragtig die besluit van die Moderamen en neem dit in die funksionele besluite in die Kerkordeboek op.**

**9.2 MORALITEIT**
**9.2.1** Die morele krisis in die Suid-Afrikaanse samelewing, en die hele saak van moraliteit, is vanuit verskillende oorde onder die Moderamen se aandag gebring.
**9.2.2** Die Moderamen het besluit dat die saak so belangrik is dat dit een van die fokusse by die komende Algemene Sinode moet wees. Die Ontwerpspan vir die Algemene Sinode gee dit ’n prominente plek in die agenda.

**9.3 HERSIENINGSVOORSTEL TOV DIE BESLUIT OOR HOMOSEKSUALITEIT: BESKRYWINGSPUNT**
**9.3.1** Die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland het hierdie saak aan die Algemene Sinode deurgegee vir aandag (vgl Beskrywingspunt B.17).
**9.3.2** Die Moderamen lewer verslag in die Aanvullende Verslae.

Hiermee vertrou die Moderamen dat hy sy opdrag uitgevoer het.

Prof CJP Niemandt (Voorsitter)
Dr JJ Gerber (Algemene Sekretaris)

## A.12.1 REGLEMENT 1: REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN

**1. Naam**
Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)

**2. Samestelling**
**2.1** Die Moderamen word soos volg saamgestel:
**2.1.1** die lede van die Moderatuur wat tydens die Sinode verkies is
**2.1.2** vier addisionele lede met sekundi deur die Algemene Sinode verkies
**2.1.3** een lid met sekundus uit elke sinode deur die sinode of sy gevolmagtigde genomineer en deur die Algemene Sinode verkies
**2.1.4** die Algemene Sekretaris dien met adviserende stem in die Moderamen.

**2.2** Die Moderamen se samestelling sluit in:
**2.2.1** ten minste drie vroue waarvan ten minste een 'n gelegitimeerde is; en
**2.2.2** ten minste twee nie-gelegitimeerdes.

**2.3** Die Moderamen word verkies vir die termyn tot by die volgende gewone Algemene Sinode.

**2.4** Moderatuurslede kan slegs twee volle termyne in dieselfde hoedanigheid dien.

**2.5** Wanneer 'n vakature ten opsigte van 2.1.1 en 2.1.2 ontstaan, word die vakature by wyse van 'n verkiesing deur die Moderamen uit die afgevaardigdes na die vorige Algemene Sinode gevul, met inagneming van die vereistes onder 2.2 gestel.

**2.6** Wanneer 'n vakature ten opsigte van 2.1.3 ontstaan, nomineer die betrokke sinode 'n ander lid en/ of sekundus om by die eersvolgende vergadering van die Mopderamen verkies te word.

**2.7** 'n Sinode kan voor die volgende Algemene Sinode 'n lid en/ of sekundus onder 2.1.3 verkies, vervang deur 'n ander lid en/ of sekundus te nomineer wat deur die Moderamen verkies word.

**3. Opdrag**
**3.1** Die Moderamen neem verantwoordelikheid vir onderskeiding en leierskap tussen sinodesittings.
**3.2** Die Moderamen
**3.2.1** wys vir elke termyn 'n Bestuurspan aan mdo op die bestuursfunksies van die werksaamhede van die Algemene Sinode;
**3.2.2** stel die senior personeel in diens van die Algemene Sinode aan;
**3.2.3** koördineer en integreer die werksaamhede van die Algemene Sinode;
**3.2.4** hanteer spoedeisende sake met verslag aan die Algemene Sinode;
**3.2.5** tree op as die ledevergadering van die Algemene Sinode se mediamaatskappye;
**3.2.6** adviseer die direksies van die mediamaatskappye rakende die aanstelling van die uitvoerende hoof van die Bybel-Mediagroep en die aanstelling van die redakteur van die *Kerkbode*;
**3.2.7** werk ten nouste saam met die leierskapstrukture in die sinodes rondom kommunikasie en uitvoering van besluite, en
**3.2.8** keur, in opdrag van die Algemene Sinode, reglemente en reglementwysigings vir die werksaamhede van die Algemene Sinode goed.

**4. Vergaderings**
**4.1** Die Moderamen konstitueer voor die verdaging van die Algemene Sinode.
**4.2** Die Moderamen vergader minstens twee maal per jaar.
**4.3** Die dagbestuur van die Moderamen vergader wanneer nodig.

**5. Dagbestuur**
**5.1** Die Moderamen wys 'n dagbestuur van minstens minste vyf lede aan met die moderator van die Algemene Sinode as voorsitter, die assessor as ondervoorsitter en die algemene sekretaris as skriba.
**5.2** Ten minste minste een lid van die dagbestuur moet 'n nie-gelegitimeerde wees.
**5.3** Die dagbestuur hanteer, in terme van die Moderamen se opdrag, alle administratiewe en spoedeisende sake met verslag aan die Moderamen.

# A.12.2 BESTUURSPAN VAN DIE MODERAMEN

## 1. OPDRAG
Die Bestuurspan konstitueer op 24 November 2011. Die opdrag is in die verslag van Strukturering van Werksaamhede vervat en deur die Algemene Sinode 2011 goedgekeur:

**4.4.4 Bestuur van werksaamhede**
**4.4.4.1** Die Moderamen wys vir elke termyn 'n bestuurspan aan om die werksaamhede van die Algemene Sinode te bestuur.
**4.4.4.2** Die Moderamen stel die bestuurspan aan die hand van die Reglement vir die Bestuurspan (vgl verslag Tydelike ATR) aan.
**4.4.4.3** Die Bestuurspan sluit onder andere die volgende funksies in: finansies, regte, projekte, fasiliteite, kommunikasie en maatskappye.
**4.4.4.4** Die senior personeel in die Kantoor van die Algemene Sinode word deur die Moderamen aangestel en vorm deel van die bestuurspan.
**4.4.4.5** Die bestuurspan kies sy eie voorsitter.
**4.4.4.6** Die Algemene Sekretaris is die uitvoerende amptenaar van die bestuurspan.
**4.4.4.7** Die bestuurspan vergader soos nodig met die projek- en programleiers.
**4.4.5 Kantoor van die Algemene Sinode se funksies**
**4.4.5.1** Die Kantoor is vir die organisatoriese- en spesialisfunksies verantwoordelik.
**4.4.5.2** Personeel vir die organisatoriese funksies sowel as kundige personeel vir die spesialisfunksies word deur die bestuurspan aangestel.
**4.4.5.3** Die indiensneming en strukturering van personeel word volgens die organisatoriese en spesialisfunksies bepaal.
**4.4.5.4** Bogenoemde behoort onder andere die volgende funksies in te sluit: Organisasiebestuur; Finansies; Logistiek (Admin/Geboue); Kommunikasie; Personeel (DVK); Predikantesake (bv bevoegdheid, opleiding en VBO); Skakeling; Verteenwoordiging; Projekte.

## 2. PERSONEEL
**1.2.1** Die personeel is tans die volgende:
**1.2.1.1** Deur die Moderamen aangewys: dr Kobus Gerber (Uitvoerende Amptenaar), me Elize Bezuidenhout (ASM) (Voorsitter), ds Frikkie van der Merwe (ASM), ds Johan Brink (ATF), (vakature ATF), ds Helgard van Rensburg (ATR), ds Marius Cornelissen (ABR)
**1.2.1.2** Kundiges deur die Bestuurspan betrek: mnr Johan Kruger (kundige vir diensverhoudinge) en dr Adré van den Bergh (regsgekeerde/ kenner van projekbestuur)
**1.2.1.3** Personeel en funksionarisse: drr Johann Ernst (Aktuarius), Dewyk Ungerer (Bestuurder ABR), me Rinel Hugo (Kantoor- en Projekbestuurder) (Skriba)
**1.2.2** Dr Ferdie Clasen was tot einde Mei 2013 die voorsitter. Hy het 'n beroep na die SA Gemeente London aanvaar. Me Elize Bezuidenhout is in sy plek as voorsitter gekies.

## 3. REGLEMENT VAN DIE BESTUURSPAN
'n Reglement is vir die Bestuurspan saamgestel en deur die Moderamen goedgekeur (Reglement 2 in die Kerkordeboek).

## 4. BESTUUR VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE ALGEMENE SINODE
### 4.1 PROJEKSPANNE
**4.1.1** Die Bestuurspan het kennis geneem van die prioriteite van die Moderamen asook die taakspanne en projekspanne soos deur die Moderamen aangewys. Die Bestuurspan het toegesien dat taakspanne en projekspanne logisties ondersteun is en die Projekkantoor in die beplanning en uitvoering van projekte betrokke was.
**4.1.2** Projekspanne is daarop gewys dat opdragte baie duidelik gekonseptualiseer moes word voor uitvoering gegee word.
**4.1.3** Die Bestuurspan het sekere opdragte en sake na projekspanne verwys soos die behoefte ontstaan. Die Jeug-/Kategeseprojekspan het twee opdragte op hulle tafel gehad en daar is 'n verdere projekspan aangewys om navorsing oor jeugtendense en -bediening te doen.
**4.1.4** Die Projekbestuurder het leiding en opleiding aan die voorsitters verskaf om projekmatig met opdragte te werk en projekplanne op te stel. Alhoewel dit 'n nuwe konsep was, het dit met tyd inslag gevind. Deur gereelde vorderingsverslae is die Bestuurspan op die hoogte gehou van vordering en/of probleme waaraan aandag gegee kon word.
**4.1.5** Die Bestuurspan het die Taakspan Navorsing se rol bespreek en die Taakspan se protokol en werkswyse goedgekeur.

**4.1.6** Verskeie netwerke wat bepaalde belange deel, is deur die ASM aangewys en het goed funksioneer. In die begroting was egter nie voorsiening vir dié werksaamhede gemaak nie, wat die uitvoering van opdragte bemoeilik het. Na ’n gesprek met die ATF is wel tusentydse fondse voorsien om opdragte van die Algemene Sinode af te handel.
**4.1.7** Die Algemene Sinode word steeds gesien as die plek waar baie van die werk van die kerk gekoördineer word – daarom die behoefte aan netwerke. Daar sal besin moet word oor befondsing vir hierdie aktiwiteite.

## 5. ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD
**5.1** Die Bestuurspan het die nodige reëlings getref dat die kantoor van die ABR gevestig is en kon begin funksioneer op 1 Maart 2012.
**5.2** Daar is administratiewe personeel vanuit die Kantoor van die Algemene Sinode aan die ABR toegewys.
**5.3** Die Bestuurspan het die aanbeveling van die ABR bekragtig dat dr Dewyk Ungerer as koördineerder/ bestuurder aangewys word en so by die Moderamen aanbeveel.
**5.4** Inligting van predikante:
Die Bestuurspan het met rolspelers (ABR, Kantoor van die Algemene Sinode en Bybel-Media) gesprek gevoer oor die databasisse van die NG Kerk ten einde verwarring op te klaar. Die volgende is ooreengekom mbt die Predikantedatabasis:
*1 Die Predikantedatabasis is die eiendom van die Kantoor van die Algemene Sinode.
*2 Die ABR hanteer die inligting mbt gelegitimeerdes en hou die inligting in stand.
*3 Die Jaarboek kry opgedateerde inligting mbt predikante vanaf die Algemene Sinode en inligting mbt sinodes, ringe en gemeentes vanaf sinodes.

## 6. ARGIEF
**6.1** Die Bestuurspan het met die Argief en die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland onderhandel oor die berekening van rakspasie en die koste hieraan verbonde. Die volgende is ooreengekom:
* Die Algemene Sinode betaal die koste volgens huidige berekeninge.
* Daar word gekyk hoe die rakspasie in Stellenbosch verklein kan word deur die integrasie van die Kaapse en Transvaalse argivalia van die Algemene Sinode. Vir die proses sal die Kaap en die Transvaal toestemming moet gee, en die koste van integrering bepaal en daarvoor begroot moet word.
**6.2 AANBEVELING: INTEGRERING VAN ARGIVALIA**
**Die Algemene Sinode versoek die drie “Kaapse” en vier “Transvaalse” sinodes om toestemming te verleen tot die integrering van hulle Algemene Sinode argivalia.**

## 7. DIENSVERHOUDINGE
**7.1** Die Bestuurspan het besluit dat ’n Taakspan Diensverhoudinge vir die Kantoor van die Algemene Sinode daargestel moet word. Die Taakspan bestaan uit ds Marius Cornelissen (voorsitter) dr Dewyk Ungerer, dr Adré van den Bergh, mnr Johan Kruger en me Rinel Hugo (vir soverre dit junior personeel raak).
**7.2** Die Moderamen neem besluite oor diensverhoudingaangeleenthede tov senior personeel op aanbeveling van die Taakspan Diensverhoudinge.
**7.3** Die Bestuurspan het die aanstelling van twee junior poste wat vakant geraak het, goedgekeur.

## 8. KOMMUNIKASIE
**8.1** Die Moderamen het kommunikasie as ’n bestuursfunksie na die Bestuurspan verwys.
**8.2** Die Bestuurspan het besluit dat die bestuur van kommunikasie en alle amptelike kommunikasie vanuit die Kantoor van die Algemene Sinode bedryf en geïntegreer word. Hierdie reëling werk baie goed.

## 9. UITGEE VAN DIE KERKORDE EN HANDELINGE
Die Bestuurspan het toegesien dat die Die Kerkorde en Handelinge van die Algemene Sinode elektronies uitgegee word en publikasies hiervan op versoek gedruk word.

## 10. STRUKTURERING VAN WERK DEUR DIE ALGEMENE SINODE
**10.1** Ten einde uitvoering aan die onderstaande besluit te gee, is ’n taakspan aangewys om die ondersoek te doen.

*Die Bestuurspan besluit op die volgende prosesse (wat aan die Moderamen deurgegee is):*
*1 ’n Grondige evaluering van die werksaamhede van die Algemene Sinode, ’n duidelike prioritisering oor wat kry wanneer aandag en duidelike tydsraamwerke om werk so vinnig as moontlik af te handel ter wille van kostebesparing (die Kantoor van die Algemene Sinode gee aandag).*

*2 Kommunikasie oor die rol van kerkverband wat in die naam van die Moderamen uitgaan: wat is kerkverband, wat is die impak van die Algemene Sinode, en wat is die kerkverband se verantwoordelikheid teenoor mekaar.*
*3 Belyning van beskikbare personeel en werksaamhede. Hierby word ingesluit die benutting van 'n skare kundige dominees wat binne hulle 10% vir die kerkverband op vele terreine wil en kan help. Bepaalde werksaamhede sal ook ge"cluster" of her"cluster" moet word.*
*4 Ondersoek na alternatiewe wyses van werk: die vraag is of sinodes nie 'n klomp opdragte van die Algemene Sinode kan hanteer nie?*

**10.2** Die Moderamen het die volgende aanvaar:

**1.Funksionering van die Moderamen en die Kantoor van die Algemene Sinode**
1.1 As uitgangspunt word aanvaar dat daar onderskei moet word tussen wesenskenmerke (skerpkant) en ondersteuningskenmerke (stompkant) in die dink oor verantwoordelikhede. Dit maak 'n onderskeid tussen primêre verantwoordelikhede (hooffokus van bestaan) en bedryfstelsels (wat die hooffokus of wesenstaak ondersteun). In besigheidsterme is dit die verskil tussen "core business" en "support of core business"
1.2 As uitgangspunt word aanvaar dat die ASM hom moet toespits om die wesenskenmerke van die kerk te bestuur (beleid en strategie) en die Bestuurspan die ondersteuningskenmerke.
1.3 Die Algemene Sekretaris (Kantoor van die Algemene Sinode) sal beide prosesse as dag tot dag verantwoordelikhede ondersteun.

**2.Rapporteringslyne**
2.1 Die bedryfsake van Algemene Sekretaris kom via die Bestuurspan na ASM, indien nodig.
2.2 Die wesenssake gaan direk van die Algemene Sekretaris na die ASM behalwe tov bedryfsimplikasies waar daar dan eers goedkeuring by Bestuurspan verkry moet word.
2.3 Die Bestuurspan lig die ASM voor oor bedryfssake gehanteer en verkry uitsluitsel oor sake indien nodig by ASM.

**3. Aanpassing tov agendas**
3.1 Die agendas van die onderskeie vergaderings moet aanpas om bogenoemde konsep te reflekteer.
3.2 Alle taakspanne en projekspanne van die Algemene Sinode se werk word gekoördineer deur die Bestuurspan vir deurlopende verslag aan en goedkeuring deur die ASM met finale verslag aan die Algemene Sinode.

**4. Leierskap en Bestuur**
4.1 Die NG Kerk werk met die konsep van 'n verkose deeltydse leierskap en 'n voltydse personeelstruktuur wat hul ondersteun.
4.2 Die NG Kerk kies vir 'n sisteem van 'n deeltydse Moderator en 'n voltydse Algemene Sekretaris.

**5. Roluitklaring**
**5.1 ASM**
5.1.1 Die rol en die verantwoordelike tussen Moderator en Algemene Sekretaris moet met elke nuwe Moderator/Algemene Sekretaris uitgeklaar word tov bv ekumeniese verantwoordelikhede, publieke getuienis, bywoon van vergaderings namens die NG Kerk, ens in terme van die taakomskrywing van die Algemene Sekretaris.
5.1.2 Die Moderator word ondersteun tov sekretariale dienste en uitkoop van tyd by werkgewer(s).
5.1.3 Die ASM spits hom toe op die bestuur van die wesenssake van die Kerk, maar dat hy ook ten volle op hoogte gehou word oor sake voor die Bestuurspan en slegs die bedryfssake hanteer wat spesifiek na hom verwys word of direk op die prioriteite van die Algemene Sinode/ASM impakteer. Die ASM het egter die reg om verdere informasie oor enige saak van die Bestuurspan aan te vra.

**5.2 Bestuurspan**
5.2.1 Alle Algemene Sinodale taakspanne en projekspanne rapporteer oor alle bestuursaangeleenthede direk aan die Bestuurspan.
5.2.2 Die Algemene Sinode se taakspanne en projekspanne rapporteer oor alle beleids- en strategiese aangeleenthede aan die ASM, na oorleg met die Bestuurspan.
5.2.3 Die Bestuurspan finaliseer die begroting vir die werksaamhede van die Algemene Sinode in oorleg met die ATF en vir goedkeuring deur die ASM en bestuur dit daarna volgens die prioriteite van die ASM.

## 11. BEGROTING
**11.1** Aangesien die begroting op beide die ATF en die Bestuurspan se agendas (vgl die Reglement van die Bestuurspan asook die van die ATF) is, het die Bestuurspan die advies van die Aktuarius aangevra.

**11.2** Die volgende advies is deur beide die Bestuurspan en die ATF aanvaar:

*1 Die Algemene Taakspan vir Fondse (ATF) lê voor die aanvang van 'n nuwe boekjaar 'n **Konsepbegroting** aan die Bestuurspan van die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) voor. Terwyl die ATF waak oor die begrotings- en beleggingsbeleid en die beskikbaarheid van fondse, is dit die taak van die Bestuurspan om namens die ASM na die prioriteite en die kapasiteit benodig daarvoor om te sien.
*2 Die *Reglement vir die Bestuurspan van die Algemene Sinodale Moderamen* bepaal dat die Bestuurspan die begroting **finaliseer** in oorleg met die Algemene Taakspan vir Fondse. Die woorde "in oorleg met" beteken hier "met die instemming van". Alvorens die begroting aan die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) vir goedkeuring voorgelê word, moet die Bestuurspan en die ATF 'n **gesamentlike beslissing daaroor bereik**. Hiermee kom die begrotingsproses tot 'n einde en is die begroting gereed om voor die ASM te dien.
*3 Dit is die **Algemene Taakspan vir Fondse (ATF) se verantwoordelikheid om die gefinaliseerde begroting aan die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) vir goedkeuring voor te lê**. Aangesien die ASM die gevolmagtigde van die Algemene Sinode is en reglementêr verantwoordelik is vir die uitvoering van die werksaamhede van die Algemene Sinode, kan die ASM binne die toepaslike finansiële beleid, die goedgekeurde prioriteite en die beskikbare fondse, én met die instemming van die ATF, die begroting **aanpas of wysig**.

**11.3** Die Bestuurspan het die afgelope twee jaar se begroting in oorleg met die ATF gefinaliseer waarna dit aan die ASM voorgelê is vir finale goedkeuring.

## 12. ALGEMENE PREDIKANTEBYEENKOMS

Die Bestuurspan het kennis geneem van hierdie belangrike geleentheid. Die Bestuurspan sal dit as 'n projek hanteer indien die vier Moderature van die NG Familie die Bestuurspan daartoe versoek.

## 13. PROTOKOL TOV GEBRUIK VAN DIE SOSIALE MEDIA

Die Bestuurspan gee aandag aan 'n protokol vir werknemers in diens van die kerkverband. Dit sal finaliseer word in oorleg met die kerk se mediamaatskappye.

## 14. DIE MAATSKAPPYE EN REGSENTITEITE VAN DIE NG KERK

**14.1** Die Moderamen het die Bestuurspan opdrag gegee om ondersoek te doen na al die maatskappye van die NG Kerk, hulle rol en posisionering asook die verhouding tussen die maatskappye. Ander regsentiteite is deel van die ondersoek.
**14.2** Die verslag hieroor, met groot dank aan dr Johann Ernst vir sy reuse werk en moeite met hierdie sake, is aangeheg as **Bestuurspan 1.**

## 15. AD HOC-PROJEKSPAN IVM POSISIONERING EN ROL VAN KERKLIKE MAATSKAPPYE

**15.1** 'n Ad Hoc-Projekspan onder leiding van die ASM en bestaande uit verteenwoordigers van die ASM/Bestuurspan, CLF, Bybel-Media en Hugenote Kollege is saamgestel om te kyk na die belyning en moontlike integrasie van die werksaamhede van die onderskeie maatskappye. Belyning met die strategiese doelwitte van die Algemene Sinode is hier ter sprake.
**5.2** Die Bestuurspan doen afsonderlik verslag oor die optrede, besluite en aanbevelings van die Ad Hoc-Projekspan ivm Posisionering en Rol van Kerklike Maatskappy (**Bestuurspan 2**).

E J Bezuidenhout (voorsitter)
R Hugo (skriba)

**BESTUURSPAN 1**

## KERKLIKE MAATSKAPPYE EN ANDER REGSENTITEITE

### 1. OPDRAG

Die Bestuurspan het op 17 April 2012 besluit om te kyk na al die kerklike maatskappye en ander regsentiteite wat met die Algemene Sinode in verband staan. Die Aktuarius is versoek om die geskiedenis van elke afsonderlike regsentiteit na te gaan, sekerheid te kry oor die betrokke entiteit se huidige regsposisie en die Bestuurspan/Moderamen te adviseer oor die pad vorentoe. Verteenwoordigers van die entiteite word mettertyd ontmoet om sáám oor die toekoms te besin.

### 2. BYBEL-MEDIA GROEP (BM)

**2.1** Die Bybel-Media Groep-direksie het op 2 Augustus 2012 besluit om ’n konsep Akte van Oprigting (“Memorandum of Incorporation”) in terme van die nuwe Maatskappywet aan die Moderamen voor te lê vir goedkeuring. Twee sake wat nie meer wetlik verpligtend is nie moes met die Moderamen uitgeklaar word, naamlik ouditering deur ’n geoktrooieerde rekenmeester en die daarstelling van ‘n ledevergadering.

**2.2** Die volgende, op aanbeveling van die Bestuurspan, is op 17 September 2012 evd deur die Moderamen besluit:

| |
|---|
| 1. Dat in die Memorandum of Incorporation (MOI) vir al die media maatskappye opgeneem word dat die boeke deur ’n geoktrooieerde rekenmeester geouditeer word en dat daarmee die beginsel van deursigtigheid betreffende die uitvoerende personeel se vergoedings-pakkette gehandhaaf word. Dit is die kerk se beleid vir alle fasette van haar werk;<br>2. Dat in die Memorandum of Incorporation (MoI) vir al die media maatskappye opgeneem word dat die Moderamen die direkteure aanwys. Die Moderamen hou eenkeer per jaar ’n jaarvergadering waar direkteure met die hoed van kerk op, teenwoordig is. Die Moderamen versoek die ATR om na die regsbeginsels te kyk en die Bestuurspan om af te handel.<br>3. Dat in die Memorandum of Incorporation (MoI) opgeneem word dat ’n oneweredige getal direkteure, naamlik 7 (sewe)deur die Moderamen aangewys word.<br>4. Dat die Memorandum of Incorporation (MoI) vir die media maatskappye deeglik opgestel word en in voltooide vorm aan die Moderamen vir goedkeuring voorgelê word.<br>5. Dat gelet word dat die naam van die kerk en van BM in <u>Afrikaans</u> verskyn met Engelse vertaling in hakies.<br>6. Dat gesprek gevoer word met die regsverteenwoordigers van BM. |

**2.3** Die Aktuarius het daarna in opdrag van die Bestuurspan én die Moderamen met Bybel-Media geskakel oor die konsep Akte van Oprigting.

**2.4** Nadat kundiges op die terrein van die maatskappyreg geraadpleeg is, is ’n nuwe konsep deur die Aktuarius opgestel en aan Bybel-Media gestuur.

**2.5** Die Aktuarius is genooi om die direksievergadering van Bybel-Media op 1 November 2012 in Wellington by te woon. ’n Ontmoeting rakende die opstel van die nuwe Akte van Oprigting het die vorige dag plaasgevind. Bybel-Media se Direksie het besluit om die Aktuarius se konsep as teks te gebruik vir die verdere afronding van die nuwe Akte. Tydens die direksievergadering is verder besluit dat twee lede van die Direksie twee lede van die Bestuurspan op 21 Januarie 2012 in die Kaap ontmoet om die nuwe Akte te finaliseer vir voorlegging aan die daaropvolgende vergaderinge van die Moderamen en die Direksie. Die nuwe Akte van Oprigting, soos vir al die maatskappye in die Bybel-Media Groep (Bybel-Media, Bybel-Media Handel en Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk), is op die vasgestelde datum deur Albie Basson en Pieter Fourie namens Bybel-Media en Ferdie Clasen en Johann Ernst namens die Bestuurspan gefinaliseer, waarna dit deur die Direksie goedgekeur en vir finale goedkeuring aan die Ledevergadering voorgelê is. Die Ledevergadering (lede van die Moderamen) het die nuwe Akte van Oprigting op 13 Maart 2013 goedgekeur. Die Direksie het dit voor die keerdatum van 30 April 2013 by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ingedien vir registrasie.

**2.6** Die regsposisie en, waar van toepassing, die omskakeling of deregistrasie van die ander entiteite in die Bybel-Media stal, soos Christelike Jeugboek, C-Web, Lux Verbi.BM, Hugenote-Bybelinstituut, Nehemia-Bybelinstituut, Goeie Nuus Media en FLAM Musiekuitgewers, moet nog aandag geniet.

### 3. CHRISTELIKE LEKTUURFONDS (CLF)

**3.1** In opdrag van die Moderamen het ’n *Ad Hoc*-taakspan, bestaande uit Elize Bezuidenhout, Ferdie Clasen, Johann Ernst, Nelis Janse van Rensburg en Dewyk Ungerer, die CLF Beheerraad op 27 November 2012 in Pretoria ontmoet om “oor die toekoms van die CLF te besin, oor nouer samewerking en moontlike samesmelting van aktiwiteite tussen die CLF en Bybelmedia te praat, en die CLF se nuutste fondsinsameling binne die NG Kerk te bespreek.” Die volgende lede van die CLF Beheerraad was teenwoordig: Willem Botha, Piet Meiring, Kovilan Moodley, Botha van Aarde, Gideon van der Watt, Carin van Schalkwyk en Christelle Vorster.

**3.2** Die Moderamen het die Bestuurspan getaak om die saak te bestuur met die oog op ’n finale besluit deur die Moderamen.
**3.3** Die gesprek was openhartig en eenstemmigheid is bereik dat hegter samewerking, beter koördinering en optimale benutting van hulpbronne noodsaaklik is.
**3.4** Sedert die wedersydse opskorting in 2005 van die *Memorandum van Ooreenkoms aangegaan deur en tussen die Algemene Sinode van die NG Kerk en die Christelike Lektuurfonds*, soos goedgekeur deur die Algemene Sinode in 2004, het die CLF en Bybel-Media goed op hulle eie gefunksioneer. Samewerking tussen die twee instansies was egter nie na wense nie. Daar is besin oor die herimplementering van die *Ooreenkoms* of selfs die opstel van ’n nuwe *Ooreenkoms*. Uiteindelik is besluit om by die Bestuurspan die volgende aan te beveel:

1. Dat die Ad Hoc-taakspan soortgelyke ontmoetings met Bybel-Media en Hugenote Kollege voor einde Januarie 2013 reël en ook hierdie maatskappye se samewerking verkry om opnuut oor die pad vorentoe te besin;
2. Dat die Bestuurspan die leiding neem en voor einde Februarie 2013 ’n ontmoeting tussen al die rolspelers (Moderamen, CLF, Bybel-Media, Hugenote Kollege en ander) reël waar daar sonder enige vooraf agenda en binne ’n veilige ruimte gepraat kan word oor alle sake rakende die kerklike mediabediening;
3. Dat die rolspelers elk ’n maksimum van drie verteenwoordigers aanwys om saam 'n projekspan vir kerklike mediabediening te vorm;
4. Dat die Projekspan Kerklike Mediabediening nie later nie as Augustus 2013 ’n verslag by die Moderamen indien vir voorlegging aan die eersvolgende Algemene Sinode.

**3.5** Die CLF se fondswerwing binne die NG Kerk is bespreek en die CLF Beheerraad is daarop gewys dat toegang tot die gemeentes vanaf die kant van die Algemene Sinode *via* die sinodes moet geskied. Daar is geoordeel dat ook hierdie saak tydens die ontmoeting van al die rolspelers bespreek moet word met die oog op ‘n sinvolle oplossing.
**3.6** Die Aktuarius het ’n ondersoek gedoen na die regsposisie van die CLF en aan die *Ad Hoc*-taakspan en die CLF Beheerraad daaroor gerapporteer. Dit het noodsaaklik geword dat die verhouding tussen die Algemene Sinode as regspersoon en die Christelike Lektuurfonds as ’n vereniging met regspersoonlikheid na behore gedefinieer moet word om verdere misverstand uit die weg te ruim. Die volgende is hierdie verband van belang:
**3.6.1** Daar moet duidelik onderskei word tussen die CLF as *fonds* en die CLF as *gemeenregtelike regspersoon.* Die eienaar van die CLF as *fonds* is die regspersoon van die Algemene Sinode. Op 1 Julie 1967 het die Algemene Sinode die eienaar geword van die NGKA se geldelike belange in die Christelike Lektuurfonds, sekere vaste eiendom met verbeterings in Bloemfontein en die totale bates en laste van die genoemde newedienste. Dit is nog op geen stadium sedertdien aan die CLF as gemeenregtelike regspersoon kontraktueel oorgedra nie.
**3.6.2** Die Algemene Sinode *besit* die CLF as fonds (met die betrokke eiendomme en besighede). Die Algemene Sinode het ’n kommissie van die Algemene Sinode gemagtig (die mandaat of volmag gegee) om die CLF as fonds te *beheer*. Die Raad van die CLF as gemeenregtelike regspersoon *bestuur* die CLF as fonds. Die eerste reglement (1968) het dit duidelik uitgespel: “Die C.L.F. is ’n fonds van die N.G. Kerk, onder beheer van die A.S.S.K. en word bestuur deur ’n Raad van Beheer wat ’n subkommissie van die A.S.S.K. is.”
**3.6.3** Die Reglement soos op 6 Augustus 2002 in terme van die *Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, No 71 van 1997*, geregistreer, is tans die regsgeldige reglement in terme waarvan die CLF as gemeenregtelike regspersoon funksioneer. Hierdie Reglement (2002) bepaal dat die CLF onder *beheer* van ’n gevolmagtigde kommissie van die Algemene Sinode staan en dat bepalings 1.1 tot 1.3.4.5 van die *Reglement vir die Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse* (Kerkorde Algemene Sinode) steeds op die CLF van toepassing is. Die reglementswysigings van 2009 en 2012 is nie bindend op die Algemene Sinode nie omrede dit nie in terme van 1.3.1.1 van die *Reglement vir die Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse* (Kerkorde Algemene Sinode) aan die Moderamen voorgelê is nie. Dit is ook nie wetlik afdwingbaar nie omrede dit nie in terme van Artikel 19(2) en (3) van die *Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, No 71 van 1997*, by die betrokke staatsdepartement ingedien en gesertifiseer is nie. Dit beteken dat die kerklik-goedgekeurde én wettige naam van die CLF steeds die *Christelike Lektuurfonds van die Nederduitse Gereformeerde Kerk* is. Die CLF is onderworpe aan al die bepalinge van die *Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, No 71 van 1997*, en enige verandering in naam of konstitusie moet in terme van hierdie *Wet* geskied en gesertifiseer word. Wysigings moet ook aan die Moderamen vir goedkeuring voorgelê word. Die Verenigde Diensgroep Diensgetuienis (VDDG), ook bekend as *Uniting Ministries*, kan nie kerkordelik en gemeenregtelik geag word die opvolger in titel, regte en verpligtinge van die Algemene Sinodale Sendingkommissie/Algemene Diensgroep Diensgetuienis (ASSK/ADD) te wees nie. Sodanige federale liggaam wat tussen die lidkerke van die NG Kerkfamilie tot stand gekom het, het geen regspersoonlikheid nie, word nie tans in terme van ’n sogenaamde *tussenorde* gereël nie en kan slegs handel indien deur al die konstituerende kerke behoorlik daartoe gemagtig word. Die direkte gevolg van die Algemene Sinode se herstrukturering tydens sy sitting in 2011 is dat die Moderamen van die Algemene Sinode nou die gemagtigde orgaan van die regspersoon van die Algemene Sinode is wanneer die Algemene Sinode nie in

sitting is nie. Daarom het die Algemene Sinodale Moderamen (ASM), soos in die geval van Bybel-Media, nou die ledevergadering van al die regsentiteite geword wat voorheen onder die beheer van kommissies van die Algemene Sinode (soos die ASSK en die AKKM) gestaan het. Dus moet die lede van die Beheerraad van CLF, asook die direkteure van alle maatskappye, nou deur die ASM as die ledevergadering aangewys word, tensy anders deur die Algemene Sinode/ASM besluit. Dit geld ook die afdanking van 'n beheerraadslid/direkteur, die aanwysing van die regsentiteit se ouditeur, die goedkeuring van die finansiële state, die goedkeuring van reglementswysigings en die goedkeuring van enige wysiging aan die akte van oprigting van 'n kerklike maatskappy (ook nou om te voldoen aan die nuwe Maatskappywet). Ongeag die uitkoms van gesprekke, is die CLF Beheerraad versoek om daarvan kennis neem dat 'n nuwe Akte van Oprigting ("Memorandum of Incorporation") nie vir die maatskappy CLF Uitgewers teen 1 Mei 2013 ingedien kan word sonder dat die Moderamen dit goedgekeur het nie.

**3.6.4** Geen bates wat per kontraktuele ooreenkoms aan die Algemene Sinode oorgedra is, *hetsy* dit in naam van die Algemene Sinode *of* in naam van 'n sinode gehou word, kan sonder die goedkeuring en skriftelike magtiging van die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde vervreem word nie. Tydens die ondersoek na die CLF se regsposisie het dit aan die lig gekom dat 'n CLF eiendom wat met ingang 1 Julie 1967 per ooreenkoms deur die NGKA aan die NG Kerk oorgedra is, in 2009 deur die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk, sonder instemming van die Algemene Sinode van die NG Kerk en die CLF Beheerraad, aan die NGKA teruggegee is synde dat die eiendom nog altyd aan die NGKA behoort het, maar weens die Groepsgebiedewet van 1950 nie aan die NGKA oorgedra kon word nie. Hierdie vaste eiendom met verbeterings is Erf 1162 en Gedeelte A en Resterende gedeelte van Erf 1161 te Bastionstraat, Bloemfontein. Aangesien die eiendom reeds voor die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962, naamlik in 1958 vir die CLF bekom is, is dit in die naam van "die Saakgelastigde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat met Hoofkantoor te Bloemfontein" geregistreer. Weens die koste daaraan verbonde, is sodanige eiendom nie op naam van die Algemene Sinode getransporteer nie, maar deur die betrokke Sinode "in trust" gehou vir die Algemene Sinode/CLF. Indien dit by verdere navraag blyk dat die Vrystaatse Sinode die eiendom wederegtelik aan die NGKA oorgedra het, sal daarvoor kondonasie van die Algemene Sinode gevra moet word. Die eiendom met verbeterings word in die Prokurasie om Transport te gee gewaardeer teen R800 000. Dit beteken dat die Vrystaatse Sinode/NGKA gevra kan word om die CLF/Algemene Sinode met hierdie bedrag te vergoed vir die onregmatige vervreemding van hierdie eiendom. Daar mag ander soortgelyke eiendomme wees wat steeds in naam van 'n sinode geregistreer is, maar eintlik aan die Algemene Sinode behoort. Dit maak die voorgenome "eiendomme oudit" dringend noodsaaklik om soortgelyke moontlike verkeerde optrede deur 'n sinode/kerk te verhinder.

**3.6.5** Intussen het die Bestuurspan, die Algemene Taakspan Regte en die Moderamen die Aktuarius versoek om 'n regsmening te verkry oor die regsposisie van die CLF. Prokureur Chris du Plessis is as opdraggewende prokureur genader en advokaat Johan du Toit SC is gevra om die regsmening te voorsien. 'n Konsultasie met die regsverteenwoordigers het op 28 Mei 2013 in Sandton plaasgevind. Adv Johan du Toit het op 31 Mei 2013 voorlopig 'n "Memorandum" (nie 'n regmening nie) voorsien sodat hy "die vryheid het om bedenkinge te kan uitspreek sonder vrees dat dit in amptelike rekords vervat word." Hy het voorsien dat, uit hierdie dokument, aangevul deur insette van die opdraggewende prokureur en deur verdere feite verskaf deur die Kerk as kliënt, 'n sintese sal ontwikkel wat wel 'n regmening sal word. Die advokaat se kosterekening vir die Memorandum het R24000 beloop. Die prokureur het sy dienste gratis aangebied.

**3.6.6** Tans kan die volgende areas aangedui word ten opsigte waarvan daar verdere ondersoek gedoen word en waaroor uiteindelik regsekerheid verkry moet word:

**3.6.6.1** Die totstandkoming van die CLF as organisasie sonder winsoogmerk en NG Sendingpers en NG Sendinguitgewers as maatskappye in Augustus 2002 sonder dat daar uitvoering gegee is aan die besluit van die Algemene Sinodale Kommissie geneem op 6-7 Mei 2002 en sonder goedkeuring deur die Algemene Sinode/ASK, wat lees: "Artikel 21-Maatskappye (Bylae CC : pt 3.1) – goedgekeur dat die volgende besluit aan die AJK en CLF deurgegee word:

| |
|---|
| *Die ARK versoek die AJK en CLF om, indien statute en/of ander dokumente aan die Algemene Sinodale Kommissie/Algemene Sinode voorgelê gaan word vir goedkeuring, hierdie stukke ook aan die ARK/Tydelike Regskommissie beskikbaar te stel met die oog op advies aan die ASK/Algemene Sinode.*" |

**3.6.6.2** Die moontlikheid van die omskepping van 'n "trustfonds" van die Algemene Sinode in 'n organisasie sonder winsoogmerk.

**3.6.6.3** Wysigings aan die Reglement vir die CLF sonder voorlegging daarvan aan die ASK/ASM en die AKF/ATF.

**3.6.6.4** Die verandering van die ledevergadering van die CLF vanaf die ASSK/ADD na die VDDG, sonder dat die ASM/Algemene Sinode om goedkeuring daarvoor gevra is.

**3.6.6.5** Die aanwysing van die beheerraadslede van CLF sonder die direkte inspraak van die Algemene Sinode/ASM en die gebrek aan gereelde aanwysing.

**3.6.6.6** Die vervreemding van bates van die Algemene Sinode deur die CLF sonder die nodige goedkeuring van die ATF/ASM/Algemene Sinode.

**3.6.6.7** Die verkoop van NG Sendingpers, wat nie ’n uitsluitlik sendingwerksaamheid was en waarin die Algemene Sinode ’n berekende finansiële belang gehad het, en die uiteindelike likwidasie en deregistrasie van die Maatskappy sonder die goedkeuring van en verslag aan die Algemene Sinode.
**3.6.7** Die notules van die ASSK en die CLF Beheerraad is met moeite in Bloemfontein opgespoor om ’n volledige en omvattende verslag saam te stel vir voorlegging aan die regsverteenwoordigers en die Bestuurspan/Moderamen.
**3.6.8** Die regsposisie van die CLF-Fonds en CLF Uitgewers, asook die samestelling van die ledevergadering en die aanwys van beheerraadslede/direkteure sal bi-lateraal met die CLF Beheerraad uitgesorteer moet word. Die Beheerraad het reeds aangedui dat hulle die beslissings van die Moderamen/Algemene Sinode in dié verband sal aanvaar en nie tot regsoptrede sal oorgaan nie.
**3.6.9** Die regsposisie van die CLF Vigs Trust, wat ook as organisasie sonder winsoogmerk geregistreer is, moet nog aandag geniet.

**4. HUGENOTE KOLLEGE**
**4.1** Hugenote Kollege se Direksie en Ledevergadering het hul nuwe Akte van Oprigting goedgekeur en vir bekragtiging aan die Algemene Sinode voorgelê. Die Direksie het voorgestel dat die oorspronklike Akte in Engels opgestel word sodat dit meer toeganklik vir ’n groter deel van die Suid-Afrikaanse bevolking kan wees.
**4.2** Die Aktuarius is besig om die nuwe Akte in opdrag van die Algemene Taakspan Regte en Bestuurspan na te gaan. Enige onsekerhede of moontlike verandering sal eers met die Direksie van Hugenote Kollege uitgeklaar word, alvorens dit aan die Moderamen vir finale goedkeuring voorgelê word. Daar moet veral nog eenstemmigheid verkry word oor die samestelling van die Ledevergadering.

**5. AD HOC PROJEKSPAN IVM POSISIONERING EN ROL VAN KERKLIKE MAATSKAPPYE**
**5.1** ’n Ad Hoc Projekspan onder leiding van die ASM en bestaande uit verteenwoordigers van die ASM/Bestuurspan, CLF, Bybel-Media en Hugenote Kollege is saamgestel om te kyk na die belyning en moontlike integrasie van die werksaamhede van die onderskeie maatskappye. Belyning met die strategiese doelwitte van die Algemene Sinode is hier ter sprake.
**5.2** Die Moderamen/Bestuurspan doen afsonderlik verslag oor die optrede, besluite en aanbevelings van die Ad Hoc-Projekspan ivm die Posisionering en Rol van Kerklike Maatskappy (**Bestuurspan 2**).

**6. KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSTERAAD (KMDR)**
**6.1** Die NG Kerk se maatskaplikediensprogram is georganiseer in 10 organisasies wat onder die toesig van die onderskeie sinodes funksioneer. Die 10 organisasies vorm saam die Kerklike Maatskaplike Diensteraad (KMDR) wat as 'n netwerk en forum die organisasies op nasionale en internasionale vlak verteenwoordig. Die KMDR is op algemeen-sinodale vlak 'n ruimte waar die organisasies onderling met mekaar skakel en ondersteun die sinodale organisasies met navorsing, inligting, opleiding en koördinering. Die 10 organisasies is NG Barmhartigheidsdiens (Sinode Hoëveld), NG Welsyn Noordwes (Sinode Wes-Transvaal), SKDB Maatskappy en CMR Noord (Noordelike Sinode), Christelike Maatskaplike Dienste KwaZulu-Natal (Sinode KwaZulu-Natal), BADISA (NG Kerk Sinode Wes- en Suid-Kaapland en VGKSA Sinode Kaapland), NG Maatskaplike Dienste OVS (Sinode Vrystaat), CMR Oos-Kaap (Sinode Oos-Kaap), NG Welsyn Noord-Kaap (Sinode Noord-Kaap), CMR Mpumalanga en CMR Gauteng-Oos (Oostelike Sinode) en Buro’s van Barmhartigheid (Sinode van Namibië).
**6.2** Die KMDR het sy Uitvoerende Komitee versoek om deurlopend met die Bestuurspan van die Algemene Sinode te kommunikeer oor die plek, funksionering en ondersteuning van die KMDR. Die versoek is gerig dat die finansiële bydrae vir die KMDR meer permanensie in die herstruktureringsproses van die Kantoor van die Algemene Sinode moet kry. Die KMDR het ook versoek dat die Uitvoerende Amptenaar van die KMDR in die Bestuurspan dien.
**6.3** Die KMDR funksioneer in terme van sy Reglement wat deur die Algemene Sinode goedgekeur is.
**6.4** Aangesien die Algemene Sinode ’n beleidsinode is en nie meer werksaamhede op die praktiese terrein van maatskaplike dienste onderneem nie, is daar onsekerheid oor die plek en rol van die KMDR op algemeen-sinodale vlak. Enersyds word geoordeel dat die KMDR inter-sinodaal en dus nie algemeen-sinodaal nie behoort te funksioneer. Tog is skakeling met die nasionale owerheid ’n aangeleentheid wat op die terrein van die Algemene Sinode hoort. In terme van Artikel 43.1.3 van die *Kerkorde* hoort tot die taak van die Algemene Sinode dit wat die kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak. Tydens die voortgesette herstrukturering van die werksaamhede van die Algemene Sinode behoort die KMDR met die onderafdeling vir welsynsaangeleenthede onder die groter fokus publieke getuienis in verband gebring te word. Dit is nie wenslik dat dit as ’n aparte werksaamheid bly voortbestaan soos dit onder die ou bedeling die geval was nie.

**7. PC STRUWIG TESTAMENTÊRE TRUST**

**7.1** Mnr P C Struwig het in sy testament, geteken 31 Oktober 1975, eiendomme en aandele in eiendomme wat hy in die Transvaalse Laeveld besit het aan die trustees van ’n testamentêre trust bestaande uit die “Nasionale Voorsitters of Leiers indertyd van die” KJV, die Voortrekkers, die Volkspele, die FAK en die Junior Rapportryersbeweging tesame met sy Edele die Administrateur van Transvaal bemaak.
**7.2** Op 4 Mei 1981 is die tersaaklike testamentêre trust gestig met die volgende persone as die trustees: die Administrateur van Transvaal, die hoofleier van die Voortrekkerbeweging, die voorsitter van die Junior Rapportryerbeweging, die voorsitter van die Kerkjeugaksie van die NG Kerk, die voorsitter van die FAK en die voorsitter van die Volksang- en Volkspelebeweging. Die FAK en die Volksang- en Volkspelebeweging het later as begunstigdes van die trust onttrek en het daarvoor, nadat eiendom vervreem is, gedeeltelike vergoeding ontvang. Die restant van die opbrengs is, soos die testament bepaal, gebruik om die Struwig-Germeshuysen Kankernavorsingstrust in die lewe te roep.
**7.3** Op die huidige Magtigingsbrief vir die Trust, wat deur die Meester van die Hoogegeregshof op 2 Februarie 2008 uitgereik is, verskyn die volgendes persone as trustees: Pieter Johannes Strauss in sy hoedanigheid as hoofleier van die Voortrekkers, Ludwig Georg Schulze as president van die Rapportryerbeweging en Abraham Rochell Hanekom as voorsitter van die Algemene Jeugkommissie.
**7.4** Die bedoeling van die testateur met die stigting van die trust was om die jeug van die RSA te bevoordeel. Die jeug van die NG Kerk was dus voorop in die gedagtes van die testateur waar hy na die KJV (Kerklike Jeugvereniging) verwys het. Dit is duidelik uit die testament dat dit sy bedoeling was dat die bewegings/instansies/groeperings waarvan die leierfigure as trustees benoem is, ook as begunstigdes van die trust moes figureer (wel nie as die enigste begunstigdes nie).
**7.5** Probleme het egter sedertdien ontstaan omrede van dié vermelde bewegings/instansies/groeperings, by name die KJV en die Junior Rapportryerbeweging, as gevolg van herstrukturerings nie meer onder eie vaandel of losstaande soos voorheen bestaan nie, maar in ander bewegings/instansies/groeperinge opgeneem is. Die KJV het, in uitvoering van die besluite van die Algemene Sinode van 1974, opgehou om as outonome vereniging naas die amptelike kerklike strukture te funksioneer. Die NG Kerk se jeugwerk is in terme van Artikel 50 van die *Kerkorde* met die werksaamhede van die kerkvergaderinge geïntegreer en intern op gemeente-, rings-, sinodale en Algemene Sinodale vlak voortgesit. Later is die organisering van die jeugaksies op rings-, sinodale en Algemene Sinodale vlak nie meer deur afsonderlike komitees behartig wat naas en met verantwoording aan die kerkvergaderinge bestaan het nie.
**7.6** Die vraag het nou ontstaan wie as die trustee van die trust namens die kerklike jeug aangestel moet word aangesien die testament nie meer in hierdie opsig leiding kan verskaf nie.
**7.7** ’n Vergadering van al die rolspelers het op 26 Julie 2012 by die Kantoor van die Algemene Sinode plaasgevind. Tydens hierdie vergadering het die veranderde posisie van die jeug van die NG Kerk en Junior Rapportryers wat by die Rapportryerbeweging in geheel ingeskakel is, ter sprake gekom. Die verteenwoordigers van die NG Kerk en die Rapportryers het onderneem om oor hulle eie posisies sekerheid te kry en, indien nodig, regsmenings daaroor te verkry.
**7.8** Die Aktuarius en Algemene Sekretaris het op 6 Augustus 2012 vir advokaat Gert van den Berg en dr Stephan Strydom, kenners op die gebied van die trustreg en verbonde aan die firma PricewaterhouseCoopers, oor die aangeleenthede ontmoet. ’n Eerste opinie is op 5 September 2012 ontvang. Die volgende instruksie is op 12 September 2012 gegee vir ’n verdere opinie:

> 1. Tydens ons ontmoeting op 6 Augustus 2012 by u kantore was die primêre saak waaroor ons u opinie verlang die wyse waarop die NG Kerk ’n trustee kan aanwys wat vir die Meester aanvaarbaar sal wees, synde steeds in ooreenstemming met die bedoeling van die betrokke testamentêre bepaling, maar met inagneming van die strukturele veranderinge wat sedertdien in die NG Kerk op algemene sinodale gebied plaasgevind het (sien die inleidende paragraaf van die skrywe van die Aktuarius van die Algemene Sinode aan die Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode gedateer 2 Augustus 2012, waarvan ’n afskrif met aanhangsels aan u voorsien is).
> 2. Die mondelinge reaksie van adv Gert van den Berg tydens die ontmoeting was dat die probleem wat die NG Kerk het rakende die aanwys van ’n trustee waarskynlik nie opgelos word deur dit aan die diskresie van die Meester oor te laat nie. ’n Verklarende hofbevel, wat nie deur die ander begunstigdes teengestaan word nie, blyk moontlik die enigste volhoubare uitweg te wees.
> 3. Ons is meegedeel dat die noukeurige en volledige bestudering van die stukke nodig is alvorens u ons van ’n skriftelike opinie in dié verband kan voorsien. Aangesien die NG Kerk met die ander begunstigde instansies oor die pad vorentoe moet praat, sal ’n gesagvolle en geskrewe opinie van ’n gerespekteerde finansiële en/of regsfirma ons hiermee help, het ons u meegedeel.
> 4. Die pertinente vrae wat ons sedertdien aan u gerig het, het waarskynlik daartoe aanleiding gegee dat die primêre saak waarom ons u opinie verlang op die agtergrond geskuif het. Alhoewel die beantwoording van hierdie vrae vir ons belangrik bly en verder hanteer moet word, wil ons allereers u opinie verkry oor wat die NG Kerk nou te doen staan by die aanwysing van ’n trustee gegewe die interne strukturele veranderinge wat op algemene sinodale gebied plaasgevind het. Die interne strukturele veranderinge, soos aan u uitgewys, het tot gevolg dat die kerk se jeugwerk steeds onverhinderd in terme van Artikel 50 van die *Kerkorde* op gemeentevlak voortgesit word in die kerk se “jeugaksies”, maar dat die organisering van die “jeugaksies” op



Inhoudsopgawe

rings-, sinodale en Algemene Sinodale vlak nie meer deur afsonderlike “komitees” behartig word wat naas en met verantwoording aan die kerkvergaderinge bestaan nie. Die kerkvergaderinge (rings-, sinodale en Algemene Sinodale vergadering) as die gemagtigde organe van die regspersone (ring, sinode en Algemene Sinode) hanteer tans self in kerkverband alle sake rakende die “jeugaksies” van die NG Kerk. Artikel 50 van die *Kerkorde* lees:

*“50.1 Die jeug as wesenlike deel van die gemeente is die verantwoordelikheid van die Kerk en hierdie verantwoordelikheid is onvervreembaar en onoordraagbaar.*

*50.2 Die bediening van die jeug as verbondsjeug is ’n geïntegreerde deel van die omvattende gemeentelike bediening waarin God deur sy Woord tot die jeug kom deur verkondiging, onderrig, toerusting, herderlike sorg en dienswerk. Hierdie gemeentelike bediening geskied onder die leiding van die ampte aan en deur die jeug.*

*50.3 (Handel oor die kinders en belydenisaflegging)*

*50.3 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.”*

Daar word dus nie meer nasionale leiers of voorsitters vir die NG Kerk se “jeugaksies”, waaronder die Belydende Kerkjeugaksie, aangewys nie. Tog gaan die NG Kerk se jeugwerk onder byvoorbeeld die belydende kerkjeug in gemeentelike en kerkverband op georganiseerde wyse voort.

5. Geliewe ons dus vervolgens te voorsien van u geskrewe opinie oor die weg wat gevolg moet word rakende die toekomstige aanwysing van ’n trustee deur en ten behoewe van die NG Kerk ten opsigte van die Petrus Cornelius Struwig Testamentêre Trust.

**7.9** Die “gevolmagtigde trustees” is op 16 November 2012 ontmoet en terugvoering is gegee oor die posisie van die NG Kerkjeug as begunstigde en oor ’n aantal ander sake waaroor kommer heers.

**7.10** Dr Strydom het op 17 Januarie 2013, in oorleg met adv Van den Berg, die volgende verdere opinie voorsien:

“**i) Aanstelling van verteenwoordigende trustee**

4. Dit dien vermeld te word dat indien u bloot net ’n verteenwoordigende trustee namens die NG Kerk wil aanstel, ons die mening toegedaan is dat sodanige versoek bloot tot die Meester van die Hooggeregshof gerig kan word en nie aan ’n hof voorgelê hoef te word nie. Daar moet dan bloot aan die Meester ’n skrywe gerig word waarin verduidelik word waarom die KJV minder outonoom as destyds is, hoe dit ontwikkel en verander het en dat daar nie meer Nasionale Leiers van die KJV te vinde is nie. Daar moet verduidelik word dat die jeugaksies nou binne die kader van die NG Kerk figureer en dat ’n leiersfiguur van die NG Kerk of die Moderamen ’n nominasie as trustee behoort te kan maak. Daar moet ook in die skrywe vermeld word dat die Meester versoek word om in terme van artikel 7 (2) van die Wet op die Beheer oor Trustgoed sy bevoegdheid uit te oefen om naas die bestaande trustees nog ’n mede-trustee aan te stel. Die wetsartikel lees as volg:

> *7. Aanstelling van trustee en mede-trustee deur Meester.—*
>
> *(1) Indien die amp van trustee nie gevul kan word nie of vakant word, moet die Meester, by ontstentenis van enige voorsiening in die trustdokument, na oorlegpleging met soveel belanghebbendes as wat hy mag nodig ag, iemand as trustee aanstel.*
>
> *(2) Wanneer die Meester dit wenslik ag, kan hy, ondanks die bepalings van die trustdokument, iemand wat hy geskik ag as mede-trustee van enige dienende trustee aanstel.*

5. Ons kan u hiermee behulpsaam wees indien u dit sou verlang.

6. Die Meester sal dan versoek word om op die hersiene magtigingsbrief van die trust aan te dui dat “ MNR XXX AS GENOMINEERDE VAN DIE MODERAMEN VAN DIE NG KERK / OF / MNR XXX AS GENOMINEERDE VAN DIE NG KERK” as trustee van die trust sal funksioneer.

**ii) Verandering van die testamentêre trust**

7. Let daarop dat dit wat hierbo vermeld is slegs ten aansien van die aanstel van ’n persoon as trustee geld. Dit geld nie vir die korrigering of verandering van die brondokument (testamentêre trust) waarin die riglyne vir die keuse van ’n trustee neergelê word nie. Dit is so dat indien die aanstelling van ’n persoon as trustee nie gepaard gaan met die verandering van die testamentêre trust nie, daar altyd regsonsekerheid sal heers aangesien enige toekomstige aanstelling as trustee dan nie sal geskied soos wat dit voorgeskryf is in die testament nie. Hierdie aspek is soveel meer belangrik as in gedagte gehou word dat die trustees wat in die testamentêre trust omskryf is direk heenwys na die begunstigdes van die trust. Dit is so omdat die instansies wat in klousule 2(a)(i) van die testament na verwys word om verteenwoordiging op die raad van trustees te geniet, ook lateraan kollektief na verwys word as diegene wat moet deel in die bates van die trust, dus die begunstigdes. Die verwysing in die akte (wat in 2000 opgestel is) na “KERK JEUGAKSIES VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK” is myns die korrekte wyse om na die jeug van die Kerk as deel van die begunstigdes van die trust te verwys.

8. Dit kan dalk baie belangrik wees om nou veranderinge aan die testamentêre trust te versoek sodat daar in geen onduidelike terme uitgestip word wie eendag, by die uitkering van die bates van die trust, die begunstigdes en wel die bevoordeeldes van sodanige uitkering sal wees nie.

9. Indien u die roete wil gaan om ook die testamentêre trust in die proses te laat wysig, sal u na ons mening ’n hofbevel benodig vir die redes hiernaas vermeld. Let daarop dat dit vanselfsprekend is dat die wysigings aan die testamentêre trustakte slegs sal kan geskied op voorwaarde dat dit nie die bedoeling van die testateur sal skaad nie.
10. Aangesien die Jeugaksies skynbaar nou binne die kader van die NG Kerk resorteer, is dit duidelik dat as gevolg van hierdie veranderinge die korrekte prosedure sal wees om die Moderamen van die Algemene Sinode, wat as orgaan van die NG Kerk optree, of die NG Kerk self as regspersoon, met die diskresie te laat om ’n verteenwoordiger te kan aanwys as trustee van die trust.
11. Die tersaaklike regsbeginsels vir die wysiging van ’n testamentêre trust moet deeglik voor oë gehou moet word. ’n Testamentêre trustakte spruit voort uit ’n testament en as algemene reël van interpretasie en uitleg moet die testateur se bedoeling en wense in alle omstandighede eerbiedig word. Die bepalings in die oorledene se testament dien natuurlik as die testamentêre trustklousules. Daarom kan die bepalings van ’n testamentêre trust nie na die testateur se afsterwe goedsmoeds gewysig word nie.
12. Die algemene gemeenregtelike reël is dat nie eers die hof die bepalings van ’n testament kan wysig nie en hierdie algemene reël geld ook vir testamentêre trusts.
13. Daar bestaan egter ’n statutêre uitsondering op die verbiedende gemenereg reël. Dit kom voor in Artikel 13 van die Wet op die Beheer oor Trustgoedere. Dit lees as volg

> *13. Bevoegdheid van hof om trustbepalings te wysig.*
> *—Indien ’n trustdokument ’n bepaling bevat wat gevolge teweegbring wat die oprigter van ’n trust na die hof se oordeel nie beoog of voorsien het nie en wat —*
> *(a) die bereiking van die oprigter se oogmerke belemmer; of*
> *(b) die belange van bevoordeeldes benadeel; of*
> *(c) in stryd met die openbare belang is,*
> *kan die hof op aansoek van die trustee of enige persoon wat na die hof se oordeel voldoende belang by die trustgoed het, enige sodanige bepaling skrap of wysig of ten opsigte daarvan enige bevel gee wat daardie hof billik ag, met inbegrip van ’n bevel waarby bepaalde trustgoed deur bepaalde ander goed vervang word, of ’n bevel wat die trust beëindig.*

14. As gevolg van hierdie uitsondering op die gemenereg reël is ek van mening dat ’n hofaansoek ingevolge hierdie bovermelde artikel waarskynlik die enigste uitweg sal bied om die wysiging aan die testamentêre trust teweeg te bring.
15. ’n Voorbeeld van ’n hofsaak waar die partye ingevolge Artikel 13 van die vermelde Wet aansoek gedoen het om wysiging van ’n testamentêre trust, is EX PARTE PRESIDENT OF THE CONFERENCE OF THE METHODIST CHURCH OF SOUTHERN AFRICA NO: IN RE WILLIAM MARSH WILL TRUST [1993] 4 All SA 416 (C).
16. As die wetsartikel ontleed word is dit duidelik dat daar aan sowel die subjektiewe (die testateur se gebrek aan voorsiening/ vooruitbeskouing) as die objektiewe (belemmering van die trustdoel, benadeling van die begunstigdes of teen die openbare belang) vereistes voldoen word voordat die hof die wysiging sal toestaan.
17. In hofstukke sal gestipuleer moet word dat die testateur nie die grootse herstrukturering beoog of voorsien het nie, en dat sy oogmerke, bv. om die jeug van die NG Kerk te bevoordeel deur hierdie onsekerheid belemmer word. Ek sal voorstel dat u dan as volg te werk gaan:
i) Lê aan die hof bloot wat met die KJV gebeur het en hoe dit omvorm is sodat daar vandag bloot kerklike jeugaksies voorkom en hoe outonoom (al dan nie) hierdie aksies jeens die NG Kerk is en hoe die verslagdoenings – en rapporteringsfunksie aan die NG Kerk daaruitsien. Maak pertinent melding daarvan dat die jeugaksies slegs binne die strukture van die NG Kerk bestaansreg kan geniet en materiële voordele kan ontvang;
ii) Daar moet dan ook aangedui word dat die testateur die KJV in alle waarskynlik gesien het as ’n [meer] outonome liggaam of beweging, wat tasbare of materiële voordele in ontvangs kon neem. Daarvan getuig die bepalings in die testament waarin sekere voordele aan die beweging toegewys word;
iii)Die feit dat die KJV meer en meer binne die strukture van die NG Kerk opgeneem is en die geleidelike verlies aan outonomie moet beklemtoon word en ’n saak moet uitgemaak word dat die testateur dit nie beoog of voorsien het nie;
iv) Hierdie verlies aan outonomie bring dan myns insiens ook mee dat die oogmerke van die testateur met die oprigting van die trust verydel of belemmer word deurdat die fondse en middele slegs die jeugaksies van die NG Kerk kan bereik indien dit deur die kanale en strukture van die NG Kerk gaan;
v) Dit is duidelik dat die testateur bedoel het om leierfigure van die vermelde instansies te benoem as verteenwoordigende trustees. Ek sal voorstel dat gestipuleer word dat die “Moderamen van die NG Kerk” of die “NG Kerk” self, ’n persoon kan nomineer “wat ’n leiersfiguur-rol in die jeugaksies vervul” om as trustee van die trust aangestel te word;
vi) As gevolg van die noue verband tussen die trustees en die begunstigdes, soos vermeld in die testament, sal ek ook voorstel dat die omskrywing van die begunstigdes aan die Hof vir goedkeuring voorgelê word. Soos vroeër vermeld, dit kan latere onenigheid voorkom indien die bates in trust eendag verkoop moet word en die opbrengs uitgekeer moet word.

18. Let daarop dat enige regspersoon as ’n trustee van ’n trust kan optree. Sy gevolmagtigde sal dan natuurlik as die persoon optree wat fisies namens sodanige regspersoon die dienste wat die trustee – amp meebring, vervul.”

**7.11** ’n Opvolg ontmoeting het op 16 Mei 2013 met dr Stephan Strydom van PricewaterhouseCoopers plaasgevind. Die aanstel van ’n verteenwoordigende trustee namens die NG Kerk deur die Meester en die moontlike verkryging van ’n hofbevel om die Algemene Sinode/Moderamen te magtig om ’n trustee aan te stel wat nie meer die nasionale leier van die Kerkjeugvereniging/Kerkjeugaksie kan wees nie, is bespreek. Daar is besluit om ’n konsultasie met ’n advokaat te reël ten einde ’n aanduiding te kry van wat die moontlike koste verbonde aan die verkryging van sodanige hofbevel sal wees.
**7.12** Op 29 Mei 2013 is prokureur Louis Stroebel van die firma Delport Van Den Berg Inc en advokaat Nick de Jager ontmoet. Die prokureur het vooraf skriftelik te kenne gegee dat hy sy uurtarief vir konsultasies vanaf R1400 na R1000 sal verlaag, terwyl die advokaat sy uurtarief vanaf R1800 na R1500 verlaag het. Advokaat Nick de Jager se advies rakende die beste regsroete en sy beraming van die koste vir ’n hofaansoek word nog afgewag.
**7.13** Die Voortrekkers het in Julie 2013 vir dr Danie Langner, bedienaar van die Woord in die NG Kerk, as nuwe hoofleier in die plek van prof Piet Strauss gekies. Die moontlikheid bestaan dat dr Langner as trustee namens die Voortrekkers benoem kan word. Die nuwe president van die Rapportryers, mnr Ruurd van der Wal, moet ook nog as trustee op die Magtigingsbrief aangewys word in die plek van kol Ludi Schulze wat uitgetree het. Die koste verbonde aan die wysiging van trustees word op R6000 beraam. Dit sal goed wees om die ander instansies te nader om die wysiging gesamentlik te doen en die koste te deel.
**7.14** Die dokumente is op koste van die Struwig-Germeshuysen Kankernavorsingstrust by die Meester ingedien om ds Nicolaas Wilhelm Johann van Rensburg as trustee van die NG Kerk aan te wys.
**7.15** Die Bestuurspan het op 21 Junie 2013 die volgende besluit:

1. Die Bestuurspan besluit om ’n skrywe aan die Voortrekkers en die Rapportryers te rig met die versoek dat die instansies sáám die Meester nader om die nuwe trustees vir die Struwig Testamentêre Trust aan te wys en dat die instansies die koste deel. Die NG Kerk versoek die Meester om op die hersiene Magtigingsbrief van die Trust aan te dui dat “Michiël Nicolaas van der Merwe as genomineerde van die Algemene Sinode van die NG Kerk as trustee van die Trust sal funksioneer.” ’n Volledige uiteensetting van die herstrukturering wat op algemene sinodale gebied betreffende die kerkjeug plaasgevind het, word daarvoor aan die Meester voorsien.
2. Die Bestuurspan besluit om ’n vergadering van verteenwoordigers van die drie instansies (NG Kerk, Voortrekkers en Rapportryers) aan te vra om noodsaaklike veranderinge aan die testamentêre trust deur die verkryging van ’n verklarende hofbevel indringend te bespreek en om op gesamentlike aksie in dié verband te besluit.

**8. ALGEMEEN**
**8.1** Die herstrukturering van die werksaamhede van die Algemene Sinode het nie altyd by wyse van oorgangmaatreëls aangedui wie die opvolger in titel van kommissies soos die ASSK en AKDB en diensgroepe soos ADD en ADGO is nie.
**8.2** Waar die Algemene Sinode se belang in ’n maatskappy verkoop is of waar ’n maatskappy gelikwideer en gederegistreer is, moet volledige verslag aan die Algemene Sinode/ASM gedoen word.
**8.3** Ooreenkomste wat deur die Algemene Sinode goedgekeur en aangegaan is, kan nie sonder meer deur die ASM of taakspan opgeskort of gekanselleer word nie.
**8.4** Die huidige Reglement 18 in die Kerkordeboek 2011, naamlik die Reglement vir die Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse, sal indringend hersien moet word. Veranderinge in die wyse waarop veral die Algemene Sinode funksioneer, asook ’n hele aantal wetswysiginge, maak dit noodsaaklik. Aangesien dit hier om ’n saak gaan waarvoor besondere kundigheid benodig word, sal dit dalk wenslik wees dat die Moderamen/Bestuurspan hiervoor ’n paar kundiges aanwys in plaas daarvan om dit na ’n taakspan (soos Regte of Fondse) te verwys.
**8.5** Ten opsigte van ’n aantal ander sake het die Bestuurspan op 21 Junie 2013 die volgende besluite geneem:

1. Die ATF word versoek om ’n volledige lys aan die Bestuurspan voor te lê betreffende alle eiendomme en fondse, ook wat die destydse werksaamhede van federale rade betref, wat steeds deur sinodes namens die Algemene Sinode “in trust” gehou word. Waar van hierdie eiendomme deur sinodes verkoop of vervreem is sonder die goedkeuring van die Algemene Sinode, sal daar met die betrokke sinode in gesprek getree moet word oor kompensasie.
2. Die ATF word versoek om ’n volledige lys aan die Bestuurspan voor te lê oor instansies wat in terme van die Reglement vir Eiendomme, Goedere en Fondse jaarliks aan die ATF geouditeerde finansiële state moet voorlê. Verslag moet ook aan die Bestuurspan gelewer word oor die stand van elke instansie se finansies en enige wysigings aan die wyse waarop hierdie instansies funksioneer.

3. Die advies van die ATR moet verkry word oor enige regshandeling waarop kerklike maatskappye/trusts besluit het. Die gebruik van eie regsadviseurs sonder om die ATR te betrek en die opstel van regsdokumente sonder om dit aan die ATR voor te lê, het tot gevolg dat die Algemene Sinode nie sy beheerfunksie as eienaar van kerklike maatskappye na behore kan uitoefen nie.
4. Die Bestuurspan moet ’n volledige besluiteregister in stand hou rakende alle vorige besluite oor kerklike maastskappye en ander instansies wat tot voordeel van die Algemene Sinode van die NG Kerk bedryf moet word. Die besluite rakende die behou van beheer deur die Algemene Sinode, die voorlegging van nuwe aktes/reglemente en die wysings daaraan aan die Algemene Sinode/ASM en die noodsaaklikheid van ’n ledevergadering waarin die Algemene Sinode die meerderheidstem behou, is veral hier belangrik.
5. Die Algemene Sekretaris word versoek om notules van gewese kommissies/diensgroepe, korrespondensie en ander dokumentasie op ’n sentrale plek te bewaar. Gewese en huidige skribas van kommissies/taakspanne moet dus versoek word om onverwyld alle stukke in hulle besit by die Kantoor van die Algemene Sinode in te handig.
6. Die Algemene Sekretaris word versoek om toe te sien dat ’n bundel met die oorspronklike van alle kontrakte wat in naam van die Algemene Sinode as regspersoon gesluit is, by die Kantoor van die Algemene Sinode gehou word. Hy word verder versoek om ten opsigte van kontrakte wat gesluit is toe die kantoor van die Algemene Sinode nog in die Sinodale Sentrum in Visagiestraat gehuisves was, skriftelike kennisgewing aan die ander party(e) te gee van die wysiging van domicilium.
7. Dit is wenslik dat die Algemene Sinode, en nie die Algemene Sinodale Moderamen of enige gevolmagtigde taakspan, die verteenwoordigers van die Algemene Sinode in tussenkerklike liggame soos die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis aan te wys.

**9. AANBEVELINGS: MAATSKAPPYE EN REGSENTITEITE**
**9.1 Die Algemene Sinode keur die optrede van die Bestuurspan van die Moderamen rakende die kerklike maatskappye en die ander regsentiteite goed.**
**9.2 Die Algemene Sinode versoek die ATF om in oorleg met die ATR die Reglement vir Eiendomme, Goedere en Fondse indringend te hersien en toepaslike besluite van die Algemene Sinode rakende die oprigting, beheer en bestuur van kerklike maatskappye en ander regsentiteite, asook die vereistes van tersaaklike wetgewing, daarin op te neem.**
**9.3 Die Algemene Sinode herbevestig dat die Christelike Lektuurfonds ’n “trustfonds” van die Algemene Sinode is en dat die Algemene Sinode/Moderamen die finale seggenskap het oor die bestuur en aanwending van die Fonds ooreenkomstig die regsgeldig-goedgekeurde Reglement.**
**9.4 Die Algemene Sinode versoek sinodes om vóór 28 Februarie 2014 aan die ATF en Moderamen verslag te doen oor die eiendomme, goedere en fondse**
**9.4.1 wat verband gehou het met die werksaamhede van die ontbinde “Gefedereerde NG Kerke” en/of die Raad van die Kerke en/of enige van die ander gefedereerde liggame (soos die Federale Sendingraad, die Federale Armsorgraad, die Gefedereerde Sondagskoolkommissie, ens.) en vanaf 1962 deur die betrokke sinodes vir die Algemene Sinode “in trust” gehou moes word, en/of**
**9.4.2 waarvan die skenkingsakte/testament/reglement die “Gefedereerde NG Kerke”, die Raad van die Kerke of enige van die ander gefedereerde liggame as begunstigde aanwys.**
**9.5 Die Algemene Sinode bevestig dat met die ontbinding van die Kerklike Jeugvereniging (KJV) op nasionale vlak in 1975, alle magte en bevoegdhede in terme van Artikel 55 van die *Kerkorde* na die Algemene Sinode as regspersoon oorgegaan het en dat die Algemene Jeugkommissie (AJK) die gemagtigde orgaan van die Algemene Sinode as regspersoon geword het.**
**9.6 Die Algemene Sinode bevestig dat met die ontbinding van die Algemene Jeugkommissie volgens besluit van die Algemene Sinode in 2004, die Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling (ADGO) die gemagtigde orgaan van Algemene Sinode as regspersoon geword het.**
**9.7 Die Algemene Sinode bevestig dat met die ontbinding van die Algemene Sinodale Sendingkommissie (ASSK) én die Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (AKDB) volgens besluit van die Algemene Sinode in 2004, die Algemene Diensgroep Diensgetuienis (ADD) die gemagtigde orgaan van die Algemene Sinode as regspersoon geword het.**
**9.8 Die Algemene Sinode bevestig dat met die ontbinding van die Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling (ADGO) én die Algemene Diensgroep Diensgetuienis (ADD), die Algemene Sinodale Moderamen die gemagtigde orgaan van die Algemene Sinode as regspersoon geword het.**

**BESTUURSPAN 2**

# AD HOC-PROJEKSPAN IVM POSISIONERING EN ROL VAN KERKLIKE MAATSKAPPYE

## 1. VERTREKPUNT

**1.1** Tydens ’n vergadering gehou op 14 Februarie 2013 het verteenwoordigers van die Bestuurspan/Moderamen, Hugenote Kollege, Bybel-Media en Christelike Lektuurfonds op die volgende vertrekpunt ooreengekom:

1. Die vergadering is dit eens dat daar ‘n bepaalde proses tussen die drie maatskappye moet kom om fokusse en werksaamhede te belyn en waar moontlik te integreer.
2. ’n Projekspan olv die voorsitterskap van die ASM
2.1 bestaande uit 2 lede van elk van die vier partye (elke party dra sy eie koste),
2.2 kyk na die verskillende maatskappye en hulle bedieninge se belyning, strategie en strukture,
2.3 gee aandag aan die daarstel van breë eenvormige korporatiewe gedragsreëls en finansiële kodes, en
2.4 kry uitsluitsel oor die regsposisie van die drie maatskappye en hulle verband met die Algemene Sinode.
3. ’n Groter projekspan bestaande uit die groep in punt 2 asook lede elk van die VGKSA, NGKA en die RCA moet, aan die hand van ’n gesamentlike siening van die leierskappe van die vier kerke oor ’n gesamentlike koninkrykstrategie/roeping, aandag gee aan die vraag: waarheen wil ons saam met die maatskappye en hulle werk gaan?

## 2. PERSONEEL

**2.1** Die personeel is die volgende:

**2.1.1** Deur die Moderamen/Bestuurspan aangewys: dr Kobus Gerber, me Elize Bezuidenhout en dr Johann Ernst

**2.1.2** Deur Christelike Lektuurfonds aangewys: ds Willem Botha en me Christelle Vorster

**2.1.3** Deur Bybel-Media aangewys: ds Danie Mouton en dr Pieter Fourie

**2.1.4** Deur Hugenote Kollege aangewys: ds Nelis Janse van Rensburg en ds Willie van der Merwe.

## 3. VERGADERINGS

**3.1** Tydens ’n telefoonvergadering gehou op 3 Mei 2013 is die volgende besluit:

1. Elke entiteit berei ’n voorlegging voor oor hoe hulle hulleself sien in die lig van die vertrekpunt hierbo asook mbt die ander maatskappye en die verhouding met die Algemene Sinode.
2. Die Bestuurspan van die Moderamen berei ’n voorlegging voor oor hoe die Moderamen die regsposisies van die maatskappye sien.
3. Die stukke moet teen 29 Mei 2013 by die Kantoor van die Algemene Sekretaris wees vir verspreiding.

**3.2** Die Projekspan het vervolgens op 4 Junie 2013 by Hugenote Kollege in Wellington vergader:

**3.2.1** Die gevraagde voorleggings is vooraf versprei, het deel gevorm van die agenda en is as gelese beskou. Na ontvangs van die Aktuarius van die Algemene Sinode, dr Johann Ernst, se voorlegging namens die Bestuurspan van die Moderamen oor die Regsposisie van die Maatskappye, het ds Willem Botha die CLF Beheerraad se mening daaroor gevra en hulle getoets oor die vraag of hy moet voortgaan met die mandaat wat hy van die CLF het. Nadat die insette van die beheerraadslede verkry is, is die voorlegging van die CLF verander en die gesirkuleerde voorlegging herroep. Die ander lede van die vergadering het geleentheid gekry om die gewysigde voorlegging van die CLF deur te lees en hulle op hoogte te stel met die inhoud daarvan.

**3.2.2** Elke entiteit het geleentheid gekry om enige onsekerheid of uitstaande sake rakende die betrokke entiteit se eie regsposisie te vermeld en toe te lig. Die verteenwoordigers van CLF het gevra dat daar onverwyld regsekerheid verkry word oor die instansie (VDDG of Moderamen) wat die Beheerraad moet saamstel. Die CLF aanvaar dat die Moderamen die finale jurisdiksie het en is geensins van voorneme om in enige regsaksie met die Algemene Sinode betrokke te raak oor die regsposisie van die CLF as Organisasie Sonder Winsoogmerk of die CLF Uitgewers as Maatskappy nie. Die CLF Beheerraad sal in oorleg met die Bestuurspan van die Moderamen so spoedig moontlik ’n konsepreglement voorlê waarin beide die behoeftes van die Moderamen en die ideale van die CLF tereg kan kom en om enige insigte oor hoe dit kan wees met die CLF met mekaar te deel. Hier sal spesifiek gesoek word daarna om enersyds die Algemene Sinode/Moderamen te akkommodeer en ook om die samewerking, inspraak en wedersydse vertroue tussen die Familiekerke by die VDDG en CLF te koester, te formaliseer en daarop voort te bou.

**3.2.3** Die vergadering is meegedeel dat die prokureur en advokaat wat om ’n regsmening gevra is rakende die regsposisie tans nog net ’n memorandum voorsien het waarin ’n aantal nuwe sake ook genoem word. Die uitnooi van ds Willem Botha na ’n konsultasie met die regsadviseurs blyk die beste wyse te wees om sáám al die regsonsekerhede uit die weg te ruim.

**3.2.4** Die vergadering het met waardering kennis geneem van die eerlike, openhartige en inskiklike benadering van die lede van die CLF Beheerraad, in besonder dié van ds Willem Botha, soos uit die gewysigde voorlegging en mededelings tydens die vergadering geblyk het.
**3.2.5** Die onderskeie entiteite is reeds verbind tot 'n proses waardeur fokus en werksaamhede belyn en waar moontlik geïntegreer moet word. Die vraag is net: hoe en deur wie?
**3.2.6** Belyning en integrasie sal prosesmatig gedoen moet word en die onderskeie entiteite en die Moderamen sal saam oor die beste weg vorentoe moet besluit. Oorhaastige besluite en geforseerde strukturele veranderinge kan die proses kelder.
**3.2.7** Daar is aangeleenthede wat op die <u>korttermyn</u> (voor die Algemene Sinode in Oktober 2013) bi- en/of multilateraal hanteer en uitgesorteer moet word. Dit sluit in:
**3.2.7.1** Die verkryging van duidelike en onbetwiste regssekerheid betreffende die oprigting en funksionering van die onderskeie entiteite, in besonder die finalisering van aktes van oprigting/reglemente, waarin onder meer vervat word die samestelling van die ledevergadering, die aanwysing van direkteure/beheerraadslede en die onderskeid wat gehandhaaf word tussen beheer, bestuur en bedryf. Hiermee moet pariteit verkry word wat betref die wyse waarop die Algemene Sinode/Moderamen die onderskeie entiteite hanteer.
**3.2.7.2** Die noodsaaklike vordering in die kerkherenigingsgesprekke tussen al die lede van die NG Kerkfamilie met die oog op die verkryging van al die kerke se instemming om op algemene sinodale gebied afsonderlik en saam as die lede van die onderskeie entiteite op te tree of om afsonderlik en saam die ledevergadering aan te wys. Die neem van gedeelde verantwoordelik vir mediabediening en opleiding en die vestiging daarvan in 'n *tussenorde* wat regsgeldigheid aan hierdie gesamentlike werksaamhede sal verleen, blyk 'n noodsaaklikheid op die pad vorentoe te wees. Die goeie gesindheid wat reeds onder die lede van die VDDG heers, moet in alle opsigte gekoester en verder uitgedra word.
**3.2.7.3** Die voer van verkennende gesprekke oor en die formulering van voorstelle rakende die nodige verskuiwing van werksaamhede tussen die bestaande entiteite.
**3.2.7.4** Die duidelike uitspel van die fokus of gerigtheid van elke afsonderlike entiteit sodat duplisering en konkurrensie voortaan konsekwent vermy kan word en hulpbronne nie onnodig verspil word nie.
**3.2.7.5** Die opstel en finalisering van die voorgestelde gedragskode om die verhouding tussen die entiteite onderling en die verhouding tussen die entiteite en die kerkvergadering(e) te reguleer, te bestendig en uit te bou.
**3.2.7.6** Die hou van 'n opvolgvergadering deur die Projekspan nie later nie as middel Augustus 2013 om voorstelle vir die Algemene Sinode voor te berei.
**3.2.8** Daar is meganismes wat op die <u>medium- en langtermyn</u> (na die Algemene Sinode in Oktober 2013) saam in plek gestel moet word, gemoniteer moet word en verder uitgebou moet word. Dit sluit in en hiermee sal by die volgende vergadering in meer detail gehandel word:
**3.2.8.1** Die skep van 'n interim koördineringsforum of meer gestruktureerde liggaam wat op gereelde basis vergader en saamgestel word uit verteenwoordigers van die direksies/beheerrade van al die entiteite én verteenwoordigers van die moderamens van die algemene sinodes van die Familie van NG Kerke. Hierdie forum of liggaam het as taak die belyning van die werksaamhede van die entiteite met die strategiese doelwitte van die kerkvergaderinge, die versekering van die optimale benutting van bestaande hulpbronne, die handhawing van sinergie binne en tussen die entiteite, die bepaling van gesamentlike strategieë, die fasilitering van bestuur- en bedryfsamewerking op operasionele vlak en die bevordering van die integrasie van werksaamhede waar enigsins moontlik.
**3.2.8.2** Die moontlike skep van 'n groep- of houermaatskappy of die omskepping van 'n bestaande maatskappy daartoe, sodat 'n enkele gesagvolle kontakpunt tussen al die entiteite en die kerkvergaderinge gevestig en verder ontwikkel kan word. By die ledevergadering kan al die lede (kerke) saamkom en uit een mond met die hele groep se direkteure saampraat oor die sake van gemeenskaplike belang en die gesamentlike belyning van strategieë en doelwitte. Vanuit hierdie ledevergadering kan ook direk aan al die kerke (lede) gerapporteer word ook die sake van die groep en die onderskeie entiteite.
**3.3** Die Projekspan het sy volgende vergadering op 1 Augustus 2013 by Bybel-Media in Wellington gehou:
**3.3.1 Memorandum van Ooreenkoms**:
**3.3.1.1** Die noodsaaklikheid van 'n memorandum van ooreenkoms, wat die partye genoegsaam bind tot verdere gesamentlike optrede, is bespreek. Daar is algemene instemming dat sodanige memorandum van ooreenkoms opgestel en deur die partye goedgekeur en onderteken word.
**3.3.1.2** Die Projekspan het dit aan die voorsitter, me Elize Bezuidenhout, opgedra om die Memorandum van Ooreenkoms in konsep op te stel en onder die lede van die Projekspan te sirkuleer vir redigering en instemming.
**3.3.1.3** Die Memorandum van Ooreenkoms behels die formele verbintenis tussen die entiteite onderling en tussen die Algemene Sinode en die entiteite sáám tot die optimale belyning en moontlike integrasie van fokusse en werksaamhede op die terrein van kerklike media en opleiding.
**3.3.1.4** Die Memorandum van Ooreenkoms word vóór die Algemene Sinode in Oktober 2013 aan die Direksies/Beheerraad van die onderskeie entiteite vir goedkeuring voorgelê, waarna die Algemene Sinode in

sitting ook die Memorandum van Ooreenkoms goedkeur en die partye dit amptelik onderteken. Die Direksies/Beheerraad en die Algemene Sinode wys ondertekenaars hiervoor aan.

**3.3.1.5** Sake waaroor daar later tydens hierdie vergadering ooreenstemming bereik word, waaronder die moontlike skepping van ’n behoorlik gestruktureerde koördineringspan en die waardes vir sinvolle voortgesette interaksie tussen al die rolspelers, word waar nodig in die Memorandum van Ooreenkoms vervat.

**3.3.2 Regsekerheid**

**3.3.2.1** Daar is nog verskeie sake wat in terme van bi- en/of multilaterale gesprekke hanteer en uitgesorteer moet word om aan die reglemente en besluite van die Algemene Sinode, die voorskrifte van die nuwe Maatskappywet en die verwagtinge van die Direksie/Beheerraad en/of Ledevergadering van die onderskeie entiteite te voldoen.

**3.3.2.2** Ten opsigte van Hugenote Kollege en CLF is dit veral die samestelling van die ledevergadering en die wyse waarop en die instansie(s) deur wie die direkteure/beheerraadslede aangewys word, waaroor sekerheid verkry moet word. Daar is ook nog onsekerheid oor watter ander entiteite onder die beheer/bestuur van die hoofentiteite ressorteer, waarvan die toekomstige funksionering ook deel van die belynings- en, waar moontlik, die integrasieproses moet uitmaak.

**3.3.2.3** Daar is verskil van mening oor die implikasie wat die nuwe Maatskappywet kan hê vir die kerk se regsaanspreeklikheid wanneer kerkvergaderinge die ledevergadering vorm of aanwys. ’n Gesaghebbende regsmening sal hieroor verkry moet word.

**3.3.2.4** Die Projekspan het besluit om via die Bestuurspan/Moderamen by die Algemene Sinode aan te beveel dat die Algemene Taakspan Regte opdrag ontvang om onverwyld ’n gesaghebbende regsmening te verkry oor die regsaanspreeklikheidsgevolge wat die nuwe Maatskappywet vir die kerk kan hê indien kerkvergaderinge die ledevergadering vorm of die lede vir die ledevergadering benoem wat daarop die direkteure/beheerraadslede vir die entiteit(e) aanwys.

**3.3.2.5** Elke entiteit is versoek om die ander lede van die Projekspan so spoedig moontlik te voorsien van ’n volledige lys van ander regsentiteite wat tans onder die entiteit ressorteer, voorheen onder die entiteit geresorteer het maar intussen gederegistreer is, asook enige naamsverandering wat ’n entiteit ondergaan het of samesmelting met ’n ander entiteit wat plaasgevind het. ’n Afskrif van die nuwe akte van oprigting/reglement van die bestaande entiteit of afskrif van die sertifikaat van deregistrasie/besluit oor ontbinding van die gewese entiteit, word aanvullend tot die lys voorsien.

**3.3.3 Samewerking tussen en eenwording van die lede van die NG Kerkfamilie**

**3.3.3.1** Die vergadering het kennis geneem dat die moderamens/sinodale kommissies van die vier Familiekerke, naamlik die NGK, NGKA, VGKSA en die RCA, mekaar op 20 Junie 2013 vir die eerste keer na ’n lang tyd gesamentlik ontmoet het. Die ontmoeting het onder leiding van dr Jerry Pillay van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke plaasgevind. Daar sal nog ’n lang en moeilike pad geloop moet word alvorens eenwording uiteindelik kan plaasvind. Daar bestaan tans slegs tussen die NG Kerk en die VGKSA ’n Memorandum van Ooreenkoms in terme waarvan amptelik tussen dié twee kerke gehandel kan word.

**3.3.3.2** Die regsgeldige wyse waarop die lede van die NG Kerkfamilie by toekomstige gesamentlike werksaamhede op die terrein van media en opleiding betrek kan word, sal uitgeklaar moet word. Terwyl ’n *tussenorde* met die oog op kerkvereniging nog nie in plek is nie, sal formele bi- en/of multilaterale ooreenkomste tussen die kerke se algemene sinodes tot stand moet kom om die samewerking amptelik te reël. Gesamentlike besluite deur die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis (VDDG) geneem, is slegs bindend op die algemene sinodes van die onderskeie kerke indien deur die algemene sinode van die kerk of sy gevolmagtigde goedgekeur.

**3.3.3.3** Die vergadering het kennis geneem dat, in opdrag van die Algemene Sinode 2011, die verskillende studiestukke rakende ’n missionale ekklesiologie, insluitende studiestukke oor die kerk en konteks, evangelisasie en diversiteit, onder leiding van proff Nelus Niemandt en Piet Meiring nou in een dokument saamgevoeg is en voor die Algemene Sinode in Oktober 2013 sal dien. Hierdie dokument behels nie slegs ’n teologiese besinning nie, maar bevat ook riglyne vir die praktyk. Enige toekomstige besinning oor die kerk se mediabediening en opleidingsbehoeftes sal weldeeglik van die inhoud van hierdie verslag kennis moet neem en dienooreenkomstig in die praktyk moet handel.

**3.3.3.4** Die Projekspan het besluit om die Moderamen via die Bestuurspan te versoek om die Projekspan se opvolger op gereelde basis te voorsien van die nodige inligting rakende die ander Familiekerke se bestaande mediabedrywe en die gesamentlike besluitneming (insluitende ooreenkomste) tussen die lidkerke van die NG Kerkfamilie betreffende toekomstige samewerking op die terrein van media en opleiding.

**3.3.3.5** Die Projekspan se opvolger word gevra om tydens die verdere proses van belyning en moontlike integrasie van fokus en werksaamhede indringend aandag te gee aan die implikasies wat die *Raamwerkdokument oor die Missionale Aard en Roeping van die NG Kerk* vir kerklike media en opleiding gaan hê.

**3.3.4 Verskuiwing van werksaamhede tussen bestaande entiteite**

**3.3.4.1** Die vergadering het geoordeel dat daar nog gebou moet word aan vertroue en konsensus alvorens beplanning gedoen kan word oor herstrukturering in die algemeen en die herskik van bestaande werksaamhede in die besonder. Die Projekspan se opvolger sal saam met al die rolspelers en by wyse van ’n behoorlike prosesplan tot gesamentlike besluitneming in dié verband moet kom.
**3.3.4.2** Elke entiteit het sy eie geskiedenis en gevestigde werksaamhede. Veranderinge kan slegs oor tyd ingefaseer word. Tog is dit nou die tyd om na nuwe uitdagings en moontlikhede te kyk. Kerkleiers moet weer nuwe drome najaag waaraan direksies/beheerrade operasioneel uitvoering kan gee. Elke entiteit sal hom moet afvra wat die entiteit vir die kerk wil wees en hoe die entiteit in sy fokus en werksaamhede die gerigtheid van die NG Kerk(e) as missionale kerk wil ondersteun. Die integrasie wat tans op die gebied van die Algemene Sinode plaasvind, sal ook sy beslag moet kry in die wyse waarop die entiteite hulle rol en funksie verstaan en hulle werksaamhede daagliks verrig.

**3.3.5 Duplisering en Konkurrensie**

Die verteenwoordigers van die entiteite in die Projekspan is reeds daarop ingestel om duplisering en konkurrensie in die kiem te smoor en alles moontlik te doen om hulpbronne optimaal te benut.

**3.3.6 Gedragskode/Waardes**

**3.3.6.1** Die vergadering het geoordeel dat ’n gemeenskaplike, korporatiewe waardesisteem, wat aan gevestigde kerklike en publiek-aanvaarbare norme voldoen, gevestig moet word. Dit is belangrik dat al die rolspelers hulle sal verbind tot die handhawing van hierdie waardes.
**3.3.6.2** Die Projekspan het ds Willem Botha versoek om die reëls in die voorgestelde gedragskode om te sit in positiewe waardes en dat hierdie geformuleerdes waardes ook in die Memorandum van Ooreenkoms opgeneem word sodat die partye hulle hieraan met die oog op toekomstige interaksie kan verbind.

**3.3.7 Verslag aan en voorstelle vir die Algemene Sinode**

**3.3.7.1** Die vergadering was dit eens dat die inhoud van die notules van die Projekspan die inhoud van die verslag aan die Algemene Sinode moet vorm. Hierdie verslag moet vóór die Algemene Sinode deur die Direksies/Beheerraad van die afsonderlike entiteite oorweeg en goedgekeur word. Dit moet ook aan die Bestuurspan van die Moderamen vir goedkeuring en aanbeveling by die Moderamen en die Algemene Sinode voorgelê word.
**3.3.7.2** Die Projekspan het besluit om by die Direksies/Beheerraad aan te beveel dat die Projekspan na afloop van die Algemene Sinode in Oktober 2013 omskep word in ’n meer gestruktureerde koördineringspan wat in terme van ’n eie reglement funksioneer en waarin verteenwoordigers van ander lidkerke van die NG Kerkfamilie op koste van daardie kerk kan dien.

## 4. AANBEVELINGS: POSISIONERING EN ROL VAN KERKLIKE MAATSKAPPYE

**4.1 Die Algemene Sinode keur die optrede van die Projekspan ivm die Posisionering en Rol van Kerklike Maatskappye goed.**

**4.2 Die Algemene Sinode keur die Memorandum van Ooreenkoms tussen die Algemene Sinode, die Christelike Lektuurfonds, Bybel-Media en Hugenote Kollege, na voorlegging tydens die Algemene Sinode, goed:**

### MEMORANDUM VAN OOREENKOMS

tussen die Algemene Sinode van die NG Kerk, die Christelike Lektuurfonds, Bybel-Media en die Hugenote Kollege

**1. INLEIDING/AGTERGROND**

Die projekspan ivm die posisionering en rol van kerklike maatskappye, bestaande uit twee lede van elk van die vier partye (Moderamen van die Algemene Sinode, Christelike Lektuurfonds, Bybel-Media en Hugenote Kollege) en onder voorsitterskap van die Moderamen, het reeds vier keer vergader. Die opdrag aan die span was om ondersoek in te stel na 'n proses om fokusse en werksaamhede te belyn en waar moontlik te integreer. Tydens die vergadering in Wellington by Bybel-Media het die lede ooreengekom oor die noodsaaklikheid van 'n Memorandum van Ooreenkoms wat die partye genoegsaam sal bind tot verdere gesamentlike optrede.

**2. OOREENKOMS**

2.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk), Christelike Lektuurfonds (CLF), Bybel-Media (BM) en Hugenote Kollege (HK) verbind hulle hiermee formeel onderling, en tussen die Moderamen van die NG Kerk en die entiteite, tot die optimale belyning en moontlike integrasie van fokusse en werksaamhede op die terrein van kerklike media en opleiding.

2.2 Ons verbind onsself verder tot 'n proses wat sal uitloop op 'n optimale benutting van bestaande hulpbronne, die handhawing van sinergieë tussen die entiteite, die bepaling van gesamentlike strategieë, die fasilitering van bestuur, en bedryfsamewerking op operasionele vlak.

2.3 As prioriteit verbind ons ons tot die onmiddelike ondersoek na die daarstelling van 'n gestruktureerde koördineringspan of forum soos ooreengekom tydens die vergadering van die betrokke partye op 1 Augustus 2013 te Wellington. Indien goedgekeur deur die Moderamen, die direksies van BM en HK, en die beheerraad van CLF sal die koördineringspan die verdere belyning van werksaamhede ondersoek en fasiliteer. Ingeslote hierby sal daar 'n ondersoek wees na die moontlike skep van 'n groep- of houermaatskappy.

2.4 Gereelde terugvoer aan die bestuurspan van die Moderamen, die direksies van die HK en BM asook die beheerraad van CLF sal gehandhaaf word.

2.5 Bestaande en toekomstige verbintenisse en ooreenkomste met ander familiekerke tov mediabedrywe sal gerespekteer word, asook die historiese en gevestigde werksaamhede van die verskeie partye tot hierdie ooreenkoms. Veranderinge sal oor tyd ingefaseer moet word.

2.6 Daar sal deeglik besin word oor die inhoud van en die implikasies vir die praktyk van die aanvaarding van die missionale ekklesiologie verslag wat voor die 2013 Algemene Sinode dien.

**3. WAARDES**
Ons verbind ons tot toepaslike korporatiewe waardes in verdere onderhandelings tussen die partye in die ooreenkoms vermeld.

**4.3 Die Algemene Sinode gee aan die Algemene Taakspan Regte opdrag om onverwyld 'n gesaghebbende regsmening te verkry oor die regsaanspreeklikheidsgevolge wat die nuwe Maatskappywet vir die kerk kan hê indien kerkvergaderinge die ledevergadering vorm of die lede vir die ledevergadering benoem wat daarop die direkteure/beheerraadslede vir die regsentiteit(e) aanwys.**
**4.4 Die Algemene Sinode keur die totstandkoming van die Algemene Koördineringspan Kerklike Media (AKKK) goed.**
**4.5 Die Algemene Sinode keur die onderstaande Reglement vir die Algemene Koördineringspan Kerklike Media (AKKK) goed:**

## REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE KOÖRDINERINGSPAN KERKLIKE MEDIA (AKKK)

**1. NAAM**
Die Algemene Koördineringspan Kerklike Media (AKKK)

**2. SAMESTELLING**
2.1 Drie lede van die Bestuurspan en/of Moderamen deur die Moderamen van die Algemene Sinode aangewys met sekundi.
2.2 Twee lede deur die Direksie van Bybel-Media aangewys met sekundi.
2.3 Twee lede deur die Direksie van Hugenote Kollege aangewys met sekundi.
2.4 Twee lede deur die Beheerraad van Christelike Lektuurfonds aangewys met sekundi.
2.5 Elke ander lidkerk van die NG Kerkfamilie kan op eie koste een verteenwoordiger met sekundus aanwys.

**3. OPDRAG**
Die Koördineringspan het as opdrag
3.1 die belyning van die werksaamhede van die media- en opleidingsentiteite van die NG Kerk/NG Kerkfamilie met die strategiese doelwitte van die Algemene Sinode van die NG Kerk en die gesamentlike werksaamhede van die NG Kerkfamilie;
3.2 die versekering van die optimale benutting van bestaande hulpbronne, die handhawing van sinergie binne en tussen die entiteite, die bepaling van gesamentlike strategië, die fasilitering van bestuur- en bedryfsamewerking op operasionele vlak en die bevordering van die integrasie van fokus en werksaamhede waar enigsins moontlik;
3.3 ondersoek na die moontlike skep van 'n groep- of houermaatskappy, of die moontlike omskepping van 'n bestaande maatskappy daartoe, sodat 'n enkele gesagvolle kontakpunt tussen al die media- en opleidingsentiteite en die Algemene Sinode gevestig en verder ontwikkel kan word;
3.4 ondersoek na die moontlike skep van 'n enkele ledevergadering waarin verteenwoordigers van die NG Kerk of die NG Kerkfamilie kan saamkom waar sáám met al die direkteure/ beheerraadslede van die entiteite besin kan word oor sake van gemeenskaplike belang en die gesamentlike belyning van

strategië en doelwitte en waaruit direk aan die kerk(e) gerapporteer kan word oor die sake van die groep en die onderskeie entiteite;

3.5 gereelde verslagdoening aan die Bestuurspan van die Moderamen, die Direksie van Bybel-Media, die Direksie van Hugenote Kollege en die Beheerraad van Christelike Lektuurfonds.

**4. KONSTITUERING**

Die Koördineringspan konstitueer so gou moontlik na die vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk onder leiding van die Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode en kies sy eie voorsitter, ondervoorsitter en skriba.

**5. VERGADERINGS**

Die Koördineringspan vergader so dikwels as nodig, maar minstens een keer per jaar.

**6. ONTBINDING**

Sodra die werksaamhede van die Koördineringspan in ’n permanente koördineringstruktuur gevestig is en alle opdragte aan die Koördineringspan afgehandel is, vind ontbinding plaas.

E J Bezuidenhout (voorsitter)
J H Ernst (skriba)

# A.12.3 KERKHERENIGING

## 1. INLEIDING

Dit is met blydskap dat die Moderamen kan rapporteer dat die afgelope twee jaar ’n positiewe proses met die VGKSA opgelewer het en dat, ten spyte van die ongelukkigheid by die NGKA en die RCA oor die besluit van 2011 om nie in ’n driehoekige eenheidsproses met hulle in te gaan nie, die gesprek met die twee kerke steeds oop is.

Hierdie verslag gee die verhaal van die afgelope twee jaar so volledig moontlik weer en dien die Algemene Sinode met bepaalde aanbevelings oor die pad vorentoe.

Sake ten opsigte van die Belydenis van Belhar word in ’n afsonderlike verslag hanteer.

## 2. KOMMUNIKASIE MET DIE KERKVERBAND

**2.1** Die Dagbestuur van die Moderamen het op 6 Desember 2011, na die eerste vergadering van die Moderamen, ’n pastorale brief aan die kerkverband gestuur (vgl **Kerkhereniging 1**).
**2.2** Na die driedaagse byeenkoms van 23-25 Februarie 2012 tussen die VGKSA en die NG Kerk is ’n gesamentlike brief op 29 Februarie 2012 deur die twee dagbesture en dr Jerry Pillay, fasiliteerder, aan die gemeentes van die twee kerke gestuur (vgl **Kerkhereniging 2**).
**2.3** Verklarings en dokumente wat uit die gesprekke met die familie van kerke gevloei het, is via die sinodes se elektroniese nuusbriewe deurgegee en ook op die Algemene Sinode se webblad (www.ngkerk.org.za ) geplaas.
**2.4** Lede van die Dagbestuur van die Moderamen het moeite gedoen om al die vergaderings van die NG Kerk se sinodes by te woon ten einde persoonlik te kan kommunikeer asook op die hoogte te kom oor hoe die kerkverband dink.
**2.5** Die lede van die Moderamen het ook moeite gedoen om die verloop van gesprekke in hulle onderskeie sinodale gebiede te kommunikeer.

## 3. PROSES VAN AL VIER KERKE VAN DIE NG KERKFAMILIE

**3.1** Die Algemene Sinode 2011 het die wens uitgespreek vir ’n inklusiewe proses, naamlik dat ons graag sal wil sien dat die NG Kerk in Afrika (NGKA) en die Reformed Church in Africa (RCA) ook deel word van die fasiliteringsproses vir hereniging wat daar tans deur die *World Communion of Reformed Churches* (WCRC) tussen die NG Kerk en die VGKSA plaasvind.
**3.2** Die Moderamen het besluit die Dagbestuur moet leiding neem om te poog om die moderature van die 4 kerke so vroeg as moontlik in 2012 byeen te kry. Hierdie vergadering moet ’n groter byeenkoms van verteenwoordigers van die 4 kerke reël. Die eerste keer wat al vier kerke se leiers om ’n tafel kon sit, was op 23 Julie 2012 by ’n *Pastoral Consultation* onder leiding van dr Jerry Pillay, die WCRC se fasiliteerder. Dié konsultasie het op aandrang van die NG Kerk plaasgevind. By hierdie geleentheid het die volgende sake na vore gekom:
* Dr Pillay het terugvoering gegee hoe die WARC/ WCRC se proses met die NG Kerk en die VGKSA sedert 2009 geloop het. Hy het dit ook duidelik gemaak dat die proses dit duidelik maak dat al vier kerke eventueel deel moet wees van die proses.
* Die NGKA en RCA is tevrede met die verduideliking dat die NG Kerk en die VGKSA sake gehad het wat hulle in hierdie proses eers met mekaar moes uitsorteer.
* Die NG Kerk se 2011-besluit is weer aan die vergadering verduidelik: die NGKA en die RCA is nie hiermee eenkant geskuif nie, maar het ten doel om al vier kerke aan boord te kry. Dit het geblyk dat ons Algemene Sinode se besluit vir die NGKA ’n skok was.
* Beide die NGKA en die RCA dui aan dat hulle steeds verbind is tot kerkhereniging en die gesprek daaroor. Hulle voel dat hulle nie by ander se prosesse wil inskakel nie, maar wil deel wees van ’n *ons*-proses.
* Die versoeningspogings in die Vrystaat werp vrug af: die meeste van die 28 gemeentes van die NGKA waar hofsake is, het daarop ingekoop. Nuwe energie en nuwe verhoudings kom na vore.
* ’n Bonus van die gesprek was dat al vier kerke erken dat ons met ’n proses besig is.

**3.3** Die NG Kerk, VGKSA en RCA was deel van ’n konsultasie met prof Leo Koffeman op 17 Augustus 2012 oor kerkherenigingsprosesse. Die NGKA is op die laaste verhinder om teenwoordig te wees.
**3.4** ’n Baie belangrike gesprek het op 20 November 2012 tussen die vier moderators van die NG Kerkfamilie en onder leiding van dr Jerry Pillay in Johannesburg plaasgevind. Die verklaring wat na afloop van die gesprek uitgereik is, is aangeheg as **Kerkhereniging 3**. Die belang van hierdie gesprek is dat die kerke mekaar se integriteit met die huidige prosesse aanvaar en ruimte maak vir die pad wat die NG Kerk en die

VGKSA stap, dat daar 'n verbintenis is tot 'n saamreis met mekaar, dat 'n breër vergadering noodsaaklik is, en dat die ruimte daar is om te dink oor 'n konferensie vir predikante van die vier kerke.

**3.5** 'n Uitvloeisel van bogenoemde gesprek was die vergadering van die volle dagbesture/ moderature van die NG Kerk, VGKSA, NGKA en die RCA op 20 Junie 2013 te Le Chateau, Kemptonpark, onder voorsitterskap van dr Jerry Pillay. Dit was 'n openhartige, eerlike en konstruktiewe vergadering met 'n besliste verbintenis tot 'n vashou van mekaar. Die verklaring wat na afloop van die vergadering op ooreengekom is, is aangeheg as **Kerkhereniging 4**. Die oortuiging by almal was dat daar vordering is en dat 'n proses vir die herstel van vertroue aan die gang is.

**3.6** In die konteks van die kerkherenigingsgesprekke dien die bestaan en werk van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG) vermeld te word (vgl hulle verslag). Hier vat die NG Kerk, VGKSA, NGKA en RCA daadwerklik hande en werk as 'n *eenheid* saam. Hierdie werk dra baie van die prosesse waarmee die kerke se leierskappe besig is. In die VDDG is daar die mees positiewe verhoudings en samewerking.

**3.7** Opsommend is die Moderamen van oordeel dat ons tans op die beste plek is waar ons menslik gesproke kan wees.

## 4. VERHOUDING MET DIE VGKSA

### 4.1 BELANG VAN 2011 SE BESLUIT OOR DIE BELYDENIS VAN BELHAR

**4.1.1** Die besluit van 2011 oor die Belydenis van Belhar het 'n positiewe draaipunt in die verhouding met die VGKSA te weeg gebring. Dit is vertolk as 'n duidelike teken dat die NG Kerk die identiteit van die VGKSA en die kerkherenigingspad met hulle ernstig neem. Die VGKSA het 'n positiewe pastorale brief in die verband aan al hulle gemeentes gestuur (vgl **Kerkhereniging 5**).

**4.1.2** Hierdie besluit is ook baie positief in die gereformeerde ekumeniese gemeenskap ontvang. Dit het ook die fasilitering van die gesprekke met die VGKSA baie makliker gemaak.

**4.1.3** Die Moderamen het met dank kennis geneem dat die saak en inhoud van die Belydenis van Belhar na die 2011-besluit met doelgerigtheid in die kerkverband hanteer is.

### 4.2 BILATERALE GESPREKKE

**4.2.1** Die Dagbestuur van die Moderamen het die Moderatuur van die VGKSA op 29 November 2011 ontmoet om oor die besluite van die Algemene Sinode 2011 en die implikasies vir die pad vorentoe te praat. Dr Jerry Pillay het die gesprek gelei.

**4.2.2** Tydens bogenoemde gesprek is besluit dat meer tyd nodig is om 'n pad met mekaar te stap en is ooreengekom op 'n driedaagse geleentheid wat vanaf 23-25 Februarie 2012 te Orchards (Johannesburg) plaasgevind het. Hierdie geleentheid is werklik as 'n wonderwerk beleef! Die uitkoms is per brief aan gemeentes deurgegee (vgl pt 2.2).

**4.2.3** As uitvloeisel van bogenoemde gesprek is 'n volgende rondte samesprekings op 25-26 Julie 2012 te Le Chateau, Kemptonpark, gehou. Die uitkoms van hierdie gesprek was 'n *Memorandum van Ooreenkoms* wat by die NG Kerk se Moderamenvergadering van 17-19 September 2012 goedgekeur is en daarna by die Algemene Sinode van die VGKSA in Oktober 2012 te Okahandja, Namibië. Die Memorandum van Ooreenkoms (oorspronklike Engelse kopie as bronteks – 'n Afrikaanse weergawe is beskikbaar) is aangeheg as **Kerkhereniging 6**.

**4.2.4** Die volle Dagbestuur van die Moderamen het die grootste deel van die VGKSA se Algemene Sinode vanaf 1-7 Oktober 2012 te Okahandja bygewoon. Die NG Kerk is baie positief ontvang en het ruimte gekry om belangrike insette te lewer. Die VGKSA se besluit om die moratorium op te hef, lui soos volg:

1. URCSA is called by God to exercise a prophetic voice in the world and in particular in Southern Africa. In its mandate URCSA is guided by the principles of honesty, integrity and uprightness as enjoined by the Confession of Belhar. URCSA acknowledges and supports whatever effort which is authentic as guided by the Scriptures.
2. URCSA General Synod sitting at Okahandja resolves to note and appreciates the breakthrough developments within the DRC recent General Synod to start a process in the Church Orderly way to accept the Belhar Confession.
3. URCSA steps forward and stretches out its hand to the DRC to re-enter the unity process again. It revokes its 2008 decision on moratorium on all three churches within the DRC family of churches as the other two churches too showed their willingness to take part in the ongoing process of unity.
4. The General Synod instructs all regional synods, presbyteries and congregations to engage their counterparts within the DRC, DRCA and RCA with sincerity but firmly as guided by the spirit of the Belhar Confession on all matters that decision of the lifting of the moratorium will apply.
5. The GS acknowledges with thanks the role played by WCRC and especially the role of Dr Jerry Pillay in the journey of our churches.
6. The GS acknowledges that God can and will always surprise us in the journey to unity to the glory of God.

7. GS accepts the Memorandum of Understanding developed by the two executives during a meeting of 25-56 July 2012, with the amendments, as basis for the way forward under the guidance of the WCRC.

**4.2.5** Op grond van die verwikkelinge by die VGKSA se Algemene Sinode het hulle ook ’n positiewe aanbeveling gemaak tov die NG Kerk se aansoek om lidmaatskap van die AACC (vgl by Ekumene pt 3.1).

**4.2.6** ’n Volgende belangrike hoofstuk op hierdie reis was die ontmoeting van 9-10 April 2013, weer te Le Chateau. By hierdie geleentheid is die Memorandum van Ooreenkoms formeel deur die twee dagbesture onderteken. Die resultaat van hierdie ontmoeting word weerspieël in die verklaring wat na afloop daarvan uitgereik is (vgl **Kerkhereniging 7**).

**4.2.7** Rigtinggewende besluite van die ontmoeting van 9-10 April 2013 is die volgende:

**4.2.7.1** Daar is ooreengekom dat die *Seisoen van Menswaardigheid* (vgl afsonderlike verslag) en die waardes daarvan die ruimte sal skep waarbinne die reis van kerkhereniging sal plaasvind.

**4.2.7.2** Daar is ooreengekom op ’n *Roetekaart* mdo op ’n kerkherenigingsproses (vgl **Kerkherenging 5**). Behalwe die tegniese aspekte van die roetekaart is die volgende belangrik vir die komende jare:

*1 Die leierskapstrukture begin om saam te vergader ten einde afsonderlike en gesamentlike werk te hanteer. Eenheidsprosesse in oa Nederland het getoon dat dit onontbeerlik is.

*2 ’n Permanente *Reëlingskommissie vir Kerkhereniging* (Steering Committee) word geskep ten einde die prosesse oor tyd te begelei. Die meerderheid lede kom nie uit die leierskappe van die betrokke kerke nie ten einde kontinuïteit daar te stel aangesien leierskappe voortdurend wissel. Die kommissie moet met geloofwaardigheid, objektiwiteit en oorredingskrag optree. Die Moderamen het die volgende persone benoem om namens die NG Kerk in die kommissie te dien: *drr Kobus Gerber (NG Kerk se sameroeper), Elsje Büchner, André Bartlett, Michiel Strauss, Jan Woest, prof Fanie Snyman en ds Rethie van Niekerk.*

*3 ’n Taakspan vir die daarstel van ’n *Tussenorde* en Konsepkerkorde asook die inwin van regsadvies mdo op die kerkordelike prosesse moet so gou moontlik funksioneer. Die Moderamen het *drr Johann Ernst en Quintus Heine* benoem om die werk in die komende jare in oorleg met die kerke se leierskappe en kerkordekommissies te doen.

**4.2.8** Die NG Kerk se volle Moderamen en die VGKSA se volle Algemene Sinodale Kommissie vergader oorvleuelend aan die einde van November 2013 met ’n gesamentlike vergadering op 27-28 November 2013.

## 5. VERHOUDING MET DIE NGKA

**5.1** Die Moderamen het kort na die vergadering van die Algemene Sinode 2011 agtergekom dat die NG Kerk se besluite oor kerkhereniging (veral nadat daar in 2011 ’n bepaalde ooreenkoms tussen die NG Kerk, NGKA en RCA bereik is) en die Belydenis van Belhar ’n skok en teleurstelling vir die NGKA was. Die wiele is aan die rol gesit vir ’n ontmoeting tussen die twee dagbesture/ moderature.

**5.2** Hierdie ontmoeting het op 31 Januarie 2012 in Potchefstroom plaasgevind. Dit was ’n spanningsvolle ontmoeting, maar konstruktief mdo op die pad vorentoe. Die NG Kerk se besluite asook die agtergrond daarvan is volledig verduidelik. Die NGKA het omvattend hulle teleurstelling aangetoon asook hulle standpunte oor die kerkherenigingsprosesse en die Belydenis van Belhar weergegee. Dit was ook pynlik om te hoor dat van hulle gemeentes en leraars ervaar die NG Kerk behandel hulle nie goed nie en trek die VGKSA voor. Die NGKA is versoek om sulke gebeure te dokumenteer en onder aandag te bring. Die pyn van die eiendomsdispute asook die hoop vir ’n skikking was baie duidelik. Die twee kerke het onderneem om beter met mekaar te kommunikeer en om te poog om gesprekke van al vier kerke aan die gang te kry.

**5.3** Die Sinode van die Vrystaat, Noord-Kaap en Wes-Transaal doen besondere moeite om kontak en dialoog met die NGKA uit te bou.

**5.4** Die Moderamen kon met dank kennis neem van die skikkingsproses in die Vrystaat tov die eiendomsgedinge tussen die NGKA en die VGKSA. Om die skikking te bewerkstellig, was daar bepaalde fondse nodig om geboue te voorsien – die Vrystaat het waarskynlik reeds miljoene rand aan die prosesse bestee. Uit die winste op beleggings het die Moderamen ’n R100 000 tot die *Settlement Fund”* bewillig.

**5.5** Gegewe die feit dat die NGKA se model vir kerkhereniging behels dat daar voorsiening gemaak moet word dat hulle huidige strukture ’n eie identiteit in so ’n model behou, asook dat hulle geen pad vir die huidige met die Belydenis van Belhar wil loop nie, sal hulle nie deel van ’n organiese kerkherenigingsproses soos deur die Algemene Sinode voorsien, kan wees nie en sal daar in die toekoms besin moet word hoe kan hulle akkommodeer word.

## 6. VERHOUDING MET DIE RCA

**6.1** Die RCA se siening van die kerkherenigingsprosesse is baie duidelik en bekend: hulle wil nie verdwyn in ’n baie groot kerk nie en hulle wil op geen manier hulle unieke evangeliese karakter prysgee nie. Hulle keuse vir ’n model sou waarskynlik die van ’n assosiasie wees. Die siening bepaal ook hulle rol in die huidige prosesse.

**6.2** Die verhouding met die RCA is deurgaans ontspanne.
**6.3** Formele gesprekke was deurgaans in die gesamentlike gesprekke en in die kontak tussen leiers.

## 7. AANBEVELINGS: KERKHERENIGING

**7.1 Die Algemene Sinode is dankbaar oor die vordering in die gesprek en verhouding met die VGKSA en onderskryf die werk van die Moderamen in die verband.**
**7.2 Die Algemene Sinode keur die Memorandum van Ooreenkoms met die VGKSA goed.**
**7.3 Die Algemene Sinode keur die *roetekaart* vir 'n kerkherenigingsproses goed.**
**7.4 Die Algemene Sinode keur die beoogde Algemene Predikantekonferensie goed en versoek die kerkverband om dit moontlik te maak vir leraars om teenwoordig te wees.**
**7.5 Die Algemene Sinode keur die daarstel van 'n Reëlingskommissie vir Kerkhereniging en 'n Taakspan vir 'n Tussenorde en Konsepkerkorde goed.**
**7.6 Die Algemene Sinode spreek weer sy wens uit dat al vier kerke van die NG Kerkfamilie in een kerkverband moet tuiskom en dra dit aan die Moderamen op om in die onderhandelinge met die VGKSA asook die NGKA en die RCA alles moontlik te doen om dit moontlik te maak.**



Inhoudsopgawe

**KERKHERENIGING 1**

## PASTORALE BRIEF OOR DIE BELYDENIS VAN BELHAR EN DIE KERKHERENIGINGSPROSES

Die NG Kerk het by sy Algemene Sinode van 2011 verskeie besluite rondom kerkhereniging en die *Belydenis van Belhar* geneem. Ontvang asseblief die volgende inligting oor die pad vorentoe met betrekking tot hierdie sake.

Rondom die Belydenis van Belhar het die Sinode soos volg besluit:

**"Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hiervoor in werking te stel."**

Oor die herenigingsproses van die NG Kerkfamilie het die sinode onder andere besluit dat ons graag sal wil sien dat die NG Kerk in Afrika (NGKA) en die Reformed Church in Africa (RCA) ook deel word van die fasiliteringsproses vir hereniging wat daar tans deur die *World Communion of Reformed Churches* (WCRC) tussen die NG Kerk en die VG Kerk plaasvind. By die Algemene Sinode se Moderamenvergadering wat op 2 November plaasgevind het, is hieroor soos volg besluit:

**"Die Dagbestuur** (van die Moderamen van die Algemene Sinode) **neem leiding om te poog om die Moderature van die 4 kerke so vroeg as moontlik in 2012 byeen te kry. Hierdie vergadering moet 'n byeenkoms van verteenwoordigers van die 4 kerke reël om die volgende te doen…"** (waarna daar dan bepaalde praktiese prosesvoorstelle volg)

Ons werk op die oomblik hard aan die proses waarby verskillende kerke en leiers betrokke sal wees. Ons kan dus nie nou al in detail uitspel hoe die kerke in die NG Kerkfamilie met mekaar sal verenig nie. Ook nie hoe die Belydenis van Belhar binne hierdie proses hanteer sal word nie. Daarom vra ons lidmate se geduld, begrip en voorbidding en ook hulp wanneer die proses op plaaslike vlak prakties in werking sal kom.

Die Moderamen gee tans deur middel van verskeie taakspanne aandag aan hoe die prosesse rondom die sake gestruktureer moet word. Dit is duidelik dat dit ingewikkeld en sensitief is. Die uitdaging is ook om dit te doen op 'n wyse wat soveel as moontlik rolspelers die kans gee om deel te neem aan die proses. Dit is ook ons verantwoordelikheid om dit te doen met die heel beste inligting, studiemateriaal en gespreksgeleenthede. Die Moderamen sal, sodra die taakspanne hulle werk voltooi het, deur die sinodes met gemeentes en lidmate kommunikeer.

Daar moet geen twyfel by sinodes of gemeentes bestaan dat hulle in hierdie proses rondom hereniging en Belhar getoets sal word nie. Wanneer, weet ons nog nie. Hoe die proses gaan verloop, moet ons nog met die verskillende rolspelers uitklaar – en natuurlik met die bemiddeling van die WCRC, soos wat ons met mekaar ooreenkom. Ons wil dus vra dat daar nie nou individuele prosesse aan die gang gesit word voordat die sinodes by die Moderamen daaroor ooreengekom het nie.

Die twee sake is geweldig belangrik vir die NG Kerk en ook vir elke gemeente en lidmaat. Alhoewel ons in 'n tyd lewe waar mense graag vinnig besluite wil neem en resulate wil sien, vra hierdie saak begrip en groot geduld.

'n Baie geseënde Kerstyd word elkeen toegewens. Reis versigtig en veilig – en mag die vrede van die teenwoordigheid van God julle vervul.

Vriendelike groete

***Dagbestuur van die Moderamen van die Algemene Sinode:***

***Nelus Niemandt, Braam Hanekom, Johann Ernst, Nelis van Rensburg, Elize Bezuidenhout en Kobus Gerber***



Inhoudsopgawe

**KERKHERENIGING 2**

## BRIEF VAN NG KERK EN VGKSA SE DAGBESTURE EN DR JERRY PILLAY NA GESPREKKE VAN 25-27 FEBRUARIE 2012

### KERKHERENIGINGSPROSES

Die dagbesture van die VGKSA en die NG Kerk het op 23-25 Februarie 2012 in Johannesburg ontmoet as deel van die voortgaande fasiliteringsproses onder leiding van dr Jerry Pillay, president van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (World Communion of Reformed Churches (WCRC)).

Ons herinner u aan die agtergrond van die proses:

Op die 1ste Oktober 2008 het die Algemene Sinode van die VGKSA besluit:

- *General Synod decides to put a moratorium on the re-unification talks between the URCSA and DRC until the DRC is seriously committed and ready for unity talks.*
- *General Synod mandates the executive to invite WARC to come and facilitate the process of re-unification of these churches who are members of WARC. This request is based on the letter of WARC dated 11/08/08.*
- *That inasmuch as the same convictions are held by the DRCA and the RCA this decision holds for those two churches as well.*
- *That the faith, courage and work of regional synods, presbyteries, commissions of the church and local congregations be respected and honoured by encouraging them, where all efforts towards unification are done in faith and with integrity, in obedience to the call of Christ and on the basis of the acceptance of the Confession of Belhar, to continue with these efforts; to thereby remain signs of hope, reconciliation and love to the fulfillment of justice, the edification and witness of the church and the glory of God.*

In Maart 2009 het ’n afvaardiging van die destydse Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WARC) verteenwoordigers van die VGKSA en die NG Kerk ontmoet. Die uitkoms van die konsultasie was dat die twee kerke onder leiding van dr Jerry Pillay met mekaar op reis sou gaan om aan die volgende sake aandag te gee:

- *Respek vir die moratorium van die VGKSA*
- *’n Gemeenskaplike* ***verbintenis tot hereniging***
- *Wedersydse bystand aan mekaar tov ’n ernstige en positiewe studie van die waarde en belang van die* ***Belydenis van Belhar*** *vir die herenigde kerk*
- *’n Gemeenskaplike poging tov* ***herstellende geregtigheid en versoening***
- *Berekende pogings om verhoudings tussen lidmate van die kerke te bou.*

As uitvloeisel van die konsultasie het die twee kerke besluit om drie taakspanne aan te wys wat sou saamwerk tov drie sake, naamlik die verbintenis tot hereniging, die Belydenis van Belhar asook herstellende geregtigheid en versoening. Hierdie taakspanne was intussen besig, maar kon as gevolg van verskeie faktore nie die werk doen wat hulle beoog het nie.

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in Oktober 2011 met ’n oorweldigende meerderheid ten gunste van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar besluit. Dit is gedoen omdat die Sinode oortuig was dat die waarheid van Belhar ’n waarheid is wat nóu bely moet word en ’n waarheid is wat die kerke in Suid-Afrika met hulle getuienis kan help. Ons is oortuig dat hierdie besluit die werk van die Heilige Gees was en ons dank God dat Hy steeds sy Kerk deur Woord en Gees regeer. Die Algemene Sinode van die NG Kerk het ook besluit om die Belydenis van Belhar op ’n kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak. In ’n verdere belangrike besluit wat aanvaar is, verklaar die NG Kerk dat ’n organiese model van kerkhereniging ondersteun word. Ons neem ook kennis dat die VGKSA positief op hierdie besluite gereageer het.

In die lig van die besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk het dr Jerry Pillay ’n vergadering tussen die VGKSA en die NG Kerk belê om die implikasies van hierdie besluite vir die fasiliteringsproses te bespreek. Na ’n vergadering in November 2011 is besluit dat die twee dagbesture meer tyd nodig het vir ontmoetings en om saam op hierdie reis te wees.

Vir die afgelope ontmoeting van die twee dagbesture is besluit om te fokus op die bou van verhoudings tussen die leierskapgroepe, die Belydenis van Belhar saam te lees en ook met mekaar te deel watter

uitdagings daar vir die reis vorentoe is. Hierdie ontmoeting was baie meer as net ’n formele vergadering om ’n agenda te hanteer. Saam het ons ons voor God verootmoedig en onder leiding van sy Gees geluister na wat Hy vir ons uit sy Woord, die Belydenis van Belhar en die lewensverhale van die afgevaardigdes sê. Dit was ’n verrykende ervaring om so saam te wees. Vir die eerste keer in ons gesprekke was die Belydenis van Belhar ons gemeenskaplike vertrekpunt vir die pad vorentoe. Ons dank God vir die vars wind wat Hy gestuur het, die wedersydse vertroue in mekaar se leierskappe asook die besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk. Dít het ’n nuwe deur in die fasiliteringsproses geopen om die drie spesifieke sake te hanteer: verbintenis tot kerhereniging, die Belydenis van Belhar en herstellende geregtigheid en versoening.

Ten opsigte van die pad vorentoe is besluit dat die dagbesture die fasiliteringsproses onder leiding van dr Jerry Pillay voortsit ten einde die sake wat tydens die ontmoeting geïdentifiseer is verder uit te werk. Taakspanne sal besprekingsdokumente voorberei oor eenheid, die Belydenis van Belhar en herstellende geregtigheid. Oor eenheid sal die verslag van die taakspan moet uitspel wat verstaan word ten opsigte van organiese eenheid en hoe dit op ’n kerkordelike wyse bereik kan word. Hulle sal ook moet hulp verleen oor op watter maniere ’n verbintenis tot eenheid in beide kerke gevoed kan word. Die taakspan vir Belhar sal verslag doen oor ’n begeleidende brief van die NG Kerk vir die Belydenis van Belhar en die proses vir die volle aanvaarding van Belhar in die NG Kerk. Die taakspan vir herstellende geregtigheid en versoening sal ’n verslag voorsien oor wat reeds gedoen is oor eiendomskwessies en ook versoening.

Wanneer ons terugkyk na die ontmoeting en proses stem ons saam dat ons God se teenwoordigheid en die leiding van die Heilige Gees ervaar het. Ons is oortuig dat ons vordering gemaak het in die bou van verhoudings en vertroue asook ‘n verbintenis tot die fasiliteringsproses. Ons dank God vir sy seëninge.

Ons versoek lidmate van die VGKSA en die NG Kerk om te bid dat God die proses sal seën en ons sal lei tot by ‘n punt waar ons ’n herenigde kerk tot eer van God is. Ons as die leierskap van die kerke verbind onsself om saam te werk in gehoorsaamheid aan God en om die lidmate van ons kerke ingelig te hou oor die proses.

As deel van die WCRC se fasiliteringsproses is ons nou by ’n stadium waar die WCRC die ander lede van die NG Kerkfamilie, nl die NG Kerk in Afrika (NGKA) en die Reformed Church in Africa (RCA), kan uitnooi na ons volgende ontmoeting.

In die diens van Christus en sy Kerk!

Dr Jerry Pillay:  President van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke
jpillay@presbyterian.org.za  0827193531

Dr Kobus Gerber: Algemene Sekretaris van die NG Kerk
kobusg@ngkerk.org.za  082 895 5680

Dr Dawid Kuyler:  Skriba van die Algemene Sinode van die VGKSA
dkuyler@telkomsa.net  083 274 7616

**KERKHERENIGING 3**

## STATEMENT FROM THE MEETING WITH THE MODERATORS OF THE DUTCH REFORMED FAMILY

On 20th November 2012 the four Moderators of the URCSA, DRC, DRCA and the RCA met with Dr Jerry Pillay the facilitator of the DRC and URCSA talks. The facilitator explained that the purpose of the meeting was to provide a report back on the dialogue process between the DRC and the URCSA and to discuss ways in which the other two Churches see their role in this dialogue, pointing out that it has always been the intention to work for the unification of all 4 Churches within the Dutch Reformed family. The URCSA and DRC made brief presentations outlining that they have both committed themselves to continue with the dialogue on unification as affirmed at their respective General Synods and on the basis of an approved Memorandum of Agreement. The RCA and DRCA offered very frank, fair and honest contributions stating clearly their own positions. After much deliberation and discussion, the following points were agreed upon at the meeting:

1. The RCA and DRCA appreciated the advances the DRC and URCSA have made in the direction of unification talks towards organic unity but feel that they are not able to commit to this level of unity at this time since there are issues that have to be addressed and dealt with. However, both churches recognize the need for Christian unity and the biblical call therein and, therefore will not stand in the way of the DRC and URCSA but would be willing to accompany the process as associates and observers.
2. It seems that to integrate the RCA and DRCA it would be useful to engage dialogues on the broad basis of Christian mission and unity rather than, at this time, focusing on just organic unity.
3. There is a need for the Dutch Reformed family to speak as a ‘collective voice’ where possible, especially on issues of National interest. Each church should offer its own comments on matters that are requested but where possible and practical we should speak with one voice. The 4 Moderators from each Church should device a mechanism for consulting with their own Church leaders and with one another to issue joint statements or actions to address national concerns.
4. We realize that the issue of property matters has resulted in court cases that are still ongoing between DRCA and the URCSA and these have caused much hurt, pain and suffering that will take time to find healing and restoration. We commit to accompany one another in prayerful support and plead for sensitivity and tolerance when addressing these matters. We further request Dr Pillay to reconstitute and revive the Task Team appointed at Achterbergh to attend to property matters, and to work with the Joint Committee in the Free State related to the same.
5. We accept that whilst the contents of the Belhar Confession is endorsed and accepted by the Churches there is a struggle and inability by some to accept it as a Confession as yet but there is no problem in accepting it as a Declaration. This could be attributed to the fact that some have viewed the Belhar document as one emerging from a political background rather than from a biblical perspective. We sense a need to revisit and propagate this from a biblical approach, if it is to find wider acceptance by those who question its origins and background. We commit ourselves to participate with URCSA in developing and sharing information on the Belhar Confession to our various churches.
6. We accept that there are numerous suspicions and distrust within our own denominations and in the Dutch Reformed family as a whole. This is often made visible amongst our own internal leadership and the way we work or fail to work with the other churches of the Dutch Reformed family. As Moderators of the respective Churches we believe that we should address these suspicions by: seeking to exercise mutual respect for one another, holding each other accountable, appropriately informing and speaking to our constituencies, and working differently with the intent to not create suspicion and animosity. We should have before us the ideal of all 4 Churches someday coming together as a sign of visible unity and Christian witness.
7. In keeping with the latter ideal, we recognize that we are all on a journey together of hope and restoration building towards trust and unity which admittedly will take a long time unless overcome by grace, forgiveness , reconciliation and healing brought about by the power and presence of the Holy Spirit. We certainly invite this and pray for it with joyful desire.
8. In order to keep this hope alive and the vision for unity in the future, we believe that it is vital that we begin to act on this now by seizing opportunities to bring the 4 Churches together in forums where we can dialogue and work together even if we are not directly talking about organic unity. As a sign of this objective we agree that we will discuss with our Moderamens the possibility of a broad Leadership Consultation in which the Executive leadership of all 4 Churches can come together over



Inhoudsopgawe

two to three days, early in 2013, to discuss matters of mutual importance related to Christian mission, unity and witness in the world.

9. We hope that such a consultation would also pave the way for a Conference for ministers in the Dutch Reformed family to dialogue on relevant ministry matters and challenges we face today in Southern Africa. Hopefully this will present opportunities for our ministers to get to know one another and to even search for possibilities as to how they may work together at local levels.

We appreciated the cordial spirit in which the meeting was conducted and ended. Although we accept that we are a long way from getting all 4 Churches to participate on the same level of expectations and outcomes, we nevertheless take seriously the call of the scriptures to seek for the unity of the Church as we witness to the world and we, thus, commit ourselves to take these back to our respective Churches and, with God's help and mutual support from one another, work for the same in our church structures and communities. We also commit ourselves to meeting again as Moderators of the 4 Churches to keep the vision and hope of unity alive as we continue to discern the way forward.

To God be the Glory!



Inhoudsopgawe

**KERKHERENIGING 4**

## STATEMENT FROM THE MEETING OF THE 4 MODERATURES OF THE DUTCH REFORMED FAMILY

On 20th November 2012 the 4 Moderators of the DRC Family (Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA), Dutch Reformed Church (DRC), Dutch Reformed Church in Africa (DRCA) and Reformed Church in Africa (RCA)) met to discuss the progress and development in the unity processes, especially with regards to the URCSA and the DRC. It was decided at that meeting to call a meeting of the four Moderatures to hold further discussions on this and to seek possible ways in which the 4 churches could work together. We are pleased to report that this meeting took place on 20th June 2013, in Kempton Park, under the leadership and facilitation of the President of the World Communion of Reformed Churches, the Rev. Dr. Jerry Pillay.

The following came out from this meeting:

1. We recognised that we meet at a very crucial time in the history and experience in South Africa which calls for the unity and witness of Christians as we address the challenges in our times, and appreciated the positive message the Family of DRC churches would send to South Africa and beyond when it unites.

2. In light of the above understanding, the meeting took place in a spirit of openness, mutual trust and obedience to God and a sincere desire to understand our common calling, journey and commitment to the Southern Africa sub-continent

3. We understand that there is a need to speak with a collective voice when it comes to our Christian witness and issues of national interest, especially in the vulnerable times we are living in and thus committed ourselves to attempt to speak, as much as possible and practical, with one voice as the DRC Family.

4. The memorandum of agreement and the roadmap towards unity that was drafted by the DRC and URCSA were shared at the meeting and it was agreed that the DRCA and RCA will reflect on it and comment at a follow-up meeting in October this year.

5. The possibility of a joint meeting of all the ministers of the four churches was discussed and appreciated. The focus of such a meeting could be directed to discovering and discerning God's mission to Southern Africa and the world in these challenging times. This possibility will be seriously investigated and as a first step in this endeavour a steering committee consisting of representatives from all 4 churches was appointed to do preliminary planning and to report to the next meeting.

6. Further discussions took place on a *Season of Human Dignity* and all four churches gave an indication that they are willing to participate. The values of respect, listening, embracement and selflessness were confirmed. A steering committee was established to champion and facilitate this initiative.

7. The four scribes were asked to work on a document that will pave the way for further co-operation, inter alia the work of the united ministry for service and witness. The intent of this document is to encourage all four churches to work together at grassroots and other levels to increase cooperation and build relationships.

We accept that we still have a long way to go in this process but we give thanks to the Almighty God that all four churches are willing to travel on the road together hoping and praying that God will bring us into a place where we will experience the unity of all believers that Jesus prayed for in John chapter 17. In the meantime, we commit ourselves to work with one another where possible and to pray and work towards Christian unity, to the glory of God and in our witness to the world.

Le Chateau, Kempton Park
20 June 2013

**KERKHERENIGING 5**

# PASTORAL LETTER TO URCSA CONGREGATIONS ON THE DECISION OF THE DUTCH REFORMED CHURCH GENERAL SYNOD'S ACCEPTANCE OF THE BELHAR CONFESSION

20 October 2011

Dear Sisters and Brothers in Christ

In the words of the Apostle Paul in Romans 15:13 we greet you: *May the God of hope fill you with all joy and peace in your faith, that by the power of the Holy Spirit, your whole life and outlook may be radiant with hope*. We can indeed hope, because we believe in the triune God, Father, Son and Holy Spirit, who gathers, protects and cares for his Church by his Word and his Spirit, as He has done since the beginning of the world and will do to the end.

On the 13th October we experienced firsthand that God indeed cares for his Church in South Africa when He led the General Synod of the Dutch Reformed Church to vote with a majority of more than 90% in favor for the acceptance of the Belhar Confession. That made us very hopeful.

This event was attended by the Moderator Prof Thias Kgatla and the Scribe Dr Dawid Kuyler as fraternal delegates to the meeting. Dr Johan Botha and Rev Colin Goeiman also were present at the occasion. Our colleague, Dr Egbert Rooze, from the United Protestant Church in Belgium also attended with us.

Before we come to what the exact decision is and the implications of the decision we would like to share with you the process that led to the decision as well as the context in which the decision was taken. We are convinced that by sharing this with you, you might have a better understanding of the decision itself.

**Background and situational context**

On the agenda of the General Synod were proposals on Belhar, including the one from the Cape that asked that the Synod should adopt Belhar as a Confession.

The way that the Synod dealt with issues was to have sessions in the evening for enlightment where the delegates could discuss the agenda, bring more views to the table so that proposals could be amended. I attended this session together with dr Egbert Rooze and witnessed how those in favour of Belhar and those against Belhar with passion shared their views. One proposal was to refer Belhar to Regional Synods and congregations to vote and report back to General Synod and then the General Synod would make a decision. According to the DRC Church Order this is the way prescribed and a two-thirds majory of church council members have to vote in favor and two-thirds of regional synods each obtaining a two-third majority will pave the way to a General Synod that also have to vote with a two-third majority. A new addition was added that the congregation also has to give approbation to the church council decision and a whole procedure was prepared for the church order.

Those against Belhar raised objections like it is liberation or black theology, not a confession, politically motivated, unbiblical etc. People were warned that congregations will break away if Belhar is accepted. One minister said that in his church council of 141 out of the 144 members voted against Belhar. Listening to these arguments and the passion it was presented, I was disturbed and worried. Those in favor of Belhar also presented their cases with passion and said that they need this confession because it spoke about unity, reconciliation and justice in a unique Biblical and reformed way and that it addressed the South African context. People pleaded that the confession should be judged on its own and not with perceptions. Dr Braam Hanekom and Rev Nelis van Rensburg came to the session and pleaded that the General Synod should take a decision on Belhar as it was done at the Cape Synod and then request that the formal route be followed. They explained the process that they followed at the Cape where it happened.

Going to bed I was not sure what would transpire the next day.

The people who brought greetings like dr Jerry Pillay and dr Peter Borgdorff also challenged the DRC to be aware the eyes of the world were on the meeting. They shared how their denominations are dealing with Belhar.



Inhoudsopgawe

During the morning a policy for church reunification was tabled and accepted. In the decision it said that Belhar should be part of the confessional basis and that its acceptance by members should be optional. This was more or less the old Achterbergh proposal. By making it a decision they moved from the previous view of proposals to a decision and policy. It was like a Madiba jive: there was movement but merely lateral movement. Not something that lifted our spirit at the meeting.

Then after lunch for two hours the acceptance of Belhar was debated and about 29 people took part in the discussions of which only six spoke against Belhar.

The same arguments of the previous evening prevailed. It was good for us from URCSA to be present and hear how old and young pleaded with passion why Belhar should be accepted because it was biblical, articulated the gospel for our time etc. A young minister stood up and said that he is 31 years old. Half of his life was in the old SA and the other half in the new SA. It was still in him to be like the old SA and therefore he needed Belhar to remind him every day how he should be as a Christian in the new SA. He could not live without Belhar.

The other views were also tabled and some of the arguments against Belhar were very very painful to hear.

The voices of those who were afraid how their congregants would respond if Belhar was accepted were also heard. At some stage it sounded that some supported the notion that in the church that we should listen to people and it was frightening that in a Reformed Church Gods voice would be replaced with the voice of people.

Some wanted Belhar to be referred back for study as an option of postponing the issue.

Dr Braam Hanekom and Rev Nelis van Rensburg at the table closed the debate with arguments why Belhar should be accepted. Rev Nelis van Rensburg showed how Belhar fits all the general requirements of a confession.

After two hours of a thorough debate the delegates were asked to vote and indicate where the General Synod stands concerning the Belhar Confession for the Dutch Reformed Church. They needed to decide to accept the Belhar Confession as part of the confessional basis and to request the moderamen to put into place the process to achieve it.

Our hearts were pounding and before our eyes a miracle happened when we saw that more than 90% of the delegates showed that they wanted the Belhar Confession as part of the Dutch Reformed Church confessional basis. Never will the sea of orange coloured cards with which they voted be erased from our minds.

The emotions were high and tears of joy rolled. We could not speak to one another. We hugged and cried. The Spirit of God moved like a tsunami to wash away the fears and to bring courage and hope to people.

For us from URCSA it was indeed an awesome moment. We witnessed God at work.

Therefore brothers and sisters, we thank God for making this possible. We thank God for the new leadership of the DRC for having the courage to go this way and to show real leadership and not to fear what people would say. The new leadership in the DRC has shown their true colours as leaders and not merely running with others. Prof Nelus Niemandt showed that he could guide a Synod in a very loving way to give their opposing views. His team members supported him well. A new era has dawned with this leadership.

We thank God for the ministers and members of the DRC who never gave up their hope to work for the acceptance of Belhar through word and deed, many times at a great cost. We confess that we as URCSA have not supported them in their journey as we should have done. We ask for their forgiveness and applaud their courage.

We plead with URCSA members and ministers to acknowledge and encourage the DRC at local and regional level on their journey towards the full acceptance of Belhar as a Confession.

We also pray for those who oppose Belhar and who feel as if they have lost their cause. It is our prayer that they as our fellow brothers and sisters in Christ will not distance themselves from those who confess that Jesus is Lord according to the Belhar Confession but continue engaging with them as fellow believers. Our

unity in Christ should hold us together.  We urge them not to separate themselves and form separate congregations.

Together with churches overseas who accepted Belhar, we rejoice in the work of the triune God, Father, Son and Holy Spirit, who gathers, protects and cares for his Church by his Word and his Spirit, as He has done since the beginning of the world and will do to the end.

**The way forward**
The Dutch Reformed Church took the first step in accepting Belhar by showing the way to regional synods and congregations.  According to their Church Order, Article 44, they will now start the process of taking Belhar back to the congregations and guiding them to come to the same position as what the General Synod took.  Their leadership has committed themselves to assist and gave us the assurance that they will ask URCSA to be part of this journey.

In the light of what happened at Boksburg URCSA is now challenged to look again at the relationship with the Dutch Reformed Church that is guided by the moratorium on Church unity talks.  The Dutch Reformed Church also put on hold a proposal that they, the DRCA and RCA continue with a federal unity structure.

Our current relationship with the Dutch Reformed Church is being mediated by the World Communion of Reformed Churches through dr Jerry Pillay.  The moratorium on church unity talks led to this mediation.  During the mediation three issues were identified and later three task teams were appointed to deal with the issues:  The acceptance of Belhar was one of the three issues:  the other two are the commitment to unity and restorative justice & reconciliation.

As URCSA Executive we have set up a meeting with the DRC Moderamen under the auspices of dr Jerry Pillay for the 29th November 2011 to discuss the decision of 13th October and the implications for the way forward.

We as the Executive will also engage with the leadership of our Regional Synods on this important issue.
We would like to conclude with the words from Article 5 of the Belhar Confession:
*We believe that, in obedience to Jesus Christ, its only Head, the Church is called to confess and to do all these things, even though the authorities and human laws might forbid them and punishment and suffering be the consequence.*
Jesus is Lord.

Greetings in Christ



Dr Dawid Kuyler: Scribe of the General Synod URCSA
On behalf of URCSA Executive
Prof ST Kgatla, Dr Mary-Anne Plaatjies van Huffel, Dr Dawid Kuyler, Rev MG Betha, Dr LJ Modise, Rev PM Moloi, Dr Henry Platt

# MEMORANDUM OF AGREEMENT
# between
# THE UNITING REFORMED CHURCH IN SOUTHERN AFRICA (URCSA)
# and
# THE DUTCH REFORMED CHURCH
# (DRC)

## 1. Introduction

The Excutives of URCSA and DRC have met in November 2011, February 2012 and July 2012 to discuss the way forward after the DRC General Synod has started a process to get the Belhar Confession to be included as a confession in a church orderly way. From these meetings and a mutual discernment of God’s will, the Executives has agreed to draw up a memorandum of agreement, sign it and present it to our various church structures for acceptance.

## 2. Preamble

**2.1** We as churches have decided to covenant together, because we believe that the Lord, who graciously committed himself to us, requires this of us. We use the term covenanting because we want to bring ourselves and the reunification process under the authority of the word of God and the will of Christ. As the family of churches we already decided together at Achterbergh to journey together.

**2.2** We envisage a new organically united reformed church, organized according to synodical-presbyterial structures, which lives missionally and is committed to the biblical demands of love, reconciliation, justice and peace. At the same time we are committed to non-racialism, inclusiveness and the acceptance and celebration of our multicultural composition. The different languages in our churches will be treasured.

**2.3** From within our common faith in the triune God we commit ourselves anew to Africa, the continent where the Lord has placed us, and particularly to Southern Africa. We wish to take up this calling together to make a difference to the life-threatening problems facing our countries. In the process of spreading the gospel, we covenant to work together in concrete ways such as:

- inviting people to life in fullness in Christ
- promoting of healing and wholeness for all of life
- engaging in prophetic dialogue with others on societal matters
- embodying, modeling and promoting moral values of Scripture
- seeking and advocating justice for all
- achieving reconciliation, which is more than mere tolerance of one another
- opposing violence and abuse of power of all kinds in our society,
- promoting and embracing human dignity and gender equity



Inhoudsopgawe

## 3. On church unity

**3.1** We commit ourselves to the following model of unity:

From the different models for church unity in different churches, we intentionally choose a presbyterial-synodical church body (i.e. organic) that supports the Gospel of Jesus Christ who broke down the wall of separation between people (Ephesians 2: 14-16).

> *Ephesians 2*
> *14 For he himself is our peace, who has made the two groups one and has destroyed the barrier, the dividing wall of hostility,*
> *15 by setting aside in his flesh the law with its commands and regulations. His purpose was to create in himself one new humanity out of the two, thus making peace,*
> *16 and in one body to reconcile both of them to God through the cross, by which he put to death their hostility.*

**3.2** We believe that this proposed model is a Scriptural embodiment of unity in the Southern African context. This model we believe can help the church on different levels to be the living body of Christ in the world.

**3.3** As reformed churches we believe that the local congregation is the expression of the church of Christ in a local community, but we also believe that local congregations live in communion with one another and this communion is expressed in various manners e.g. presbyteries, synods. The two churches undertake to indentify ways in which the local churches can express their unity with each other inter alia forming uniting congregations, receiving ministers across cultures, starting uniting commissions and projects, re-alining the congregations with their full consent to incorporate wards of other cultures.

**3.4** We agree that getting the church to be fully one will be a process and that it will ask of us to commit ourselves to journey and grow together.

**3.5** We propose that the churches start a process to obtain the permission of all the congregations of the churches (in the exact way currently prescribed in the church order of the particular church) for the following:

- the forming of a new General Synod as expression of new denominational ties (*kerkverband*)
- the formulating of the confessional basis for the reunited church
- to approve amendments to existing Church Orders needed for the formation and restructuring of a reunited church
- to approve that, after the forming of a new General Synod, a process will follow by which the regional synods and presbyteries engage in processes of expressing the reunited church at their respective levels
- the name of the reunited church
- The church orderly position of congregations with regard to ministry, property, etc.
- The actuarii of the General Synods form a task team to evaluate the existing church orders and to start a process to amend them in the correct way in order to make such a process possible.
- In the process of a General Synod being formed, the Regional Synods will asume unification on the same principles as the General Synod although the finalisation of the new General Synod will have precedence

## 4. On the Confession of Belhar

**4.1** We agree that the Confession of Belhar will be taken up in the confessional basis of the reunited church.

**4.2** We understand that the Dutch Reformed Church decided to make the Confession of Belhar part of the confessional basis of the Dutch Reformed Church in a church orderly way and we also understand that it proposed to do it in the following way:

*4.2.1* *The doctrine which the Church confesses in accordance with the Word of God, takes place in communion with the confession of our tradition as it is expressed in*

→ *the Apostles Creed, the Nicene Creed and the Athanasian Creed through which the Church expresses her connectedness with the catholic Christian Church, and*

→ *the Heidelberg Catechism, Belgic Confession and Canons of Dordt through which the Church expresses her connectedness with the reformed tradition.*

*4.2.2 In connectedness with our own context we acknowledge the Confession of Belhar*.

**4.3** We understand that the Dutch Reformed Church will have to follow the Dutch Reformed Church's Church Order to make the Confession of Belhar part of the confessional basis of the Dutch Reformed Church.

**4.4** We agree that the churches will journey together in this process of acceptance and renewed engagement of the Confession of Belhar.

**4.5** We understand that the decision of the 2011 General Synod of the Dutch Reformed Church is a journey towards full acceptance of the Confession of Belhar as part of the confessional basis of the Dutch Reformed Church.

**4.6** Where congregations, ministers, and members of the Dutch Reformed Church do not underwrite the Confession of Belhar as an article of faith, we are committed to journey with them.

## 5. On restorative justice and reconciliation

**5.1** We acknowledge that church unity and the Belhar Confession urges us to also speak about restorative justice and reconciliation. As churches we have therefore decided to embrace the following:

5.1.1 Restorative justice should not be an end in itself but always lead to reconciliation. Reconciliation should be the restoration of communities at different levels of society: personal, social, political, denominational, economical, emotional and spiritual reconciliation between God and us.

5.1.2 We believe that restorative justice is a Biblical imperative that restores life in its fullness. It restores imbalances of the past and imbalances in God's creation and glorifies God through our restored unity and reconciliation.

5.1.3 We accept that restorative justice is a complex process which will ask some sacrifices. We will therefore need good stewardship but also a clear vision on the possible outcomes of such a process.

**5.2 Regarding reconciliation we agreed on the following statements:**

5.2.1 We believe that true reconciliation is a deeply spiritual process. Christian principles like sacrifice and forgiveness should not be neglected. Without the necessary spiritual maturity, it could fail dismally.

5.2.2 We accept the reality that conflict, bitterness, hatred, racism, ethnicism, classism, sexism and a lot of emotional pain is still very much part of society. We must address some of the core reasons for conflict like: misunderstandings and poor communication, bad and corrupt leadership, language, culture and religion, ideologies and the greed for political power, injustices, personalities, scarce resources and imbalances in society.

**5.3 In order to effect reconciliation we believe that:**

- We need to take the emotions of our people very seriously.
- We will have to develop greater passion and willpower to really make a difference. We will have to name the areas of conflict, face it and engage in the situation.
- At the heart of reconciliation is the matter of spirituality and the reconciliation that has already taken place in Jesus Christ.
- We will have to grow in integrity.
- We will have to define a common cause for all our people and enhance the principle of interpathy.

**5.4 On restorative justice we want to propose the following practical measures**

- Some initial successful examples which could be a model for future actions.
- Cooperate with URCSA in the important 5 year strategic plan of URCSA. We believe that this plan could give us entry points into the restorative justice process.
- To conduct a property audit.

- To propose and undertake some concrete actions.

**5.5** We firmly believe that any process of restorative justice and reconciliation must be guarded and guided by good stewardship, discipline, work ethic and healthy moral values.

**5.6** We believe that essential to restorative justice and reconciliation is a need for a change of heart and attitude. This will only be possible if we engage with one another and are guided by the overwhelming power of the Holy Spirit.

## 6. Conclusion

**6.1** We believe that this process should be accompanied by a specific and focused process that creates safe spaces for listening to God and one another and spiritual discernment on how we need to address all the challenges facing us on this journey and acknowledging our different experiences and stories.

**6.2** In the spirit of this covenant, we agree to encourage agreements on different levels of the church that will embody this new unity.

***We do this in obedience and dependence in Jesus Christ who is the Lord of the church.***

Signed in Kempton Park on this 10th day of April 2013 by:

Dr M-A Plaatjies van Huffel (Moderator URCSA)

Signature:..................................................................................

Rev MG Betha (Assessor URCSA)

Signature:..................................................................................

Dr DA Kuyler (Scribe URCSA)

Signature:..................................................................................

Dr LJ Modise: (Actuarius URCSA)

Signature:..................................................................................

On behalf of the Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA) who hereby declares that he/she has been duly empowered and mandated by the URCSA to accept and sign this document on behalf of the URCSA.

Prof CJP Niemandt (Moderator DRC)

Signature:................................................................................

Dr AR Hanekom (Assessor DRC)

Signature:................................................................................

Dr JH Ernst (Actuarius DRC)

Signature:................................................................................

Dr JJ Gerber (General Secretary DRC)

Signature:................................................................................

On behalf of the Dutch Reformed Church (DRC) who hereby declares that he/she has been duly empowered and mandated by the DRC to accept and sign this document on behalf of the DRC.

**KERKHERENIGING 7**

## STATEMENT BY THE EXECUTIVES OF URSA AND DRC AFTER MEETING ON 9-10 APRIL 2013 IN KEMPTON PARK

During 2012 the executives of URCSA and DRC drafted a *Memorandum of Agreement* under the guidance of Dr Jerry Pillay, the President of the World Communion of Reformed Churches.

This agreement was approved by the General Synod of URCSA in October 2012 when also the moratorium on church unity was revoked. The Moderamen of the DRC also approved the agreement.

According to the *Memorandum of Agreement* we agreed to covenant together for unity because we believe that the Lord, who graciously committed himself to us, requires this of us.

The unity we envisage is a new organically united reformed church, organized according to synodical-presbyterial structures, which lives missionally and is committed to the biblical demands of love, reconciliation, justice and peace. At the same time we are committed to non-racialism, inclusiveness and the acceptance and celebration of our multicultural composition. The different languages in our churches will be treasured.

We agreed that the Belhar Confession will be part of the confessional basis of the reunited church.

Together we agreed to address reconciliation and restorative justice in a compassionate way.

From within our common faith in the triune God we commit ourselves anew to Africa, the continent where the Lord has placed us, and particularly to Southern Africa. We wish to take up this calling together to make a difference to the life-threatening problems facing our countries. In the process of spreading the gospel, we covenant to work together in concrete ways to address these challenges.

For two days ($9^{th}$ and $10^{th}$ April 2013) we met at the Le Chateau Guest House, Kempton Park, to discern how we will proceed on the journey ahead to grow together. We were cautious not to create unrealistic expectations or quick fixes for a complex journey that lie ahead. In the light of this the meeting focused on two important processes that need to be in place to help us in the way forward.

On the one hand a **task team** was established **to work out all the church orderly processes** that need to be in place for unity. The **road map to church reunification** is attached as addendum.

**A second task team** was appointed to work on a specific and focused process that would create safe spaces for listening to God and one another and spiritual discernment on how we need to address all the challenges facing us on this journey and acknowledging our different experiences and stories. This process will be known as **the season of human dignity**. Together we will discover and affirm the human dignity given by God in Christ to us all and the implications of this discovery and affirmation for the church.

The values for this process are:

- Listening
- Respect
- Embracement
- Selflessness

We humbly request our congregations and members to pray and work for this journey that we embark on. In the spirit of this covenant, we agree to encourage agreements on different levels of the church that will embody this new unity because we believe that unity needs to grow and develop at various levels in the church. The unity of the church is not only an issue for the leadership, but task for each person that confesses Christ as Lord.

We request that the *Memorandum of Agreement* to be made available to all congregations for their cognisance as well as inputs for the journey ahead. As leadership of the two churches we pledge to keep you informed of the progress of the two task teams.

We confess that our journey guided by the *Memorandum of Agreement* is a gift from God that we need to cherish so that the church can be a sign of the Kingdom of God and God's reconciliatory work in Christ through His Spirit in the world.

Dr Dawid Kuyler: Secretary URCSA

Dr Kobus Gerber: Secretary DRC

## THE ROAD MAP TO CHURCH REUNIFICATION: DRC – URCSA

**REQUIREMENTS**

| | | |
|---|---|---|
| Spirituality | Discernment | Obedience |
| Commitment | Capacity | Innovation |
| Consent | Mandatory power | Timeous |
| Co-operation | Delegation | Inclusiveness |
| Co-ownership | Vision | Communicative intent |
| Expertise | Purposeful | Credibility |

**Stage 1:** Point of departure. Signing of *Memorandum of Agreement* by Executives and ratification by General Synods.

End of stage 1: October 2013

**Stage 2:** Formal decision taken by General Synods or General Synodical Commission mandated by General Synod to start the church orderly process to church reunification.
An urgent effort to be made to get the two other churches in the DRC-family on board before proceeding to stage 3.

**Stage 3:** Convene joint meetings of the churches' Executives, Moderatures and/or Synodical Commissions and continue to do so.

**Stage 4:** General Synods of the churches mandate the following commissions to act on their behalf *ad interim*: (a) The Leadership of the Churches (Executive, Moderamen and/or General Synodical Commission) to take preliminary or in principle decisions on behalf of the Church and report back to General Synod; (b) The Steering Committee for Church Reunification constituted by a majority of members not acting in the Leadership. The Steering Committee must be composed to ensure continuity and credibility, to maintain objectivity and to dispose of persuasiveness; (c) The Task Teams, among a Church Order Commission responsible for the drafting of an Common Set of Rules (Tussenorde) for the Churches [see foot note], the Concept Church Order for a Reunited Church and the obtaining of legal advice from a Panel of Legal Advisors. The principles already agreed on in the *Memorandum of Agreement* must be contained in the Concept Church Order (organic synodical-presbyterial structure, missional structure, diversity of language and culture, unification of congregations, presbyteries and synods, the autonomy of the local congregation combined with the authority of the presbytery, synod and General Synod and the confessional basis with the inclusion of the Belhar Confession).

**Stage 5:** Convene a joint General Synod, take joint decisions regarding church reunification and related issues, and ratify decisions by own General Synod. First joint General Synod may coincide with a General Ministers Conference. First General Synod shall be a celebration and festive occasion. In future general synodical meetings will take place on the same date and at the same venue. Joint decisions will be taken and be ratified as soon as possible afterwards in own meeting.

**Stage 6:** Report back to the General Synods (jointly and seperately) on the Common Set of Rules, on proposed amendments to the existing Church Orders to make church reunification church orderly and legally possible, and on the Concept Church Order. General Synods take the decision to approve, apply and later to amend the Common Set of Rules. The Common Set of Rules has authority over the Churches' own Church Order on a spelled out issue.

**Stage 7:** All Synods and Congregations enjoy the opportunity to respond to the content of the Concept (Draft) Church Order by making their proposal and/or accepting it in principle. A time frame is set within which to respond.
The final draft for the Concept Church Order is approved by the Churches' Synods and Church Councils/Consistories, with the approbation/consent of the members of the Congregation. A time frame is set for this action. The decision of each Church Council and

Synod, taken in terms of the applicable Church Order, is conveyed to existing General Synods of the Church.

**Stage 8:** The General Synod of the Church takes a final decision to reunite and approve the Concept Church Order with a two-thirds majority.
The General Synod of the Church takes the necessary transitional decisions regarding the transfer of activity, property, funds, etc.
The General Synod of the Church takes a decision to dissolve the General Synod as meeting (not as juristic person, that may continue to exist) and appoints delegates to a Conventus and the General Synod of the Reunited Church.

**Stage 9**: The Conventus convenes on the date and time set forth by the Steering Commission. Report back from the General Synods of the Churches is given and the Church Order of the proposed Reunited Church is approved.

**Stage 10**: The General Synod of the Reunited Church is constituted.

FOOT NOTE: COMMON SET OF RULES

1. The *Common Set of Rules* is provided to serve the process of reunification and represents an important phase in the process of the churches to know each other, while experiencing and growing together in unity, reconciliation and justice.

2. The *Common Set of Rules* is a set of church orderly provisions which gives a legal base to cooperation between the churches on the road to reunification.

3. The *Common Set of Rules* does not remove/abrogate the articles, regulations or rules of the churches. The articles, regulations or rules stated in the church order are applicable as they stand, except in case where the common set of rules specifically makes room for exceptions.

# A.12.4 BELYDENIS VAN BELHAR

## 1. 'N PRIORITEIT

**1.1** In die prioritiseringsvergadering van die Moderamen op 31 Oktober tot 2 November 2011 is die Belydenis van Belhar en die uitvoering van die Algemene Sinode se besluit bepaal as een van die belangrike prioriteite waaraan die Moderamen haar tyd en middele wil wy. Die saak het 'n prioriteitsplek by elke vergadering van die Moderamen geniet.
**1.2** Die Moderamen is oortuig dat die Algemene Sinode 2011 oor die Belydenis van Belhar kon besluit en dat die Moderamen as sy gevolmagtigde daarom ook die reg het om die proses in die kerkverband te bestuur. Sonder duidelike leierskap kan sulke prosesse nie van die grond af kom nie.
**1.3** Die Moderamen is ernstig oor die integriteit van die proses as 'n oop en veilige gespreksruimte. Die Moderamen werk daarom in die proses met die begrip *geloofsonderskeidend* om die gesamentlike besinning vanuit die Woord en die Belydenis van Belhar te verwoord.
**1.4** Op die vraag oor die "hoekom" van die proses wil die Moderamen dit graag soos volg verwoord: *die genesing van ons kerk(e) en land(e).*

## 2. TAAKSPAN VIR DIE BELYDENIS VAN BELHAR

**2.1** Die Moderamen het 'n Taakspan Belhar benoem om die hele proses te bestuur. Die Taakspan Belhar bestaan uit prof Nelus Niemandt, drr Braam Hanekom, Kobus Gerber, Gustav Claassen, ds Nelis J van Rensburg en verteenwoordigers van elke sinodale gebied: Wes- en Suid-Kaap: dr Michiel Strauss; Oos-Kaap: dr Jannie Richter; Noord-Kaap: ds Bootje Booysen; Vrystaat: ds Jan Lubbe; KwaZulu-Natal: ds Frikkie van der Merwe (en ds SW Scott mdo op die opdrag re studie van Belhar); Wes-Transvaal: ds Nico van Rensburg; Noordelike Sinode: ds Immanuel van Tonder; Hoëveld: dr André Bartlett; Oostelike Sinode: ds Johan Koen; Namibië: dr Jan Woest.
**2.2** 'n Tweede taakspan is benoem mdo op die studie van Belhar: drr Gustav Claasen, Jan Woest, di Nelis J van Rensburg, Monty Sahd, SW Scott en prof Rian Venter. Hulle opdrag was om na die inhoud van die Belydenis te kyk en 'n dokument(e) vir hantering deur die kerkverband voor te berei. Dit is beskikbaar op die Belhar-webblad.
**2.3** Ten einde die werk van die Taakspan Belhar te laat vloei en prosesse te koördineer, het die Moderamen dr Chris van Wyk getaak om leiding met die prosesse te neem en as bestuurder op te tree. Sy tyd en onkoste is vergoed. Dit het geblyk 'n wyse besluit te wees aangesien daar dinamika gekom het met iemand wat "voltyds" hiervoor verantwoordelik was.

## 3. PROJEKPLAN

**3.1** Een van die eerste dinge wat die Taakspan Belhar gedoen het, was om 'n projekplan daar te stel wat die werk sou rig en die kerkverband sou help om 'n prentjie te vorm van hoe die Moderamen oordeel die opdrag uitgevoer moet word. Dit is gekommunikeer as riglyn wat sou verander soos wat meer duidelikheid sou kom.
**3.2** Van die belangrikste aksieplanne wat identifiseer is en aandag gekry het oppad na die Algemene Sinode is die volgende:

### 3.2.1 Gesprekke by sinodes se vergaderings aan die hand van die riglyne in die projekplan.

**3.2.1.1** Die Taakspan het moeite gedoen om by elke vergadering ruim tyd te spandeer om te luister na en te reflekteer oor wat by sinodesittings gebeur het/ wat sinodes doen.
**3.2.1.2** Die Taakspan en Moderamen is oortuig dat alle sinodes baie goeie tyd aan die saak gegee het en werklik deur padberade en ander weë inligtig deurgegee en gesprek oopgemaak het.

### 3.2.2 Kommunikasie in en met gemeentes

**3.2.2.1** Die keuse is gemaak om die gesprekke in die kerkverband *geloofsonderskeidend* te voer. Dit beteken:
*1 Ons erken dat die "Gees" met elkeen praat en niemand in 'n rigting gedwing of gemanipuleer mag word nie. Dit sal gedoen word deur prosesse soos "Wandel in die Woord", gesamentlike gebed en respek vir mekaar tydens gesprekke deur waardes (bv leerbaarheid, vertroue, deernis, openheid) te handhaaf.
*2 Hierdie waardes sal gespreksgenote help om binne 'n sekere etos en met respek teenoor mekaar op te tree.
*3 Ten einde sinodes met die proses te help, sal persone in sinodes opgelei word om met die geloofsonderskeidende prosesse te help en leiding te gee.
*4 Daar is 'n "Toolkit" (vgl hieronder) met hulpmiddels saamgestel wat in die proses gebruik kan word. Alle relevante dokumente word tot beskikking van alle gemeentes gestel.

**3.2.2.2** Kommunikasie met gemeentes word gedien deur
*1 ’n Pastorale brief wat in Desember 2011 aan alle gemeentes gestuur is (vgl by Kerkhereniging pt 2.1).
*2 Deurgee van inligting via die sinodes se elektroniese nuusbriewe en artikels in die Kerkbode.
*3 Die daarstel van ’n dinamiese webblad www.belydenisvanbelhar.co.za wat die meeste van die materiaal van die “toolkit” bevat asook ’n magdom ander materiaal. Hiermee saam is ’n Facebookblad geskep vir gesprekvoering.

**3.2.3 Die ontwikkel van ’n “toolkit” wat materiaal en riglyne bevat mdo op die onderskeidingsprosesse.**
**3.2.3.1** Hierdie hulpmiddel is werklik omvangryk en bevat onder andere die volgende: ’n brief van die Moderamen; verduideliking hoe die “toolkit” werk en materiaal kreatief en volgens eie behoeftes gebruik kan word; die Belydenis van Belhar en Begeleidende Brief; alle relevante besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk; inligting oor vrae oor en besware teen die Belydenis van Belhar; 4 gespreksvrae vir sinodes; 5 geloofsonderskeidende vrae met materiaal en riglyne vir hantering mdo op gemeentes, kerkrade, vergaderings, padberade, ens; Bybelstudieboek; preekrigkyne; Pinksterreeks; kortfilms; Flam lied 206 met teks en musiek.
**3.2.3.2** Deel van die hulpmiddels is 5 kortfilms wat gemaak is mdo op geloofsonderskeidende gesprek met ’n boekie in gedrukte formaat wat dit vergesel.
**3.2.3.3** Die “toolkit”word op ’n DVD aan gemeentes beskikbaar gestel met die goedgunstige hulp van Bybel-Media.

**3.2.4** ’**n Algemene Predikantekonferensie.**
Die Moderamen is oortuig dat so ‘n byeenkoms van die dominees mekaar sal help met die uitdagings wat tans in gemeentes hanteer moet word – ook die prosesse tov Belhar.

**3.2.5** ’**n Belyning van die prosesse met die werk van die Seisoen van Luister asook die beoogde Seisoen van Menswaardigheid.**
Die ongelooflike geseënde Seisoen van Luister se waardes en materiaal asook die beoogde Seisoen van Menswaardigheid (vgl by Menswaardigheid) bied die nodige veilige ruimte om alle betrokkenes te help om hierdie noodsaaklike reis tov die Belydenis van Belhar met integriteit te hanteer.

## 4. KERKORDELIKE PROSESSE
**4.1** Die Moderamen het erns gemaak met die feit, en die kommer, oor die regte kerkordelike prosesse tov die insluiting van die Belhar in die belydenisgrondslag/ die wysiging van die belydenisgrondslag.
**4.2** Opdrag is aan die ATR gegee om ’n eenvoudige en duidelike kerkregtelike prosedure/ proses te voorsien. Onder leiding van die Aktuarius, dr Johann Ernst, is die dokument *Uitleg en toepassing van die besluit van die Algemene Sinode 2011 om die Belydenis van Belhar deel te maak van die NG Kerk se belydenisgrondslag* opgestel en as advies aan die kerkverband deurgegee (vgl **Belhar 1**).
**4.3** Die ATR is ook versoek om ’n regsopinie te kry oor die hantering van die hele saak.
**4.4** Belydeniswysiging moet itv Art 44 van die Kerkorde hanteer word. Die ATR het die Aktuarius opdrag gegee om seker te maak dat die besluite van die Algemene Sinode hieroor in orde is. Die Moderamen het die aangehegte advies (vgl **Belhar 2**) hanteer en goedgekeur mdo op hiérdie vergadering van die Algemene Sinode. Beide die Sinode van die Vrystaat en die Noordelike Sinode het laat weet dat die betrokke wysiging met ’n tweederdemeerderheid goedgekeur is.

## 5. BELHAR IN DIE BELYDENISGRONDSLAG: ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE
**5.1** Die advies van die Moderamen aan die Algemene Sinode is dat die vraag aan die kerkverband oor die Belydenis van Belhar net kan geskied as ’n nuwe Artikel 1 van die Kerkorde.
**5.2** ’n Taakspan van die Moderamen bestaande uit dr Kobus Gerber, ds Nelis Janse van Rensburg, ds Godfrey Betha, dr Leepo Modise, dr Mary-Ann Plaatjies van Huffel, prof Piet Strauss, dr Johann Ernst, dr Quintus Heine en dr Chris van Wyk (sameroeper) het aan ’n konsep vir ’n nuwe Artikel 1 gewerk. Die VGKSA was deel van die taakspan. Dit is belangrik dat die Algemene Sinode sal kennis neem dat al die lede van die taakspan konsensus met mekaar gehad het oor die voorstel aan die Moderamen en die Algemene Sinode – die taakspan het alle standpunte en sentimente inkorporeer.
**5.3** Nadat die Moderamen die voorstel van die Taakspan hanteer en goedgekeur het, is dit ook vir kommentaar na al tien sinodes se moderamens/ diensrade/ sinodale kommissies gestuur. Die Dagbestuur het dit hanteer en geoordeel dat die Moderamen se voorstel met enkele redaksionele wysigings aan die Algemene Sinode voorgelê word.
**5.4** Die Aktuarius is deur die Dagbestuur getaak om vir duidelikheidshalwe ’n kommentaar op die voorgestelde Art 1 te skryf (vgl **Belhar 3**).

**5.5** Die advies van die Moderamen aan die Algemene Sinode is dat die nuwe Artikel 1 van die Kerkorde soos volg sal lui:

**KERKORDE ARTIKEL 1**

1. Die Nederduitse Geformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
2. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die belydenisskrifte wat deur kerkvergaderinge, ampsdraers en lidmate onderskryf word.
3. Die Kerk bely:
3.1 in verbondenheid met die vroeë kerk die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanatius;
3.2 in verbondenheid met die kerk van die reformasie die drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofbelydenis en die Dordtse Leerreëls;
3.3 in verbondenheid met die kerk in die Suider-Afrikaanse konteks die Belydenis van Belhar.
4. Die Kerk aanvaar dat die onderskrywing van bykomende belydenisse naas die ekumeniese belydenissse en die drie Formuliere van Eenheid sonder dwang geskied.
5. Die Kerk aanvaar dat die taak van belydenisvorming nie afgehandel is nie en dat 'n beter verstaan van die Woord van God kan lei tot wysiginge aan die belydenisgrondslag van die Kerk.

**5.6** Die Moderamen het die Ontwerpspan vir die Algemene Sinode versoek om 'n wegbreeksessie voor die gesprek in die vergadering te skeduleer ten einde nog ruimte vir gesprek oop te maak.
**5.7** Die Begeleidende Brief en die Belydenis van Belhar is aangeheg as **Belhar 4** en **Belhar 5.**

## 6. HANTERING VAN PERSONE MET BESWARE

Die Moderamen het probeer moeite maak om by wyse van skrywes en persoonlike ontmoetings te hoor wat lidmate se besware is en duidelikheid te bring. Twee van die belangrike ontmoetings in die verband was 'n gesprek van die Dagbestuur met genl Johan van die Merwe (oud-Kommissaris van Polisie) en van sy kollegas nav persberigte en dokumente wat versprei is, en ook gesprekke wat dr Ferdie Clasen met genl Constand Viljoen (oud-hoof van die Weermag) gehad het. Goeie trou is in die gesprekke bevestig en verhoudings gebou.

## 7. AANBEVELINGS: BELYDENIS VAN BELHAR

**7.1 Die Algemene Sinode bekragtig die advies van die ATR tov die uitleg en toepassing van die besluit van die Algemene Sinode 2011 oor die Belydenis van Belhar.**
**7.2 Die Algemene Sinode keur die wysiging van Art 44.1, soos deur die Algemene Sinode 2004 asook al tien die sinodes goedgekeur, sonder verdere wysiging finaal goed (met 'n tweederdemeerderheid).**
**7.3 Die Algemene Sinode keur die voorgestelde Art 1 van die Kerkorde goed en gee dit deur aan die kerkverband (sinodes en gemeentes) vir goedkeuring.**
**7.4 Die Algemene Sinode ontvang die materiaal en studiestukke mdo op die Belydenis van Belhar vir gebruik in die kerkverband.**

Hiermee vertrou die Moderamen dat hy hierdie opdrag tot bevrediging van die Algemene Sinode uitgevoer het.

**BELHAR 1**

## UITLEG EN TOEPASSING VAN DIE BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE 2011 OM DIE BELYDENIS VAN BELHAR DEEL TE MAAK VAN DIE NG KERK SE BELYDENISGRONDSLAG

Die Algemene Taakspan Regte het op 22 tot 24 April 2013 vergader en in terme van Bepaling 3.1.1 van die *Reglement vir die Algemene Taakspan Regte* die volgende uitleg en toepassing gegee van die besluit van die Algemene Sinode 2011 om die Belydenis van Belhar deel te maak van die NG Kerk se belydenisgrondslag:

1. Die **presiese bewoording** van die Algemene Sinode 2011 se besluit is: *"Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se Belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hiervoor in werking te stel."*

2. Die **uitleg en toepassing** van dié besluit berus op die volgende:

2.1 Die besluit is **voorafgegaan deur 'n ander besluit** oor die Belydenis van Belhar, geneem in verband met die voortgesette proses van kerkhereniging. Die Algemene Sinode het die volgende as beleidstandpunt aanvaar:

**"5 <u>Die Belydenis van Belhar (en Laudiumdeklarasie)</u>**
**5.1 Ons is na ons konsultasieprosesse deeglik bewus daarvan dat**
**(a) 'n Groot deel van die gemeentes en lidmate van die NG Kerk weens 'n verskeidenheid faktore nie die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif wil aanvaar nie. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onsself hiertoe (vgl AS Besluit 2004).**
**(b) hierdie verskille kan oorbrug word deur 'n deeglike studie te maak van Belhar self.**
**5.2 Soos ooreengekom met die Taakspan van die WBGK (nou die WGGK) is ons verbind om dmv 'n gesamentlike taakspan met die VGKSA weer deeglik te besin oor hoe ons saam in beide kerke met mekaar oor hierdie Belydenis kan praat.**
**5.3 Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998).**
**5.4 Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die Familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word. Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te aanvaar nie.**
**5.5 Die volgende formulering van die belydenisgrondslag (met inagneming van pt 5.4) vir 'n herenigde kerk word aanvaar as basis vir onderhandeling met die familie van NG Kerke:**
***1. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, geskied in gemeenskap met die belydenis van ons voorgeslagte soos dit verwoord is in***
***1.1 die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius waardeur die Kerk haar verbondenheid met die algemene christelike Kerk uitdruk, en***
***1.2 die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls waardeur die Kerk haar verbondenheid met die gereformeerde tradisie uitdruk.***
***2. In verbondenheid met ons eie konteks erken ons die Belydenis van Belhar.***
***3. Die Kerk erken die betekenis van die Laudiumdeklarasie vir ons missionêre karakter.***
***4. Die Kerk aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en 'n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte of die wysiging van bestaande belydenisskrifte*."**

2.2 Die voorafgaande besluit oor die Belydenis van Belhar, alhoewel in die konteks van kerkhereniging geneem, het 'n **definitiewe impak gehad** op die besluit wat oor die Belydenis van Belhar, ongeag kerkhereniging, geneem is.

2.3 Die Algemene Sinode het binne die **bevoegdheid** verleen in terme van Artikel 43.1 en 43.6 gehandel deur die besluit te neem *om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk te maak.*

2.4 Die besluit van die Algemene Sinode *om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak*, kan nie anders vertolk word as ’n **voorneme** *om die Belydenis van Belhar deel van die belydenisgrondslag te maak nie*.

2.5 Die besluit kan **nie vertolk word losstaande van die besluit om**, *as deel van die proses,* ***’n deeglike studie te doen*** *van die historiese, teologiese en kontekstuele relevansie van die Belhar Belydenis, ten einde die volgende algemene Sinodesitting en alle kerkvergaderings te adviseer nie.*

2.6 Die Algemene Sinode is nie in 2011 gevra om in terme van Artikel 44 van die *Kerkorde* met ’n tweederdemeerderheid goed te keur dat die Belydenis van Belhar as ’n belydenisskrif *aanvaar* word nie. Artikel 44.1 vereis ’n tweederdemeerderheid van elke sinode én ’n tweederde-meerderheid van twee derdes van alle kerkrade, alvorens die Algemene Sinode in terme van Artikel 44.3 kan besluit om sy eie *Kerkorde* dienooreenkomstig met ’n tweederdemeerderheid te wysig. **Die kerkordelike proses vir die moontlike wysiging van die belydenisgrondslag is hiermee aan die gang gesit**.

2.7 Die Algemene Sinode het in terme van Artikel 44 ’n **voorlopige besluit** geneem oor die wysiging van die Belydenis. Hierdie voorlopige besluit **moet opgevolg word met ’n formulering vir die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde** wat nog deur die volgende Algemene Sinode met ’n tweederdemeerderheidstem goedgekeur moet word. Hierdie voorstel moet *daarna* in terme van Artikel 44.1 vir die vereiste tweederdemeerderheid goedkeuring aan sinodes en kerkrade voorgelê word. Eers nadat hierdie goedkeuring van al die sinodes en tweederdes van die kerkrade met ’n tweederdemeerderheidstem verkry is, kan die voorstel vir die wysiging van Artikel 1 **finaal** in terme van Artikel 44.3 deur die Algemene Sinode met ’n tweederdemeerderheid goedgekeur word.

2.8 Die besluit *om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk te maak*, is **onderhewig** aan die voorafgaande besluit dat dit opgeneem word *op so ‘n wyse dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate nie vanselfsprekend dit as belydenisskrif hoef te aanvaar nie.*

**Die ATR het besluit om bogenoemde uitleg en toepassing aan die Algemene Sinode 2013 vir ratifikasie voor te lê.**



Inhoudsopgawe

**BELHAR 2**

## WYSIGING : ARTIKEL 44.1

Die Algemene Taakspan Regte (ATR) het op 22 tot 24 April 2013 vergader en kennis geneem dat die besluit van die Algemene Sinode 2004 om Artikel 44.1 van die *Kerkorde* te wysig, moontlik nie in terme van Artikel 44.2 van die *Kerkorde* deur 'n daaropvolgende Algemene Sinode met 'n tweederdemeerderheidstem goedgekeur is nie. Die wysiging van Artikel 44.1, aldus Artikel 44.2, kon eers van krag word ***nadat*** elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode ***daarna*** met 'n tweederde-meerderheidstem ten gunste daarvan besluit het. Die Aktuarius is versoek om die agendas en handelinge van die Algemene Sinode én die sinodes na te gaan en die Moderamen met 'n advies te bedien met die oog op die eerskomende Algemene Sinode in Oktober 2013. Daar word soos volg aan die opdrag uitvoering gegee:

1. Die **presiese bewoording** van die Algemene Sinode 2004 se besluit is: *"Artikel 44.1 kry een sinsnede by om te lees: 44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheidstem én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het. Aangesien Art 44 verskans is, moet al die sinodes hierdie wysiging aan Artikel 44 met 'n tweederdemeerderheid goedkeur."* (Handelinge Algemene Sinode 2004, bl 378-9)

2. Die **presiese bewoording van Artikel 44.2** is: *"Artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het* ***en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit****."* (Kerkorde van die Algemene Sinode 2002, Artikel 44.2 steeds ongewysig)

3. Tydens die Algemene Sinode 2007 is soos volg **terugvoering** gegee oor die uitvoering van die besluit van 2004 oor die wysiging van Artikel 44.1 (Agenda Algemene Sinode Junie 2007, Deel I, bl 459):

**"KONTROLERING VAN BESLUITE VAN SINODES OOR KERKORDE ART.44.1**

| | |
|---|---|
| Wes- en Suid Kaapland | Moet nog besluit |
| Oos-Kaapland | Goedgekeur |
| Noord-Kaapland | Goedgekeur |
| Natal | Moet nog besluit |
| Oranje-Vrystaat | Goedgekeur |
| Wes-Transvaal | Goedgekeur |
| Noordelike Sinode | Goedgekeur |
| Hoëveld | Goedgekeur |
| Oos-Transvaal | Goedgekeur |
| Namibië | Goedgekeur |

Sodra die uitstaande sinodes die Artikel goedgekeur het, sal dit van krag word."

Daar is geen verdere vermelding oor die aangeleentheid in die Handelinge van die Algemene Sinode 2007 nie. Aangesien twee sinodes eers ná die Algemene Sinode 2007 vergader het, **kon die Algemene Sinode nog nie uitvoering aan Artikel 44.2 gee nie**, naamlik goedkeuring met 'n tweederdemeerderheid *nadat* al die sinodes met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het. Ongelukkig het die aangeleentheid nie vir finale goedkeuring voor die Algemene Sinode in 2011 gedien nie, en **staan dié goedkeuring steeds oor**. Die vermelding in die Handelinge van die Algemene Sinode 2007 dat die wysiging van Artikel 44.1 van krag word *"sodra"* die uitstaande sinodes dit goedgekeur het, is nie in ooreenstemming met die voorskrif van Artikel 44.2 nie. Daar is ook in die *Kerkorde 2004* by wyse van 'n aantekening by Artikel 44.1 gemeld dat die wysiging eers van krag word *nadat* 'n volgende Algemene Sinode dit met 'n tweederde-meerderheidstem goedgekeur het. **Hieraan is nog nie voldoen nie**.

4. In opdrag van die ATR het die Aktuarius van die Algemene Sinode die **besluite van die onderskeie sinodes** nagegaan ten einde sekerheid te kry of ***al*** die sinodes ooreenkomstig Artikel 44.2 die voorgestelde wysiging met die vereiste tweederdemeerderheidstem goedgekeur het.

4.1 **SINODE VAN WES- EN SUID-KAAPLAND (OKTOBER 2007)**:

> **Aanbeveling**: *"Wysig Art 44.1 om te lees: Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederde-meerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederde-meerderheid ten gunste daarvan besluit het."* (Agenda Sinode Oktober 2007, bl 235)

**Besluit**: *"Goedgekeur met 'n tweederdemeerderheid van stemme."* (Handelinge Sinode Oktober 2007, bl 28)
**Bevinding**: In orde.

4.2 **SINODE VAN OOS-KAAPLAND (JULIE 2005)**:
**Aanbeveling**: *"Die sinode keur die nuwe formulering van Artikel 44.1 goed."* (Agenda Buitengewone Sinode Julie 2005, bl 6)
**Besluit**: *"Goedgekeur met die vereiste twee-derde meerderheid."* (Handelinge Buitengewone Sinode Julie 2005, bl 42)
**Bevinding**: In orde.

4.3 **SINODE VAN NOORD-KAAPLAND (OKTOBER 2005)**:
**Aanbeveling**: *"Die sinode keur die nuwe Kerkorde Artikel 44.1 goed."* (Agenda Sinode Oktober 2005, bl 100)
**Besluit**: *" ... met twee-derde meerderheid goed. Goedgekeur."* (Handelinge Sinode Oktober 2005, bl 144)
**Bevinding**: In orde.

4.4 **SINODE VAN NATAL (OKTOBER 2007)**:
**Aanbeveling**: *"Die Sinodevergadering keur die nuwe Art 44.1 goed, nl 44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het."* (Agenda Buitengewone Sinode Oktober 2007)
**Besluit**: *"Goedgekeur met 'n tweederdemeerderheid."* (Handelinge Buitengewone Sinode Oktober 2007, bl 3)
**Bevinding**: In orde.

4.5 **SINODE VAN ORANJE-VRYSTAAT (OKTOBER 2005)**:
**Aanbeveling**: *"Die Sinode keur Kerkorde (2004) Artikel 44.1 goed."* (Agenda Sinode Oktober 2005, bl 45)
**Besluit**: *"Die Sinode keur Kerkorde (2004) Artikel 44.1 goed."* (Handelinge Sinode Oktober 2005, bl 308, 355)
**Bevinding**: Daar is nie die nodige vermelding in die Handelinge dat die besluit met die vereiste tweederdemeerderheidstem goedgekeur is nie.

4.6 **SINODE VAN WES-TRANSVAAL (APRIL 2005)**:
**Aanbeveling**: *"Die Sinode keur die gewysigde Art 44.1 goed (met tweederdemeerderheid)."* (Agenda Sinode April 2005)
**Besluit**: *"Die Sinode keur die gewysigde Art 44.1 goed (met tweederdemeerderheid)."* (Handelinge Sinode April 2005, bl 37)
**Bevinding**: In orde.

4.7 **SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL (SEPTEMBER 2005)**:
**Aanbeveling**: *"Die Noordelike Sinode besluit ten gunste van die wysiging van KO art 44.1 om te lui: Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het."* (Agenda Sinode September 2005)
**Besluit**: *"Goedgekeur."* (Handelinge Sinode September 2005, bl 81)
**Bevinding**: Daar is nie die nodige vermelding in die Handelinge dat die besluit met die vereiste tweederdemeerderheidstem goedgekeur is nie.

4.8 **SINODE VAN SUID-TRANSVAAL (OKTOBER 2005)**:
**Aanbeveling**: *"44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederde meerderheid ten gunste daarvan besluit het. word geskrap en vervang met: 44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederde meerderheid ten gunste daarvan besluit het."* (Agenda Sinode Oktober 2005, bl 164)
**Besluit**: *"Die sinode keur die voorgestelde wysiging van KO Art 44.1 met 'n tweederdemeerderheid goed."* (Handelinge Sinode Oktober 2005, bl 279)
**Bevinding**: In orde.



Inhoudsopgawe

4.9 **SINODE VAN OOS-TRANSVAAL (OKTOBER 2005)**:

**Aanbeveling**: *"Die Sinode besluit dat Artikel 44.1 soos volg gewysig word: Artikel 44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied, nadat elke Sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het."* (Agenda Sinode Oktober 2005, bl 133)
**Besluit**: *"Aanbeveling - goedgekeur. Hierdie besluit is met 'n tweederde meerderheid goedgekeur."* (Handelinge Sinode Oktober 2005, bl 263-4)
**Bevinding**: In orde.

4.10 **SINODE VAN NAMIBIË (OKTOBER 2006)**:

**Aanbeveling**: *"Die Sinode keur goed dat Artikel 44.1 van die Kerkorde soos volg sal lui: Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied, nadat elke Sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het."* (Agenda Sinode Oktober 2006, bl 18)
**Besluit**: *"Goedgekeur met 'n twee derde-meerderheid."* (Handelinge Sinode Oktober 2006, bl 156)
**Bevinding**: In orde.

5. In die lig van bostaande blyk die **posisie** rakende die goedkeuring van die wysiging van Artikel 44.1 die volgende te wees:

5.1 Al die sinodes het die wysiging goedgekeur, maar bevestiging kan nie op skrif gevind word dat twee sinodes, naamlik die Sinode van Oranje-Vrystaat en die Sinode van Noord-Transvaal, dit met die **vereiste tweederdemeerderheidstem** goedgekeur het nie. Al die ander sinodes het dit wel uitdruklik in die handelinge vermeld.

5.2 Die Algemene Sinode het nog nie aan die vereiste van Artikel 44.2 voldoen nie, naamlik om *nadat* die sinodes dit gedoen het, met 'n tweederde-meerderheidstem ten gunste daarvan te besluit. Omrede nie een van die sinodes tydens die goedkeuringsproses 'n wysiging ten opsigte van die uitgebreide bewoording van Artikel 44.1 voorgestel of aanbeveel het nie, kan die bewoording, soos deur die Algemene Sinode 2004 goedgekeur, nou vir **finale goedkeuring** met 'n tweederdemeerderheidstem aan die Algemene Sinode 2013 voorgelê word. Die Algemene Sinode kan besluit dat dit onmiddellik van krag word, óf dit kan van krag word by die publikasie van die Handelinge/Besluite van die vergadering.

**6. AANBEVELINGS: ARTIKEL 44**
**6.1 Die Algemene Sinodale Moderamen besluit om die Moderamen van die Sinode van Oranje-Vrystaat en die Sinodale Diensraad van die Sinode van Noord-Transvaal te versoek om vóór die Algemene Sinode in Oktober 2013 skriftelik te bevestig dat die besluit oor die wysiging van Artikel 44.1 wel deur die betrokke sinode met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur is.**
**6.2 Die Algemene Sinodale Moderamen besluit om die wysiging van Artikel 44.1, soos deur die Algemene Sinode 2004 goedgekeur, in terme van Artikel 44.2 sonder verdere wysiging aan die Algemene Sinode in Oktober 2013 voor te lê vir finale goedkeuring met 'n tweederdemeerderheidstem.**

**BELHAR 3**

## KOMMENTAAR OP ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE

Hierdie dokument vorm deel van die Aanvullende Verslae wat voor die vergadering aan afgevaardigdes gestuur word.

**BELHAR 4**

## BEGELEIDENDE BRIEF BY DIE BELYDENIS VAN BELHAR

1. Ons is daarvan bewus dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van ’n spesifieke situasie. Ons is daarvan bewus dat so ’n daad van belydenis nie ligtelik gedoen word nie, maar slegs as geoordeel word dat die hart van die evangelie self op die spel staan en bedreig word. Na ons oordeel verg die kerklike en politieke situasie binne ons land en veral die Ned Geref Kerk-familie tans so ’n beslissing. Ons doen hierdie belydenis dus nie as ’n teologiese gespreksbydrae of as ’n nuwe samevatting van al ons geloofsgoedere nie, maar as ’n kreet uit die hart, as ’n dwang wat ons opgelê is, om die evangelie ontwil in die lig van die oomblik waarin ons staan. Ons bely saam met vele ons skuld daarin dat ons nie altyd duidelik genoeg hieroor getuig het nie en gevolglik mede-verantwoordelik is daarvoor dat wat as sonde ervaar en bely is of as sonde ervaar en bely moes word, mettertyd gegroei het tot vanselfsprekendhede en skrifvreemde ideologieë en dat die indruk by vele geskep is asof die evangelie nie waarlik op die spel was nie. Ons spreek hierdie belydenis uit omdat ons oordeel dat allerlei teologiese argumente daartoe bygedra het om aspekte van die waarheid so eensydig te beklemtoon dat dit in die leuen verander het.

2. Ons is daarvan bewus dat die enigste gesag agter so ’n belydenis en die enigste grond waarop dit uitgespreek kan word die Heilige Skrifte as die Woord van God is. Volkome bewus van die waagstuk verbonde aan so ’n daad, oordeel ons tog dat ons geen ander keuse het nie. Ons is boonop daarvan bewus dat geen ander motiewe of oortuigings, hoe geldig hulle ook al mag wees, ons die reg veroorloof tot ’n daad van belydenis nie. Dit moet ’n kerklike handeling wees ter wille van die suiwerheid en die geloofwaardigheid van die kerk en sy boodskap alleen. Sover dit moontlik is voor die mense verklaar ons hiermee dat ons enigste dryfveer geleë is in ons vrees dat die waarheid en krag van die evangelie self bedreig word in hierdie situasie. Ons wil geen groepsbelang dien, partyskappe bevorder, teologieë bevorder of bymotiewe verwesenlik nie. Teselfdertyd weet ons dat ons diepste bedoelinge slegs na ware beoordeel kan word deur Hom voor Wie alles oop en bloot is. Ons spreek hierdie belydenis nie uit vanaf sy troon en uit die hoogte nie, maar voor sy troon voor die mense. Ons pleit daarom dat hierdie belydenis nie misbruik sal word deur enigiemand met allerlei bymotiewe nie en dat dit ook nie vanuit sulke motiewe teegestaan sal word nie. Ons begeerte is om geen valse struikelblokke in die weg te lê nie, maar om heen te wys na die egte struikelblok, die rots Jesus Christus.

3. Ons spreek hierdie belydenis nie uit teen spesifieke mense of groepe van mense of ’n kerk of kerke nie. Ons spreek hierdie belydenis uit teen ’n valse leer, teen ’n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig. Ons versugting is dat niemand hulle vereenselwig met hierdie verwerplike leer nie en dat almal wat heeltemal of gedeeltelik daardeur verblind is hulle daarvan sal afkeer. Ons is terdeë bewus van die verleidelike aard van so ’n valse leer en weet dat vele daardeur gekondisioneer is en in mindere of meerdere mate die halwe waarheid leer glo het as die volle. Ons betwyfel daarom nie talle van sulke mense se Christelike geloof, hulle opregtheid eerlikheid, integriteit en goeie bedoelinge en in baie opsigte lofwaardige handelswyse nie. Juis omdat ons egter die krag van die misleiding ken, is ons daarvan bewus dat nie die erns, opregtheid en intensiteit van ons sekerhede ons vrymaak nie, dog slegs die waarheid in die Seun. Aan dié bevryding het ons kerk en ons land ’n intense behoefte. Ons praat daarom pleitend en nie beskuldigend nie. Ons pleit om versoening, dié egte versoening wat volg op bekering en verandering van gesindhede en ordeninge. Ons is daarby daarvan bewus dat ’n daad van belydenis ’n tweesnydende swaard is, dat niemand van ons die eerste klip kan gooi of nie self ’n balk in die eie oog het nie. Ons weet dat die gesindhede en optrede wat die evangelie teëwerk by ons almal aanwesig is en sal bly. Daarom is hierdie belydenis niks anders nie as ’n oproep tot voortdurende gesamentlike selfondersoek, stryd en bereidheid tot bekering in die Naam van ons Here Jesus Christus in ’n gebroke wêreld. Dit wil geen daad van selfregverdiging en onverdraagsaamheid wees, sodat ons terwyl ons vir andere preek, dalk self verwerplik sal wees nie.

4. Ons bede is dat hierdie daad van belydenis nie valse struikelblokke in die weg sal lê en daardeur valse verdelinge sal veroorsaak en bevorder nie, dòg versoenend en verenigend sal wees. Ons is daarvan bewus dat so ’n daad van belydenis en ’n proses van versoening noodwendig veel pyn meebring. Dit verg die pyn van bekering, berou en skuldbelydenis. Dit verg die pyn van lewensvernuwing en verandering, sowel individueel as gesamentlik. Dit plaas ons op ’n pad waarvan ons die einde nie kan voorsien of na ons eie wense kan manipuleer nie. Op dié pad sal ons onvermydelik intense groeipyne ervaar terwyl ons worstel om die vervreemding, die bitterheid, die onversoendheid en die vrees te oorwin.

5. Ons sal sowel onsself as mekaar nuut moet leer ken en beleef. Ons is terdeë daarvan bewus dat hierdie belydenis roep om die aftakeling van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het. Ons bely egter dat daar ter wille van die evangelie geen ander uitweg moontlik is nie. Ons bede is dat ons broeders en susters dwarsdeur die Ned Geref Kerk-familie, maar ook daarbuite, hierdie nuwe begin sààm met ons sal wil maak, sodat ons sààm kan vry word en sààm hierdie weg van versoening en geregtigheid kan gaan. Ons bede is dat hierdie droefheid gevolglik 'n droefheid tot verlossing sal wees. Ons glo dat dit moontlik is in die krag van onse Here en deur sy Gees. Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus hoop, bevryding, heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring.

## DIE BELYDENIS VAN BELHAR 1986

| | |
|---|---|
| | 1. Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur sy Woord en Gees sy Kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe. |
| | 2. Ons glo aan een heilige algemene christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag. |
| Ef 2:11-22 | Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is; |
| Ef 4:1-16 | dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaar en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word; |
| Joh 17:20, 23 | dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo; dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word; |
| Fil 2:1-5<br>1 Kor 12:4-31<br><br>Joh 13:1-17<br>1 Kor 1:10-13<br><br>Ef 4:1-6<br>Ef 3:14-20<br>1 Kor 10:16-17<br>1 Kor 11:17-34<br>Gal 6:2<br>2 Kor 1:3-4 | dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen; daarin dat ons skuldig is om onsself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee; daarin dat ons geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdrenk is, van een brood eet en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel, saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig; |
| Rom 12:3-8<br>1 Kor 12:1-11<br>Ef 4:7-13<br>Gal 3:27-28<br>Jak 2:1-13 | dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus |

| | |
|---|---|
| | geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God; |
| | dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk. |
| | *Daarom verwerp ons enige leer wat óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie;* |
| | *wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onversoendheid;* |
| | *wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaar sonde is;* |
| | *wat, uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk.* |
| 2 Kor 5:17-21<br>Matt 5:13-16<br>Matt 5:9<br>2 Pet 3:13<br>Open 21-22 | 3. Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon; |
| Efes 4:17-6:23<br>Rom 6<br>Kol 1:9-14<br>Kol 2:13-19<br>Kol 3:1-4:6 | dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring; |
| | dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderling vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig; |
| | dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoenende krag van die evangelie by voorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is. |
| | *Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en belewing van die versoening in Christus by voorbaat* |



Inhoudsopgawe

| | |
|---|---|
| | *belemmer en van krag beroof.* |
| Deut 32:4<br>Luk 2:14<br>Joh 14:27<br>Efes 2:14<br>Jes 1:16-17<br>Jak 1:27<br>Jak 5:1-6<br>Luk 1:46-55<br>Luk 6:20-26<br>Luk 7:22<br>Luk 16:19-31 | 4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat vir Hón reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek; |
| Ps 146<br>Luk 4:16-19<br>Rom 6:13-18<br>Amos 5 | dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom; |
| | dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel. |
| | *Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.* |
| Ef 4:15-16<br>Hand 5:29-33<br>1 Pet 2:18-25<br>1 Pet 3:15-18 | 5. Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees.<br>Jesus is die Heer.<br>Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid. |

# A.12.5 RIGLYNE VIR DIE STRYD TEEN ARMOEDE EN SOSIALE ONGEREGTIGHEID

## 1. OPDRAG

**1.1** Die Algemene Sinode van 2011 het die volgende besluite oor armoede en sosiale ongeregtigheid geneem:

***Die Algemene Sinode***
***1. spreek sy diepe kommer uit oor die hoë vlakke van werkloosheid, armoede en sosiale ongeregtigheid asook die groter-wordende kloof tussen ryk en arm en die invloed wat die faktore op morele verval, misdaad en geweld in Suidelike Afrika het.***
***2. neem met dank kennis van die talle projekte op die terrein van armoedebekamping en maatskaplike ontwikkeling waarby die verskillende verbande van die kerk reeds betrokke is.***
***3. besluit dat die stryd teen armoede en sosiale ongeregtigheid 'n hoë prioriteit op die kerk se agenda moet wees en versoek die Moderamen om as 'n saak van dringendheid riglyne aan gemeentes, ringe en sinodes te gee hoe die kerk verder by hierdie stryd betrokke kan wees.***
***4. versoek die Moderamen dat in die beplanning van die volgende Algemene Sinode daaraan aandag gegee sal word dat die sinodesitting ook 'n leefstyl van soberheid sal weerspieël.***

**1.2** Om uitvoering aan die bogenoemde besluite te gee, het die Moderamen in Maart 2012 drr Braam Hanekom en Botha van Aarde as projekleiers aangewys om uitvoering aan bogenoemde opdrag te gee. Nadat dr Braam Hanekom vanweë werksdruk onttrek het, is me Elize Bezuidenhout aangewys om saam met dr Van Aarde as projekleier op te tree.
**1.3** 'n Taakspan is saamgestel om <u>*Riglyne vir die stryd teen Armoede en Sosiale Ongeregtigheid*</u> te ontwikkel. Vanweë die uiteenlopende omstandighede van gemeentes binne die NG Kerkfamilie was dit van die begin af duidelik dat dit nie moontlik is om 'n eenvormige strategie en aksieplanne te ontwikkel nie. In hierdie verslag gaan dit dus oor algemeen-geldende riglyne wat die etos en waardes vir die Kerk se betrokkenheid by armoede en sosiale ongeregtigheid kan rig.

## 2. PROSES

**2.1** Voordat riglyne vir die stryd teen armoede ontwikkel kon word, het die taakspan eers gevra, "*Wat gebeur reeds in die kerklike omgewing?"* Dié vraag moes vanuit twee hoeke beantwoord word: (1) wat gebeur reeds in die sinodaal-georganiseerde professionele maatskaplike dienste van die kerk (KMDR), en (2) wat gebeur op die terrein van die plaaslike gemeentelike diakonaat. Die statistiese gegewens van die professionele maatskaplike dienste word in die verslag van die KMDR aan die Algemene Sinode volledig hanteer. Inligting oor gemeentelike diakonaat is egter nie so maklik verkrygbaar nie en Hugenote Kollege is genader om voorlopige navorsing te doen oor wat tans in gemeentes gebeur. *Die volledige **verslag van die Hugenote Kollege** is as afsonderlike stuk aan afgevaardigdes beskikbaar gestel.* Die taakspan is van mening dat daar oor die **bevindings** van die bogenoemde twee vrae verder nagedink moet word om uiteindelik by 'n breër strategie vir die kerk se stryd teen armoede uit te kom.
**2.2** Uit die eerste refleksie oor die data het sekere temas vir riglyne aan gemeentes en die kerk in al haar verbande na vore gekom en dit word verder in die verslag bespreek.

## 3. KONTEKS

Hoe die Kerk haar konteks verstaan, is bepalend vir hoe sy by die stryd teen armoede en sosiale ongeregtigheid betrokke sal raak. Die konteks kan natuurlik vanuit verkillende hoeke benader word. Die projekspan het gepoog om die konteksvraag te beantwoord deur te kyk na die *NG Kerk* self, *die omgewing*, en die verskillende maniere hoe die *konsep van armoede* verstaan word.

### 3.1 HOE LYK DIE KERK?

**3.1.1** Die NG Kerkfamilie se kerkbegrip, of selfverstaan, behoort haar optrede te bepaal.
**3.1.2** Die NG Kerk se identiteit lê diep gewortel in die gereformeerde tradisie. Binne die gereformeerde tradisie is *rentmeesterskap* 'n sentrale begrip as daar oor besittings en armoede nagedink word. Die mens is slegs rentmeesters van God se eiendom. Rykdom word verstaan as genadegawes uit die hand van die Here.
**3.1.3** Mense is beelddraers van God en gelyk voor Hom. Daarom kan die NG Kerkfamilie haarself goed vereenselwig met die bekende uitspraak van Mahatmar Ghandi, "*The world has enough for everyone's need, but not for everyone's greed."* Die Kerk stem ook saam met wat Noble, Ratcliffe en Wright sê, "*… poverty is not just a state of affairs, it is an unacceptable state of affairs…"*

**3.1.4** Die NG Kerk het in al haar roepingsverklarings daaroor getuig dat sy vanuit haar identiteit verstaan dat sy deur God geroep is om 'n verskil in Suider-Afrika te maak. Die Kerk verstaan haar betrokkenheid in die wêreld in terme van God en Sy betrokkenheid by die wêreld, Sy *Missio Dei*, en haar rol as *gestuurdes na die wêreld* speel vanselfsprekend 'n belangrike rol in die ontwikkeling van riglyne en strategieë oor armoede en sosiale ongeregtigheid.
**3.1.5** Een van die grootste uitdagings binne die NG Kerkfamilie is die geweldige verskil tussen ryk en arm. Die gaping tussen ryk en arm is soms groter as die taal- en kultuur-gaping in die breë NG Kerkfamilie. Omdat die Kerk in hierdie opsig 'n weerspieëling van die samelewing is, is die groot verskil tussen ryk en arm in Suid-Afrika (sien 3.2 hieronder) ook binne die NG Kerkfamilie sigbaar. Dit is waar van individue, maar ook van gemeentes waar brandarm en skatryk gemeentes dikwels langs mekaar funksioneer.

### 3.2 HOE LYK DIE OMGEWING?

**3.2.1** Afrika word wêreldwyd as een van die armste kontinente beskou en Suider-Afrika is hierin deel van Afrika. Sonder om op die oorsake en strukturele probleme daaragter in te gaan, moet aanvaar word dat w*erkloosheid* in die kern van die armoedeprobleem in Suid-Afrika staan. Volgens Statistiek Suid-Afrika het die amptelike werkloosheidsyfer in die eerste kwartaal van 2013 tot 25,2% gestyg (daar is navorsers wat dit selfs so hoog as 28% stel). Hierdie werkloosheidsyfers word gesien as die hoofoorsaak van armoede en allerlei ander maatskaplike euwels soos misdaad, geweld, dwelmmisbruik, ens.
**3.2.2** Die *Country Report* oor die *Millenium Development Goals* dui aan dat die aantal Suid-Afrikaners wat onder die broodlyn leef tussen 2000 en 2006 afgeneem het van 28,5% tot 24,8%[1]. Du Toit (2005:5) argumenteer egter dat die algemene situasie rondom armoede nie na wense verbeter nie. Hy verwys na die sogenaamde twee-ekonomieë debat en President Zuma se standpunt dat baie mense in Suid-Afrika "vasgevang" word in 'n Derde Wêreld-ekonomie terwyl hulle langs 'n Eerste Wêreld-ekonomie 'n bestaan probeer voer.[2] Ten spyte van bovermelde afname in persone wat onder die broodlyn leef, het die aantal ondervoede kinders in Suid-Afrika egter toegeneem van 9.3% in 1994 tot 10.2% in 2005 (Millenium Develpment Goals, Country Report 2010:25).
**3.2.3** Om 'n antwoord op die bogenoemde probleme te soek, het die regering die Nasionale Beplanningskommissie onder leiding van min Trevor Manuel gestig. Die Kommissie het die *Nasionale Ontwikkelingsplan vir 2030* opgestel met 'n omvattende visie vir Suid-Afrika. Op al die terreine wat die Plan aanspreek, kan die Kerk 'n inset lewer. In 'n verslag aan die Moderamen wys ds Willie van der Merwe op minstens 4 terreine in die Plan waarby die kerk, en by name gemeentes, prakties betrokke kan raak:
- Die transformasie van die samelewing;
- Die stryd teen korrupsie en die bevordering van verantwoordelikheid;
- Die maatskaplike beskerming van mense in nood;
- Die ontwikkeling van 'n lae-koolstof ekonomie.

Hierdie terreine word weer in die riglyne aan gemeentes, ringe en sinodes herhaal.[3]

### 3.3 HOE LYK ARMOEDE?

Om 'n algemeen-geldende werkdefinisie van armoede te ontwikkel, is bykans onmoontlik. Daarvoor is armoede net té kompleks met té veel kante en vlakke. Wat vir een persoon *armoede* is, is dikwels nie vir 'n ander persoon of groep *armoede* nie. In die Suid-Afrikaanse konteks is 'n wye verskeidenheid van gemeenskappe en omstandighede wat armoede verskillend ervaar.

#### 3.3.1 Sieninge oor armoede

Daar is tans verskillende sieninge oor armoede wat die probleem vanuit verkillende kante benader. Die absolute minimum bedrag om te oorleef (minimum lewenstandaard) is die klassieke kyk na armoede. 'n Ander benadering is om na mense en gemeenskappe se vermoë om te oorleef te kyk. Dit gaan dus hier oor materiële vermoëns sowel as ander behoeftes soos vervoer, gesondheidsdienste, ens. Amartya Sen sluit selfs die vermoë om nie in skaamte te leef nie, in. Nog 'n benadering is om na armoede te kyk as sosiale uitsluiting. Mense is dus arm wanneer hulle uit die hoofstroom van die lewe uitgesluit word.
In 'n memorandum wat by die ASM gedien het, noem ds Willie van der Merwe drie sake wat daartoe bydra dat die armoedevraagstuk in Suid-Afrika verdiep. Ongelyke inkomste (die gaping tussen ryk en arm), die

---

[1] Suid-Afrika. 2010. Millenium Development Goals: Country Report. 2010. Pretoria: Minister in die Presidensie; Beplanning.

[2] Du Toit, A. 2005. Chronic and structural poverty in South Africa: Challenges for action and research. Cape Town: Chronic Poverty Research Centre.

[3] Die ***Executive Summary*** van die Ontwikkelingsplan en die ***Memorandum insake die Kerk se betrokkenheid by die Nasionale Ontwikkelingsplan*** van ds Van der Merwe, dien as aanvullende dokumente tot hierdie verslag en is in die KMDR kantoor beskikbaar.

minimum lewensstandaard (kyk 2.2 hierbo) en die werkloosheidsyfer is waarskynlik die grootste oorsake van die probleem.[4]

Die volgende werksdefinisie van armoede is aan die Moderamen voorgelê en kan voorlopig aanvaar word:

***Die NG Kerk verstaan dat armoede 'n omvattende vraagstuk is wat ekonomiese, maatskaplike, fisiese en religieuse dimensies het. Die kerk aanvaar ook dat mense in verskillende kontekste armoede op verskillende maniere kan ervaar. Die Kerk verstaan verder dat armoede mense uitsluit van geleenthede om op 'n selfstandige en volhoubare wyse volgens 'n aanvaarbare standaard 'n bestaan te kan maak. Dit ontneem mense die geleentheid tot selfvervulling asook van die geleentheid om 'n bydrae tot die gemeenskap waarin hulle leef, te kan maak.***

**3.3.2 Die Christelike perspektief op armoede en menswaardigheid.**
Die Christelike perspektief op menswaardigheid beklemtoon dat die mens se waarde ten diepste deur God se onvoorwaardelike trou en verbintenis aan mense bepaal word. In sy artikel oor *Menswaardigheid en Armoede* voeg ds Pieter Grove die perspektief van strukturele armoede by die bogenoemde sieninge oor armoede as nog 'n perspektief waarvan ons moet kennis neem. Strukturele armoede ontstaan wanneer sosiale, politieke en ekonomiese sisteme die geleenthede en hulpbronne in die samelewing skeeftrek en oneweredig aan mense toewys.

Die *Belydenis van Belhar* verwys ook na die menswaardigheid van die mens en ons roeping om mekaar op alle terreine te ondersteun. Die Kerk moet dus die inherente waardigheid van die mens voor God en 'n positiewe samelewingsorde kombineer in haar stryd teen armoede. Die nuwe *Seisoen van Menswaardigheid* sal hierin 'n groot bydrae lewer.[5]

## 4. BEVINDINGE

In die navorsing oor die werksaamhede van die lidorganisasies van die KMDR (kyk KMDR-verslag) en die gemeentelike diakonaat soos deur Hugenote Kollege gedoen, staan daar veral drie pilare uit waarop die kerk se betrokkenheid in die stryd teen armoede en maatskaplike ongeregtigheid behoort te rus. Binne die kader van die kerklike maatskaplike dienste staan dit bekend as die **versorging ("caring")** van mense in nood, die **ontwikkeling (kapasiteitsbou)** van mense en gemeenskappe, en die Kerk se **publieke getuienis (profetiese stem)** teen armoede en sosiale ongeregtigheid. Die bevindinge van die navorsing oor diakonaat noem dieselfde pilare in terme van **armoedeverligting, armoedebestryding** en die Kerk se **advokaatrol.**

### 4.1 VERSORGING / ARMOEDEVERLIGTING

**4.1.1** Ps 72:12 sê: *"Hy sal die arme red wat om hulp roep, die verdrukte en dié wat geen helper het nie."* Die Kerk moet versorg! Dikwels word die Kerk geroep om slegs daar-te-wees en hand-vas-te-hou al kan daar nie veel aan die omstandighede van die persoon in nood gedoen word nie. Baie ander samelewingsverbande werk hard aan die ontwikkeling van mense en gemeenskappe. Dit moet die Kerk ook doen, maar soms word die plafon van ontwikkeling en groei bereik en dan het die Kerk 'n versorgings- ("caring") rol. Alhoewel baie meer gedoen moet word, is die Kerklike Maatskaplike Dienste in al sy verbande reeds op 'n wye verskeidenheid gebiede hiermee besig. Die verskillende professionele diensarms van die Kerk binne die netwerk van die KMDR (CMRade, Versorgingsinrigtings, Tuisversorgingsprojekte, ens) is in 'n groot mate hiervoor verantwoordelik.
**4.1.2** Statistiese gegewens word in die KMDR verslag vervat, maar dit het nodig geword om dieper navorsing oor die impak van die versorgingsdienste van die Kerk te doen. Strategiese navorsing is ook belangrik om te bepaal wat reeds gedoen word en waar daar gapings lê wat nog gevul moet word. Hugenote Kollege is goed geposisioneer om sodanige navorsing te doen.
**4.1.3** Die navorsing van Hugenote Kollege het aangedui dat gemeentelike diakonale projekte hoofsaaklik armoedeverligting aanspreek. Dit word deur korttermyn projekte gedoen en spreek die onmiddelike bestaansbehoefte van die individu aan, bv voedsel, klere, ens.

### 4.2 ONTWIKKELING EN KAPASITEITSGROEI / ARMOEDEBESTRYDING

**4.2.1** 'n Ontwikkelingsgerigte benadering in kerklike diakonaat vra dat kapasiteitsontwikkeling op twee vlakke sal gebeur. Statisties word die grootste persentasie individue met ontwikkelingsprojekte van lidorganisasies bereik.

---

[4] Die ***Memorandum oor 'n moontlike Werksdefinisie oor Armoede*** van ds Willie van der Merwe aan die Moderamen dien as aanvullende dokument en is in die KMDR kantoor beskikbaar.

[5] Die artikel van ds Pieter Grove oor ***Menswaardigheid en Armoede*** en die ***Belydenis van Belhar,*** dien as aanvullende dokumente en is in die KMDR kantoor beskikbaar.



Inhoudsopgawe

**4.2.2** Aan die een kant sal **die mens in nood** self en sy omgewing sodanig ontwikkel moet word dat volhoubare versorging, groei en genesing kan plaasvind. Hier geld die ou spreekwoord dat dit beter is om iemand te leer visvang as om aan hom ’n vis te gee. Hiervoor is die NG Kerkfamilie baie goed geposisioneer met ’n bykans onuitputlike bron van kundigheid en vaardighede by lidmate wat op verskillende maniere benut kan word. *Onderwys en opleiding,* in al sy vorme, speel hierin ’n belangrike rol.
**4.2.3** Aan die ander kant moet **lidmate van die kerk** en ander vrywilligers toegerus word om te midde van armoede en sosiale ongeregtigheid te lewe. As ons ’n getuienis wil lewer, en mense wil versorg, moet ons weet hoe om dit te doen. Die Kerk moet ’n kerk VIR armes wees, maar ook ’n kerk VAN armes. Daarom moet ons by mekaar leer en het ons die ander lede van die Familie van NG Kerke baie nodig.
**4.2.4** Die belangrikste punt van toerusting is waarskynlik om ’n bewustheid oor armoede en sosiale ongeregtigheid by lidmate te kweek. ’n Bewustheid wat in ’n “golf” sal ontwikkel en wat as’t ware ’n nuwe spiritualiteit oor ons rol in die wêreld by gelowiges sal bring.

### 4.3 PUBLIEKE GETUIENIS / ADVOKAATROL

**4.3.1** In die welsynsomgewing waarbinne die lidorganisasies van die KMDR funksioneer, word deurlopend getuig oor die oorsake van armoede en swak dienslewering aan mense in nood. Saam met ander welsynsorganisasies laat hoor die KMDR deurlopend ’n positiewe stem oor die Bybelse boodskap in terme van die versorging, ontwikkeling en menswaardigheid van mense.
**4.3.2** Die Kerk, en gemeentelike diakonaat by name, het ook ’n stem wat waarsku en ongeregtigheid op alle vlakke uitwys en aanspreek. Die Kerk se profetiese stem moet in alle samelewingsverbande en op alle vlakke waar armoede en ongeregtigheid leef, gehoor word. Daarom sal die stryd ook op plaaslike, munisipale, vlak in gemeenteverband moet plaasvind.

### 4.4 NAVORSING OOR GEMEENTELIKE DIAKONAAT

Uit Hugenote Kollege se navorsing oor gemeentes van die NG Kerk se betrokkenheid by die stryd teen armoede en maatskaplike ongeregtigheid blyk die volgende[6]:
**4.4.1** Die oorgrote meerderheid van die gemeentes in die steekproef (98%) is op die een of ander manier betrokke by die nood van lidmate en nie-lidmate, meestal by persone en gesinne in finansiële nood, bejaardes, kinders, enkelouers en siekes. Dit blyk ook duidelik dat gemeentes nie spesifieke kriteria het waarolgens bepaal word aan wie die dienste gelewer word nie. Almal wat hulp nodig het, word sover dit moontlik is gehelp.
**4.4.2** Die beperkinge wat gemeentes ondervind, het volgens die data wat ingesamel is te make met beperkte bronne soos finansies, die beperkte betrokkenheid van staatsdiensdepartemente, die groeiende getal ouer mense in die gemeentes en ’n gebrek aan ’n gesindheid van diensbaarheid en omgee.
**4.4.3** Die aktiwiteite van gemeentes in die stryd teen armoede kan in twee groepe ingedeel word, naamlik armoedeverligting of noodlening en armoedebestryding met die klem op die ontwikkeling van mense en gemeenskappe. Uit die navorsing blyk dit dat ’n groot getal gemeentes betrokke is by projekte om die onmiddelike nood van mense te verlig deur voeselvoorsiening (69.4%). ’n Beduidende getal gemeentes het ook projekte om komberse en klere, en selfs skuiling en ander nooddienste, te voorsien aan mense in nood. Die projekte is meestal ad hoc en korttermyn van aard.
**4.4.4** Die betrokkenheid van gemeentes by armoedebestryding is beoordeel aan die hand van elf aspekte wat benut kan word om die volhoubaarheid van verandering te bewerkstellig (Maser 1997: 191-192). Die fokus is dus langtermyn van aard. Uit die navorsing blyk dit dat gemeentes moeiliker by sulke aktiwiteite betrokke raak, byvoorbeeld: slegs 5.7% van die gemeentes is betrokke by probleemoplossende programme soos gespreksforums wat gefasiliteer word om langtermyn oplossings vir voortslepende maatskaplike probleme te vind (ook deur die vorming en ontwikkeling van netwerke), en slegs 31,5% bied programme aan wat op handvaardigheid fokus. Ontwikkelingsgerigte beginsels soos die selfbeskikkingsreg en die kollektiewe betrokkenheid en verantwoordelikheid van die diensontvangers, funksioneer minimaal in die beplanning van projekte en dit beperk volhoubare verandering.
**4.4.5** Die navorsing het verder ondersoek ingestel na gemeentes se betrokkenheid by die bestryding van werkloosheid. Weereens kan die projekte in twee groepe ingedeel word, naamlik inkomste-ondersteuning wat korttermyn van aard is en die ontwikkeling van ’n werksmag wat ’n lang- of korttermynprogram kan wees. Ongeveer 40% van die gemeentes in die steekproef is betrokke by eenmalige (of korttermyn) noodhulp in die vorm van kos, die voorsiening van geld vir huishuur en elektrisiteit, skoolgeld en mediese dienste. Gemeentes is ook betrokke by skuldbemiddeling en die onderhandeling vir goedkoper dienste.
**4.4.6** Wat die ontwikkeling van mense vir die arbeidsmark aanbetref, is 20% van die gemeentes betrokke by programme wat fokus op die voorkoming en rehabilitasie van middelafhanklikheid, geletterheidsprogramme, die ontwikkeling van vaardighede om bemarkbaarheid te verhoog en vir die werksoekproses en finansiële geletterheid. ’n Kleiner aantal gemeentes (11,4%) is betrokke by die ontwikkeling van entrepeneurskap.

[6] Die paragrawe wat volg is ’n opsomming van die bevindinge van die navorsing.

**4.4.7** Daar is ook ondersoek ingestel na gemeentes se betrokkenheid in die stryd teen maatskaplike ongeregtigheid. ’n Aantal gemeentes (47,1%) het gerapporteer dat hulle deelneem aan bewusmakingsaksies rakende die regte van vroue, kinders en persone met ’n gestremdheid. ’n Klein getal gemeentes (25,7%) is betrokke by die mobilisering van gemeenskappe om aan forums of netwerke deel te neem en mense aan moedig tot aktiewe burgerskap (34,3%).
**4.4.8** Wat die impak van projekte aanbetref, verbaliseer gemeentes besorgdheid oor die moontlikheid dat projekte ’n ontvanger-/afhanklikheidskultuur kan bevorder en meen hulle dat doelbewus daarteen gewaak moet word. Hierdie aspek het ook te make met die behoefte om maniere te vind om volhoubare verandering deur middel van dienste te verseker. Die data dui verder daarop dat doelbewus daarop gefokus moet word om diensontvangers te respekteer en selfvertroue by die ontvangers te bevorder. Deelnemers moet meer betrek word in die dienslewering en gehelp word om groter eienskap te aanvaar.
**4.4.9** Respondente het enkele faktore geïdentifiseer wat na hul mening kan bydra tot groter sukses. Hieronder ressorteer dat aksies in samewerking of vennootskap met ander diensverskaffers onderneem word, aksies wat daarop fokus om lidmate bewus te maak van die nood in die samelewing asook van maniere waarop hulle by aksies betrokke kan raak, die goeie beplanning van projekte en viering van suksesse.

## 5. RIGLYNE

Die riglyne wat hieronder volg, is gebaseer op die bevindinge van die navorsing[7] en word verdeel in riglyne rakende gemeentes se betrokkenheid in die stryd teen armoede, werkloosheid en ongeregtigheid en riglyne ten opsigte van die kerk se publieke getuienis.

### 5.1 RIGLYNE RAKENDE GEMEENTES SE BETROKKENHEID

**5.1.1** Ten einde groter effektiwiteit en volhoubare verandering te verseker, is dit nodig dat ad hoc korttermynaksies geïntegreer word met langtermynstrategieë, asook dat gemeentelike projekte en professionele kerkllike maatskaplike dienste verskillende projekte op een kontinuum, naamlik die kerk se betrokkenheid in die stryd teen armoede, werkloosheid en ongeregtigheid, gesien word.
**5.1.2** Die psigo-sosiale en geestelike ontwikkeling van mense is ’n belangrike aspek van die stryd teen armoede, werkloosheid en maatskaplike ongeregtigheid, en gemeentes kan hierin ’n groot rol speel. In die implementering van programme behoort die waardigheid en selfbeskikkingsreg van diensontvangers altyd voorop gestel te word. Om by mense betrokke te raak, impliseer altyd ’n verhouding. Dit behels ’n doelgerigte proses wat deur gemeenteleiers gefasiliteer moet word om gesonde, opbouende interpersoonlike verhoudinge te ontwikkel, uit te brei en in stand te hou.
**5.1.3** Alhoewel noodleniging en die voorsiening in die onmiddelike lewensbehoeftes van mense ’n noodsaaklike komponent in die stryd teen armoede is, is langer termyn ontwikkelingsprogramme en prosesse wat fokus op volhoubare verandering net so nodig.
**5.1.4** In die beplanning van programme behoort die bepaalde drywers van armoede, werkloosheid en maatskaplike ongeregtigheid in ’n gegewe konteks deeglik ondersoek te word en voorkeur moet gegee word aan programme wat daarop fokus om die impak daarvan teen te werk.
**5.1.5** Alle gemeentelike programme behoort in samewerking met die diensontvangers en die gemeenskappe waarin die programme gaan funksioneer, beplan en geïmplementeer te word.
**5.1.6** Fyn onderskeiding van die roeping en Christelike etos as dryfvere vir diensbaarheid moet deurgaans voorgehou word.
**5.1.7** Deelname in ekumeniese vennootskappe en gemeenskapsnetwerke kan gemeentes se betrokkenheid in die stryd teen armoede, werkloosheid en ongeregtigheid verhoog. Aan die een kant versterk vennootskappe en netwerke menslike kapitaal deurdat dit ’n verskeidenheid van kennis, vaardighede en hulpbronne verseker. Deelname deur diensverskaffers aan hierdie programme en prosesse, aan die ander kant, bied die geleentheid om sodanige vaardighede deur modellering te ontwikkel.

### 5.2 RIGLYNE RAKENDE DIE KERK SE PUBLIEKE GETUIENIS TEN OPSIGTE ARMOEDE EN MAATSKAPLIKE ONGEREGTIGHEID

**5.2.1** Ten einde die geloofwaardigheid van die kerk se publieke getuienis te bevorder, moet gemeentes en die kerkverbande goed ingelig wees oor sowel die problematiek as die kerk se betrokkenheid in die genoemde stryd.
**5.2.2** Aktiewe gesprekvoering met die staat op al drie vlakke van regering is nodig om die aard van die vennootskap tussen die kerk en die staat te konseptualiseer in terme van die unieke aard en bydrae van elk van die partye. In hierdie gesprek moet die staat as mede-vennoot bewusgemaak word van die kerk se huidige rol en die omvang van die kerk se dienste rakende maatskaplike kwessies, asook die feit dat dienste gelewer word aan mense in nood ongeag hulle kerkaffiliasie. Die gebrek aan finansiële steun van

[7] Die navorsing sluit die data van die KMDR in.

dienste wat reeds bestaan en ’n verskil maak, moet onder relevante departemente se aandag gebring word asook moontlike impak in gemeenskappe sou hierdie dienste getermineer word.
**5.2.3** In die stryd teen armoede en ongeregtigheid is die opneem van haar advokaatrol ’n kernaktiwiteit van die kerk. Die sinvolle uitleef van dié rol is egter afhanklik van die kerk se vermoë om waarlik solidêr te wees met die belewenisse van arm en werklose mense en diegene wat slagoffers van ongeregtigheid is.

## 6. AANBEVELINGS: STRYD TEEN ARMOEDE EN SOSIALE ONGEREGTIGHEID

**6.1 Die Algemene Sinode bevestig opnuut dat die volgehoue stryd teen armoede en ongeregtigheid ’n hoë prioriteit op die kerk se agenda moet wees. Derhalwe versoek die Algemene Sinode die KMDR en VDDG om:**
**6.1.1 verder navorsing te doen oor die impak van kerklike programme op armoede en ongeregtigheid;**
**6.1.2 navorsing te doen oor die verhouding en samewerking tussen gemeentes en kerklike maatskaplike diensorganisasies ten opsigte van die stryd teen armoede, werkloosheid en ongeregtigheid;**
**6.1.3 die riglyne in die verslag verder te ontwikkel in strategie wat deur gemeentes geïmplementeer kan word;**
**6.1.4 Hugenote Kollege te betrek om gepaste kursusse te ontwikkel wat gemeentes in die uitvoering van hulle diakonale roeping kan ondersteun.**

## 7. SLOTOPMERKINGS

Dit was vir die Taakspan ‘n voorreg om deel te wees van hierdie projek.

Me Elize Bezuidenhout en dr Botha van Aarde (Projekleiers)

# A.12.6 MENSWAARDIGHEID

## 1. DIE OPDRAG VAN DIE ASM

**1.1** By die eerste vergadering van die Algemene Sinode Moderamen 2011-2013 gehou op 31 Oktober tot 2 November 2011 word armoede en menswaardigheid as fokusareas van die ASM identifiseer. Elize Morkel, sameroeper van die taakspan vir menswaardigheid van die sinode van die Wes- en Suid-Kaapland word versoek om aan die ASM verslag te doen omtrent die vordering met 'n brondokument oor menswaardigheid waaraan reeds gewerk word.
**1.2** Die notule van die eerste vergadering van die ASM oor hierdie opdrag lui as volg:
*6. Die hele saak van armoede word hanteer binne die dampkring van besinning oor menswaardigheid. Die volgende is van belang:*
*6.1 Die Moderamen wag die verslag af van die Wes-Kaapse taakspan waarvan Elize Morkel die sameroeper is. Op grond hiervan word verder gedink oor 'n Projekspan: Menswaardigheid. Die gevoel van die Moderamen is dat hierdie saak 'n inter-sinodale werksaamheid is waar sinodes byeengebring word sonder dat dit 'n Algemene Sinodale werksaamheid raak. Elize Morkel sal die Dagbestuur/ Bestuurspan adviseer, ook tov 'n moontlike begroting.*
*6.2 Een van die eerste stappe wat met bg verband hou en sal aandag kry, is die daarstel van 'n gefundeerde Christelike antropologie.*
*6.3 Vennootskappe met universiteite/ akademici moet oorweeg word.*

## 2. DIE PROSES WAT GEVOLG IS

**2.1 DIE TAAKSPAN VIR MENSWAARDIGHEID VAN DIE SINODE VAN WES- EN SUID-KAAPLAND**
**2.1.1 Die opdrag**
Op sy vergadering van 16&17 Februarie 2011 het die moderamen van die Wes-en Suid-Kaapse Sinode die volgende voorstel aanvaar:
*1. Dat 'n sinodale taakspan vir christelike antropologie aangewys word wat onder meer sal fokus op:*
*1.1 die teologiese begeleiding van gelowiges ten aansien van rassevooroordele, menslike seksualiteit en die menswaardigheid van vroue;*
*1.2 prosesse in die kerk en samelewing wat 'n christelike antroplogie sal bevorder en gelowiges sal help om onderskeidend te leef:*
*2. dat die moderatuur versoek word om sodanige taakspan saam te stel;*
*3. dat die algemene sinode versoek word om 'n soortgelyke taakspan saam te stel.*
*Die moderamen gee aan Elize Morkel (sameroeper) en Nelis Janse van Rensburg die opdrag om 'n taakspan saam te stel*.
**2.1.2 Die eerste vergadering van die taakspan**
**2.1.2.1** Die eerste vergadering van die taakspan vind op 22 Augustus 2011 op Stellenbosch plaas. Die volgende persone is teenwoordig: Elize Morkel, Nelis Janse van Rensburg, Nico Koopman, Gerrit Brand, Julie Claassens en Charlene van der Walt.
**2.1.2.2** Hier word die motivering vir die samestelling van die taakspan kortliks verduidelik: Die kwessies soos ras, geslag en seksualiteit waaroor die NG Kerk al by geleentheid moes verskoning vra oor sy houding en optrede het 'n gebrekkige teologie oor menswaardigheid ontbloot. Die Sinode van die Wes-en Suid-Kaapland het 'n groot stap geneem om die Belydenis van Belhar te aanvaar. Hierdie belydenis bied 'n bepaalde teologiese beskouing oor menswaardigheid. Die werk wat die taakspan doen, moet voortbou op die sinode se aanvaarding van die Belydenis van Belhar. Die taakspan moet die kerk begelei op die pad van die herstel van die menswaardigheid van alle mense. Die taakspan besluit om die naam te verander na "**Taakspan vir Menswaardigheid**" en om meer verteenwoordigers uit die VGK Kaapland in te sluit in die taakspan.
**2.1.2.3** Daar word besluit om 'n **brondokument** saam te stel wat as vertrekpunt gebruik sal word vir die werksaamhede van die taakspan. Die volgende kundiges word genader om bydraes te skryf oor die belangrikste terreine waar mense se menswaardigheid geskend word: Inleiding (dr Gerrit Brand), Geslag (prof Julie Claassens), Ras (prof Nico Koopman), Armoede (ds Pieter Grove), Seksualiteit (dr Charlene van der Walt), Gestremdheid (ds Mia Lindveldt) Geweld en Xenofobie (prof Llewellyn McMaster), Siekte (prof Anton van Niekerk) en Kulturele Diversiteit (dr Gerrit Brand).
**2.1.2.4** Die volgende dien as raamwerk vir die skryf van die dokumente: bydraes word beperk tot *1000 woorde* per dokument; die begronding van bydraes sal gekoppel word aan die *Belydenis van Belhar*; die bydraes sal primêr handel oor *menswaardigheid*; die bydraes sal fokus op kwessies wat in die kerk ter sprake is en poog om 'n gepaste bydrae te maak tot die gesprekke.

**2.2 VOORLEGGING VAN DIE BRONDOKUMENT AAN DIE ALGEMENE SINODE MODERAMEN**
**2.2.1** By die vierde vergadering van die Algemene Sinode Moderamen 2011-2013 gehou op 30 tot 31 Januarie 2013 word die brondokument van die taakspan vir menswaardigheid van die Wes-en Suid-Kaapse sinode aan die vergadering voorgelê. Dit word as volg ontvang en die volgende besluite word geneem (uitreksel uit notule van Moderamenvergadering gehou op 30 tot 31 Januarie 2013):
4.4.1 Die Moderamen *ontvang die gespreksdokument waaraan die Wes-Kaapse taakspan gewerk het met groot dank (Bylaag 6). Die Algemene Sekretaris sal ’n dankbrief aan die Taakspan stuur asook ’n brief van meelewing aan dr Gerrit Brand met sy siekte.*
4.4.3 *Die Moderamen versoek die Taakspan om ’n verslag vir die Algemene Sinode gereed te maak uit die dokument.*
4.4.4 *Die Moderamen versoek dat die dokument as artikels in Kruisgewys gepubliseer word. Elize Morkel sal die toestemming van die medewerkers kry.*

**2.3 PUBLIKASIE VAN DIE BRONDOKUMENT AS ARTIKELS IN KRUISGEWYS**
**2.3.1** In Maart 2013 verskyn die eerste uitgawe van Kruisgewys met die inleiding waar oor die teologiese begronding van menswaardigheid besin word asook die agt bydraes wat deel uitmaak van die brondokument van die taakspan van menswaardigheid.
**2.3.2** Kort na die verskyning van Kruisgewys het die ASM met groot leedwese verneem van die afsterwe van dr Gerrit Brand wat ’n groot bydrae gemaak het tot die werksaamhede van die taakspan en skryf van die brondokument.

## 3. TEOLOGIESE BEGRONDING VAN MENSWAARDIGHEID

### 3.1 DIE INLEIDING TOT DIE BRONDOKUMENT: WAAROM MENSWAARDIGHEID? GERRIT BRAND, NELIS JANSE VAN RENSBURG EN ELIZE MORKEL

*Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy dié wat bedruk is, ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat dit vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek;*
*(Deut 32:4, Luk 2:14, Joh 14: 27, Ef 2:14, Jes 1:16-17, Jak 1:27, Jak 5:1-6, Luk 1:46-55, Luk 6:20-26, Luk 7:22, Luk 16:19-31)*

*... dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom;*
*(Ps 146, Luk 4:16-19, Rom 6:13-18, Amos 5)*
Belydenis van Belhar

#### 3.1.1 Waarom is Christene so ernstig oor menswaardigheid?
Hoekom is die kerk ernstig oor menswaardigheid? Is “menswaardigheid” nie alte antroposentries oftewel mensgerig, terwyl gelowiges juis teosentries, dit wil sê Godgerig, moet dink nie? Waarom ’n oënskynlik sekulêre begrip, wat nie eens in die Bybel voorkom nie, so vooropstel? En draai die Bybel nie op talle plekke ’n begrip soos “eer”, wat met die idee van menswaardigheid verband hou, op sy kop nie? Sê Jesus nie dat, in die koninkryk van God, die eerstes laaste sal wees nie? Waarsku Hy nie teen hoogmoed en selfverheerliking nie? Is Hy nie die een wat hom neerbuig om ander se voete te was nie? Haal Paulus nie ’n vroeg-Christelike lied aan wat oor Jesus se selfontlediging getuig nie? Moet Christene nie eerder in hul onwaardigheid as in hul waardigheid roem nie?

Dis waar dat die woord “menswaardigheid”, van die Latynse *dignitas*, nie in die Bybel gebruik word nie. Opsigself kan dit nie as beswaar teen die gebruik daarvan deur hedendaagse Christene geld nie, want dan sou woorde soos “drie-enig”, “erfsonde” of “heil”, wat ewe min in die Bybel voorkom, ook verwerp moet word. Tog sou’n mens kan vra of die begrip “menswaardigheid” nie in spanning verkeer met sentrale Bybelse aksente nie. Immers, in die antieke wêreld het menswaardigheid met ’n persoon se posisie en status in die samelewing verband gehou: belangrike mense het meer waardigheid as andere gehad; dit is met mag, trots en aansien verbind. In daardie kultuur sou geen waardigheid aan die Gekruisigde of sy volgelinge toegeken kon word nie.

In die wêreld van vandag word die woord "menswaardigheid" buitendien so universeel gebruik dat dit in elk geval nie 'n spesifiek Christelike betekenis het nie. Selfs mense wat nie in God glo nie of nie vanuit Christelike oortuigings vertrek in hulle denke nie, gebruik die term. Daarvan getuig byvoorbeeld die Verenigde Nasies se millennium-doelwitte waarin "die bevordering van menswaardigheid" in die sentrum staan.

Hierteenoor moet daarop gewys word dat die sentraliteit van die begrip "menswaardigheid" in die moderne wêreld slegs deur die invloed van die Christelike geloof deur die eeue verklaar kan word – iets waarop baie historici en sosiaalwetenskaplikes, ook nie-Christene, wys. Dit beteken dat die Christelike geloof die samelewing beïnvloed het en steeds kan beïnvloed. Moet die kerk juis op hierdie punt aan die gesprek onttrek en haar eie erfenis en maatskaplike bydrae afsweer? Dit kan sy tog nie doen nie!

Net so belangrik is dat die oorspronklik Hellenistiese betekenis van menswaardigheid juis deur die vroeë kerk krities getransformeer is. Die kerkvaders het doelbewus 'n nuwe betekenis aan menswaardigheid gegee waarin die egte menslikheid van Christus die toon aangee. Dit was nog altyd die kenmerkende van die Joodse en Christelike tradisie dat woorde wat buite die geloofsgemeenskap ontstaan het, oorgeneem en omvorm is. Selfs die Hebreeuse en Griekse name vir God wat in die Bybel gebruik word, het buite Israel en die kerk ontstaan. Die eerste Christene het Jesus Christus Here, Seun van God en Redder genoem in 'n konteks waar hierdie begrippe dikwels na die mag en glorie van keisers verwys het. Daarmee het hulle nie bedoel dat Jesus soos daardie keisers was nie – allermins! – maar juis dat hy die waardes van daardie samelewing op hul kop draai. Inderdaad, wat die wêreld skande noem, word in die lig van Christus eervol. Mag word in terme van Christus se swakheid en lyding verstaan. Christus bewerk dus 'n omkering van waardes en gee so uitdrukking aan God se gesindheid teenoor mense.

Hy bevestig dat God met die mens identifiseer, 'n God vir mense wil wees, self mens geword het en steeds is, en lewe in volheid vir die mens wil realiseer. As ons daarom sê ons het God lief, maar minag ons naaste, dan lieg ons. Wie die waardigheid van medemense ernstig neem, beskerm en bevorder, dien en eer daarmee vir God. Die spanning wat dikwels geskep word tussen die sogenaamde antroposentriese en teosentriese verstaan van die Evangelie is dus vals. Wie God dien en na waarde ag, dien sy naaste en verstaan die waarde van sy naaste in en deur Christus.

**3.1.2 Waarin setel mense se waarde?**

Hoe verstaan ons dan mense se waardigheid in terme van dit wat Christus gedoen het? God ag mense so waardevol dat Hy sy Seun na hulle stuur. Sy Seun lê sy lewe af vir mense. Hy tree in 'n verhouding met mense van alle stande, afkomste, generasies, oortuigings. Hy was sy dissipels se voete. Hy raak die verworpenes en gebrokenes aan. Hy bevry die besetenes. Hy herstel die waarde van vroue en kinders in die samelewing. Hy bevestig dat God hoë agting het vir alle mense. Hy gee daarom sy lewe prys vir alle mense. God se toekenning van waarde is sonder voorwaarde. Dit geskied nie op grond van mense se geloof, of ras, of afkoms, of gedrag of vermoë om te presteer nie. Dit geskied slegs op grond van God se verbintenis en sy trou aan mense. Hierdie verhouding waarin God met die mens tree, maak die mens tot sy beeld. As God hierdie verhouding sou opsê, sou die mens ophou om beeld van God te wees.

Vanuit 'n Christelike perspektief gesien, ontleen mense dus nie hulle waarde aan die grondwet van die land waarin hulle woon nie. Mense beskik ook nie noodwendig oor inherente kwaliteite of vermoë wat hulle waarde verseker nie. Mense ontleen ook nie ten eerste hulle waarde aan die agting en aandag wat hulle van ander mense ontvang nie. Mense se dignitas is aan hulle toegeken deur God, ongeag enige vermoë of oortuiging, inherente kwaliteite of erkenning wat hulle mag geniet of nie mag geniet nie. Die posisie of gesindheid van God teenoor mense word deur Jesus op 'n radikale wyse gedemonstreer. Die waarde wat Hy aan mense heg, is so hoog dat Hy sy lewe vir hulle aflê.

**3.1.3 Is menswaardigheid dan nie ook 'n opdrag nie?**

Die werklikheid dat God aan alle mense waarde toeken, vereis dat ons ook dink oor die wyse waarop mense met hierdie waarde leef. "Die heerlikheid van God is 'n voluit lewende mens," het 'n vroeë kerkvader gesê. Die mens is bedoel om in God se heerlikheid te deel, om soos die verheerlikte Christus mens te wees, "die lewe, en dit in volheid" te ontvang. Dit beteken dat lewe in volheid as ideaal dien en maatstaf word vir hoe mense behandel moet word. Die lewe in volheid beteken onder meer dat daar vir 'n persoon ruimte gegun en gebied word om uitdrukking te gee aan sy/haar moontlikhede as mens. Dit is 'n werklikheid dat mense nie almal eenders toegerus is vir die lewe nie. Sommige mense se lewe word deur fisiese en/of ekonomiese en/of politieke werklikhede beïnvloed wat die lewe ingewikkeld en dikwels vol pynlike uitdagings maak. Die "lewe in volheid" is daarop afgestem om aan elke mens die ruimte te bied om God te verheerlik, al is dit ook



Inhoudsopgawe

passief en onbedoeld, ten spyte en te midde van watter beperkinge daar ookal in sy of haar lewe mag wees. 'n Lewe in volheid vereis ook dat daar gestrewe word om beperkinge te oorkom en God sodoende te verheerlik**.** 'n Lewe in volheid vereis ook dat elke persoon onvoorwaardelik die respek van medemense geniet vanweë die waarde wat God aan sy/haar lewe toegeken het. Daarom is kerke altyd gemoeid met die verligting van armoede, die vertroosting en bemoediging van diegene wat ly, die versorging van mense met een of ander gestremdheid, diens aan mense wat bejaard is, die skep van gemeenskap tussen mense, die beweging oor grense van skeiding soos rassegrense, die beskerming en ontwikkling van mense se lewensruimtes en protes teen alle vorme van minagting van menslike lewe.

### 3.1.4 Magsverhoudinge en menswaardigheid

Dit is dikwels die aard van die verhoudinge waarin mense hulle bevind wat meer as enigiets anders hulle selfwaarde of die waarde wat ander aan hulle toeken, erodeer. Magsverhoudinge word geskoei op gesamentlike oortuigings (konvensies) in gemeenskappe wat dikwels oor dekades en selfs eeue gevorm is. Die magsverhouding tussen die geslagte soos uitgedruk binne patriargale gemeenskappe is die mees voor die handliggende voorbeeld. Patriargie verwys na die sosiale organisasie van die gesin en die gemeenskap rondom die beginsel van die hoofskap en heerskappy van die vader. Die posisie van die man as die hoof van sy vrou, en daarom die een met gesag oor sy vrou, word sedert die vroegste Bybelse tye aanvaar en word selfs in die Ou Testamentiese wetgewing verskans. Patriargie word 'n totale denksisteem wat omvattende invloed uitoefen oor wat in die samelewing gebeur. Alles word vanuit hierdie oortuiging beoordeel. Die skepping van man en vrou soos vertolk in die Genesis 1 en 2 verhale, word dan verstaan as die instelling van 'n rangorde tussen man en vrou omdat die man eerste gemaak is en die vrou uit die rib van die man gemaak is.

Dit is soms moeilik om te bepaal of die skrywers van die Ou Testament self outentiek beslag gee aan die patriargie in die samelewing en of hulle slegs uitdruking gee aan die heersende oortuigings van daardie tyd. Nietemin is dit duidelik dat hierdie oortuigings in die Joodse gemeenskap oorgedra is na vroeë Christelike geloofsgemeenskappe. Petrus, bv, wat opgegroei het in die patriargale Joodse gemeenskap, laat blyk dat hy meen dat die Christenvrou steeds ondergeskik aan haar man behoort te wees. Paulus toon beter begrip vir die nuwe orde wat deur Jesus tot stand gebring is waarin daar geen hiërargie tussen die mense van God se koninkryk is nie. Christus is die hoof van alles en almal. Voor Hom is alle mense gelyk. Paulus lê bv besondere klem op die wederkerigheid van verantwoordelikhede tussen man en vrou. Tog is daar selfs by Paulus oorblyfsels te bespeur van die patriargale kultuur waarbinne hy opgevoed is. Ongelukkig word die Bybel vandag steeds gebruik om patriargie te regverdig. Die idee van die hoofskap van mans en ondergeskiktheid van die vroue vind op talle maniere neerslag in mense se denke, gebruike en taal. Patriargie is 'n goeie voorbeeld van 'n bepaalde begrip van mag of gesag wat oor eeue gevorm is in die samelewing, deur 'n bepaalde soort uitleg van die Skrif in stand gehou is en waarvoor daar steeds sterk aanhang in die Christelike kerk bestaan. Patriargie het ook ernstige implikasies vir die menswaardigheid van homoseksuele persone, want hulle pas net eenvoudig nie die sosiale orde wat deur patriargie as "normaal" beskou word nie. Daar is ook ander soortgelyke magposisies wat in stand gehou word op grond van gesamentlike sosiale oortuigings. Die effek daarvan is egter byna altyd dat hierdie magsverstaan lei tot die misbruik daarvan met ernstige gevolge vir mense se menswaardigheid. Magsmisbruik vind dikwels onbedoeld plaas. Dit het egter nie minder negatiewe implikasies vir die waardigheid van diegene wat as gevolg daarvan as minderes geag is nie.

### 3.1.5 Jesus keer magsverhoudinge om

Jesus se bediening het radikale gevolge vir die wyse waaop ons dink oor mense en oor magsverhoudinge. Trouens, sy omkeer van die magsverhoudinge van sy tyd vorm deel van die kern van die Evangelie. Hy het bv geleer dat man en vrou, wanneer hulle in die huwelik tree, 'n nuwe familie-eenheid moet vorm en op hulle eie moet gaan woon. Dit verteenwoordig 'n radikale breuk met die Joodse patriargale gebruik dat die vrou die besit van haar man se familie word wanneer sy in die huwelik tree. So ook verteenwoordig Jesus se aandag aan en openbare gesprekke met vroue 'n radikale breuk met die patriargie van sy tyd. Sy ongekende passie vir die randfigure van die samelewing, kinders, vroue, vreemdelinge, ens kan nie as onbelangrike inligting afgemaak word nie. Dit is egter veral sy deelnemende betrokkenheid, sy beliggaming van sy sorg en sy oorsteek van grense na mense wat deur magtiges uitgesluit is, wat die sleutel word tot die Evangelie se oproep tot die erkenning van alle mense as beeld van God. Hierin moet Christus nagevolg word. Hy teoretiseer nie net oor randfigure nie. Hy vat aan die onreines (reinheid as die resultaat van magsmisbruik van Skrifgeleerdes), Hy gaan aan huis by die verworpenes, Hy voer teologiese gesprekke met vroue, Hy laat die kinders op sy skoot sit in die geselskap van grootmense. Hy deurbreek die onderskeidinge van "ons" en "hulle" en skep 'n nuwe gemeenskap van mense wat mekaar as gelykbegenadigdes ag. Selfs in die storie wat Jesus vertel om te illustreer hoe God se naasteliefde lyk, gebruik hy die Samaritaan, die "ander"



Inhoudsopgawe

van sy konteks, as die een wat naasteliefde doen. Die navolging van Christus in sy beskouing van mense is gevolglik vir die kerk ’n saak van gehoorsaamheid.

**3.1.6 ’n Wêreld waarin daar na menswaardigheid vir almal gestreef word**

Die Christelike tradisie se gewysigde begrip van menswaardigheid het wyd in die wêreld inslag gevind. Mense vanuit verskillende agtergronde, oortuigings, politieke en ekonomiese stelsels aanvaar vandag met entoesiasme die konsep van menswaardigheid, dikwels sonder erkenning aan die oorspronklike christelike denke wat daaragter lê.

Christene vat egter met gemak die hande van diegene wat saam streef na ’n bedeling waarin die waarde van alle mense gehandhaaf word. Daarom kan Christene net “Amen!” roep wanneer die Verenigde Nasies se millennium-doelwitte ideale stel soos die uitwissing van armoede, basiese onderwys vir almal, verlaging van die kindersterfte-syfer, verbeterde gesondheid vir moeders, stryd teen ernstige siektes, versekering van omgewing-volhoubaarheid, en wêreldwye ontwikkelingsamewerking. Die kerk kan nie anders as om hiertoe by te dra nie, en ook in die kerk se eie lewe moet dit gestalte vind, moet lewe in volheid – egte menswaardigheid – sigbaar en tasbaar word.

Christene ondersteun en neem ook deel aan die pogings van die wetenskap om mense se lewensruimte te vergroot en hulle lewenskwaliteit te verbeter. Die mediese wetenskap lewer byvoorbeeld ’n uitgebreide diens aan diegene met gesondheidsprobleme of wat fisiologiese toestande ondervind wat hulle lewensmoontlikhede beperk. Christene leef in afwagting van die ontwikkeling van verdere mediese kennis en vaardighede wat dit vir meer en meer mense moontlik sal maak om die lewe in volheid te leef. Geen steen moet daarom onaangeraak gelaat word om mense se pyn te verlig, hulle wonde te genees, die impak van gestremdheid te neutraliseer, en fisiologiese en sistemiese oorsake van lyding en inperkinge uit die weg te ruim nie.

Hoewel amper almal vandag die belang van menswaardigheid erken, is die inhoud daarvan dikwels vaag, selfs byna leeg. Ook die basis, die grondslag, van menswaardigheid het in ’n groot mate vergete geraak. Die waarde van mense word erken, maar dit word soms subtiel, maar meestal blatant geskoei op mense se funksionele bydrae tot die samelewing. Die funksies en prestasie van mense waaraan in ’n gegewe konteks die meeste waarde geheg word, bepaal wie die meeste status het. In kompeterende samelewings word baie waarde geheg aan vaardighede, kennis, sosiale aansien en rykdom. Diegene met minder mag word dikwels bewustelik en/of onbewustelik onderdruk, misbruik of beperk in die uitdrukking van hul volle menswees deur die toekenning van bepaalde “rolle” of morele reëls of selfs wetgewing wat hulle inspraak, vryheid en ontwikkeling op verskillende maniere inperk. Hierdie misbruik en onderdrukking word dikwels in so ‘n mate geinstitusionaliseer dat mense dit as vanselfsprekend aanvaar en onderskryf sonder om dit enigsinds te bevraagteken.

Die taal wat ons praat, reflekteer ook dikwels die magshierargie wat heers binne ons samelewing. Ontmagtiges word alte dikwels deur taalgebruik uitgesluit uit die sfeer van die “normale” of “aanvaarbare” soos bepaal deur algemeen aanvaarde norme. Die taal wat mense gebruik, dui dikwels aan dat hulle meestal onbedoeld en onbewustelik ingekoop is in ’n openbare oortuiging waarin die waarde van alle mense nie as gelyk geag word nie. Die vraag is hoe die Christelike godsdiens en ons verstaan van die Bybel ons help om aan hierdie sosiaal-gedetermineerde meerderwaardighede te ontsnap en nuwe taal te gebruik wat berus op die oortuiging dat God aan alle mense mag toeken.

God het die mens na sy beeld gemaak het en wil aan haar/hom die lewe in volheid skenk. Daarom moet ons nou opnuut as gelowiges met mekaar praat oor God se mense *en “getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom*”.

## 4. DIE PAD VORENTOE

**4.1** Tydens besprekings in die ASM ten opsigte van die voortgesette werk van die taakspan vir menswaardigheid het Nelis Janse van Rensburg rapporteer dat ’n taakspan bestaande uit VGK en NG Kerkleiers gesprekke gevoer het oor die moontlikheid van ’n Seisoen van Menswaardigheid soortgelyk aan die Seisoen van Luister wat in die NG Kerk gevolg is. Daar is besluit op ’n moontlike Seisoen van Menswaardigheid waar die waardes *Respek, Luister, Omarming en Onselfsugtigheid* sentraal sal staan. Die Seisoen van Menswaardigheid sal dus prosesse en materiaal ontwikkel waarvoor die brondokument as verwysingsbron kan dien. Taakspanlede sou ook kon help werk aan die ontwikkeling van materiaal wat vir gebruik in die Seisoen se werksaamhede aangepas word.

**4.2** Die verslag oor die Seisoen vir Menswaardigheid is aangeheg as **Menswaardigheid 1** by hierdie verslag.



Inhoudsopgawe

## 5. OPDRAG VAN DIE MODERAMEN TOV GESLAGSGEREGTIGHEID

**5.1** Die ASM het op sy vergadering van 16 Julie 2013 besluit om ’n taakspan aan te wys met die opdrag om te fokus op die inwin van inligting oor geslagsgeregtigheid in die Suider-Afrikaanse konteks en die ASM te bedien met ’n verslag en advies. Dr Elize Morkel tree op as sameroeper. Hierdie inligting kan dien as basis vir toekomstige aksies soos oa die Seisoen vir Menswaardigheid.
**5.2** Die aard van die inligting wat relevant is, is oa:
***1** Oorsig oor die **aard en omvang van** probleme wat verband hou met **geslagsongeregtigheid binne die Suid-Afrikaanse samelewing,** bv voorkoms van seksuele geweld, gesinsgeweld, MIV en gender, ekonomiese bemagtiging en gender, vroue in leierskap, ras en gender, mensehandel (human trafficking), ens.
***2** Situasie tov **geslagsgelykheid en -geregtigheid binne die NG Kerk**, bv hoe lyk vroue se posisie in die verskillende ampte, die leierskap ens.
***3** Oorsig van **resente navorsing en studies oor gender vanuit ’n teologiese perspektief** (akademie – ook wyer as ons teologiese fakulteite, NG Kerk).
***4** Oorsig oor **literatuur** wat beskikbaar is.
***5** Hoe word die **saak van gender gereflekteer binne die publikasies van die NG Kerk?**
***6** Oorsig oor aksies/bewegings binne die **ekumeniese wêreld** tov gender-geregtigheid – projekte, organisasies, publikasies, studies, ens.
***7** Watter tipe **gender-opleiding** word in die volgende kontekste van die NG Kerk aangebied: voorgraadse teologiese opleiding, na-graadse programme, VBO-kursusse, kongresse, kerkvergaderings, gemeentes, ens.
***8** Wat gebeur op **sinodale vlak by streeksinodes** – hoe word hieroor gedink?
***9** Oorsig oor die **NG Kerk se verkillende bedieninge aan vroue en aan mans,** en wat is die doelstellings en teologiese vertrekpunte wat geld?
***10** Oorsig oor die **pastoraat** aan mans en vroue en egpare asook hoe huweliksverryking binne die NG Kerk geslagsgeregtigheid refekteer en ondersteun.
***11** Oorsig oor hoe geslagsgeregtigheid binne **rituele** soos bv huweliksbevestiging en doopplegtighede uitdrukking vind.
Hierdie lys kan tydens die ondersoeke uitgebrei word.

## 5. AANBEVELINGS: MENSWAARDIGHEID

**5.1 Die Algemene Sinode keur die optrede van die ASM ten opsigte van die vestiging van ’n kultuur van menswaardigheid goed.**
**5.2 Die Algemene Sinode onderneem, en versoek ook die kerkverband daartoe, om in alle werksaamhede, aksies en strukture te getuig van die Godgegewe waarde van alle mense en geregtigheid vir almal na te jaag.**
**5.3 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die voortsetting van die werk in hierdie verband moontlik te maak en in die kerkverband te implementeer.**

Dr Elize Morkel (sameroeper)

# A.12.6.1 SEISOEN VAN MENSWAARDIGHEID

## 1. AGTERGROND

**1.1** Na die Algemene Sinode van 2011 is omvattende gesprekke in die ASM gevoer oor die prioriteite van die Algemene Sinode. Uiteindelik is 7 prioriteite geïdentifiseer waaronder die Belydenis van Belhar, menswaardigheid en die gestuurdheid van kerk. In die daaropvolgende gesprek met die dagbestuur van die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) op 23-25 Februarie 2012 het die dagbestuur van die VGKSA die kwessies van versoening en herstellende geregtigheid geopper. Die dagbesture het na gesprek ooreengekom om 'n groep saam te stel wat onder die leiding van die leierskap van die Seisoen van Luister van die NG Kerk 'n gesprek sal voer oor die onderhawige kwessies. Die groep moes met voorstelle kom met die oog op die verryking van die heersende kultuur van die kerke ten aansien van die genoemde kwessies.
**1.2** 'n Groep van 22 persone vanuit die twee kerke het vervolgens op 22 en 23 Maart 2012 byeengekom. Tydens hierdie gesprek is 'n Seisoen van Menswaardigheid gekonseptualiseer. Vier waardes is geïdentifiseer wat, so is geglo, die lakmoestoets sal wees vir die kerke se verbintenis tot menswaardigheid. Die vier waardes is *respek, luister, omarming en selfloosheid*.

## 2. BESLUITE VAN DIE DAGBESTURE VAN DIE NG KERK EN VGKSA

**2.1** Die Ad Hoc-Taakspan wat die konseptualisering gedoen het, het aan die volgende gesamentlike vergadering (25-26 Julie 2012) van die twee moderature terugrapporteer.
**2.2** Die gesamentlike dagbesture het vervolgens besluit dat die voorgestelde Seisoen van Menswaardigheid en die waardes daarvan die ruimte sal skep in terme waarvan die reis van kerkhereniging sal plaasvind. Die strukturele eenwording van die kerk moet ondersteun word deurdat nuwe gewoontes (kultuur) gevorm word om uitvoering te gee aan dit wat onder meer in die Belydenis van Belhar bely word. Hiervoor het ons mekaar as kerke nodig. Die voorgestelde Seisoen van Menswaardigheid word ingevolge die Memorandum van Ooreenkoms en gesamentlike besluite van die twee kerke nou 'n integrale deel en onderbou van die eenheidsproses tussen die kerke.
**2.3** Die dagbesture van die twee kerke doen na hulle vergadering van 9-10 April 2013 as volg verslag:
*"On the one hand a **task team** was established **to work out all the church orderly processes** that need to be in place for unity… **A second task team** was appointed to work on a specific and focused process that would create safe spaces for listening to God and one another and spiritual discernment on how we need to address all the challenges facing us on this journey and acknowledging our different experiences and stories. This process will be known as **the season of human dignity**. Together we will discover and affirm the human dignity given by God in Christ to us all and the implications of this discovery and affirmation for the church.*
*The values for this process are:*

- *Listening*
- *Respect*
- *Embracement*
- *Selflessness*

*We humbly request our congregations and members to pray and work for this journey that we embark on. In the spirit of this covenant, we agree to encourage agreements on different levels of the church that will embody this new unity because we believe that unity needs to grow and develop at various levels in the church. The unity of the church is not only an issue for the leadership, but task for each person that confesses Christ as Lord."*

## 3. BESLUITE VAN DIE DAGBESTURE VAN DIE VIER KERKE VAN DIE NG KERKFAMILIE

Die NG Kerk in Afrika en Reformed Church in Africa se dagbesture is genader met die oog op deelname aan die Seisoen van Menswaardigheid. Op die gesamentlike vergadering van die vier kerke se dagbesture op 20 Junie 2013 het almal hulle verbind tot deelname aan die Seisoen van Menswaardigheid en die waardes wat vir die Seisoen voorgestel word. Daar is begin met die samestelling van 'n bestuurspan vir die Seisoen van Menswaardigheid. Die NG Kerk word verteenwoordig deur Nelis Janse van Rensburg en Freddie Schoeman.

## 4. AANBEVELINGS: SEISOEN VAN MENSWAARDIGHEID

**4.1 Die Algemene Sinode verbind haarself heelhartig tot deelname aan die Seisoen van Menswaardigheid en versoek die kerkverband ernstig om deel hiervan te wees.**
**4.2 Die Algemene Sinode verbind haar om die vier waardes van die Seisoen van Menswaardigheid, nl respek, luister, omarming en selfloosheid te bevorder.**

Ds Nelis J van Rensburg (sameroeper)

## A.12.7 RAAMWERKDOKUMENT OOR DIE MISSIONALE AARD EN ROEPING VAN DIE NG KERK

### INLEIDING
Die Algemene Sinode van 2011 het die sinode se "belydenis" met die volgende ingelei: "Die NG Kerk dank God dat ons in so 'n uitdagende tyd, binne 'n Suider-Afrikaanse konteks saam met ander kerke, God se kerk mag wees. Sy liefde en genade is sonder twyfel groot. Die NG Kerk besef, en het uit die geskiedenis geleer, dat ons net werklik kerk van God kan wees as ons onsself prysgee en Hom volg. Die Drie-enige God stuur ons sy wêreld vol as getuies van sy liefde vir sy hele skepping."

Oor die implikasies wat hierdie belydenis vir die N G Kerk inhou, is die afgelope jare ernstig nagedink, navorsing gedoen en uiteindelik verslae opgestel. Daar het juis tydens die bogenoemde sinode vier verskillende verslae gedien wat verband gehou het met die wese van die kerk en die uitdaging wat die konteks van ons tyd aan die kerk stel. Die Sinode het besluit dat dié verslae in die reses in een dokument saamgevoeg moet word om 'n omvattende raamwerk te bied wat die kerk kan help om sy missionêre beleid te bepaal. Van daar die onderstaande verslag.

Die NG Kerk het die geleentheid om 'n nuwe taal en nuwe moontlikhede te ontdek, om die kerk te help om haarself én haar roeping in die lig van die tye waarin ons leef, opnuut te verstaan. Die omstandighede waarin die kerk haar bevind, verg verbeeldingryke nadenke oor kerkwees.

.

### 1. OPDRAG, REDES EN DOEL VAN DIE VERSLAG

#### 1.1 OPDRAG VAN DIE SINODE
Die afgelope jare het verskillende Algemene Sinodes besluite geneem waaraan aandag gegee moes word:

* Algemene Sinode 2002 (Handelinge 2002 bl 542) en Algemene Sinode 2004 (Handelinge 2004 bl 444).
* Algemene Sinode 2007. EKKLESIOLOGIE (Besluiteregister bl 10): Die Algemene Sinode keur die aanbevelings soos gewysig deur ADGO goed:
1 Die Algemene Sinode keur die dokument "'n Afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie" as 'n gespreksdokument goed.
2 Die Algemene Sinode versoek die sinodes om die dokument op gepaste wyse te hanteer.
3 Die Algemene Sinode versoek ATR om in samewerking met ADGO te kyk na moontlike Kerkorde-implikasies en die Sinode met toepaslike aanbevelings te dien.
4 Die Algemene Sinode versoek ADGO om in samewerking met BM gepaste moontlikhede te ondersoek om die saak onder bespreking dmv publikasies bekend te stel.

VERDERE OMSKRYWING MISSIONÊRE-DIAKONALE GEMEENTES (Besluiteregister bl 11):
Die Algemene Sinode wys 'n ad hoc-taakspan aan bestaande uit verteenwoordigers van al die diensgroepe om 'n geïntegreerde, praktiese gemeentelike ekklesiologie daar te stel."

* Die besluit wat in 2011 goedgekeur is, lui as volg: "AANBEVELING 15.2 (VERSLAG VAN ADD) Die tydelike kommissies beveel aan dat aanbeveling 15.2.2 van die ADD-verslag (Agenda bl 58) soos volg gewysig word:
15.2 Die saamvoeging van die verskillende studiestukke rakende 'n missionale ekklesiologie, insluitend studiestukke oor die kerk en die konteks, evangelisasie en diversiteit in een dokument wat as 'n raamwerk die kerk in al haar verbande (Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes) sal dien. Hierdie dokument moet nie net 'n teologiese besinning wees nie, maar ook riglyne vir die praktyk bevat."

Die verslae oor missionale ekklesiologie, die kerk en die konteks, evangelisasie en diversiteit vorm die konteks en agtergrond van hierdie verslag.

#### 1.2 REDES VIR DIE VERSLAG
Oor die missionale aard en roeping van die kerk is daar die afgelope jare 'n lewendige gesprek gevoer.

Op **gemeentevlak** is daar ernstige besinning aan die gang oor die wese en aard van gemeentes. In die NG Kerk is daar 'n groeiende getal gemeentes wat hulleself beskryf as missionale gemeentes. Begrippe soos "gestuurde gemeentes", "gemeenskapskerke" en "missionale ekklesiologie" word wyd gebruik en bespreek. Werkswinkels en seminare word gehou en vennootskappe word gesluit om gemeentes in staat te stel om hul roeping te definieer en om aktief in die samelewing betrokke te raak.

**Streeksinodes** gee op verskillende wyses aandag aan dié gesprek en neem inisiatiewe oor kerkplanting, nuwe uitdrukkings van kerkwees en ten opsigte van die uitdagings wat die konteks aan die kerk stel.

Die saak het die afgelope dekade ook op verskillende maniere en by wyse van verskillende verslae voor die **Algemene Sinode** ter sprake gekom. Daar is tans ’n intense gesprek oor die kerk se roeping in die wêreld, veral in Suid-Afrika én in Afrika, aan die gang. By die Algemene Sinode van 2007 is die kerkverband opgeroep om met nuwe moed en oortuiging aan te meld en om in die lig van God se werk in die wêreld (*missio Dei*) en die kerk se missionale taak (*missio ecclesiae*) haar verantwoordelikheid raak te sien en na te kom. Dit was ook die motief vir die “belydenis” van die sinode van 2011 (kyk hierbo).

Binne die kring van die **NG Kerkfamilie** word hierdie proses en hierdie uitgangspunt met akklamasie aanvaar. Die basisdokument wat die werk van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG) reguleer, gaan ewenseens uit van die beginsel van die *missio Dei* en die *missio ecclesiae.*

Dieselfde sake speel ook ’n belangrike rol in **ekumeniese gesprekke** wat wêreldwyd gevoer word. As enkele voorbeeld word na die volgende verwys uit ’n verslag wat in November 2013 voor die Wêreldraad van Kerke (WRK) in Busan, Suid-Korea, dien:
* Sending begin in die hart van die Drie-enige God en God se liefde stroom oor na die mensdom en die ganse skepping.
* God is ’n sturende God wat sy Seun na die wêreld gestuur het en steeds al God se mense roep en toerus om ’n gemeenskap van hoop te wees. Die kerk moet die lewe wat God, gee vier en deur die krag van die Heilige Gees weerstand bied teen alles wat hierdie gawe bedreig.
* Die evangelie is goeie nuus vir die mensdom maar ook vir die ganse geskape werklikheid, vir elke deel van die lewe en die hele samelewing. Alle Christene, kerke en gemeentes is geroep om draers van die evangelie van Jesus Christus te wees. Evangelisasie is om die goeie nuus met vertroue en in alle nederigheid met ander mense te deel. Dit is die kommunikasie van die hele evangelie aan die hele mensdom in die hele wêreld. Om die evangelie so te deel is ’n gawe aan ander mense waardeur die liefde, genade en vrede in Christus gedeel word.
* Die kerk is God se gawe aan die wêreld om juis die wêreld te help verander om meer en meer soos God se Ryk te lyk. Die missie van die kerk is om nuwe lewe te bring en die liefdevolle teenwoordigheid van God in ons wêreld bekend te maak.

Getrou aan ons Gereformeerde identiteit (*ecclesia reformata, semper reformanda*), staan die reformatoriese kerke wêreldwyd voor die uitdaging om aan te pas by ’n veranderende konteks. Ons ekklesiologie en missiologie is gevorm in die smeltkroes van ’n Christelike samelewing tydens ’n era waarin kerke die middelpunt van gemeenskappe was en baie invloed gehad het in ’n tyd toe die meeste mense hulself as Christene beskryf het. Die kerk funksioneer tans egter in ’n post-Christelike samelewing waar sy relatief min invloed het en waar Christene tussen nie-Christene leef. Dit alles vra dat daar van nuuts af op ‘n nuwe manier oor die kerk se missiologie en ekklesiologie nagedink moet word.

### 1.3 DIE HEILIGE GEES VERNUWE DIE KERK
Dit is duidelik dat die Heilige Gees die kerk op alle vlakke beweeg en vernuwe. Die Algemene Sinode staan voor die uitdaging om nuut te dink en te onderskei, om die Heilige Gees toe te laat om ons op die pad wat God vir ons voorberei, te begelei.

### 1.4 DIE DOEL VAN DIE VERSLAG
Die doel van die verslag is om ’n taal te skep wat die onderskeidingsproses oor die wese, aard en gestuurdheid van die kerk sal dien. Die nuwe taal wat ons gebruik is ’n duidelike aanwyser dat diepliggende, organiese veranderinge besig is om plaas te vind. Dit is slegs wanneer ’n gemeenskap so ’n nuwe taal sáám ontdek en sáám gebruik dat nuwe gesprekke en veranderinge moontlik word. Nuwe woorde en gesprekke verander ons insig oor wat moontlik is en steek ons verbeelding aan die brand.

### 1.5 PRAKTIESE STAPPE
Dit hoort op die terrein van gemeentes, ringe en streeksinodes om dié taal (wat by wyse van beleid van die Algemene Sinode geskep is) te omskep in praktiese werksaamhede. Hierdie verslag gee dus nie aandag aan omvattende praktiese stappe nie aangesien dit op die terrein van veral gemeentes lê, maar maak wel enkele kerkordelike voorstelle wat op die terrein van die Algemene Sinode lê.

## 2. WERKSWYSE
Die vier verslae oor ’n *Missionale ekklesiologie*, die *Kerk en die konteks*, oor *Evangelisasie* en *Diversiteit* wat voor die Sinode van 2011 gedien het, is gekonsolideer en word in hierdie verslag as ’n eenheid aangebied.

# 3. DIE NG KERK SE IDENTITEIT

### 3.1 ’N REFORMATORIESE KERK

Dit is belangrik om hierdie hele gesprek te verstaan teen die agtergrond van nadenke oor die NG Kerk se geskiedenis en identiteit. Die NG Kerk se identiteit word deur haar Gereformeerde karakter en geskiedenis bepaal. Tydens die Sinode van 2007 is hierdie aard en karakter van die kerk so beskryf: In die Gereformeerde teologie is daar telkens teruggegryp na die boustene van die Reformasie om die kernsake in die leer en lewe van die kerk opnuut te interpreteer. Een van die maniere om Gereformeerdheid uit te druk, het die sinode gesê, is *via* die vier “solas”. Hierdie uitsprake moet telkens verstaan word as ’n reaksie teenoor standpunte waarmee die reformatore nie vrede gehad het nie.

* Teenoor die tradisie soos vasgelê in leeruitsprake en kerklike beheer oor die uitleg van die evangelie, en teenoor natuurlike kennis van God, staan *sola scriptura* (net die Skrif).
* Teenoor bemiddeling deur die priesteramp, staan *solus Christus* (net Christus).
* Teenoor enige natuurlike grond waarop God ons sou red, staan *sola gratia* (genade alleen).
* Teenoor enige vorm van goeie werke om jou vir God aanvaarbaar te maak, staan *sola fide* (geloof alleen).

### 3.2 ’N OPENHEID OM NUUT TE DINK EN TE BELIGGAAM

’n Tweede bousteen van die Reformasie is ’n gewilligheid en ’n openheid om telkens nuut te dink. ’n Gereformeerde kerk moet altyd weer reformeer (*ecclesia reformata semper reformanda*). Dit beteken dat die kerk ’n belydeniskerk is wat, aan die een kant, haar identiteit in die lig van en in verhouding met haar historiese Christelike geloof verstaan. Maar die kerk is ook voortdurend besig om nuut te dink en om wanneer dit nodig blyk, nuwe vorms aan te neem (*ecclesia semper formanda*).

Die kerk (soos verder in die verslag vollediger beskryf word) is ’n missionale kerk wat altyd haar konteks in ag moet neem, wat haar bediening voortdurend in die lig van ‘n veranderende en dinamiese konteks moet herbedink. Die Wêreldraad van Kerke stel dit treffend: “Die kerk, as God se mense, die liggaam van Christus en die tempel van die Heilige Gees, is dinamies en verander in die proses waar die kerk deelneem aan die sending van God.”

### 3.3 ’N LEWE IN DIE DRIE- EENHEID

Ten diepste is die identiteit van die NG Kerk ingebed in ons verstaan van God self. Ons Gereformeerde identiteit plaas die NG Kerk in die “lewe van die Drie-enige God”. Nadenke oor die identiteit van die kerk begin dus by nadenke oor wat dit beteken om in verhouding met die God te lewe. Hieraan gee ons in die volgende paragrawe aandag.

# 4. NUWE NADENKE OOR GOD

Die verstaan van die kerk en die kerk se roeping in die wêreld berus op ons verstaan van God. Die volgende riglyne help ons in die proses:

### 4.1 ONS KEN GOD NET IN SY VERHOUDING TOT ONS EN ONS WÊRELD

Die Bybel praat deurgaans oor God in verhouding tot ons: God vir ons (*pro nobis*). Oor God self word slegs bely dat dit wat “ondeurgrondelik” en “onnaspeurbaar” in God is (Rom 11:16) nie in stryd kan wees met wat wel aan ons geopenbaar is nie.

### 4.2 AS DIE DRIE-ENIGE IS GOD DIE SKEPPER, VERLOSSER EN VOLEINDER VAN ONS EN ONS WÊRELD

God se verhouding tot ons en ons wêreld word in die kerk se trinitariese belydenis verwoord: Die God wat in die Bybel Vader, Seun en Heilige Gees genoem word, is één God, maar dié God se verhouding met ons het meer as een gestalte wat onderling saamhang en gesamentlik betroubaar laat blyk hoe God werklik is. As *Vader of Moeder* is God die Skepper van hemel en aarde, die Bron van alles wat is, en die Een wat in almag die wêreld instandhou, regeer en versorg. As *Seun of vleesgeworde Woord* is God die een wat in selfontlediging as die mens Jesus Christus ons verlossing bewerk en die getransformeerde, verheerlikte skepping inlui. As *Gees,Vertrooster of Advokaat* roep, versamel, vorm, stuur, inspireer en bekragtig God deur Woord en sakrament sy kerk.

### 4.3 DIE DRIE-ENIGE GOD SE SKEPPINGSWERK IS NIE AFGEHANDEL NIE, MAAR STU VOORT NA ’N EINDBESTEMMING

Die Drie-enige God is nie staties nie maar het ’n missie. God skep en onderhou alles met die oog op ’n eindbestemming (*eskaton)*: die koninkryk van God, ’n innige verbondsverhouding, ’n nuwe, verheerlikte hemel en aarde waarin God alles in almal sal wees. Christus kondig die nabyheid van dié koninkryk aan, maar vervul dié profesie ook in alles wat Hy doen deurdat hy self die *Eskatos* ís – die beliggaming van God

se bedoeling met die skepping, die Een waarin die verbond reeds gerealiseer is en die koninkryk reeds gekom het. Christus regeer die kerk deur sy Gees. Op die weg wat deur Christus gebaan is, lei die Gees die kerk as God se ligdraer en rigtingaanwyser na die wêreld se eindbestemming.

### 4.4 GOD SE MISSIE WORD DEUR DIE SENDING VAN CHRISTUS EN DIE GEES UITGEVOER: DIE *MISSIO DEI*

Die kerk en die kerk se sending word vanuit die wese van God self verstaan. Sending is nie een of ander menslike prestasie nie, maar is ’n geskenk van God self. Ons leer God in die Bybel ken as ’n sturende God. Daarom word daar van die *missio Dei* gepraat. Die lewe van God is ’n proses van gestuurdheid: die Vader het die wêreld so lief dat Hy sy enigste Seun stuur om nuwe lewe te bring. Die Seun stuur die Heilige Gees. Vader, Seun en Heilige Gees stuur die kerk in die wêreld in (*missio ecclesiae*). Dit is nie net ’n geval dat God sending doen nie, God is in wese ’n sturende God. Net soos wat ons sê “God is liefde”, kan ons sê “God is ’n sturende God”. Die NG Kerk se Sendingreglement stel dit só: “Sending is die heilshandeling van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom ’n gemeente deur sy Woord en Gees vergader”.

God, leer die Skrif ons, neem self die eerste inisiatief: Die Vader het in liefde na die mensdom uitgereik en sy Seun gestuur. Die Seun het as eerste Gestuurde na die aarde gekom om God se heilsplan bekend te maak en in werking te stel. Toe Jesus se werk voltooi is, het die Vader en die Seun die Heilige Gees na die wêreld gestuur om God se heilswerk te bevestig.

Die Drie-enige God is dus die teenoorgestelde van ’n gemeenskap wat ter wille van sigself bestaan – van ewigheid af is God ‘n heilige gemeenskap wat na buite gerig is. Daarom is Christelike sending die verkondiging van die koninkryk van die Vader om lewe in die liefde van die Seun met almal te deel en om getuies van die Gees te wees. So het die Algemene Sinode (2007) dit ook gesien. In navolging van God is die kerk na buite gerig: “Die roeping van die kerk kan as gestuurdes van God omskryf word. Die kerk behoort in wese altyd op die wêreld gerig te wees en op pad na die wêreld te wees.”

## 5. NUWE NADENKE OOR DIE KERK

### 5.1 DIE KERK SE MISSIE (*MISSIO ECCLESIAE*) IS INGEBED IN GOD SE MISSIE

Hoe pas die kerk by die *missio Dei* in? Waartoe bestaan die kerk en waartoe is sy gestuur? Die kerk is eerstens die *resultaat* van God se missie, en dan daarna *deelnemer* daaraan. Die kerk is dus nie die primêre agent in die uitvoering van haar missie nie. Dat God die kerk in die uitvoering van die *missio Dei* betrek, beteken nie dat daardie missie in die kerk se hande geplaas en van haar gehoorsaamheid, toewyding, vermoëns, insig en trou afhanklik word nie. *God* is besig met *sy* werk op aarde! Ook ’n ontroue kerk kan nie God se missie verydel nie.

Deur Christus is die kerk egter verbind aan die Drie-enige God en aan sy werk op aarde. Ons glo dat die kerk aan Hom alleen behoort en in verbondenheid met Hom bestaan. Die kerk is die volk van God, die liggaam van Christus en die tempel van die Gees. Alles wat ons is en doen – ons identiteit, ons missie en ons bediening – word deur hierdie verhouding bepaal. Dat alles wat die kerk is en doen gedefinieer behoort te word deur sy verhouding met die lewende God is die eerste en mees basiese beginsel van kerkwees. In die *Roepingsverklaring van die NG Kerk* (2007) word dit treffend verwoord: “Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy om met'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe”.

### 5.2 IMPLIKASIES VIR DIE BELIGGAMING VAN DIE KERK AS GESTUURDE GEMEENSKAP

Hierdie plasing van die kerk binne die *missio Dei* het wesenlike gevolge: Die kerk *is* sending en *neem deel aan* God se sending. Dit kan eenvoudig nie anders nie! Dit is presies hoekom die kerk bestaan – die kerk is geskep vir dié doel. Die sending van God mond uit in die sending van die kerk. Die kerk is die vrug van God se sending en bestaan daarvoor om deel te neem en diensbaar te wees aan die voortgang van daardie sending. Dit is die hart en wese van die kerk. Dit is só essensieel dat die sending van die kerk nie ophou met die voleinding nie – om na ander uit te reik en om ander te dien sal deel van die ewige lewe wees.

Sending is die manier waarop die kerk lewe. Die kerk is geroep om ’n “teken” van God se koninkryk te wees, om aan die mensdom ’n voorsmaak van God se genesende heerskappy te bied. As kerk, as gestuuurde gemeentes, word ons bymekaargemaak, gevorm en gestuur om die boodskap van God se liefde verder te dra.

**5.3 DIE KERK SE MISSIE KAN MET ’N RYKDOM AAN BEELDE EN BEGRIPPE AANGEDUI WORD**

Die Bybel gebruik ’n rykdom van beelde en begrippe om die manier waarop gelowiges in hul konteks gestuur is, te skets. In die Nuwe Testament word die Jesus-beweging onder meer genoem: *ekklesia* of vergadering van gelowiges, volk van God, liggaam van Christus, woonplek of tempel van die Heilige Gees, bruid of familie van Christus, priesters, profete, konings, nuwe skepping, eerste vrugte van God se oes, deelhebber aan die kragte van die toekomende tyd, gemeenskap onderweg, lig vir die wêreld en sout van die aarde, vreemdelinge en bywoners, dopelinge wat saam met Christus gesterf het en in sy opstandingslewe deel, gaste wat by Christus se maaltyd aansit. Hierdie Bybelse perspektiewe is deur die eeue in nuwe kontekste beaam, maar ook vertaal en nuut geformuleer: die kerk as gemeenskap, boodskapper, sakrament, dienskneg, sigbaar en onsigbaar, instituut en organisme, gekonstitueer deur suiwer verkondiging, sakramentbediening en interne dissipline. Die rykdom van dié beelde suggereer ook iets van die diversiteit in die kerk én die sending van die kerk.

**5.4 DIE KERK ÍS HAAR MISSIE: AANBIDDING, VERKONDIGING, ONDERLINGE GEMEENSKAP EN DIENSBAARHEID**

Alles wat die kerk is en doen, het *’n missionêre dimensie.* Meer nog: die kerk *is* sending, die kerk *is* haar missie*.* Die kerk kan nie anders nie! Vier begrippe uit die Nuwe Testament, waarvan die wortels in die Ou Testament lê, word dikwels gebruik om aspekte van die kerk se lewe as deelname aan God se missie na vore te bring: *leitourgia* (aanbidding), *koinonia* (opbou van die gemeenskap van die heiliges), *kerugma* (verkondiging) en *diakonia* (diensbaarheid):

* Die kerk verkondig die goeie nuus van God se Koninkryk en roep mense op tot geloof in Christus.
* Die kerk bring nuwe geloofsgemeenskappe tot stand (kerkplanting) en doop en bemagtig nuwe gelowiges.
* Die kerk reageer op lyding en nood deur liefdesdiens.
* Die kerk bring versoening en transformeer die gemeenskap in die lig van God se geregtigheid.
* Die kerk is rentmeester van die skepping en is daarom verantwoordelik om die lewe wat God gee, te bewaar, beskerm en uit te bou.

Die kerk is ’n *waardegedrewe gemeenskap*. Die waardes van die geloofsgemeenskap bepaal uiteindelik die strukture, die orde wat geld asook die karakter van die kerk. Dit gee ook vorm en betekenis aan die aard van die kerk as gestuurde gemeenskap. Die volgende waardes kan as ’n verbeeldingryke raamwerk vir nadenke oor die missionale aard van die kerk dien:

* Die kerk **fokus op die Drie-enige God**. Die wese van ’n missionale kerk is doksologie – om God te aanbid. Die kerk ken God en het God lief as Vader, Seun en Heilige Gees.
* Die kerk se **primêre gerigtheid is op die wêreld** waarheen die Here haar stuur, nie in die eerste plek op haarself en haar eie voortbestaan nie.
* Die kerk **inkarneer die evangelie**. Die manier en aard van kerkwees word bepaal in verhouding met die konteks waarbinne die gemeente haarself bevind en waarheen die gemeente gestuur word.
* Die kerk transformeer die gemeenskap **en bring verandering**. Deur die krag van die Heilige Gees en die evangelie verander die kerk die gemeenskap (konteks) – en word die kerk op haar beurt deur die gemeenskap (konteks) verander.
* Die kerk **maak dissipels**. Sy roep mense op tot die transformerende krag van geloof in Jesus Christus.
* Die *missio Dei* vloei uit die gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Daarom koester die kerk **verhoudings en eenheid**. Die kerk word gekenmerk deur gasvryheid en liefde en nooi daarom buitestanders in om deel van die gemeenskap van gelowiges te word. Waar nog geen geloofsgemeenskappe bestaan nie, word kerke geplant en word nuwe gelowiges in liefde ontvang en ondersteun.
* Die kerk lewe ’n ***kenotiese*** *bestaan* en gee daarom sigself prys. Die kerk beweeg na plekke en netwerke waar dit nog nie teenwoordig is nie met die boodskap van die evangelie. Dit kan ’n duur prys van die kerk vra, maar in navolging van Christus (sien paragaaf 7 hieronder) is dit ons dure plig én voorreg.
* Getrou aan die opdrag van God en as verkondiger van sy genade op alle terreine, het die kerk ’n dure **verantwoordelikheid teenoor die skepping.** Die sending van die kerk het ’n besliste ekologiese dimensie.

**5.5 DIE EENHEID VAN DIE KERK, AS GAWE EN AS OPDRAG, IS VIR HAAR GETUIENIS IN DIE WÊRELD VAN DEURSLAGGEWENDE BELANG.**

Die eenheid van die kerk is in die eerste plek in die eenheid wat binne die Drie-eenheid bestaan, gegrond. Die eenheid van die kerk is ’n *gawe* van Christus wat sy dissipels in alle geslagte, oor alle wêrelddele, in één liggaam saambind, ’n liggaam waarin sy verlossingwerk en sy versoeningswerk duidelik na vore kom.

Maar die eenheid is ook ’n voortdurende *opdrag* aan die kerk, ’n voorwaarde vir haar getuienis in die wêreld (Joh 17:21vv). Om self te begryp hoe vêr en wyd, hoe hoog en diep Christus se liefde is, het ons mekaar nodig (Ef.3:18). En om die liefde na die wêreld uit te straal, het ons mekaar eweneens nodig. Verdeeldheid en onversoenbaarheid binne die kerk trek ’n streep deur haar getuienis.

**5.6 BINNE DIE EENHEID VAN DIE KERK IS DAAR OOK RUIMTE VIR DIVERSITEIT.**
Die eenheid van die kerk is nie staties nie, maar dinamies. As beelddraers van die Drie-enige God word die gelowiges opgeroep om mekaar vas te hou en te respekteer – én om ruimte te laat vir diversiteit in hul midde, om die verskillende talente en gawes, asook die onderskeie spiritualiteite en kulture wat binne die gemeenskap van die heiliges aangetref word, te erken en te vier.

Die kerk bevorder diversiteit deur lidmate toe te rus om missionêr, meer sensitief en respekvol in ’n diverse samelewing te leef sodat mense wat anders is en anders dink óók ingesluit kan word in ons geloofsgemeenskap. Dit is dus deel van die missionale aard van die kerk om diversiteit te bevorder en grense oor te steek. Diversiteit word daarom gekoester as ’n integrale deel van die kerklike gemeenskap. Die “ander”, “andersheid” en “veelkleurigheid” word binne die kerk waardeer en gevier as deel van God se unieke skepping en herskepping. Tydens die Algemene Sinode van 2011 is die kerk opgeroep: “Vier die andersheid in jouself, die huwelik, verhoudinge, die breë gemeenskap, in ons mooi reënboogland, globaal en in die totale geskapenheid!”

Die eenheid in die gemeente en in die kerk word nie hierdeur geskaad nie. Inteendeel, tesame met die diversiteit word die eenheid en die sterk band van onderlinge gemeenskap (koinonia) as die ander kant van dieselfde munt gevier en waardeer. Dit gebeur veral wanneer mense in liefde na mekaar begin luister en wanneer hulle in vertroue na mekaar toe begin groei.

Die kerk word dus geroep om ’n **luisterende gemeenskap** te wees. Een van die wyses waarop diversiteit binne die eenheid gekoester word, is deur stories en verhale te vertel en om daarna te luister. Dié narratiewe oor diversiteit/andersheid skep ruimte vir nuwe begrip en vir hoop in ’n samelewing wat moed verloor het. Verhale van hoop waarin diversiteit verreken is, word bakens van hoop.

Dit gaan egter om meer as verhale. Diversiteit word veral verstaan en beleef wanneer die verskillende gawes wat die Here aan die gemeente gegee het – ook die verskillende wyses van “andersheid” – tot hul volle potensiaal benut en bestuur word. So word die volle omvang van God se genade en liefde verstaan, waardeer en gevier.

Op die peligrimstog van eenheid en diversiteit het ons mekaar nodig. Ons kan nie sonder mekaar nie! Die WRK se Kommissie vir Geloof en Orde het in 1993 ’n belangrike vergadering oor kerkeenheid gehou en gesê dat diversiteit in eenheid gedien word wanneer gelowiges sáám op ’n geloofsreis vertrek. Ons moet die pad met liefde, respek, passie en eerlikheid aanpak. In die woorde van die Roepingsverklaring van 2007: “Bewus van ons diversiteit, verbind ons ons aan groter eenheid tussen gemeentes, aan die hereniging van die kerkfamilie, asook aan die versterking van ons ekumeniese bande. Ons wil graag met alle ander Christene saamwerk om veilige ruimtes te skep waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en bly praat.”

## 6. NUWE NADENKE OOR DIE KONINKRYK VAN GOD
’n Gemeentelike ekklesiologie word verruim deur dit te verstaan binne die raamwerk van die koninkryk van God. Gereformeerdes het altyd ’n oog gehad daarvoor dat die koninkryk groter is as die kerk. God is nie ’n afdelingshoof nie. Hy regeer oor die kosmos. Selfs al is die realiteit van die gebroke wêreld deurgaans teenwoordig, is daar ook orals tekens van die voorsienigheid en sorg van God sigbaar. Gelowiges het die roeping om op alle lewensterreine, oral waar hulle leef en werk, tekens van die koninkryk op te rig en vanuit die heerskappy van God te leef. Dit, het die Algemene Sinode van 2007 verklaar, is nie net die plig van “sogenaamde geestelikes” nie, maar van elke gelowige, man of vrou, jonk of oud.

Die kerk kan beskou word as ’n teken, eerste vrug van en instrument van God se ryk. Die kerk behoort iets te weerspieël van die aard van God se ryk en van God se liefde – dit is die uitstalvenster van God se ryk. Daar word soms na die kerk waar gelowiges in gemeenskap met God en met mekaar leef, as ’n sakrament verwys, as ’n “voorsmaak” van God se ryk op aarde. Terwyl die kerk die boodskap van God se nuwe bedeling verkondig, is dit ook midde-in die alledaagse lewe teenwoordig as ’n instrument in diens van die nuwe bedeling.

In die koninkryk waar God se heerskappy erken en uitgeleef word, waar God as Leier gevolg word, leef die kerk die einddoel van haar bestaan en roeping uit. Vir die gelowige maak dit ware lewe moontlik, ’n lewe waar die vernietigende invloed van sonde nie die laaste sê het nie, maar waar God deur sy Gees in beheer is en waar reg en geregtigheid, vrede en vreugde geld. Die Roepingsverklaring (2007) stel dit duidelik: “As gestuurde gelowiges is ons sout van die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk.”

In hierdie verstaan van die verband tussen die kerk en God se ryk word twee standpunte afgewys, naamlik dat dit 'n koninkryk is wat deur die kerk gevorm word ("church-shaped kingdom"), en dat die koninkryk volledig in die wêreld is sodat die kerk nie eintlik nodig is nie ("world-shaped kingdom"). Daarom kies ons liewer om van 'n kerk te praat wat deur die ideale van die koninkryk gevorm is ("kingdom-shaped church"). Die kerk se lewe word afgelees vanuit die perspektief van God se ryk wat reeds ten dele in die wêreld en kerk teenwoordig is, maar met Christus se wederkoms volledig sal deurbreek.

## 7. NUWE NADENKE OOR INKARNASIE

Nadenke oor die aard van gemeentes en deelname aan God se sending maak erns met die konsep van **inkarnasie.**

### 7.1 CHRISTUS SE MENSWORDING

Inkarnasie het te doene met Christus se menswording. Die menswording van Jesus Christus verduidelik op 'n besondere manier God se sending en die wyse waarop God met sy wêreld omgaan. Prakties help Christus se vleeswording die kerk om 'n inkarnasie-leefstyl na te streef. Inkarnasie is om *met* mense te wees waar hulle ook al is en hoe hulle ook al is. Binne hierdie verstaan word die konteks en kultuur ernstig opgeneem al mag die kerk nooit deur die kultuur oorgeneem of oorheers word nie. Die kerk is deel van die gemeenskap, maar dan as 'n kontrasgemeenskap ('n kruisgemeenskap!) wat volgens ander reëls funksioneer en ander prioriteite het. Inkarnasie beteken nie dat die spanning tussen kerk en wêreld opgehef word nie, eerder dat dit 'n produktiewe of kreatiewe spanning is.

### 7.2 KENOSIS

Jesus het deur sy menswording die voorbeeld gestel: dit is wat God van ons verwag hoe ons menslikheid en medemenslikheid moet lyk en hoe ons dit moet uitleef. Inkarnasie en navolging van Christus vertel ook iets van die kwesbaarheid van die kerk. Dit bring die gedagte van *kenosis* in die gesprek in. *Kenosis* is die teenoorgestelde as selfhandhawing en self-vervulling. *Kenosis,* soos Filippense 2:5-11 dit uitbeeld, beteken selfprysgawe en opoffering. Selfprysgawe is deel van die wese van God. Die Vader stuur die Seun en gee daarmee die Seun prys ter wille van sy liefde vir die wêreld. Die Seun is gehoorsaam aan die Vader se sending en géé sy lewe prys om sodoende versoening en heling te bring. Die kruis herinner ons daaraan dat hierdie wêreld verlos moet word. Die Heilige Gees wys, kommunikeer en konkretiseer die opoffering van die Vader en die Seun.

Dit is 'n gesindheid om ter wille van die ander óf in die plek van die ander te staan en leef – soos wat Christus mens geword, slaaf geword en in ons plek gesterf het. *Kenosis* – om jouself leeg te maak – is 'n ingesteldheid of 'n houding, selfs 'n soeke. Dit kan ook beskryf word as om jou doelbewus ter wille van ander kwesbaar te stel. As die kerk dus in Afrika gekonfronteer word met HIV/Vigs is die vraag wat die *kenosis*-gesindheid sou vra: Hoe die kerk ook HIV-positief kan raak? Die vraag is nie in die eerste plek: Hoe kan ons die vraagstuk oplos? nie. *Kenosis* is in die hart van die gestuurde teologie. Selfontlediging ter wille van die skep van 'n gemeenskap met diegene na wie die Here ons stuur, is die pad waarop die gemeente loop in navolging van Christus.

### 7.3 DIMENSIES VAN INKARNASIE

Die inkarnasie van God in Jesus Christus het onder meer die volgende vier dimensies:

* *Teenwoordigheid* – in Jesus Christus is die ewige God lewend teenwoordig in sy skepping.
* *Nabyheid* – in Jesus Christus het God so naby aan ons gekom dat God toeganklik geword het. Hy het die skeiding verwyder en sy kinders word selfs as tempels van die Heilige Gees beskryf.
* *Weerloosheid* – Jesus Christus se vleeswording (Fil. 2:6 ev) beteken Hy het soos die nederigste van nederiges tussen ons kom woon. Hy keer alle vorme van mag om en wys dat weerlose diensbaarheid die krag het om die ganse wêreld te verander.
* *Verkondiging* – Jesus Christus se menswording is die Evangelie. Daardeur kondig Hy aan dat God se nuwe bedeling aangebreek het en daarom roep Hy mense op tot bekering en geloof.

In navolging van Christus bepaal hierdie vier dimensies ook die sending van die kerk:

* *Teenwoordigheid* – Dit beteken onder meer dat die kerk eerder na mense toe moet gaan as wat die kerk in die eerste instansie daarop gerig is om mense na die kerk(gebou) toe te bring. Christene se lewens is die boodskap! Dit onderstreep die belang van verhoudings met mense.
* *Nabyheid* – die kerk word nie net uitgedaag om teenwoordig te wees waar mense is nie, maar om dit op so 'n manier te doen dat mense dienend vir mekaar beskikbaar is. Nabyheid is om empatie te hê en om in die skoene van ander te staan en die situasie vanuit hulle perspektief te kan verstaan.
* *Weerloosheid* – die normale magspolitiek werk nie in sending nie. Die antwoord lê eerder by nederigheid en diensbaarheid. *Kenosis* dui op 'n bewuste keuse om vrywillig prys te gee ter wille van die ander.
* *Verkondiging* – die Goeie Nuus is nog steeds relevant en betekenisvol vir mense. 'n Inkarnasie-lewenstyl

beteken juis dat gelowiges altyd gewillig sal wees om die Goeie Nuus met ander mense te deel.

## 8. NUWE NADENKE OOR ONS KONTEKS: DIE WÊRELD

### 8.1 DIE WÊRELD WAARIN DIE KERK HAAR BEVIND EN WAARNA DIE KERK GESTUUR IS, IS GOD SE WÊRELD

Omdat God die Drie-enige is wat as Skepper, Verlosser en Voleinder in verhouding met die wêreld handel, kan die wêreld slegs aan die hand van hierdie verhouding, in die lig van die sending van die Drie-enige God (*missio trinitatis Dei*), verstaan word. Die inkarnasie beklemtoon juis die feit dat die kerk altyd op die wêreld gerig is en op pad na die wêreld is, en dit onderstreep hoe belangrik dit is om die konteks te verstaan. Vir die kerk en sy boodskap was goeie eksegese van die Bybel nog altyd van lewensbelang. Daar is egter nog ’n eksegetiese vaardigheid wat net so belangrik is – die vaardigheid om die konteks (en kultuur) waarbinne die kerk is geloofsonderskeidend te verstaan.

### 8.2 OMDAT GOD DIE SKEPPER IS, IS DIE WÊRELD ’N WELDAAD

Dat God die Skepper en Voorsiener is, beteken dat alle kontekste waarvan die kerk deel uitmaak goed is. Die wêreld moet in ’n gees van verwondering, dankbaarheid en aanbidding gevier, geniet, ontgin en bewaar word. Ook wanneer gelowiges dit met tye nie self so kan ervaar nie kan vasgehou word aan die Skrif se herhalende refrein dat God die geskape dinge as goed (Gen 1:10, 12, 18, 21, 25), en selfs baie goed (Gen 1:31), sien. Dit sluit onder andere in dat die mens geskape is na die beeld van God (*imago Dei*).

### 8.3 OMDAT GOD MET DIE WÊRELD OP PAD IS, IS GEEN KONTEKS ’N GODDELIKE VERORDENING NIE

God se voorsienigheid is nie net daarop gerig om die skepping in stand te hou en die kwaad aan bande te lê nie, maar veral om die wêreld tot sy bestemming te bring. Die skepping is nie voltooi nie, maar onderweg na God se toekoms. Die “gespanne verwagting”, “belofte van hoop” en “geboortepyne” (Rom 8:19-21) wat die wêreld kenmerk, is ’n aspek van die goedheid daarvan. Elke konteks is vol moontlikhede en verrassings. Geen deel van die wêreld ís God se koninkryk nie; geen bestaande instelling, praktyk, sisteem of struktuur is ’n ewige Goddelike verordening nie. Niks in die wêreld móét wees en bly soos dit is nie. Die skepping ís skepping, nie Skepper nie; wêreldlik, nie Goddelik nie; sekulêr, nie sakraal nie; betreklik, nie absoluut nie. Slegs as sodanig is dit “baie goed”.

### 8.4 OMDAT DIE WÊRELD DEUR SONDE GESKEND IS, STAAN ELKE KONTEKS ONDER GOD SE GENADIGE OORDEEL

Sonde is weerstand teen God en vervreemding van God. Daarom het die wêreld verlossing nodig. Daar waar mense aan hul geskapenheid wil ontkom, hulself wil verewig en soos God wil wees (Gen 3; 4:3-12; 6:1-6; 11:1-9), kom hulle in verset teen God. Daar waar die bestaande orde verabsoluteer en teen elke prys in stand gehou wil word, of waar ander eindbestemmings as God s’n in die vooruitsig gestel word, en gepoog word om die *missio Dei* te verydel, kom die mens téén God te staan, met rampspoedige gevolge. Die *missio Dei* kan egter nie verydel word nie omdat God daaraan getrou bly en selfs die hoogste prys betaal om versoening te bewerkstellig. Christus se offer aan die kruis openbaar hoe diep die wêreld met sonde deurdrenk is, maar terselfdertyd ook hoe diep God se troue liefde is.

### 8.5 OMDAT DIE SONDE NIE GOD SE MISSIE KAN STUIT NIE, IS DAAR HOOP IN ELKE KONTEKS

Christene kan dit waag om oor die pynlike waarheid van hul konteks te praat omdat hulle weet dat dit nie die laaste woord is nie. Nie alleen het Christus die sonde oorwin nie, maar Hy het ook die toekoms van God se wêreld in die hede geplant. Christus trek, soos ’n magneet – deur sy lewegewende, vernuwende Gees, en in, deur en naas die kerk – die hele wêreld na sy eindbestemming. Die wêreld hét steeds ’n toekoms. Om die wêreld (ons konteks) te sien soos dit werklik is, hou in om te vertrou dat die sonde nie die laaste sê het nie. Om die wêreld as geskape, verlos en op weg na die voleinding te sien, is om met hoop en verwagting daarin te leef. Naas die wete dat die goeie skepping steeds na sy eindbestemming onderweg is, weet gelowiges ook dat die *missio Dei* nie gestuit kan word nie – dat daar altyd hoop vir die wêreld is. Waar dit bely word, dáár is die kerk van Jesus Christus.

### 8.6 ONS OPDRAG: ONDERSKEI WAAR GOD IN ELKE KONTEKS AAN DIE WERK IS

Die eerste stap op die pad van ’n missionale gemeente is om te onderskei. Die kerk kan sy roeping nie onderskei sonder om deurentyd bewus te wees van God wat in die wêreld en in elke konteks aan die werk is nie. Ons vreugde lê daarin om dit te ontdek. Dit beteken die wêreld is nie ’n probleem wat opgelos moet word nie, maar die misterie van God wat telkens ontdek moet word. **Onderskeiding is eintlik die heel eerste daad van die sending van die kerk.** Sending is om vas te stel waar die Drie-enige God aan die werk is en om daarby aan te sluit! Die klem is dus eerder op luister en onderskeiding en deelname aan God se liefdevolle teenwoordigheid as op voorskriftelike bedieningsmodelle.

## 9. NUWE NADENKE OOR GEMEENTES

Die ontmoeting tussen teks en konteks speel veral af binne en rondom die plaaslike gemeente. God is teenwoordig en werk in sy wêreld. God werk ook deur sy Gees in sy gemeentes. Die nadenke oor God se sending, die koninkryk en konteks laat die fokus veral op gemeentes val. Gemeentes is God se instrumentele geskenke om die wêreld te help om by God se bestemming uit te kom. Gemeentes is die eerste hermeneuse van die evangelie.

### 9.1 DIE BELANG VAN GEMEENTES

Gemeentes is die basis van die kerk. Gemeentes is nie net die ruimte waarin ons persoonlike geloof gevoed en versterk word nie, dit is ook die grondslag waarop alle aktiwiteite van die breër kerk en ekumene steun. Die klem is nie soseer op die institusionele kerk as op die plaaslike vergestalting van die liggaam van Christus nie, nie soseer op ’n sinode as op die plaaslike gemeente nie. Die kerk bestaan primêr op plaaslike vlak. Natuurlik is denominasionele en sinodale strukture(verbande) belangrik, maar die eintlike gestalte van die kerk is die plaaslike gemeente. Die kerk van die Here word in die plaaslike gemeente gevind. Die kerk bestaan altyd en op alle plekke uit mense wat in ’n geloofsgemeenskap of *koinonia* met mekaar leef. So min as “twee of drie wat in die Naam van Jesus vergader”, reflekteer alreeds die wesensaard van kerkwees. In die woorde van Matteus 18:20 is Jesus telkens reddend in hulle midde aanwesig. Kerkwees bestaan deurentyd daarin dat ons in nuwe verhoudings met mekaar, in die teenwoordigheid van die opgestane Christus, leef. Hierdie verhoudings word gekenmerk deur *agape* – onvoorwaardelike lojaliteit aan mekaar as lede van die aardse familie van Christus (1 Kor 13). Op praktiese vlak word hierdie liefde sigbaar in konkrete aktiwiteite van omgee, gasvryheid, materiële hulp, gebed, vergifnis en die wedersydse versorging van mekaar en ander.

Die kerk is nie die formele strukture, ampte, geboue, ordes of aktiwiteite nie – die kerk is ‘n beweging. Daarom moet die Nuwe Testamentiese siening van gelowiges as tempels van die Heilige Gees (1 Kor.3:16; 6:19) opnuut prakties ontgin word teenoor skeefgetrekte sienings rondom kerkgeboue as “die huis van God.” Eweneens moet die foutiewe skeiding tussen heilige ruimtes en sekulêre ruimtes opgehef word. Vanuit die Nuwe Testamentiese perspektief is alle gelowiges voltydse verteenwoordigers van Christus op elke plek waar hulle hulself bevind. Kerkwees gebeur daarom binne elke lewenssfeer. Formele kerklike byeenkomste is inoefengeleenthede om God gesamentlik te eer en om toegerus te word om Christus se voltydse getuies te wees.

### 9.2 MISSIONALE GEMEENTES

Gemeentes is vanuit hul aard en wese missionaal. ’n Missionale gemeente is ’n gemeente wat op die wêreld gerig is en wat deur haar deelname aan God se sending gevorm word. ’n Missionale gemeente word geroep om verhoudings in ’n gebroke wêreld te herstel en volgens God se plan vir sy skepping te leef. ’n Missionale gemeente is deurdrenk met God se sending. Dit bepaal alles wat die gemeente doen – van eredienste tot opleiding, van uitreike tot gemeentelewe, van geestelike dissiplines tot praktiese dienslewering – want die kerk se roeping is om te onderskei wat God in die wêreld aan die doen is en daarby aan te sluit. Die kerk se gestuurdheid is sigbaar en groei in ’n verskeidenheid van gebeure en prosesse: waar verhoudings gebou word, waar eenheid gesoek word met die handhawing van die unieke van elkeen, waar mensgemaakte grense oorgesteek word om lewe te bring, waar die integriteit van God se skepping beskerm word, en waar die Bybel gelees en gebid word.

### 9.3 DISSIPELSKAP

Die missionale verstaan van gemeentes fokus op die belang van dissipelskap. Dissipels is mense wat Christus volg, wat van Hom leer hoe om nuwe mense te wees en wat, soos Christus, die wêreld nuut maak deur nuwe verhoudings te skep. Die herontdekking van die kerk se gestuurdheid is, soos reeds gesê, niks minder as ’n radikale transformasie nie. Dit verander die kerk se verstaan van haar identiteit en die ganse lewe van gemeentes. Dissipels van Jesus wat deelneem aan hierdie nuwe gesprek soek daarom antwoorde op vrae soos: “Wat is God besig om te doen?” en “Wat wil God hê dat ons sáám met Hom moet doen?”.

## 10. NUWE NADENKE OOR DIENSBAARHEID AAN DIE GEMEENSKAP

Die dienswerk van die kerk is nie net gegrond in God se sending nie, maar is inderdaad gegrond in God self: God se liefde, Sy barmhartigheid, Sy geregtigheid, Sy versoening, Sy vrede. Die kenotiese bestaan van Christus en die prysgawe van die Seun deur die Vader vorm die basis van die kerk se dienswerk. Daarom is die diakonaat van die kerk meerkantig en kan verskillende tipes diakonaat onderskei word, soos die bediening van God se barmhartigheid en omgee vir mense en die natuur, die bediening van God se versoening en vrede, die bediening van God se geregtigheid .

Hoewel die woord *diakonos* (diaken) in die Nuwe Testament moontlik na 'n lerende en verkondigende amp eerder as na liefdesdiens in 'n breër sin verwys, is die amp van diaken, veral in die Gereformeerde tradisie, primêr met die diens van barmhartigheid verbind.

*Diakonia* is 'n uitvloeisel en vergestalting van die kerk se viering, beliggaming en verkondiging van die goeie nuus. Waar gelowiges in hierdie gees die nood in die wêreld probeer verlig, is doeltreffendheid nie die hoogste maatstaf nie, want selfs waar sulke pogings skynbaar misluk en na 'n druppel in die emmer lyk, bly dit 'n viering, beliggaming en getuienis van die hoop wat in die kerk leef. Aan die ander kant kan die kerk nie onverskillig staan teenoor die uitkoms van haar liefdesdiens nie. God gee die gawes van verstand, insig en kreatiwiteit om ook in diens van hierdie saak aangewend te word. 'n Missionale kerk word geroep om deur die krag van die Heilige Gees en met die boodskap van die evangelie op haar lippe verandering in die samelewing tot stand te bring. Die fokus van die kerk moet derhalwe op die *hele* wêreld wees, op God se plan vir die skepping en die herskepping

God se sending behels **woorde én dade.** Tradisioneel is die woord- en daadbediening in die NG Kerk van mekaar geskei as twee afsonderlike bedienings: sending én diens van barmhartigheid. In 'n missionale ekklesiologie is dit egter onhoudbaar, gewoon omdat God se sending woord én daad behels. Die diakonaat se fokus is die nood van die wêreld. Dit gaan oor die nood van die individu en die gesin, groepe en gemeenskappe. Dit gaan oor die nood van streke en kontinente. Dit gaan oor 'n gebrek aan basiese lewensmiddele en dienste soos kleding, behuising, sekuriteit, maar dit gaan ook om die lyding wat siekte en geweld onreg en marginalisering in die gemeenskap veroorsaak. Dit beteken dat die kerk ook wanneer dit nodig is 'n sterk en vreeslose profetiese getuienis teenoor alle vorme van onreg op alle lewensterreine moet laat hoor. Die sentrale doel van al die verskillende diakonaat-tipes is egter dieselfde: om deel te wees van God se transformasie van die wêreld.

Daarom het die Roepingsverklaring van 2007 dit beklemtoon: "Ons wil graag met alle ander Christene hande vat om ons samelewings op te bou en pynlike omstandighede te verlig. Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons is beskikbaar en is verbind tot diens aan gemeenskappe."

## 11. NUWE NADENKE OOR GELOOFSVORMING IN DIE KERK

'n Missionale ekklesiologie het alles te make met geloofsvorming en spiritualiteit in die kerk. Missionale spiritualiteit is 'n bewussyn van God se lewende teenwoordigheid. Geloofsvorming gee betekenis aan 'n mens se lewe. Dit stimuleer, motiveer en gee aan gelowiges lewenskrag op die pad waarop die Here hulle stuur.

Die spiritualiteit van missionale gemeentes is die spiritualiteit van pelgrims op reis. Die vroeë Christene is "mense van die Weg" genoem. Kerk fokus nie op 'n gebou as die plek waar kerk gebeur nie, maar eerder op God wat grense na die wêreld en sy mense toe oorsteek en hulle – soos pelgrims – uitnooi op die reis na ander toe. Pelgrims is op reis, op soek na 'n verhaal. Daar het iets buitengewoons gebeur. Die pelgrim hoor daarvan en is op reis om die verhaal na te spoor. Pelgrims wil eerstehandse getuies wees wat nie net die ervaring van ander mense wil bevestig nie, maar wat self ook oop is om deur die reis verander te word. Die metafoor van suurdeeg verduidelik dit verder: missionale spiritualiteit is om soos suurdeeg in die wêreld te wees. Die suurdeeg is dieselfde as wat al vir eeue gebruik word, maar in elke nuwe situasie en kultuur neem dit nuwe vorm aan en verander dit daardie kultuur.

Missionale geloofsvorming is daarom nie om jou van die wêreld te onttrek om êrens eenkant jou batterye te laai sodat jy met nuwe krag kan teruggaan na die alledaagse lewe van jou alledaagse bestaan nie. Missionale spiritualiteit beteken om in Christus te wees, of mens nou bid of werk of sommer net met die gewone dinge van die lewe besig is. Daar is dus nie 'n missionale spiritualiteit wat verskil van 'gewone' spiritualiteit nie. Om in die geloof gevorm te word, kan eintlik nie iets anders wees as om as 'n volgeling van Jesus Christus geskool te word nie.

Alle spiritualiteit is ten diepste 'n missionale spiritualiteit. Daar is geen plek vir 'n persoonlike verdieping wat nie uitloop op 'n lewe na buite en ter wille van die wêreld nie. Spiritualiteit is 'n reis na binne en buite. Aan die een kant is dit 'n reis na jou innerlike wêreld. Dit is terselfdertyd ook 'n reis na buite, want dit gaan oor die leefwyse wat by hierdie reis pas. Innerlike verdieping lei tot 'n lewe van gestuurdheid.

Dit is altyd 'n spiritualiteit van die kruis. Die kruis is teken van Jesus se radikale identifikasie met die wêreld – Jesus was nêrens méér in die wêreld as aan die kruis nie. Die kruis is egter ook 'n teken van Jesus se radikale skeiding van die wêreld – sy radikale andersheid was nêrens meer sigbaar as aan die kruis nie.

Die Luisterseisoen in die NG Kerk het ons help verstaan dat geloofsvorming in missionale gemeentes **by onderskeiding en luister begin**. Die volgende is deel van 'n missionale luisterproses:
* Dit begin by 'n rus in God.
* Dit gaan luisterend met die Bybel om.
* Die bron van inspirasie vir die missionale luisterproses is die teenwoordigheid van die Heilige Gees wat die lewende God se gesprek met sy kinders hoorbaar maak.
* Dit is 'n proses wat tyd neem en die luisteraar verander.
* Dit gaan oor onderskeiding.
* Dit leer ons om vorentoe te kyk deur terug te kyk.
* Hierdie luisterproses blom uit in 'n lewe van goeie werke.

Onderskeiding is die hart van missionale geloofsvorming. Missionale spiritualiteit het alles met 'n gemeente se vermoë om te luister te doen – om te luister na die Woord en om te luister na die wêreld (konteks). Die betrokkenheid by die wêreld lei tot 'n verdieping in die verhouding met God en hierdie hegter verhouding lei weer tot intenser betrokkenheid by die wêreld. Twee stelle vrae waarmee gelowiges gedurig besig moet wees is:
* Wat **is** God besig om te doen? Op watter manier is sy Gees op die oomblik aan die werk in die wêreld?
* Wat **wil** God doen? Hoe sal dit wees as God alles deur sy Gees met Hom versoen en die stukkende verhoudings herstel? Hoe sluit 'n gemeente aan by dit wat God wil hê moet gebeur?

## 12. NUWE NADENKE OOR DIE AMPTE

Wanneer ons erns maak met die missionale hart van kerkwees word reformasie en transformasie 'n realiteit. Dit lei onder andere daartoe dat ons weer moet dink en gesels oor ons verstaan van die ampte. Nuwe nadenke oor die amp van die gelowiges is aan die orde van die dag. Lidmate staan gereed om hul bydrae te lewer as hulle die kans gegun word.

Die herontdekking van die amp van die gelowige tydens die Kerkhervorming as die belangrikste amp in die kerk behoort as rigsnoer te dien. Maar die Reformasie se verbreding van die amp sal nog 'n rondte verder gevoer moet word: *alle* gelowiges het gawes ontvang met die oog op dienswerk in en buite die gemeente. Die primêre bediening van die kerk is nie die bediening van *die ampte* aan die lidmate nie, maar die bediening van *die gewone gelowiges* aan en in die wêreld. Hoewel die Reformatore dit gesien het en in beginsel erken het, sal ons veel meer as hulle die dienswerk van gelowiges in die sentrum van ons kerklike lewe moet plaas.

Dié oortuiging is ook te vinde in onlangse ekumeniese byeenkomste:
* Edinburgh 2010 bevestig dat die kerk gestuur word om sorgsame gemeenskappe te wees waar jong mense aktief deelneem aan God se sending en waar mans en vrouens almal verantwoordelikhede en gesag deel.
* Die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke verklaar: "Lay leadership has become increasingly important as demands for pastoral leadership rise. Lay persons have been required to perform at funerals, baptisms and other events and must therefore be appropriately equipped."
* Lausanne III (Kaapstad) roep lidmate op om in hulle alledaagse lewe aan te sluit by dit waarmee God besig is.

Gewone lidmate is die operasionele basis vanwaar die Missio Dei begin. Hulle beklee sonder twyfel die belangrikste amp. Die ouderlinge en diakens (en leraars) kan nooit op hulle eie gemeentes help om volledig en in alle omstandighede sout vir die aarde en suurdeeg vir die wêreld te wees nie. Die lidmate is die sout en suurdeeg.

Die trinitariese begronding van die kerk en die erkenning van die belangrike rol wat die Heilige Gees speel as die Een wat deur die Vader en Seun gestuur is en wat die kerk van die Here vergader en opnuut uitstuur, bring die verantwoordelikheid van elke gelowige opnuut na vore. Jesus se woorde met sy hemelvaart is op elkeen van toepassing, ook in ons tyd en in die NG Kerk: "Julle sal krag ontvang waneeer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld" (Hand 1:8).

In die kerk is daar altyd 'n behoefte aan voltydse sendelinge, professionele gemeenskapswerkers, tentmaker-sendelinge en korttermyn-sendelinge. Maar hulle staan tweede in die ry. Die algemene amp van alle gelowiges staan eerste. Elke lidmaat word geroep om 'n getuie te wees. Die fokus moet op die amp van die gelowige bly – die ander ampte staan die gelowiges eintlik net by en help hulle om hulle roeping uit te leef.

## 13. NUWE NADENKE OOR NUWE GEMEENTESTIGTING

’n Missionale verstaan van die kerk bring die saak van gemeenskapsvorming of kerkplanting na vore. Een van die waardes van ’n missionale kerk is om geboorte te gee aan nuwe geloofsgemeenskappe. Die konsep van *kenosis* help ons om te verstaan dat die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe deel van die kerk se selfprysgawe is.

Kerkplanting is die dissipline om nuwe geloofsgemeenskappe as deel van God se sending, as verdere uitbouing van sy koninkryk, tot stand te bring. In die NG Kerk word die behoefte aan die ontwikkeling van nuwe gemeentes sterk aangevoel, gemeentes wat in die woorde van die Algemene Sinode van 2002 “die diversiteit van die bevolking met sy verskillende waardesisteme en lewenswyses aanspreek, wat evangelisasie as oogmerk kan hê, en wat nie deur geografiese grense aan bande gelê word nie”. Die Algemene Sinode van 2007 het besluit: “Die Sinode sien nuwe bedieningsontwikkeling/nuwe gemeente-ontwikkeling as ’n wyse van uitreik na die buite-kerklike mens, asook as ‘n wyse om aan die groeiende diversiteit binne ons samelewing en kerk ruimte te gee.”

Daar kan kers opgesteek word by die Anglikaanse Kerk wat met waardering hulle bestaande parogiale stelsel behou, maar terselfdertyd ook ruimte skep vir nuwe uitdrukkings van kerkwees (hulle praat van “fresh expresions of church”) binne die bestaande stelsel. Dit is ’n gemengde benadering (die aartsbiskop van Kantelberg praat van ’n “mixed economy”) van gemeentes wat binne die bekende raamwerk van gemeentegrense funksioneer, van nuwe moontlikhede wat binne ander tipes netwerke funksioneer. Dit is belangrik om te onthou dat Suid-Afrika al meer kenmerke van ’n netwerksamelewing begin toon. In ’n netwerksamelewing is “plek” minder belangrik as “vloei”. Die vloei van inligting, kapitaal, beelde en die mobiliteit van mense bepaal al hoe meer die aard van ons samelewing. Natuurlik vervang netwerke nie woonbuurte (in kerklike taal: wyke) nie, maar dit het die aard daarvan onherroeplik verander.

Kerkplanting onder mense wie se lewens eerder deur hierdie netwerkkultuur as deur hulle geografiese ligging bepaal word, het dringend noodsaaklik geword. Dit beteken dat die NG Kerk nuut oor hierdie saak sal moet dink – ook oor die grense van gemeentes, ringe en sinodes heen! Die bestaan van gemeentegrense is vir alle praktiese doeleindes opgehef – die Algemene Sinode behoort dit nou ook as beleidstandpunt te doen. Dit kan nuwe energie en werkkrag tot gevolg hê. Die belang van kerkplanting en teologiese besinning daaroor behoort ook in die teologiese opleiding te reg te kom.

Aspekte van hierdie omvattende saak sluit die volgende in:

* Kerkplanting is nie kloning nie. Die doel is nie om meer van dieselfde soort gemeentes te plant nie. Die belang van die inkarnasie van die evangelie in elke konteks trek ’n streep deur hierdie gedagte. Die Seisoen van Luister het die NG Kerk juis help verstaan dat elke konteks uniek is en dat ’n versigtige luister na die konteks baie belangrik is om die evangelie vars te laat wortelskiet.
* Kerkplanting kan ook nie verskraal word tot die veronderstelling dat net geordendes en leraars kerkplanters kan wees nie. Dit hoort ten diepste tot deel van die amp van die gelowige.
* Kerkplanting begin by ’n luisterproses – om te luister na die Gees, om te luister na die kerk en om te luister na die konteks. Die luisterproses word gedra deur gebed.
* Kerkplanting beteken dat die kerk bereid moet wees om om uit haar kulturele gemaksone te beweeg sodat die kerk dáár waar waar God haar wil gebruik, diensbaar kan wees (die Anglikane noem dit ’n “Mission Shaped Church”).

Die volgende begripsomskrywings help ons:

*Nuwe Bedieningsontwikkeling (NBO)* – dit beskryf die proses waardeur gelowiges of ’n geloofsgemeenskap by God se sending na die wêreld betrokke raak deur die ontwikkeling van ’n bediening wat op grond van verskeie redes steeds ’n bediening van ’n bestaande geloofsgemeenskap is en nie noodwendig as ’n selfstandige geloofsgemeenskap sal ontwikkel nie.

*Nuwe Gemeente-ontwikkeling (NGO)* – dit beskryf die proses waardeur gelowiges of ’n geloofsgemeenskap by God se sending na die wêreld betrokke raak deur die vestiging van ’n nuwe geloofsgemeenskap wat ten doel het om selfstandig te funksioneer en te vermenigvuldig.

*Geloofsgemeenskap* – dis ’n groepering van gelowiges wat hulself vrywillig onder die gesag van die Woord en Gees aanmekaar verbind om as eenheid te funksioneer. Dit kan vir die doeleindes van hierdie verslag dui op ’n bedieningspunt (byvoorbeeld ’n selgroep of ’n tehuis), of ’n gemeente, of ’n ring, of ’n sinode. By die vorming van hierdie geloofsgemeenskappe is ’n aantal strategiese rigtingwysers belangrik:

* ’n Duidelike roeping en visie van God vorm die basis van enige NBO/ NGO;
* Deeglike navorsing behoort in elke konteks gedoen te word voordat met ’n NBO/ NGO begin word.

* ’n Deeglike strategiese beplanningsproses wat die doel, bedieningsfilosofie en bedieningstrategie van die beoogde NBO/ NGO insluit, behoort die vestiging vooraf te gaan.
* ’n Bekwame en passievolle leier om die proses te lei, moet gevind word.
* Mobiliseer ’n toegewyde span om die bediening volgens hulle gawes te begelei.
* Voorsien voldoende opleiding vir alle betrokkenes.
* Ontwerp ’n finansiële strategie wat die befondsing en hantering van finansies insluit.
* Vind die nodige fasiliteite soos ’n geskikte plek van aanbidding.
* Formuleer duidelike uitreik- en ontwikkelingsdoelwitte en -strategieë met die oog op die groei van ’n gesonde Bybelse geloofsgemeenskap.
* Verreken die effek wat verandering op mense het en bestuur die proses dienooreenkomstig. Gee onder andere aandag aan die hantering van mense se sekuriteitsbehoeftes, die bestuur van verlieshantering, asook hul voorbereiding op ’n nuwe seisoen.
* Ondersoek moontlike samewerkingsgeleenthede met die plaaslike kerkverband – veral met die naburige kerkrade, ringe en sinodes.
* Ekumeniese samewerking met ander Christelike kerke en gemeenskapsorganisasies kan ook oorweeg word.

## 14. NUWE NADENKE OOR DIE LITURGIE VAN ’N MISSIONALE KERK

### 14.1 AANBIDDING EN DIE MISSIO DEI

Aanbidding word toenemend verstaan binne die konteks van die *Missio Dei* as ons antwoord op én ons aandeel aan God se uitwaartse beweging na die wêreld. Die Gees maak ons deel van God se sending en bring ons in gesprek met die Drie-eenheid. Die Gees help die kerk om te sing en te bid en om woorde te gebruik wat resoneer met die gesprek binne die Drie-eenheid.

### 14.2 LITURGIE

Die nadenke oor missionale kerk het dus belangrike implikasies vir die liturgie en die erediens. ’n Kerk se ekklesiologie word ten toon gestel in haar liturgie. Die manier waarop die kerk aanbid, vertel alles oor die aard en wese van die kerk. Die hartklop van die kerk is immers die erediens waar mense byeenkom om God te aanbid en te verheerlik. Daarom moet *leitourgia* of aanbidding as ’n kernaspek van kerkwees in enige konteks benadruk word. Om God se goeie skepping te vier, God se heilsdade te onthou, vir die koms van God se koninkryk te bid, die sakramente as voorskot op die nuwe skepping te deel en om God vir alles te dank en te loof, is nie iets wat die kerk naas haar “publieke” betrokkenheid doen nie. Deur bloot daardie deel van die skepping te wéés wat van God se onstuitbare missie weet en dit met dankbaarheid en lof in die erediens vier, verander die kerk haar konteks radikaal – ook wanneer sy nie deur “publieke” aksieplanne en projekte ’n verskil gemaak kry nie.

### 14.3 KENMERKE VAN ’N MISSIONALE LITURGIE

Die volgende kern-kenmerke van ’n missionale liturgie is van belang:
* ’n **Gerigtheid op God**. ’n Missionale gemeente kry haar identiteit in God wat ’n missionale God is en gevolglik kan die identiteit van die liturgie van so ‘n gemeente ook nie anders wees nie. Om só in ons aanbidding op God en sy werk in die wêreld te fokus, is onderskeiding noodsaaklik. Elke aspek van gemeentewees moet God se beweging na die wêreld ondersteun – óók die liturgie.
* ’n Liturgie wat **onderskeidend** mense help om die lewende Drie-enige God **in aanbidding** te ontmoet. Dit beteken dat ’n missionale liturgie vir verskillende gemeentes in verskillende omstandighede verskillende dinge sal beteken. Dit behels ’n pneumatologiese beweging waar die betekenis van die Woord vir hierdie besondere gemeente, in hierdie omstandighede, gesoek word. Daarom is ’n missionale liturgie ’n liturgie wat daarna streef om ’n ruimte te skep waar God die deelnemers én die deelnemers God ontmoet. Die sturende God en die gestuurde gemeentelede moet met mekaar in gesprek gaan.
* Die Oosters Ortodokse tradisie het al eeue lank die belang van **’n liturgie van die lewe** wat op die liturgie van die erediens volg, bepleit. Vir hulle is die Nagmaal die vertrekpunt vanwaar die kerk se getuienis in die wêreld groei. Calvyn het ook self die viering van die Nagmaal direk aan ’n lewe van dankbaarheid gekoppel. Liturgie is die hart van die missionale gemeenskap se georganiseerde lewe. Die erediens is die plek waar die sturende God ontmoet word, waar die gemeente toegerus en uitgestuur word in die liturgie van die lewe. In die erediens word die gemeente se identiteit gevorm. Gestuurde gelowiges se identiteit is dus gewortel in wat beide ín en ná die erediens, in interaksie met die gemeenskap, gebeur.
* ’n Erediens waarin aktiewe pogings aangewend word om die **gaping tussen liturgie en lewe te oorbrug**, is ’n erediens wat in die rigting van gestuurdheid beweeg.

## 15. NUWE NADENKE OOR DIE KERK AS MISSIONALE GEMEENSKAP

### 15.1 *IMAGO TRINITATIS*

Die kerk lewe in die Triniteit, en is daarom *imago Trinitatis*. Dit beteken dat die kerk ’n gemeenskap is in navolging van die innige en selfopofferende gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Die kerk is gemeenskap, nie ter wille van gemeenskap nie, maar ter wille van deelname aan God se sending. Die *missio Dei* is in wese kommunikaal en gemeenskaplik – en so ook die *missio ecclesiae*.

### 15.2 ’N VERBONDSGEMEENSKAP

Die kerk van die Here Jesus is ’n verbondsgemeenskap waarin daar vir almal plek is. Gemeenskap (*koinonia*) beteken dat mense ander se belange bo hulle eie stel, dat hulle die verbond wat God met hulle gesluit het met ander deel. Alles wat God aan ons gee, word as God se eiendom beskou en daarom vrywillig gedeel. In so ’n gemeenskap is eensgesindheid, vrede, onderlinge diens en onderskraging ’n voelbare werklikheid. Hierdie dinge gebeur in die kerk omdat die kerk in die viering en verkondiging van die nuwe hemel en aarde wat op pad is, nou reeds iets van sy boodskap konkretiseer. As die kerk ’n stukkie van die wêreld word waarin iets van die koninkryk reeds sigbaar is, beteken dit dat ’n stuk van die wêreld reeds verander is. Die kerk is nie net daar vír die samelewing nie maar ís ook self ’n samelewing met ’n eiesoortige interne politiek, ekonomie en kultuur.

## 16. NUWE NADENKE OOR DIE JEUGBEDIENING EN KATEGESE IN ’N MISSIONALE KERK

Die NG Kerk se jeugbediening en veral die kategese moet uitdrukking gee aan die identiteit en wese van die kerk as missionale gemeenskap. Die vreemde konteks waarin die jeug hulleself bevind, is deel van die “wêreld” waargeen die Here sy kerk stuur. Die globale postmoderne kultuur waarin die jeug in ons tyd leef, het tot gevolg dat ampsdraers en lidmate wat jongmense begelei soos sendelinge in ’n vreemde land ’n nuwe taal en kultuur moet aanleer om die goeie nuus in ’n nuwe taal in hierdie vreemde wêreld te verkondig.

Die verkeer loop egter ook in die teenoorgestelde rigting. Juis omdat jonger mense uit die staanspoor hulle weg in hierdie omstandighede moet vind, kan hulle op hulle beurt die kerk help om ook haar pad in die vreemde nuwe konteks te vind, om te verstaan wat om haar aan die gebeur is!

’n Deel van die roeping van die kerk is om die regte waardes by jongmense te vestig én om die jeug te lei om hulle eie deelname aan God se sending te ontdek. Die sewe waardes van missionale kerkwees wat hierbo genoem is, kan help om ’n missionale bewussyn by jongmense te kweek en behoort op die agenda van kategetiese onderrig te wees. Die twee vrae wat aan elke lid van ’n missionale gemeente gevra word, moet ook aan die jeug gestel word: Wat is God besig om te doen? Hoe kan ons as gelowiges aansluit by sy werk, by wat Hy reeds op aarde besig is om te doen? In die kategese moet vanselfsprekend ook aandag aan die konteks waarin ons leef, gegee word asook van die roeping van God wat op almal betrekking het, óók op die jeug.

## 17. NUWE NADENKE OOR DIE PUBLIEKE GETUIENIS VAN ’N MISSIONALE KERK

Die kerk se publieke getuienis vind in die eerste plek uiting in die lidmate se deelname, op alle vlakke van die samelewing, aan die publieke dialoog oor al die sake wat in die samelewing van belang is. Omdat die kerk die transformasie van die wêreld as prioriteit het, en nie los van haar verhouding met die wêreld verstaan kan word nie, en omdat ons as Gereformeerdes altyd die koninkryk as wyer as die kerk sien, kan ons nie oor die missionale kerk praat sonder om aan die publieke getuienis van die kerk aandag te gee nie.

Vanuit ’n koninkryksperspektief is alle teologie publieke teologie. Ons Gereformeerde teologie se fokus is op die heil van hierdie wêreld, en moet daarom in gesprek wees met die politieke, kulturele, opvoedkundige, ekonomiese en ekologiese aspekte van die samelewing in ons dag, en nie net die persoonlike en “kerklike” nie.

Die kerk word geroep om die beswil van die wêreld bo die belange van die kerk te plaas, en ons publieke getuienis vra dus na die agenda wat hierdie wêreld, hierdie konteks, op ons tafel sit. Hierdie getuienis vra met tye ’n kritiese stem, met tye ’n dialoog met verskillende rolspelers, en met tye ’n erkenning van God wat besig om sy wil in hierdie wêreld te laat geskied deur mense en instansies wat los staan van die kerk.

## 18. NUWE NADENKE OOR TEOLOGIESE OPLEIDING

Missionale leierskap gaan oor die verandering (transformasie) van mense en instellings wat deur God geroep word om by sy sending in die wêreld aan te sluit. Dit is die taak van die kerk om ’n omgewing te skep waarbinne die mense van God in ’n spesifieke omgewing kan floreer. Missionale leierskap het die opdrag om die hele geloofsgemeenskap toe te rus om in alle fasette van die lewe met die evangelie van Jesus Christus na mekaar én na die hele wêreld uit te reik.

Die vraag wat na vore kom, is hoe die kerk se teologiese opleiding meehelp om hierdie soort missionale leierskap te koester en te ontwikkel (die saak word meer volledig in 'n verslag van die Algemene Kuratorium bespreek).

Teologiese opleiding behoort ten minste aan die volgende aspekte van missionale leierskap aandag te gee:
* 'n Teologiese verstaan van geloofsonderskeiding en hulp aan studente om geestelik gevorm te word. Dit sluit opleiding rondom luisterprosesse in. Onderskeiding is die hart van Christelike leierskap. Dit het alles te make met 'n gemeenskaplike onderskeiding van die toekoms waarheen die Gees die geloofsgemeenskap nooi. Dit beteken ook onderrig om die Skrif te verstaan vanuit 'n konsekwente missionale hermeneutiek.
* Die ontwikkeling van kennis en vaardighede met betrekking tot klimaatskepping – die kultivering van 'n omgewing waar God se werk in die gemeente en in die konteks van die gemeente onderskei word. Kennis en vaardigheid oor die aard van kultuurverandering is noodsaaklik.
* Onderskeiding vind in die gemeenskap van gelowiges plaas. Daarom moet aspekte soos insig in die funksionering van netwerke en gemeenskaplike onderskeiding spesiale aandag kry. Dit raak ook sake soos spanwerk, insig in die dinamika en sinergie van spanne en synergogie (waar kennis verwerf word in 'n groep en deur samewerking in spanne.)
* Leierskapsontwikkeling beteken leiers word toegerus met vaardighede om transformasie te verstaan en te begelei.
* Missionale leierskap is om God se voorkeurtoekoms te leef, te verstaan en te beskryf. 'n Missionêre leier begelei die gemeente om met toewyding deel te word van God se sending in die wêreld op pad na die toekoms. Leierskapsontwikkeling sal dus noodwending heelwat aandag aan die eskatologie gee.
* Een van die heel belangrikste aspekte is die vorming van 'n missionale spititualiteit.
* Leierskapsopleiding vir missionale kerke beklemtoon innovasie. Dit is opleiding wat kreatiwiteit en verbeeldingskrag aanmoedig en ondersteun. Dit het ook te doene met die krag van metafore en narratiewe en die vermoë om oop, skeppende vrae te vra.

## 19. NUWE NADENKE OOR DIE KERKORDE

Hierdie nadenke oor die missionale aard van die kerk het vanselfsprekende implikasies vir die Kerkorde van die NG Kerk. Die missionale identiteit van die kerk noodsaak 'n nuwe besinning oor die wyse waarop die kerk georganiseer word en beleid bepaal word. Die volgende sake is van belang:
* Die Kerkorde staan in diens van die kerk en reflekteer die kerk se identiteit, gebruike en ordelike reëlings. Die uitgangspunt van die Kerkorde is om die wese en roeping van die kerk te omskryf. Transformasie van die kerk en die groei na 'n nuwe verstaan van die missionale aard van die kerk en haar gemeentes, moet dus neerslag vind in die Kerkorde.
* Die wese en roeping van die kerk kan saamgevat word in twee basisbegrippe – die **apostolaat of gestuurdheid** van die kerk en die **belydenis** van die kerk. Die kerk is net kerk as die kerk se missionale aard verstaan word – daar is reeds gesê dat sending nie iets is wat die kerk *doen* nie, maar wat die kerk *is*. Die kerk is ook net kerk as die naam van die Here reg bely word. In die geval van die NG Kerk spreek Artikel 1 van die Kerkorde die belydenis van die kerk duidelik aan. Die Kerk se verbondenheid aan en identiteit as Gereformeerde kerk, soos uitgedruk in die Formuliere van Eenheid, word ondubbelsinnig gestel. Die missionale aard van die kerk kom egter eers in hoofstuk 4 onder die "Arbeid van die kerk" aan die orde.
* In die "Inleiding tot die Kerkorde" van 2004 staan dat die Kerkorde die grondslag behoort te lê vir nuwe strukture en werkswyses wat uitdrukking gee aan die NG Kerk se roeping in Afrika en Suid-Afrika. Dit beteken dat die missionale aard van die kerk saam met die oriëntasie ten opsigte van die belydenis ter sprake behoort te kom. Die belydenis van die kerk is wat die kerk as gestuurde gemeenskap bely – die evangelie van Jesus Christus. Dit was byvoorbeeld die geval met die Nederlandse Hervormde Kerk. Dingemans beskryf die feit dat die apostolaat en belydenis bymekaar hoort, en dat die apostolaat die belydenis bepaal, as volg: Die kerk is eerder 'n beweging in die stroom van God se ryk as die gestolde vormgewing van die heil. Dit is eerder 'n getuigende klomp pelgrims as belydenisbewakers wat angstig bymekaar sit.
* 'n Voorbeeld hiervan word gevind in die bestaande Kerkode van die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) waar die heilige algemene Christelike kerk in Artikel 1 beskryf word as 'n kerk wat lewe uit God se genade en 'n kerk wat die opdrag van die Here vervul deur die Woord te hoor en te verkondig. Die kerk se verbondenheid aan die belydenisskrifte word bely, sowel as die feit dat die kerk in die wêreld gestuur is om die heil van Christus te verkondig.
* Die Presbiteriaanse Kerk in die VSA (PCUSA) stel dit as volg in Artikel 1 van hulle Kerkorde: "Christ calls the Church into being, giving it all that is necessary for its mission to the world, for its building up, and for its service to God. Christ is present with the Church in both Spirit and Word. It belongs to Christ alone to rule, to teach, to call, and to use the Church as he wills, exercising his authority by the ministry of women and men for the establishment and extension of his Kingdom." Artikel 2 handel oor die doel van die kerk en bevestig die belang van die verkondiging van die boodskap van verlossing.

Die herskryf van die NG Kerk se Kerkorde is tegelykertyd een van die moeilikste en maklikste uitdagings. Dit is moeilik, aangesien die kragte wat die kerk ’n blote instelling wil hou en fokus op die instandhouding van die kerk, baie sterk is. Dit wil die bestaande situasie voortsit en sien nie kans om die risiko’s te loop en kragte te hanteer wat losgelaat word wanneer ’n missionale ekklesiologie die kerk noop om van ’n instelling na ’n beweging te transformeer nie.

Dit is ook ’n maklike uitdaging. Indien die NG Kerk ernstig is oor die missionale aard van die kerk en die stem van die Roepende Gees onderskei wat die kerk dringend uitnooi om aan te sluit by God se werk in hierdie wêreld, sal die transformasie die hoogste prioriteit geniet. Die krag van die Gees is genoeg om al die risiko’s hanteerbaar te maak. Die verbeeldingskrag oor al die moontlikhede wat in God se toekoms op die kerk is, is genoeg om die kerk te beweeg om deel te neem aan hierdie reis. Die herskryf van die Kerkorde is maklik, want as die NG Kerk oortuig is van haar roeping om deel te neem aan God se sending, is dit eintlik niks anders as die onderskeidende opskrifstelling van dit wat die Gees reeds aan die doen is nie.

Daar is reeds gewys op die belang van kerkplanting. ’n Kerkorde wat ruimte bied vir kerkplanting onder “mense wie se lewens eerder deur hierdie netwerkkultuur as deur hulle geografiese ligging bepaal word”, noodsaak dat die huidige Artikel 10 van die Kerkorde geskrap word.

## 20. SLOT

Die NG Kerk het ’n unieke geleentheid om op ’n skeppende en kreatiewe wyse te reageer op groeiende insigte ten opsigte van die wese van die kerk. Dit verg ’n proses van gehoorsame luister en onderskeiding van die wil van God vir ons tyd en vir die NG Kerk. Ook die Kerkorde moet op die dubbele vraag reageer: Waar werk God? Hoe kan ons aansluit by sy werk in die wêreld?

Ons gebed is dat die Algemene Sinode besluite sal neem wat uitdrukking gee aan die gestuurde aard van die kerk en wat die missionale dinamika, wat inherent deel van elke gemeente is, sy vrye gang sal laat gaan.

## 21. AANBEVELINGS: MISSIONALE AARD EN ROEPING VAN DIE KERK

**21.1 Die Algemene Sinode ontvang hierdie beleidsdokument as ’n dokument wat uitdrukking gee aan die geloofsonderskeidende prosesse wat die afgelope dekade aandag aan die wese en aard van die kerk en haar getuienis in die wêreld gegee het. Die Algemene Sinode aanvaar dit as deel van ’n gesprek wat ons help om saam nuwe taal te skep, wat ons lei om nuwe gesprekke te voer en so nuwe, verbeeldingryke moontlikhede vir die toekoms van die NG Kerk te ontdek.**
**21.2 Die Algemene Sinode keur die volgende wysigings aan Die Kerkorde goed:**
**21.2.1 Wysig die opskrif van Hoofstuk 1 om te lui: “Die aard, belydenis en orde van die kerk”**
**21.2.2 Artikel 1: voeg ’n nuwe Artikel 1 in wat lui: *“Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die Kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien, en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus.”***
**21.2.3 Artikel 2: Artikel 2 word gewysig om die voorstelle mbt die belydenisskrifte te beskryf.**
**21.2.4 Artikel 3: Word die huidige Artikel 2.**
**21.2.5 Artikel 9: Wysig Art 9.4 om te lees:**
***In die gemeente aanvaar die bedienaar van die Woord verantwoordelikheid vir onderskeiding, die bestudering en verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente, die diens van die gebede en dissipelskap ~~die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede~~. Die bedienaar van die Woord is ook saam met die ander ampte verantwoordelik vir:***
***• eredienste,***
***• die opbou van die gemeente,***
***• onderrig en toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk,***
***• die gemeente se dienswerk in die wêreld,***
***• leiding en organisering van die gemeente,***
***• uitoefening van Christelike liefde en tug,***
***• pastorale versorging,***
***• kerkplanting,***
***• die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede.***
***Die kerkraad onderskei en bepaal, saam met die bedienaar van die Woord, die wyse waarop dié verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit ’n diensooreenkoms.***
**21.2.6 Artikel 16:**
***1 Wysig Art 16.1 om te lees:**
***“Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding en leiding, versorging, bestuur en toesig, en omvat:...”***



Inhoudsopgawe

***2 Voeg 16.1.9 in:**
***"dissipelskap" (huidige 16.1.9 word 16.1.10)***
**21.2.7 <u>Artikel 53</u>: Wysig Art 53 om te lui:**
***53.1 Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee, en die kerk sluit deur sendingwerk hierby aan.***
***53.2 Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom 'n gemeente. Deur dié gemeente:***
**** laat God sy Woord verkondig,***
**** bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand,***
**** laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,***
**** laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking bring, en***
**** word sy geregtigheid en versoening verkondig.***
***So laat Hy sy koninkryk kom.***
***53.3 Deur sending bedien die kerk die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is.***
***53.4 Sending is die roeping van elke lidmaat asook die gemeente. Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.***
**21.2.8 Die Algemene Sinode gee opdrag aan 'n projekspan om die Kerkorde in sy geheel aan die hand van hierdie verslag aan te pas.**

*Proff Nelus Niemandt en Piet Meiring in opdrag van die Moderamen*

# A.12.8 TER WILLE VAN DIE AARDE EN HAAR BEWONERS

## 1. ’N RAAMWERKDOKUMENT OOR DIE EKOLOGIE

Die NG Kerk erken dat die kerk in al haar gestaltes, die Christelike tradisie as ’n geheel en die aarde self deel vorm van die hele huishouding van God. Die NG Kerk dra die welwese van die planeet vir komende geslagte op die hart.

Die omgewing is nie net ’n bron vir menslike gebruik nie, maar het intrinsieke waarde as deel van God se skepping. God, as die Skeppergod, roep ons tot ’n verantwoordelike verhouding met sy Skepping. Die NG Kerk is saam met ander kerktradisies oor die wêreld heen besorg oor die wyse waarop lewe binne hierdie verhouding met God se Skepping fundamenteel bedreig word deur ekonomiese ongelykheid en ongeregtigheid, die verbruikerskultuur wat arm en ryk omhels, gewelddadige konflik in talle vorms en ekologiese vernietiging, asook die wyse waarop hierdie aspekte op mekaar inspeel.

Hierdie besorgdheid vra van die NG Kerk om profeties te waarsku waar die belange van sommige gehandhaaf word op ’n wyse wat hierdie bedreigings laat gedy, om die sondes van selfgesentreerdheid, hebsug, magsug en vervreemding by die naam te noem, om afgodery in kerk en samelewing te ontmasker en om ketterye wat hierdie bedreigings direk of indirek rugsteun, te ontbloot.
Hierdie besorgdheid vra ook van die NG Kerk om priesterlik diensbaar te wees in die samelewing waar die grootste behoefte aan heling bestaan. Dit vra van die kerk om te staan by die noodlydendes en die slagoffers van ongeregtigheid, insluitende ander vorms van lewe. Dit behels ’n oproep aan gemeentes, groepe, families en individue om by ’n wye verskeidenheid bedieninge hieroor onder leiding van die Heilige Gees betrokke te wees.

Hierdie besorgdheid vra verder ook van gemeentes, groepe, families en individue om met verantwoordelikheid te sorg waarvoor ons wel kan sorg – deur ons getuienis waar ons ook al leef, woon en werk – sodat hierdie bedreiginge weerstaan kan word en sodat lewe en onderlinge verhoudinge binne die huishouding van God kan floreer.

Hierdie besorgdheid vra laastens van die NG Kerk om, in die wysheidstradisie, saam met wetenskaplikes en ander kundiges te soek na sinvolle en haalbare oplossings vir die ekologiese probleme van ons tyd. Ons huidige leefstyl het in talle opsigte onvolhoubaar geraak en dit sal ’n groot inspanning van denke en wilskrag kos om ’n volhoubare, aantreklike en haalbare leefstyl te vind.

Die geloofwaardigheid en integriteit van hierdie vorms van getuienis verg van die NG Kerk ’n wydverspreide hervorming wat elke aspek van die kerk se werksaamhede raak: die manier waarop ons die Bybel lees, hoe ons die kerk se geskiedenis beoordeel en herwin, hoe ons die Christelike leerstellings en simbole verstaan, ons morele besluitneming, die beoefening van deugde, die Christelike lewe en roeping, bedieninge in die kerk, die viering van die liturgie, prediking, pastoraat, Christelike opvoeding en lering en getuienis teenoor andere. Die NG Kerk sal maniere moet vind om lidmate te begelei sodat hierdie hervorming sal deurwerk na hulle daaglikse lewe en beroepe waar hulle deelneem aan die vormgewing van die verhoudinge met God, tussen mense, en met die skepping, in alle sektore van ons samelewing. Die NG Kerk bely dat só ’n voortgaande hervorming nie vreemd is aan die tradisie waarin ons staan nie, maar ook dat ons soms stadig is om die rigting te sien waarin die Gees van God ons lei en dat ons self dikwels die noodsaak van só ’n hervoming in eiebelang weerstaan.

Dit is ’n hervorming wat berus op ’n hernieude visie van geregtigheid, vrede, deelnemende besluitneming en ekologiese heelheid. Dit is ’n visie waarin God bely word as ’n God van ontferming, medelye en daarom ook van geregtigheid. Dit is dié God wat ons in Jesus Christus en deur die werk van die Heilige Gees leer ken het.

Die NG Kerk moet alvorens ook bely dat sy skuldig was aan ekologiese vergrype. Die kerk was vir te lank medepligtig deur haar stilswyende aanvaarding van praktyke wat die integriteit van die omgewing in gedrang gebring het. Die NG Kerk het sisteme en strukture ondersteun wat nie verantwoordelik met die omgewing omgegaan het nie. Aandadigheid word bely, en daarmee saam wil die NG Kerk haar opnuut verbind tot ’n volhoubare lewe vir almal.

Hiermee getuig die kerk weereens haar geloof dat God se skepping – die aarde en alle lewe wat dit onderhou – kosbaar is en dat die aarde en haar bronne bedoel is vir die welwese van almal sowel as vir komende geslagte.

## 2. AANBEVELINGS: EKOLOGIE

**2.1 Die Algemene Sinode aanvaar die dokument *Ter wille van die aarde en haar bewoners* as ’n raamwerkdokument.**

**2.2 Die Algemene Sinode moedig lidmate, gemeentes, ringe en sinodes aan om in hulle funksionering en bedieninge:**

**2.2.1 ’n leefwyse van eenvoud te omhels wat minder druk sit op die omgewing en aktief mee te werk aan die ontwikkeling van so ’n leefwyse, eerstens vir onsself maar ook vir alle mense.**

**2.2.2 temas rondom die omgewing en leefstylverandering deel te maak van die liturgie, kategese en ander vorme van gemeentewees.**

**2.2.3 ’n profetiese stem te laat hoor ten opsigte van die uitbuiting van natuurlike bronne en praktyke wat klimaatsverandering bevorder.**

**2.2.4 ekumenies in gesprek te tree met ander geloofsgroeperinge en nie-regeringsorganisasies ten einde die bewaring van die omgewing te bevorder.**

**2.3 Die Algemene Sinode dra dit aan die Taakspan Ekologie op om ’n standpuntinname ten opsigte van hidrobreking te formuleer en via die Moderamen aan die kerkverband deur te gee.**

GF Claassen
Taakspan Ekologie

# A.12.9 KOMMUNIKASIE

## 1. ’N KULTUUR VAN GESPREK

**1.1** By die Moderamen se beplanningsessie in November 2011 is die skep van ’n kultuur van gesprek op alle vlakke en in alle sisteme as ’n prioriteit geïdentifiseer. Hiermee het die Moderamen in gedagte gehad dat die hele Algemene Sinodale sisteem op allerlei maniere en te alle tye met mekaar in meer as blote tegniese kommunikasie sal wees: daar moet ontmoeting en dialoog wees – al is dit via tegnologie. Dit beteken uiteraard ook ontmoeting en dialoog met almal om ons. Hierdie vertrekpunt bou op die wonderlike vrug en seën van die Seisoen van Luister.
**1.2** Die Dagbestuur en die Moderamen het ’n punt daarvan gemaak om by elke vergadering te evalueer waar ons is en waar ons beter kan. Tsv die feit dat dit nie altyd so eenvoudig en maklik was nie kon die Moderamen tog daarin slaag om met besoeke aan sinodes, optredes van lede van die Dagbestuur, skrywes, persoonlike gesprekke, besoeke aan individue, ens ’n gesprekskultuur te begin oopmaak. By die Dagbestuur was die beleid dat ons persone/ groepe sou sien wat ons daarom genader het. Ons voorsitter het hierin ’n besondere rol gespeel.
**1.3** Waar nodig was, is netwerke geskep om indringende dialoog te help. ’n Goeie voorbeeld hiervan is die netwerk van jong missionale enterpreneur-dominees.
**1.4** Hierdie kultuur het ook uitgespeel in en gehelp met die sake wat verder in die verslag van die Moderamen na vore sal kom: die vrugte van die Seisoen van Luister wat uitloop op die daarstel van ’n *Seisoen van Menswaardigheid* waarin luister een van die kernwaardes is.
**1.5** Die Moderamen is oortuig dat ons kommunikasie deur hierdie keuse gedien is.

## 2. KOMMUNIKASIESTRATEGIE

**2.1** Die Moderamen het die Bestuurspan versoek om opnuut na die bestuursmatige van kommunikasie in die sisteem van die werk van die Algemene Sinode te kyk. Die rede is omdat die Moderamen van mening is dat kommunikasie deel van die *bestuursfunksies* van die sisteem is.
**2.2** Die Moderamen het die volgende reëlings getref wat duidelik met die sinodes en hulle verantwoordelike funksionarisse gekommunikeer is:
**2.2.1** Die dag-tot-dag kommunikasie geskied vanuit die Kantoor van die Algemene Sekretaris. In kontensieuse sake raadpleeg hy die voorsitter en/ of die Dagbestuur.
**2.2.2** Die Algemene Sinode se webblad word uit die Kantoor van die Algemene Sinode bestuur en in stand gehou.
**2.2.3** Die weeklikse kommunikasie met die redakteurs van die sinodes se elektroniese nuusbriewe word ook voortaan vanuit die Kantoor van die Algemene Sinode gedoen.
**2.2.4** Die redakteurs van die elektroniese nuusbriewe en ander rolspelers in die sisteem se kommunikasiebedryf kom jaarliks byeen ten einde saam te besin oor die koördinering van en beste gebruike vir die elektroniese kommunikasie in die Algemene Sinodale verband.
**2.3** Die Diversiteitsforum op die Algemene Sinode se webblad is gedeaktiveer as gevolg van misbruik deur deelnemers en die onbestuurbaarheid daarvan.
**2.4** Die Algemene Sinode se Facebook-blad is weer in werking en word modereer deur prop Cobus van Wyngaard. Die blad word bestuur aan die hand van ’n protokol en huisreëls waaraan alle deelnemers onderworpe is. Die blad werk goed met die minimum probleme en lewer ’n reuse bydrae tot oop kommunikasie.
**2.5** Die Moderamen het besluit dat die hersiening van die kommunikasiebeleid en die werk van ’n taakspan vir kommunikasie weer aandag moet kry na die afloop van die gesprekke tussen die NG Kerk se (media)maatskappye.

## 3. KERKBODE

### 3.1 Redakteur

**3.1.1** Die Moderamen het ’n baie goeie werkverhouding met die redakteur, me Adri-Louise van Renen, asook waardering vir die besondere verskil wat sy in Kerkbode te weeg gebring het.
**3.1.2** Die Moderamen het besluit die redakteur van Kerkbode woon die vergaderings van die Moderamen by.
**3.1.3** Me van Renen gaan deur ’n moeilike tyd met haar gesondheid, maar is steeds aktief betrokke by die bestuur van die Kerkbode.
**3.1.4** Die Dagbestuur van die Moderamen het ’n gesprek gevoer met die plaasvervangende redakteur, dr Barend Vos, voordat hy afgelos het tydens me Adri-Louise van Renen se siekverlof. Dit was mdo op uitklaar van rolle en hoe die Moderamen die rol van die Kerkbode sien.

### 3.2 Probleemsituasies

Die Moderamen was deurlopend met BM en die redakteur in gesprek oor die posisie en rol van Kerkbode asook sekere probleme wat die Moderamen waargeneem het: die rol van die nuusredakteur, mnr Jean Oosthuizen; die slegte goed wat op Kerkbode se Facebook-blad gebeur het; die aard en toon van die berigte in Kerkbode. Die sake kon met verloop van tyd positief hanteer word.

**3.3 Kerklike joernalistiek**

Olv ds Danie Mouton, voorsitter van die direksie van BM, kon ’n baie goeie en konstruktiewe gesprek tussen die redaksie van Kerkbode, lede van BM se direksie en verteenwoordigers van die Moderamen op 20 September 2012 plaasvind. Die effek was dadelik in Kerkbode waarneembaar.

## 4. WOORDFEES-DILEMMA

**4,1** Vgl die verslag van die Moderamen, pt 6.9.1.3

**4.2** Die Moderamen het met die volgende verklaring reageer op die beskuldiging dat die NG Kerk oop kommunikasie wil verhoed:

**DIE NG KERK EN OOP GESPREK**

Die Moderamen van die Algemene Sinode het die afgelope weke kennis geneem van die beskuldiging dat die NG Kerk nie oop gesprek wil hê nie.

Die Moderamen wil dit duidelik stel dat ons eerste prioriteit altyd die helder en duidelike verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus is.

Die NG Kerk het `n bereidwilligheid tot oop gesprek. Die kerk kan egter moeilik gesprekke borg waarvan die aanduidings daar is dat die gesprek die kernbelydenis van die kerk in gedrang gaan bring en groter twyfel by mense gaan saai. ***Die kerk begelei mense nie na twyfel nie, maar deur twyfel na geloof.*** Dit is ons roeping. Die kerk is nie teen ewewigtige gesprek nie. Wat die Woordfees betref, is dit vir ons duidelik dat die spesifieke gesprekke, aard daarvan en sprekers nie vooraf met die Direksie van Bybel-Media uitgeklaar is nie. Boonop werk Bybel-Media met fondse wat direk ingesamel word vir die verkondiging en verspreiding van die Evangelie van Jesus Christus. Dit is tog ondenkbaar dat die Direksie dus so iets sou goedkeur as hulle daarvan geweet het. Hierdie optrede van die Direksie behoort ook in die toekoms gehandhaaf te word.

## 5. SKAKELING MET DIE MEDIA

Die skakeling met die media het met die minimum probleme verloop en daar was goeie dekking oor belangrike sake en verwikkelinge. Haakplekke kon uitsorteer word. Dit is belangrik om die besondere rol van mnr Neels Jackson van Beeld en dr Flip Loots van TripleM Produksies te vermeld vir hulle dekking van kerklike gebeure asook hulle toeganklikheid waar nodig.

## 6. PROTOKOL VIR GEBRUIK VAN SOSIALE MEDIA DEUR WERKNEMERS

**6.1** Die direksie van BM het besluit dat alle sosiale media van die afdelings van die groep ’n bestuurde funksie is en aan die reëls van die maatskappye moet beantwoord.

**6.2** ’n Proses is aan die gang gesit om ’n protokol vir die gebruik van die sosiale media deur werknemers van die Algemene Sinode en haar maatskappye daar te stel. Die Bestuurspan van die Moderamen en BM werk daaraan.

Hiermee vertrou die Moderamen dat hy hierdie taak namens die Algemene Sinode tot bevrediging uitgevoer het.



Inhoudsopgawe

# A.12.10 EKUMENE

## 1. INLEIDING
Die Here het die NG Kerk die afgelope twee jaar geseën deur in aanraking te wees met susters en broers in ander kerke en ekumeniese gemeenskappe. Daar is soveel wat as waarde aan ons toegevoeg is deur hierdie kontak. As bonus kon ons ook ’n unieke bydrae lewer.

Die verslag gee bloot die belangrikste sake vir kennisname van en besluitneming deur die Algemene Sinode deur. Die werk op hierdie terrein is baie meer omvattend as wat hier weerspieël word.

## 2. EKUMENIESE LIGGAME: INTERNASIONAAL

### 2.1 WÊRELDRAAD VAN KERKE
**2.1.1** Die NG Kerk se aansoek is positief ontvang. Dit is deur alle prosesse en wag vir bekragtiging van die Central Committee wat in 2014 vergader. Die NG Kerk sal egter as ’n kerk wie se aansoek in proses is, deelneem aan die vergadering van die WRK vanaf 30 Oktober tot 8 November 2013 in Busan, Korea. Prof Nelus Niemandt en dr Kobus Gerber is die NG Kerk se verteenwoordigers.
**2.1.2** ’n Afvaardiging van die WRK het as deel van die aansoekprosedure ’n inligtingsbesoek aan die NG Kerk en Suid-Afrika gebring ten einde hulle op die hoogte van die kerk en haar werksaamhede te bring. ’n Baie konstruktiewe gesprek kon met die Moderamen op 30 Januarie 2013 gevoer word – die gesprek is baie positief deur beide partye beleef. Die WRK se afvaardiging het bestaan uit prof Simon Dossou, WRK President vir Afrika en leier van afvaardiging (Methodist Protestant Church of Benin; werk tans vir die AACC), dr Bernice Powell Jackson, WRK President vir Noord-Amerika (United Church of Canada) en dr Daniel Buda, WRK Uitvoerende Amptenaar vir Programme (Geneve).
**2.1.3** Die NG Kerk het nou ’n wonderlike geleentheid om ook in hierdie forum ekumenies en teologies wyd te skakel, te leer en betrokke te wees.

### 2.2 WÊRELDGEMEENSKAP VAN GEREFORMEERDE KERKE (*WORLD COMMUNION OF REFORMED CHURCHES)*
**2.2.1** Die NG Kerk staan haar plek steeds vol in die werksaamhede van die WCRC: dr Kobus Gerber dien op die Uitvoerende Komitee en een van ons afgestudeerde studente, prop Frans du Plessis, doen in 2013 ’n internskap by die WCRC se kantoor in Geneve waar hy uitmuntend presteer in sy werk – ’n pluimpie vir ons teologiese opleiding!
**2.2.2** Die WCRC is dmv ’n Taakspan vir Suid-Afrika steeds betrokke as fasiliteerder in die kerkherenigingsgesprekke asook die hele situasie tov die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se lidmaatskap.
**2.2.3** Die besondere rol wat dr Jerry Pillay, president van die WCRC, in Suid-Afrika speel en die verhoudinge wat hy met sy styl herstel, verdien besondere vermelding. Hy is ’n gawe aan die ekumeniese gemeenskap. Ten tyde van die skryf van hierdie verslag het hy onder beroep gestaan as die volgende Algemene Sekretaris van die WCRC.
**2.2.4** As gevolg van finansies en na deeglike navorsing verhuis die kantoor van die WCRC aan die einde van 2013 vanaf Geneve na Hanover, Duitsland. Die Duitse lidkerke van die WCRC doen baie moeite om dit ’n goeie en bekostigbare skuif te maak. Dr Kobus Gerber was lid van die WCRC se taakspan wat ’n omdraaistrategie moes bewerkstellig.

### 2.3 GLOBAL CHRISTIAN FORUM
Die NG Kerk is in besonder betrokke by die GCF se werk in die Afrikastreek. Hierdie informele ekumeniese liggaam kry dit steeds reg om Christelike geloofsgemeenskappe in die wydste moontlike spektrum van geloofsoortuiginge bymekaar te bring.

### 2.4 WORLD REFORMED FELLOWSHIP
Die Algemene Sinode se aansoek om lidmaatskap (vgl besluit 2011) is in proses.

## 3. EKUMENIESE LIGGAME: AFRIKA

### 3.1 ALL AFRICA CONFERENCE OF CHURCHES
**3.1.1** Die VGKSA het ’n positiewe aanbeveling tov die NG Kerk se aansoek om lidmaatskap gedoen (dit was vir die NG Kerk belangrik gegewe die verhouding tussen die twee kerke). Die aansoek is in Desember 2012

goedgekeur. Vir die eerste keer in die 50-jarige bestaan van die AACC is die NG Kerk lid en kon die NG Kerk ook die 10de Algemene Vergadering (Jubileumvergadering) bywoon.
**3.1.2** Die 10de Algemene Vergadering van die AACC het vanaf 3-9 Junie 2013 in Kampala, Uganda, byeengekom met die tema *God of Life, lead Africa to Peace, Justice and Dignity.* Die NG Kerk se afvaardiging was prof Nelus Niemandt, ds Norma Rossouw, prop Frans du Plessis en dr Kobus Gerber. Die NG Kerk is met ope arms en blydskap ontvang – en met geen verwyte nie.
**3.1.3** Ds Rossouw is as sekunduslid van die Uitvoerende Komitee van die AACC verkies. Die belangrikste dokumente van die byeenkoms is aan die kerkverband deurgegee.
**3.1.4** Die NG Kerk word geag as 'n ekumeniese vennoot wat die kontinent kan dien. Ons het 'n geleentheid om hierdie siening van ons gestalte te laat kry.

**3.2 AFRICA COMMUNION OF REFORMED CHURCHES**
**3.2.1** Die ACRC het die afgelope tyd lewe gekry onder die fasilitering van dr Jerry Pillay. Drie byeenkomste kon sedert die vorige Algemene Sinode realiseer.
**3.2.2** Die ACRC (toe nog ARCA) het vanaf 27-29 Oktober 2011 te Kopanong, Benoni vergader saam met die *Southern Africa Reformed Celebrations*. Gegewe die feit dat die meerdeheid kerke nie teewoordig was nie is slegs 'n interimkomitee aangewys tot die volgende volle vergadering voor die vergadering van die AACC.
**3.2.3** Die streekkomitee vir Suidelike Afrika het op 27-28 November 2012 in Nairobi met die leierskap van die ACRC en lede van die WCRC se UK vergader ten einde werksaamhede te evaulueer en te beplan met die oog op die volle vergadering van die ACRC in 2013.
**3.2.4** Die volle ACRC het vanaf 29 Mei tot 2 Junie 2013 in Kampala, Uganda, vergader met dieselfde tema as die van die AACC wat in die daaropvolgende week byeengekom het. Die NG Kerk se afvaardiging was dr Kobus Gerber, dr Elize Morkel en prop Frans du Plessis. Dr Morkel het 'n skitterende aanbieding gedoen met baie positiewe reaksie – die afgevaardigdes wou meer en meer van haar leer. Sy het die naam van die NG Kerk hoog gehou en die saak van geregtigheid in Afrika konstruktief en met sensitiwiteit gedien.
**3.2.5** Die NG Kerk/ Familie van NG Kerke se beoogde Seisoen van Menswaardigheid en die werk wat reeds gedoen is, is met die ACRC gedeel. Die lidkerke was baie positief daaroor. Die versoek was dat die lidkerke op die hoogte gehou word van die ontwikkeling, dat kerke in Afrika ook deelneem as lootsgemeentes vir materiaalontwikeling en dat materiaal in Engels beskikbaar gestel word vir gebruik deur lidkerke. Hierdie versoek is aan die betrokke taakspan deurgegee.

**3.3 LIGGAAM VIR KERKE VAN DIE BREËR NG KERKFAMILIE**
**3.3.1** Die Moderamen het hieroor besin en oordeel dat om nog 'n struktuur vir Afrika op die been te bring saam met bestaande strukture nie haalbaar is nie.
**3.3.2** Dit kom voor of die aangewese weg soos volg moet wees:
**3.3.2.1** Die bestaande vennootskapskonferensie word meer "geformaliseer" om ook ander ekumeniese agendapunte te kan hanteer.
**3.3.2.2** Die vergaderings van die ACRC, die AACC en die WCRC, waar meeste van die kerke van die familie by betrokke is, word gebruik as aanhaakpunte vir 'n "Konsultasie van die NG Kerkfamilie". Kerke van die familie word ook aangemoedig en gehelp om lid van die ACRC, AACC en WCRC te word.
**3.3.3 AANBEVELING: LIGGAAM VIR KERKE VAN DIE BREËR NG KERKFAMLIE**
**Die Algemene Sinode besluit om nie 'n nuwe/ afsonderlike liggaam vir die NG Kerkfamilie te vorm nie, maar om die bestaande ekumeniese vergaderings in Afrika te gebruik vir 'n gereelde "Konsultasie van die NG Kerkfamilie".**

## 4. EKUMENIESE LIGGAME: NASIONAAL

**4.1 CONVENTUS VAN REFORMATORIESE KERKE**
**4.1.1** Hierdie liggaam bind 'n 'n 15-tal kerke van reformatoriese agtergrond saam rondom die eiendomlike van hierdie tradisie en die uitdagings tov die gesamentlike rol van hierdie kerke in Suid-Afrika.
**4.1.2** Die transformasie en die breër reikwydte van die Conventus word weerspieël in die gashere van die afgelope twee vergaderings: die Evangelies-Lutherse Kerk was die gasheer vir die 2012-vergadering in Kaapstad en die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa die gasheer vir die 2013-vergadering in Johannesburg.
**4.1.3** Die Moderamen oordeel dat die Conventus die liggaam is waar die NG Kerk meer energie moet insit gegewe die feit dat die droom van groter eenheid binne die reformatoriese tradisie in Suid-Afrika 'n geruime tyd reeds op die NG Kerk se agenda is.

**4.2 TUSSENKERKLIKE RAAD**
**4.2.1** Die Moderamen het geworstel met die voortgesette plek van die TKR en die NG Kerk se deelname aan hierdie vennootskap tussen die NG Kerk, die NH Kerk en die GKSA.

**4.2.2** Die Moderamen het die volgende voorstel goedgekeur vir voorlegging aan die Algemene Sinode as die instansie wat besluit oor die NG Kerk se idmaatskap van ekumeniese liggame. Hierdie voorstel is ook met die ander twee kerke gedeel:

*1. Die NG Kerk se gereformeerde ekumeniese betrokkenheid in Suid-Afrika kan nie langer in beide die TKR én die Conventus van Reformatoriese Kerke voortbestaan nie.*

*2. Die NG Kerk besluit om sy lidmaatskap van die TKR te beëindig om die volgende redes:*

*2.1 Die bestaande Grondslag van die TKR beperk, tsv 'n skynbare openheid, lidmaatskap tot 'n klein kring kerke met 'n geslote konfessionele basis en eintlik beperk tot een ras- en taalgroep.*

*2.2 Die NG Kerk se eie siening van haar konfessionele basis is reeds anders (vgl besluit oor Kerkhereniging 2011), en die NG Kerk kan nie deel van ekumeniese liggame wees wat nie ruimte maak vir haar eie familie wie se konfessionele basis anders is nie (die VGKSA).*

*2.3 Die gereformeerde konfessionele basis is groter as die Drie Formuliere van Eenheid. Ons eie besluite maak dat ons nie meer met die grondslag van die TKR kan saamgaan nie.*

*2.4 Die NG Kerk sien nie meer die TKR as die plek om 'n bepaalde eenheid met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gestalte te laat kry nie. Die NG Kerk wil in bepaalde konkrete ekumeniese verhoudinge gegrond op bilaterale ooreenkomste met elkeen van die kerke soos ook met ander gereformeerde kerke in Suid-Afrika staan.*

*2.5 Die jongste besluit van die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke beteken dat daar op die oomblik geen "eenheid" met die GKSA is nie en dat dit vals sal wees om voor te gee dat dit in die TKR gestalte moet kry terwyl die aangewese wyse die van 'n bilaterale ooreenkoms met die GKSA is.*

*3. Die NG Kerk oordeel dat sy haar gereformeerde ekumeniese betrokkenheid volledig in die Coventus van Reformatoriese Kerke wil uitleef, en ook wil sien dat die Conventus sterker en meer dinamies sal begin funksioneer.*

*4. Hierdie standpuntinname van die NG Kerk beteken nie dat die goeie en mooi werk asook besondere verhoudinge wat deur die jare in die TKR gestalte gekry het, misken word nie. Die Here het hierdie liggaam in 'n bepaalde konteks gebruik om die bande tussen die deelnemende kerke in stand te hou asook 'n gesamentlike profetiese stem te gee. Die konteks het egter totaal verander en vra 'n ander ekumeniese benadering van die NG Kerk.*

*5. Hierdie besluit bring ook huidige bestaande gesamentlike werksaamhede (Kommissie vir Buitelandse Bediening, IKOO) in gedrang. Die werk kan met groter vrug via ooreenkomste tussen kerke gedoen word en moet so ontwikkel. Waar daar bates is, moet dit op 'n ooreengekome basis tussen die kerke verdeel word.*

**4.2.3** Die NHKA en die GKSA het in reaksie op bogenoemde 'n dringende vergadering van die TKR aangevra ten einde saam te besin oor die toekoms van die TKR. 'n Eerlike, openhartige en indringende gesprek het op 22 Julie 2013 tussen verteenwoordigers van die drie kerke plaasgevind. Die TKR het soos volg besluit:

*1. Die TKR neem ernstig kennis van die aanbeveling van die Moderamen van die NG Kerk tov die voortbestaan van die TKR.*

*2. Die TKR se verteenwoordigers erken teenooor mekaar dat hulle nie maar net die gesprek en mekaar kan laat los nie gegewe die geskiedenis van die pad met mekaar.*

*3. Die TKR besef dat hy nie sonder meer kan ontbind nie, maar ook nie sonder meer en ongekwalifiseerd kan bly voortbestaan nie.*

*4. Die TKR spits hom vir die huidige toe daarop om, soos dit in die historiese perspektief van die huidige Grondslag verwoord is, <u>die verhouding tot 'n hegter kerkregtelik-verantwoorde eenheid te voer</u>. 'n Taakspan van twee lede uit elke kerk kyk spoedeisend hoe hierdie besluit in 'n mandaat vir die kerkverbande geformuleer kan word ten einde ook die probleem van die NG Kerk aan te spreek.*

*5. Die TKR gee aandag aan die byeenbring van 'n breër groepering van kerke van die reformasie in 'n "ekumeniese sinode" wat kan dien as ruimte waarin eenheidsgesprekke kan plaasvind/ gefasiliteer word.*

*6. Probleme wat deelhebbende kerke met die stellings van die NG Kerk in hulle aanbeveling het, word deur die kerke met die NG Kerk uitgeklaar.*

**4.2.4** In die daaropvolgende gesprekke het die NG Kerk die ander twee kerke herinner aan die staande besluite van die Algemene Sinode (oa 2002) dat dit die ideaal van die NG Kerk is dat vereniging tussen die NG Kerk, NHKA en GKSA sal plaasvind ten einde die gebeure van 1853 en 1859 te herstel. Dit is duidelik gestel dat vereniging pertinent op die agenda van die TKR moet kom ten einde dit 'n ruimte te maak waarbinne die NG Kerk haarself in die toekoms kan vind.

**4.2.5** Die lede van die TKR het die onderstaande voorstel (pte 4.2.4.1-4.2.4.5) geformuleer mdo op hantering deur die sinodes van die drie deelnemende kerke. Die Moderamen het pt 4.2.4.6 bygevoeg.

**4.2.6 AANBEVELINGS: TUSSENKERKLIKE RAAD**

**4.2.6.1 Die besondere verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, wat vanaf 1958 in die Tussenkerklike Kommissie en sedert 2004 in die Tussenkerklike Raad tot uitdrukking gekom het, het**

**uit 'n gemeenskaplike reformatoriese herkoms, 'n gesamentlike sosio-historiese kontekstualiteit en 'n gemeenskaplike taal gegroei. Ondanks die verskeidenheid in kerkformasie en kerklike etos, asook graadverskille in die belewenis van die gemeenskaplike belydenis, het die kerkgenootskappe deur die jare op grond van 'n gemeenskaplike groeibodem 'n verhouding van geloofseenheid in Christus gehandhaaf.**
**4.2.6.2 Oortuig daarvan dat ons in Christus een is, is die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verbind tot kerkregtelik-verantwoorde samewerking tussen die drie kerke op bilaterale en/of trilaterale vlak.**
**4.2.6.3 Die Algemene Sinode aanvaar dat hierdie oortuiging sal uitloop op gestruktureerde samewerking wat kan lei tot gestaltes van eenheid wat bepaalde organisatoriese konsekwensies mag hê.**
**4.2.6.4 Die Algemene Sinode versoek dat die Tussenkerklike Raad binne bogenoemde uitgangspunt funksioneer en sy grondslag dienooreenkomstig sal wysig met instemming van die bevoegde kerklike vergaderings.**
**4.2.6.5 Die Algemene Sinode versoek die TKR verder om aandag te gee aan die byeenbring van 'n breër groepering van kerke van die reformasie in 'n "ekumeniese sinode" wat kan dien as ruimte waarin eenheidsgesprekke kan plaasvind/ gefasiliteer word. Die Conventus, wat reeds 'n hele aantal kerke saambring, moet verkieslik hiervoor oorweeg word.**
**4.2.6.6 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die vordering na twee jaar te evalueer. Indien daar geen vordering is nie, moet die Moderamen die Algemene Sinode adviseer oor uittrede uit die TKR.**

**4.3 SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE**
**4.3.1** Die SARK het die afgelope twee jaar deur krisistye gegaan: die finansiële posisie het so versleg dat die meeste van die personeel afgelê moes word, die swak bestuur deur die SARK se kantoor en Algemene Sekretaris het die krisis vererger, die SARK se Algemene Sekretaris is geskors hangende 'n verhoor en die Uitvoerende Komitee het gesukkel om te funksioneer omdat die lede nie altyd beskikbaar was om aan die Raad se sake aandag te gee nie. Die voortgesette funksionering van die SARK was alleen moontlik met die hulp van dr Kobus Gerber en me Rinel Hugo.
**4.3.2** 'n Hartseer waarneming is dat die kerkleiers in Suid-Afrika skynbaar nie verantwoordelikheid vir die SARK aanvaar nie. Leiers daag nie altyd op by besinningsgeleenthede nie. Die meeste kerke dra nie by mbt hulle lidmaatskapgelde nie. Die redes daarvoor is kompleks, maar die volgende is waarskynlik van die belangrikste: kerke was gewoond dat daar altyd buitelandse geld was wat alles gedra en alles moontlik gemaak het – die era is nou verby; alles was in die verlede eintlik aan 'n sterk algemene sekretaris oorgelaat wat deur sy kantoor die trom geslaan het – die styl werk nie meer nie en kerkleiers sukkel om met deelnemende leierskap te funksioneer; daar is onsekerheid oor wat die fokus en rol van 'n ekumeniese liggaam soos die SARK moet wees; die wêreld van die ekumene skuif van die meer formele organisasies na meer informele forums – die beweging is nog nie goed deurdink en verreken nie; ander ekumeniese inisiatiewe vervul meer behoeftes (vgl hieronder by pt 4.5).
**4.3.3** Met die finalisering van hierdie verslag kon kennis geneem word van 'n buitengewone UK-vergadering wat op 31 Julie en 1 Augustus 2013 aandag gegee het aan 'n omdraaistrategie vir die SARK met die oog op 'n Algemene Konferensie waar oor die toekoms besin sal word. Met die hulp van 'n organisasie soos Kagiso Trust is planne in plek gestel vir 'n omvattende organisasie-ontwikkeling vir 'n nuwe konteks asook die opgradering van Khotso Huis om 'n kontantvloeibate te wees.
**4.3.4** 'n Gesprek is in opdrag van kerkleiers aan die gang tussen die SARK, TEASA en Africa Enterprise oor die moontlikheid van 'n nuwe ekumeniese konfigurasie.
**4.3.5** Die Moderamen het ook besluit om as deel van die trustees by die Wilgespruit Fellowship Centre betrokke te raak – die SARK is die "moederliggaam" van Wilgespruit.
**4.3.6 AANBEVELING: EKUMENIESE LIGGAME IN SUID-AFRIKA**
**Die Algemene Sinode doen 'n ernstige beroep op die bestaande groot ekumeniese liggame om ter wille van die profetiese getuienis van die Kerk van die Here Jesus Christus daadwerklik eenheid in een nasionale ligaam, wat ruimte maak vir diversiteit, te soek.**

**4.4 THE EVANGELICAL ALLIANCE OF SOUTH AFRICA**
**4.4.1** Hierdie kleiner liggaam, wat hoofsaaklik die meer "evangeliese" kerke in 'n liggaam saambind, kry dit reg om stil maar doeltreffend te funksioneer. Eerw Moss Ntla as Algemene Sekretaris doen sy werk effektief en geniet wye agting in Suid-Afrika.
**4.4.2** Me Rinel Hugo van die kantoor van die Algemene Sinode dien namens die NG Kerk op TEASA se Uitvoerende Komitee.

**4.5 CHURCH UNITY COMMISSION**
**4.5.1** Die NG Kerk is die afgelope drie jaar 'n waarnemer-lid in hierdie liggaam wat 'n eenheidsgesprek tussen die Anglican Church, Methodist Church, Uniting Presbyterian Church en United Congregational Church begelei. Ander waarnemers is die Evangelies-Lutherse Kerk en die Rooms-Katolieke Kerk. Die VGKSA is ook uitgenooi om waarnemer te word en hulle antwoord word nog afgewag.
**4.5.2** Met die besef dat die Anglikane nie gaan toegee oor hulle siening van die *ministry of oversight* nie, het die fokus van die CUC meteens verskuif na 'n eenheidsgesprek in missionale perspektief: dit open nuwe deure!
**4.5.3** As uitvloeisel van bogenoemde is 'n driedaagse konsultasie in Johannesburg gehou waar drr Kobus Gerber, Gustav Claassen, André Bartlette en me Elize Bezuidenhout die NG Kerk se afgevaardigdes was. Dit was 'n uiters konstruktiewe geleentheid wat baie ekumeniese vrug gaan dra.
**4.5.4** Die Uitvoerende Komitee suggereer dat die NG Kerk oorweeg om volle lid te word: saam met die Presbiteriane en Kongregasionaliste kan dit 'n nuwe reformatoriese dinamika in die CUC te weeg bring.
**4.5.5 AANBEVELING: CHURCH UNITY COMMISSION**
**Die Algemene Sinode besluit om dit aan die Moderamen op te dra om volle lidmaatskap van die CUC te ondersoek. Indien dit gunstig blyk te wees vir die NG Kerk se ekumeniese rol in Suid-Afrika en die eenheid van die kerk van die Here daadwerklik sal dien, word die Moderamen toestemming verleen om namens die Algemene Sinode lidmaatskap op te neem.**

**4.5 ANDER NASIONALE EKUMENIESE INISIATIEWE**
**4.5.1 National Church Leaders Consultation/ Church Leaders Forum**
**4.5.1.1** Hierdie is 'n byeenkoms wat gereël word met donasies van verskeie instansies. Kerkleiers kry die geleentheid om in 'n veilige ruimte met mekaar in kontak te wees en geloofsonderskeidend te besin oor sake van belang. Belangrike verklarings is die afgelope twee jaar deur hierdie forum (die naam is intussen verander na Church Leaders Forum) uitgereik, onder andere 'n sterk-bewoorde brief aan die President en die regerende party.
**4.5.1.2** Aartsbiskop Thabo Makgoba van die Anglikaanse Kerk neem op die oomblik leiding.

**4.5.2 South African Christian Leaders Indaba/ Initiative (SACLI)**
**4.5.2.1** 'n Driedaagse *indaba* onder leiding van TEASA, die SARK, Kairos Southern Africa en Africa Enterprise het vanaf 22-24 Januarie 2013 by die Kemptonpark Konferensiesentrum plaasgevind. Die bedoeling was om 'n platvorm te skep vir gesprek tussen leiers (georden en nie-georden) wie bekommerd is oor die huidige en toekomstige toestand van Suid-Afrika. Die Moderamen is verteenwoordig deur prof Nelus Niemandt, drr Braam Hanekom en Kobus Gerber. Prof Niemandt het opgetree as een van die beskermhere.
**4.5.2.2** Gegewe die belangstelling, goeie bywoning en positiewe vrug van hierdie aksie is geoordeel dat dit as 'n kontinue inisiatief vir 'n termyn van 30 jaar moet plaasvind met die ondersteuning van die betrokke ekumeniese liggame, kerke en instansies in die burgerlike samelewing.
**4.5.2.3** Die inligting word via die Kantoor van die Algemene Sinode aan die kerkverband gekommunikeer.

**4.5.3 Kairos Suidelike Afrika**
Die Moderamen het aandag gegee aan die dokumente wat hierdie beweging opgestel en versprei het, ook mbt die Israel-Palestynse kwessie. Gesprek is met die leier van Kairos, Eerw Edwin Arrison, gevoer.

**4.5.4 WENSA National Consultation**
**4.5.4.1** Hierdie belangrike interdenominasionele missionale/ evangelisasie konsultasie vind op gereelde tussenposes plaas. Dit verteenwoordig die wydste moontlike besinning tussen kerklike groeperinge in Suid-Afrika. Die Lausannebeweging/ Kaapstad 2010 is ook betrokke.
**4.5.4.2** Prof Piet Meiring en ds Ernst Muller het die geleentheid op 16-18 Julie 2013 namens die NG Kerk bygewoon.

## 5. KERKE: INTERNASIONAAL

**5.1 GEREFORMEERDE EVANGELIESE KERK VAN AUSTRALIË**
**5.1.1** Die NG Kerk bly in noue kontak met die GEKA en poog om gereeld hulle Algemene Vergadering by te woon. Die Kommissie vir Buitelandse Bediening skakel ook doelgerig met die GEKA.
**5.1.2** Die GEKA vervul as denominasie 'n baie belangrike rol in die versorging van Suid-Afrikaanse emigrante en hulle rol in 'n nuwe tuiste.
**5.1.3** Die NG Kerk staan in volle ekumeniese verhouding met die GEKA.

**5.2 CHRISTIAN REFORMED CHURCHES IN AUSTRALIA**

**5.2.1** Die sinodesitting van 2012 kon nie bygewoon word nie omdat dr Kobus Gerber op kort kennisgewing gehospitaliseer is. Bywoning van die vergadering in 2015 is in beplanning.
**5.2.2** Kontak word gehou in tandem met besoeke aan die GEKA.
**5.2.3** Die Moderamen het met hartseer kennis geneem dat die CRCA hulle ekumeniese band met die WCRC verbreek het – waarskynlik as gevolg van druk van die Reformed Churches in New Zealand en ander enger gereformeerde denominasies. Korrespondensie in die verband is aan die gang met die oog daarop om vas te stel wat die besluit vir die verhouding met die NG Kerk beteken asook die openheid om lidmate van die NG Kerk sonder voorbehoud te aanvaar.
**5.2.4** Die NG Kerk staan in volle ekumeniese verhouding met die CRCA.
**5.2.5 AANBEVELING: CRCA**
**Die Algemene Sinode spreek sy hartseer uit oor die CRCA se verbreking van bande met die WCRC. Die Algemene Sinode versoek 'n pastorale gesprek met die CRCA in die verband ten einde vas te stel wat die besluit beteken vir die verhouding met die NG Kerk.**

**5.3 AFRIKAANSE CHRISTENKERK VAN NIEU-SEELAND**
**5.3.1** Soos met die GEKA bly die NG Kerk in noue kontak met die ACK en poog om gereeld hulle Algemene Vergadering by te woon. Die Kommissie vir Buitelandse Bediening skakel ook doelgerig met die ACK.
**5.3.2** Die ACK se proses van verinheemsing is uiteraard baie verder gevorder as die van GEKA gegewe die feit dat die denominasie heelwat langer bestaan. Hierdie kerkverband vervul soos GEKA 'n onontbeerlike rol in die samelewing waar hulle na Suid-Afrikaanse emigrante omsien.
**5.3.3** Die NG Kerk staan in volle ekumeniese verhouding met die ACK.

**5.4 REFORMED CHURCH OF JAPAN**
**5.4.1** Daar word gepoog om goeie kontak met die RCJ te behou tsv die afstand en die taal. Missie Japan, die liggaam van die NG Kerkfamilie wat verantwoordelik is vir die vennootskapsverhouding met die RCJ, speel 'n besondere ondersteunende rol in die verband.
**5.4.2** 'n Besoek word aan die RCJ gebring na die vergadering van die WRK in Korea.
**5.4.3** Die NG Kerk staan in volle ekumeniese verhouding met die RCJ.

**5.5 CHRISTIAN REFORMED CHURCH IN SRI LANKA**
**5.5.1** Die Sinode van Wes-Transvaal hanteer die vennootskapsverhouding met die CRCSL op 'n baie besondere manier.
**5.5.2** 'n Besoek is in beplanning vir 2014.
**5.5.3** Die NG Kerk staan in volle ekumeniese verhouding met die CRCSL.

**5.6 CHRISTIAN REFORMED CHURCH IN NORTH AMERICA**
**5.6.1** Die verhouding en kontak met die CRCNA is op 'n besondere vlak agv 'n persoonlike verhouding met die kerk oor 'n baie lang tyd en omdat twee lede van die CRCNA saam met dr Kobus Gerber op die Uitvoerende Komitee van die WCRC dien.
**5.6.2** Die NG Kerk kon in 2012 die sinodesitting van die CRCNA bywoon (ds Nelis J van Rensburg was teenwoordig) waar hulle oor die Belydenis van Belhar besluit het na hulle konsultasieprosesse. Die CRCNA het uiteindelik besluit om in hulle belydenisgrondslag 'n kategorie te skep wat hulle noem "Ecumenical Faith Declarations" en voeg voortaan die Belydenis van Belhar hier in.
**5.6.3** Die NG Kerk staan in volle ekumeniese verhouding met die CRCNA.

**5.7 REFORMED CHURCH IN HUNGARY**
**5.7.1** Die NG Kerk en die RCH kon in November 2011 'n Memorandum van Verstandhouding in Budapest onderteken. Die twee kerke is op grond hiervan voortaan in volle ekumeniese verhouding.
**5.7.2** Kontak tussen die twee kerke is deurlopend en hulle is saam betrokke by werksaamhede van die WCRC.
**5.7.3** Prof Attie van Niekerk van die Fakulteit Teologie, UP, het in Februarie 2013 'n baie konstruktiewe besoek aan die RCH gebring met as fokus missionale kerkwees en teologiese navorsing. Daar sal beslis verdere opvolgaksies op die besoek wees. Prop Frans du Plessis het as jongmens in Julie 2013 die RCH se "Starpoint Youth Festival" bygewoon en verslag in die verband aan die Moderamen gelewer.
**5.7.4** Die NG Kerk staan in volle ekumeniese verhouding met die RCH.

**5.8 PROTESTANTSE KERK IN NEDERLAND**
**5.8.1** Die besluit van die Algemene Sinode 2011 om ekumeniese bande met die PKN te ondersoek en te onderhandel, het impetus gegee aan doelgerigte kontak en verhoudingsbou tussen die twee kerke.
**5.8.2** Di Peter Verhoeff (Moderator: PKN) en Evert Overeem was vanaf 24 Februarie 2012 op 'n historiese besoek aan 4 kerke in Suid-Afrika: NG Kerk, VGKSA, Uniting Presbyterian Church en United Congregational

Church. Dr Kobus Gerber het die besoek gekoördineer. Die Dagbestuur van die Moderamen het op 25 Februarie 2012 'n positiewe en konstruktiewe gesprek met hulle gevoer. Tydens hulle besoek aan die Kaap het dr Braam Hanekom en ds Nelis J van Rensburg gereël vir kontak met werk daar, 'n ete asook dat ds Verhoeff in die gemeente Wynberg preek (ds Overeem het in die gemeente Bellville van die VGKSA gepreek).

**5.8.3** Die besluit van die Algemene Sinode asook die groei in verhoudinge het ook gelei tot 'n besef dat die NG Kerk van ons kant iets moet doen oor die geskiedenis tussen ons en die PKN, in besonder tov ons verhouding met die GKN wat nou deel van die PKN is. Die NG Kerk het in 1978 eensydig bande verbreek. Die PKN het die NG Kerk op versoek van die Moderamen die geleentheid gebied om by hulle sinodesitting in November 2012 iets simbolies te doen tov ons aandeel en die herstel van verhoudinge. Prof Nelus Niemandt en dr Kobus Gerber kon die sinode van die PKN op 7-10 November 2012 in Lunteren, Nederland, bywoon. Ds Collin Goeiman van die VGKSA was ook teenwoordig.

**5.8.4** Hierdie besoek was geskiedkundig mdo op ons verhouding met die PKN. Prof Niemandt kon tydens die sinodesitting die aangehegte verklaring *Om reg te maak met en op reis te gaan met ons Nederlandse familie* (vgl **Ekumene 1**) voorlees. Dit is met groot dank ontvang en wyd in die Nederlandse pers rapporteer. Prof Niemandt en dr Gerber kon ook saam met die PKN deel in die Nagmaal. Eintlik meer as deel: ons kon saam met die VGKSA (ds Collin Goeiman) die brood en die wyn uitdeel. Waar so baie goed in ons geskiedenis rondom die Nagmaal skeefgeloop het, kon hier versoening kom. Die PKN se ideaal is dat die NG Kerk en die VGKSA altyd saam by hulle sal wees.

**5.8.5** Die PKN sleep nie voete nie en wil die gesprek oor die verhouding na 'n praktiese punt toe voer. Hulle het begin werk aan 'n konsep vir 'n *Memorandum of Understanding.*

**5.8.6** Die PKN is bereid om intens betrokke te raak by ons herenigingsproses en konsultante soos prof Leo Koffeman en ds Evert Overeem op hulle koste hierheen te laat kom.

**5.8.7** Die belewenis in die kontak met die PKN is dat ons waarlik familie in Nederland het!

**5.8.8 AANBEVELINGS: PKN**

**5.8.8.1 Die Algemene Sinode boekstaaf sy vreugde en dankbaarheid oor die verwikkelinge tov die PKN.**

**5.8.8.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om alles moontlik te doen om die ekumeniese verhouding so gou as moontlik op 'n vaste voet te kry.**

**5.9 VERENIGDE PROTESTANTSE KERK IN BELGIË**

**5.9.1** Prof Nelus Niemandt en dr Kobus Gerber het op 8 Maart 2012 in Brussels verkennende gesprekke met die VPKB se voorsitter en Sinodale Raad gevoer nav 'n brief van hulle kant wat na die NG Kerk uitreik. Dit was 'n ongewone en positiewe ervaring om een van die kerke wie se dominees die felste teen die NG Kerk was se oop en warm hart te kon ervaar mdo op 'n nuwe reis met die NG Kerk.

**5.9.2** In opvolging van die verkennende gesprek kon dr Gerber die VPKB se sinodesitting op 17 – 18 November 2012 naby Leuven bywoon. Hy is met ope arms ontvang, en kon uit die bloute 'n groeteboodskap lewer (die voorsitter was bereid om tot 20 min te gee!) wat met groot dankbaarheid ontvang is deur die voorsitter van hulle kommissie vir Afrika. Die VPKB wil met die NG Kerk, soos hulle reeds met die VGKSA doen, 'n pad stap.

**5.9.3** Die VPKB is een van die Europese kerke wat die Belydenis van Belhar aanvaar het.

**5.9.4** Die NG Kerk kan baie hier leer oor kerkvereniging asook die bestuur van kulture en tale in een kerk (Frans, Vlaams, Duits en Limburgs), maar ook leer van watter negatiewe impak daar is as die kerk van die staat afhanklik raak vir 'n klomp goed.

**5.9.5** Die Moderamen het besluit om by die Algemene Sinode aan te beveel dat ekumeniese bande met die VPKB itv KO Art 70 en Reglement 20 aangegaan word.

**5.9.6 AANBEVELING; VERENIGDE PROTESTANTSE KERK IN BELGIË**

**Die Algemene Sinode besluit om itv KO Art 70 en Reglement 20 ekumeniese bande met die VPKB aan te gaan.**

**5.10 VOORTGEZETTE GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND**

**5.10.1** Die vGKN is 'n klein groepering van die GKN wat nie in 2004 deel van die PKN geword het nie agv die feit dat hulle baie groot waarde hulle gereformeerde konfessionele karakter heg. Hulle het in 2011 in 'n gesprek met prof Piet Strauss aangedui dat hulle in kommunikasie met die NG Kerk wil wees.

**5.10.2** Dr Kobus Gerber kon tydens die tyd van die PKN se sinode 'n lang en goeie gesprek met ds Anja van Harten-Tip van die vGKN hê. Hulle behoefte is kontak met kerke vir wie hulle konfessionele karakter belangrik is ('n saak wat ook toenemend kop uitsteek in die geledere van die WCRC) asook samewerking tov skakeling tussen teologiese opleidingsentra. Intussen is daar korresondensie aan die gang en word 'n opvolggesprek beplan.

**5.11 EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK IN FRANKRYK**

**5.11.1** Tydens die besoek aan Nederland mdo op die sinode van die PKN kon die lank-uitstaande kontak met die *Eglise Réformée Evangélique* opgeneem word. Ds Corneille du Plooy, een van ons gelegitimeerdes, was gasheer en het blyplek en vervoer verskaf.
**5.11.2** ’n Betekenisvolle besoek kon aan die Johannes Calvyn Teologiese Fakulteit in Aix en Provence gebring word. ’n Baie konstruktiewe gesprek is met die moderator van die kerk gevoer. Daar is ’n versoek tot akademiese en ekumeniese bande met die NG Kerk.
**5.11.3** Die NG Kerk se Gesamentlike Kommissie vir Evangeliebediening in Frankryk het noue bande met die *Eglise Réformée Evangélique* en ondersteun die werk in Frankryk. Ds Johan van Loggerenberg, voorsitter van die GKEF, het ’n opvolggesprek op 18 Februarie 2013 met ds du Plooy in Pretoria gehad. Die GKEF is bereid om die gesprek en kontak te fasiliteer.

**5.12 UNITING CHURCH IN AUSTRALIA**
**5.12.1** In uitvoering van die die besluit van 2011 het dr Kobus Gerber die UCA se Triennial Assembly van 15-20 Julie 2012 in Adelaide bygewoon.
**5.12.2** Die besluit van 2011 om na die UCA uit te reik mdo op bilaterale bande was ’n wyse besluit. Daar is baie wat ons met die UCA in gemeen het, maar ook baie wat ons by hulle kan leer: hoe werk ’n verenigingsproses en hoe bly dit volhoubaar; hoe bly ’n kerk *kerk* in ’n hoogs versekulariseerde samelewing; hoe word ’n breë diversiteit omarm en vergestalt; hoe werk ’n kerk se mense sag met mekaar midde in skerp verskille en emosies; hoe word soeke na konsensus en gedeelde oortuigings eerder as formele besluite deel van die asemhaling van ’n denominsasie; hoe beweeg ’n geloofsgemeenskap na ’n gemeenskap waar daar plek vir alle mense is en waar almal welkom is; hoe skuif ’n denominasie van die vraag “wie is ons?” na “Wie s’n is ons?” – ’n egte reformatoriese beweging.
**5.12.3** Die UCA is ’n denominasie wie se deure en arms oop is vir mense uit Suid-Afrika. Hulle maak ruimte vir bediening ook in Afrikaans waar dit moontlik is. Minderheidsgroepe word as belangrik geag omdat daar so groot hoeveelheid minderheidsgroepe in die UCA is.
**5.12.4** Die kontak met die UCA sal voortgesit en uitgebou word in die komende jare.

**5.13 FEDERASIE VAN SWITSERS-PROTESTANTSE KERKE**
Kontak word deurentyd met die FEPS behou. ’n Meer doelgerigte verhoudingsbou is nou nodig gegewe hulle belangstelling in en bereidheid tot betrokkenheid in Suid-Afrika. Goeie samewerking vind ook plaas in die geledere van die WCRC.

**5.14 STUDIEPROSES: *COMING TO TERMS WITH THE HISTORY OF APARTHEID***
**5.14.1** Die NG Kerk is saam met die VGKSA uitgenooi om deel te neem aan hierdie omvangryke projek uit die perspektief van die EKD (Duitsland). Van die NG Kerk se teoloë word betrek in die proses.
**5.14.2** Die navorsers het op 23 Mei 2013 ’n welwillendheidsbesoek aan die Kantoor van die Algemene Sinode gebring en ’n eerste volume van die navorsing oorhandig.

## 6. KERKE: AFRIKA

**6.1 KERKE BUITE SUID-AFRIKA WAT UIT DIE NG KERK SPRUIT**
**6.1.1** Die Algemene Sinode 2011 het besluit om in terme van Kerkorde Art 70 met kerke buite SA wat uit die NG Kerk spruit volle ekumeniese betrekkinge aan te gaan. Hierdie kerke is die Dutch Reformed Church in Botswana, die Swaziland Reformed Church, Reformed Church in Zimbabwe, Reformed Church in Zambia, Church of Central Africa Presbyterian (Nkhoma Synod), Church of Central Africa Presbyterian (Harare Synod), Igreja Reformada em Mocambique en Reformed Chuch of East Africa.
**6.1.2** Die Dagbestuur van die Moderamen het aanvanklik gemeen om die gesprek hieroor by ’n vennootskapkonferensie van die betrokke kerke aan die gang te kry. In ’n gesprek met die Moderatuur van die Reformed Church in Zimbabwe tydens hulle sinodesitting in 2012 is opgetel dat die kerke baie sensitief daarvoor is dat met hulle formele leierskappe onderhandel word en nie net met een of twee verteenwoordigers by ’n vennootskapskonferensie soos aanvanklik gemeen is nie. Daar sal in die Moderamen se beplanning gewoon voorsiening gemaak moet word om persoonlik by die kerke in Afrika uit te kom. Hieraan word tans aandag gegee.

### 6.2 Reformed Church in Zimbabwe
**6.2.1** Die RCZ het al 6 georganiseerde geloofsgemeenskappe in Suid-Afrika. Hulle het hulle vorige Algemene Sekretaris en gegradueerde van US, dr Christopher Munikwa, na SA gesekondeer om gemeentes hier te organiseer en na hulle om te sien.
**6.2.2** Ds Charles Juro, Algemene Sekretaris, en een van die leiers in SA, dr Erek Chakauya, het dr Kobus Gerber op Sondag 25 November 2012 ontmoet ten einde oor hulle situasie te praat. As deel van ons familie wil hulle nie in isolasie in Suid-Afrika funksioneer nie, en kan hulle ook nie aangesien hulle hier ’n bepaalde

affiliasie moet hê om eiendom te kan huur, as huweliksbevestiger te ageer, ens. Hulle versoek is dat die NG Kerk oorweeg dat hulle hier funksioneer as die *Reformed Church in Zimbabwe (in assosciation with the Dutch Reformed Church as part of the DRC Family).* Hulle versoek is dat gekyk moet word hoe dit kerkordelik en ook regtens gereël kan word.
**6.2.3** Drr Johann Ernst en Dewyk Ungerer het die RCZ bygestaan tov arbeidsregtelike aangeleenthede asook dokumentasie sodat dr Munikwa 'n werkpermit by die ambassade in Harare kan kry.
**6.2.4** In die lig van hierdie verwikkelinge het die Moderamen die volgende besluite geneem:
**1. Omdat migrantekerke deel van ons gemeenskap geword het, sal ons moet vra wat gebeur met kerke wat met/ tussen migrantegemeenskappe werk. 'n Studie in die verband moet beplan word.*
**2. Die Moderamen keur 'n interimreëling tov die RCZ goed.*
**3. Die Moderamen taak die ATR om iets vir die Algemene Sinode voor te berei om "assosiasie"-lidmaatskap en -bande formeel in die Kerkorde op te neem (daar moet oa na die PKN se riglyne gekyk word).*
**6.2.5** Die ATR kom met 'n voorlegging en aanbeveling oor assosiasie/ assosiasielidmaatskap(vgl ATR-verslag pt 8.2.2.5 en 8.2.2.11).

### 6.3 CHURCH OF JESUS CHRIST IN MADAGASCAR (FJKM)
Die Dagbestuur het 'n brief aan ons susters en broers in Madagaskar geskryf om hulle te bemoedig in die donker tye waarin die land en ook die FJKM tans verkeer. As gevolg van die situasie in Madagaskar kon persoonlike kontak nie plaasvind nie.

### 6.4 COMMUNAUTÉ EVANGÉLIQUE DU CONGO (CEC)
**6.4.1** Gesprek is aan die gang met die Gesamentlike Kommissie vir Evangeliebediening in Frankryk (GKEF), wat ook betrokke is by ander Franssprekende lande/ kerke, om te help om aandag te gee aan die opdrag van die Algemene Sinode tov hierdie Franssprekende kerk. Die GKEF is positief om te help.
**6.4.2** 'n Kort besoek aan die CEC in Kinshasa vind op 17-20 September 2013 plaas mdo skakeling en verdere onderhandeling.

## 7. KERKE: SUID-AFRIKA EN NAMIBIË

### 7.1 GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
**7.1.1** Die Dagbestuur van die Moderamen het met skok en hartseer kennis geneem dat die Algemene Sinode van die GKSA in Januarie 2012 nie die Memorandum van Ooreenkoms wat deur die gevolgmagtigdes van die twee kerke beding is, goedgekeur het nie. Die Deputate vir Ekumene van die GKSA het na die besluit 'n dringende bilaterale gesprek met verteenwoordigers van die NG Kerk aangevra. Die gesprek het op 14 Februarie 2012 by die Kantoor van die Algemene Sinode plaasgevind.
**7.1.2** Dit was sleg om te verneem dat die gesprek oor die saak by die GKSA se sinode in camera hanteer is. In die gesprek met die deputate van die GKSA het die volgende aan die lig gekom:
*1 Die formele motivering vir die besluit was dat die Memorandum van Ooreenkoms nie die korrekte pad geloop het nie en dat die vergadering nie genoeg tyd gehad het om dit goed te hanteer nie.
*2 Die deputate het ook toegegee dat daar ook ander redes was: 'n persepsie by sommige dat die NG Kerk op 'n pad van vrysinnigheid is; vrese en onsekerhede oor die pad met die NG Kerk; die kontakpersone tussen die kerke het oor die jare saam met mekaar gegroei maar die GKSA het as denominasie nie saam gegroei nie; daar is bepaalde tekortkominge in die dokument.
*3 Op die NG Kerk se persepsie dat hier *mala fides* is, is die versekering gegee dat dit nie die geval is nie en dat die GKSA steeds 'n pad met die NG Kerk wil loop.
**7.1.3** In die gesprek op 14 Februarie 2012 is op die volgende ooreengekom:
*1 Die kerke onderneem om die bilaterale gesprek voort te sit.
*2 Die kerke onderneem om gesprek te voer oor die aard van hulle verhouding binne die konteks van alternatiewe beskouings van ekumenisiteit.
*3 Die kerke onderneem om die gesprek voort te sit met die Memorandum van Ooreenkoms as uitgangspunt en om enige verskille in bilaterale gesprek aan te spreek soos dit organies uit die ooreenkoms na vore kom.
*4 Die kerke onderneem om steeds terreine van samewerking te identifiseer binne die konteks van eenheid in diversiteit.
**7.1.4** Die besluit van die Algemene Sinode van die GKSA om nie 'n ekumeniese ooreenkoms met die NG Kerk te onderteken nie het gemaak dat ons op die oomblik bloot in korrespondensie met die GKSA is.
**7.1.5 AANBEVELING: GKSA EN NG KERK**
**7.1.5.1 Die Algemene Sinode neem met spyt kennis van die besluit van die Algemene Sinode van die GKSA om nie 'n bilaterale ooreenkoms met die NG Kerk te onderteken nie.**
**7.1.5.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die gesprek met die GKSA na 'n punt te neem.**

**7.2 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA**

**7.2.1** Die verhouding met die NHKA is positief en ontspanne en die leierskappe is gereeld in aanraking met mekaar.

**7.2.2** Die Dagbestuur van die Moderamen het 'n formele gesprek met die NHKA se dagbestuur gehad oor die Algemene Sinode 2011 se besluit oor die Belydenis van Belhar asook oor die hartseer verwikkelinge in die NHKA tov 'n groep gemeentes wat wegbreek. Die NHKA is ook per brief in die moeilike tyd ondersteun.

**7.2.3** Die Algemene Kerkvergadering van die NHKA vergader in September 2012. Die NG Kerk word verteenwoordig ogv die Memorandum van Ooreenkoms deur dr Johann Ernst en hy sal ook 'n groeteboodskap lewer. Dr Kobus Gerber verteenwoordig die WCRC by die sitting van die Algemene Kerkvergadering.

**7.3 APOSTOLIESE GELOOFSENDING**

**7.3.1** Die Dagbestuur van die Moderamen het vir die eerste keer in drie jaar weer op 14 Augustus 2012 met die UK van die AGS samesprekings gevoer. Dit was 'n positiewe en konstruktiewe gesprek. Die twee Algemene Sekretarisse sal die sake waaroor ooreengekom is, uitpak vir die aandag van die twee leierskappe.

**7.3.2** Die onderneming is gemaak om ten minste eenkeer per jaar te vergader.

**7.4 CALVYN PROTESTANTSE KERK**

**7.4.1** In opvolging van die besluit van die Algemene Sinode oor die ondersoek na ekumeniese bande met die CPK kon drr Kobus Gerber en Ben du Toit deel van hulle sinodesitting in Junie 2012 bywoon. Die groeteboodskap met die versoek tot gesprek oor moontlike ekumeniese bande is baie goed ontvang.

**7.4.2** Die CPK het uit die destydse NG Sendingkerk ontstaan. Daar leef by hulle 'n baie sterk behoefte om weer deel van die Familie van NG Kerke te word. Hulle vra dan ook onbeskaamd wanneer/ hoe hulle betrek kan word in die kerkherenigingsgesprekke.

**7.4.3** Die Moderamen oordeel dat daar oorgegaan kan word tot die onderhandel van ekumeniese bande.

**7.4.4 AANBEVELING: CALVYN PROTESTANTSE KERK**

**Die Algemene Sinode besluit om itv KO Art 70 en Reglement 20 ekumeniese bande met die CPK aan te gaan.**

**7.5 VOLKSKERK VAN AFRIKA**

**7.5.1** Die Volkskerk het in September 2012 hulle 90ste herdenking gevier. Dr Braam Hanekom het die geleentheid namens die Algemene Sinode bygewoon en ook 'n groeteboodskap gelewer.

**7.5.2** Die gesprekke met die Volkskerk oor ekumeniese bande geniet aandag: hulle is positief oor die gesprek.

**7.5.3** Die Moderamen oordeel dat daar oorgegaan kan word tot die onderhandel van ekumeniese bande.

**7.5.4 AANBEVELING: VOLKSKERK VAN AFRIKA**

**Die Algemene Sinode besluit om itv KO Art 70 en Reglement 20 ekumeniese bande met die Volkskerk van Afrika aan te gaan.**

**7.6. ANGLIKAANSE KERK VAN SUIDELIKE AFRIKA**

Die gesprek met die ACSA vind so gereeld moontlik plaas. Een van die sake op die agenda van die twee afvaardigings is die moontlikheid dat die NG Kerk en die VGKSA saam deel van die gesprek uitmaak – die ACSA se profiel maak dit noodsaaklik.

**7.7 UNITING PRESBYTERIAN CHURCH IN SOUTHERN AFRICA**

**7.7.1** Die kontak en verhouding met die UPCSA is positief, konstruktief en op gereelde basis.

**7.7.2** Die UPCSA moet nog besluit oor 'n formele bilaterale ekumeniese verhouding.

**7.8 ROOMS-KATOLIEKE KERK**

**7.8.1** Die jaarlikse dialoog/ retreat tussen die twee kerke se taakspanne gaan voort en is konstruktief mdo op teologiese besinning, gesamentlike profetiese getuienis oor etiese en godsdienstige landskwessies, gesamentlike werksaamhede asook voetsoolvlakkontak op gemeentevlak.

**7.8.2** 'n Proses is aan die gang om die resultate van die vorige jare se teologiese besinning op skrif te stel mdo op hantering deur die twee kerke se leierskapstrukture.

**7.8.3** 'n Gelukwensing aan die nuwe Pous Fransiskus is via die voorsitter van die South African Catholic Bishops' Conference aan die Vatikaan gestuur.

**7.9 EVANGELIES-LUTHERSE KERK**

**7.9.1** Informele kontak, wedersydse bywoning van geleenthede en gesamentlike betrokkenheid by die Conventus is reeds 'n hele aantal jaar aan die gang. Daar is ook reeds 'n ooreenkoms dat die ELKSA van

die NG Kerk se proponente/ leraars kan gebruik mdo op vakatures in hulle gemeentes: dit geskied in oorleg met die ABR.
**7.9.2** Korrespondensie is aan die gang mdo op 'n rondte formele gesprekke tussen die leiers van die NG Kerk en die drie Evangelies-Lutherse kerke in Suid-Afrika en Namibië.

### 7.10 AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

**7.10.1** Die NG Kerk het in baie jare geen persoonlike kontak met die APK gehad nie: die vorige inisiatiewe het van ons kant gekom. Die enigste kontak was die sporadiese kere wat iemand van die APK by die TKR of Conventus as waarnemer opgedaag het.
**7.10.2** Publikasies word oor en weer gestuur.

### 7.11 ANDER KONTAK

Kontak en korrespondensie kom van tyd tot tyd voor met die Metodiste Kerk van Suidelike Afrika.

## 8. KOMMISSIE VIR BUITELANDSE BEDIENING

**8.1** Die KBB is 'n liggaam tussen die NG Kerk, die NHKA en die GKSA. Die KBB bestaan al ongeveer 20 jaar en dien as skakelpunt om reëlings te tref om te sien na lidmate uit die drie kerke wat emigreer of vir langer tye in die buiteland woonagtig is. Hierdie liggaam befonds homself uit 'n bemaking van fondse wat kerke jare terug gegee het vir die bediening van lidmate via die ambassades.
**8.2** Deur die jare kon daar in skakeling met kerke elders in die wêreld asook groepe lidmate aandag gegee word aan die behoefte van emigrante om in die vreemde in die reformatoriese etos wat vir hulle kosbaar is asook die taal waarin hulle leer aanbid het en dit vir baie jare gedoen het, te aanbid. Die KBB doen op geen manier self enige bedieningswerk nie maar bloot fasilitering. Daar is mooi verhale om die waarde van hierdie skakeling uit Suid-Afrika te illustreer.
**8.3** 'n Besondere fokus en uitdaging op die oomblik is die letterlik duisende lidmate wat in Afrika woon en werk vir langer en korter tye en hulle geestelike versorging. As gevolg van taal en aanbiddingstyl in Afrika is dit meestal onmoontlik om 'n aanbiddingstuiste te kry. Die drie kerke help om van tyd tot tyd besoek aan lidmate te bring waar daar redelike groepe is asook die opleiding van lidmate om verantwoordelikheid te neem vir eie onderlinge bediening.
**8.4** Die verhouding tussen die drie kerke is baie goed en die werk geskied met geen onderlinge spanning.
**8.5** Die Algemene Sinode 2011 het kennis geneem van denominasies en gemeentes in die buiteland wat Suid-Afrikaners bedien en spesifieke behoeftes rondom kerklike en ekumeniese bande met die NG Kerk het. Die besluit van die Algemene Sinode dat die Moderamen modelle daar moet stel wat ruimte maak vir betekenisvolle kerklike en ekumeniese verhoudinge word ondervang deur die aanbeveling van die ATR tov assosiasie. Die verdere uitrol van die saak sal aandag kry nadat 'n besluit oor assosiasie geneem is.

## 9. INTER-GODSDIENSGESPREK

### 9.1 DIALOOG MET ISLAM

**9.1.1** In die lig van die Israel-Palestynse kwessie en soos dit ook in Suid-Afrika neerslag vind, asook die sg Arabiese Lente en gepaardgaande uitsprake van alle kante in die media, het die Moderamen geoordeel dat die tyd ryp is om 'n konstruktiewe dialoog met die Suid-Afrikaanse Moslemgemeenskap te voer. Die beginpunt is Moslemleiers in die Kaap sodat Afrikaans as taal die gesprek kan makliker maak.
**9.1.2** Prof Piet Meiring, dr Braam Hanekom en dr Kobus Gerber is as taakspan aangewys.

### 9.2 DIALOOG MET DIE JODE

Teen die agtergrond van die Israel-Palestynse kwessie was daar kontak en dialoog met die kantoor van die Hoofrabbi asook die Jewish Board of Deputies. Lede van die Dagbestuur het op uitnodiging twee verskillende skakelgeleenthede op 5 Desember 2012 en 19 Junie 2013 bywoon.

### 9.3 NATIONAL RELIGIOUS LEADERS COUNCIL

**9.3.1** Die organisering van die NRLC in 'n formele struktuur na die verdeeldheid wat gekom het met die stigting van 'n nuwe liggaam NILC, wat intussen doodgeloop het, vorder met 'n slakkepas. Die NG Kerk bly betrokke by enige konsultasie asook die skakeling van die verskillende godsdienste met die regering.
**9.3.2** Persoonlike verhoudings met leiers van die verskillende godsdienste is goed en dit maak samewerking oor gemeenskaplike sake maklik.

### 9.4 INDEPENDENT FORUM FOR FAITH AND MEDIA

Die NG Kerk is lid van die IFFM, die liggaam waar die verskillende godsdienste met die verskillende media-organisies (openbare en private uitsaaiers, koerante, ens) in dialoog is oor die sake wat vir die godsdienste

belangrik en sensitief is. Ook hier is die verhouding tussen en samewerking met die ander godsdienste baie goed.

## 10. 2017: 500 JAAR-VIERINGE VAN DIE REFORMASIE: UITDAGINGS EN BETEKENIS VIR VANDAG

**10.1** Met die oog op die wêreldwye 500 jaar-vieringe van die Reformasie in 2017, vind daar vanaf 6-10 Oktober 2013 ’n beplanningskonferensie in Zürich, Switserland plaas. Dit word deur die Federasie vir die Switserse Protestantse Kerke en die Evangeliese Kerk in Duitsland aangebied. Dr Elsje Büchner verteenwoordig die NG Kerk by hierdie beplanningskonferensie. Die Moderamen het haar aangewys as sameroeper van ’n projekspan wat die feesvieringe op verskillende vlakke in die NG Kerk gaan beplan en koördineer.

**10.2** In die lig van die voortdurende gesprek oor ons gereformeerde identiteit is hierdie ’n baie belangrike baken op ons kerklike pad.

**10.3** Van die sake/temas op die beplanningskonferensie se agenda wat van belang vir die Suider-Afrikaanse konteks is, is onder andere:

* Die Reformasie en geweld
* Die Reformasie en subjektivisme
* Kerk, geloof en gemeenskap
* Vryheid en verantwoordelikheid tov die wêreld
* Etiese uitdagings: hoekom is vrae rondom etiese kwessies vandag ’n rede vir kerklike verskeurdheid?
* Die skadukant van die Reformasie en die Reformatore: hoe hanteer ons dit op pad na 2017?
* Die Reformasie en die onderwys
* Hoe kan ons op ’n oortuigende wyse en met integriteit oor die Evangelie praat?

**10.4** Om na 500 jaar die Reformasie sinvol te kan vier en in ’n nuwe konteks te herinterpreteer, gaan vra dat die verskillende kerke baie duidelik vra wat met sodanige feesvieringe beoog word en wat die kerke daarmee wil kommunikeer. Dit plaas ook die vraag oor ons Gereformeerde identiteit en geloofsverantwoordelikheid (dissipelskap) weer vierkantig op die tafel.

**10.5 AANBEVELING: 500 JAAR-VIERINGE VAN DIE REFORMASIE**

**10.5.1 Die Algemene Sinode besluit om die viering van die Reformasie in 2017 ’n besondere plek op die NG Kerk se agenda te maak en versoek sinodes om elk ’n verteenwoordiger op ’n projekspan aan te wys om hieraan aandag te gee.**

**10.5.2 Die Algemene Sinode versoek die kerkverband om die 500 jaar-vieringe van die Reformasie ’n besondere plek in hulle beplanning te gee.**

Hiermee vertrou die Moderamen dat hierdie deel van die Algemene Sinode se opdrag tot bevrediging uitgevoer is.



Inhoudsopgawe

**EKUMENE 1**

## OM REG TE MAAK MET EN OP REIS TE GAAN MET ONS NEDERLANDSE FAMILIE

Voorlegging by die vergadering van die Sinode van die Protestantse Kerk in Nederland
8-10 November 2012, Lunteren

Ons kerklike wortels en teologiese tradisie, saam met ons Afrika-wortels en tradisie, lê op 'n baie besondere manier in die Nederlande. Vir ons is dit onmoontlik om hierdie kerkfamilie van ons en haar teologiese genetika in ons te ignoreer – in besonder die van *de Gereformeerde Kerken in Nederland*. Ons ervaar dit as 'n gawe van die Heer aan ons kerk.

Deur die loop van die eeue, in goeie en slegte tye in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, was die GKN en ander kerke in Nederland in die een of ander vorm van interaksie met ons land en die kerke daar, ook die NG Kerk. In die stryd teen apartheid was daar 'n profetiese en pastorale bemoeienis met die NG Kerk – waarteen daar verset in ons geledere was, maar wat ook ons oë help oopgaan het. Hiervoor is ons vandag dankbaar.

Daar was ook 'n konkrete betrokkenheid uit Nederland by die stryd teen apartheid wat kerke soos die destydse NG Sendingkerk en NG Kerk in Afrika, tans die VGKSA, op 'n wonderlike wyse materieel en emosioneel ondersteun het. Ons is dankbaar daarvoor aangesien dit ons susters en broers gedra het ook toe die verhouding tussen ons en hulle sleg was. Ons moet egter ook sê dat die ekumeniese vyandskap teenoor en isolasie van die NG Kerk in hierdie tyd baie pyn veroorsaak het en 'n hindernis was in ons bekeringsproses ten opsigte van apartheid.

By die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1978 is die bande met die GKN eensydig van ons kant verbreek met as redes onder andere liberale teologiese tendense in die GKN en die betrokkenheid by die programme van die WRK teen Suid-Afrika. Ons is werklik jammer vir die wyse waarop dit gebeur het – dit het nie die liggaam van Christus in die gereformeerde ekumene en Suid-Afrika gedien nie. Ons het u seergemaak en wil dit graag bely.

Die Hoof van die Kerk het intussen 'n ingrypende bekeringspad met die NG Kerk begin loop. Dit het gelei tot die aanvaarding van ons dokument *Kerk en Samelewing* (1986/1990) wat duidelik standpunt ingeneem het teen die bestaande orde ('n deel van die kerk het in 1987 weggebreek). In die volgende jare het ons ons aandeel aan apartheid bely en om verskoning gevra. Ons het dit radikaal, in teorie en praktyk, verwerp. Daar is doelgerig begin werk aan die herstel van die verband van die NG Kerkfamilie – en ongeag verskeie krisisse kon ons 'n *Memorandum of Agreement* met die VGKSA finaliseer. Ons het besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk te maak. Met 'n Roepingsverklaring is ons diepe verbintenis aan ons streek en kontinent verwoord waar ons met die waardes van 'n leerbare gees, skep van vertroue, deernis en openheid die wil van God vir ons taak wil onderskei. Daar is 'n bewuste keuse deur die Algemene Sinode gemaak dat die NG Kerk in haar wese 'n missionale kerk sal wees wat 'n verskil sal maak en hoop bring.

In u teenwoordigheid wil ons ook weer die VGKSA omarm vir die reis waarop die Here ons saam geplaas het.

Ons bid dat ons vanuit hierdie aksie en die gemeenskaplike deel aan die tafel van die Here 'n verdere reis saam met u kan aanpak – 'n reis saam met die VGKSA met wie die Here ons geseën het as reisgenoot. Ons sien ook uit na voller eenheid tussen die 4 kerke in ons familie, wat dus ook die Reformed Church in Africa en die NG Kerk in Afrika insluit.

Prof Nelus Niemandt
Voorsitter van die Moderamen van die Nederduitse Gereformeerde Kerk
8 November 2012



Inhoudsopgawe

# A.12.11 PUBLIEKE GETUIENIS

## 1. DIE BEDOELING VAN ART 43.3

**1.1** Die ideaal van die protokol wat in 2011 goedgekeur is, het om drie redes nie van die grond gekom nie: (1) Daar was verskillende interpretasies en verskillende verwagtings op verskillende plekke in die sisteem oor wat hier op die tafel is. Daar is oor eie terminologie gestruikel – die rede waarskynlik omdat Art 43.3 nie voldoende geformuleer is nie; (2) Dit het te vêr van die leierskap gefunksioneer, en (3) Dit was ’n te komplekse proses.
**1.2** Die Dagbestuur, die Moderamen en die Bestuurspan het talle kere aan die strukturering van hierdie opdrag aandag gegee. In die proses het dit duidelik geblyk dat daar twee duidelike fasette is wat hier op die tafel is:
**1.2.1 Publieke getuienis**
**1.2.1.1** Publieke getuienis soos dit op die oog af verstaan word (en moet word) as *getuienis* is die oortuigings wat die kerkverband uitspreek na aanleiding van onder andere die eties-aktuele vrae en sake wat oor ons pad kom. Dit is die getuig van oortuigings op die punte waar en die sake waaroor ons geloof op die markplein uitgedaag word. Dit is die reageer oor sake waaroor die kerkverband oortuig is hy in die betrokke samelewingsverband nie mag swyg nie.
**1.2.1.2** In die konteks van die werksaamhede van die Algemene Sinode is dit die leierskap se taak om, of toe te sien dat, die kerkverband se oortuiging verwoord word soos wat die gebeure op die markplein dit van ons vra. Dit is belangrik dat hierdie opdrag en voortvloeiende aksies gegrond is in goeie navorsing.
**1.2.1.3** Dit is in hierdie konteks dat die Moderamen geoordeel het dat gesprek oor *apologetiek* as dissipline in die teologiese opleiding weer op tafel behoort te kom. Die Algemene Kuratorium is in die verband genader en ’n konsultasie is in beplanning.
**1.2.2 Skakeling, verhouding en ooreenkomste met regeringstrukture en ander samelewingsverbande**
Hierdie faset, wat dr Ben du Toit uitnemend hanteer het, word goed saamgevat in sy taakomskrywing hiervoor:
***1** Hou die Moderamen/ Dagbestuur op die hoogte van die Parlementêre program en verbandhoudende sake (openbare verhore, vergaderings van portefeuljekomitees, ens) soos dit die NG Kerk in sy wydste verband raak.
***2** Adviseer die Moderamen/ Dagbestuur oor die deelname aan bepaalde wetskrywende prosesse, voorleggings aan portefeuljekomitees asook parlementêre “advocacy”.
***3** Hou die kerkverband via die Moderamen en Kantoor van die Algemene Sinode ingelig oor regsprekende prosesse wat op werksaamhede van die verband mag impakteer.
***4** Koördineer bogenoemde met die KMDR tov die welsynsbedeling.
***5** Koördineer bogenoemde met werksaamhede wat aandag gee aan onderwys, grondsake, volhoubare lewe/ ekologie, ens.
***6** Woon forums/ konsultasies by wat die werksaamhede van die pos mag raak in oorleg met die Algemene Sekretaris.
***7** Lewer ’n steundiens aan die leierskap tov dringende aktuele sake waaroor die leierskap bepaalde insette sou wou lewer.
***8** Skep ’n netwerk van kundiges wat as adviseurs tov verskillende terreine kan optree.
***9** Funksioneer as navorser wat die Moderamen/ Dagbestuur van skriftelike voorleggings voorsien tov sake wat die leierskap as prioriteite identifiseer.
***10** Handhaaf ooreengekome kommunikasie met die NG Kerkfamilie en ekumeniese vennote.
**1.3** Bogenoemde twee fasette kan uiteraard op bepaalde punte oorvleuel, byvoorbeeld reaksie oor en aandag aan die onderwys, grondsake, ens. Vir die realiteit van die werk wat gedoen moet word, moet die onderskeid daar wees.
**1.4 AANBEVELING: ARTIKEL 43.3**
**Die Algemene Sinode besluit om Art 43.3 duidelikheidshalwe uit te brei met die volgende byvoeging: *asook dit wat die skakeling, verhouding en ooreenkomste met die regeringstrukture en ander samelewingsverbande raak*.**

## 2. PUBLIEKE GETUIENIS

**2.1 ONDERWYS**
**2.1.1** Die Moderamen en Dagbestuur was deurentyd op die hoogte met die verwikkelinge en krisisse in die onderwys. Dr Gustav Claassen is getaak as adviseur gegewe sy jarelange werk en kundigheid in die verband.
**2.1.2** ’n Verslag oor die onderwys verskyn na hierdie verslag as **A.12.11.1**.

**2.1.3** Dr Claassen het met onderwysvennote konsulteer na die rassistiese en populistiese opmerkinge van mnr Irvin Jim van NUMSA.

**2.2 ISRAEL-PALESTYNSE KRISIS**

**2.2.1** Die Moderamen het aan hierdie komplekse saak begin aandag gegee nav die bekendstelling in Suid-Afrika van die Palestynse Kairosdokument.

**2.2.2** Perspektiewe word versamel dmv die inwin van inligting uit die betrokke kontekste (geborgde besoeke aan Israel en die Palestynse gebiede), gesprekke met Kairos SA en die Jewish Board of Deputies asook hoe ekumeniese vennote reeds hieroor reageer het.

**2.2.3** Navorsing word gedoen oor die organisasie BDS (Boycott, Disinvest, Sanctions) wat allerlei publieke aksies teen Israel inisieer en reël.

**2.3 NASIONALE DEMOKRATIESE REVOLUSIE**

**2.3.1** Die saak het die afgelope jare oral in die Suid-Afrikaanse diskoerse opgeduik en die Moderamen het dr Ben du Toit opdrag gegee om navorsing daaroor te doen.

**2.3.2** Die Moderamen het die volgende besluit geneem wat ook aan die kerkverband gekommunikeer is:

1. Die ASM neem kennis van die feit dat die *Nasionale Demokratiese Revolusie* (NDR) 'n belangrike rol as strategie (die spesifieke titel was *Strategy and Tactics of the ANC* ) en beleid vir die ANC gespeel het na die aanvaarding daarvan in 1969 by Morogoro, Tanzanië, ten tyde van die beweging se eerste *National Consultative Conference*.
2. Die ASM is van oordeel dat die huidige strategie vir regering deur die ANC nie soseer bepaal word deur die ideologiese onderbou van die NDR nie, maar eerder deur die party se huidige makro-ekonomiese beleid soos wat dit ontwikkel het vanaf die ANC se *Constitutional Guidelines* (1987), *Ready to Govern* (1992) en nog later duideliker geartikuleer is in die *Reconstruction and Development Programme* (RDP, 1994).
3. Die ASM neem ook kennis van die jongste Nasionale Ontwikkelingsplan wat poog om in noue samehang met die strewe na die verdere uitbou van 'n Nasionale Demokratiese Gemeenskap (*Building a National Democratic Society*) die teoretiese grondslag te vorm van die party se toekomsvisie vir Suid-Afrika.
4. Die ASM is egter ook daarvan oortuig dat die staatkundige krisis waarin Suid-Afrika sigself tans bevind, nie alleen deur enige van hierdie ideologiese/filosofiese vertrekpunte en strategieë veroorsaak word nie, maar veral deur 'n ooglopende uiting van magsug en hebsug – wat ten grondslag lê van die korrupsie en wanbestuur wat oral op nasionale, sowel as provinsiale en plaaslike regeringsvlakke daagliks aan die lig kom.
5. In die lig van bg en die ASM se fokus op armoede, besluit die ASM om by die eerskomende Moderamen iemand te kry om ’n gesprek te lei oor (a) die makro-ekonomiese situasie en die kerk, en (b) die kerk en die konstitusie.
6. Die studiestuk word op die webblad gesit en sinodes gevra vir insette.

**2.4 LANDBOU/ GROND**

**2.4.1** Die verslag van die Taakspan Grondhervorming en Landelinge Ontwikkeling verskyn na hierdie verslag as **A.12.11.2**.

**2.4.2** Itv pt 3 hieronder was die moderamen van Wes- en Suid-Kaapland tydens die lanbou-onrus intens betrokke by gesprekke en onderhandelinge met regering-, vakbond- en lanboustrukture. Die NG Kerk kon deur hierdie sinode ’n reuse bydrae lewer om partye bymekaar te kry en onderhandelinge op tafel.

**2.4.3** Die Dagbestuur het in Desember 2012 ’n sterk-bewoorde verklaring oor plaasaanvalle en –moorde uitgereik.

**2.5 MORALITEIT/ MORELE KRISIS**

**2.5.1** Sinvolle skrywes en bydraes van lidmate en leraars het die Moderamen onder die indruk van die omvang van hierdie saak gebring.

**2.5.2** Die Moderamen het geoordeel dat die saak so belangrik is dat dit as een van die kernsake en temas by die Algemene Sinode 2013 sal funksioneer.

**2.6 EKONOMIE**

**2.6.1** Die saak is deurentyd op die Moderamen se tafel by wyse van die opdrag oor armoede en die werk van die VDDG.

**2.6.2** Dit bly ’n leemte dat die NG Kerk nie ’n deurdagte en omvattende standpuntinname oor die ekonomie en ekonomiese geregtigheid het nie.

**2.6.3 AANBEVELING: STANDPUNTINNAME OOR DIE EKONOMIE**

**Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om dringend ’n omvattende standpuntinname oor die ekonomie te formuleer, aan die sinodes te sirkuleer vir kommentaar en te publiseer. In die opstel van die dokument moet die Moderamen van kundige ekonome en teoloë gebruik maak.**



Inhoudsopgawe

**2.7 KORRUPSIE**
**2.7.1** Op ekumeniese en inter-godsdiensterrein is stem dik gemaak oor korrupsie: 'n Religious Leaders Anti-Corruption Summit kon op 13 Junie 2012 in Kaapstad plaasvind. Dr Kobus Gerber kon deel van die paneel sprekers wees. Die geleentheid en besluite het in die media weerklank gevind.
**2.7.2** 'n Groter projek wat hieruit voortgevloei het, is op 22 Augustus 2012 in Khayelitsha bekend gestel. Drr Braam Hanekom, Ben du Toit en Nelis J van Rensburg het die NG Kerk verteenwoordig.

**2.8 KOMMER OOR DIE KONSTITUSIONELE DEMOKRASIE/ ONS LAND**
**2.8.1** Die Moderamen hou die oog in die seil oor die tendens dat die regerende party die konstitusie op sekere punte nie ag nie. Daar sal reageer word wanneer nodig.
**2.8.2** Die NG Kerk was deel van die ondertekenaars van brief wat in Desember 2012 voor die Mangaung Konferensie aan die President gegee is. In die brief word reguit gepraat oor die morele verval van ons samelewing en word regerings-, politieke, ekonomiese en vakbondleiers reguit konfronteer oor hulle aandeel. Die brief het groot ongelukkigheid in die presidensie veroorsaak – dit het egter sy doel gedien.

**2.9 DIE NG KERK EN APARTHEID**
**2.9.1** Die Moderamen het die aangehegte dokument goedgekeur vir deurgee aan die kerkverband (**A.12.11.3**).
**2.9.2** Die redes waaroor die Moderamen hieraan aandag gegee het, die sensitiewe saak op die tafel van die kerkverband plaas en die dokument goedgekeur het, is die volgende:
***1** Die Moderamen neem die Roepingsverklaring van die Algemene Sinode 2007 baie ernstig wat sê: *Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak.* Die heling van hierdie land en ons eie mense wat op allerlei maniere met die verlede worstel, is vir die Moderamen belangrik.
***2** Die Moderamen is oortuig dat die dokument as pastorale riglyn kan help.
***3** Die Moderamen is oortuig dat dit die kerkverband se verantwoordelikheid is om die lidmate van die NG Kerk te troos en hoop te gee: ons glo die dokument kan daarin 'n rol speel.
**2.9.3 AANBEVELING: DIE NG KERK EN APARTHEID**
**Die Algemene Sinode keur die dokument *Die NG Kerk en Apartheid* goed as 'n pastorale woord aan die lidmate van die NG Kerk.**

## 3. SKAKELING, VERHOUDING EN OOREENKOMSTE MET REGERING-STRUKTURE EN ANDER SAMELEWINGSVERBANDE

**3.1 MOONTLIKE SKENDING VAN MENSEREGTE DEUR TRANSNET**
**3.1.1** Hierdie saak, en die nood van Transnet-pensioenarisse, is deur die Oostelike Sinode onder die aandag van die Moderamen gebring.
**3.1.2** Navraag is gedoen of dit 'n saak vir die Menseregtekommissie is. Die advies is dat aangesien die saak van die pensioenarisse reeds in 'n siviele hof is by wyse van 'n klasaksie daar eers gekyk moet word na die afloop van die die saak. Die MRK gaan nie nou 'n saak neem wat reeds voor die hof is nie.
**3.1.3** Die saak sal moniteer word mdo op verdere handeling.

**3.2 SKAKELING MET POLITIEKE PARTYE**
**3.2.1** Dit is 'n staande werksaamheid van die Moderamen en sy Dagbestuur.
**3.2.2** In Maart 2013 is daar vir die eerste keer in jare 'n gesprek met oud-President FW de Klerk en verteenwoordigers van die FW de Klerkstigting gevoer. Die Stigting doen waardevolle navorsing vir die verstaan van die Suid-Afrikaanse konteks.

**3.3 PARLEMENTÊRE SKAKELING**
**3.3.1** Die NG Kerk is reeds vir baie jare op 'n baie kundige wyse deur dr Ben du Toit betrokke by skakeling met die wetskrywende en wetgewende prosesse (vgl pt 1.2.2 vir detail van die werk). Die NG Kerk word gereken as 'n waardige en belangrike gepreksgenoot.
**3.3.2** Die werk word in noue skakeling met die Parlementêre Skakelkantoor van die Southern Africa Catholic Bishops' Conference gedoen. Hulle het 'n uitgebreide personeel en doen baie goeie navorsing – waar van toepassing word dit aan die NG Kerk se taak- en projekspanne asook die Moderamen deurgegee.
**3.3.3** Dr du Toit se kantoor is ook verantwoordelik om jaarliks 'n gesprek te reël tussen alle kerke se rolspelers wat met die werk besig is.

**3.4 HUWELIKSBEVESTIGERS**

**3.4.1** Baie tyd en energie het die afgelope jare ingegaan in die skakeling met die Departement van Binnelandse Sake oor probleme wat verband hou met die registrasie van huwelike deur huweliksbevestigers asook hulle hantering deur die streekkantore van die betrokke departement.

**3.4.2** Adviese is via die sinodes se elektroniese nuusbriewe aan huweliksbevestigers deurgegee. Kragtens die reëling met die lidkerke van die Conventus van Reformatoriese Kerke is die adviese ook aan die betrokke kerke deurgegee – beide in persoonlike gesprek en dmv korrespondensie.

**3.5 SKAKELING MET DIE SAID OOR GEMEENTES, RINGE, SINODES EN DIE ALGEMENE SINODE SE REGISTRASIE AS OWO'S (PBO'S)**

**3.5.1** Baie belangrike werk is reeds in hierdie verband deur drr Ben du Toit en Bertus Koorts gedoen, en word steeds gedoen. In die verslag wat hulle in November 2012 by die ATF gelewer het, blyk die problematiek en die omvang van die opdrag uit die volgende uittreksel:

Hierdie verslag oor registrasie as OWO's word gelewer na aanleiding van 'n besoek namens die NG Kerk aan die Belastingvrystellingseenheid (TEU = *Tax Exemption Unit*) van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) op 26 September 2012. Daaruit het dit geblyk dat daar waarskynlik verwarring en selfs onduidelikheid in die kerk bestaan oor:

* die registrasie van ons gemeentes en kerklike strukture om belastingvrystelling te verkry;
* die gepaardgaande belastingimplikasies en fidusiêre aanspreeklikhede;
* toepaslike wetgewing met gepaardgaande vereistes wat nagekom moet word.
* die verskil tussen registrasie as NWO (nie-winsgewende organisasie, NPO in Engels) en OWO (openbare weldaadsorganisasie, PBO in Engels)

Die gesprek het in 'n baie goeie gees plaasgevind – en het geblyk tydig te wees. Die SAID het vyf baie gekwame amptenare tot beskikking van ons gestel wat almal goed voorbereid was vir die gesprek.

Die Belastingvrystellingseenheid van die SAID is bereid om ondersteuning te verleen waar daar onsekerheid bestaan **én** is ook bereid om 'n voorlegging oor belastingvrystelling (en dit wat daarmee gepaardgaan) te kom doen aan 'n kerklike vergadering.

Die Belastingvrystellingseenheid het erken dat hulle kommunikasie met Openbare Weldaadsorganisasies moet verbeter. Volgens hulle was hulle juis "op pad na ons toe" na aanleiding van sekere sake wat hulle in hulle werk met kerklike sake waargeneem het – en het daarom die vergadering/gesprek verwelkom.

Daar bestaan wel 'n gids, die ***Tax Exemption Guide for Public Benefit Organisations in South Africa*** (Oktober 2007) wat nie op datum is nie – sien www.sars.gov.za.

Van die probleme wat die Belastingvrystellingseenheid ontdek het is:

1) Nie-indiening van jaarlikse belastingopgawes [IT12EI] deur OWO's;
2) Onwettige uitreiking van 18A kwitansies vir donasies;
3) Nie-verklaring van besigheidsinkomste – veral tov verhuring van geboue en konferensiegeriewe;
4) Veranderinge in die konstitusies van OWO's wat nie onder die aandag van die Kommissaris gebring word nie;
5) Verandering in fidusiêre verantwoordelike persone wat nie onder die aandag van die Kommissaris gebring word nie;
6) In gebreke bly van kennis gee van adresverandering van 'n OWO.

Die gedagte is nou dat ons (die kerk) ons eie inligtingsdokument saamstel oor sake wat OWO's (ons gemeentes en kerklike strukture raak), asook die nodige wysigings in ons konstitusie (Kerkorde) aanbring (sien aanbevelings aan einde van hierdie voorlegging). Die SAID se belastingvrystellingseenheid onderneem om dit "opvoedkundig" te beoordeel vir die korrektheid daarvan.

Die belastingvrystellingseenheid is tans besig om 'n inligtingsdokument oor die probleme wat hulle ondervind ten opsigte van OWO's saam te stel wat hulle eers intern moet goedkeur. Daarna sal gesprek met ons op grond daarvan (kan) plaasvind.

**3.5.2** By die ATF-vergadering op 30 November 2012 is toestemming van die 10 sinodes se fondsekommissie verkry om verdere gesprek/ onderhandeling te voer met die Belastingvrystellingseenheid: om elke sinode se inligting te bekom om te kan vasstel of elke gemeente wel geregistreer is as 'n OWO vir belastingvrystelling. 'n Opvolggesprek met die SAID het op 24 Junie 2013 plaasgevind.



Inhoudsopgawe

**3.5.3** ’n Hersiening en belyning van die Kerkorde (waarskynlik ’n toevoeging by Artikel 67) en Reglement 18 ooreenkomstig wetlike vereistes is dringend en onontbeerlik.

**3.5.4 AANBEVELING: REGISTRASIE VAN KERKLIKE REGSPERSONE AS OWO’S**

**Die Algemene Sinode dra dit aan die ATF en die ATR op om dringend reëlings te tref tov die hersiening van die Kerkorde en tersake reglemente ten einde te beantwoord aan die wetlike vereistes vir OWO’s.**

**3.6 SOCIAL COHESION SUMMIT**

**3.6.1** Die Minister van Kuns en Kultuur het hierdie geleentheid byeengeroep om aan die disintegrasie van die Suid-Afrikaanse samelewing aandag te gee. Dit het 4-5 Julie 2012 in die historiese Kliptown, Soweto, plaasgevind. Dr Kobus Gerber kon per persoonlike uitnodiging teenwoordig wees.

**3.6.2** Die uitdaging vir die hele burgerlike gemeenskap is hoe om die baie en mooi praat te vertaal in praktiese en haalbare aksies. Die beloofde opvolg hieroor het nog nie realiseer nie.

Die Moderamen vertrou dat hy hierdie deel van sy taak tot bevrediging uitgevoer het.

# A.12.11.1 ONDERWYS EN OPVOEDING

## 1. OPDRAG

Die Algemene Sinode van 2011 gee opdrag aan ’n taakspan om die kerkverband oor die onderwys te adviseer. Volgens dié opdrag moet aandag gegee word aan die volgende:
1 ’n program wat deur gemeentes gebruik kan word om betrokke te raak by skole;
2 ’n afrondingsjaar as alternatief vir bestaande moontlikhede;
3 moontlikhede rondom die aanwending van jeugwerkers in skole;
4 in watter mate die Hugenote Kollege en soortgelyke sentra ten beste aangewend kan word vir die onderwys.
Die Algemene Sinode is verder verbind daartoe om as deel van die NG Kerk se publieke getuienis ’n aktiewe rolspeler in die openbare gesprek oor die onderwys te wees.

## 2. DIE WATER-PROGRAM

### 2.1 VERTREKPUNT

**2.1.1** In uitvoering van pt 1 van die opdrag is daar aandag gegee aan die ontwikkeling van ’n program wat sinvolle betrokkenheid in skole verseker. Die program sal *Water* as handelsmerk hê. Die Suid-Afrikaanse samelewing het tans ’n groot nood of dors na waardes. Waardes wat veral fokus op menswaardigheid, respek en integriteit kan ’n groot verskil maak. Vir die vestiging van menswaardigheid is dit uiters belangrik om waardes te vestig.
**2.1.2** Die taakspan, bestaande uit Johan Avenant, Lizette van Rooyen, Hannes Bezuidenhout, Gerhard Bothma, Anru Liebenberg, Johan van Rensburg, Danie Vermaak en Gustav Claassen (sameroeper) ontwikkel tans ’n program wat prosesmatig begelei sal word om die kerk se volhoubare betrokkenheid by skole te verseker. Die taakspan het reeds by sowat ses geleenthede bymekaar gekom. Materiaal is reeds in ’n ontwikkelingsfase.
**2.1.3** Tydens die sinode van 2011 is gekies om met ’n volhoubare proses te werk en nie met ’n projekbenadering nie. Die Water-program het die vestiging van bates met ’n waarde-inhoud as kernbesigheid. Die inhoud van die waardes waarop gefokus word, is Bybels gefundeerd.
**2.1.4** Die woord *water* kan in Engels en Afrikaans gebruik word met dieselfde betekenisinhoud. Dit bied die moontlikheid om die program, met *water* as handelsmerk, in kerklike sowel as buite-kerklike konteks te gebruik. Die rede hiervoor is om die program so wyd as moontlik toeganklik te maak vir ’n verskeidenheid van vennote wat die vestiging van waardes as kernbesigheid het. Die Water-program wil die kerk instaat stel om ekumenies saam met ander denominasies en groeperinge in skole en in gemeenskappe ’n verskil te maak.
**2.1.5** Die Water-program wil fokus op meer as een invloedsfeer. Dit moet vir ’n gemeente die geleentheid bied om dit aan te bied by die plaaslike skole. Dieselfde gemeente moet dit ook vir sy ouers/kinders kan aanbied. Laastens moet die gemeente dit vir besighede of ander instansies in ’n gemeenskap kan aanbied. Hierdeur wil die *Water*-program die missionêre gerigtheid van ’n gemeente bevorder. ’n Gemeente sou met behulp van dié program ’n voertuig vind om op die hele gemeenskap ‘n impak te maak. Die program sal oor ongeveer 3 jaar lank strek en dan weer herhaal word.

### 2.2 DOEL

Soos wat water uitkring wanneer ’n klippie daarin gegooi word, so wil dié proses ’n rimpeleffek deur ’n hele gemeenskap veroorsaak. Dit sal vir ouers en kinders moontlik wees om te kan saamgesels oor dieselfde waardes waaraan hulle Sondag by die kerk, in die week by die skool, of in die gemeenskap aan blootgestel was. Die droom is dat dit by gemeentes sal begin – dat die impak van ’n gemeente op ’n gemeenskap deur hierdie program sal uitkring, wyer na dorpe en stede, na provinsies, sodat dit regdeur die hele Suid Afrika op elkeen sal impakteer.

### 2.3 WERKSWYSES

**2.3.1** Die program beoog om in die proses verskillende rolspelers in ’n gemeenskap te betrek om die produk uit te dra. Ons wil graag fokus op: (1) Gemeentes bestaande uit gesinne, (2) Skole, en (3) Gemeenskappe.
**2.3.2** ’n Gemeente sou hierdie materiaal kon inkorporeer by sy kategesebeplanning. Ouers sou kon begelei word om die implementering van ’n spesifieke waarde met hulle kinders te bespreek. Die skool neem dit verder deur een maal per week dmv ’n jeugwerker/predikant/personeellid ’n geleentheid te skep waartydens op dieselfde waarde gefokus word. In skooltyd kan dit deel wees van die kurrikulum vir Lewensoriëntering. Die program word so ontwikkel dat dit toepaslik sal wees vir voorskoolse, laer- en ook hoërskoolleerders.
**2.3.3** Gemeentes kan as deel van hulle missionêre bediening in ’n gemeenskap hierdie program gebruik. ’n Program rondom ’n waarde soos bv eerlikheid kan vir die plaaslike SPAR aangebied word. Besighede kan

dit ook gebruik as lewensvaardigheidsprogram vir hulle werkers. Indien die verskillende sfere van ’n gemeenskap aangespreek word, kan dit die integrering van die spesifieke waarde bevorder.

**2.4 ROLSPELERS**

Gemeentes wat die *Water*-program implementeer, sal rolspelers op 3 terreine hê nl die gemeente, skool en die gemeenskap. Rolspelers sal in streekverband, wat uit meer as een gemeenskap bestaan, op gereelde basis bymekaarkom. Die doel hiervan is toerusting, motivering en die uitruil van wenke. Beter samewerking tussen verskillende belangegroepe sal op dié manier verseker word. Binne NG Kerkverband sal daar ook in ring- en streeksinodale verband belangegroepe wees wat as ondersteunende netwerk sal dien. Soos reeds genoem, sal samewerking so wyd as moontlik gesoek word met ander belangegroepe, soos bv die Voortrekkers, wat ook op waardes fokus.

**2.5 MATERIAAL**

Die materiaal word ontwikkel om waardes op so ’n manier oor te dra dat dit geïntegreerde lewensvaardighede aanmoedig. Materiaal sal so koste-effektief as moontlik aan gemeentes en gemeenskappe beskikbaar gestel word. Arm, agtergeblewe gemeenskappe sal ook toegang hê tot hierdie program. ’n Webwerf vir gemeentes en gemeenskappe wat internettoegang het, word in die vooruitsig gestel. Ondersteunende materiaal sal so goedkoop en toeganklik as moontlik beskikbaar wees.

**2.6 AANBEVELINGS*: WATER*-PROGRAM**

**2.6.1 Die Algemene Sinode keur die ontwikkeling en implementering van die Water-program goed.**

**2.6.2 Die Sinode begroot vir die ontwikkeling en implementering van die Water-program.**

**2.6.3 Die Sinode versoek sinodes om elk ’n verteenwoordiger te benoem om op die taakspan te dien.**

## 3. AFRONDINGSJAAR

**3.1 VERTREKPUNT**

**3.1.1** Die Algemene Sinode van 2011 het opdrag gegee om as deel van ’n prosesmatige betrokkenheid by skole die implementering van ’n afrondingsjaar te ondersoek. Die opdrag lui as volg: **’n afrondingsjaar as alternatief vir bestaande moontlikhede.**

**3.1.2** Die motivering vir die implementering van ’n afrondingsjaar is gegrond is in die feit dat die NG Kerk geen alternatief het vir bestaande moontlikhede nie. Gevolglik verloor die kerk baie van sy jong lidmate wat ander alternatiewe benut en dan betrokke raak by ander denominasies. Dit is gewoonlik kerklik-aktiewe jongmense wat op so ’n manier as lidmate verloor word. Daar is ook geen alternatiewe in die NG Kerk wat jong lidmate leierskapsontwikkelingsmoontlikhede bied nie. Die vestiging van ’n afrondingsjaar sal ’n eerste wees vir die NG Kerk. Dit sal ’n nuwe generasie van jong, relevante leiers help kweek vir beide die bediening en die sekulêre wêreld.

**3.1.3** Deur die afrondingsjaar sal gebruik gemaak word van ’n holistiese benadering wat fokus op jongmense se geestelike, sosiale, emosionele, praktiese en leierskapsontwikkeling. Die gewenste uitkoms vir hierdie diensjaar sou wees om jongmense te vorm, bemagtig en uit te stuur om agente van verandering in die verskillende sfere van die samelewing te wees. Vorming sal ’n verskeidenheid elemente insluit, waaronder die ontdekking van gawes, leierskapsontwikkeling en die uitleef van ’n missionale lewenstyl. Die hoop is dat ’n jongmens deur blootstelling aan ’n afrondingsjaar ’n beter toegeruste gelowige sal wees wat die selfvertroue en vermoëns sal hê om ’n verskil te maak in die gemeenskap deur middel van dit waartoe die persoon geroep is. ’n Jaar wat fokus op die ontwikkeling van so ’n persoon met ’n spesifieke missionale fokus het die potensiaal om ’n groot impak te maak op die individu, die gemeenskap waarin die individu haar/homself bevind, sowel as die kerk.

**3.1.4** Daar is reeds instansies en denominasies wat sulke programme, ’n sogenaamde *Gap-jaar*, geloods het. Die doel is om ’n program te loods wat by die NG Kerk-kultuur en spiritualiteit aanklank vind. Op die manier gaan jong lidmate wat die behoefte aan ’n afrondingsjaar het nie as lidmate verlore nie. ’n Waardering vir die NG Kerk-tradisie en spiritualiteit sal so gekweek word.

**3.1.5** Die probleem met van die alternatiewe *Gap-jare* is dat dit die jongmens verwyder uit ’n realistiese konteks met die gevolg dat die persoon nie weet hoe om dit wat hul ervaar en geleer het daarna prakties toe te pas in die samelewing nie. Die doel is om ’n afrondingsjaar te ontwikkel wat aandag gee aan die konteks sodat die aanpassing wat die jongmens die daaropvolgende jaar as student of werkende jongmens ervaar meer natuurlik sal wees. Jongmense moet toegerus word met basiese lewensvaardighede en blootstelling aan verskillende beroepsrigtings. Hierdie verskeidenheid van rigtings sal dan ook die jongmense help om oor moontlikhede te besin waar hul hul roeping en missionale leefstyl kan uitleef.

**3.2 UITKOMSTE VAN ’N AFRONDINGSJAAR**

***1** Om by jongmense ’n kultuur van diensbaarheid en ’n missionale leefstyl te vestig.

***2** Om jongmense die geleentheid binne die NG kerk te bied om ’n diensjaar te doen.
***3** Om jongmense basiese lewensvaardighede aan te leer, onder andere die bestuur van begrotings, kommunikasie, sosiale en emosionele intelligensie en ontwikkeling van geestelike gawes ten einde gevorm te word tot ’n meer afgeronde persoon.
***4** Om jongmense sensitief en lief vir die Suid-Afrikaanse konteks en spesifiek hul onmiddellike omgewing te maak.
***5** Om aan jongmense die geleentheid te bied om op ’n volhoubare wyse aan te sluit by gemeenskapsprojekte in hul onmiddelike omgewing waaronder skole.

**3.3 STRUKTUUR EN BEDIENINGSKURRIKULUM**
’n Moontlike struktuur vir die implementering van ’n afrondingsjaar kan soos volg lyk:
**1.** Geskikte persone, wat kan bestaan uit studente, teologiese studente in hul gemeentejaar, neem verantwoordlikheid om om te sien na die afrondingsjaarjongmense. Hierdie, kom ons noem hulle leiers, sal hul vinger op die pols van die behoeftes en die nood in die gemeenskap moet hê. Deelnemers aan die afrondingsjaar sal ’n groot deel van hulle tyd aan dié tersaaklike bedienings spandeer. Die bediening kan moontlik in samewerking met ander bestaande bedienings bv soos dié van PEN, MES-aksie en omliggende skole gebeur. Deur navorsing van die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974 is die gevolgtrekking gemaak dat jongmense wat uitreik na ander jongmense die ideaal is.
**2.** Deelnemers aan die afrondingsjaar kan twee oggende per week toerustingsgeleenthede hê. Gedurende dié tyd kan hulle blootgestel word aan lewensvaardighede, ’n Bybelskool, leierskapsontwikkeling en opleiding in verskeie rigtings. Aanlegtoetse met die oog op beroepsleiding sal ’n fokusarea wees. Gedurende die jaar sal daar blootstelling wees aan verskillende beroepsrigtings.
**3.** Deur die deelnemers aan die afrondingsjaar te laat inskakel by plaaslike NG Kerk-gemeentes kan die jongmense by sekere bedieningsfunksies in die gemeente/gemeenskap betrokke wees.
**4.** Om ’n daadwerklike missionale leefstyl aan te leer is ’n intense proses wat nie binne ’n uur op ’n Sondag aangeleer word nie. Om dus saam met jongmense ’n intense pad van dissipelskap te stap, sal belangrik wees.

’n Afrondingsjaar kan dus verskeie behoeftes bevredig: die behoefte aan geestelike, emosionele en leierskapsvorming by jongmense wat pas klaargemaak het met skool, sowel as die verskillende bogenoemde behoeftes aan hulp en ondersteuning by verskeie organisasies.

**3.4 TOESIG**
Die afrondingsjaar kan sorteer onder die toesig van ’n sinode se Jeug- of Getuieniskommissie. Dit is nie ŉ uitreikaksie of projek van ŉ bepaalde gemeente of ring nie. Die bediening kan egter plaasvind in samewerking met die omliggende gemeentes en organisasies.

**3.5 KOSTEBERAMING**
Om die projek te finansier sal aanvanklike insetkostes vereis. Die idee is egter dat die diensjaar met tyd selfonderhoudend sal funksioneer. Die groot bydraers sal die jongmense wat aan die afrondingsjaar deelneem, wees. Die ander fondse kan moontlik by die kerkverband en ander skenkers gegenereer word. Kostes sal ook bepaal word in hoe mate daar ŉ beskikbaarheid van behuising, bv ŉ pastorie wat leeg staan en beskikbaar gestel kan word, is.

**3.6 TEN SLOTTE**
In die Noordelike Sinode is daar reeds aan die begin van 2012 beplan vir ŉ afrondingsjaar. Die afrondingsjaar staan bekend as Ritmejaar. Op 1 Maart 2012 is begin om ŉ oorbruggingsjaar vir postmatrieks te ontwerp en te implementeer vir 2013. Die eerste groep studente is in 2013 ontvang en daar word reeds voorbereiding gedoen om ŉ tweede groep in 2014 in te neem. Die Ritmejaar is in lyn met die uitkomste, soos reeds genoem, wat vir ’n afrondingsjaar in vooruitsig gestel word. Terugvoering rondom die implementering en bedryf van die Ritmejaar, sowel van diegene wat betrokke is asook gemeenskappe wat blootstelling geniet het, is geweldig positief. Baie is sover in die proses geleer rondom die implementering en ontwikkeling van ’n Ritmejaar. Meer inligting rondom Ritmejaar kan verkry word by: www.ritmejaar.co.za; info@ritmejaar.co.za; teodor@ritmejaar.co.za; anru@ritmejaar.co.za

**3.7 AANBEVELINGS: AFRONDINGSJAAR**
**3.7.1 Die Algemene Sinode keur die implementering van ŉ afrondingsjaar goed.**
**3.7.2 Sinodes word versoek om die ontwikkeling en implementering van ’n afrondingsjaar te ondersoek.**
**3.7.3 Sinodes word verder versoek om as alternatief op die ontwikkeling en implementering van ŉ eie afrondingsjaar Ritmejaar te ondersteun en te propageer.**

## 4. DIE ROL VAN HUGENOTE KOLLEGE EN DIE ONDERWYS

**4.1** Die Algemene Sinode 2011 het opdrag gegee dat daar aandag gegee moet word om die moontlike rol wat Hugenote Kollege in onderwys kan speel, te ondersoek.

**4.2** In die aanbevelings oor onderwys wat by die Algemene Sinode 2011 gedien het, lui aanbeveling 3.2.4 soos volg: *"In watter mate die Hugenote Kollege en soortgelyke sentra ten beste aangewend kan word vir die onderwys."* Ds Willie van der Merwe, uitvoerende hoof van Hugenote Kollege, en mnr Chris Klopper van die SAOU het gesprek voer. Die gesprek het teen die einde van 2012 plaasgevind. Mnr Klopper, vergesel van dr Hugh Davies, het die Kollege besoek en verskillende moontlikhede is bespreek. Uit die gesprek het dit geblyk dat die SAOU die opleiding van onderwysers wil begin, maar die Kollege is tans nog nie hiervoor gereed nie. Die Kollege is wel gereed om onderwysers vir die voorskoolse fase (vroeë kind ontwikkeling) op te lei. Mnr Klopper het onderneem om oor die gesprek verslag te doen aan die SAOU. Daar was geen opvolggesprek tot op hede nie.

## 5. OPLEIDING VAN JEUGWERKERS

Die opleiding van jeugwerkers het aandag gekry by die werksaamhede van die Algemene Kuratoruim en sorteer onder kerklike dienswerkers.

## 6. TEN SLOTTE

**6.1** Die NG Kerk het op talle vlakke, ekumenies en profeties, die saak van die onderwys die afgelope termyn gedien. Met ander vennote is saamgewerk en die bydrae van die kerk word wyd gewaardeer. Dit is egter 'n vraag of die moontlikheid nie ondersoek moet word of die kerk sy betrokkenheid 'n stap verder moet neem nie. Onderwys is tegerlykertyd 'n knelpunt en 'n sleutelpunt ten opsigte van die oplossing rondom uitdagings soos armoede, misdaad en werkloosheid. Die kerk is ryk aan fasiliteite en menslike hulpbronne met vaardighede. 'n Beter verstaan van die aard en roeping van sy missionale karakter vra dat die kerk sy onderwysbetrokkenheid 'n stap verder voer. Wat sou die opsies wees vir 'n groter betrokkenheid? Is dit byvoorbeeld vergesog om die mooi verhaal van die NG Kerk se kerkskole te herbesoek en daaruit rigtingwysers te kry vir toekomstige betrokkenheid? Is dit 'n haalbare ideaal om op een of ander wyse weer fisies by onderwys betrokke te raak deur die stig van skole, opleidingsentrums van watter aard ookal?

**6.2 AANBEVELING: ONDERSOEK NA DIE STIG VAN ONDERWYSSENTRUMS**

**Die Algemene Sinode gee opdrag aan 'n taakspan om die wyer betrokkenheid by onderwys en opleiding te ondersoek wat die totstandkoming van skole en opleidingsentrums insluit.**

G.F. Claassen (sameroeper)

# A.12.11.2 GRONDHERVORMING, LANDELIKE ONTWIKKELING EN LANDBOU

## 1. INLEIDING

**1.1** Die Algemene Sinode van 2011 het die volgende aanbevelings aanvaar op grond van die voorlegging van die Taakspan Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (Acta AS 2011, bl 107-8)

4.2.1 Die Algemene Sinode aanvaar dit as uitgangspunt dat Grondhervorming, in 'n Suid-Afrikaanse konteks (en veral teen die agtergrond van ons unieke geskiedenis), vanuit Christelike oortuiging geregverdig en noodsaaklik is.
4.2.2 Die Algemene Sinode aanvaar dit ook as uitgangspunt dat blywende vrede en voorspoed vir alle inwoners van ons lande in Suidelike Afrika vanuit ons Christelike geloof gemotiveer kan word – en wil die verantwoordbare proses (waarin reg en geregtigheid geskied teenoor almal) tot die verkryging van hierdie ideaal voorstaan en help bevorder.
4.2.3 Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor sy lidmate in die boerderygemeenskap vir die wyse waarop hulle, in 'n gees van konstruktiewe betrokkenheid, die afgelope jare sedert die nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika (1994) tot stand gekom het, bereid was om verskillende psigiese en politieke grense oor te steek om tot die staat se Grondhervormingsbeleid by te dra. Hulle word aangemoedig om in geloof en vertroue daarmee voort te gaan aangesien dit ooglopend en vanselfsprekend is dat die regering alleen, sonder privaatsektor-betrokkenheid, nie grondhervorming sal kan laat slaag nie.
4.2.4 Die Algemene Sinode besef ook met hartseer dat daar deur die boerderygemeenskap al tot dusver groot offers betaal is, wat juis ook blyk uit die ontstellende hoë gewelddadige sterftes (moorde) onder hierdie sektor van ons samelewing.
4.2.5 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die regering om alles in die stryd te werp om met 'n nuwe beleidsdokument oor Grondhervorming vorendag te kom – wat in terme van die waardes van die Grondwet (met spesifieke verwysing na Artikels 9 en 25) uitgewerk word tot bevrediging van al die partye betrokke.
4.2.6 Die Algemene Sinode verseker ook die regering dat die Kerk (ook in ekumeniese verband) sy volle samewerking sal gee in die formulering en uitvoering van 'n billike grondbeleid op grond van hierdie Grondwetlike waardes.
4.2.7 Die Algemene Sinode wil ook 'n duidelike getuienis teenoor die staat lewer oor *versoenende geregtigheid.* Dit beteken dat reg en geregtigheid ten opsigte van die regte en menswaardigheid van alle mense (wat dus vanselfsprekend die hele boerderygemeenskap insluit) tot uitvoering moet kom – en dat die kerk vanuit sy Godgegewe roeping ook die staat hiervoor verantwoordelik sal hou (Artikel 36 van die NGB).
4.2.8 Die Algemene Sinode doen ook 'n beroep op die regering (en sal dit skriftelik aan hom stel) dat die voedselsekuriteit van ons land, as 'n voorvereiste vir vrede, stabiliteit en voorspoed, nie verder gekompromitteer mag word nie – veral en juis gesien in die lig van die groot aantal voorheen produktiewe plase wat op 'n rampspoedige en onomkeerbare wyse uit die voedselketting verdwyn het.
4.2.9 Die Algemene Sinode is oortuig daarvan dat die onteiening van kommersiële landbougrond (op watter wyse ook al gedoen) op sigself NIE die huidige ellende van 50% van Suid-Afrika se bevolking (wat blootgestel is aan die destruktiewe armoedekultuur waarin hulle noodgedwonge leef) gaan verbeter nie. Die teendeel kan eerder waar wees, aangesien kommersiële boerdery tans nog 'n groot verskaffer van werksgeleenthede is.
4.2.10 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op al die strukture van die NG Kerk om 'n gebedsaksie rondom grondhervorming te loods waarin voorbidding vir alle betrokkenes gedoen word (nuwe begunstigdes, die kommersiële landbousektor en die regering).
4.2.11 Die Algemene Sinode versoek sy taakspan om die sake vervat in hierdie aanbevelings, tot die grootste mate moontlik, tot uitvoering te bestuur.

**1.2** Uit 4.2.11 hierbo is dit duidelik dat die taakspan versoek was om aan hierdie aanbevelings uitvoering te gee. Die Taakspan kon egter as gevolg van 'n verskeidenheid van redes nie na behore hieraan uitvoering gee nie. Lidmate van die NG Kerk en ander gelowiges in ons lande verlang steeds vanaf die Kerk 'n

profetiese stem en pastorale begeleiding rakende die volgende kwessies wat in bogenoemde besluit aangeraak word:
**1.2.1** Hoe kan noodsaaklike grondhervorming op regverdige en verantwoortbare wyse vanuit Christelike oortuiging uitgevoer word om vrede en voorspoed vir almal te verseker?
**1.2.2** Hoe kan lidmate aangemoedig word om in geloof en vertroue steeds grense oor te steek om grondhervorming te laat slaag?
**1.2.3** Hoe kan die Kerk sy dankbaarheid en hartseer opreg en tasbaar betoon aan die boerderygemeenskap wat reeds groot offers gemaak het?
**1.2.4** Hoe kan die Kerk met die regering van die dag saamwerk in die formulering en uitvoer van 'n billike beleid vir grondhervorming wat aan die waardes van die Grondwet voldoen en alle partye bevredig?
**1.2.5** Hoe kan die Kerk teenoor die staat getuienis lewer oor versoende geregtigheid en menswaardige optrede teenoor almal?
**1.2.6** Hoe kan die Kerk met 'n beroep op die regering seker maak dat voedselsekerheid, wat nie net beteken dat daar genoeg voedsel geproduseer of aangekoop word nie, maar ook beteken dat almal toegang tot goeie, genoeg en bekostigbare voedsel het, nie verder in gedrang kom nie, omrede vrede, stabiliteit en voorspoed van voedselsekerheid afhanklik is?
**1.2.7** Hoe kan die Kerk met oortuiging aanvoer dat die onteiening van kommersiële landbougrond nie opsigself die armoedeprobleem kan oplos en werkgeleenthede sal skep nie?
**1.2.8** Hoe kan die Kerk op gestruktureerde wyse vir boere en die regering bid?

**1.3. AANBEVELING: OPDRAG GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING**
**1.3.1 Die Algemene Sinode herhaal sy opdrag van 2011 aan die Taakspan Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling en versoek die Taakspan om in besonder uitvoering te gee aan die sake wat in 1.2.1 tot 1.2.8 hierbo genoem word.**
**1.3.2 Die Taakspan word versoek om met die ASM in gesprek te tree oor die nodige kapasiteit en bemagtiging om bogenoemde moontlik te maak.**

## 2. NUWE VERWIKKELINGE OP DIE GEBIED VAN GRONDHERVORMING, LANDELIKE ONTWIKKELING EN LANDBOU IN DIE ALGEMEEN

**2.1** Dit is geen onbekende feit dat die grondkwessie en restitusie, behoud en verkryging van eiendomsreg, werkgeleenthede en lone, voedselsekerheid en veiligheid in die brandpunt staan nie.
**2.2** Die volgende sake en gebeure het die afgelope maande die insensiteit van hierdie kwessies en die gesprek daaroor verhoog:
**2.2.1** Druk op die staat om grondhervorming te versnel en grond te onteien sonder behoorlike of enige vergoeding.
**2.2.2** Die regerende party se eeufeesviering van die *Natives Land Act* van 1913.
**2.2.3** Die voortgesette geweldadige wyse waarop plaasaanvalle uitgevoer word en die onvermoë om die spiraal van geweld te deurbreek.
**2.2.4** Stakings en geweldadige betogings wat uitgeloop het op ontwrigtende optrede, saakbeskadiging en lewensverlies.
**2.2.5** Die statutêre verhoging van die minimumloon vir plaaswerkers en werksgeleenthede wat daardeur verlore gaan.
**2.2.6** Onsekerheid oor die uiteindelike uitkoms van die regering se Groenskrif oor grondhervorming, waarop die regering nie op 19 Junie 2013, soos vooraf gesê is, amptelik gereageer het nie.
**2.2.7** Die uitspraak in die Konstitusionele Hof oor Minirale Regte op 18 April 2013 wat verreikende implikasies vir die kwessie van grondonteiening en die toepassing van Artikel 25 van die Grondwet het.
**2.2.8** Bevoordeeldes van grondrestitusie wat met mekaar in hofsake gewikkel is oor die verkryging van private eiendombesit waar grond steeds in kommunale of staatsbesit bly.
**2.2.9** Tradisionele leiers se onwilligheid om kommunale grond te verdeel en sodoende die uitvoering van die *Security of Tenure Act* van 1997 en die *Land Tenure Security Act* van 2010 verhinder.
**2.2.10** Die volgehoue vernietiging van landbougrond deur mynbedrywighede en die nie-nakoming van wetsvoorskrifte wat dit probeer verhinder.
**2.3** 'n Groot deel van die landbougemeenskap is lidmate van die NG Kerk. Afgesien daarvan dat die Kerk 'n *profetiese verantwoordelikheid* teenoor die owerheid het, het die Kerk ook 'n *pastorale verantwoordelikheid* teenoor sy lidmate.
**2.4** Die kompleksiteit van grondhervorming en die impak daarvan op die landbousektor en landelike ontwikkeling, moet nie onderskat word nie. Talle rolspelers is by 'n verskeidenheid van sake betrokke. Standpunte loop dikwels uiteen. Dit sal 'n groot fout wees as die Kerk oningelig en veralgemenend te werk gaan in die nakoming van sy profetiese en pastorale verantwoordelikheid. Die Kerk wil aan God se kant

staan as dit kom by die waarheid, geregtigheid, billikheid en menswaardigheid. Die Kerk wil veral ’n stem wees vir diegene wat nie oor die mag of middele beskik om vir hulleself te praat nie.

## 3. STEMME UIT DIE SINODES OOR GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING

**3.1** Die Moderamen het na die vorige Algemene Sinode ’n taakspan uit verteenwoordigers van die samestellende sinodes, met die uitsondering van Namibië, saamgestel.
**3.2** Die Taakspan het vergader en die volgende aan die Moderamen vir oorweging voorgelê:

**Vertrekpunt: Vanuit ons geloof en belydenis sê ons: God is in beheer.**

Ons leef in goed en kwaad met die vaste wete van God se voorsienigheid vir sy kinders – in tye van voorspoed en teenspoed. In ons gesprek het daar sekere sleutel-konsepte uit die verskillende streke gekristalliseer wat direk verantwoordelik is vir, of onderliggend daaraan, 'n bepalende rol speel in die huidige krisis in ons land sover dit Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling aangaan:
1. Ons lewe in Suid-Afrika te midde van die feit dat die land in vele opsigte 'n nie-suksesvolle staat geword het – wat in haas alle sektore van die samelewing vooruitgang inhibeer. Dis ook ontstellend dat van ons (lidmate) al gemaklik geraak het hiermee en nie meer daarteen protesteer nie.
2. Dit word duidelik gesien in die feit dat die grondhervormingsproses nie na wense verloop nie – nie soseer as gevolg van die landbousektor of staatsbeleid nie, maar as gevolg van die onvermoë, korrupsie en wanadministrasie van amptenare in die betrokke staatsdepartemente.
3. Die een onreg (vervreemding van grond in die verlede) is nou vervang met nuwe onreg: die plundering van landbougrond as 'n nasionale bate deur 'n magselite; die skepping van valse verwagtinge by grondloses; vernietiging van landbou as werkskeppende entiteit; voedselsekerheid wat tot 'n groot mate vernietig word.
4. Een van die ernstige destruktiewe gevolge hiervan is die ineenstorting van sosio-ekonomiese potensiaal en verwagtinge van plattelandse gemeenskappe – wat uiteindelik uitkring om ook onmoontlike druk op stedelike ontwikkeling te plaas.
5. Winsgewende landbou en volhoubare bestaansboerdery is die wyses waarop voedselsekerheid behou/geskep kan word en ook bygedra kan word tot ekonomiese voorspoed vir almal.
6. Rassisme speel toenemend 'n rol in ons SA-gemeenskap. Dit blyk al meer asof die ideaal van 'n nie-rassige samelewing as onhaalbaar gesien word. Die ideaal van ’n nie-rassistiese samelewing mag egter nie prysgegee word nie.
7. Onderliggend aan die prosesse van staatkundige ontwikkeling, speel die invloed van Westerse en Afrika-filosofie (wêreld- en lewensbeskouing) 'n belangrike rol – alhoewel dit selde openlik gesê word.
8. Dis vir die Kerk belangrik om te besef dat hierdie gesprek (oor genoemde sake) nie meer in isolasie gevoer kan word los van ander werk in die Kerk nie. Die kerkleierskap sal hierin duidelik rigting en leiding moet gee.
9. Hierdie gesprek moet ook binne die NG Kerkfamilie en ekumeniese verband gevoer word. ’n Verskeidenheid forums is beskikbaar waar ons gehoor kan word.

Ons sal 'n nuwe fokus moet kry op die roeping van die Kerk om die perspektief te vestig dat die owerhede dienaars van God is tot ons beswil. So het die NG Kerk alreeds in 2004 hieroor besluit:
“Desnieteenstaande kan die kerk steeds op grond van die Skrif van die owerheid verwag om die publiekregtelike ruimte te skep vir die kerk ten einde die kerk in staat te stel om die eer van God ook op staatkundige terrein te soek. Die saak waarom dit in Artikel 36 gaan, geld in elk geval vandag nog net soos destyds, naamlik dat alle owerhede onder die oppergesag van God staan.”

Van hieruit doen ons 'n beroep op die kerkverband om voorbidding te doen vir wysheid vir die owerhede om hul Godgegewe roeping tot reg te laat kom en op ons lidmate om hulle Christelike geloof prakties in eie konteks uit te leef as getuienis van God se teenwoordigheid.

**3.3 Die Taakspan verwoord in sy verslag aan die Moderamen wat in die harte van lidmate leef en waarvan die Algemene Sinode met erns moet kennis neem.**

## 4. VERDERE NADENKE

**4.1** Aanvullende insette is ook aan die Moderamen gedoen. Dit sluit verslae uit die Wes-en-Suid-Kaap in wat opgestel is na aanleiding van die Kerk se betrokkenheid by die landbou-onrus sedert die einde van 2012. Die belangrikste insigte hierdeur ingewin, word nou in die volgende paragrawe saamgevat.

**4.2 AGTERGROND**

**4.2.1** Toestande in die landbousektor is onstabiel. Daar is baie faktore wat hierdie sektor van ons SA-samelewing plofbaar maak en wat met diep emosies en ’n diepgewortelde historiese oorsprong gepaard gaan.

**4.2.2** Baie van hierdie faktore is egter nie net eie aan die landbousektor nie, maar is 'n multi-sektorale uitdaging met ernstige sistemiese foutlyne wat vra na begrip vir die kompleksiteite daarvan, maar wat ook 'n uitdaging aan die owerhede bied om met nugterheid en op grond van goeie empiriese navorsing en multi-departementele beplanning die verskillende sake holisties aan te spreek. Ons aanvaar dat die *Nasionale Ontwikkelingsplan* juis hierdie verweefde sake konstruktief wil aanspreek en dat dit die huidige roetekaart van die regering is om by 'n meer stabiele toekoms vir die land uit te kom.

**4.3 VELE GROEPE BETROKKE**

Teen hierdie agtergrond dan, meer toegespits op die landbousektor, die volgende:

**4.3.1** Ons het hier nie maar eenvoudig te doen met konflik tussen boere en plaaswerkers nie. Hier is ten minste die volgende groepe mense betrokke by hierdie uitdaging:

**4.3.1.1 Kommersiële boere**: Dit is tradisioneel, sedert die koloniale tydperk en daarna deur die toepassing van bepaalde statutêre skeidingsmaatreëls, soos die toepassing van die *The Natives’ Land Act* van 1913 en die *Naturelle Trust- en Grond Wet* van 1936, so dat mense van Europese afkoms in Suid-Afrika die grootste grondbesitters geword het. In 'n groot mate is hierdie groep verantwoordelik vir die vestiging van voedselsekerheid wat toenemend berus op wetenskaplike boerderymetodes en gepaardgaande tegnologiese vooruitgang. Baie van hierdie landbouers bedryf hulle werk op plase/grond wat deur geslagte oorgeërf is. Ander grond is weer in besit van groot konsortiums of groot landboumaatskappye wat die landboubedryf op groot skaal beheer en dikwels domineer.

**4.3.1.2 Oorspronklike grondbesetters**: Verskeie tradisionele Afrika-bevolkingsgroepe maak daarop aanspraak dat hulle die eerste bewoners van groot dele van die Suid-Afrikaanse grondgebied was. Juis daarom is die proses van grondeise en restitusie (as deel van die nasionale grondhervormingsproses) met die aanvang van die Nuwe Suid-Afrika van stapel gestuur. Vir Afrikane (swart bevolkingsgroepe, sowel as die San en Khoi-groeperinge) is hierdie 'n diep emosionele saak. Grond behoort aan die mense (*the land belongs to the people*) en kommunale grondbesit is eerder aan die orde van die dag as privaat grondbesitregte soos dit die geval in die kommersiële landbousektor is.

**4.3.1.3 Bestaansboere**: Naas die kommersiële boere is daar in Suid-Afrika ook bestaansboere. Bestaansboerdery is waar ’n boer net genoeg voedsel produseer vir die plaas-/grondbewoners om van te leef. Die plase is gewoonlik klein, want die boer kan nie ’n groter plaas bekostig nie. Hoofsaaklik handewerk word gebruik om die plaas te bewerk. Daar is nie eintlik werknemers in diens nie omrede die boer met sy afhanklikes die werk doen. Vandag is dit oorwegend mense met ’n Afrika-afkoms wat bestaansboere is. Hulle boer op grond in private besit én op grond in kommunale besit. Dit was veral swart bestaansboere wat nadelig getref is deur die toepassing van die *The Natives’ Land Act* van 1913 omdat van hierdie bestaansboere deur die Wet van hulle reg ontneem is om, teen huurgeld of met die verskaffing van arbeid of deur die afstaan van ’n gedeelte van die opbrengs, op grond in blanke besit te boer en in hulle eie lewensbehoeftes te voorsien. Blanke bywoners op plase in blanke besit het op dieselfde wyse geboer.

**4.3.1.4 Plaaswerkers**: Plaaswerkers speel sedert die koloniale tydperk 'n belangrike en bepalende rol in die landbousektor. Hulle is gevestig as 'n onontbeerlike komponent van die sukses van landbou in die Suid-Afrikaanse konteks. Soos die grondbesitters het van hulle lang historiese verbintenisse met 'n bepaalde landbougebied en spesifieke plase. Geslagte plaaswerkers het opeenvolgend op plattelandse plase grootgeword. Met groot reg kan talle van hulle (selfs statutêr in terme van wetgewing) aanspraak op verblyfreg op bepaalde grond maak. Die regte van gemeenskappe wat so op plase tot stand gekom het, is eweneens 'n diep emosionele saak waarvoor groot begrip en deernis nodig is.

**4.3.1.5 Seisoenwerkers**: In sommige landbousektore het die gebruik van seisoenwerkers, wat van elders in die land en selfs vanuit buurlande kom, gevestig geraak. Vir hulle word daar sekere basiese akkommodasie beskikbaar gestel vir die maande wat hulle in diens geneem word om spesifieke take te verrig. Hulle arbeid is daarom ook goedkoper met min (indien enige) sekuriteite. Hulle finansiële versorging van families in vêrafgeleë gedeeltes van die land (en selfs buiteland), is van kardinale belang vir die oorlewing van hulle afhanklikes – somtyds selfs in moeilike en armoedige omstandighede. Die uitdaging teenoor seisoenwerkers is nie net 'n landbouaangeleentheid nie. Dit is 'n nasionale welsynsaangeleentheid aangesien hierdie werkers 'n groot deel van die jaar nie werk het nie. Die staat sal mede-verantwoordelikheid moet aanvaar vir hierdie welsynsuitdaging. Dit kan nie alleen as die landbouers se verantwoordelikheid gesien word nie. Die betrokkenheid van hierdie groep by die landbousektor bring egter ook 'n addisionele potensiële konfliksituasie na vore, naamlik die bedreiging wat dit vir die gevestigde werkers op plase inhou. Dieselfde geld vir hulle inisiatiewe en entrepreneurskap om klein besighede te vestig in informele woongebiede.

Xenofobie is 'n wesentlike bedreiging binne hierdie konteks en bring sy eie uitdagings na die tafel van die landbouorganisasies, regering, vakbonde, nie-regeringsorganisasies en burgerregte-groepe.

**4.3.1.6 Staat**: Verskeie staatsdepartemente is betrokke by die wel en wee van die landbousektor. Nie net die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye nie, maar ook departemente soos Waterwese en Omgewingsake, Gesondheid en Welsyn, Onderwys, Maatskaplike Ontwikkeling, Polisie, asook die ander departemente wat wetgewing instel en uitoefen oor sake wat verband hou met landbou en grondbesit. Plaaslike owerhede wat dienste moet verskaf aan die landbougemeenskap – en nou ook statutêr aanspraak op grondbelasting-heffing op landbougrond maak, is 'n belangrike rolspeler in hierdie verband.

**4.3.1.7 Bemiddelende groepe**: Talle nie-regerings- en nie-winsgewende organisasies, kerke, landbouorganisasies en vakbonde is betrokke by die landbougemeenskap in verskeie hoedanighede – ook dikwels met eie agenda en doel, vanaf die verskaffing van ondersteuning aan mense wat een of ander behoefte/nood beleef, tot die opkom vir die regte van minderbevoorregtes en armes.

**4.4 SISTEMIESE ARMOEDE**

**4.4.1** Sistemiese armoede, wat 'n nasionale uitdaging (en dreigende krisis) is, is ook deel van die landbougemeenskap. Soos wat dit deel van die verstedeliking en toestroming na plattelandse dorpe (met gepaardgaande behoeftes en verwagtings aan byvoorbeeld behuising en basiese dienste) is, is die keersy daarvan dat die landbougemeenskap toenemend onder druk kom om meer mense materieel te versorg as wat die landbousektor kan dra.

**4.4.2** Toenemende meganisering in die landbousektor (waarvan die meeste dwingend is om steeds kompeterend in die wêreldmark te wees) en die najaag van groter winste (waaraan die kapitalistiese stelsel hom gemaklik skuldig maak), veroorsaak dat werkloosheidsyfers in die plattelandse gemeenskappe verder styg om nog meer tot sistemiese armoede by te dra. Onvoldoende (en in sommige plattelandse gemeenskappe en armoede kontekste selfs wanhopige) onderwys en opvoedingsgeleenthede voorspel alreeds haas onoorkomelike leemtes in die toekomstige mondering van 'n breë Suid-Afrikaanse gemeenskap om die groot uitdagings van vreedsame naasbestaan in die toekoms die hoof te bied.

**4.5 PLOFBARE SITUASIE**

Die plofbare situasie wat werkloosheid, armoede, met gepaardgaande swak dienslewering meebring, is 'n nasionale werklikheid en nie slegs beperk tot die landbousektor nie. Armoede, werkloosheid en die emosiebelaaide saak van grond en grondbesit, kan waarskynlik aangedui word as die grootste bedreigings vir stabiliteit en vrede in Suid-Afrika in die komende jaar wat oploop na die volgende verkiesing in 2014. Dit is te verwagte dat verskillende politieke groeperinge hierdie sake sal gebruik/misbruik om hulle eie agenda te dryf en die spanning in die land tot breekpunt te bring.

**4.6 DIE KERK SE MOONTLIKE ROL IN OPLOSSINGS**

**4.6.1** Dit is duidelik dat die uitdaging wat die landbousektor in die gesig staar – as deel van 'n nasionale sistemiese probleem wat baie wyer as slegs hierdie deel van die SA-gemeenskap gaan – 'n konstruktiewe, holistiese en multi-sektorale aanpak sal vereis.

**4.6.1.1** Die behoefte aan die totstandkoming van 'n nuwe ***nasionale sosiale ooreenkoms*** (pakt): Minstens die groepe wat hierbo onder 4.3 genoem word, is betrokke by hierdie saak. Al die instansies (staat sowel as privaat) sal op een of ander manier **moet** instem tot 'n nuwe nasionale inisiatief om hierdie dreigende onrus met goeie empiriese navorsing en doelgerigte en uitvoerbare planne aan te pak. Die *Nasionale Ontwikkelingsplan* van die regering sou hierin 'n goeie riglyn kon bied. Indien die Kerk (en bepaald die NG Kerkfamilie met ekumeniese vennote) gevra sou word om hierin 'n bemiddelende rol te speel, sal ons die uitdaging met groot ootmoed moet aangryp.

**4.6.1.2** In hierdie proses sal die Kerk haarself moet afvra wie bedoel word wanneer van "ons mense" gepraat word. As die Kerk sigself daarvoor uitgee om as Christelike geloofsgemeenskap profeties geregtigheid na te streef, sal 'n inklusiewe benadering ten opsigte van die belange van *alle* mense: werknemers, sowel as werkers, landbouers sowel as seisoenwerkers, in ons denke en betrokkenheid tot uitdrukking moet kom.

**4.6.1.3** Mense is geneig om die klem slegs te laat val op die konflik in ons gemeenskappe – en bepaald die konflik binne die landbougemeenskap. Erkenning moet egter gegee word vir die feit dat daar oor baie jare in baie landbougemeenkskappe uitermate goeie verhoudinge opgebou is tussen die eienaars en werkers. Hierin is kapitaal van welwillendheid deur goeie behuising, behoorlike onderwys en verskaffing van gesondheidsdienste, basiese luukshede soos water en elektrisiteit en leefbare salarisse met bepaalde insentiewe en bevorderingstrukture geskep. In talle gevalle het plaaswerkers ook grondbesitters en mede-grondbesitters geword. Die Kerk sal oor hierdie positiewe feite ook duidelik getuienis moet lewer teenoor enige simplistiese en eensydige voorstellings van die situasie.

**4.6.1.4** Aan die ander kant is die diep morele verval binne die landbougemeenskap 'n saak van groot kommer. Die tipiese sosiale misstande wat sistemies gepaard gaan met sosio-ekonomies gestremde



Inhoudsopgawe

kontekste (gebrek aan gesonde familiestrukture; afbraak in morele lewenstyl; drank en dwelmmisbruik; gesinsgeweld, veral teen vroue en kinders; algemene kinderverwaarlosing en so meer) vorm deel van ons plattelandse en landbou-gemeenskappe. Die NG Kerkfamilie behoort dit as 'n prioriteit-uitdaging te sien en konstruktief met barmhartigheidstrukture en plaaslike netwerke strategies te beplan om hierdie haglike en verontrustende toestande met duidelike uitkoms-gebaseerde doelwitte aan te spreek. Hier word spesifiek gedink aan 'n omvattende evangelisering van (met ander woorde die oordra van die *Goeie Nuus* van ons Christelike oortuiging aan) die landbousektor waarin alle betrokkenes se ewige heil en menswaardigheid voorop gestel word.

**4.6.1.5** Alhoewel die grondhervormingsproses ’n slakkegang gaan – en talle voorbeelde aangedui kan word dat nuwe boere wat grond ontvang het, nie die mas kan/kon opkom nie en daardeur 'n groot knou aan voedselsekerheid toegedien is, is daar ook suksesvolle opkomende boere gevestig. Die Kerk se erkenning en ondersteuning hiervoor sou ook 'n positiewe getuienis kon lewer aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap in sy geheel.

**4.6.1.6** Verskeie mense wat uit grondhervorming en -restitusie gebaat het deurdat aan hulle grond toegeken is, kan egter nie private eiendomsreg daarop bekom nie. As nuwe eienaars besit hulle dit nie persoonlik nie. Daardeur word hulle dikwels weerhou van die verkryging van banklenings vir landbouproduksie omdat hulle geen vaste eiendom as kollateraal kan aanbied nie. Die Kerk (veral die ekumeniese kerk) sou 'n sterk rol kan speel om die regering te vra na hierdie weerhouding van eienaarskap en gevolglike weerhouding van sekuriteit aan nuwe boere met die oog op die vestiging van nuwe landbou inisiatiewe.

**4.6.1.7** Die Kerk moet die emosie wat deur die aankondiging van die heropening van grondeise op grond van die *The Natives’ Land Act* van 1913, na vore geroep word, erken en verstaan. Die onsuksesvolle grondhervormingsproses tot hier het die frustrasie-vlakke nog meer verhoog. Die kommersiële boere en landbou-organisasies kan nie langer meer alleen al die skuld dra daarvoor nie. Hierdie feit moet die ekumeniese kerk so duidelik as moontlik op alle beskikbare forums aan die regering kommunikeer. Die gebrekkige optrede van die nasionale regering – ook in die onlangse arbeidsonrus in die Wes-Kaapse landbousektor – het 'n baie ernstige en gevaarlike situasie vir die hele Suid-Afrika geskep. Daar kan ook verwag word dat die saak van grondbesit in die volgende maande toenemend uitgebuit en verpolitiseer gaan word, nie net in die Wes-Kaap nie, maar nasionaal.

**4.6.1.8** Wanneer meer spesifiek na die landbougemeenskap gekyk word, sal dit 'n fout wees om op 'n simplistiese manier alle “werkers” oor dieselfde kam te skeer. Daar is nie alleen die onderskeid tussen die permanente plaaswerkers en die seisoenwerkers nie, maar daar is ook 'n groot diversiteit in kultuur, godsdiens, ideologiese oortuiging, ontwikkelingspeil wat onderwys en opvoeding betref en gemeenskappe se verskillende ervarings van voorspoed, geluk en tevredenheid. Dis so dat talle werkers werklik gelukkig is in hulle omstandighede, terwyl ander uitgebuit word. Aan die ander kant is daar die seisoenwerkers wat min het om te verloor, vir wie die vernietiging van eiendom en landbougewasse nie veel saak maak nie. Weereens is veralgemenings nie van hulp wanneer oor hierdie komplekse sake gepraat word nie.

**4.6.1.9** Dit sal sou 'n fout wees as gemeen word dat die onlangse arbeidsonrus net oor die minimumloon gegaan het – soos sekere groepe wil beweer. Weereens word die kompleksiteit rondom die vasstelling van die minimumloon (deur die staat) nie in ag geneem wanneer dit eenvoudig voor die deur van die boere gelê word nie. Die feit is dat 'n ekstra (byvoorbeeld) R50 min verskil gaan maak aan die ellende van mense in nood. Verder is die huidige minimum loon vir opkomende boere waarskynlik heeltemal te veel om te betaal, terwyl dubbel soveel (indien dit bekostig kon word) in elk geval te min is vir die behoeftes van baie plaaswerkers. Die fundamentele uitdaging is om daarna te streef om 'n lewe van optimum kwaliteit en hoop vir almal te beding.

**4.6.1.10** Kommerwekkend is die skynbare toename in rassisme in die land. Dit is ook sigbaar in die hantering van die arbeidsonrus in die landbousektor. Hier moet die Kerk 'n duidelike stem laat hoor teen enige onmenswaardige optrede teenoor enigiemand op grond van faktore waarin hulle geen keuse het nie. Dit is jammer dat duidelike ondertone van rassisme in grondsake onbeskaamd na vore kom. Dit geld vir alle groepe. Die dubbele liefdesgebod kan onder geen omstandighede deur die praktyk gekompromiteer word nie.

**4.6.1.11** Toenemende meganisering in die landbou is 'n voldonge feit. Dit is wêreldwyd die geval. Dit is vanselfsprekend dat dit toenemende druk op werkloosheidsyfers plaas. Dit gebeur selfs in talle lande waar landbouers groot staatsubsidies ontvang – terwyl dit in Suid-Afrika nie (meer) so is nie. Toenemende meganisering van die landbousektor as 'n voldonge werklikheid moet ook nie verpolitiseer word nie. Daar moet dalk by die regering voorstelle gemaak word vir die instelling van ’n nasionale subsidie vir boere wat gekoppel word aan die indiensnemingsbeleid – wat dit sodoende vir boere meer finansieel sinvol maak om nie volledig die meganisering-pad te loop nie, maar hulleself te sien as werkverskaffers – as kosbare vennote in programme van gemeenskapsontwikkeling.



Inhoudsopgawe

**4.6.1.12** Die Kerk kan in hierdie konfliksituasie nie kant kies vir een van die groepe wat hierby betrokke is nie. Hoogstens kan die Kerk altyd kies om teen onreg protes aan te teken en profeties te spreek teen alles wat mense se menswaardigheid aantas. Ons geloof en belydenis vra dit van ons.

**5. AANBEVELINGS: GRONDHERVORMING, LANDELIKE ONTWIKKELING EN LANDBOU**

**5.1 Die Algemene Sinode versoek die Moderamen om binne die raamwerk van die verslag voort te gaan om op so veel as moontlike vlakke versoening en sinvolle oplossings te bemiddel.**

**5.2 Die Algemene Sinode verwys die verslag na die onderskeie sinodes om dit na goeddunke en binne konteks op die tafel van gemeentes te plaas, in die hoop dat dit die NG Kerk se sinvolle bydrae op voetsoolvlak/gemeentevlak sal verhoog.**

**5.3 Die Algemene Sinode versoek die Moderamen om, as NG Kerkfamilie en ekumeniese vennote, die aangeleethede in die verslag waaroor ernstige kommer heers dringend met die Nasionale Regering op te neem.**

**5.4 Die Algemene Sinode is diep verontrus oor die morele verval in die land, maar veral binne die landbousektor (sien punt 4.6.1.4 hierbo). Dit behoort as ’n prioriteit binne die NG Kerkfamilie hanteer te word – met 'n duidelik geformuleerde uitkomsgebaseerde omkeer-strategie.**

**5.5 Die Algemene Sinode is diep verontrus oor die impak wat veral bogrondse mynbedrywighede in sekere vrugbare dele van die land op die landbou en die omgewing het en doen 'n beroep op die regering om deur streng wetstoepassing en volhoubare gemeenskapsontwikkeling ’n einde daaraan te maak.**

**5.6 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate in die landbousektor om die gesins- en familielewe van hulle werkers te koester, hulle onderwys te verseker en kerklik met hulle mee te leef.**

**5.7 Die Algemene Sinode versoek sy Taakspan vir Ekologie om die moderamen dringend met advies oor hidrobreking te voorsien met die oog op standpuntformulering.**

Hiermee vertrou die Taakspan dat hy sy opdrag tot bevrediging uitgevoer het.

Dr Ben du Toit (sameroeper)

# A.12.11.3 DIE NG KERK EN APARTHEID

## 1. AGTERGROND

Tydens die sinode van die NG Kerk Wes- en Suid-Kaapland in 2007 te Goudini was daar afgevaardigdes wat beswaar aangeteken het teen die feit dat die NG Kerk al voorheen aan almal verskoning gevra het vir sy ondersteuning van apartheid, maar nog nie aan sy eie lidmate nie. Die mening is uitgespreek dat die kerk sy lidmate mislei het en ’n verskoning verskuldig is. Die betrokke sinode het dit vervolgens aan sy moderamen opgedra om hieroor na te dink en leiding te gee. Daar is sedertdien by ’n aantal geleenthede hieroor besin. Dit was sinvolle en goeie gesprekke, maar daar is ook besef dat die saak veelkantig is en dat die kerkverband goed sal doen om hulle iewers vorentoe selfs meer omvattend hieroor te verantwoord. Die Moderamen van Wes- en Suid-Kaapland het hulle dokument na die Moderamen van die Algemene Sinode geneem vir besinning en oorweging. Die Moderamen van die Algemene Sinode bied in hierdie dokument ’n aantal perspektiewe vanuit die besinning waarmee ons hoop om lidmate te help om hulle eie aandeel, of gebrek daaraan, aan apartheid te beoordeel.

## 2. DIE NG KERK HET REEDS SKULD BELY

Die NG Kerk het oor die afgelope twee dekades baie deeglik kennis geneem van die skadelike gevolge van apartheid. Die benadeling van mense, die miskenning van mense se waardigheid, die groot ongelykhede tussen mense, die persoonlike lyding en verliese wat mense gely het en talle ander gevolge van die ideologie van apartheid het die kerk tot diepe selfondersoek en belydenis genoop. Die groot aandeel wat die NG Kerk gehad het aan die teologiese regverdiging van apartheid, en daarom direk en indirek aan hierdie gevolge van apartheid is welbekend en geboekstaaf deur talle teoloë, historici en ander akademici. Die kerk het ook reeds verskeie besluite geneem waarmee sy skuld en aandadigheid erken en aanvaar is en waarmee vergifnis gevra is aan diegene wat gely het en steeds ly aan die gevolge van apartheid. Alle uitsprake in hierdie dokument moet dus ook gesien word teen die agtergrond van die besluite wat reeds hieroor deur die kerk geneem is. Die kerk is ook deeglik daarvan bewus dat die negatiewe gevolge van apartheid nog steeds ’n groot impak het op die lewe van mense in Suid-Afrika.

## 3. SOGENAAMDE BEVOORDEELDES WAT INDERWAARHEID OOK BENADEEL IS

**3.1** Aangesien die kerk reeds skuldbelydenisse teenoor die sogenaamde benadeeldes van apartheid gedoen het, val die fokus van hierdie dokument nou op die gevolge van die kerk se apartheidsteologie vir diegene wat sogenaamde bevoordeeldes was van die ideologie en politieke sisteem van apartheid.

**3.2** Terwyl die kerk bewus is daarvan dat bevoordeling van blankes groot afmetings aangeneem het, is ons ook onder die indruk daarvan dat daar ’n groot skadukant aan hierdie bevoordeling was. Die bevoorregtes van apartheid se beskouinge oor mense, asook hulle verwagtinge ten opsigte van ’n sekere lewenstandaard het destyds toenemend geskoei geraak op die ongelykhede, ongeregtigheid en bevoordeling wat gepaardgegaan het met die politieke bedeling van apartheid. ’n Sondige meerderwaardigheid is in baie gevalle gekweek en versterk. In vele situasies is daar sonde gedoen deur die miskenning, vernedering en misbruik van mense. Die sondaars het daarin gely dat hulle skuldig was voor God. Baie mense het ook na die ontbloting van hierdie vergrype met diep skuldgevoelens en vernedering geworstel. Mense verkeer ook steeds in innerlike stryd om aan hulle rassevooroordele te ontkom. Diepgewortelde rassevooroordele en agterdog maak dit ook vir baie mense uiters moeilik om aan te pas in die nuwe demokratiese bedeling.

**3.3** Baie lidmate is vanweë hulle ontnugtering met die NG Kerk se teologiese onderskrywing van apartheid van hulle kerk, en dus hulle geestelike tuiste, vervreem. Baie lidmate het selfs in diep geloofskrisisse beland. Die dwaling van die kerk het dus ernstige negatiewe gevolge ingehou vir mense se verhouding met God, vir gelowiges se verbondenheid aan die geloofsgemeenskap en vir die geloofwaardigheid van die Evangelie.

## 4. DIENSPLIG

Baie lidmate van die kerk is ook erg ontwrig deur die nasionale dienspligstelsel van destyds waarin slegs blanke mans deur wetgewing verplig is tot, eers een jaar militêre diens, en later twee jaar. Hierdie stelsel het nie net duisende mans die geleentheid ontneem om in hulle loopbane vordering te maak nie, maar het radikale gevolge gehad vir individue en families op emosionele, ekonomiese en geestelike vlak. Die trauma, ontberinge, blootstelling en verliese wat gepaardgegaan het met die opleiding en operasionele ontplooiing van soldate, strek veel verder as wat ooit bereken kan word. Ten spyte van die werklikheid dat daar ook positiewe verhale en uitkomste in mense se lewens binne hierdie geskiedenis was, is die kerk deeglik bewus van die verreikende skadelike gevolge van hierdie stelsel.

## 5. AFTAKELING VAN APARTHEID

Die kerk erken ook dat in die proses van die aftakeling van apartheid en die demokratisering van ons samelewing, diegene wat voorheen bevoordeel is geweldige aanpassings moes maak en moes ly aan die gevolge van dit wat voorheen verkeerd gedoen is. Baie mense het hulle werk verloor, mense moes dikwels hulle voordelige posisies prysgee en talle beleef diskriminasie wat betref studiegeleenthede, toekenning van beurse en werksgeleenthede. In die staatsdiens is kundigheid dikwels prysgegee ter wille van regstelling met skadelike gevolge vir mense van alle rasse in ons land. Standaarde van dienslewering in skole, hospitale en ander staatsinstellings het gevolglik op talle plekke onder druk gekom. Hoewel die kerk die noodsaaklikheid van die regstelling begryp, neem dit niks weg van die werklikheid dat mense wat voorheen bevoordeel is, asook hulle nageslag, dikwels in die proses van regstelling ergere benadeling en skade beleef nie. Hierdie slegte gevolge kan ook nie altyd onder die dekmantel van regstelling geregverdig word nie.

## 6. 'N KERK WAT FOUTE MAAK

**6.1** Die vraag in ons tyd is hoe dit gebeur het dat 'n kerk wat erns maak met die Skrif kon deel hê aan 'n bedeling soos apartheid met sy omvattende skadelike gevolge. Die kerk is immers vasbeslote om nooit weer 'n politieke of ekonomiese bedeling goed te keur of dit te onderskryf met teologiese argumente soos wat dit met apartheid gedoen is nie.

**6.2** Daar was baie lidmate en leiers in die kerk wat tydens die apartheidsbedeling onvermoeid geprotesteer het teen die kerk se ondersteuning en regverdiging van hierdie ideologie. Hulle het dit dikwels gedoen ten spyte van groot persoonlike opoffering, vernedering en ontbering. Die kerk het nie genoegsaam geluister na hierdie persone nie. Hulle stemme is trouens dikwels doelbewus stilgemaak. Die kerk het gekies om hom eerder te laat lei en beïnvloed deur:

**6.2.1** sy intieme verhouding met die Afrikanervolk,

**6.2.2** die stryd van Afrikaners om politieke en ekonomiese mag in Suid- Afrika te verkry ná Britse kolonialisme,

**6.2.3** die lees van die Bybel deur die bril van volksbelang,

**6.2.4** 'n on-Bybelse mensbeskouing en gevolglik 'n misverstaan van die gelyke posisie van mense voor God,

**6.2.5** aannames oor die inherente verskille tussen mense en die andersheid en minderwaardigheid van swartmense,

**6.2.6** 'n kerkbegrip wat nie rekening gehou het met die eise van die Skrif oor eenheid, geregtigheid en versoening nie,

**6.2.7** aannames wat nie rekening gehou het met die eise van die Bybel vir eenheid, geregtigheid en versoening in die samelewing nie,

**6.2.8** afskeiding van ander kerke sodat die Skrif al meer in isolasie gelees is,

**6.2.9** dat ons denke oor God nie radikaal genoeg Christelik was nie en daarom nie die diepte van God se liefde en genade vir ons en die omvang van Christus se verlossing en erns van sy aanspraak op ons totale lewens besef het nie.

Die NG Kerk het dus groot foute gemaak deur die Bybel te lees deur die bril van eiebelang.

**6.3** Een van die belangrikste kenmerke van 'n gereformeerde kerk is egter dat ons verstaan dat ons net ten dele ken en dat ons wanneer ons foute maak dit kan erken en bely en regstel. Hoewel ons dus ons beperkte insigte van die verlede van harte bely, weet ons ook dat ons steeds onderhewig is en bly aan gedeeltelike kennis en insig. Ons is as kerk egter opnuut daartoe verbind om met openheid, deernis en vertroue leerbaar te wees en voortdurend te vra na die wil van ons Hoof.

## 7. WIE MOET ONS BLAMEER VIR DIE KERK SE FOUTE?

**7.1** Politieke en geestelike leiers asook teoloë uit die geledere van die kerk het dikwels die regverdiging verskaf wat aan die ideolgie en die praktyk van apartheid 'n skyn van aanvaarbaarheid gegee het. Die sinodes of vergaderinge van die kerk het deur besluitneming beslag gegee aan die heersende teologiese oortuigings en die aannames van daardie tyd. Die krag van die gesamentlike besluite ter ondersteuning van apartheid het uiteraard stukrag verleen aan die oortuigings van leiers en lidmate. Kerklike leiers het inderdaad 'n beduidende rol gespeel om indertyd die regering en ook lidmate te beïnvloed.

**7.2** Almal wat deel was van die kerk moet egter verantwoordelikheid aanvaar vir die impak van die kerk se deelname aan en onderskrywing van apartheid. In elke kring was lidmate immers verantwoordelik om getrou aan die Evangelie geregtigheid na te jaag en met liefde en deernis op te tree. Almal moes kon onderskei dat daar diskriminasie plaasvind op alle vlakke van die samelewing wat nie versoenbaar is met die boodskap van die Evangelie nie. Almal sou binne en buite die kerk kon protesteer teen die gevolge van hierdie ideologie. Die feit dat goeie bedoelinge dikwels as teenargument aangebied word, bied geen regverdiging en



Inhoudsopgawe

betaam nie die kerk nie. Almal moes op een of ander wyse bewus word daarvan dat apartheid, soos dit uitgespeel het in die lewe van mense in hulle onmiddelikke omgewing, nie in terme van die Evangelie regverdigbaar was nie. Daarom aanvaar die kerk in sy geheel verantwoordelikheid vir sy aandeel aan apartheid.

## 8. KAN ONS WEER FOUTE MAAK?

Die kerk bestaan uit sondige mense met beperkte perspektiewe op die waarheid. Ons sal daarom nooit gevrywaar wees teen dwaling en onbegrip nie. Die duur les wat ons geleer het met apartheid maak ons egter nou deeglik sensitief en bewus van die feit dat ons
8.1 die Bybel met ’n sosiale bril lees en binne ’n bepaalde konteks,
8.2 die Skrif moet lees saam met ander kerke om ons beperkte insigte te verbreed,
8.3 ’n luisterende kerk moet wees wat die Bybel lees saam met mense wat in ander omstandighede verkeer as diegene wat bevoorreg is, bv saam met armes, gestremdes, verontregdes,
8.4 nie ander agendas as die koms en bou van die Koninkryk van God in die kerk moet najaag nie,
8.5 alle mense van gelyke waarde voor God moet ag,
8.6 die kern van die evangelie nie moet verskraal tot persoonlike verlossing alleen nie, maar dit ook moet sien as ’n versoenende lewe met al God se kinders in ’n ontaarde wêreld,
8.7 baie moeite moet doen in ons kerklike vergaderings om die Skrif te bestudeer ten einde Christus se wil te onderskei.

## 9. DIE VERANTWOORDELIKHEID EN ROEPING VAN DIE KERK OM TE HELP HERSTEL

**9.1** Ons is oortuig dat Jesus Christus, die Hoof van die kerk, van ons vra om in hierdie tyd in Suid-Afrika deel te neem aan die heling van ons land. Ons glo dat heling moet fokus op die eenheid van die kerk, versoening tussen mense en die najaag van geregtigheid vir al God se mense. Om dit te verwesenlik, sal baie gedoen moet word om die skade en ongelykhede van die verlede aan te spreek en te herstel. Ons glo egter dat die foute van die verlede en die kragtige boodskap van die evangelie ons oproep tot die vorming van nuwe gewoontes wanneer ons saam met mekaar en ander soek na Sy wil.

**9.2** Ons wil deur die bevordering van ’n verantwoordelike Skrifbeskouing en -hantering, sensitiwiteit vir die voortgesette nagevolge van apartheid, die najaag van geregtigheid sonder aansiens des persons, die bevordering van ’n gesonde christelike mensbeskouing, en die bevordering van versoening en eenheid met ons susterskerke verdere beslag gee aan die heling van ons land. Ons is ook daartoe verbind om met ywer die nuwe lewe in Christus te verkondig as ’n lewe van geregtigheid vir alle mense. Ons sal dit biddend doen dat Hy ons sal bewaar van dwaling en die najaag van enige ander belang as die koms van sy Koninkryk.

## 10. BEMOEDIGING

**10.1** Ons glo in die radikale vergifnis wat deur Christus se kruisdood bewerk is. Ons glo dat die bloed van Jesus sondaars reinig van alle ongeregtigheid, dat dit telkens oproep tot ’n nuwe lewe in Christus en dat dit die vrymoedigheid bied om opnuut ’n positiewe bydrae te lewer tot die wêreld waarin ons leef. Deur die krag van Christus se kruisdood en versoeningswerk leef die kerk daarom nie onder die wolk van skuldgevoelens oor die verlede nie, maar met ’n nederige vasberadenheid om gehoorsaam en diensbaar te wees aan die evangelie.

**10.2** Ons roep dus elke gelowige op om saam met ons voortdurend die vergifnis van Jesus gelowig toe te eien en om Hom telkens met nuwe ywer en gehoorsaamheid te volg. Talle onder ons getuig van die vreugde daarvan om eenheid, versoening en geregtigheid na te jaag en te beoefen. Dit is ’n heerlike roeping. Waar hierdie roeping uitdrukking vind, word daar spontaan lof en eer aan die Here gebring.

**10.3** Ons roep dus ook elke gelowige op om met oorgawe eienaarskap van hierdie roeping te aanvaar. Saam kan ons ’n nuwe gemeenskap bou van gelowiges wat in navolging van Christus oral aan mense in ons land en die wêreld hoop bied. As ons almal daagliks fyn geloofsonderskeiding beoefen, kan ons ’n groot bydrae lewer tot die heling van mense se lewens, tot versoening in verhoudings en tot die regverdige en waardige hantering van alle mense. Ons is opgewonde oor die rol wat die NG Kerk kan speel om die herstellende krag van die evangelie in Suid-Afrika en die wêreld te beliggaam en te demonstreer.

**10.4** Ons bid, soos Paulus vir die gemeente van Filippi, ook vir ons kerk dat ons “liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer” (Fil 1:9-11).
**Christus is Here. In en deur Hom is daar nuwe lewe en hoop.**

# A.13 NAVORSING

## 1. INLEIDING

**1.1** Die belang en noodsaaklikheid van goeie navorsing vir die kerk is welbekend. Die oogmerk van die Taakspan Navorsing is om die kerk in die verband tot diens te wees.
**1.2** Die vorige Algemene Sinode het 'n navorsingsprotokol goedgekeur en alle navorsing word binne die raamwerk uitgevoer.

## 2. KERKSPIEËL

### 2.1 DIE NAAM AS HANDELSMERK

Die naam "*KERKSPIEËL*" is as 'n oorkoepelende handelsmerk vir die Algemene Sinode se navorsingsprojekte geregistreer. Die doel van die handelsmerk is om 'n oorkoepelende, geregistreerde naam daar te stel vir al die navorsingsaktiwiteite van die Algemene Sinode. Die registrasieproses is afgehandel. Daar is ook 'n webblad geregistreer met dieselfde naam:
(**http://www.gemeentes.co.za/webbladsye/kerkspieel.html**)

### 2.2 GEMEENTE-OPNAME

Die gemeente-opname (gemeentevraelys) word sedert 1981 gedoen. Waardevolle longitudinale data is in die verband oor jare versamel. Die rigting en groei van gemeentes en lidmate binne die NG Kerk bly 'n belangrike en aktuele saak. Baie van hierdie vrae word met behulp van die gemeentevraelys beantwoord. Die gemeente-opname van 2014 is daarom vir die kerk van groot belang. Dit word beplan dat die 2014-opname ook aanlyn ingevul kan word.

### 2.3 EREDIENSGANGER-OPNAME

Die Erediensgangeropname is die eerste keer in 2006 gedoen. Die vorm deel van die "Church Life Survey". Dit geskied in samewerking met die "Presbyterian Church (USA)". Goeie kontak is met die PC(USA) opgebou. Dit help met die uitvoer en standaard van die opname. Die moontlikheid bestaan dat dr Chynthia Woolever Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van 2014 kan besoek. Dit kan 'n belangrike bydrae lewer in die uitvoering van die 2014-opnames. 'n Volledige Kruisgewys is gewy aan die 2010-Erediensgangeropname. Die resultate is tydens 'n GDN-werkswinkel bespreek wat baie gehelp het met die interpretasie en verdiskontering van die resultate vir die kerk. Die volgende Erediensgangeropname word vir 2014 beplan.

### 2.4 PREDIKANTEPANEEL

Die Predikantepaneel is 'n opvolging van die predikante-opname. Die projek is geskoei op die *Presbyterian Panel* van die PC(USA) en het ten doel om meer gereeld die menings en houdings van predikante oor 'n wye verskeidenheid van temas, nie net kerklik nie, te wete te kom. 'n Predikantepaneel, wat ewekansig uit predikante uit die poel van dienende predikante getrek is, is saamgestel. Die eerste paneel het oor die posisie van die predikant gehandel en 'n verslag het in Kruisgewys verskyn. Die tweede paneel doen navraag oor jeugwerk in die kerk. Die Jeugtaakspan bespreek die resultate en 'n verslag hieroor verskyn in Kruisgewys. Die tweede paneelopname is volledig aanlyn voltooi. Die derde paneel word beplan oor die belangrike saak van kerkeenheid. Die verslag behoort voor die Algemene Sinode beskikbaar te wees. Die predikantepaneel verloop redelik goed. Die responskoers is binne redelike norme. Die huidige paneel loop tot 2014 waarna 'n nuwe steekproef getrek sal word vir die volgende driejaarsiklus.

## 3. NAVORSING OOR KLEIN GEMEENTES

**3.1** Die projek is in sy tweede jaar. Saam daarmee loop 'n jaarlikse werkswinkel vir klein gemeentes wat onder leiding van die Vrystaatse Sinode onderneem word.
**3.2** Naas die inligting wat uit bogenoemde opnames beskikbaar is oor klein gemeentes het die vorige Algemene Sinode opdrag gegee dat navorsing oor klein gemeentes onderneem word. Die projek is binne die raamwerk van die protokol en die ruimte van die navorsingswerkgroep onderneem. Die verslag oor hierdie projek dien egter as 'n afsonderlike verslag.

## 4. ONDERSOEK NA DIE VRAAG EN AANBOD VAN PREDIKANTE.

'n Eerste voorlopige verslag is aan die Algemene Kuratorium gelewer. Die ABR-databasis help in die verband baie. Die raming van die finansiele posisie van gemeentes is 'n komplekse en kritiese saak. Daar sal van kundiges in die verband gebruik gemaak moet word.

## 5. BETROKKENHEID VAN DIE ANDER KERKE IN DIE NG FAMILIE

Die taakspan bestaan uit lede van die NG Kerkfamilie. Die doel is om die hele familie, in terme van navorsing, tot diens te wees. Die gemeentevraelys word gebruik binne ’n ondersoek in die NGKA en die VGK Vrystaat, Wes- en Oos-Kaap. Dit is ’n belangrike ontwikkeling wat die familie tot voordeel strek. Die oogmerk is om die samewerking verder uit te brei en te ontwikkel.

## 6. AANBEVELINGS: NAVORSING

**6.1 Die Algemene Sinode**

**6.1.1 bevestig dat navorsing onontbeerlik vir die werksaamhede van die sinode is**

**6.1.2 versoek die Sinode om ’n Taakspan: Navorsing aan te wys**

**6.1.3 versoek die Moderamen om ’n begroting vir die funksionering van die Taakspan beskikbaar te stel**

**6.1.4 versoek die Moderamen om jaarliks vir navorsingsprojekte wat in lyn is met die gestelde prioriteite te begroot**

**6.1.5 bevestig die belang van die 2014 opname vir die kerk en versoek gemeentes en sinodes om dit te ondersteun.**

## 7. DANKWOORD

’n Woord van dank aan ds Willie van der Merwe vir sy diens as voorsitter die afgelope tyd. Hy het as voorsitter bedank as gevolg van sy nuwe verpligtinge by die Hugenote Kollege. Die ondersteuning vanuit die kantoor van die Algemene Sekretaris is van groot belang vir die taakspan. Die bydrae van me Ester Steyn verdien in die verband vermelding.

Hiermee vertrou die Taakspan dat hy sy opdrag uitgevoer het.



Inhoudsopgawe

# A.14 REGTE

## 1. PERSONEEL

Drr JH Ernst (voorsitter), L Ungerer, PR du Toit, QE Heine, H Theunissen, JM vd Merwe, di T Danzfuss, GJ Duursema, HM Janse van Rensburg (skriba), DW Krüger, DF Oelofse, HJ v Zyl, en prof PJ Strauss.

## 2. UITVOERING VAN OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2011: VIR INLIGTING EN KENNISNAME

**2.1 ARGIEF- EN INLIGTINGSWETGEWING** (vgl Agenda A.12 bl 283 pt 2.21.1; Notule Dag 5)

Die Algemene Sinode neem kennis van die ATR se besluit dat die saak oorstaan in afwagting van die nuwe Argiefreglement.

Die saak is in ag geneem met die hersiening van die *Kerkorde.*

**2.2 A TOT Z-BELEID EN DIE HANDVES VAN GODSDIENSREGTE** (vgl Agenda A.12 bl 286 pte 5.1.4 en 5.1.7; Notule Dag 5)

Die Algemene Sinode besluit dat beleidsaanbeveling 10 van die A tot Z vir *Kerkorde* Art 7 nie in die *Kerkorde* opgeneem word nie, maar dat dit as beleid agter in die *Kerkordeboek* opgeneem word. Die Algemene Sinode besluit dat die *Handves van Godsdiensregte* asook die A tot Z-Beleid in die *Kerkorde* opgeneem word as funksionele besluite.

Die A tot Z-beleid was op daardie stadium in ’n proses van hersiening.
Die ATR het in 2012 die volgende besluite geneem:

8.3.1 Die ATR besluit dat die A tot Z-beleid agter in die *Kerkordeboek* opgeneem word.
8.3.2 Die ATR besluit dat die *Handves van Godsdiensregte* in die *Kerkordeboek* opgeneem word.

Die hersiening van die A tot Z-beleid was nog nie afgehandel op die datum toe die res van die *Kerkorde* 2011 gereed was vir publikasie nie. Die ATR-Dagbestuur het besluit dat daar nie langer gewag kon word nie en dat die volgende verwysing in die *Kerkorde* 2011 aangebring word: “*A tot Z-BELEID Beskikbaar op die amptelike webblad van die NG Kerk: Algemene Sinode, dokumente.” (*Die *Kerkorde* 2011, *p 149)* Die *Handves van Godsdiensregte* is wel volledig opgeneem in die *Kerkorde* 2011. (Die *Kerkorde* 2011, pp 131 – 135).

**2.3 DIENSVERHOUDINGE: VERLOFREËLINGS** (vgl Agenda A.12 bl 285 pt 2.25; Notule Dag 2)
Die Algemene Sinode het die volgende besluit geneem:

2.25.1 Die finalisering van die Reglement vir Verlof word na ’n werkwinkel van kundiges verwys om die nodige reglement(e) saam te stel en so spoedig moontlik na die Algemene Sinode aan die ASM vir goedkeuring voor te lê. Die ATR word versoek om die werkwinkel te reël en kundiges daarna uit te nooi.

Die ATR het op grond daarvan dat die Algemene Sinode elektroniese vergaderings in beginsel goedgekeur het, die konsepreglement elektronies gesirkuleer aan belanghebbendes waarna dit gefinaliseer en aan die ASM voorgelê is vir finale goedkeuring. Dit is daarna opgeneem in die *Kerkorde 2011.*

**2.4 DIENSVERHOUDINGE: VASTETERMYNPOS** (vgl Agenda A.12 bl 281 pt 2.12.3; Notule Dag 2)
Die Algemene Sinode het die volgende besluit geneem:

Die finalisering van die Reglement vir Vastetermynposte word na’n werkwinkel van kundiges verwys om die nodige reglement(e) saam te stel en so spoedig moontlik na die Algemene Sinode aan die ASM vir goedkeuring voor te lê. Die ATR word versoek om die werkwinkel te reël en kundiges daarna uit te nooi.

Die ATR het op grond daarvan dat die Algemene Sinode elektroniese vergaderings in beginsel goedgekeur het, die konsepreglement elektronies gesirkuleer aan belanghebbendes waarna dit gefinaliseer en aan die ASM voorgelê is vir finale goedkeuring. Dit is daarna opgeneem in die *Kerkorde 2011*

**2.5 PREDIKANTEBEGELEIDING: SABBATSTYD** (vgl Agenda A.8 Bylaag 1 bl 82 pt 3.3 en T.12.2 pt 6.2.1; Notule Dag 2)
Die Algemene Sinode het die volgende besluit geneem:

Die Algemene Sinode keur die vervanging van langverlof deur Sabbatstyd goed soos uiteengesit en aanbeveel in BYLAAG 1.1: SABBATSTYD (5. VOORGESTELDE REGLEMENT VIR SABBATSTYD (WAT LANGVERLOF VERVANG).
Die Algemene Sinode besluit dat die bogenoemde aanbeveling verwys word na die ATR-werkswinkel.

Die ATR het op grond daarvan dat die Algemene Sinode elektroniese vergaderings in beginsel goedgekeur het, die konsepreglement elektronies gesirkuleer aan belanghebbendes waarna dit gefinaliseer en aan die ASM voorgelê is vir finale goedkeuring. Dit is daarna opgeneem in die *Kerkorde 2011.*

**2.6 REGLEMENT VIR DIE TAAKSPAN ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE** (vgl Agenda A.2 bl 31 pt 4.3; T.12.2 pt 1.1; Notule Dag 5)
Die Algemene Sinode het die volgende besluit geneem:

> Die Algemene Sinode verwys die Reglement vir die Algemene Taakspan vir Argief en Inligtingsdienste na die Moderamen en die Algemene Taakspan Regte vir finalisering.

Die opdrag is deur die ATR in ag geneem met die hersiening van die *Kerkorde.*

**2.7 REGLEMENTE VIR DIE HANTERING VAN ARGIEF- EN MUSEUMMATERIAAL ÉN KERKLIKE REGISTERS** (vgl Agenda A.2 bl 31 pt 4.3; T.12.2 pt 1.1; Notule Dag 5)
Die Algemene Sinode het die volgende besluit geneem:

> 1 Die Reglemente vir die hantering van Argief- en Museummateriaal, soos in Die Kerkorde (Algemene Sinode, 2007) opgeneem is, word weer in die Kerkorde opgeneem met die weglating van *6. Inlewering van Argivale Bronne* in Bylaag 1.

Die opdrag is deur die ATR in ag geneem met die hersiening van die *Kerkorde.*

**2.8 TEOLOGIESE OPLEIDING: ALGEMENE KURATORIUM** (vgl T12.2 bl 10 pt 6.3.1; Notule Dag 2)

> 1. Die Algemene Sinode besluit dat die volgende voetnotas by Art 5, soos gewysig, gevoeg word:
> Art 5.1.1 vergelyk Regl 12:4.1
> Art 5.1.2 vergelyk Regl 12:4.2.
> 2. Die Algemene Sinode besluit dat die bogenoemde aanbevelings van ATTO ivm die reglemente voorgestel in Bylaag 2.2 op bl 102 en Bylaag 2.3 op bl 104 verwys word na die ATR-werkswinkel.

Die ATR het op grond daarvan dat die Algemene Sinode elektroniese vergaderings in beginsel goedgekeur het, die konsepreglement elektronies gesirkuleer aan belanghebbendes waarna dit gefinaliseer en aan die ASM voorgelê is vir finale goedkeuring. Dit is daarna opgeneem in die *Kerkorde 2011.*

## 3. ANDER SAKE WAARAAN DIE ATR AANDAG GEGEE HET

Volledige inligting is op aanvraag ter insae beskikbaar by die Skriba: ATR. Die ATR het aandag gegee aan die volgende sake:
**3.1** Die afhandeling van die hersiening en die vertaling van die *Kerkorde* in Engels
**3.2** Die publisering van die *Kerkorde 2011* (elektronies en in boekformaat)
**3.3** Regsadvies ten opsigte van kerkhereniging, kommentaar op Memorandum van Ooreenkoms met die VGKSA en die Padkaart na Eenwording en die meer eenvoudige uitspel van die Kerkordelike Proses vir Belydeniswysiging vir die Gereedskapkis van die betrokke Taakspan/Moderamen (vergelyk die verslag van die ASM)
**3.4** Die interpretasie van die Algemene Sinode se besluite oor die Belydenis van Belhar (vergelyk die verslag van die ASM)
**3.5** Assosiasie tussen die NG Kerk en ander kerke (vergelyk voorgestelde wysiging aan Artikel 70 en Reglement 20 hieronder)
**3.6** Onafgehandelde wysiging van Artikel 44.1 (vergelyk die verslag van die ASM)
**3.7** Navrae van sinodes/aktuarii
**3.8** Die regsposisie van die CLF
**3.9** Nuwe Akte van Oprigting Bybel-Media

## 4. AANVULLENDE VERSLAG

Sake opgedra aan die ATR en sake waaraan aandag gegee en gefinaliseer is ná die indiening van dié verslag aan die Algemene Sinode, sal by wyse van ’n aanvullende verslag aan die Algemene Sinode voorgelê word.

## 5. UITVOERING VAN OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2011: VIR GOEDKEURING

**5.1 AFTREE-OUDERDOM VAN PREDIKANTE** (vgl Agenda B.7 bl 298; T.12.3 pt 2.1; Notule Dag 5)

> Die Algemene Sinode besluit dat Beskrywingspunt B.7 verwys word na die ATR vir verdere studie en verslag aan die Algemene Sinode.

Die opdrag is in ag geneem met die hersiening van die *Kerkorde (Reglement vir Vastetermynposte).*

Die ATR het in 2012 die volgende besluit geneem:

| |
|---|
| Die saak is in aanmerking geneem by punt 7.1.3.12. Die saak word vir verdere studie verwys na drr PR du Toit (sameroeper) en L Ungerer met die reg tot koöptering van twee ander kundiges. |

Die ATR het in 2013 die volgende besluite geneem:

1. Die vergadering gee geleentheid aan drr PR du Toit en L Ungerer om verslag te doen.
2. Die ATR wys daarop dat die Algemene Sinode besluit het dat die normale aftree-ouderdom 65 jaar is.
3. Die ATR wys daarop dat Die Algemene Sinode ook voorsiening gemaak het daarvoor dat die bedienaars van die Woord tot op ouderdom 70 jaar in diens van 'n gemeente/kerkverband kan wees ingevolge die *Reglement vir Vastetermynposte.*
4. Die ATR beveel aan dat die ABR versoek word om prosesse te ontwikkel waardeur daar voortdurend evaluering gedoen kan word van bedienaars van die Woord se bedieningsvaardighede sodat, in die lig van die eise van die tyd, die normale aftree-ouderdom aangepas kan word.

**5.1.1 AANBEVELING: AFTREE-OUDERDOM VAN PREDIKANTE**
**Die Algemene Sinode versoek die ABR om prosesse te ontwikkel waardeur daar voortdurend evaluering gedoen kan word van bedienaars van die Woord se bedieningsvaardighede sodat, in die lig van die eise van die tyd, die normale aftree-ouderdom aangepas kan word.**

**5.2 DIENSVERHOUDINGE EN BESTUURSHANDLEIDING** (vgl A.6.1: Wysiging van Agenda A.6 bl 71 pt 2.3; T.12.2 pt 4.1.1; Notule Dag 5)

Die Algemene Sinode
2.3.1 besluit dat, die ATDV as selfstandige Taakspan van die Algemene Sinode, ontbind
2.3.2 besluit dat die ATDV se werksaamhede/opdragte verdeel word soos volg:
2.3.2.1 die hantering van die Bestuurshandleiding deur die ATR
2.3.2.2 sake wat predikante raak deur die ABR
2.3.2.3 bestuur van die Algemene Sinode se personeel deur die Sinodale Kantoor in samewerking met die ATR
2.3.3 Versoek die ATR om te begroot vir die voortdurende hersiening van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge

Die ABR is vanaf 1 Maart 2012 verantwoordelik vir die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge.
Die ATR het in 2012 die volgende besluit geneem:

| |
|---|
| Die ATR verwys die besluit van die Algemene Sinode na die ABR. |

**5.2.1 AANBEVELING: DIENSVERHOUDINGE EN BESTUURSHANDLEIDING**
**Die Algemene Sinode keur dit goed dat die begroting vir en die hantering van die Bestuurshandleiding 'n verantwoordelikheid van die kantoor van die ABR sal wees**

## 6. BEVOEGDHEID VAN GEESTELIKE WERKERS

**6.1** Die ATR het in 2013 kennis geneem daarvan dat die wysigings wat die ATR voorgestel het en deur die ASM goedgekeur is ongelukkig nie vir bekragtiging aan die AS 2011 voorgelê is nie en daarom nie aangebring is in die nuwe Kerkordeboek nie. Die funksionele besluit moet lees:

***BESLUITE 2002*** *(soos gewysig)*
*Die Algemene Sinode keur goed dat:*
*7.1 'n Aansoek om beroeping met beperkte opdrag vanaf 'n kerkraad, met goedkeuring van die plaaslike ring, aan die ATR (vanaf 2011 die Algemene Bevoegdheidsraad) gerig word.*
*7.2 Die gronde vir die aansoek, in terme van die vereistes van legitimasie (Art 5) deur die ATR (nou ABR) beoordeel moet word alvorens die ATR (nou ABR) 'n besluit daaroor neem, met verslag aan die Algemene Sinode.*
*7.3 Dat die beperking slegs betrekking het op die opdrag van die kandidaat (dws 'n beperking van beroepbaarheid tot 'n besondere streek, of kategoriale bediening) en nie op bevoegdheid as sulks nie. (Volle predikantsbevoegdheid bly 'n vereiste).*
*7.4 Dat beroeping slegs mag plaasvind nadat die ATR (nou ABR) skriftelike toestemming daartoe gegee het.*
*7.5 Kandidate uit nie-lidkerke van die NG Kerkfamilie colloquium doctum voor 'n Eksamenkommissie (nou Proponentskommissie) van die NG Kerk moet aflê en waar nodig gelegitimeer word.*
*(Handelinge AS 2002, p 556, pt 1.3.3; ASM 12.06.2008).*

**6.2 AANBEVELING: BEVOEGDHEID VAN GEESTELIKE WERKERS**
**Die Algemene Sinode bekragtig die wysiging en besluit dat dit so opgeneem word in die *Kerkorde 2013* onder die *Funksionele Besluite.***

## 7. BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE OOR DIE VRYMESSELARY

**7.1** Daar is tans geen besluite van die Algemene Sinode oor die Vrymesselary opgeneem in die *Kerkorde* nie. Die Algemene Sinode het egter in 1990 die volgende besluite geneem:

1. *Die Algemene Sinode herbevestig sy sterk afwysing van daardie beginsels in Vrymesselary wat onbybels is.*
2. *Die Algemene Sinode versoek kerkrade om Vrymesselaars op 'n simpatieke wyse daarop te wys dat die kerk nie anders kan as om te sê dat die beginsels van die Vrymesselary onversoenbaar is met die beginsels van die evangelie nie. Daarom word op hulle 'n ernstige beroep gedoen om hulleself in die lig van hulle gewete af te vra of hulle lidmaatskap van die organisasie met hulle lidmaatskap van die kerk en bekleër van die ampte versoen kan word.*
3. *Dit is die verantwoordelikheid van die kerkraad om die Bybelse vereistes vir die ampte konsekwent toe te pas. (Handleiding AS 1990: p 71-74)*

**7.2 AANBEVELING: BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE OOR DIE VRYMESSELAARS**
**Die Algemene Sinode besluit dat die besluite oor die Vrymesselary wat geneem is deur die Algemene Sinode 1990, opgeneem word in die *Kerkorde* onder die *Funksionele Besluite.***

## 8. HERSIENING VAN DIE *KERKORDE*

**8.1** Die ATR het die *Kerkorde* 2011 grondig hersien.
**8.2 AANBEVELINGS: HERSIENING VAN DIE KERKORDE**
**8.2.1 Die Algemene Sinode keur die reëling van die ATR goed dat persone wat wysiginge aan die Kerkorde wil bespreek die Tydelike Taakspan Regte voor die behandeling van die ATR-verslag ontmoet.**
**8.2.2 Die Algemene Sinode keur die volgende Kerkordewysiginge goed (die wysigings is deurgehaal/onderstreep waar van toepassing):**

**8.2.2.1 Artikel 3**
3.1 Christus verrig al die dienswerk in sy kerk en koninkryk deur sy Woord en Gees. Hy doen dit ondermeer deur gebruik te maak van:
3.1.1 die dienswerk[1] van die drie besondere ampte in die kerk, te wete:
- dié van bedienaar van die Woord[2],
- dié van ouderling,
- dié van diaken,

om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk en die wêreld; én
3.1.2 die dienswerk van al die gelowiges[3].
Die drie besondere ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is.
**8.2.2.2 Artikel 22**
22.1 In meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge en wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie.
~~22.2 ’n Meerdere vergadering kan optree indien ’n kerkraad of ring nie meer bestaan nie of nie kan konstitueer nie.~~
22.2 ‘n Meerdere vergadering het die bevoegdheid om ’n saak wat ’n mindere vergadering moes afhandel onder die volgende omstandighede te hanteer:
22.2.1 waar ‘n mindere vergadering nie bestaan nie; en
22.2.2 in die geval van onvermoë of wanbestuur by die mindere vergadering.

**8.2.2.3 Artikel 31**
Tot die werksaamhede van die ring behoort:
31.1 kerkvisitasie;
31.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;
31.3 advies en hulp aan kerkrade;
31.4 die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense[4];

---

1 ~~Geen ampswerk word onder die lidmate van ’n ander gemeente gedoen tensy met die instemming en medewete van daardie gemeente nie.~~ Vergelyk Artikel 10.

2 “Bedienaar van die Woord” verwys na “leraar”, “evangeliedienaar” en “predikant” en die begrippe het ooreenstemmende betekenisse. Waar in hierdie Kerkordeboek na die manlike verwys word, sluit dit ook die vroulike in en omgekeerd, tensy spesifiek anders vermeld.

3 Vergelyk die *Kerkorde* Art 55.

31.5 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf op appèl voor die ringsvergadering gebring word;
31.6 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal;
31.7 die opsig en tug oor alle ouderlinge, diakens en bedienaars van die Woord, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (vergelyk Artikel 62.2 van die *Kerkorde*);
31.8 die aanwys van konsulente;
31.9 die toekenning van beperkte bevoegdheid op versoek van kerkrade.

**8.2.2.4 Artikel 44**

44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met ’n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade[5] elk met ’n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.
44.2 Artikel 44.1 en 44.2 van die *Kerkorde* word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met ’n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode daarna met ’n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit.
44.3 Die Algemene Sinode mag, met uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2, die *Kerkorde* wysig of aanvul met ’n tweederdemeerderheidstem.
44.4 Sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen sinodes en mindere vergaderinge kan by wyse van appèl voor die Algemene Sinode dien. In gevalle van leertug en leergeskille word ’n tweederdemeerderheidsbesluit vir die bekragtiging van die uitspraak van die Algemene Sinode vereis (vergelyk Artikel 65.2 van die *Kerkorde*).
44.5 Indien ’n tweederdemeerderheid nie verkry word nie, mag enige van die partye ’n verdere beroep op die afsonderlike sinodes doen. Die gesamentlike volstrekte meerderheid van stemme van die afsonderlike sinodes is dan beslissend.

**8.2.2.5 Artikel 70**[6]

~~70.1 Die Kerk streef daarna om deur middel van sy vergaderinge op ’n verantwoorde wyse met ander Christelike kerke saam te werk, ’n gemeenskaplike boodskap uit te dra en saam te stry vir die behoud van Christelike lewensbeginsels.~~
~~70.2 Die Algemene Sinode bepaal die aard en graad van die betrekkinge met ander kerke of kerkgemeenskappe deur middel van ’n gewone meerderheidstem.~~
~~70.3 Die graad en wyse van samewerking word in elke geval bepaal deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkregering, erediens en die siening van die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk.~~
70.1 Die Kerk streef daarna om deur middel van sy vergaderinge op ’n verantwoorde wyse met ander Christelike kerke *en kerkgemeenskappe* saam te werk *of te assosieer*, ’n gemeenskaplike boodskap uit te dra en saam te stry vir die behoud van Christelike lewensbeginsels.
70.2 Die Algemene Sinode bepaal die aard en graad van die *samewerking* met ander kerke of kerkgemeenskappe deur middel van ’n gewone meerderheidstem. *Wanneer ’n kerk of kerkgemeenskap by die Algemene Sinode aansoek doen om in assosiasie met die NG Kerk te tree, word goedkeuring verleen wanneer met ’n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan beslis is. Die aard en omvang van die assosiasie word deur die assosiasie-ooreenkoms gereël.*
70.3 Die graad en wyse van samewerking *of assosiasie* word in elke geval bepaal deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkregering, erediens en die siening van die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk *of kerkgemeenskap*.
70.4 Die besluit oor ’n aansoek of beëindiging van lidmaatskap van ’n ekumeniese organisasie word geneem met ’n tweederdemeerderheidstem van die Algemene Sinode.

**8.2.2.6 REGLEMENT 13: REGLEMENT VIR VASTETERMYNPOSTE**

---

4 Vergelyk die *Reglement vir Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes.* ~~en die Vorming van ‘n Nuwe Kerkverband~~

5 Vir die wyse waarop die besluit van kerkrade oor die verandering van die belydenisgrondslag van die NG Kerk hanteer word ten einde die instemming en approbasie van ten minste twee derdes van belydende lidmate van gemeentes met die besluit te verkry, vergelyk die *Reglement vir die* ~~*Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes, en die Vorming van ‘n Nuwe Kerkverband*, punt 6~~ *Wysiging van die Belydenis.*

6 Vergelyk die *Reglement vir die Verhouding tot ander Kerke en Groepe.*



Inhoudsopgawe

**4. EMERITI**

4.1 ’n Emeritus kan tot op ouderdom 70 jaar, met goedkeuring van die ring, in ’n vastetermynpos beroep word waarna die emeritus finaal uit kerklike diens tree. ’n Emeritus kan nie ná ouderdom 70 in ’n vastetermynpos aangestel word nie.

4.2 By bereiking van die normale aftree-ouderdom (65 jaar), moet geëmeriteer word sonder dat pensioen noodwendig geneem word.

4.3 ’n Emeritus kan weer diens in dieselfde gemeente aanvaar, slegs indien

4.3.1 ’n vastetermynpos volgens die voorgeskrewe prosedure geskep is (vergelyk 2.1 tot 2.5 hierbo);

4.3.2 alle verpligtinge by emeritaat nagekom is;

4.3.3 sy mediese geskiktheid bepaal is;

4.3.4 ’n nuwe diensooreenkoms aangegaan word;

4.3.5 beroeping en bevestiging in die pos plaasgevind het;

4.3.6 bydraes tot die pensioenfonds voortgesit word; en

4.3.7 die ander vereistes van hierdie reglement nagekom word.

4.4 ’n Emeritus wat by aanvaarding van ’n vastetermynpos reeds pensioen ontvang, is vrygestel van pensioenbydraes. Diens in die ~~vorige~~ dieselfde gemeente kan nie aanvaar word nadat pensioen reeds ontvang word nie (vergelyk 4.3.6).

**8.2.2.7 REGLEMENT 14: REGLEMENT VIR DIE VERLOF VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD**

**4. VERLOF VIR BEDIENINGSONTWIKKELING**

4.1 ’n Minimum van 6 en ’n maksimum van 12 kalenderdae verlof vir bedieningsontwikkeling per jaar word aan die bedienaar van die Woord toegeken, tensy anders ooreengekom.

4.2 Verlof vir bedieningsontwikkeling val ’n bedienaar van die Woord *pro rata* vanaf datum van ~~diensaanvaarding~~ indienstreding toe.

4.3 Verlof vir bedieningsontwikkeling word toegestaan nadat die kerkvergadering of sy gevolmagtigde taakspan/kommissie/diensgroep die betrokke kursus/program goedgekeur het.

4.4 Verlof vir bedieningsontwikkeling kan nie oorgedra word na ’n volgende jaar nie.

**8.2.2.8 REGLEMENT 15: REGLEMENT VIR DIE BESTUUR VAN DIENSVERHOUDINGE BY WANGEDRAG, ONGESKIKTHEID EN ONVERMOË**

**2. PROSEDURE (WYSE VAN OPTREDE)**

2.1 **Wangedrag**[7]

2.1.1 ’n Tug- en/of dissiplinêre ondersoek teen ’n bedienaar van die Woord wat in diens van ’n gemeente is, geskied deur die ring of sy gevolmagtigde ondersoekliggaam.

2.1.2 ’n Tugondersoek teen ’n bedienaar van die Woord wat in diens van die kerkverband is, geskied deur die ring of sy gevolmagtigde ondersoekliggaam onder wie se opsig die bedienaar van die Woord staan.

2.1.3 ’n Dissiplinêre ondersoek teen ’n bedienaar van die Woord wat in diens van die kerkverband staan, geskied deur die kerkvergadering of sy gevolmagtigde ondersoekliggaam in wie se diens die bedienaar van die Woord staan.

2.1.4 Indien die dissiplinêre ondersoek teen ’n bedienaar van die Woord ook ’n ondersoek na ’n tugwaardige sonde insluit, wys die betrokke ring ~~én~~ in oorleg met die ander kerkvergadering ~~saam~~ ’n gevolmagtigde ondersoekliggaam aan, en bekragtig die ring die bevindinge en tugmaatreëls, terwyl die ander kerkvergadering die bevindinge en dissiplinêre maatreëls bekragtig.

2.1.5 In geval van tug- en/of dissiplinêre optrede weens wangedrag deur ’n bedienaar van die Woord, tree die ondersoekliggaam volgens Hoofstuk 5 van die *Kerkorde* en die *Reglement vir Kerklike Tug en Dissipline* op.

**8.2.2.9 REGLEMENT 16: REGLEMENT VIR TUG EN DISSIPLINE**

**1. SAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKLIGGAAM**

---

[7] Wangedrag deur ’n bedienaar van die Woord as werknemer in diens van ’n gemeente/kerkverband kan ook ‘n tugwaardige sonde wees. Die term *tug* word gebruik vir die kerklike handeling waarmee ’n bedienaar van die Woord as lidmaat en ampsdraer in verband met gemeentelike verhoudinge (leer en lewe) opgevoed, tot orde geroep en getug kan word. Die term *dissipline* word gebruik vir die kerklike handeling waarmee ’n bedienaar van die Woord as werknemer in verband met diensverhoudinge opgevoed, tot orde geroep en gedissiplineer kan word. ’n Tug- óf dissiplinêre ondersoek kan dus plaasvind, maar wanneer beide *tug* en *dissipline* ter sprake is, word daar na ’n tug- én dissiplinêre ondersoek verwys.

1.1 Amptelike ondersoeke van beweerde tugwaardige sondes en/of dissiplinêre oortredings word deur ’n ondersoekliggaam hanteer wat of die kerkvergadering self kan wees of ’n gevolmagtigde van die kerkvergadering.

1.2 Elke kerkvergadering met tug- en/of dissiplinêre verantwoordelikheid, besluit of die vergadering self tug- en/of dissiplinêre ondersoeke gaan doen en/of daar van ’n gevolmagtigde ondersoekliggaam gebruik gemaak gaan word.

1.3 Indien ’n kerkraad van ’n gevolmagtigde ondersoekliggaam gebruik maak om ’n amptelike tug- en/of dissiplinêre ondersoek te hanteer, wys hy ’n ondersoekliggaam van ten minste vyf gemeentelede aan. Hierdie ondersoekliggaam word saamgestel uit minstens drie ouderlinge van die gemeente. Ander kundige lidmate van binne of buite die gemeente kan ook gekoöpteer word as volwaardige lede van die ondersoekliggaam.

1.4 Indien ’n ring van ’n gevolmagtigde ondersoekliggaam gebruik maak in ‘n amptelike tugondersoek, wys hy ’n ondersoekliggaam van ten minste vyf lidmate aan waarvan ten minste drie lede van die ringsvergadering moet wees. Ander kundige lidmate van binne of buite die ring kan ook gekoöpteer word as volwaardige lede van die ondersoekliggaam.

1.5 Indien ’n dissiplinêre en tugondersoek gedoen moet word, wys die ring in oorleg met die ander kerkvergadering ’n ondersoekliggaam aan wat uit ten minste vyf lede bestaan. Ander kundige lidmate van binne of buite die ring kan ook gekoöpteer word as volwaardige lede van die ondersoekliggaam.

1.6 Indien ’n kerkvergadering (kerkraad of ring) besluit om self as ondersoekliggaam op te tree, kan kundige lidmate van binne of buite die gemeente na behoefte as volle lede van die ondersoekliggaam benoem word.

1.7 ’n Kerkraadslid wat in ’n ondersoekliggaam dien en aan ’n ondersoek deelneem, behou sittingsreg in die ondersoekliggaam tot die ondersoek voltooi is, al verstryk die kerkraadslid se ampstermyn tydens die duur van die ondersoek.

1.8 Indien ’n situasie ontstaan waartydens óf die ondersoekliggaam óf die aangeklaagde/geïmpliseerde oordeel dat ’n regverdige en billike ondersoek nie kan plaasvind met die huidige samestelling van die ondersoekliggaam nie, het beide die reg om, met opgaaf van rede(s), aansoek te doen dat ’n ander ondersoekliggaam saamgestel word om die ondersoek te doen.

1.8.1 In geval van ’n ondersoek deur die kerkraad of sy gevolmagtigde, word die ring of sy gevolmagtigde versoek om ’n ander ondersoekliggaam aan te wys.

1.8.2 In geval van ’n ondersoek deur die ring of sy gevolmagtigde, word die Sinode of sy gevolmagtigde versoek om ’n ander ondersoekliggaam aan te wys.

**8.2.2 10 REGLEMENT 17: REGLEMENT VIR APPÈL OF BESWAAR**

**6. HANTERING VAN APPÈL OF BESWAAR DEUR KERKVERGADERINGE OF HULLE GEVOLMAGTIGDE APPÈLLIGGAME**

6.1 Indien ’n kerkvergadering nie self ’n appèl of beswaar aanhoor nie, word ’n appèlliggaam van minstens drie lede deur die kerkvergadering aangewys om die appèl of beswaar te hanteer. Die appèlliggaam kan kundiges koöpteer. Die vergadering van die appèlliggaam is ’n geslote vergadering.

6.2 ’n Lidmaat of ’n kerkvergadering wat ’n appèlstuk of beswaarskrif wil indien, moet binne 21 dae nadat die vergadering se goedgekeurde notule beskikbaar gestel is, of nadat die bevindinge van ’n tug- en/of dissiplinêre ondersoek bekend gemaak is, by die meerdere vergadering daarvan kennis gee.

6.3 Die appellant of beswaarde moet binne 21 dae nadat daar kennis van appèl of beswaar gegee is, in die appèlstuk of beswaarskrif aan die appèlliggaam ’n skriftelike uiteensetting van die gronde van/redes vir die appèl of beswaar (ter sake dokumentasie ingesluit) voorsien, anders verval die reg op appèl of beswaar.

6.4 In terme van Artikels 65.2 en 65.3 van die *Kerkorde* kan daar oor leerstellige sake en bevoegdheidsaangeleenthede van gelegitimeerdes tot by die Algemene Sinode geappelleer word. Oor ander sake wat met die tug verband hou, kan daar nie verder as die sinode geappelleer word nie.

6.5 Die skriba van die appèlliggaam verkry so gou moontlik nadat die gronde van/redes vir die appèl of beswaar ingedien is, die kerkvergadering wat die besluit(e) geneem het se skriftelike reaksie daarop (ter sake dokumentasie, waaronder alle dokumente, notules, transkripsies, ensovoorts, moet ingesluit word) en besorg dit aan die appèlliggaam.

6.6 Die indiener van die appèlstuk of beswaarskrif word by die indiening van die appèl of beswaar in kennis gestel dat, indien die appèl of beswaar van die hand gewys word, die uiteindelike koste[8] van die saak van die appellant of beswaarde gevorder mag word indien die betrokke appèlliggaam só besluit. Die indiener van die appèl of beswaar moet skriftelike instemming met die reëling betuig. Indien die appellant of beswaarde dit nie doen nie, verval die appèl of beswaar. Die appellant of beswaarde is geregtig om vooraf 'n aanduiding te kry van die beraamde koste.

6.7 Die appèlliggaam vergader binne 21 dae na die ontvangs van die appèlstuk of beswaarskrif en beslis so spoedig moontlik daaroor.

6.8 Die appèlondersoek geskied op grond van die skriftelike uiteensetting van die appellant se appèlgronde of beswaarde se beswaarskrif (met ter sake dokumentasie) en op grond van die skriftelike reaksie van die kerkvergadering op die appellant se appèlgronde of die beswaarde se beswaarskrif (met ter sake dokumentasie). Die appèlliggaam kan versoek of verlof gee dat mondelinge getuienis deur die appellant of beswaarde en/of 'n verteenwoordiger(s) van die betrokke kerkvergadering aangehoor word.

**8.2.2.11 REGLEMENT 20: REGLEMENT VIR DIE VERHOUDING TOT ANDER KERKE EN GROEPE**

**3. PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE KRITERIA**

3.2 **Assosiasie**

3.2.1 Nadat 'n formele aansoek ontvang is en beoordeel is, kan die Algemene Sinode met 'n tweederdemeerderheidstem goedkeuring verleen dat ander kerke of kerkgemeenskappe (ingesluit gemeentes van ander kerke) in assosiasie met die NG Kerk tree.

3.2.2 Die graad en wyse van assosiasie word in elke geval bepaal deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkorde, erediens en die Christelike lewenswandel, diens en getuienis van die betrokke kerk of kerkgemeenskap.

3.2.3 'n Ander kerk of kerkgemeenskap se assosiasieverbintenis met die NG Kerk word in 'n assosiasie-ooreenkoms vervat. In hierdie ooreenkoms word wedersydse voorregte en verpligtinge uitgespel, waaronder die wyse waarop daar oor-en-weer in die kerkvergaderinge sitting geneem word (waarnemend, adviserend of stemhebbend) en aan die vergaderinge deelgeneem word. Ander reëlings kan insluit: wedersydse erkenning van opleiding en legitimasie, oor-en-weer aanvaarding van lidmaatskap, kanselruiling met die bevoegdheid om sakramente te bedien, gesamentlike werksaamhede, finansiële verpligtinge, die wyse waarop die assosiasie kan oorgaan tot inlywing by die NG Kerk, die wyse waarop die assosiasie beëindig kan word, ens.

(3.2 is 'n nuwe toevoeging. Daarna verander die numering van 3.3 en verder)

**8.2.2.12 REGLEMENT 21: REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES. ~~EN VIR DIE VORMING VAN 'N NUWE KERKVERBAND~~**

**~~6. DIE WYSIGING VAN DIE BELYDENIS EN VORMING VAN 'N NUWE KERKVERBAND.~~**

~~6.1 Die kerkraad lê sy voorstel oor die wysiging/handhawing van die belydenis/kerkverband éérs aan die gemeente voor vir die instemming van die belydende lidmate. Nadat die instemming van twee derdes van die lidmate verkry is, finaliseer die kerkraad sy besluit met tweederdemeerderheid, waarna die finale besluit wéér op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word.~~

~~6.2 Die kerkraad besluit om die instemming van die gemeente soos in 6.1 hierbo genoem, op een van die volgende twee wyses te verkry:~~

~~6.2.1 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry tydens 'n gemeentevergadering wat die kerkraad met die belydende lidmate van die gemeente belê het en waarvan daar by die erediens(te) op vier agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel. By hierdie vergadering is twee waarnemers deur die ring/sy gevolmagtigde kommissie aangewys, teenwoordig. Die voorsitter en skriba van die kerkraad tree op as voorsitter en skriba van hierdie vergadering.~~

~~6.2.1.1 Lidmate wat 'n wettige verskoning het waarom hulle nie die betrokke gemeentevergadering kan bywoon nie, kan hul stem vooraf per geslote stembrief uitbring. Hierdie stemme word getel nadat die stemming op die gemeentevergadering uitgebring is.~~

~~6.2.2 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die kerkraad aan elke ongesensureerde belydende lidmaat van die~~

[8] Die koste van 'n appèlsaak word beperk tot die billike koste verbonde aan die vergader-, reis-, duplisering- en administratiewe uitgawes.

~~gemeente beskikbaar gestel word. Minstens veertien dae moet na ontvangs toegelaat word vir die inhandiging van die stembrief.~~

~~6.2.2.1 Dit is die lidmaat se verantwoordelikheid om toe te sien dat die voltooide stembrief die kerkkantoor van die gemeente voor of op die sperdatum bereik. Die stemtelling vind plaas in die teenwoordigheid van twee waarnemers deur die ring/sy gevolmagtigde kommissie aangewys.~~

~~6.3 Die tweederdemeerderheid van die gemeente se instemming word bepaal deur die getal uitgebragte stemme.~~

~~6.4 Die kerkraad kan met lidmate en die kerkverband kan met gemeentes wat in die minderheid gestem het en wat nie bereid is om deel te word van die nuwe kerkverband nie, onderhandel oor billike kompensering.~~

~~6.5 Die kerkraad stel deurgaans alle pogings in werking om kerkskeuring te voorkom.~~

(Al bogenoemde word opgeneem in 'n nuwe reglement vir die wysiging van die belydenis soos opgeneem in die verslag)

**8.2.2.13 REGLEMENT 22: REGLEMENT VIR DIE WYSIGING VAN DIE BELYDENIS**

1. Die kerkraad lê sy ~~voorstel~~ aanbeveling oor die voorstel van die Algemene Sinode oor die wysiging/~~handhawing~~ van die belydenis/~~kerkverband~~ éérs aan die gemeente voor vir die instemming van die belydende lidmate. Nadat die instemming van twee derdes van die lidmate verkry is, finaliseer die kerkraad sy besluit met 'n tweederdemeerderheid, waarna die finale besluit wéér op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word.

2. Die kerkraad besluit om die instemming van die gemeente soos in 6.1 hierbo genoem, op een van die volgende twee wyses te verkry:

2.1 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry tydens 'n gemeentevergadering wat die kerkraad met die belydende lidmate van die gemeente belê het en waarvan daar by die erediens(te) op vier agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel. By hierdie vergadering is twee waarnemers deur die ring/sy gevolmagtigde kommissie aangewys, teenwoordig. Die voorsitter en skriba van die kerkraad tree op as voorsitter en skriba van hierdie vergadering.

2.1.1 Lidmate wat 'n wettige verskoning het waarom hulle nie die betrokke gemeentevergadering kan bywoon nie, kan hul stem vooraf per geslote stembrief uitbring. Hierdie stemme word getel nadat die stemming op die gemeentevergadering uitgebring is.

2.2 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die kerkraad aan elke ongesensureerde belydende lidmaat van die gemeente beskikbaar gestel word. Minstens veertien dae moet na ontvangs toegelaat word vir die inhandiging van die stembrief.

2.2.1 Dit is die lidmaat se verantwoordelikheid om toe te sien dat die voltooide stembrief die kerkkantoor van die gemeente voor of op die sperdatum bereik. Die stemtelling vind plaas in die teenwoordigheid van twee waarnemers deur die ring/sy gevolmagtigde kommissie aangewys.

3. Die tweederdemeerderheid van die gemeente se instemming word bepaal deur die getal uitgebragte stemme.

~~6.4 Die kerkraad kan met lidmate en die kerkverband kan met gemeentes wat in die minderheid gestem het en wat nie bereid is om deel te word van die nuwe kerkverband nie, onderhandel oor billike kompensering.~~

4. Die kerkraad stel deurgaans alle pogings in werking om kerkskeuring te voorkom.

## 9. SLOT

Hiermee vertrou die ATR dat hy die taak aan hom opgedra na behore nagekom het. Die vergadering van die Algemene Sinode word die seën van die Here toegebid.

Dr JH Ernst (Voorsitter)
Ds HM Janse van Rensburg (Skriba)



Inhoudsopgawe

# A.15.1 ALGEMENE KURATORIUM

## 1. NUWE TYDVAK VIR TEOLOGIESE OPLEIDING INGELUI

**1.1** Vir die eerste keer sedert 1962 het die NG Kerk 'n taakspan waarin oorhoofs aandag gegee word aan teologiese opleiding vir die NG Kerk as geheel. Na aanvanklike onsekerheid oor die interpretasie van die Algemene Sinode se besluite is die saak bevredigend opgelos. Die Algemene Kuratorium funksioneer in ooreenstemming met Reglement 9 en het sedert 2011 twee keer vergader.
**1.2** Elke vergadering is baie positief ervaar deur die verteenwoordigers. Die groot winspunt bly die feit dat elke sinodale gebied verteenwoordig is en saam met die verteenwoordigers van die onderskeie kuratoria en opleidingsinstellings vergader. Verteenwoordigers van die familie van NG Kerke is telkens uitgenooi om as waarnemers die vergaderings by te woon.
**1.3** Die uitgebreide verslag oor teologiese opleiding is juis vanweë die besef dat baie sake aandag verdien.
**1.4** By die eerste vergadering is dr DJ (Danie) Dreyer as voorsitter, ds MP (Monty) Sahd as ondervoorsitter en dr PR (Flip) du Toit as skriba verkies.

## 2. INLEIDENDE OPMERKINGS OOR DIE VERSLAG

**2.1** Hierdie verslag is die resultaat van 'n opdrag wat die Algemene Kuratorium by sy eerste vergadering van Augustus 2012 aan 'n taakspan gegee het met die oog op verdere gesprek vir die ontwikkeling van 'n geïntegreerde raamwerk en praktykvoorstelle vir teologiese opleiding. Hierdie opdrag is verder uitgebrei na 'n vergadering met die ASM in 2012.
**2.2** Wanneer 'n kerk nadink oor teologiese opleiding is dit per definisie 'n gesprek van bestekopname en nadenke oor ons verlede en die tradisie waarin ons staan met die oog op die vertaling daarvan vir die toekoms. Dit is 'n geweldige verantwoordelikheid en daarom is die werk van die verslag biddend en in die gees van geloofsonderskeiding gedoen.
**2.3** In die nadenke van die Taakspan is gevind dat daar 'n aantal rigtinggewende besluite van die Algemene Sinode is wat nog nie met teologiese opleiding in die praktyk in verband gebring is nie. Die besluite oor 'n Missionale en Gereformeerde Ekklesiologie, die Uitgangspunte vir Teologiese Opleiding, die A-Z Handleiding, besluite oor beperkte bevoegdheid en die Profiel van die Afgestudeerde Student word nie genoegsaam in ons huidige teologiese opleiding geïntegreer en beliggaam nie. Daar is 'n deeglike studie van hierdie besluite gemaak en word gepoog om met hierdie voorstelle beter sinergie te bewerkstellig. Verder is bevind dat daar kernaangeleenthede is, soos die nadenke oor die amp, waaroor daar nie onlangse besinning en besluitneming was nie en wat vra vir verdere nadenke.
**2.4** Daar is egter dringende vrae uit die praktyk wat vra vir spoedeisende aksie en waaroor daar by die eersvolgende Algemene Sinodesitting 2013 besluite geneem moet word. Dit is sake soos die ekumeniese aard van teologiese fakulteite en die posisie van die verskillende tradisies aan hierdie fakulteite, tweedeloopbaanstudente, die koste van die opleiding, lengte van die studie, en toelating en begeleiding van teologiese studente. Verder moet die posisie van jeugwerkers en ander kerklike dienswerkers, wat tans in gemeentes belangrike dienswerk verrig, uitgeklaar word. In punt 11 van die verslag is daar 'n skematiese voorstelling van die voorstelle vir die verskillende bane vir teologiese opleiding.
**2.5** Die voorstelle wat in dié verslag vervat is, is deeglik deur die Algemene Kuratorium gedurende Junie 2013 bespreek.

## 3. OPDRAG VAN DIE ALGEMENE KURATORIUM SE TAAKSPAN

Die Algemene Kuratorium het tot stand gekom na die Algemene Sinode van 2011. Die Algemene Kuratorium word saamgestel uit verteenwoordigers van die drie kuratoria van Stellenbosch, Bloemfontein en Pretoria, die drie NG Dosenterade van die drie fakuteite, Hugenote Kollege (tans as waarnemer), die VBO-Forum en een verteenwoordiger van al die sinodes van die NG Kerk. Die een groot verandering is dat elke sinode nou verteenwoordig is op hierdie liggaam. Tydens die eerste vergadering in Augustus 2012 is 'n taakspan benoem om teologiese opleiding (TO) in die breë te ondersoek. Die ASM het die taakspan uitgebrei met die voorsitters en skribas van die verskillende kuratoria. Die Taakspan het 'n eerste verslag aan die ASM voorgelê by hulle vergadering in Maart 2013. Teologiese opleiding sal een van die hoof agendapunte vir die Algemene Sinode van Oktober 2013 sal wees.

## 4. PROSES

**4.1**Die Taakspan het op 4-5 Oktober 2012 'n eerste vergadering gehou. Tydens die vergadering is 'n verkennende gesprek gevoer ten opsigte van teologiese opleiding aan die hand van die volgende vrae:
**4.1.1 Wat gaan aan?** Aandag is gegee aan die huidige stand van sake insluitende die aantal studente wat studeer met die oog op legitimasie.

**4.1.2 Hoekom gebeur wat gebeur?** Sistemiese analise van die mees bepalende faktore vir die stand van sake.
**4.1.3 Wat behoort te gebeur?** Aandag is gegee aan rigtinggewende besluite van die NG Kerk wat teologiese opleiding raak asook nadenke uit ons tradisie tov teologiese opleiding.
**4.1.4 Hoe behoort dit te gebeur?** Aandag is gegee aan praktykaangeleenthede soos lengte van studies, bekostigbaarheid, tweedeloopbaanstudente en om te begin werk aan 'n Strategie vir Teologiese Opleiding.
**4.2** Uit bogenoemde gesprek is 'n verslag saamgestel tov die breë ekklesiologiese koers van die NG Kerk soos vervat in rigtinggewende besluite oor die afgelope aantal jare, nl **Teologiese opleiding vir die NG Kerk in die lig van rigtinggewende besluite van die Algemene Sinode** (Bylaag 1). Rigtinggewende besluite oor missionale ekklesiologie, die gereformeerde identiteit van die kerk en die A tot Z-Handleiding en die profiel van 'n afgestudeerde student is in berekening gebring in die verslag. Die verslag met 'n aantal vrae ten opsigte van teologiese opleiding is aan die kuratoria van die drie fakulteite vir bespreking tydens die vergaderings van November 2012 deurgegee (kyk Bylaag 2). Die spesifieke versoek aan die kuratoria was dat die verslag bespreek sal word in die teenwoordigheid van die dosenterade. Die terugvoering wat ontvang is, het bevestig dat daar 'n dringendheid is om ten opsigte van teologiese opleiding 'n duidelike raamwerk te ontwikkel wat belyn is met die rigtinggewende besluite van die Algemene Sinode en waarin rekening gehou word met die dringende vrae in die kerklike praktyk. Dit was opmerklik dat die missionale koers van die kerk bevraagteken is en dat die dosente nog verder daaroor debat sou wou voer.
**4.3** Die Taakspan het weer van 19-21 Februarie 2013 in Stellenbosch vergader en het die terugvoering van die kuratoria bespreek met die oog op die ontwikkeling van 'n eerste verslag. Daar was verteenwoordigers van al drie die kuratoria, die Hugenote Kollege en kerklike dosente.

## 5. DIE KONTEKS VAN TEOLOGIESE OPLEIDING

Die gesprek oor teologiese opleiding vind binne 'n bepaalde konteks plaas. Die Taakspan het die volgende kragte geïdentifiseer wat inspeel op die konteks waarbinne die gesprek oor teologiese opleiding plaasvind:
**5.1** Die drie geakkrediteerde Teologiese Fakulteite vir die NG Kerk funksioneer toenemend as ekumeniese of veelkerklike fakulteite. Die Kerk sal in die lig hiervan haar eie bydrae tot teologiese opleiding moet herdefinieer. Dit sluit onder andere die vraag in of die kuratoria net 'n toesighoudende funksie moet vervul en of daar nie kapasiteit ontwikkel moet word om aktief deel te neem aan aanvullende opleiding tot die teologiese opleiding aan die fakulteite nie.
**5.2** Ontwikkelinge in die ekklesiologiese nadenke van die Kerk, soos uitgedruk in 'n aantal verslae oor die gereformeerde identiteit en missionale ekklesiologie, het verrykende implikasies vir teologiese opleiding en daar sal belyning moet plaasvind.
**5.3** Besluite van die Algemene Sinode ten opsigte van "beperkte bevoegdheid" en ander besluite rakende die ampte dui op bepaalde dinamiese ontwikkelinge in die Kerk ten opsigte van die nadenke oor die ampte wat vra vir verbreding in denke en soepeler praktyke. In die praktyk is daar 'n groeiende groep kerklike werkers (jeugwerkers en ander kerklike werkers) wat nie gelegitimeer is nie, maar verskeie dienste lewer wat in die verlede deur predikante verrig is. Dit is belangrik dat daar groter duidelikheid hieroor gekry moet word.
**5.4** Die navrae van sogenaamde "tweedeloopbaanstudente" neem toe en is deel van 'n wêreldwye tendens dat 'n groeiende deel van die predikante persone is wat ná 'n eerste loopbaan aanmeld vir teologiese studies met die oog op legitimasie. Die huidige reëlings is lomp en nie altyd realisties vir persone wat in 'n beroep staan nie.
**5.5** Die finansiële koste van opleiding plaas toenemend druk op ons bestaande praktyke.
**5.6** Die toeganklikheid van kennis deur die virtuele bied nuwe moontlikhede vir opleiding en vorming van studente.
**5.7** Die invloed van verskeie samelewingsprosesse op die posisie van die NG Kerk, gereformeerde teologie en die opleiding en posisie van die predikant. Ons samelewing verreken toenemend die Afrikakonteks en gepaardgaande prosesse van inkulturasie en kulturele transformasie wat voortdurend plaasvind. Ons leef in `n konteks van versnelde prosesse van sekularisasie binne `n staatbestel van 'n sekulêre demokrasie. Verder is daar in die voortgaande transformasie van ons samelewing, demografiese verskuiwings en gepaardgaande druk op sosiale kohesie. Bogenoemde tendense stel ander en dikwels hoër eise aan predikante wat vra vir toepaslike vlakke van bevoegdhede. Teologiese opleiding sal bogenoemde moet verreken en ruimte maak vir oa deeltydse opleiding van predikante wat dalk toenemend as tentmakers sal moet funksioneer.

## 6. VOORSTELLE TOV DIE ONTWIKKELING VAN 'N GEÏNTEGREERDE RAAMWERK VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

### 6.1 AARD VAN TEOLOGIESE OPLEIDING

**6.1.1** In die lig van die *Profiel van die Afgestudeerde Student* word teologiese opleiding verstaan as ’n organiese sinergie van:

**6.1.1.1** Akademiese vorming: Dit vind primêr plaas in ’n klassituasie aan ‘n akademiese instelling.

**6.1.1.2** Persoonsvorming: Dit vind primêr plaas deur middel van die begeleiding deur mentors en in groepsverband.

**6.1.1.3** Inoefening van bedieningsvaardighede: Dit vind primêr plaas in die praktyk van die gemeentelewe.

**6.1.1.4** Kontekstuele en missionale vorming: Dit vind primêr plaas in blootstelling aan die gemeenskaps- en publieke lewe.

**6.1.1.5** Geloofs- en roepingsvorming: Dit is primêr ’n kerklike/gemeentelike proses wat in die lig van bogenoemde binne die konteks van kerklike opleiding gebeur.

**6.1.2** Met ’n organiese sinergie word bedoel dat hierdie verskillende gestaltes van opleiding of pedagogieë is wat in balans en in sinergie met mekaar behoort plaas te vind om studente te kan lewer wat aan die vereistes van die vereiste profiel voldoen. Ons is van oordeel dat daar in die huidige bedeling nie genoegsame balans en sinergie is nie. Dit behoort aangespreek te word onder andere deur die ontwikkeling van ’n meer uitgebreide program van kerklike vorming. Die kerklike opleiding in bedieningsvorming is die opleiding waarvoor die kerk self verantwoordelikheid aanvaar en wat deur die studente suksesvol voltooi moet word naas die akademiese opleiding om gelegitimeer te word.

**6.1.3 AANBEVELING: AARD VAN TEOLOGIESE OPLEIDING**

**6.1.3.1 Die Algemene Kuratorium herbesoek die goedgekeurde profiel van die afgestudeerde student en formuleer duidelike uitkomste/ bevoegdhede vir die opleiding van leraars (eerste- en tweedeloopbaan-studente) en kerklike dienswerkers.**

**6.1.3.2 Die Algemene Kuratorium stel vas watter kerklike bedieningsvorming komplementerend aangebied moet word vir voornemende leraars van die NG Kerk. Die kerklike opleiding in bedieningsvorming is die opleiding waarvoor die kerk self verantwoordelikheid aanvaar en wat deur die studente suksesvol voltooi moet word naas die akademiese opleiding om gelegitimeer te word.**

### 6.2 AMPSBESKOUING

**6.2.1** Die nadenke oor teologiese opleiding behoort nie net bepaal te word vanuit nadenke oor die ekklesiologie nie, maar ook vanuit nadenke oor die amp. In gesprekke oor die leemtes en behoeftes rondom teologiese opleiding was dit vir die Taakspan duidelik dat verdere besinning oor ons ampsbeskouing ook dringend noodsaaklik is. Nuwere studies oor die bediening en die amp bevestig dat daar nie eenvoudige Bybelse bloudrukke vir die amp is nie. Kontekstuele faktore het reeds in die Bybelse tye ’n sterk rol gespeel in die wyse waarop beslag gegee is aan die amp. Dit word ook duidelik dat ons huidige ampsbeskouing ’n komplekser geskiedenis het en dalk meer histories bepaald is as wat ons besef, en daarom vra vir ‘n dieper nadenke hieroor in die lig van die behoefte aan groter soepelheid (Kritzinger 2007). Daar moet in die lig van ’n missionale ekklesiologie gekyk word na die kontinuïteit en diskontinuïteit van die Kerk se huidige ampsbeskouing en Kerkordebepalings en die integrering daarvan met ons gereformeerde tradisie.

**6.2.2 AANBEVELING: AMPSBESKOUING**

**Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Kuratorium om ’n studie oor die ampte en die bediening te maak en die Sinode met aanbevelings daaroor te dien. In die studie moet erns gemaak word met die Bybelse getuienis oor die amp, daar moet gekyk word na die beklemtonings van die Reformasie en gevra word hoe ’n gereformeerde amps- en bedieningsteologie vir ons tyd en konteks daar moet uitsien. In die studie moet aangesluit word by die ekumeniese gesprek oor die amp.**

## 7. EKKLESIOLOGIE

### 7.1 AGTERGROND

Die ekklesiologie waarmee in die kerk gewerk word, is bepalend vir die opleiding van teologiese studente. In die afgelope dekade het verskeie klemverskuiwings plaasgevind wat in berekening gebring moet word.

**7.2 AANBEVELINGS: VEREISTES VIR TEOLOGIESE OPLEIDING**

**7.2.1 Die Algemene Kuratorium neem die besluite van die Algemene Sinode oor teologiese opleiding, die missionale kerk, gereformeerde identiteit en die A tot Z - Handleiding as vertrekpunte vir die besinning oor teologiese opleiding en die formulering van ’n toepaslike beleid vir predikante van die kerk (kyk Bylaag 1).**

**7.2.2 Die Algemene Sinode vul die Reglement vir die Opleiding en Legitimasie van Bedienaars van die Woord (Reglement 10) soos volg aan:**

**7.2.2.1 Die keuringsproses van teologiese studente word in lyn met die A tot Z- Beleid verder ontwikkel en kandidaatsbevoegdheid word deur die kuratoria verleen aan gekeurde studente (eerste en tweede loopbaan).**

**7.2.2.2 Die Algemene Sinode skep in lyn met die skema (aangedui onder pt 11.2) nuwe moontlikhede vir tweedeloopbaanstudente sodat hulle voor- en nagraads deeltyds kan studeer ter voorbereiding**

**vir die voltydse bediening in die NG Kerk. Hierdie studente word hanteer deur die Algemene Kuratorium.**
**7.2.2.3 Die Algemene Sinode skep die geleentheid vir kerklike werkers om geakkrediteer te word met die oog op spesifieke dienswerk in die kerk/gemeentes (kyk voorstelle onder pt 10.4).**
**7.2.2.4 Die Algemene Sinode volstaan met die huidige vereistes rondom die grondtale vir die opleiding van predikante naamlik Hebreeus II en Grieks II.**
**7.2.2.5 Die Algemene Kuratorium word versoek om ondersoek te doen na verdere onderrigmoontlikhede in die grondtale:**
***1 in belang van gelykstaande kompetensie in die grondtale vir tweede loopbaanstudente**
***2 in belang van die benutting van die grondtale in die bediening en wat aangebied kan word in 'n program van voortgesette bedieningsontwikkeling.**

## 8. OPLEIDING AAN EKUMENIESE FAKULTEITE

### 8.1 AGTERGROND
Die NG Kerk het voorheen die voorreg gehad om by drie tersiêre opleidingsplekke uitsluitlik sy studente te laat oplei. Die NG Kerk kon sy eie dosente aanstel en het 'n groot inspraak gehad in die teologiese kurrikulum. Die posisie het in die afgelope twee dekades verander aangesien al drie opleidingsinstansies ekumenies/ veelkerklik geword het. Die nuwe omstandighede bied steeds vir die NG Kerk opwindende moontlikhede en uitdagings om reg te laat geskied aan sy eie teologiese opleiding.
### 8.2 AANBEVELINGS: OPLEIDING AAN EKUMENIESE FAKULTEITE
**8.2.1 Die Algemene Sinode verwelkom die wyer ekumeniese blootstelling van ons studente.**
**8.2.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kuratorium op om verder oor die betekenis van 'n missionale kerkbegrip binne die gereformeerde tradisie vir teologiese opleiding te besin.**
**8.2.3 Die Algemene Sinode onderhandel via die Algemene Kuratorium en die Moderamen met die drie teologiese fakulteite in die lig van bogenoemde oor die inhoud en aanbieding van teologiese opleiding deur die betrokke fakulteite.**

## 9. TEOLOGIESE OPLEIDING EN KERKHERENIGING

### 9.1 AGTERGROND
Die NG Kerk verdiskonteer die eenwordingproses en die Afrikakonteks in die besinning oor en die beplanning van teologiese opleiding. Totdat daar groter duidelikheid is oor die eenwordingsproses word die Algemene Kuratorium versoek om gereeld inligtingsvergaderings te hou met die ander lede van die NG Kerkfamilie.
### 9.2 AANBEVELING: TEOLOGIESE OPLEIDING EN KERKHERENIGING
**Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om aan die een kant die Familie van NG Kerke op die hoogte te hou van die verwikkelinge ten opsigte van teologiese opleiding en aan die ander kant om self op hoogte te bly van die teologiese opleiding wat die Familie van NG Kerke vereis.**

## 10. PRAKTYKVOORSTELLE

### 10.1 INLEIDING
Wanneer daar erns gemaak word met die aanbod van voornemende studente – voltyds sowel as deeltyds – moet daar sinvolle oplossings wees om al die moontlikhede in die praktyk te laat grondvat.

### 10.2 VOLTYDSE EERSTELOOPBAANSTUDENTE
**10.2.1** Keuring van studente word in die lig van die A tot Z-Handleiding uitgebou (Nota: die NG Kerk se keuringspraktyk is tans nie in lyn met die praktyke van meeste hoofstroomkerke nie. In baie gevalle is daar 'n keuringsjaar wat studente eers moet voltooi in 'n gemeente voordat hulle in aanmerking kom vir keuring).
**10.2.2** Teologiese studente wat gekeur word deur die kuratoria (kyk 11.1) met die oog op die bediening in die NG Kerk word beskou as "Teologiese Kandidate". Vir die duur van hulle studies is hulle onder toesig van die betrokke kuratorium en die NG Dosenteraad. Vir hulle pastorale versorging is hulle onder toesig van die kerkraad van die gemeente waar die studente lidmate is (vgl Reglement 10: 2.4.2.6 en 2.4.3.1).
**10.2.3** Teologiese kandidate deurloop van die begin van hulle studies 'n program van kerklike bedieningsvorming olv die kuratoria. Die suksesvolle voltooiing hiervan en die verwerwing van 'n kerklike toekenning is 'n voorwaarde vir legitimasie. Die kerklike bedieningsvorming geskied gelyklopend met die akademiese studies aan die universiteit.
**10.2.4** Die akademiese vereistes is:

**10.2.4.1** Vierjarige B-graad in teologie aan die geakkrediteerde fakulteite wat Grieks II en Hebreeus II insluit (Nota: studente sou na voltooiing hiervan geakkrediteer kon word as kerklike dienswerkers en dan diens lewer in die kerk en later hulle studies voortsit indien hulle so verkies (kyk 11.1 – Akademiese Opleiding).
**10.2.4.2** Eenjarige MDiv. By ’n instelling waar die MDiv oor 2 jaar strek, vorm die gemeentejaar (pt 10.2.4.3) deel van die MDiv-program.
**10.2.4.3** ’n Gemeente- of afrondingsjaar (hierdie jaar word onder leiding van die Kuratorium en in oorleg met die Teologiese Fakulteit aangebied).
**10.2.5 AANBEVELING: VOLTYDSE EERSTELOOPBAANSTUDENTE**
**Die Algemene Sinode keur pt 10.2.1 tot 10.2.4.3 goed.**

**10.3 DEELTYDSE TWEEDELOOPBAANSTUDENTE**
**10.3.1 Agtergrond**
**10.3.1.1** Die NG Kerk staan verleë met betrekking tot die posisie van tweedeloopbaanstudente. Die vereistes soos in die betrokke Reglement van die Kerkorde gestel, het tot gevolg dat dit uiters moeilik is vir hierdie persone om as proponente gelegitimeer te word. Met die geïntegreerde kursus beteken dit meestal dat hulle ses jaar voltyds by US, UP of UVS moet kom studeer. Voorheen was dit moontlik vir ’n voornemende proponent om net vir 4 jaar by een van die kerk se drie fakulteite te kom studeer nadat hulle oor ’n graad beskik het wat Grieks II en Hebreeus II ingesluit het, of ‘n graad waarby die grondtale toegevoeg is.
**10.3.1.2** Die Algemene Sinode moet deur die Algemene Kuratorium verantwoordelikheid vir hierdie nuwe situasie aanvaar. Daar sal gekyk moet word na die nodige sielkundige toetse, kerklike begeleiding, akademiese vereistes (soos aangedui), beurse, jaarlikse persoonlike kontak (bv tydens ’n saamtrek van die betrokkenes). Daar sal aan die Algemene Kuratorium groter diskresie verleen moet word met betrekking tot die handhawing van standaarde en die gevolglike voorskryf van die studie en studiemateriaal.
**10.3.2 Huidige reëling**
**10.3.2.1** Daar moet kennis geneem word van die bestaande reëling (soos dit veral tans op Stellenbosch geld): tweedeloopbaanstudente wat reeds ’n teologiese agtergrond het by wyse van ’n graad in hierdie verband, word ingeskryf vir ’n Nagraadse Diploma in Teologie – met ander woorde vir studie waar een jaar se studie erken word. Die Diploma behels nie dat daar klas geloop word nie – werkstudie moet gedoen word en eksamen afgelê word. Die studie van die grondtale moet aanvullend gedoen word.
**10.3.2.2** Uiteindelik, na afhandeling van die grondtale en die nagraadse diploma in teologie, moet die MDiv voltooi word asook die gemeentejaar (Nagraadse Diploma in Kerlike Bediening).
**10.3.2.3** In die geval van studente wat nie oor enige teologiese kwalifikasies beskik nie moet die volledige kursus vir 6 jaar gevolg word.
**10.3.3 Voorgestelde werkswyse**
Om hierdie uitdaging van tweedeloopbaanstudente aan te spreek, word die volgende werkswyse voorgestel:
**10.3.3.1** Nadat die gemeente en ring hulle insette rondom die betrokke kandidaat gelewer het, word aansoek by die Algemene Kuratorium gedoen wat in elke geval moet beoordeel welke akademiese vereistes erken en aanbeveel kan word. In hierdie geval kan akademiese erkenning geskied ten opsigte van grade behaal by byvoorbeeld TEE, Unisa, moontlik Hugenote Kollege, ens. Die Algemene Kuratorium word versoek om na ’n alternatiewe deeltydse nagraadse opleiding (moontlik ’n Nagraadse Diploma of Honneurs) te ondersoek en te beding met ons akademiese vennote.
**10.3.3.2** Kerklike begeleiding van hierdie studente moet, soos in die geval van ’n voltydse student, geskied en hulle behoort jaarliks saamgetrek te word (moontlik by ’n sentrale punt) waar daar behoorlike onderhoude gevoer kan word en kerklike vorming kan plaasvind.
**10.3.3.3** Die program van kerklike bedieningsvorming (vergelyk pt 10.2.3), behoort aangepas te word vir wat toepaslik vir elke persoon is met die oog op die verwerwing van die kerklike diploma.
**10.3.3.4** Die Algemene Kuratorium tref reëlings om die residensie in die MDiv-jaar so sinvol as moontlik te maak.
**10.3.3.5** Die gemeentejaar geskied soos in die geval van die voltydse student.
**10.3.3.6** Na ’n deeglike keuring van tweedeloopbaanstudente word dit op ‘n register aangebring en volg die nodige begeleiding. Sodanige persoon word dan aangedui as ’n “teologiese kandidaat”.
**10.3.3.7** Dit moet in gedagte gehou word dat deeltydse studie vir tweede loopbaanstudente normaalweg baie langer duur as voltydse studie.
**10.3.3.8** Bogenoemde voorstelle kom daarop neer dat die bestaande vereiste van 3 jaar residensiële studie verminder word na ’n verpligte 1 jaar residensiële studie.
**10.3.3.9** Waar die Kerk tot hiertoe nie veel finansiële uitgawes aangegaan het met betrekking tot die begeleiding van hierdie soort student nie, is dit ’n situasie wat beslis om verandering vra.

**10.3.4 AANBEVELING: DEELTYDSE TWEEDELOOPBAANSTUDENTE**

**Die Algemene Sinode keur die voorgestelde werkswyse in pt 10.3.3.1 tot 10.3.3.9 goed.**

**10.4 KERKLIKE "DIENSWERKERS"**

**10.4.1 Agtergrond**

Daar is persone wat geroep is tot die bediening, maar hulle wil nie noodwendig geordende predikante wees nie. Dit sou ook studente kon wees wat na hulle eerste teologiese graad verkies om nie verder in die teologie te studeer nie en verkies om as kerklike dienswerkers aangewend te word.

**10.4.2 Voorgestelde uitgangspunte**

**10.4.2.1** Kerklike dienswerkers is persone wat as geroepenes voltyds (in uitsonderlike gevalle deeltyds) in diens van gemeentes werk, maar nie geordende predikante is nie.

**10.4.2.2** Kerklike dienswerkers word geakkrediteer deur die Algemene Kuratorium. Dit staan gemeentes vry om hulle te bevestig as ouderlinge of diakens. As sodanig staan hulle onder die toesig van die ring.

**10.4.2.3** Kerklike dienswerkers sluit onder andere jeugwerkers, gemeenskapswerkers en evangeliste in.

**10.4.3 AANBEVELING: KERKLIKE "DIENSWERKERS"**

**10.4.3.1 Die Algemene Sinode keur die akkreditering van kerklike dienswerkers goed.**

**10.4.3.2 Die Algemene Sinode verwys dit na die Algemene Kuratorium om verder te besin oor die aard van hierdie akkreditering. Die Algemene Kuratorium tree met die Algemene Bevoegdheidsraad in gesprek oor die erkenning van hierdie akkreditering en doen verslag aan aan die ASM met die oog op afhandeling en implementering.**

**10.5. OUDERLINGE MET DIE VERGUNNING OM EREDIENSTE TE LEI**

**10.5.1** Die Kerkorde maak voorsiening dat die bediening van die ouderling die lei van eredienste met preekvergunning kan insluit binne die betrokke gemeente of ring waar die kerkraad en die ring daartoe vergunning verleen het (Art 16.1.8 en Art 48.3.5).

**10.5.2** Ouderlinge word deur ringe en sinodes opgelei om hierdie dienswerk te verrig. Die plaaslike ring hou toesig oor die bediening. Ouderlinge kan ook vir ander dienswerk, soos pastorale versorging, opgelei word.

**10.5.3** Die toerusting vir preekvergunning geskied aan die hand van kursusse wat deur die Algemene Kuratorium goedgekeur word.

**10.5.4** Die akkreditasie van die opleiding behoort van so 'n aard te wees dat studente wat dit suksesvol deurloop, kan artikuleer na ander bane van teologiese opleiding.

**10.5.5 AANBEVELING: OUDERLINGE MET DIE VERGUNNING OM EREDIENSTE TE LEI**

**Die Algemene Sinode keur die werkswyse in pt 10.5.1 tot 10.5.4 goed.**

## 11. SKEMATIESE VOORSTELLING

Verskillende bane van teologiese opleiding met die oog op dienswerk in die kerk:

<table>
<tr><th></th><th>Opleiding van gelegitimeerde predikante (Eerste loopbaan) 11.1 (10.2)</th><th>Opleiding van gelegitimeerde predikante (Tweede loopbaan) 11.2 (10.3)</th><th>Opleiding van geakkrediteerde kerklike dienswerkers 11.3 (10.4)</th><th>Opleiding van ouderlinge met preekbevoegdheid 11.4 (10.5)</th></tr>
<tr><td>Aard van opleiding/ vorming</td><td colspan="3">Akademiese opleiding en kerklike bedieningsvorming</td><td>Kerklike vaardigheidsopleiding met akademiese akkreditasie en met artikulasiemoontlikhede na ander akademiese bane</td></tr>
<tr><td>Keuring</td><td colspan="2">Keuring deur kuratoria met bevestiging as "Teologiese Kandidaat"</td><td></td><td>Keuring deur die ring</td></tr>
</table>

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kerklike opleiding/ vorming** | Kerklike opleiding in bedienings-vorming olv kuratoria | Kerklike opleiding in bedieningsvor-ming olv kuratoria in samewerking met gemeentes en ringe | Kerklike opleiding in bedieningsvor-ming olv kuratoria | Opleiding onder toesig van die ring/streeksinode met materiaal wat goedgekeur is deur Algemene Kuratorium |
| **Akademiese opleiding - Voorgraads** | BDiv / BTh (4 jaar insluitende grondtale) | BDiv of gelykstaande kwalifikasie soos verduidelik onder 10.3.3 Die bedoeling is dat hierdie studie deeltyds of op basis van afstandsonderrig moet kan geskied | Minimum van 3 jarige graad in teologie by goedgekeurde instansies (Bv BTh van Jeugwerkers) | |
| **Akademiese opleiding** | Nota: Studente in hierdie baan sou ook in aanmerking kom vir legitimasie as kerklike diens-werkers | | | |
| **Akademiese opleiding - Nagraads** | M Div | MDiv Residensieel (aanbeveling is dat die studente 'n minimum van een jaar residensiële opleiding kry) | Nota: studente in hierdie baan sou met nodig aan-vulling kon artiku-leer na die baan vir predikantsopleiding | |
| | Gemeentejaar as kerklike opleiding onder toesig van die kuratoria/ akademiese kursus | Gemeentejaar as kerklike opleiding onder toesig van die kuratoria/ akademiese kursus | | |
| **Kerklike bevoegdheid**: **Legitimasie/ bevestiging** | Legitimasie as predikant deur kuratoria met die oog op ordening na voldoening aan die akademiese en kerklike vereistes | Legitimasie as predikant deur kuratoria met die oog op ordening na voldoening aan die akademiese en kerklike vereistes | Akkreditering as kerklike werker deur Algemene Kuratorium en bevestiging deur kerkraad as ouderling of diaken | Bevestiging as ouderlinge met preekbevoegdheid onder toesig van die ring |

## 12. DIE TAAK VAN DIE ALGEMENE KURATORIUM

### 12.1 AGTERGROND

Uit bogenoemde verslag is dit duidelik dat die Algemene Kuratorium veel meer sake as in die verlede moet hanteer. Reglement 9 van die Kerkorde moet in die lig van onderstaande aanbevelings opnuut onder oë geneem word.

### 12.2 AANBEVELING: KAPASITEIT

**Die Algemene Kuratorium doen ondersoek na die skep van die nodige kapasiteit vir die ontwikkeling en administrasie van kerklik teologiese opleiding met die oog op die evaluering van roepingsbewustheid, alternatiewe moontlikhede vir teologiese opleiding, beurse en samewerking tussen die drie fakulteite tov teologiese en voortgesette teologiese opleiding.**

Dr DJ Dreyer (voorsitter)
Dr PR du Toit (skriba)

**BYLAAG 1**

# TEOLOGIESE OPLEIDING VIR DIE NG KERK IN DIE LIG VAN RIGTINGGEWENDE BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE

('n Gespreksdokument saamgestel deur drr Danie Dreyer en Flip du Toit)

## 1. INLEIDING

**1.1** In die lig van die diepgaande veranderings wêreldwyd en in ons eie land is die NG Kerk daarvan oortuig dat sy voor nuwe uitdagings staan om as kerk van Christus haar roeping te vervul. Die *gesamentlike effek* van die proses van sekularisasie, kennisontploffing, tegnologiese en wetenskaplike vooruitgang, ekonomiese, politieke en demografiese veranderings het die kerk in 'n *kort tydjie* in 'n radikaal nuwe wêreld geplaas. Die intensiteit, omvang en aard van die veranderings het nie net 'n wesentlike invloed op die verstaan van die samelewing nie, maar ook op die *ervaring van mense* van hulle eie posisie in die samelewing. Dit het nie alleen die *psige* van die lidmate van die kerk geraak nie, maar ook hulle *manier van optrede*. Die mees voor-die-hand-liggende is dat die klem eerder op bewaring (instandhouding) en oorlewing as op groei en verandering geval het. Daar sal daarna gestreef moet word om die reaktiewe benadering van bewaring en oorlewing te vervang met 'n *benadering van hoop*. In die sin is die NG Kerk reeds besig om haarself te ontdek as missionale kerk. 'n *Missionale kerk* is 'n kerk wat sy getuienis in die nuwe wêreld nie net sien as een van vele aspekte van kerkwees nie, maar as 'n wyse van bestaan van die kerk.

**1.2** Teologiese opleiding vir vandag moet in die lig van bogenoemde verstaan word. In hierdie verband het die NG Kerk al duidelik standpunt ingeneem oor die aard van teologiese opleiding (pt 2) sowel as oor missionale kerkwees (pt 3). Hierdie aspekte is noodsaaklike agtergrond as daar uiteindelik by praktiese voorstelle gekom word.

## 2. ALGEMENE SINODALE BESLUITE OOR TEOLOGIESE OPLEIDING

**2.1** By die Algemene Sinode van 2011 is die volgende **teologiese uitgangspunte** woordeliks goedgekeur (vgl Agenda 2011, A.8 Bylaag 2 bl. 88 en 89, pt 1.2):

Die Algemene Sinode keur die volgende stellings goed as uitgangspunte van hoe daar gedink word oor teologiese opleiding en gee dit aan die voorgestelde Algemene Kuratorium en die Kuratoria deur as 'n basis vir hulle werk:

1. Die NG Kerk staan in 'n tradisie wat deur die eeue deeglike teologiese opleiding as 'n uiters belangrike saak vir die kerk beskou het en baie tyd en bronne daarin geïnvesteer het. Die NG Kerk wil graag hierdie tradisie handhaaf en beskou die verantwoordelikheid vir teologiese opleiding as een van die sentrale take van die Algemene Sinode.

2. Die teologiese opleiding van die kerk is primêr gefokus op die opleiding en vorming van predikante vir die bediening van die kerk.

3. Die NG Kerk erken dat benewens hierdie hoofoogmerk die teologiese opleiding van die kerk ons ook moet rekening hou met

3.1 Die opleiding van potensiële teoloë wat die kerk en evangelie dien deur voltyds te doseer en navorsing te doen oor die teologie en bv werk soos om Bybelvertaling te kan doen.

3.2 Die opleiding van ander dienste/ampte soos wat die kerk dit mag nodig ag (bv jeugwerkers, pastorale werkers, evangeliste, ens).

3.3 Die opleiding en toerusting van lidmate wat geestelike werk in die gemeente of buite die gemeente wil doen in lyn met hulle gawes.

4. Die teologiese opleidingsinstansies moet ook help skep aan 'n wyer teologiese klimaat en gesprek in die kerk – onder predikante en lidmate. As die NG Kerk sy geloof reg wil leef, sal ons ook daaroor moet reflekteer en praat. Die kerk self het ook 'n verantwoordelikheid om hierdie gesprek te stimuleer en in stand te hou. Sonder hierdie teologiese klimaat en gesprek in die kerk sal teologiese skole ook moeilik hulle werk behoorlik kan doen.

5. Die NG Kerk is oortuig dat die teologiese opleidingsinstansies saam met sinodale sisteme en die gemeentes verantwoordelikheid dra vir die leeramp van die kerk – 'n wesenlike element van ons gereformeerde tradisie. Die kerk het 'n mede verantwoordelikheid om die ruimte te help skep vir opleidingsinstansies om hierdie rol te kan speel.

6. Die NG Kerk aanvaar dat daar in die opleiding van predikante aandag gegee sal word aan die geïntegreerde vorming van kennis (**logos**), karakter (**etos**) en vaardighede en houdings (**patos**). Nie een van hierdie elemente "gebeur" vanself nie – dit vra intensionele aandag en tyd. Dit vra dat daar aan ten minste die volgende fasette gereelde aandag gegee moet word: aan die studente

6.1 se geestelike lewens en dissiplines;

6.2 se roepingsbewustheid;
6.3 se psigiese gesondheid en persoonsgroei;
6.4 se Bybelse en teologiese kennis en insig;
6.5 se kontekstuele insig en oordeel;
6.6 se verstaan van die kerk en van die roeping en werking van gemeentes;
6.7 se vorming van spesifieke vaardighede wat vir die bediening nodig is.
7. Die NG Kerk aanvaar dat die kerk in nuwe tye en situasies gekonfronteer word met nuwe uitdagings. Dit mag van ons vra om nuwe antwoorde vir nuwe probleme te soek, om nuwe weë te eksploreer en selfs nuwe bedienings en praktyke te ontwikkel. Daarom wil die NG Kerk die persone betrokke by opleiding aanmoedig om hierdie uitdagings op te neem – met die nodige openheid, kreatiwiteit en verantwoordelikheidsin.
8. Teologiese opleiding kan nooit konteksloos gedoen word nie. Dat ons nou in Suider-Afrika leef en werk, is deel van die werklikheid van die NG Kerk. Ons glo dat een van die groot uitdagings vir die kerk is om saam met ander gelowiges in ons land te vra wat ons gesamentlike roeping nou in Afrika is.
9. Hoewel die teologiese opleiding van die kerk veel meer vra as net akademiese opleiding, wil die NG Kerk bly streef na akademiese uitnemendheid in ons opleiding. Daarom sou die NG Kerk graag, solank dit moontlik is, die opleiding aan die universiteite in ons land, wat daarvoor voorsiening maak, wil koppel. Op die manier behou die kerke ook hulle presensie by die universiteite en het hulle 'n besondere geleentheid vir publieke getuienis en gesprek.
10. Die NG Kerk is bewus van die feit dat teologiese fakulteite ter wille van dienslewering aan meer denominasies in die land meer ekumenies geraak het in hul aanbod van kursusse. Ons het volle begrip daarvoor en oordeel dat dit ook belangrike voordele vir die kerke inhou. Kontak met studente van ander denominasies kan ons studente voorberei vir 'n bediening waarin daar meer rekening gehou word as in die verlede met die eenheid van die kerk.
11. Terwyl ekumene en die eenheid van die kerk vir die NG Kerk baie belangrik is, glo die NG Kerk dat 'n kreatiewe getrouheid aan ons eie gereformeerde identiteit en tradisie uiters belangrik is en deel is van wat ons in die huis van die ekumene inbring. Ons besef dat die gereformeerde tradisie nie iets staties is nie, maar in nuwe situasies herbedink moet word. Die NG Kerk besef ook dat ons hierdie herformulering nie sal kan doen as ons ons eie tradisie nie teologies en histories baie goed ken nie. Wanneer die teologiese fakulteite in hul formele kursusse nie meer genoegsaam hieraan aandag kan gee nie, moet die kerk self verantwoordelikheid hiervoor aanvaar.
12. Hoewel maksimale residensie vir ons 'n voorkeur sal bly, wil ons dit moontlik maak vir meer tweede - loopbaan studente om hulle roeping tot die bediening op te neem. Kuratoria word versoek om alternatiewe weë te ondersoek waardeur dit vir tweedeloopbaanstudente moontlik word om 'n groter deel van hul studie deeltyds te doen – sonder dat die nodige vormingswerk en praktiese voorbereiding vir die bediening afgeskeep word.
13. Die NG Kerk glo dat teologiese en bedieningsopleiding 'n lewenslange taak en verantwoordelikheid is. Daarom wil die NG Kerk graag 'n tradisie van lewenslange leer by ons predikante vestig. Ons is dankbaar vir die Algemene Sinode se verbintenis aan, en besluite oor, VBO en vra dat sinodes alles in hul vermoë doen om die vestiging van die praktyk goed te vestig.

**2.2** Die volgende besluite is oor **teologiese opleiding** geneem (vgl Agenda 2011, A.3 bl. 43 pt 6.6; T.12.2 pt 2.2.1; Notule Dag 2):
1 Die Algemene Sinode aanvaar steeds dat die normale opleiding vir teologiese studente ses jaar van suksesvolle studie moet wees.
2 Die Algemene Sinode verleen tot by die volgende Algemene Sinode aan 'n algemene kuratorium die volmag om met groot diskresie alle aansoeke van tweedeloopbaanstudente of persone op meer gevorderde ouderdom te oorweeg en die nodige aanbevelings te maak oor aanvullende studie met die oog op legitimasie.

| |
|---|
| Die verslag aan die Algemene Sinode gee 'n duidelike omskrywing van die NG Kerk se verstaan van Teologiese Opleiding. Dit is veral pt. 7,8 en 12 wat rigtinggewend is vir die voortgaande gesprek oor Teologiese Opleiding.<br>*7. Die NG Kerk aanvaar dat die kerk in nuwe tye en situasies gekonfronteer word met nuwe uitdagings. Dit mag van ons vra om nuwe antwoorde vir nuwe probleme te soek, om nuwe weë te eksploreer en selfs nuwe bedienings en praktyke te ontwikkel. Daarom wil die NG Kerk die persone betrokke by opleiding aanmoedig om hierdie uitdagings op te neem – met die nodige openheid, kreatiwiteit en verantwoordelikheidsin.*<br>*8 .Teologiese opleiding kan nooit konteksloos gedoen word nie. Dat ons nou in Suider-Afrika leef en werk, is deel van die werklikheid van die NG Kerk. Ons glo dat een van die groot uitdagings vir die kerk is om saam met ander gelowiges in ons land te vra wat ons gesamentlike roeping nou in Afrika is.*<br>*12. Hoewel maksimale residensie vir ons 'n voorkeur sal bly, wil ons dit moontlik maak vir meer* |

*tweedeloopbaanstudente om hulle roeping tot die bediening op te neem. Kuratoria word versoek om alternatiewe weë te ondersoek waardeur dit vir tweedeloopbaanstudente moontlik word om 'n groter deel van hul studie deeltyds te doen – sonder dat die nodige vormingswerk en praktiese voorbereiding vir die bediening afgeskeep word.*

**2.3** Aansluitend by hierdie teologiese uitgangspunte gee die verslag oor die NG Kerk as missionale kerk die breër kerklike raamwerk waarbinne die gesprek verder gevoer moet word. Die belangrikste punte van hierdie verslag word uitgelig en toegelig as gemeenskaplike basis van voortgaande besinning oor die Teologiese Opleiding van die NG Kerk deur die Algemene Kuratorium.

**3. DIE NG KERK AS MISSIONALE KERK**

**3.1 Inleiding**

Die Algemene Sinode het in die verband reeds leidinggewende besluite geneem wat nou moet lei na effektiewe beplanning en optrede. Die belangrikste dokument in die verband is: *Die NG Kerk as missionale kerk* (Agenda 2011 bl 78,130 ev, Bylaag 10). Die Algemene Sinode het hierdie beleidsdokument aanvaar as deel van die NG Kerk se gesprek oor 'n missionale ekklesiologie (vgl Agenda 2011, A.8 Bylaag 10 bl 141 pt 20.1, T.5.1 pt 2). Dit sluit aan by besluite van die Algemene Sinode 2002 (Handelinge bl 542) en Algemene Sinode 2004 (Handelinge bl 444).

Die basis van die verslag oor missionale ekklesiologie is besluite van die NG Kerk (soos oor gereformeerde identiteit) wat oor die afgelope aantal jare vorm en inhoud begin gee het aan die verstaan van gemeentes en kerkwees. In hierdie verslag word die kerk en die kerk se sending vanuit die wese van God self verstaan. Die konsep van die *missio Dei* verduidelik dit goed – die oortuiging dat die Drie-enige God op Wie die bestaan van die kerk gerig is 'n sturende God is. Die kerk is die vrug van God se sending en bestaan om deel te neem en diensbaar te wees aan die voortgang van daardie sending. In die sin definieer die gestuurdheid die wese van die Christelike kerk. Die *Roepingsverklaring van die NG Kerk* (2007) gee dan ook uitdrukking aan hierdie verstaan van kerkwees: "Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy om met 'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe."

Die omstandighede waarin die kerk haar tans bevind, verg verbeeldingryke nuwe uitdrukkings van kerkwees. Die kerk is nie net oortuig van die belangrikheid van die saak nie, maar ook die dringendheid om daadwerklik daaraan uitvoering te gee. Die NG Kerk is by 'n waterskeiding in haar verstaan van die wese en aard van gemeentes. Die lewende God nooi die kerk op 'n nuwe reis saam na die toekoms.

Die verslag verwys na 'n missionale renaissance soos blyk uit opwindende verwikkelings in die manier waarop daar oor die kerk plaaslik en wêreldwyd gedink word (*Edinburgh* in 2010, die nuwe *Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke* (WGGK), die *Lausanne-byeenkoms* in Kaapstad in 2010). Hierdie nuwe verskuiwing van 'n *kerkgesentreerde sending* na 'n *sendinggefokusde kerk* het nog nie op 'n gestruktureerde en gekoördineerde wyse neerslag gevind in die NG Kerk en in die teologiese opleiding nie. Die geleentheid is nou daar om dringend hieraan uitvoering te gee.

**3.2 Die identiteit van die NG Kerk as missionale kerk**

Die NG Kerk se identiteit word deur haar gereformeerde karakter en eie geskiedenis bepaal. In die beklemtoning van die vier uitgangspunte van Christus alleen, Skrif alleen, genade alleen en geloof alleen (vier "solas") gaan dit in die gereformeerde tradisie om 'n lewe voor die aangesig van God (*coram Deo*). Die vraag is *hoe* hierdie lewe voor die aangesig van God moet lyk as 'n lewe tot eer van God alleen (*soli Deo gloria*)? Die Algemene Sinode van 2007 (Handelinge bl 16) beklemtoon dat: "Gereformeerdes het altyd 'n oog gehad daarvoor dat die koninkryk groter is as die kerk". Aangesien die NG Kerk as gereformeerde kerk die boodskap van die Bybel op alle lewensterreine wil uitleef en toepas, sal daar in die stroomversnellings van veranderende omstandighede meer as ooit tevore gestalte gegee moet word aan die leuse van die Reformasie om altyd weer volgens die Skrifte te reformeer (*semper reformanda*). Hierdie voortgaande reformasie geskied in die lig van die historiese Christelike geloof wat ons bely. Daar word geglo dat ons as kerk by 'n kairos-oomblik is waar die deurbrake van die Heilige Gees onderskei moet word. Waar die kerk gehoorsaam deelneem aan die werk van die Gees van God het dit tot gevolg dat mense telkens opnuut in hulle eie taal (konteks) Jesus as Here erken (Leslie Newbigin).

Hierdie missionale verstaan van die wese van die kerk kom van die vroeë apostoliese kerk. Die gemeentes in die vroeë kerk het hulleself verstaan as 'n sendingpos binne God se verlossingsplan vir die wêreld. Die

verhaal van die eerste gemeentes in Handelinge maak dit duidelik dat toe die kerk bewus geword het van haar gestuurdheid en as Geesvervulde gemeenskappe onderskeidend begin leef het, die kerk almeer begin ontluik het. So het die kerk as 'n teken van God se koninkryk iets weerspieël van wie God is en wat Hy besig was om in die wêreld te doen.

**3.3 Die konteks van die NG Kerk as missionale kerk**
Die missionale karakter van die kerk word sigbaar wanneer die kerk erns maak met die konteks waarin sy haar bevind (Bevans & Schroeder). Daarom moet die kerk die vaardighede ontwikkel om die konteks reg te verstaan. Eddie Gibbs sê "*We need to learn, as a matter of urgency, how to exegete our cultural context".* Die kerk kan met geloofsonderskeiding optree wanneer sy die vermoë ontwikkel het om sensitief te luister na die konteks waarin sy haar bevind.

Die NG Kerk bevind haarself na 1994 binne die eiesoortige problematiek van 'n *jong demokrasie.* Dit het noodwendig 'n invloed op die sosiaal-maatskaplike konteks waarbinne die kerk funksioneer en het 'n emosionele uitwerking op die psige van die kerk se lidmate. Bepaalde stereotipes word bevestig, daar is verhoogde rassisme, daar is bitterheid en rou as gevolg van verliese wat ervaar word. Terselfdertyd is die versoeking al groter om te ontvlug na materiële geborgenheid. Tegelykertyd is die kloof by die dag besig om groter te word tussen ryk en arm, nie-kerklikes en buite-kerklikes, gelowiges en ongelowiges.

Die manier van kerkwees is self ook besig om te verander. Daar is 'n voortdurende verandering en voortgaande dinamika *in die profiel van verskillende generasies* in die kerk. Aan die een kant is daar by die nuwe geslag "millennials" 'n definitiewe terugkeer na ou waardes met 'n onverskrokke verbintenis aan die Evangelie. Aan die ander kant is daar die nuwe generasie lidmate wat meer daarop ingestel is dat daar "reg gedoen word", eerder as om "reg te glo". Die suiwerheid van belydenis is vir hulle van veel minder belang as vir die vorige generasie. In samehang hiermee is daar 'n besliste *dekonstruksie van die kerklike sisteem* en *strukture*. In so 'n anti-institusionele tyd is daar 'n opbloei van para-kerklike strukture en nuwe assosiasies en netwerke. Die slagspreuk is: "*The church is dead... Christianity not!*". Vir sulke mense maak 'n rigiede, ordelike struktuur/instituut nie meer sin nie. Hulle minimalistiese kerkbegrip sien die kerk as 'n ondergeskikte onderdeel van God se koninkryk. Vir hulle is die kerk *'n beweging van dissipels*. Die klem val op funksionele vaardighede en nie op institusionele strukture en intellektuele ontwikkeling nie. Dit het nie alleen 'n belangrike invloed op die funksionering van die kerk en die vereistes van 'n grondige teologiese opleiding nie, maar ook op die aard van die leierskap in die kerk.

In die NG Kerk se gesprekke met die res van die NG Kerkfamilie oor onder andere kerkeenheid, is dit duidelik dat die verskillende kerke tans binne verskillende kerklike paradigmas funksioneer. Die NG Kerk het vir baie jare hoofsaaklik binne 'n blanke konteks gefunksioneer. Dit het egter dramaties verander en die kerk is nou deel van 'n derdewêreld konteks en moet in die besonder haarself herposisioneer om binne derdewêreld stede te opereer. Die samelewing is 'n paradoksale mengsel van pre-moderne, moderne en post-moderne denke. Diversiteit het die norm geword in 'n materialistiese tyd waar die verbruikerskultuur die septer swaai. Die kloof tussen "rykes" en "armes" word groter terwyl daar 'n dramatiese swaai na multikulturele omgewings is. In die proses van verstedeliking trek mense na die stede met die oog op beter lewensverwagtings.Terwyl dit uitbreidingsmoontlikhede vir die kerk in enkele stadsgebiede en groter plattelandse sentra bied, gaan die platteland agteruit en die gemeentes word kleiner. Met 'n kwynende kapasiteit in leierskap (veral aan voltydse predikante) en hulpbronne word gevra of die vermoëns daar is om die uitdagings in die stad en op die platteland aan te spreek, veral ook in die lig van die agtergeblewe gebiede met hulle eie sosiale en maatskaplike probleme. Die kommerwekkende is dat meer gemeentes en ringe onder geweldige finansiële druk is en oor beperkte hulpbronne beskik. Die feit is dat die NG Kerk nie sy roeping sal kan vervul sonder die samewerking van ander rolspelers nie.

**3.4 Die rol van gemeentes in 'n missionale kerk**
Die ontmoeting tussen teks en konteks speel binne die plaaslike gemeente af. Die kerk bestaan primêr op plaaslike vlak waar die christelike liefde op 'n praktiese wyse sigbaar moet word in konkrete aktiwiteite van omgee, gasvryheid, materiële hulp, gebed, vergifnis en die wedersydse versorging van mekaar en ander (Verslag van ADGO Algemene Sinode 2007, bl 44-56). Die formele kerklike byeenkomste is geleenthede om God saam te aanbid en om toegerus te word om voltydse getuies vir Christus te wees (Verslag van ADGO Algemene Sinode 2007, bl 44-56). Die missionale gemeentes se fokus is op die belangrikheid van dissipelskap. Hulle is mense wat Christus volg en van Hom leer om as nuwe mense te lewe. Hulle wil deur nuwe verhoudings die wêreld nuut maak en die wêreld help om by God se bestemming uit te kom (Vergelyk ook Algemene Sinode 2004, Agenda, bl. 115 – 120 en 2004, bl. 135).

As sodanig bepaal 'n missionale gerigtheid alles wat die gemeente doen. Dit word sigbaar in 'n

verskeidenheid van gebeure en prosesse waar verhoudings gebou word; waar eenheid gesoek word met die handhawing van die unieke van elkeen; waar mensgemaakte grense oorgesteek word om lewe te bring; waar die integriteit van God se skepping beskerm word en waar die Bybel gelees en gebid word. Hierdie herontdekking van die gemeente se gestuurdheid vra dikwels niks minder as ’n radikale transformasie van die gemeente self nie.

**3.5 Die waardes van ’n missionale kerk.**
Die waardes van die gemeenskap bepaal die karakter van die gemeenskap, die strukture en die orde wat binne die gemeenskap geld. Die volgende waardes bepaal die karakter en funksionering van ’n missionale kerk:
*1 ’n Missionale kerk **fokus op die Drie-enige God**. Die wese van ’n missionale kerk is om God te aanbid, vir mekaar om te gee en as voorbeeld vir die wêreld te dien waardeur God nuwe lidmate tot die gemeente voeg (Hand. 2:41-47).
*2 ’n Missionale kerk **inkarneer die evangelie (**Verslag van ADGO Algemene Sinode 2007, bl 44-56). Inkarnasie beteken dat die evangelie in die wêreld tuiskom. Die vleeswording van Jesus Christus verduidelik op ’n besondere manier God se sending en die manier waarop God met sy wêreld omgaan. Christus se vleeswording help die kerk prakties om ’n inkarnasie-leefstyl na te streef. Dit neem die kultuur (konteks) waarin die gemeente haar bevind ernstig op. Dit neem nie weg dat daar ’n produktiewe spanning tussen kerk en konteks is nie. Jesus het deur sy menswording ’n voorbeeld kom stel van hoe sy volgelinge in sulke omstandighede moet optree. Hy het homself ontledig *(kenosis)* van sy Goddelike heerlikheid en aan die mense gelyk geword deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem (Fil. 2:5-11). Kenosis is die teenoorgestelde as selfhandhawing en selfvervulling. Dit is ’n gesindheid om in die plek van ander te gaan staan – soos wat Christus mens geword het en in ons plek gesterf het. So ’n geïnkarneerde lewenstyl gee uitdrukking aan Jesus se teenwoordigheid en nabyheid by mense waar Hy homself weerloos gemaak het om so op ’n konkrete wyse die Evangelie waar te maak (Hirsch, A 2006. *The Forgotten Ways,* bl 132). So ’n inkarnasie-leefstyl in navolging van Christus illustreer iets van die kwesbaarheid van die kerk in die wêreld.
*3 ’n Missionale kerk is **diensbaar.** ’n Missionale kerk is ’n kerk wat deur God geroep is om in hierdie wêreld diensknegte van God se *missio Dei* te wees met die oog op die omvattende nood in die wêreld. Hierdie dienswerk van die kerk is gegrond in God se transformerende liefde, barmhartigheid, geregtigheid, versoening en vrede om reg en geregtigheid te laat geskied.
*4 ’n Missionale kerk **bring verandering**. Deur die krag van die Heilige Gees en die Evangelie word die gemeenskap verander, maar word die kerk ook deur die gemeenskap verander.
*5 ’n Missionale kerk **maak dissipels**. Gewone lidmate is die operasionele basis vanwaar die *missio Dei* begin. Mense word opgeroep om getuies van Jesus Christus te wees. Die klem op die belangrikheid van die gewone lidmaat sluit aan by die herontdekking van die amp van gelowige in die tyd van die Hervorming. (Algemene Sinode 2002). Die amp is meer omvattend as persone wat amptelik opgelei en bevestig is vir hulle ampswerk. Alle gelowiges het gawes ontvang met die oog op hulle dienswerk binne en buite die gemeente. Die werklike bediening van die kerk is nie die bediening van die ampte aan die lidmate nie, maar die bediening van die (“gewone”) gelowiges in die wêreld. By Grand Rapids in 2010 het die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke verklaar: “*Lay leadership has become increasingly important as demands for pastoral leadership rise. Lay persons have been required to perform at funerals, baptisms and other events and must therefore be appropriately equipped*.”
*6 ’n Missionale kerk **koester verhoudings**. ’n Missionale kerk is gasvry en liefdevol en nooi buitestanders in om deel van die gemeenskap van gelowiges te word. Deur die vestiging van netwerke brei ’n missionale kerk haar grense uit om ander in te sluit.
*7 ’n Missionale kerk **vermenigvuldig**. Hierdie vermenigvuldiging geskied hoofsaaklik deur kerkplanting. Deur kerkplanting kom nuwe geloofsgemeenskappe tot stand as deel van God se sending in die wêreld. Sulke geloofsgemeenskappe is nuwe uitdrukkings van God se koninkryk in die gemeenskap (Agenda 2002, Verslag A.8 Algemene Kommissie vir Gemeentebediening: Evangelisasie en Nuwe Gemeente-Ontwikkeling). In die Anglikaanse Kerk word binne die bestaande parogiale stelsel ruimte geskep vir nuwe uitdrukkings van kerkwees (*Fresh Expressions of Church*). Met hierdie gemengde benadering (*mixed economy)* funksioneer gemeentes binne die bekende raamwerk van gemeentelik grense, maar tegelyk ook binne ander netwerke. Hierdie nuwe gemeentes is nie ’n kloning van die bestaande gemeente nie. Dit is ’n andersoortige gemeente as ’n uitdrukking van die inkarnasie van die Evangelie in ’n nuwe konteks. Omdat kerkplanters in baie gevalle nie georde leraars is nie, moet daar vir hulle binne die kerklike strukture ruimte geskep word.
*8 ’n Missionale kerk is plaaslik verbind tot ’n **verbondenheid aan die skepping** in die geheel en aanvaar sy verantwoordelikheid vir die ekologie as deel van sy missionale roeping.

**3.6 ’n Missionale kerk is ’n kerk met ’n eie spiritualiteit**



Inhoudsopgawe

Die spiritualiteit van missionale gemeentes is die spiritualiteit van pelgrims wat op reis is. Die fokus is op God wat die grense na ander mense en wêrelde oorsteek en hulle uitnooi om saam as pelgrims op reis te gaan. Daar is ’n openheid om self deur die reis verander te word. Die swaartepunt van hierdie spiritualiteit is die kruis as teken van Jesus se radikale identifikasie met die wêreld, maar ook sy radikale andersheid as die wêreld. Die uitdaging van hierdie spiritualiteit is om *in Christus* met alles besig te wees in jou aanbidding, werk en ontspanning. In Christus word daar met geloofsonderskeiding na die Bybel geluister en met die konteks omgegaan. So ’n betrokkenheid by die wêreld lei tot ’n verdieping in die verhouding met God en dit lei weer tot intenser betrokkenheid by die wêreld.

**3.7 Die liturgie van ’n missionale kerk**

Die identiteit van ’n missionale gemeente word bepaal deur God wat deur sy Woord en Gees in beweging is na die wêreld toe. In ’n missionale liturgie val die klem op God en sy beweging in Christus na die wêreld toe. Daar word in die erediens ruimte geskep waar die deelnemers en God mekaar kan ontmoet. Waar die doop in die teken staan van die inlywing in die kerk as geloofsgemeenskap, word die nagmaal gesien as die oproep om in dankbaarheid te gaan leef (Calvyn). In die Oosters-Ortodokse tradisie is die nagmaal dié punt van waar mense uitgestuur word as getuies. So word die gaping tussen liturgie en lewe oorbrug deur gelowiges aan te moedig om hulle roeping in die wêreld op te neem.

**3.8 Die jeug is ’n uitdaging vir ’n missionale kerk**

Die impak van ’n globale postmoderne kultuur op jongmense het tot gevolg dat diegene wat jongmense begelei soos sendelinge in ’n vreemde land is. Hulle moet dikwels ’n nuwe taal en kultuur aanleer om die Goeie Nuus in hierdie vreemde wêreld te bring. Wanneer jongmense dan die betekenis van ’n missionale kerk ontdek, word hulle entoesiasties deel van God se sending in die wêreld. Gevestigde gemeentes se geloofsvorming (kategese) moet daarop ingestel wees om jongmense te help om met geloofsonderskeiding op te tree en so deel van God se sending in die wêreld te word.

**3.9 Die publieke getuienis van ’n missionale kerk**

Vanuit ’n koninkryksperspektief is alle teologie publieke teologie. ’n Gereformeerde teologie fokus op die heil van die wêreld, en moet daarom in gesprek bly met die politieke, kulturele, opvoedkundige, ekonomiese en ekologiese aspekte van die samelewing. In die bediening van die kerk gaan dit om meer as die vorming van ’n persoonlike spiritualiteit en instandhouding van ’n kerklike bediening. Die publieke getuienis vra van die kerk en sy lidmate met tye ’n kritiese stem en met tye ’n dialoog met verskillende rolspelers. Soms beteken dit om erkenning te gee aan hoe God besig is om sy wil in hierdie wêreld te laat geskied deur mense en instansies …. selfs buite die kerk om.

**3.10 Missionale leierskap en teologiese opleiding**

Eddie Gibbs beskryf missionale leiers as leiers wat ’n passie het vir die Groot Opdrag van Jesus Christus. Hulle is leiers wat die vaardighede besit en in staat is om die gemeentes te begelei om met toewyding deel te word van God se sending in die wêreld. Hulle verstaan verandering (transformasie) en kan mense en instellings begelei om in gesprek te tree met hulle eietydse omstandighede sodat die kontemporêre kultuur so beïnvloed en getransformeer kan word om te wees wat God bedoel het dat dit moet wees. Voornemende predikante moet deur hulle teologiese opleiding gevorm word om geloofsonderskeidend met die Skrif om te gaan sodat die boodskap op ’n wetenskaplike verantwoorde wyse met die konteks in verband gebring kan word. In ’n missionale hermeneutiek moet die nodige kennis en vaardighede ontwikkel word oor die aard van kultuurverandering, die vorming van netwerke, die dinamika en sinergie van spanwerk. Daar moet geleer word om vernuwend en kreatief met die (beperkte) middele om te gaan.

**3.11 Die missionale kerk en die Kerkorde**

Die Kerkorde omskryf die wese en roeping van die kerk. As sodanig staan die Kerkorde in diens van die kerk en reflekteer dit die kerk se identiteit, gebruike en ordelike reëlings. In die sin moet die Kerkorde ook die wese en funksionering van NG Kerk as missionale kerk weerspieël. Dit beteken dat die missionale aard van die Kerk saam met die oriëntasie op die belydenis ter sprake behoort te kom (“Inleiding tot die Kerkorde” van 2004).

**4. TEOLOGIESE OPLEIDING IN DIE NG KERK**

In die lig van die Verslag van die Taakspan vir Teologiese Opleiding is die volgende moontlikhede as oplossing voorgestel:

**4.1** Die Taakspan is van oortuiging dat die huidige ses jaar teologiese opleiding die normale wyse behoort te wees (byvoorbeeld ’n vierjarige B-graad aangevul deur ’n eenjarige Diploma en/of Lisensiaat, of dan ’n jaar waarvoor die NG Kerk die verantwoordelikheid neem).

**4.2** Hierbenewens moet daar geleentheid geskep word dat kandidate ook op 'n ander wyse voorberei kan word. In hierdie geval is dit noodsaaklik dat daar 'n sterk sentrale teologiese liggaam is wat op 'n eenvormige dog soepel manier elke individuele aansoek kan hanteer. So is dit byvoorbeeld noodsaaklik dat daar ook erkenning gegee sal word vir ander teologiese opleiding wat persone gehad het, telematies of andersins.
**4.3** In elke geval behoort daar op 'n sinvolle manier bepaal te word aan welke verdere formele teologiese vereistes 'n kandidaat moet voldoen ten einde 'n pakket (mandjie) van kennis te verkry wat soortgelyk is aan die formele vierjarige teologiese B-graad by een van die sentra. Ten einde dit te kan bereik, mag dit gebeur dat 'n kandidaat by 'n sentrum moet kan registreer met die oog daarop om net vir bepaalde vakke (en die verwerwing daarvan vir nie-graad doeleindes) erkenning te kry.
**4.4** Aanvullend hierby behoort daar die ekwivalent van twee jaar se studie te wees waarvoor die kerk self verantwoordelikheid neem. Van hierdie twee jaar kan een 'n volledige gemeentejaar wees – gemonitor deur een van die plaaslike kuratoria. Die res moet opgemaak kan word uit bepaalde kerkeie sake (ook genoem aanvullende teologiese opleiding). Die bestaande drie VBO-sentra moet versoek word om hierin behulpsaam te wees sodat in samewerking met die plaaslike Kuratorium meegewerk word aan sinvolle telematiese en/of ander vakansie/naweek/of formele VBO-kursusse (alternatiewelik ook bepaalde leeskennis wat ge-evalueer kan word). Sodoende sal tweedeloopbaanstudente in staat gestel word om 'n groot deel van hulle opleiding in die plaaslike omgewing te kan doen.

**5. BRONNE**

Die volgende bronne is onder andere geraadpleeg in die gesprekke:
Borght, E.A.J.G, *Boustene vir Gereformeerder Ampsbeskouing*
Charles R. Foster, *Educating clergy: Teaching practices and the pastoral imagination*, Jossey-Bass 2005
Kritzinger, Dons, *Rethinking Ministry: New Wine in New Wineskins*, Bybel-Media Wellington 2007
Naidoo, M, *Between the real and the Ideal - Ministerial Formation in South African churches*, UNISA Press 2012
Philip, Abraham, B.E.M: *Baptism, Eucharist & Ministry*, Christava Sahitya Samithy, 2012
Neville Richardson and Sox Leleki, *From Ecumenical Experiment, to Denominational Necessity, to Holistic Vision: The Methodist Journey in Ministerial Training*

**BYLAAG 2**

## GESPREKSVRAE AAN KURATORIA, NOVEMBER 2012

1. In die lig van Bylaag 1 – watter aanpassing tov teologiese opleiding is noodsaaklik om die ekklesiologiese en teologiese vertrekpunte van die NG Kerk beter te beliggaam/ belyn?
2. Is daar ander ekklesiologiese en teologiese vertrekpunte wat in berekening gebring behoort te word?
3. Wat is na u mening die belangrikste faktor om in berekening te bring vir teologiese opleiding van die toekoms?
4. Watter kontekstuele veranderinge in ons tyd moet daar kennis geneem van word in die besinning oor teologiese opleiding?
5. Enige praktykvoorstelle tov teologiese opleiding? Oa praktyke van ander denominasies by wie ons sou kon leer?

Daar word oa oor die volgende praktiese sake gesprek gevoer. Indien daar tyd is sal ons graag terugvoer wil ontvang oor:
6. Die gradestruktuur en samestelling van die kursus
7. Die lengte van die kursus
8. Funksionering van die grondtale
9. Is daar enige spesifieke sake wat prioriteite behoort te wees in die gesprek?

# A.15.2 HUGENOTE KOLLEGE

## 1. INLEIDING

In die vorige verslag aan die Algemene Sinode (2011) is breedvoerig gerapporteer oor die redes wat aanleiding gegee het tot die terminering van die akademiese vennootskap met Unisa. Terselfdertyd is daar ook verwys na die herposisionering van Hugenote Kollege as ’n privaat kollege vir voortgesette onderwys en opleiding (VOO) wat spesialiseer in maatskaplike welsynsdienslewering asook teologie en kerklike bediening. In hierdie verslag word gefokus op die vordering wat met hierdie strategie gemaak is.

## 2. OPDRAG

**2.1** Die herposisionering is ingelei met ’n diepgaande gesprek oor die visie en missie van Hugenote Kollege ten einde die opdrag van die Kollege opnuut te bepaal. In dié gesprek is ’n aantal ankerpunte bevestig naamlik:

**2.1.1** Hugenote Kollege is deel van die kerk van Jesus Christus en is derhalwe ook ’n medewerker in God se *missio Dei;*

**2.1.2** Hugenote Kollege het ’n lang tradisie as ’n opleidingsinstelling wat mense toegerus het vir ’n bediening in Sending, Maatskaplike Werk, Jeugwerk en Gemeenskapsontwikkeling;

**2.1.3** Die Kollege het ’n historiese betrokkenheid by die opleiding en bemagtiging van lidmate;

**2.1.4** Oor ‘n lang tyd is kundigheid en ervaring opgebou wat herontplooi kan word om die kerk by te staan in haar roeping in die een-en-twintigste eeu;

**2.1.5** Die Kollege se nou verwantskap met die familie van NG Kerke is kosbaar;

**2.1.6** Die geboue en ander fasiliteite wat oor jare op Wellington gevestig is, is ’n waardevolle bate vir die familie van NG Kerke, maar ook die ekumeniese kerk.

**2.2** Gebaseer op die visie om mense vanuit die Christelike geloof en waardesisteem op te lei om maatskaplike en kerklike dienswerk te beoefen, is die volgende missie opnuut bevestig: In navolging van Jesus Christus en met die oog op die omvattende heling en ontwikkeling van die samelewing strewe die Hugenote Kollege daarna om:

**2.2.1** bekostigbare en relevante residensiële, afstands- en telematiese onderrig aan te bied;

**2.2.2** kerklike verbintenisse uit te brei;

**2.2.3** met vennote en in netwerke saam te werk;

**2.2.4** ’n Christelike etos van menswaardigheid, inklusiwiteit, deursigtigheid, gelykberegtiging en harmoniese verhoudings te handhaaf;

**2.2.5** die geloof, kennis en vaardighede van studente te integreer;

**2.2.6** die geestelike vorming, roepingsbewustheid en diensvaardigheid van studente en personeel te koester en bevorder.

## 3. FORMAAT VAN DIE OPLEIDING

**3.1** Die akademiese vennootskap met Unisa het dit vir Hugenote Kollege moontlik gemaak om in die hoër onderwysbaan te funksioneer. Die akademiese programme is gestruktureer volgens die graadstruktuur van Unisa en dit was onder die toesig van die Raad op Hoër Onderwys (CHET). Die terminering van dié vennootskap het die Kollege genoodsaak om ander moontlikhede te ondersoek.

**3.2** ’n Ander baan in naskoolse opleiding is beroepsgerigte opleiding en vaardigheidsontwikkeling wat onder die toesig van die Quality Council for Trade and Occupations (QCTO) val. Die formaat van die opleidingsprogramme verskil aansienlik van hoër onderwys, veral in dié sin dat die klem op vaardigheidsontwikkeling is. Die opleiding is andersoortig, maar nie minderwaardig nie en word soos hoër onderwys geakkrediteer in terme van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR).

**3.3** Alhoewel laasgenoemde formaat van opleiding redelik nuut is in teologiese opleiding, en selfs die sosiale wetenskappe, open dit nuwe weë om kerklike hulpwerkers, maar ook lidmate, op te lei deur middel van kursusse wat binne die NKR geakkrediteer is. Dit bied ook ’n verskeidenheid alternatiewe vir lang, residensiële kursusse wat dikwels ontoeganklik en onbekostigbaar is vir ’n groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking.

**3.4** Tans is die kursusse van Hugenote Kollege nog meestal residensieel van aard, maar navorsing word gedoen met die doel om so gou moontlik afstands- en telematiese onderrig in te faseer.

## 4. FOKUSAREAS

**4.1** In die lig van die fokus in die missiestelling op die omvattende heling en ontwikkeling van die samelewing geplaas word, is die fokus van die Kollege steeds die volgende:

**4.1.1** Die ondersteuning van geloofsgemeenskappe se dienswerk in die samelewing;

**4.1.2** Dienslewering ter bevordering van die maatskaplike welsyn van die samelewing.

**4.2** Alhoewel die huidige kursusaanbod fokus op beroepsopleiding in hierdie twee fokusareas, ontwikkel die Kollege tans korter kursusse wat daarop gemik is om lidmate te bemagtig vir hulle dienswerk in die samelewing. Dit word ook beplan om binnekort spesialis-kursusse gereed te hê met die oog op voortgesette beroepsontwikkeling.
**4.3** Hugenote Kollege glo dat hy deur sy werk op hierdie twee terreine ’n bydrae maak tot die koms van God se Koninkryk, wat uiteraard die Kollege se eintlike fokus is.

## 5. OPLEIDING MET DIE OOG OP MISSIONALE KERKWEES

**5.1** In die nadenke oor sy fokus het dit vir die Kollege duidelik geword dat die besinning oor missionale kerkwees ook implikasies vir teologiese opleiding en die toerusting van lidmate het. Hugenote Kollege wil teologiese opleiding wyer verstaan as net die akademiese opleiding van predikante en is van mening dat lidmate ook teologies geskool moet word vir hulle dienswerk in die gemeente en in die gemeenskap.
**5.2** Dit raak ook al duideliker dat daar in gemeentes plek is vir meer werkkragte met teologiese opleiding aanvullend tot hulle spesifieke professionele opleiding (kyk die verslag insake teologiese opleiding vir meer inligting in die verband)
**5.3** Die Kollege oordeel dat hy in dié opsig ’n bydrae kan maak deur ’n alternatiewe baan van teologiese opleiding te ontwikkel waardeur lidmate en/of werkkragte teologies geskool kan word.
**5.4** Met die oog hierop het die Kollege die Moderamen versoek om lid te wees van die Algemene Kuratorium. Die Moderamen het voorlopige waarnemerstatus aan die Kollege verleen.

## 6. TEOLOGIESE VERTREKPUNTE

**6.1** In die ontwikkeling van die verskillende kursusse sluit die Kollege nou aan by die missionale teologie en by die siening dat diens en getuienis twee kante van die een sending van die kerk is.
**6.2** Al die kursusse wat die Kollege ontwikkel rus op die basis dat God Drie-enig die Skepper van die ganse heelal is. In Jesus Christus se sterwe en opstanding het dié God begin met die herskepping hiervan en deur die werk van die Heilige Gees roep Hy Sy kinders en rus Hy hulle toe om Sy medewerkers te wees wat betrokke is in die koms van Sy koninkryk.
**6.3** Aansluitend hierby word daar weekliks in die Kollege aandag gegee aan die roepingsbewustheid en missionale vorming van die leerders. Leerders word ook weekliks betrek by sessies wat fokus op die ontwikkeling van interkulturele vaardighede en ’n sensitiwiteit vir mense as skepsels van God.

## 7. LEERDERSTATISTIEK

| | 2012 | 2013 |
|---|---|---|
| B. SW (Maatskaplike Werk) | 57 | |
| M Diac (Maatskaplike Werk) | 3 | |
| D Diac (Maatskaplike Werk) | 2 | |
| Sertifikaat in Gemeenskapsontwikkeling (NKR vlak 4) | 88 | 26 |
| Sertifikaat in Kinder- en Jeugsorg (NKR vlak 4) | | 34 |
| Sertifikaat in Maatskaplike Hulpwerk (NKR vlak 4) | | 123 |
| Sertifikaat in Teologie en Bediening (NKR vlak 4) | | 15 |

## 8. VERHOUDING MET FAMILIE VAN NG KERKE

**8.1** Hugenote Kollege is ’n werksaamheid van die Algemene Sinode van die NG Kerk. In 1994 het die Algemene Sinode die Kollege se konstitusie verander om voorsiening te maak dat die Algemene Sinode van die VGKSA ook sittingsreg in die Kollegeraad kon hê.
**8.2** Alhoewel die Kollege steeds erken dat die Algemene Sinode die primêre prinsipaal van die Kollege is, aanvaar die Kollege dat hy in diens van die familie van NG Kerke staan. Die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG) is daarom vir Hugenote Kollege ’n belangrike struktuur aangesien dit ’n goeie ruimte bied waar die Kollege die vier kerke se denke en behoeftes kan leer ken. Die Kollege sou derhalwe graag wou sien dat die Algemene Sinode ’n reëling tref waarvolgens die Kollege se skakeling met die VDDG meer formeel kan wees.
**8.3** Die Kollege is egter nie eksklusief gerig op die behoeftes van die NG Kerke nie, maar wil graag die kerk van die Here Jesus in Suider-Afrika bedien. Die Kollege se leerderprofiel weerspieël dit reeds baie duidelik. Al die kursusse word met dié doel ontwikkel en dit word ook so bemark.

## 9. VERHOUDING MET ANDER MAATSKAPPYE/NETWERKE IN DIE FAMILIE VAN NG KERKE

**9.1** Kragtens die Akte van Oprigting van Hugenote Kollege is die Algemene Sinode, saam met die Algemene Sinode van die VGKSA, die Sinode van die NG Kerk in SA, die NG Kerk Wellington en die VGKSA Wellington die lede van die maatskappy. Hugenote Kollege sien homself as 'n agent, of meer spesifiek, 'n opleidingsinstansie, vir die familie van NG Kerke. Die Kollege wil graag dié familie, maar ook die ekumeniese kerk bedien en is deel van die gesprekke met ander maatskappye en netwerke in die familie van NG Kerke oor groter samewerking
.

## 10. SLOT

By die Kollege staan ons telkens verwonderd oor dit wat die Here besig is om met die Kollege te doen. Die talle geleenthede wat oopgaan maak ons baie opgewonde en dit bly ons gebed dat die Here self daagliks die Kollege op dié pad wat Hy uitkies sal neem.

Al die eer aan ons Koning, Jesus Christus.

## 11. AANBEVELING: HUGENOTE KOLLEGE

**Die Algemene Sinode wysig die Reglement vir die Algemene Kuratorium (Reglement 9) om daarvoor voorsiening te maak dat Hugenote Kollege 'n permanente lid van die Algemene Kuratorium sal wees met twee verteenwoordigers.**

# B. BESKRYWINGSPUNTE EN BESWAARSKRIFTE

## B.1 ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (ABR)
**(NOORD-KAAPLAND)**
**BESKRYWINGSPUNT**

1. *Die Sinode van Noord Kaapland het volle begrip:*
*1.1 dat 'n bevoegdheidsregister na behore deur 'n sentrale liggaam geadministreer moet word. (Reglement 8, 3.1.3)*
*1.2 dat die administrasie van VBO-krediete ook onder hierdie liggaam kan ressorteer (Reglement 8, 3.1.4) as 'n diens aan ringe.*
*1.3 dat genoemde liggaam tersaaklike inligting aan kerklike vergaderings en aan die Jaarboek verskaf (Reglement 8, 3.1.9).*
*Die Sinode van Noord Kaapland is tevrede dat dit deel van die taakomskrywing van 'n sentrale liggaam moet wees.*

2. *Die Sinode van Noord-Kaapland versoek egter die Algemene Sinode om as uitgangspunt te handhaaf dat bevoegdheid van bedienaars van die Woord slegs deur die Algemene Sinode verleen of ontneem word op aanbeveling van die Kuratoria en ringe*.

3. *Die Sinode van Noord-Kaapland is oortuig dat onderstaande nie by 'n sentrale liggaam tuishoort nie:*
*3.1 <u>Tug en/of dissiplinêre aangeleenthede</u>.*
*Dit hoort tuis by ringe, sinodale kerkorde-/regskommissies en die Algemene Taakspan Regte.*
*Die Sinode van Noord-Kaapland versoek die Algemene Sinode om die volgende in Kerkorde Reglement 8 te skrap:*
*3.1.5 Instandhouding van 'n ondersoekregister*
*3.1.6 Advies aan streeksinodes en ringe*
*3.1.7 Opleiding en toerusting*
*3.1.8 Advies aan ondersoekliggame en*
*3.1.10 Advies oor die herstel van bevoegdheid*

3.2 *<u>Standplaaswisseling</u>.*
*Dit hoort tuis by kerkrade en ringe. Die Algemene Taakspan: Predikantebegeleiding kan 'n koördinerende funksie vervul.*
*Die Sinode van Noord-Kaapland versoek die Algemene Sinode om Kerkorde Reglement 8, 3.1.11 te skrap.*

3.3 <u>Vergoedingspakkette van bedienaars van die Woord</u>.
Dit hoort tuis by die Algemene Taakspan Fondse.
Die Sinode van Noord-Kaapland versoek die Algemene Sinode om Kerkorde Reglement 8, 3.1.12 te skrap.

4. *In die lig van bostaande wysig die Algemene Sinode Artikel 6 om te lees:*
*Die verlening van bevoegdheid om as bedienaar van die Woord beroep te word, óf die beëindiging daarvan, geskied namens die Algemene Sinode deur die Algemene Taakspan Regte slegs op aanbeveling van Kuratoria en Ringe.*

**MOTIVERING**
**1. Opdragte/funksies van die ABR**
Die ABR kan hoogstens 'n **administratiewe rol** met betrekking tot die instandhouding van 'n bevoegdheidsregister (3.1.3) speel.
Hierdie nuwe opdrag/funksie is gewens en waarskynlik nodig. Hierdie funksie is hoogstens administratief van aard, (3.1.9) en sluit die verskaffing van tersaaklike inligting aan kerklike vergaderings en die *Jaarboek* oor bedieningsbevoegdheid van proponente, bedienaars van die Woord en emeriti in. Die aanteken van VBO-krediete in die lêer van bedienaars van die Woord (3.1.4) is eweneens gewens en waarskynlik nodig.

Kyk 'n mens egter na die opdrag/funksies (buiten bg administratiewe funksie) van die ABR soos in Reglement 8, 3 uitgespel, blyk dit dat:
1. 'n Hele aantal daarvan is voorheen deur aktuarii of die ATR verrig. Hieronder val:
3.1.1 legitimasie;
3.1.2 opskorting of ontneming van bedieningsbevoegdheid;
3.1.6, 3.1.8, 3.1.10 gee van allerlei kerkregtelike adviese.
**Die Sinode van Noord-Kaapland is oortuig dat die vorige stelsel baie goed funksioneer het en bogenoemde terug moet skuif na die liggame wat daardie funksies in die verlede verrig het.**

2. Voorgestelde vergoedingspakkette van bedienaars van die Woord was voorberei deur kundiges op finansiële gebied van die Algemene Taakspan Fondse. Die ABR beskik nie noodwendig oor daardie kundigheid nie en 3.1.12 behoort glad nie deur die ABR hanteer te word nie.

3. Die instandhouding van die ondersoekregister van alle tug-, dissiplinêre en appèlsake (3.1.5) is uiters ongewens en waarskynlik onmoontlik om op te stel. Rekords van alle tug en dissiplinêre sake is vertroulik en sensitief. Die ABR kan nie hierdie inligting bekom sonder die toestemming van die indiwidu en/of betrokke kerkvergadering nie.

4. Soos Reglement 8 tans lui, herinner dit sterk aan die voorgestelde kerklike tribunale wat deur die Algemene Sinode verwerp is.

**2. Knelpunte ten opsigte van die huidige samestelling en funksionering van die ABR**
Nêrens in Reglement 8 word die duidelik intensie van die ABR omskryf nie:
2.1 Volgens Reglement 8, 2.1 is die intensie van die ABR aan die een kant die *"...begeleiding van bedienaars van die Woord..."*, maar by die opdrag (Reglement 8, 3) blyk dit aan die ander kant dat die eintlike intensie van die ABR dié van 'n werkgewersorganisasie is.
2.1.1 Wil die kerk werklik 'n werkgewersorganisasie hê?
2.1.2 Indien wel, behoort werknemers dit nie te finansier nie?
Die voorstel voor die Algemene Sinode 2011 dat die fooi R500 per predikant moet wees, is verwerp. Sonder om vooraf 'n begroting op te stel, besluit die ASM, op 'n lukraak wyse, weereens om die bedrag by R500 te hou – in stryd met die besluit van die Algemene Sinode!
***Besluit ivm die ABR:***
***ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD –** (A.12 Regte bl. 279 pt 2.8.5.7) – **nie goedgekeur nie***
*Die Algemene Sinode besluit om die aanvanklike registrasiefooi soos volg vas te stel: Bedienaars van die Woord en proponente in voltydse betrekkinge: R500 per jaar; Bedienaars van die Woord en proponente in deeltydse betrekkinge: R100 per jaar; Proponente sonder 'n betrekking, emeriti en teologiese studente: R50 per jaar.*
*2.2* Registrasiefooi en begroting. Aangesien só 'n sentrale liggaam slegs 'n administratiewe funksie het (soos hierbo aangedui) is 'n voltydse pos met 'n sekretaresse nie geregverdig nie.
*2.3* Prosedure: Die Algemene Sinode is 'n sinode van sinodes. Kerkrade en al die gelegitimeerdes is nie op die Algemene Sinode verteenwoordig nie. Al die bedienaars van die Woord en kerkrade wat deur die ABR geraak word, is nie in die proses geken nie, maar daar word van hulle verwag om in te koop in 'n raad wat hulle as ongewens beskou.

## B.2 ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (ABR)
**(OOS-KAAPLAND)**
**BESWAARSKRIF**

Terwyl die Sinode van Oos-Kaapland met dankbaarheid kennis neem van die poging tot verbeterde administrasie rondom die legitimasie en bevoegdheid van leraars met die totstandkoming van die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR), is daar groot kommer rondom die uitvoerbaarheid en teenstrydigheid wat voorkom ten opsigte van die taak en opdrag van die ABR.

*Die ASM word hiermee versoek om weer opnuut na die funksie en taak van die ABR te kyk en om implementering van registrasie uit te stel tot met die Algemene Sinode van 2013.*

**Die volgende dien as motivering vir hierdie beswaarskrif:**
* Dit sal die personeel van die ABR kans gee om te verseker dat leraars en kerkvergaderinge die funksie en doel van die ABR verstaan.
* Wie verteenwoordig die ABR? Indien die taak van die ABR is om leraaradministrasie en -versorging te hanteer, kan die ABR objektief advies en hulp gee aan meerdere vergaderinge in tug- en appèlsake?
* As leraars betaal vir die dienste, soos voorgestel deur die ABR, is dit eties dat dit kommissie is van die werkgewer, naamlik die kerkverband?
* Indien die ABR betrek word in 'n arbeidsgeskil, is sy rol dié van leraarsverteenwoordiger, 'n ombudsman of 'n adviesliggaam vir die betrokke kerkvergadering?
* Wat behels die term "op die terrein(e) van begeleiding van die bedienaar van die Woord" in Reglement AS8.2.1?
* Wie betaal die jaarlikse registrasiefooi (Reglement AS8.5.3)? Daar is 'n wesenlike aantal predikante in die Oos-Kaap wat nie volgens ATF-riglyne vergoed word nie en dit moeilik sou vind om hierdie fooi te betaal. Die sinode skaal af terwyl die Algemene Sinode superposte skep.

* Is daar enige skeiding tussen die funksies van die ATR en die ABR (Reglement AS8.3.1.6 tot AS8.3.1.8)?

## B.3 DIE BEDIENING VAN BEVRYDING
**(GEMEENTE WONDERBOOM-SUID)**
**BESWAARSKRIF**

Die Algemene Sinode het onder andere soos volg besluit by sy pasafgelope sitting (2011):
7. Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.

**VOORSTEL:**
*Dat hierdie besluit geskrap word.*

**MOTIVERING:**
Die Algemene Sinode skep hiermee ruimte vir persone wat die bestaan van die duiwel ontken en verwerp en:
1. dit bring die akkuraatheid en waarheid van die Bybel in die gedrang.
2. dit is godslasterlik en bring die persoon en goddelikheid van Jesus Christus in die gedrang.
3. dit plaas ons Belydenisskrifte in die gedrang.
4. dit laat die vraag ontstaan waarom dieselfde (nog) nie ook met die bestaan van God en die engele gedoen moet word nie.
Hiermee kan die kerkraad hom glad nie vereenselwig nie. Die gegewens hieronder toon aan dat die kerk nie bestaansruimte aan hierdie afwykende siening ivm die duiwel en demone/bose geeste durf gee nie:

**1. Die geloofwaardigheid van die Bybel:**
Om die bestaan van die duiwel te ontken, is ’n direkte aanslag op die geloofwaardigheid van die Bybel aangesien die Bybel van die boek Genesis tot Openbaring getuig dat die duiwel ‘n persoon is. Voorbeelde hiervan is:
1.1 **Gen. 3:** Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra:
“Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?”
1.2 **Joh.8:44:** Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af ’n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is ’n leuenaar en die vader van die leuen.
1.3 **Ef. 6:7:** Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.
1.4 **Op. 20:2** Hy het die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, gegryp en hom vir duisend jaar vasgebind

Die duiwel het al die kenmerke van ’n persoon:
* Hy het intellek (is listig, mislei en versoek).
* Hy kan (im)morele besluite neem.
* Hy is ’n moordenaar en lieg.
* Hy het ’n wil.

**2. Godslasterlik:**
Om die bestaan van die duiwel te ontken, is godslasterlik om die volgende redes:
2.1 Jesus het aan sy dissipels vertel dat die duiwel in die woestyn met hom in gesprek gegaan het. Dit is opgeteken in die Woord van God in die drie sinoptiese Evangelies.
2.2 Jesus beskryf die duiwel as ’n leuenaar en ’n moordenaar:
**Joh.8:44:** Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af ’n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is ’n leuenaar en die vader van die leuen.
2.3 Indien die duiwel nie sou bestaan nie, beteken dit dat Jesus óf ’n leuenaar is óf geestelik versteurd is. Sy ontmoeting in die woestyn met die duiwel was dus bloot ’n hallusinasie.
2.4 Aangesien ons bely dat Jesus God is, sal die ontkenning van die duiwel as reële persoonlike wese ’n weerspreking van Christus wees – en dus godslasterlik in die ergste graad.

**3. Om die bestaan van die duiwel te ontken, is 'n verwerping van die geloofsbelydenisse waarop ons kerk gebou is.**

**Die Heidelbergse Kategismus**

**1 Vraag: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?**

Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos(e). Hy bewaar (f) my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe (i) en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

**9 Vraag: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?**

Antwoord: Nee (a), want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen (b). Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel (c) en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

**32 Vraag: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?**

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

**34 Vraag: Waarom noem jy Hom ons Here?**

Antwoord: Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie, maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het (a).

**112 Vraag: Wat eis die negende gebod?**

Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê (a), niemand se woorde verdraai (b), nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie (c), niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie (d). Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel (e) se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring (f) nie. In regsake en in alle ander handelinge moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely (g). My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder (h).

**123 Vraag: Wat is die tweede bede?**

Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (a). Bewaar u kerk en laat dit groei (b). Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word (c), totdat die volkomenheid van u ryk kom (d), waarin U alles in almal sal wees (e).

**127 Vraag: Wat is die sesde bede?**

Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie beswyk (e) nie, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal (f).

**Die Nederlandse geloofsbelydenis**

**Artikel 12**

Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het. Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien. Sommige van die engele het uit die verhewenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf verval, maar die ander het deur die genade van God in hulle toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het so ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is. Soos moordenaars loer hulle op die kerk – ook op elke lidmaat – om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

**Die dwaalleer dat die duiwel nie bestaan nie is godslasterlik, destruktief en vernietig geloof. As Jesus 'n leuenaar of misleide was soos hierdie dwaalleraars by implikasie beweer, waarom kom ons dan nog kerk toe?** Hoe kan ons dan glo dat Hy vir ons sondes gesterf het? Wat bly oor van ons geloof en verlossing as ons die Bybel na willekeur interpreteer?

**4. Moet God en die engele ook tot nie-reële, onpersoonlike (non)entiteite ontmitologiseer word?**
Indien die duiwel en sy demone se reële, persoonlike bestaan ontken word of ontmitologiseer moet word om slegs maar onpersoonlike en blinde metafisiese afbrekende kragte wat in die menslike wêreld invloed uitoefen, voor te stel, ontstaan die vraag dadelik: Waarom word dieselfde nie ook met God en sy engele gedoen nie? Waarom moet God en sy engele anders verstaan en eksegeties hanteer word as die Bybel se gegewens oor die duiwel en sy demone? Dit is immers nie konsekwente hermeneutiek nie!

Die kerkraad vermoed dat die voorstaanders van die gedagte dat die duiwel en sy engele nie regtig bestaan as persoonlike wesens in opposisie teenoor God en sy engele nie, graag net eers hierdie standpunt erken wil kry sodat daar later die volgende logiese tree gegee kan word, naamlik om dieselfde met God en sy engele te doen. Uiteindelik sal die Christelike geloof dan verander word in 'n mooi stukkie moraliteit waarin heilsame, menslike lewenswaardes en gesonde menseverhoudinge aangeleer word as deel van die sogenaamde ware lewenskuns – sonder dat die plaasvervangende versoeningswerk van Jesus Christus aan die kruis nog enigsins as relevant beleef sal word. Jesus sal ons die ware lewenskuns leer – en alles sal oor liefde, deernis, diens en medemenslikheid gaan. Die ewige lewe in die hiernamaals sal ook vergeestelik word en vervang word met die enigste werklikheid in die hiernoumaals. Hierdie moontlikheid is nie net ’n teoretiese moontlikheid nie – daar funksioneer al net in Pretoria meer as een “gemeente” onder leiding van voormalige leraars wat hierdie roete gevolg het! (Dank die Here – dis nie gemeentes van die NG Kerk nie!).

Hierdie kerkraad kan hom beslis nie versoen met die gedagte dat daar doelbewus of by wyse van onkunde ruimte geskep mag word vir sulke afwykende standpunte omtrent die duiwel en sy demone as nie-reële, onpersoonlike invloede nie aangesien dit geleentheid bied vir 'n geestelike en teologiese kanker om rustig – met die seën van die Algemene Sinode – voort te vreet aan die gesonde Bybelse geloofsoortuigings van ons lidmate. Die tolerering van hierdie onbybelse siening oor die duiwel en demone sal uiteindelik 'n domino-effek hê waardeur meer en meer lidmate in verwarring en geloofsvertwyfeling selfs oor die realiteit van God gebring sal word. Daar was destyds baie goeie redes waarom die ontmitologisering van die Bybel – soos voorgestaan deur Rudolf Bultmann en kie - baie sterk afgewys is deur ons kerk. Wat het verander dat hierdie ou dwalinge nou asiel in ons hoogste kerklike vergaderings mag kry? As die kerk sy stem nie teen hierdie dwaalrigting gaan laat hoor nie, is die dood in die pot!

**VERSOEKE:**
*1. Hiermee versoek die Sentrale Kerkraad van die NG Gemeente Wonderboom-Suid dus dat bogenoemde sinodebesluite **geskrap** sal word omdat dit duidelik ruimte skep vir standpunte wat nie op die Skrif gefundeer is nie en die eer van God aantas.*
*2. Voorts versoek die Sentrale Kerkraad u ook om ’n **skriftelike antwoord** op hierdie appél te ontvang, sodat die kerkraad aan ons lidmate kan kennis gee van die Algemene Sinode se gewilligheid (al dan nie) om konsekwente Bybelse leiding te gee aan sy lidmate oor reg en verkeerd in ’n wêreld wat toenemend besig is om in relatiwisme weg te sink*.

## B.4 DIE BEDIENING VAN BEVRYDING
**(NOORD-KAAPLAND)**
**BESKRYWINGSPUNT**

*Die Ned Geref Kerk in Noord-Kaapland het tydens haar sitting van 15 tot 18 Oktober 2012 besluit dat die volgende beskrywingspunt na die algemene sinode gestuur word met die versoek om die formulering van die Algemene Sinode se besluit dienooreenkomstig te wysig*:

*Die Sinode besluit om die laatbeskrywingspunt soos gewysig, te bespreek.*

*Die Sinode besluit dat die bestaande formulering (Sien Handelinge Algemene Sinode, punt 18 Bediening van bevryding, A.10 Leer en Aktuele Sake, Bylaag 2, bladsy 187, punt 14) wat as volg lui:*
*“14.7 Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar ’n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.”*
*gewysig word om te lees:*
“Die Algemene Sinode is bewus van die werklikheid dat daar ’n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Om die werklike en wesenlik persoonlike aard van die duiwel te aanvaar, sonder om daardeur die boosheid in die mens self, in owerhede, strukture, magte ensovoorts te ontken, is die Bybelse posisie en word ook so in die belydenisskrifte voorgehou en deur die NG Kerk aanvaar.”

## B.5 DIE BEDIENING VAN BEVRYDING
**(OOSTELIKE SINODE)**
**BESKRYWINGSPUNT**

**VERBETERINGSVOORSTEL IN VERBAND MET DIE 2011-BESLUIT 28 OOR DIE BEDIENING VAN BEVRYDING**

**FORMULERING**
*Die Sinodale Diensraad versoek die Algemene Sinode om punt 28.7 van die besluit oor die bediening van bevryding soos volg te wysig:*
*Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ~~ruimte vir~~ lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ~~ruimte vir~~ lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.*

**MOTIVERING**
1. Die besluit van die Algemene Sinode het die bedoeling van die verslag weerspieël, naamlik om praktiese riglyne oor die *Bediening van bevryding* te gee.
2. Saam met die praktiese riglyne oor die bediening van bevryding word bely dat Jesus Christus die oorwinnaar oor die bose in al sy vorme is, vergelyk besluit 28.1.
3. Die Algemene Sinode het dus nie 'n standpunt oor die persoon van die duiwel en die bose gestel nie. Daar word praktiese riglyne gegee oor die bediening van bevryding in mense se lewens.
4. Punt 28.7 van die besluit noem slegs die wye diversiteit van interpretasies van die lidmate, sonder om elke interpretasie te ondersoek en 'n bevinding daaroor te maak. Indien *ruimte vir* bygevoeg word, word 'n uitspraak gemaak dat die sieninge in orde is. Dit is meer as wat die bedoeling van die verslag is en kan lei tot teenstrydige interpretasies van die besluit van die Algemene Sinode.

## B.6 DIE BEDIENING VAN BEVRYDING
**(DOORNKLOOF FAMILIEKERK)**
**BESWAARSKRIF**

Punt 7 van die 2011-verklaring oor bevryding en demone bevat woorde van onduidelikheid omrede dit twee gelyke posisies bevat. Ons stel voor dat daar 'n klemverandering moet kom en 'n besliste voorkeurkeuse gemaak word. Daar is ruimte vir verbetering. Die Kerkraad van Doornkloof Familiekerk stel die volgende bewoording voor:
*7. Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is beslis ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is tog ook ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer, maar eersgenoemde is die NG Kerk* se *standpunt gegewe die inligting in die Bybel en die belydenisskrifte.*

## B.7 DIE BEDIENING VAN BEVRYDING
**(SINODE HOËVELD)**
**BESWAARSKRIF**

**1. AANBEVELING**
Die Algemene Sinode besluit om die volgende paragraaf (punt 7) in sy besluite oor die Bediening van Bevryding te skrap:

*"Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. <u>Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer".</u>*

**2. GRONDE VIR DIE BESWAAR**
**2.1 HIERDIE BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE IS IN STRYD MET DIE BYBEL**.
Die Sinode wil ruimte maak vir mense in die kerk wat oor *<u>die werklike en persoonlike aard van die duiwel</u>* ander standpunte huldig. Die woord "*werklik*" impliseer dat daar ruimte gemaak word vir mense wat glo dat die duiwel en demone nie "*werklik*" bestaan nie. Uit die woorde "*persoonlike aard*" moet die afleiding gemaak word dat die Sinode ruimte maak vir mense wat nie glo dat die duiwel en bose geeste persoonlike wesens is nie.

Die gedagte dat die duiwel nie werklik bestaan nie en ook nie 'n persoonlike wese is nie, is pertinent in stryd met die duidelike en deurlopende getuienisse in die Bybel. Die **Evangeliste** berig dat Jesus met die duiwel in gesprek was in die woestyn en dat die duiwel Hom daar versoek het. **Jesus** praat self verskeie kere direk met die duiwel en met bose geeste. Mens wil nie eens die lasterlike gedagte te berde bring dat Jesus met sy "innerlike boosheid" in gesprek sou wees nie. **Vir die apostels** was die duiwel en bose geeste sonder twyfel ook werklike persoonlike wesens wat ons grootste vyand is en met wie ons deeglik rekening moet hou. **As Paulus** in bv Rom 8:38; 1 Kor 15:24; Ef 1:21; Ef 3:10; Kol 2:10,15, herhaaldelik terme soos "mag", "krag" en "gesag" gebruik, bedoel hy sekerlik dieselfde demoniese kragte, waarmee hy te doene gehad het in Hand 16:16-18 (waarsêersgees) en Hand 19:11-16 (bose geeste). **Petrus** (2 Pet 2:4) **en Judas** (vers 6 en 9) is albei baie duidelik in hulle verstaan van die duiwels as werklike persoonlike wesens in die geesteswêreld. **Johannes** praat in Openbaring 20:2 van "die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is". Dit is duidelik dat Johannes in die metafore wat hy vir die bose gebruik, die karakter van 'n persoon of persone aandui.

Die Bybelskrywers het die duiwels waarvan hulle geskryf het, dus onteenseglik as persoonlike wesens beskou. Die skrywers van die verslag aan die Algemene Sinode het in gebreke gebly om te wys hoe die betrokke Skrifgedeeltes hermeneuties anders verklaar kan word as die ooglopende en algemeen erkende verstaan van die Bybel.

**2.2 HIERDIE BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE IS IN STRYD MET ONS BELYDENISSKRIFTE**

In Artikel 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons baie duidelik as volg oor die werklike bestaan en ook die persoonlike aard van die duiwels en bose geeste: "*Sommige van die engele het uit die verhewenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf geval,... Die duiwels en bose geeste het so ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is. Soos moordenaars loer hulle op die kerk—ook op elke lidmaat—om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie".*

Sien ook: Nederlandse Geloofsbelydenis Artikels 12; 13; 14; 34; 37; Heidelbergse Kategismus Vrae 1,9,31,34,112,123,127 en Dordtse Leerreëls Hoofstukke 1.7; 3.1; 4.7; 5.3; 5.4 en 5.15.

**2.3 HIERDIE BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE IS IN STRYD MET DIE EEUE OUE GEREFORMEERDE UITLEG VAN DIE SKRIF**.

In **Johannes Calvyn** se bekende "***Institusie van die Christelike Godsdiens*"** vind ons 'n goeie samevatting van wat die gereformeerde kerke deur die eeue oor die Satan, duiwels en bose geeste geglo en bely het. Die paragraaf hieronder gaan spesifiek oor die verwerping van die dwalinge wat die werklike en persoonlike aard van die Satan en duiwels ontken (soortgelyke bewyse sou uit vele ander standaard gereformeerde werke aangehaal kon word):

**"Die opvatting dat die duiwels bose gevoelens of emosies is, het geen skriftuurlike gronde nie.**

*Maar soos ons vroeër[126] die sinlose filosofie in verband met die heilige engele weerlê het omdat die leer dat die engele niks anders as ingewings of goeie vermanings is wat God in die verstand van die mens verwek nie, en so moet ons die mense nou weerlê wat die onsin kwytraak dat duiwels niks anders as bose gevoelens of emosies, wat deur ons eie vlees in ons teweeggebring word, is nie.[127] Dit kan ons egter baie bondig doen, omdat daar baie en genoegsaam duidelike getuienis [(OC 131)] hieroor in die Skrif bestaan.*

*In die eerste plek, wanneer hulle onrein geeste en afvallige engele genoem word wat van hulle oorsprong af ontaard het,[128] dan druk hierdie woord al genoegsaam uit dat hulle nie gemoedsteurnisse of emosies is nie, maar dat hulle in werklikheid eerder, soos gesê word, verstande of geeste is wat met gevoel en intelligensie bedeel is.*

*Net so is dit wanneer die kinders van God deur Christus sowel as Johannes met die kinders van die duiwel vergelyk word.[129] Sou dit dan nie 'n sinnelose vergelyking gewees het as die woord duiwel niks anders as bose ingewings sou aandui nie? Johannes voeg selfs nog ietwat duideliker daaraan toe dat die duiwel van die begin af sondig.[130]*

---

126 ***Inst.* 1.14.9.**

127 **Calvyn, *Contre la secte phantastique et furieuse des Libertins* 12, 23 (OC 7:181, 228).**

128 **(Jud. :6). Afr. vert.: "… die engele wat hulle eie beginsels nie bewaar het nie …".**

129 **Marg. *Iohan. 7.f.44. Iohan. 3.b.10.***
**Vgl. ook 1 Joh. 8:44, 3:10**

130 **Marg. *1. Iohan. 3.b.8.***

*Net so is dit wanneer Judas die aartsengel Migael in sy stryd met die duiwel voorstel.*[131] *Hy stel 'n bose afvallige engel teenoor 'n goeie engel. Dit* [(OS 170)] *wat ons in die geskiedenis van Job lees, stem ook hiermee ooreen, naamlik dat die Satan saam met die heilige engele voor die aangesig van God verskyn het.*[132] *Die duidelikste van al die verwysings is egter dié wat melding maak van die straf wat hulle deur die oordeel van God begin ervaar en wat hulle in besonder in die opstanding sal ervaar: "Seun van Dawid, waarom het U gekom om ons voor die tyd te pynig?"*[133] *En net so: "Gaan weg van my, julle vervloektes, in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele berei is."*[134] *Verder: "As Hy sy eie engele nie gespaar het nie, maar hulle in kettings geboei en in die duisternis gewerp het om hulle vir die ewige verdoemenis te bewaar", ensovoorts.*[135]

*Hoe dwaas sou die uitsprake dan nie wees dat die duiwels vir die ewige oordeel bestem is, dat 'n vuur vir hulle berei is en dat hulle nou alreeds deur die heerlikheid van Christus gefolter en gepynig word, as daar dan glad geen duiwels was nie? Maar omdat die onderwerp geen bespreking nodig het onder die mense wat in die Woord van die Here glo nie, en omdat die getuienis van die Skrif weinig voordeel inhou onder mense wat ydel daaroor spekuleer omdat niks anders as nuwighede hulle vermaak nie, lyk dit tog vir my asof ek gedoen het wat ek wou, naamlik om godvrugtige verstande teen sulke waansinnighede waarmee onrustige mense hulleself en ook sommige eenvoudiges versteur, toe te rus. Dit was ook die moeite werd om hierdie onderwerp aan te roer om te verhoed dat mense wat in hierdie dwaling verstrik is, traer en onverskilliger word om teen hom weerstand te bied wanneer hulle dink dat hulle geen vyande in hom het nie".*

**2.4 HIERDIE BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE IS IN STRYD MET DIE SINODE SE EIE BESLUITE**
Sien bv Besluit 1 in dieselfde verslag: "*Die Algemene Sinode bely met blydskap die oorwinning van Jesus Christus oor al die manifestasies van die duiwel, bose magte, boosheid en kwaad in hierdie wêreld.* En ook Besluit 4 waar daar staan dat: *die Bose gelowiges steeds bedreig soos 'n brullende leeu en versoek soos 'n engel van die lig".* Kan hierdie woorde hoegenaamd ernstig opgeneem word as die Sinode net daarna ruimte maak vir mense wat die saak anders sien?

**2.5 HIERDIE BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE MINAG ONS LIDMAATBELOFTE EN ANDER FORMULIERE**
Die Sinode minag met hierdie besluit die belydenis wat ons herhaaldelik van lidmate verwag om af te lê: "*Glo jy dat die leer, soos in die Ou en Nuwe Testament en in die belydenisskrifte van ons kerk vervat is, en in die gemeente hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?"* Dit gebeur by belydenis van geloof en die doop. By bevestiging van leraars, proponente, kerkraadslede en gemeenteleiers kom ook nog die woorde voor: *Verwerp jy alle leringe wat daarmee in stryd is?* Die besluit druis ook in teen die plegtige legitimasieverklaring van leraars waar van leraars verwag word om te onderneem: "*dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die kerk te weer".*

**2.6 HIERDIE BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE SKEP RUIMTE VIR ERNSTIGE DWAALLEER**
Die Sinode het met sy besluit om ruimte te maak vir 'n siening dat die duiwel nie werklik en persoonlik is nie, die deur oopgemaak vir 'n dwaalleer in die kerk. Dit is nie 'n ligtelike saak nie. Leraars wat die Bybel op eiesinnige wyse interpreteer, kry met hierdie besluit kerklike sanksie om verkeerde leringe in die prediking te verkondig. Die bestaan van die duiwel as die teenstander van God en mens het groot implikasies vir die Christen se uitkyk op die lewe. Dit raak ons persoonlike geloofslewe. Dit raak ons verstaan van die kerk se stryd in die wêreld (Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie - Ef. 6:12).
Moet ons aflei dat die Sinode hiermee ook ruimte maak vir mense met 'n Oosterse *Yin-Yang* beskouing? Volgens hierdie beskouing is donker en lig twee onpersoonlike kragte wat altyd teenoor en naas mekaar bestaan. As die duiwel nie 'n "persoonlike aard" het nie, is hy nie meer "iemand" nie, maar "iets". Ons vra nie meer na "wie" nie, maar na "wat". As die kerk sy vyand nie meer ken nie het ons die stryd van die begin af verloor.

**2.7 HIERDIE BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE IS KERKREGTELIK EN JURIDIES ONGELDIG**
Die Sinode het juridies en kerkregtelik nie die bevoegdheid om sonder 'n tweederdemeerderheid plus tweederde instemming van alle kerkrade en streeksinodes besluite te neem wat in stryd is met sy eie belydenis nie (KO art 44.1). Hierdie besluit is dus ***ultra vires*** en daarom kerkregtelik en juridies ongeldig.

---

**Vgl. ook 1 Joh. 3:9–10.**
131 **Marg. *Iudae. b.9.***
132 **Marg. *Iob. 1.b.6, & 2.a.1.***
133 **Marg. *Matt. 8.d.29.***
134 **Marg. *Ibidem. 25.d.41.* Matt. 25:41.**
135 **Marg. *2. Pet. 2.a.4.***



Inhoudsopgawe

## B.8 DIE BEDIENING VAN BEVRYDING
**(OOS-LONDEN-WESHEUWELS)**
**BESWAARSKRIF**

**BESWAAR teen PUNT 7 van die BESLUITE RONDOM DIE BEDIENING VAN BEVRYDING: ALGEMENE SINODE 2011**

Die NG Gemeente Oos-Londen-Wesheuwels is oortuig dat die besluit eerstens teenstrydig is met die Bybel, die Woord van God, en tweedens met Artikel 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

**1. DIE BYBEL**
Die Bybel leer ons van die bestaan van die Duiwel en van bose geeste net soos van die bestaan van die engel Gabriël en engele. Die Bybel is die Woord van God en ons, as belydende lidmate van die NG Kerk, het nie ruimte om te kies of ons in een of die ander kan glo nie.
*(Matt* 4; *Matt* 25:41; *Joh* 8:44; *Op* 4:11; *Kol* 1:16; *Hand* 5:3; *Jes 40:26; Luk 1:19; Luk* 1:26; *Matt* 12:24; *Luk 11:18; Matt 25.31.)*

**2: NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS**
**2.1** Volgens Artikel 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis glo en bely die NG Kerk en al sy lidmate dat God in die Skepping elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms gegee het.
**2.2** In punt 7 van besluite rondom die bediening van bevryding verklaar die Algemene Sinode 2011 dat *"Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, (soos ons glo en bely volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis) en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.*
**2.3** Die Algemene Sinode 2011 verklaar dus dat die lidmate (ongespesifiseerd) wat nie glo in "die duiwel en demone" nie, maar in "die bose en duiwels" wat by interpretasie dus sonder wese, gestalte of voorkoms is, ruimte het om 'n voorwaarde aan hul belydenis in die Nederlandse Geloofsbelydenis te stel.
**2.4** Die Aktuarius van die Wes-Kaapse Sinode, dr Quintus Heine, skryf die volgende soos aangehaal deur ds Danie Mouton in 'n epos op 30 Oktober 2011:
"1. *Die NG Kerk het nooit gesê daar* is *nie 'n duiwel nie.*
*Inteendeel, die kerk het die bestaan van die duiwel* en *bose magte duidelik erken. In die eerste sin van die besluit bely die kerk duidelik "met blydskap, die oorwinning van Jesus Christus oor al die manifestasies van die duiwel, bose magte, boosheid* en *kwaad* in *hierdie wêreld." Die kerk maak juis ruimte vir die bediening van bevryding (onder toesig van die ring) wat hy nie voorheen* so *duidelik gestel het nie. Wat die NG Kerk betref, is daar* 'n *duiwel en 'n bose mag – en Jesus het ons daarvan verlos!*
*2. Die kerk het met een sin melding gemaak dat ons nie mense* se *gewetens wil bind nie. Daar is ruimte vir mense wat wil kies of hulle die duiwel as 'n persoon sien en of hulle dit as 'n bose mag beskou. Daar was mense wat verkies om* te *praat van die bose en daar is mense wat verkies om te praat van die duiwel."*
**2.5** Dit blyk dus dat die Algemene Sinode 2011 standpunt hou by die Nederlandse Geloofsbelydenis, maar dat hulle namens die NG Kerk nie mense se gewetens wil bind nie en daar dus ruimte gegee word dat lidmate binne die NG Kerk hul eie voorwaardes kan stel vir dit wat hul wil glo.
**3.** In die skrywe van dr Heine, soos hierbo aangehaal, sê hy baie duidelik dat die NG Kerk nooit die bestaan van die duiwel ontken het nie en dan gaan hy voort om die NG Kerk se erkenning van die duiwel en bose magte se bestaan te bevestig.
**4.** Verder, op die amptelike webwerf van die Algemene Sinode is die Belydenisgrondslag van die NG Kerk daar vir almal om te sien. Onder andere bely die Kerk sy verbintenis tot die Drie Formuliere van Enigheid (wat die Nederlandse Geloofsbelydenis insluit) en verklaar *"Dit vorm ook die belydenisgrondslag van die NG Kerk, omdat dit in ooreenstemming met die Bybel is. Daarin word ons gereformeerde verstaan van die Christelike geloof geformuleer.* En: *"Die Kerk verklaar dus sy onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die wil van God soos dit in sy Woord geopenbaar is."*
**5.** In Artikel 1 van die Kerkorde van die NG Kerk word verklaar *"Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in* 1618-1619, *naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreels.* "
**6.** In Reglement AS 10 (5.3) van die Kerkorde moet teologiese studente die volgende onderneming onderteken voordat hulle praktiese werk in gemeentes mag doen: *"Ek, die ondergetekende, onderskryf hiermee opreg en as voor die Here die leer soos vervat in die Formuliere van Eenheid van die gereformeerde kerke, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis* " en wat daarop volg.

**7.** In Reglement AS 10 (8.4) van die Kerkorde is daar die voorbeeld van die Legitimasieverklaring wat onderteken moet word en waarvan paragraaf 1 soortgelyk is aan die van die onderneming hierbo genoem.

Dit is dus vir die NG Gemeente Oos-Londen-Wesheuwels onverstaanbaar hoe in die BESLUITE RONDOM DIE BEDIENING VAN BEVRYDING, punt 7, ruimte (volgens gewete - dr Heine) aan lidmate van die NG Kerk gegee kan word in direkte teenstryd met die NG Kerk en Algemene Sinode 2011 se amptelike en onvoorwaardelike belydenis.

Die NG Gemeente Oos-Londen-Wesheuwels se oortuiging is dat lidmate van die NG Kerk nie voorwaardes kan stel of hê aan die drie Ekumeniese Geloofsbelydenisse en/of drie Formuliere van Enigheid nie.

*Die NG Gemeente Oos-Londen-Wesheuwels versoek dat punt 7 van die BESLUITE RONDOM DIE BEDIENING VAN BEVRYDING in revisie geneem word aangesien dit nie in ooreenstemming is met die amptelike belydenis van die NG Kerk nie.*

## B.9 DIE BEDIENING VAN BEVRYDING
**(RING VAN GEORGE)**
**BESWAARSKRIF**

Prof D Thom het ’n beswaarskrif by die kerkraad van George Moedergemeente ingedien teen pt 7 van die besluit van die Algemene Sinode 2011 oor die Bediening van Bevryding. Die kerkraad het dit na die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland verwys wat prof Thom geantwoord het. Hy was nie tevrede met die antwoord nie. Die kerkraad het die saak weer ter tafel geneem en besluit om dit na die Ring van George te verwys. Die Ring het geoordeel dat hulle nie oor dioe bevoegdheid beskik om prof Thom te antwoord nie en het die beswaarskrif na die Algemene Sinode verwys.

**INHOUD VAN PROF THOM SE BESWAAR**

**Prof Thom se oorspronlike beswaar**
Terwyl daar sekeres (besluite van die Algemene Sinode JJG) is waarmee ek my geheel kan vereenselwig, is daar veral een besluit waarmee ek geen vrede kan maak nie. Ek verwys na punt 7 van die besluite rakende die "Bediening van Bevryding" wat so lui:
*"Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasie en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke* ***oor die bose en duiwels anders interpreteer."***

Twee aspekte van hierdie besluit is uiters verontrustend:
(a) Die "ruimte" wat aan lidmate gegee word om die "Bybelse spreke oor die bose anders te interpreteer", word glad nie omskryf, beperk of gedefinieer nie. Teoreties kan lidmate en leraars dus enigiets, hoe vreemd en on-Bybels ookal, oor die duiwel glo en van die kansels verkondig.
(b) Daar is geen daadwerklike poging aangewend om hierdie revolusionêre besluit op die Bybel te baseer nie.

Toe ek die oorspronklike verslag wat voor die Sinode gedien het, nagegaan het, het die onrus in my hart nog groter geword. Ek noem net enkele vreemde aspekte van die verslag in die lig van die uiteindelike omstrede besluit (punt 7):
1. Afdeling 5 van die verslag behandel die Nuwe Testamentiese leer oor die duiwel en demone. In hierdie goeie gedeelte word geen rede gegee om "die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone" te betwyfel of "anders te interpreteer" nie. Paragraaf 5.3 is 'n uitsondering. Dit sê kortliks dat die briewe van Paulus soms verwys na "bonatuurlike, onpersoonlike magte", maar dit word hoegenaarnd nie in diepte bespreek nie. In elk geval is dit nie 'n uitgemaakte saak dat Paulus na "onpersoonlike" magte verwys het nie.
2. In afdelings 7 en 8 verwys die verslag na 'n verskeidenheid sienings van verskillende teoloë, maar geen Skriftuurlike gronde word vir afwykende standpunte gegee nie – die argumente is oor die algemeen filosofies van aard.
3. Afdelings 9 en 10 word gewy aan die vraag of die duiwel 'n "persoon" is. Die meerderheid van teoloë wat aangehaal word, sê baie duidelik dat die duiwel 'n "intelligente persoonlike mag" is. Ten spyte daarvan kom die Kommissie tot die verstommende gevolgtrekking **dat dit verwarrend is om te praat van die duiwel as persoon:** "Christene glo wel dat die Bose 'n werklikheid is, maar dit is verwarrend om daarop te staan dat die duiwel 'n persoon is – want dan klink dit asof ons sê dit is 'n wesenlike geloofsartikel van die Christelike geloof dat die Bose hom as 'n menslike figuur manifesteer – wat nie die geval is nie." (10.3).

Met alle respek, maar, soos ek die verslag verstaan, lê die verwarring nie by die lidmate nie, maar by die opsteller(s) van die verslag:
3.1 Die begrip "persoon" word nie gedefinieer nie, maar Michael Green se definisie word aangehaal: "What most people mean by [saying that Satan is a personal devil] is to claim that Satan is an organising intellect, a single focus and fount of evil inspiration. That seems to me to be a very proper inference to draw from the teaching of the Bible. But it is doubtful if we can call him 'personal' in any other sense" (9.5). Green is een van enkele teoloë (in die verslag) wat die duiwel nie as 'n persoon wil beskryf nie. Tog gee hy toe dat die Bybel duidelik leer dat die duiwel **"an organizing intellect, a single focus and a font of evil inspiration"** verteenwoordig, en dat ons in hierdie sin wel van die duiwel as a persoon kan praat. Dit was ook die posisie in die NG Kerk tot en met die laaste Sinodesitting. Ten spyte hiervan word die definisie van Green glad nie by die uiteindelike besluit van die Sinode in ag geneem nie. Maar hoe verstaan die Kommissie dan die begrip "persoon"?

3.2 In paragraaf 10:3 maak die Kommissie skynbaar 'n belangrike ontdekking: "Dit is belangrik om te onthou dat Christene ... nie bely dat die duiwel mens geword het nie ... daar is nie 'n geloofsartikel oor die Bose se vleeswording nie". Nadat dieselfde gedagte 'n paar keer in effens ander woorde herhaal is, kom die verslag tot die gevolgtrekking dat dit "verwarrend (is) om daarop te staan dat die duiwel 'n persoon is – want dan klink dit asof ons sê dit is 'n wesenlike geloofsartikel van die Christelike geloof dat die Bose hom as 'n menslike figuur manifesteer – wat nie die geval is nie."

Dit lyk dus of die Kommissie die term “persoon" of 'n "persoonlike wese" verstaan as gelyk aan 'n mens. Met ander woorde, sonder enige bewys, getuienis of voorbeeld verkondig die Kommissie dit dat, wanneer 'n lidmaat van die NG Kerk glo die duiwel is 'n persoon, hy of sy eintlik daarmee wil sê dat die duiwel homself "manifesteer as 'n menslike figuur".

Hierdie aanname lyk totaal ongegrond. Deur Gods genade is ek die afgelope 62 iaar 'n lidmaat van die NG Kerk. Nog nooit het ek 'n lidmaat teëgekom wat glo dat die duiwel 'n mens is nie. Blykbaar het die Kommissie besef dat hulle argument swak is, want hulle sê "dit klink asof dit vir ons 'n wesenlike geloofsartikel is .... die geloof dat die Bose hom as 'n menslike figuur manifesteer" (9.5).

3.3 In paragraaf 9.6 gee die Kommissie verder die volgende rede waarom dit dan verwarrend sou wees om te praat van die duiwel as persoon: "Die probleem met die begrip 'die duiwel as persoon' is dat dit 'n mens byna onwillekeurig daartoe bring om te dink aan 'n rooi wese met 'n mens se lyf, 'n bok se pote, 'n vampier se vlerke en 'n pylstert wat sy slagoffers in 'n poel van vuur gooi" (9.6). Dit is verstommend dat 'n Kommissie van die Algemene Sinode op so 'n "kindertuin"-vlak kon redeneer. Moet ons werklik glo dat, wanneer lidmate van die NG Kerk van die duiwel as "persoon" praat, hulle "byna onwillekeurig dink aan 'n rooi wese met 'n mens se lyf, 'n bok se pote, 'n vampier se vlerke en 'n pylstert?" Dit is uiters vreemd dat die Algemene Sinode hierdie aanvegbare stellings skynbaar sonder meer aanvaar het.

3.4 In paragraaf 10.4 kom die verslag, na heelwat herhaling, tot die slolsom dat dit beter sal wees "om nie aan te dring" op die term 'n 'persoonlike duiwel' nie, maar eerder te beklemtoon "dat ons hier praat van 'n selfstandige wese wat werklik bestaan". Uiteindelik het ons dus tog 'n definisie van 'n "persoon" – 'n "selfstandige wese wat werklik bestaan"! Maar waarom word die term "persoon" dan so knaend bestry? 'n "Persoon" is mos 'n selfstandige wese wat werklik bestaan? En dan die verdere vraag: Waarom is hierdie definisie (in par 10.4) nie aangehaal in punt 7 van die besluite van die Sinode nie? En waarom staan daar in die besluit "dat daar ruimte [is) vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo" en dat daar ook ruimte is "vir lidmate wat
die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer?" Met ander woorde, daar is ruimte vir hulle wat nie aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo nie. Dit is nie in lyn met wat die verslag in par 10.4 sê nie (naamlik dat die duiwel 'n "selfstandige wese is wat werklik bestaan").

3.5 Na afloop van die Sinode het die moderator, professor Nelus Niemandt, verklaar dat hy dit betwyfel of "die bose 'n persoonlike karakter kan aanneem". Hy gaan dus ook verder as wat die verslag voorgestel het, in lyn met die betrokke besluit van die Sinode. Hy verduidelik dat hy "baie huiwerig (is) om aan die duiwel 'n identiteit te gee wat op 'n soort goddelike mag neerkom" (Die Kerbode, 4.11.2011). Dit is 'n baie eienaardige afleiding. Mense en engele is ook almal "persone", en tog gee dit ons nie "'n soort goddelike mag" nie. Aan die ander kant noem Jesus die duiwel "die owerste van hierdie wêreld" (Joh 12:31; 16:11). Met ander woorde, die duiwel het wel baie mag in hierdie wêreld, soos die verslag ook self aandui (vgl 10.1), maar sy mag is aan die kruis oorwin en word nog steeds oorwin deur Jesus se Woord en Gees. Maar waarom sou professor Niemandt dan huiwer om 'n term vir die duiwel te gebruik wat in lyn is met Jesus se beskrywing van die duiwel as "die owerste van hierdie wereld?" 'n "Owerste" is tog 'n soort persoon.



Inhoudsopgawe

Dit is baie duidelik dat die Sinodale besluit die verwarring rondom die begrip "die duiwel as persoon" allermins opgeklaar het. Die verslag het na my mening ook nog etlike ander leemtes, maar ek volstaan met 'n laaste punt.

4. Die belangrikste en mees onverskoonbare leemte in die verslag is dat daar geen aandag gegee is aan dit wat Jesus self oor die Bose geglo en geleer het nie. In paragraaf 9.7 word daar wel verwys na Jesus se versoeking in die woestyn (Lk 4:5-9). Die verslag redeneer dat die versoeking moontlik in 'n droom of visioen tot Jesus gekom het. Dit bewys dan dat die duiwel nie 'n mens is nie! Die oppervlakkige wyse waarop hierdie sleutelgebeurtenis in Jesus se lewe en bediening hiermee afgemaak word, is om van te sidder. Dat daar verder in die verslag geen bespreking van Jesus se leer oor die Bose is nie, is totaal onaanvaarbaar.

Gesien vanuit laasgenoemde perspektief verteenwoordig hierdie Sinodale besluit waarskynlik 'n ongekende historiese laagtepunt in die geskiedenis van die NG Kerk. 'n Revolusionêre siening oor die duiwel word hiermee in die Kerk ingedra sonder om hierdie nuwe leer op die Skrif te baseer. Dit is, inteendeel, duidelik in stryd met die leer van die Bybel en met die geloof van die gemeente.

Daarom wil ek die Kerkraad beleefd versoek om langs die gebruiklike kerklike weg ten sterkste beswaar aan te teken teen hierdie besluit (punt 7 van die verslag insake die "Bediening van Bevryding") van die Algemene Sinode van 2011.

**DIE REAKSIE VAN WES- EN SUID-KAAPLAND SE SINODALE TAAKSPAN VIR LEER EN AKTUELE SAKE**

**1. Inleiding - Gewig van verslag en besluit**
In prof Thom se skrywe word kritiek gelewer op die verslag en die besluit van die Algemene Sinode. Miskien is dit goed om net weer te onthou wat die gewig van elk is.

Die <u>besluit</u> is die belangrikste. Die besluit verteenwoordig op 'n direkte en presiese manier die standpunt van die sinode. Lidmate en lesers van die besluit (aanbevelings wat aanvaar is) mag aanvaar dat die sinode elke paragraaf, sin en frase van die besluit goed deurdink en goedgekeur het.

Die <u>verslag</u> is die motivering vir die besluit. Die verslag verteenwoordig nie op 'n direkte en presiese manier die standpunt van die sinode nie, want die sinode het nie elke afdeling, paragraaf en sin goedgekeur nie. Dit is heeltemal moontlik dat 'n sinodeganger vir die besluit gestem het, maar met sekere dele van die motivering in die verslag nie saamstem nie.

Maar – dit beteken nie dat die verslag nie op 'n algemene manier tog wel die denkwyse van die sinode verteenwoordig nie. Die Algemene Sinode van 2007 het juis die vorige verslag van AKLAS oor die Bediening van Bevryding terugverwys *op grond van wat in die verslag gestaan het.* Dus is die verslag nie onbelangrik nie. 'n Mens sou dus tereg uit die feit dat die Algemene Sinode van 2011 nie die verslag terug- of afgewys het nie, kon aflei dat die Sinode ten minste *met die breë argumentering van die verslag saamgestem het,* hoewel moontlik nie met elke besonderheid nie.

Die besluit en die verslag vra dus elk vir 'n eie beoordeling – daarom word die kritiek op die besluit en verslag hieronder afsonderlik hanteer.

**2. Besluit van die Algemene Sinode 2011 oor die Bediening van Bevryding**
Die deel van die besluit wat prof Thom kritiseer, is punt 7: *"Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasie en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer."*

<u>Die eerste punt van kritiek is:</u> Dat die "ruimte" wat vir lidmate gegee word nie nader omskryf word nie. Hy lei uit die besluit af: "teoreties kan lidmate en leraars dus enigiets, hoe vreemd en on-Bybels ook al, oor die duiwel glo en van die kansels verkondig".

<u>STLAS-respons</u>:
2.1 Prof Thom is reg: Die ruimte word nie nader omskryf nie. Maar daar is 'n goeie rede hiervoor: Die uitdrukking "daar is ruimte" is hier 'n *riglyn vir respons* teenoor lidmate wat "anders dink". Met "ruimte" gee word nie bedoel "saamstem" nie. Daarmee word bedoel dat die feit erken word dat daar lidmate is wat oor die saak van die duiwel, demone en die bediening van bevryding *anders* as *die kerk dink* – dat die kerk dit as 'n feit erken en dat die Sinode meen die kerk oor hierdie saak nie te vinnig en hard behoort op te tree nie.

Die sinode se besluit is nie 'n goedkeuring van die standpunt wat die "werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone" ontken nie. Dit konstateer slegs dat dit 'n feit is dat sommige lidmate "anders dink" en beveel aan dat die kerk aan hierdie lidmate beweegruimte gee.

Dit word nog duideliker as punt 7 saam met die res van die besluit en die verslag gelees word. Die hoofsaak van die besluit is dat 'n *bediening van bevryding wel in die kerk toegelaat sal word* met sekere voorwaardes om misbruik te voorkom. Die kerk kan net besluit om 'n bediening van bevryding van die mag van die duiwel en demone toe te laat as die kerk glo die duiwel bestaan. Die tweede deel van punt 7 verwoord dus nie die kerk se standpunt oor die duiwel nie, maar stel 'n *riglyn vir respons* teenoor "lidmate" wat oor hierdie saak "anders dink".

Miskien help dit om die toepassing van die besluit prakties voor te stel. 'n Psigiater (prof) wat die kommissie wat die verslag opgestel het, toegespreek het, is self 'n gelowige lidmaat van die NG Kerk. By sy voorlegging het hy gesê dat hy nie 'n persoonlike duiwel vir homself kan voorstel nie. Punt 7 van die besluit sê nie dat die standpunt van die psigiater – en ander lidmate soos hy – goedgekeur moet word nie, wel dat daar vir hulle ruimte gemaak word. Dit is dus waar wat prof Thom sê, naamlik dat die frase "daar is ruimte" nie verder omskryf word nie – juis omdat dit net 'n *riglyn vir respons* wil gee, en die spesifieke optrede oorlaat aan diegene in die spesifieke situasie.

<u>Die tweede punt van kritiek is:</u> Dat daar geen "poging aangewend " is om "die revolusionêre besluit (punt 7) op die Bybel te baseer nie".

2.2 <u>STLAS se respons daarop:</u>
Na die mening van STLAS is dit nie 'n "revolusionêre besluit" nie, maar wel 'n gematigde besluit wat kennis neem van die diversiteit onder sy lidmate en wat, onder sulke omstandighede, 'n riglyn gee wat onderskei tussen die meer en die minder belangrike sake. Die besluit om "ruimte" te gee aan lidmate wat oor die saak van die duiwel, demone en bevryding "anders dink", beteken nie om hulle standpunt goed te keur nie, maar wel dat hierdie saak nie 'n saak is wat op die spits gedryf moet word nie.
Hiervoor het die skrywers van die besluit wel geen Bybelgegewens aangehaal nie, maar 'n mens sou wel op grond van die Bybel kon betoog dat Christene met verskillende intensiteit behoort te reageer op lidmate wat anders dink oor meer belangrike sake (bv die opstanding van Christus) en minder belangrike sake (die presiese aard van die Bose).

**3. Die verslag ter ondersteuning van die voorgestelde besluit**
<u>Die eerste punt van kritiek:</u> Hier gaan dit oor prof Thom se waarneming dat die verslag wel argumenteer die duiwel is " 'n selfstandige wese wat werklik bestaan" (par 11), maar dat Christene nie moet aandring op die term "persoonlike duiwel" nie (par 11). Dit is, volgens prof Thom, 'n verwarrende manier van praat.

3.1 <u>STLAS-respons:</u>
'n Mens moet prof Thom toegee dat die onderskeid tussen 'n "selfstandige wese wat werklik bestaan" en "persoon" nie sonder meer duidelik is nie. Dit is waarskynlik so dat die twee terme vir meeste mense dieselfde beteken. Aan die ander kant is dit tog 'n onderskeid wat gemaak word deur sommige teoloë, soos byvoorbeeld Michael Green, 'n evangeliese Britse Anglikaan. Die rede hiervoor is dat Green en ander oortuig is dat die woord "persoonlik" onmiddellik die beeld by ons oproep van iets of iemand wat soos 'n mens lyk.

Daarmee word nie bedoel *almal* wat die woord "persoonlike duiwel" gebruik, dink aan die duiwel as 'n menslike figuur of 'n rooi wese met 'n pylstert nie. Daar word slegs bedoel dat die term "persoonlike duiwel" by baie (nie alle) mense wel beelde oproep van 'n menslike wese. As aangedring word dat hulle in 'n "persoonlike duiwel" moet glo, klink dit vir hulle dat aangedring word dat, soos hulle glo in God wat in Jesus mens geword het, hulle ook so moet glo in die Bose wat 'n gestalte het soos 'n menslike wese. Dit kan tog nie wees nie – aan die menswording van God in Jesus Christus moet 'n Christen glo – maar dit is nie so met die Bose nie. Die Christelike tradisie glo wel dat die Bose 'n "selfstandige wese is wat werklik bestaan", maar wanneer aangedring word dat die enigste ortodokse geloof oor die Bose is dat Christene moet glo in "'n persoonlike duiwel" word verder gegaan as die inligting wat die Bybelse gegewens oor die Bose aan ons gee.

Prof Thom is nie oortuig dat die term "persoonlike duiwel" wel tot misverstand kan lei nie. Die opstellers van die verslag het anders hieroor geoordeel, naamlik dat 'n aandrang op die term "persoonlike bestaan van die duiwel" ten minste deur sommige misverstaan kan word as 'n aandrang dat Christene *moet* glo in 'n persoon-agtige duiwel, dit wil sê 'n duiwel wat die gestalte het van 'n menslike figuur.

Verder is dit belangrik om te hoor wat die verslag regtig sê oor 'n "persoonlike duiwel". Die verslag sê nie dat Christene *nie* mag glo daar is 'n persoonlike duiwel nie. Dit sê slegs dat dit verkeerd is om aan te dring op



Inhoudsopgawe

die gebruik van die term "persoonlike duiwel" as die enigste ortodokse wyse om na die Bose te verwys. Die verslag waarsku daarteen om die term "persoonlike duiwel" as *verpligte* taalgebruik vir Christene voor te skryf. Die verslag gee die waarskuwing gedagtig aan Karl Barth se waarskuwing dat 'n gelowige nie te veel en in te groot detail oor die duiwel behoort te praat nie (CD 111.3, bl 519). Hoewel nog nie finaal uitgewis nie, is hy oorwin en verdien nie te veel aandag nie.

<u>Die tweede punt van kritiek:</u> Die verslag gee "geen aandag aan dit wat Jesus self oor die Bose geglo het en geleer het nie".

3.2 <u>STLAS-respons:</u>
Dit is nie die geval nie. Die Nuwe-Testamentiese gegewens oor die duiwel en demone word in afdelings 6-7 behandel. Daar kan wel van die uitleg verskil word, maar daar kan nie gesê word dat "geen aandag" gegee is aan dit wat Jesus oor die Bose geleer het nie. In geval die gedeeltes misgelees is, word die argument kortliks hier herhaal.

Die Nuwe Testament vertel dikwels hoe Jesus, as deel van sy genesings, demone uit mense "uitgedryf" het. Soms is die beskrywings van demoon-uitdrywing klaarblyklik niks anders as genesings van siektes nie. Dit word egter deur die omstanders beskryf as 'n uitdrywing van 'n demoon omdat hulle, by gebrek aan tegniese taal, geen ander woorde gehad het om die genesing te beskryf nie. 'n Goeie voorbeeld is Jesus se genesing van iemand wat klaarblyklik aan epilepsie gely het (Matt 17:14-20). Dieselfde kan 'n mens van baie Nuwe-Testamentiese uitdrywings van demone sê – dit is die enigste manier hoe die omstanders die genesings van Jesus kon beskryf.

Maar – dit is ook so dat daar genesings in die Nuwe Testament is wat nie sonder meer genesings deur Jesus was nie, byvoorbeeld in die gebeure insake die besetene van Gerasa (Mk 5:1) waar Jesus die bose geeste in die varke dryf. Hier is dit klaarblyklik 'n geval dat Jesus die bose geeste uitdryf omdat hy sterker is as die Bose, en omdat Sy ryk groter is as die mag van die bose.

Laasgenoemde (en soortgelyke) gebeure, sê die verslag, onderstreep die feit dat die Bose 'n werklikheid is. Dit moet erken word – maar die beste manier om die punt te maak, is nie om aan te dring dat Christene in 'n "persoonlike duiwel" moet glo nie. Dit is beter om aan te dring dat Christene sal erken dat "die Bose 'n selfstandige wese is wat werklik bestaan".

3.3 <u>Ten slotte:</u>
Dit is ons mening dat prof Thom, in sy lees van die verslag, ongelukkig te sterk fokus op die verslag se kritiek ten opsigte van die term "persoonlike duiwel". Deur sy oormatige klem op hierdie aspek mis prof Thom die hoofpunt van die verslag, naamlik dat die bestaan van die Bose "'n selfstandige wese is wat werklik bestaan". Gevolglik mis hy ook die punt dat daar volgens die verslag dus wel iets soos 'n bediening van bevryding is, en dat die bediening wel deur die NG Kerk toegelaat behoort te word, maar onder streng toesig.

Deur sy oormatige klem op 'n "persoonlike duiwel" sien prof Thom ongelukkig nie in nie dat juis dit wat vir hom belangrik is – d at die werklikheid en die mag van die Bose erken moet word – ook vir die opstellers van die verslag 'n ernstige saak is. Die gevolg van 'n oormatige klem op die begrip "persoonlike duiwel" is dat hy sy teologiese vriende vir teëstanders aansien.

## PROF THOM SE REAKSIE OP WES- EN SUID-KAAPLAND SE VERSLAG

Met stygende verbasing het ek kennis geneem van die brief van die dagbestuur van die Wes-Kaapse Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (STLAS), gedateer Mei 2012. Soos u weet, gaan dit oor die verstaan van paragraaf 7 van die besluite van die 2011 Algemene Sinode (AS) insake die "Bediening van Bevryding", veral van die volgende woorde: "Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer." Ek maak net enkele opmerkings.

### 1.'n Vreemde Interpretasie van paragraaf 7
Die brief verseker ons dat die uitdrukking "ruimte gee" nie beteken dat die Sinode saamstem met daardie lidmate wat "nie aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone" glo nie. Die besluit was nie 'n goedkeuring van hulle standpunt nie, die Sinode wou net nie "te vinnig en te hard" teen hulle optree nie (par 2.1). Effens later word presies dieselfde gedagte herhaal, naamlik dat die "ruimte" wat aan daardie lidmate gegee is nie goedkeuring beteken nie, "maar dat hierdie saak nie op die spits gedryf moet word nie" (par 2.2).

Die broers impliseer dus dat die "ruimte" wat gegee is net 'n vergunning is aan "swakker broers" ten einde hulle die geleentheid te gee om hulle siening oor die "werklike en persoonlike aard van die bose en demone" in heroorweging te neem in die lig van die duidelike lering van die Nuwe Testament. Indien dit die regte interpretasie van die betrokke besluit is, sou ek – en sekerlik ook die Kerkraad – geen probleem daarmee gehad het nie. Ongelukkig weerspreek die ondubbelsinnige formulering van die besluit hierdie vindingryke interpretasie. Uit die bewoording van die besluit is dit baie duidelik dat aan hierdie lidmate volledige vryheid gee word om die "werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone" te bevraagteken en selfs te ontken. Daar is geen aanduiding dat "ruimte gee" nie inderdaad ook "goedkeur" beteken nie.

Hierdie interpretasie word ook weerspreek deur die voorbeeld wat in paragraaf 2.1 genoem word. 'n Professor in Psigiatrie sê dat "hy nie 'n persoonlike duiwel vir himself kan voorstel nie". Hy aanvaar dus nie die "werklike en persoonlike aard" van die duiwel of ander bose geeste nie. Ten spyte daarvan bevat die Sinodale besluit geen broederlike vermaning om hom op hierdie punt aan die leergesag van Christus en die Skrifte te onderwerp nie.

Ongelukkig is hierdie siening 'n tipiese voorbeeld van 'n uitgediende Eurosentriese denke. Verskeie studies oor die godsdienste en kulture van Afrika toon dat die verskynsel van geestesbesetenheid ("spirit possession") baie wyd voorkom. Ook die sending- en godsdiensgeskiedenis getuig dat hierdie soort verskynsels binne 'n groot verskeidenheid godsdienstige kontekste voorkom. Otto Borchert beweer byvoorbeeld die tradisionele Batak van Indonesië "differentiate sharply between epileptics and those possessed by evil spirits". Om 'n verskynsel soos geestesbesetenheid uitsluitlik vanuit 'n modernistiese Westerse perspektief te beoordeel, moet noodwendig eensydig wees.

Die dagbestuur se interpretasie van die besluit word verder weerspreek deur die standpunt van leiersfigure soos prof Julian Müller en dr Ben du Toit wat dit openlik betwyfel of die duiwel 'n "selfstandige wese is wat werklik bestaan". In sy boek oor die post-modernisme sê Du Toit byvoorbeeld dat Jesus wel geglo het dat Hy "deur die duiwel versoek" is, maar dat die moderne wetenskap die geloof in die bestaan van die duiwel en demone onmoontlik gemaak het (2000:124-127). Skynbaar pla dit hom glad nie dat Jesus deur hierdie siening tot 'n dwaalleraar verklaar word nie. Inteendeel: sy boek het onlangs 'n suksesvolle herdruk beleef – en geen enkele
Sinodale haan het nog ooit daaroor gekraai nie.

**2. Siektes en besetenheid in die Nuwe Testament**

Ivm die Nuwe Testamentiese berigte oor die uitdryf van duiwels maak die broers die volgende wydlopende stelling: "Soms is die beskrywings van demoonuitdrywings klaarblyklik niks anders as genesings van siektes nie. Dit word egter deur die omstanders beskryf as 'n uitdrywing van 'n demoon omdat hulle, by gebrek aan tegniese taal, geen ander woorde gehad het om die genesing te beskryf nie. 'n Goeie voorbeeld is Jesus se genesing van iemand wat klaarblyklik aan epilepsie gely het (Matt 17: 14-20)".

Hierteenoor kan opgemerk word dat dit nie net "die omstanders" was wat die demoonuitdrywing so beskryf het nie, maar die evangelie-skrywers en ook Jesus self. Juis in die geval van die "epileptiese seun" is dit Jesus self wat daarop wys dat sy toestand so sleg was omdat hy ook deur 'n bose gees geteister is (Mark 9:29).

Dieselfde geld vir die bevryding van 'n man wat beide stom en blind was (Mat 12:22; Luk 11:14; vgl Mark 3:22). Hierdie genesing word gevolg deur die berugte beskuldiging dat Jesus die duiwels uitdryf met behulp van Beëlsebul. Hierop antwoord Jesus: "Aangesien Ek dus deur die vinger van God duiwels uitdryf, het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom." (Luk 11 :20). Dit was duidelik 'n werklike duiweluitdrywing en nie net 'n "gewone" genesing nie. Beide genesings en uitdrywings was tekens van die koms van die koninkryk van God, in die waaragtig-menslike lewe van Jesus – wat gekulmineer het in sy offerdood en opstanding (vgl Luk 10:18; Openb 12:10).

In die algemene berigte oor Jesus se bediening word daar gewoonweg onderskei tussen "gewone" genesings en die uitdryf van duiwels (Mat 4:23- 24; 8:14-17; Mark 1 :32-34; Luk 4:40-41; 6:18). Dit geld ook vir die genesings wat die dissipels in Sy Naam gedoen het (Mat 10:7-8). Dit is dus totaal misleidend om te se: "Soms is die beskrywings van demoonuitdrywings klaarblyklik niks anders as genesings van siektes nie." Of moet ons nou glo dat Jesus, die Groot Geneesheer, nie kon onderskei tussen gewone siektes en duiwelbesetenheid nie?

Ewe misleidend is die voorstelling dat die NT berigte oor die uitdrywing van demone gebaseer is op die feit dat die omstanders dit as sulks verstaan het omdat hulle nie van beter geweet het nie. Die Nuwe Testament berus nie op die opinie van omstanders nie, maar op die herinneringe van mense wat Jesus gevolg het.

**3. Beide "speler" en "skeidsregter"**
Dit is vreemd dat my vorige brief na hierdie kommissie verwys is – die opstellers van die verslag wat voor die AS gedien het. Die gevolg is dat hulle nou beide "speler" en "skeidsregter" geword het tov die interpretasie van die besluit wat uit hulle verslag voortgespruit het. Teen die einde van die brief is die broers skynbaar so gretig om hulle oorspronklike verslag te verdedig dat hulle vergeet van die ernstige besware teen paragraaf 7 van die Sinodale besluit, naamlik dat daar "ruimte gegee word vir lidmate wat ..... die (Bybelse spreke oor die) werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone .... anders interpreteer." Gevolglik vind hulle dit nodig om my te betig omdat ek "te sterk fokus" op die term 'n "persoonlike duiwel". Deur my "oormatige klem" hierop mis ek die hoofpunt van die verslag, naamlik "dat die Bose 'n selfstandige wese is wat werklik bestaan" (par 3.3).

Met alle respek moet ek daarop wys dat ek volmondig met die "hoofpunt" van die verslag saamstem, naamlik "dat die Bose 'n selfstandige wese is wat werklik bestaan". Ek het geen beswaar teen hierdie formulering nie. Maar waarom weier die broers om te erken dat paragraaf 7 van die Sinodale besluit teenstrydig is met die hoofpunt van hulle eie verslag? Is hulle so blindweg lojaal teenoor die Sinodale besluit dat hulle dít nie kan insien nie? Dit is tog glashelder dat die besluit "ruimte gee" aan enige lidmaat, leraar of dosent van die NG Kerk om te ontken "dat die Bose 'n selfstandige wese is wat werklik bestaan"?

**4. Die "verbod" op die term "persoonlike duiwel"**
Die broers het dit veral teen my "oormatige klem" en "te sterk fokus" op die term 'n "persoonlike duiwel". Die eenvoudige feit is egter dat dit juis hierdie kommisie is wat die gebruik van die term "'n persoonlike duiwel" op die spits gedryf het. Die opskrif in die STLAS-verslag spreek boekdele:
"GLO *JY* AAN 'N PERSOONLIKE DUIWEL?" IS NIE DIE REGTE VRAAG NIE (par 10). Dit is dus hierdie kommissie self wat die fokus so sterk op die term "'n persoonlike duiwel" geplaas het. En nou, omdat ek hulle redes daarvoor bevraagteken, is ek die skuldige. Hier is dit waarskynlik weer 'n geval waar die rol van "speler" en "skeidsregter" nie mooi van mekaar onderskei is nie.

In die lig van die onbevredigende antwoord wat ons ontvang het, wil ek graag my versoek aan die Kerkraad herhaal, naamlik om langs die korrekte kerklike weg beswaar aan te teken teen paragraaf 7 van die besluite van die Algemene Sinode van 2011 met betrekkking tot die "Bediening van Bevryding". Ter inligting heg ek hierby aan 'n afskrif van 'n beswaarskrif teen hierdie besluit wat onlangs met 'n groot meerderheid deur die Hoëveldse Sinode aanvaar is.

## B.10 DIE BEDIENING VAN BEVRYDING
**(NG KERK VRYHEID-WES)**
**BESWAARSKRIF**

*Die besluit van die Algemene Sinode dat 'n duiweluitdrywing-bediening in die NG Kerk tot stand kom én dat terselfdertyd ruimte gemaak word vir lidmate wat na hulle eie oordeel wel die bestaan van die bose as mag aanvaar, maar nie aan die persoonlike bestaan van duiwels (gevalle engele) glo nie.*

Dis die eerste keer in die NG Kerk se bestaan dat duiweluitdrywing deel van die amptelike bediening van die NG Kerk word. Voorheen, vir honderde jare, was dit die NG Kerk se standpunt dat die bediening van die evangelie, dit is, die verkondiging van Christus, bevryding bring.

Volgens die Algemene Sinode is die bediening van die evangelie nou nie net meer die verkondiging van Christus nie, dit is nou ook om gesagsvolle spreuke te sien as magsmiddele (net soos Jesus) wat mense kan gebruik waardeur God sal werk. Die hele geestelike bedryf hoe om 'n demoon of duiwel te identifiseer, watter soort duiwel dit is, wat die naam van hierdie duiwel is en hoe om duiwelbesete lidmate en mense te hanteer, is nou deel van die "bediening" van die NG Kerk en behoort daarom ook nou deel van die opleiding van predikante te word.

In dieselfde besluit wat duiweluitdrywing as bedieningshandeling van predikante goedkeur, stel die Algemene Sinode: "Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose anders interpreteer." "Anders interpreteer" beteken in hierdie besluit niks anders as dat daar nou ruimte in die NG Kerk is om NIE te glo dat die duiwel/s gevalle engele is wat werklik bestaan NIE. Daar is nou ruimte in die NG Kerk gemaak vir lidmate om die werklike en persoonlike bestaan van die duiwels te verwerp.

Hierteenoor stel die Geloofsbelydenis van die NG Kerk in **Artikel 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: "Die skepping van alle dinge, veral die van die engele.**

"Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en aarde en alle skepsels uit niks geskep het. **Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte, voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien.** Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag, om die mens te dien, sodat die mens sy Skepper kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien. **Sommige van die engele** het uit die verhewenheid waarin God hulle geskep het **in die ewige verderf geval**, maar die ander het deur die genade van God in hulle oorspronklike toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het **so ontaard** dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is. Soos moordenaars loer hulle op die kerk – ook op elke lidmaat – om dit met alle mag in die verderf te stort en alles deur hulle bedrieëry te verwoes. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs wat ontken dat daar geeste en engele is; .."

Volgens die Algemene Sinode is daar wel nou ruimte gemaak vir "dwaling van die Sadduseërs" in die NG Kerk. Die absurditeit van hierdie innerlike teenstrydige besluit is nou werklik so dat in die NG Kerk predikante duiwels kan uitdryf wat nie werklik bestaan nie.

*Die Kerkraad van Vryheid-Wes versoek die Ring van Vryheid om die Sinode van Natal te versoek om die Algemene Sinode te versoek om die besluit dat daar*
*a. 'n Duiweluitdryfbediening met gesagvolle slagspreuke soos Jesus in die NG Kerk ingestel word te herroep en dat die kerk terugkeer om die Evangelie van Jesus Christus wat Here is wat Self bevry te verkondig;*
*b. ruimte in die NG Kerk vir lidmate is om nie in die bestaan van duiwels te glo nie te herroep aangesien dit teen die belydenis van ons kerk is. In ons kerk – in terme van sy belydenisgrondslag – is daar nie ruimte vir lidmate om die persoonlike bestaan van duiwels te ontken nie. Om dit te doen, moet die belydenisse eers verander word.*

## B.11 DIE BEDIENING VAN BEVRYDING
**(VRYSTAAT)**
**BESWAARSKRIF**

*Die Sinode van die NG Kerk in die Vrystaat versoek die Algemene Sinode om punt 7 van die besluit oor die Bediening van Bevryding (2011) te wysig: Die besluit van die Algemene Sinode lui soos volg:*
7 Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.

**AANBEVELING:**
*"Die Algemene Sinode herroep sy besluit (punt 7) oor die persoonlike aard van Satan en volstaan met die formulerings van die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 12".*

**GRONDE VIR DIE BESWAAR:**
1. Dit is 'n gevestigde regsbeginsel dat 'n regspersoon nie teenstrydig met sy/haar eie grondwet of gondbeginsels mag optree nie. Die besluit van die Algemene Sinode, wat ruimte laat vir mense om in die persoonlike aard van die duiwel te glo of nie, is onteenseglik teenstrydig met die NGB Artikel 12 wat op grond van die Skrif na die persoonlike aard van Satan verwys. Enige meningsverskil hieroor word met die daaropvolgende formulering van die hand gewys: *"Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is. Ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg was en nie sleg geword het nie"*.
2. Die formulering van die Algemene Sinode (2011) kom duidelik neer op 'n wysiging van Artikel 12 van die NGB. So 'n wysiging van die belydenis van die kerk moet egter op die voorgeskrewe kerkordelike wyse geskied wat in Artikel 44 van die Kerkorde voorgeskryf word. Hierdie prosedure is egter nie gevolg nie en die besluit van die Algemene Sinode is dus met die Kerkorde in stryd.
3. Die formulering van die Algemene Sinode is verder teenstrydig met die wyse waarop die Bybel oor Satan praat. As mense nie aan die persoonlike aard van die duiwel glo nie, word die hermeneutiese verklaring van die Nuwe Testament onder groot druk geplaas. Die talle teksverse hieroor spreek vanself, maar die volgende vrae illustreer die hermeneutiese probleem:
3.1 Het Jesus Hom misgis toe Hy duiwels aangespreek het, duiwels uitgedryf het en die sewentig uitgestuur het om duiwels uit te dryf? Wie dit beweer, kom in teenstrydigheid met Artikel 10 van die NGB wat verduidelik dat Jesus se godheid gedurende sy hele aardse bestaan met sy mensheid verenig was. Daarbenewens verduidelik Artikel 19 van die NGB dat Jesus se menslike natuur met sy goddellike

natuur in een Persoon verenig is sodat hulle selfs nie deur sy dood van mekaar geskei was nie. Hoe kon Jesus Hom dan oor die bestaan van Satan en demone "misgis" het?
3.2 Was die sewentig onder 'n waan dat die demone hulle gehoorsaam het?
3.3 Was Paulus en Petrus met hulle talle verwysings na die persoonlike aard van die duiwel besig om die lesers te mislei?
3.4 Die ATLAS maak in hulle verslag 'n sterk punt daarvan dat die Bybel in pre-moderne taal geskryf is. Demone en engele is nie deel van 'n postmoderne wêreldbeeld nie en moet daarom nie letterlik verstaan word nie. Dit is egter nie slegs die duiwel wat per definisie pre-modern is nie, maar ook die maagdelike geboorte, die godheid van Christus, die opstanding, ensovoorts. Die wegverklaring van die duiwel op grond van 'n postmoderne wêreldbeeld laat dus 'n enorme eksegetiese probleem. Is die NG Kerk nou dáár waar Rudolf Bultmann dekades gelede met sy ontmitologiseringsteologie vasgesteek het? Moet ons nou verstaan dat die grootste deel van die evangelies en die briewe van Paulus en Petrus, plus die verhale in Handelinge, metafories gelees moet word?

## B.12 DIE BEDIENING VAN BEVRYDING
**(GEMEENTE GEORGE)**
**BESWAARSKRIF/ GRAVAMEN**

Voorgestelde beskrywingspunt vir die eerskomende vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk:
*Die Sinode besluit om paragraaf 7 van die besluite van die Sinode van 2011 insake die Bediening van Bevryding in sy geheel te skrap. Die besluit lui as volg:*
*"Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasie en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer."*

**MOTIVERING:**
1. Hierdie besluit is in stryd met die getuienis van die Skrif en van ons belydenisskrifte. Die Nederlandse Geloofsbelydenis praat byvoorbeeld van "die duiwel en sy engele" (Artikel 37) en die Heidelbergse Kategismus onderskei duidelik tussen "die duiwel, die wêreld en ons eie [sondige] vlees" (Sondag 52).
2. Die besluit gee lidmate en ampsdraers die reg om die Bybelse leer ivm "die werklike en persoonlike aard van die duiwel" op enige denkbare manier te interpreteer – die "ruimte" word nêrens op enige manier omskryf of beperk nie. Dit staan lidmate en ampsraers dus ook vry om "die werklike en persoonlike aard" van die duiwel en bose geeste in sy geheel te ontken.
3. Die vryheid van interpretasie wat hiermee gegee word, is in stryd met die volgende besluite wat by dieselfde geleentheid deur die Algemene Sinode aanvaar is waar die werklike en persoonlike aard van die bose magte erken word:
Paragraaf 1: "Die Algemene Sinode bely met blydskap die oorwinning van Jesus Christus oor al die manifestasies van die duiwel, bose magte, boosheid en kwaad in hierdie wêreld".
Paragraaf 4: "Die Algemene Sinode bevestig weereens dat dit van uiterste belang is dat die Kerk sal leef vanuit die geloofsperspektief dat, hoewel die Bose gelowiges steeds bedreig soos 'n brullende leeu en versoek soos 'n engel van die lig, die bose deur die lewe, sterwe en opstanding van Jesus en die uitstorting van God se Gees oorwin en aan bande gelê is".
Paragraaf 9: In paragraaf 9 word 'n bediening van bevryding van bose geeste (demone), met sekere voorbehoude, deur die Algemene Sinode goedgekeur. Die werklike en persoonlike aard van bose magte word dus duidelik daardeur erken.
Paragraaf 10: Die Sinode sê hier dat baie Suid-Afrikaners se lewens oorheers word deur "'n werklike vrees vir eksterne bose magte" en vra lidmate en ampsdraers om besondere aandag daaraan te gee. Daarteenoor keur die Sinode egter, in paragraaf 7, 'n Eurosentriese denkpatroon goed wat ons heeltemal uit pas maak met die nood van die mense van Afrika.
4. Die vryheid wat gegee word om "die werklike en persoonlike aard van die duiwel" te ontken, is in stryd met die geloof van die oorgrote meerderheid Christene reg oor wêreld. Reeds vir byna 2000 jaar aanvaar al die hoofstroom denominasies van die Kerk van Christus die werklike en persoonlike aard van die duiwel en bose geeste. Die besluit is dus 'n radikale afwyking van die algemeen-aanvaarde geloof van die historiese Christelike Kerk van alle tye en in alle wêrelddele.
5. Die besluit berus gedeeltelik op 'n onbewese veronderstelling naamlik dat, wanneer na die duiwel verwys word as 'n persoon, die indruk daarmee geskep word dat die duiwel 'n mens is (sien afdelings 9 en 10 van die ATLAS-verslag van 2011). Hierdie andersins baie deeglike verslag lewer egter geen enkele bewys dat lidmate van die NG Kerk, wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel glo, dink dat die duiwel 'n mens is nie.
6. Die betrokke besluit misken dit wat Jesus ivm die werklike en persoonlike aard van die duiwel geglo en geleer het. In Matteus verwys Hy na "die duiwel en sy engele" (25:41) en in Johannes noem Hy die duiwel "'n



Inhoudsopgawe

moordenaar", "die vader van die leuen" (8:44) en "die owerste van hierdie wêreld" (14:30; 16:11), wat alleen deur Sy volmaakte Middelaarswerk oorwin kon word (12:23-32). Reeds aan die begin van Sy bediening, in die woestyn, het Jesus ondervind dat die duiwel geen onpersoonlike mag is nie, maar 'n aartsverleier wat homself voordoen as 'n "engel van die lig" (Mat 4:1-11; Luk 4:1-13).
7. 'n Mens huiwer om die skrikwekkende gevolge van hierdie besluit uit te spel, maar, as die duiwel nie 'n persoonlike mag is nie, dan is Jesus in die woestyn versoek deur "die kwaad wat in elke mens skuil". En dan was Jesus nie die Mens-geworde Ewige Seun van God nie, maar 'n sondaar wat self verlossing nodig gehad het.
8. Dit is heeltemal onaanvaarbaar dat die Algemene Sinode – wat die regeeramp in die NG Kerk in die Naam van Christus moet beoefen – aan ampsdraers van die Kerk van Christus die reg kan gee om leerstellings te verkondig wat duidelik in stryd is met dit wat Jesus en die apostels geleer het.

## B.13 BELYDENISVORMING
**(WES-TRANSVAAL)**
**BESKRYWINGSPUNT**

**1.** In erkentlikheid voor die Here en met die belange van almal wat 'n hartgrondige belang by die Belydenis van Belhar en kerkeenheid het, lê die Sinode van Wes-Transvaal die volgende beskrywingspunte aan die Algemene Sinode voor:
*Die Algemene Sinode besluit om sy besluit ivm Belhar* naamlik:
"Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hiervoor in werking te stel."
*in revisie te neem om die volgende redes*:
1.1 Die mandaat aan die Algemene Sinode in Art 44.1 en 44.2 rondom belydeniswysiging is na ons nederige mening nie nagekom en in werking gestel by die neem van hierdie besluit nie. Dit blyk daarin dat twee derdes van elke sinode en twee derdes van elke kerkraad nie ten gunste van belydeniswysiging besluit het alvorens die Algemene Sinode bostaande besluit geneem het nie.
1.2 Na ons mening is die proses wat Artikel 44 voorsien in wese omgekeer, alhoewel die besluit met 'n oorweldigende meerderheid geneem is.
1.3 Die kerkordelike proses van 'n belydenisskrif word na ons mening onnodig in die gevaar gestel indien die prosedure voorgeskryf in Art 44.1 en 44.2 nie nagekom word deur die Algemene Sinode nie.
1.4 Nie-nakoming van die ingeboude verskansings in Artikels 44.1 en 44.2 maak, na ons beskeie mening, die mooi besluit van die Algemene Sinode nietig. Ons bely dat heelwat van ons afgevaardigdes meegevoer was met die erns van die oomblik en nie die volle implikasies van die nie-nakoming van Artikel 44.1 en 44.2 op daardie oomblik besef het nie.
1.5 Die proses vir die aanvaarding van 'n belydenisskrif is so kosbaar vir Wes-Transvaal Sinode dat die Sinode versoek dat die korrekte proses ingevolge Artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde gevolg word soos reeds vervat in die Algemene Sinode se besluit van 2004. Ons insiens is slegs nodig die nakoming van 2004 se besluit wat volkome in lyn met Artikels 44.1 en 44.2 is.

**2.** *Die Algemene Sinode neem die besluit in Reglement 21, paragraaf 6, vervat, in revisie om die volgende redes:*

2.1 Paragraaf 6 van Reglement 21 poog, met alle respek, om Artikel 44 enersyds te omseil, en andersyds, om die prosedure vervat in Artikel 44 te wysig deur 'n stemming deur lidmate in te bring terwyl Art 44 slegs 'n stemming deur kerkrade en sinodes in die oog het.
2.2 Die voetnoot by Artikel 44 wat verwys na paragraaf 6 van Reglement 21 vertoon 'n teenstrydigheid met die inhoud van Art 44.1 deur kerkrade en lidmate op dieselfde vlak te plaas.

"44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid en twee derdes van alle Kerkrade (20 Vir die wyse waarop die besluit van kerkrade oor die verandering van die belydenisgrondslag van die NG Kerk hanteer word ten einde die instemming en approbasie van ten minste twee derdes van belydende lidmate van gemeentes met die besluit te verkry, vergelyk die *Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes, en die Vorming van 'n Nuwe Kerkverband*, punt 6.") elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.

2.3 Die doel van verskanste artikels is, na ons mening, juis dat hulle nie op enige ander wyse as op die wyse in die verskanste artikel voorgeskryf gewysig mag word nie.
2.4 Die uitspraak van die Appèlhof in die saak van Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (OVS) en 'n Ander teen die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika 1999 (2) SA 156 HHA en verdere bladsye is toepaslik, naamlik dat die Kerkorde nie deur 'n sinode gewysig mag word sonder om aan die verskansings in die Kerkorde aandag te gee nie.

2.5 Na ons nederige mening is Reglement 21, paragraaf 6, nietig in die lig van die nie-nakoming van Art 44 se vereistes.
2.*6 Ons versoek dus dat paragraaf 6 van Reglement 21 sal verval*.

## B.14 BELYDENISWYSIGING
**(GEMEENTE VRYHEID-WES)**
**BESWAARSKRIF**

*Die besluit van die Algemene Sinode om twee nuwe belydenisse aan te beveel aan die kerkverband en die besluit van die Algemene Sinode om twee nuwe regsverbintenisse aan te beveel aan die kerkverband.*

Hierdie kerkraad het reeds jare gelede kennnis gegee aan die Sinode van Kwazulu-Natal dat ons nie die Belhar Belydenis as belydenis van ons kerk onderskryf nie. Hierdie kerkraad bevestig nou weereens sy standpunt oor die Belhar belydenis. Dieselfde geld ook vir die Laudiumverklaring.

Die kerkraad wil nie nou ingaan op sy inhoudelike voorbehoude en probleme met die Belydenis van Belhar of die Laudiumverklaring nie, maar betwis die reg van die Algemene Sinode om nuwe belydenisse aan te beveel en om dan boonop twee nuwe regsverbintenisse tot die NG Kerk se belydenisse voor te stel.

**Die huidige en geldige regsverbintenis** wat lidmate en Kerkrade en alle meerdere vergaderinge (ook die Algemene Sinode) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in gewete en tug verbind, is die Algemene Belydenisse (te wete Nicea, Athanasius en die Apostoliese Geloofbelydenisse) en die Gereformeerde belydenisse (te wete die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategimus en die Dordtse Leerreëls) van ons kerk OMDAT (quia) dit met die Woord van God ooreenstem.

Die Algemene Sinode het alleen op hierdie bogenoemde regsverbintenis gekonstitueer. Enige verdere/nuwe regsverbintenisse mag alleen van een of meer mindere vergaderinge van die kerkverband kom. Dan moet dit deur alle mindere vergaderinge getoets word. Na die beste wete van hierdie kerkraad het die aanbeveling vir aanvaarding van Belhar en Laudium as belydenisse nie van ’n mindere kerkvergadering gekom nie. Indien daar wel so ’n aanbeveling van ’n mindere vergadering na die Algemene Sinode sou kom, moes die Algemene Sinode dit bloot in ontvangs neem en deurstuur aan al die ander streeksinodes vir kommentaar en reaksie sonder propaganda of aanbeveling van die Algemene Sinode. Geen sodanige deurgestuurde aanbeveling van ’n mindere vergadering van ons kerk na die Algemene Sinode en dan via ons streeksinode van Kwazulu-Natal is na ons deurgestuur vir kommentaar of stemming nie. Ons ontvang net kennis van ’n besluit van die Algemene Sinode (wat nie eens van ’n mindere vergadering af op die tafel van die Algemene Sinode kom nie) waarin die Algemene Sinode doelbewus en positief nuwe belydenisse propageer (en nie net deurstuur nie). Ons ervaar hierdie optrede as voorbarig en intimiderend.

Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het, benewens die positiewe aanbeveling van nuwe belydenisse, ook sommer twee nuwe regsverbintenisse naas die huidige en geldige regverbintenis voorgestel (weereens sonder dat dit van enige mindere vergadering op sy tafel gekom het en sonder dat dit deur alle mindere vergaderinge getoets is.)

**Die eerste nuwe regsverbintenis** is dat ***huidige lidmate*** en kerkrade uit vrye wil kan laat kies of hulle in gewete en tug ook verbind wil wees aan die die Belhar Belydenis en die Laudiumverklaring OMDAT (quia) dit met die Woord van God ooreenstem;

**Die tweede nuwe regsverbintenis** is dat ***nuwe lidmate*** (maar blykbaar nie alle Kerkrade nie) verplig sal wees om in gewete en tug ook verbind te laat wees aan die Belhar Belydenis en die Laudiumverklaring OMDAT (quia) dit met die Woord van God ooreenstem;

Behalwe vir die spanning in gewete en tug tussen twee soorte lidmate (huidige lidmate vir of teen Belhar/Laudium), twee soorte kerkraadslede (huidige kerkraadslede vir of teen Belhar/Laudium) en twee soorte kerkrade (huidige met of sonder tweederdemeerderheid vir of teen Belhar/Laudium), twee soorte ringe (huidige met of sonder tweederdemeerderheid vir of teen Belhar/Laudium), twee soorte steeksinodes (huidige met of sonder tweederdemeerderheid vir of teen Belhar/Laudium) en alle nuwe lidmate wat verplig is (hulle vrye reg is hier ontneem) om Belhar/Laudium te onderskryf, sal die Algemene Sinode moet verduidelik wie uiteindelik vir skeurmakery verantwoordelik is wanneer enige regssaak en regsuitspraak oor die leer en lewe van ’n lidmaat tov die inhoud van die 6 ***óf*** 8 belydenisse gemaak word.

**Hierdie kerkraad betwis dus die Algemene Sinode se reg om**

a. die voorstel om die Belydenis van Belhar en die Laudiumverklaring as deel van die huidige Belydenisse as voorstel te aanvaar sonder dat dit van 'n streeksinode gekom het;
b. sodanige voorstel positief aan te beveel sonder om te wag vir die kommentaar van streeksinodes, ringe en kerkrade en gemeentes; die Algemene Sinode wil nou alreeds die Belharbelydenis en die Laudiumverklaring as belydenisse propageer in die hele NG Kerk.
c. twee nuwe regsverbintenisse tot die belydenisse aan te beveel sonder dat dit eers van enige van sy mindere vergaderinge (streeksinodes, ringe, kerkrade en gemeentes) ontvang is en sonder dat dit eers deur al die mindere vergaderinge (streeksinodes, ringe, kerkrade en gemeentes) getoets en aanvaar is.

*Die Kerkraad versoek die Ring van Vryheid om saam met hierdie kerkraad die Sinode van Kwazulu-Natal te versoek om 'n amptelike regsuitspraak te maak oor hierdie kerkraad se betwisting van die Algemene Sinode se optrede in verband met hierdie saak soos in punte a tot c genoem is.*

## B.15 DOOPHERINNERING EN RITUELE
**(GEMEENTE VRYHEID-WES)**
**BESWAARSKRIF**

**Ter sake is die volgende besluite van die Algemene Sinode:**

Die Algemene Sinode het die volgende riglyne vir die doopherdenking/herinnering en ander rituele neergelê
1. Die Sinode bevestig dat die heil altyd en in alle omstandighede gevier moet word.
2. Die Algemene Sinode wys lidmate daarop dat die gereelde viering van die nagmaal die primêre plek van viering is.
3. Die Algemene Sinode bevestig dat die doopherinnering/viering nie as 'n her/weerdoop interpreteer mag word nie, maar direk met die verbonds-/christelike doop saamhang.
4. Die Sinode besluit dat gemeentes aangemoedig word om geleenthede te skep waar doopherinnering of herdenking deel word van lidmate en gemeentes se verhaal.
5. Die Sinode beveel aan dat sakramentsviering 'n groter rol binne liturgie, kategese en die erediens sal speel.
6. Dit staan Kerkrade ook vry om toepaslike rituele te vestig wat die behoefte van sulke lidmate opvang om simbolies uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding saam met Christus.
7. Hierdie rituele is nie sakramente nie en vervang nie die verbondsdoop nie.

**Die Algemene Sinode behoort te weet wat in die Belydenisse staan oor die sakramente en seremonies:**

**Die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 25 lui so:**
"Ons glo dat die seremonies en heenwysings na die wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het. ***Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word.*** Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling. Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig."

**Verder sê die Nederlandse Geloofsbelydenis in Artikel 34:**
"Verder is ons tevrede met die ***aantal sakramente*** wat Christus, ons Meester, vir ons ingestel het en wat slegs twee is, naamlik die sakrament van die doop en van die heilige nagmaal van Jesus Christus.

**Vraag en antwoord 68 van die Heidelbergse Kategismus klink so:**
**68. Vraag**: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?
**Antwoord**: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

Indien al drie aanhalings saamgelees word, is dit duidelik dat die seremonies van die Ou Testament vervul is in die Persoon en werk van Jesus Christus self. Die doop en nagmaal is die enigste tekens wat Christus gebruik om Homself en sy heilswerk mee te bevestig. Dit is die belydenis van ons kerk en nie maar net 'n spirituele mening nie. Mens sou kon aanvoer dat die seremonies ***ou*** testamenties was, en dat daardie ***ou*** seremonies vervul is, maar dat ons in die ***nuwe*** verbond wel nuwe seremonies sou kon instel. Maar ook dit word verbied in die Heidelbergse Kategismus: in die ***nuwe*** testament/verbond is daar slegs twee sakramente nl die doop en die nagmaal.

Dit val hierdie kerkraad op dat die Algemene Sinode nie die woord "seremonie" gebruik nie, maar wel die woord "ritueel". Blykbaar om die belydenisse vindingryk te omseil om sodoende met 'n nuwe naam wel

seremonies te bedryf, maar dit rituele te noem. Wat presies die verskil tussen ’n ritueel en ’n seremonie is – indien daar wel ’n verskil is – word nie deur die Algemene Sinode gestel nie.

Die Algemene Sinode stel duidelik dat rituele nie sakramente is nie, maar dat dit direk met die sakramente saamhang. Die grond wat die Algemene Sinode aanvoer waarom hy toepaslike rituele invoer in die NG Kerk is omdat die Sinode daardeur **die behoefte van sulke lidmate** opvang om simbolies uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding saam met Christus.

Dit spreek vanself dat die kerk nie aan alle behoeftes van lidmate kan of wil voldoen nie. Sommige lidmate het die behoefte om in die erediens in tale te praat. Mag hulle dan maar in tale praat net omdat hulle die behoefte het? Ander lidmate het die behoefte om in die erediens ’n getuienis van hulle lewe te gee. Nog ander lidmate het die behoefte om in die erediens te preek. Mag hulle dit dan maar doen net omdat hulle die behoefte het? Ander lidmate het die behoefte om hulle weer te laat doop. Mag hulle dit maar doen net omdat hulle die behoefte het? Nog ander lidmate het die behoefte om in die erediens simbolies-ritueel uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding met Christus. Mag hulle dit dan maar doen net omdat hulle die behoefte het?

Die vraag is dus of hulle ’n Skrifgefundeerde behoefte het en of die kerk aan daardie behoefte behoort te voldoen, of die kerk vir daardie behoefte ruimte behoort te maak. **Die Algemene Sinode** maak nou ruimte vir hierdie behoeftes van sekere lidmate om in die erediens simbolies-ritueel uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding met Christus omdat die Sinode meen dis ’n Skrifgefundeerde behoefte. **Hierdie kerkraad** meen dat daar nie ruimte vir hierdie behoeftes van lidmate gemaak behoort te word nie, omdat dit nie ’n Skrifgefundeerde behoefte is nie.

Die verslag van die Algemene Sinode werk met 'n skaamtelose, onhoudbare en onbybelse dualisme. Dit is tipies van die Pinkstergeloof in die Pinksterkerke.

Die dualisme werk so:
***Eerste deel van die dualisme***: Wanneer die Here werk, gee Hy deur die kerk as instituut ’n "geinstitusionaliseerde" godservaring. Hy gee ook die "geïnstitusionaliseerde" sakramente van die doop en die nagmaal. Hierdie "geïnstitusionaliseerde" godservarings en sakramente is baie, baie belangrik en geldig want dis God se werk, dis God se kant van die saak, dis onmisbaar
***MAAR***
(en nou volg ***die tweede deel van die dualisme***) jy moet dit persoonlik jou eie maak deur jou eie godservaring te soek en deur self jou eie sterwe en opstanding met Christus simbolies-ritueel-liturgies te vier. Jou behoefte aan ’n eie godservaring en om dit wat die Here gegee het jou eie te maak, is ’n goeie en wettige behoefte. Ons sal vir jou die ruimte daarvoor skep.

Die Pinksterdualisme werk altyd met "God se kant en die mens se kant". Hierdie dualisme bestaan glad nie binne ons Gereformeerde geloof in God en die werk wat God doen soos in die belydenisskrifte vervat word nie. Ons glo dat die heilswerk van Christus in sy lyding en opstanding as mens ***nie losgeskeur*** kan word van die heilskrag en heilsvrug wat reeds in ons is nie. Christus beklee ons met die nuwe mens deur sy opstanding uit die dood ***en*** terselfdertyd ontklee Christus ons van die ou mens deur sy lyding en sterwe. ***Altwee*** **hierdie "kante" is alleen die werk van Christus**. Altwee hierdie "kante" word in die doop genoegsaam en volledig verseël sodat gelowiges in die eenmalige doop sonder enige ander ritueel die volle heilservaring in Christus deur hierdie een doop beleef.

***Die een doop*** verseël en bevestig Christus ***én*** die Heilige Gees se volledige heilswerk vir en in ons. Beide Christus se heilswerk in sy lyding en opstanding ***én*** die Heilige Gees se toeëiening van die heil in lidmate deur die afsterwe van hulle ou mens en die opstanding van die nuwe mens word deur ***een en dieselfde doop*** uitgebeeld. Die een doop deur God gegee, is genoegsaam om al die troos, sekerheid, bevestiging, heilservaring, bemagtiging en versterking wat ’n gelowige sondaar het, mee te deel.

Daarom kan daar nie naas die doop nog ander rituele wees wat die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens moet uitbeeld nie omdat daar 'ervaar' word dat dit nie genoegsaam in die doop wat Christus ingestel het, uitgebeeld word nie.

Die ***skeiding*** tussen doop in Christus en doop in die Gees vorm die fondament van die verslag van die Algemene Sinode. Want die doop in Christus verseël, versterk, bemiddel, bevestig nie meer die opstanding van die nuwe mens en die afsterwe van die ou mens nie. Dit moet nou in selfontwerpte rituele ervaar word. Die doop is nog net goed genoeg om as "geïnstitusionaliseerde godservaring" Christus se lyding en opstanding uit te beeld. Dat die Algemene Sinode volledig ingekoop het in die dualisme blyk duidelik uit die feit dat die Sinode sterk daarop staan dat rituele nie sakramente is nie, maar dat dit direk met die

sakramente ***saamhang***. Die sakrament is God se werk. Dis Sy kant. Die ritueel is ons toe-eiening en ons viering van God se werk. Dis ons kant. En tog hang dit saam: God se werk deur die sakrament en ons werk by die ritueel hang saam. In albei gevalle gaan dit oor sterwe en opstanding. ***By die sakrament*** gaan dit oor Christus se sterwe en opstanding. ***By die ritueel*** gaan dit oor my waarmaak, toe-eiening en ervaring van my sterwe en opstanding met Christus. Christus gee die werklikheid objektief en ons maak dit ons eie subjektief.

Die Algemene Sinode wil nou ***hierdie skeiding*** tussen die heil in Christus en die heil deur die Heilige Gees bedien deur die heil deur die Gees deur middel van rituele te bedien terwyl die Gees lidmate reeds met hulle eerste doop die troos, sekerheid, bevestiging, heilservaring, bemagtiging en versterking gee om in Christus te leef.

Dit spreek vanself dat as die sakrament en die ritueel in onderskeid en samehang hierdie bogenoemde betekenis het wat die Algemene Sinode nou daaraan gee dat nie net sekere lidmate aan die ritueel behoort deel te neem nie, maar almal. Wie wil nou na dese nog net 'n "geïnstitsionaliseerde" godservaring en sakrament hê as hy/sy die persoonlike, toegeeiende godservaring van sy afstewe en sy opstanding feestelik in die ritueel kan kry? Wie is so ongeestelik?

Dit, terwyl Christus deur die een doop ***hulle*** kragtige afsterwe en opstanding saam met Hom verseël het en hulle die tekens van hulle opstanding en afsterwe met Christus ***in hulle bekering*** kon ervaar as 'n hartlike berou oor sonde en hartlike vreugde in God en in goeie werke.

Die "plek" waar ons die tekens en vrug van die afsterwe van ons ou mens en die opstanding van ons nuwe mens behoort te sien, is volgens die Heidelbergse Kategismus in ons bekering. Maar ons bekering is aan ons beloof toe ons by die doop eenmalig, kragtig en waaragtig ingelyf is in Christus en Sy Gees se volle werk. Hierdie verband tussen doop (ook die doop van die kinders van gelowige ouers) en bekering word nie deur die Pinkstergeloof meer ge-eien nie. In hulle lewe in hul godsdienstige dualisme kan hulle dit nie raaksien nie.

**Heidelbergse Kategismus:**
**88 Vraag: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?**
Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.
**89 Vraag: Wat is die afsterwing van die ou mens?**
Antwoord: Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug.
**90 Vraag: Wat is die opstanding van die nuwe mens?**
Antwoord: Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe.

Dus: ons belydenisskrifte is duidelik dat die doop en nagmaal as tekens genoegsaam is om ons ***alles*** te verseker en te bevestig wat vir ons geloof nodig is. Die doop en die nagmaal is die enigste tekens wat die verhoogde Here as God self gebruik om ons die volle heil in Christus ten volle te laat beleef. Die een doop deur God gegee, is genoegsaam om al die troos, sekerheid, bevestiging, heilservaring, bemagtiging en versterking wat 'n gelowige sondaar het, mee te deel.

Waarom het sekere lidmate dan wel die behoefte om 'n persoonlike godservaring te hê? Waarom het hulle dan die behoefte om in die erediens simbolies-ritueel uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding met Christus?

Hierdie lidmate se behoefte het ontstaan omdat hulle onderrig/bepreek/gekatkiseer is in die dualisme van die Pinkstergeloof. Hulle leef in die godsdiensbeskouing van "God se kant" en "my kant". Hulle kan nie die ervaring van die afsterwe van hulle ou mens en die opstanding van hulle nuwe mens in Christus enigsins met hulle doop verbind nie, want hulle doop is bloot 'n "geïnstitusionaliseerde" sakrament van God se kant. Hulle doop as kinders is nie vir hulle 'n teken van die nuwe opstanding en afsterwe wat hulle ***in hulle bekering*** ervaar nie. Hulle kan hulle doop nog as teken van die heilswerk van ***Christus*** aan die kruis en ***sy*** opstanding sien, maar dit het vir hulle geen waarde vir die ervaring van nuutheid en oudheid wat hulle ***in hulle bekering*** ervaar nie. Waarom nie? Want hulle is so geleer. En dieselfde geestelikes wat hulle so leer, wil hulle nou tegemoet kom deur vir hulle 'n ritueel te gee vir hulle ervaring van ***hulle*** afsterwe en ***hulle*** opstanding saam met Chritus.

Hierdie dualisme kan nie in die NG Kerk geakkommodeer word nie. Dis 'n geloofsafwyking van die geloof wat die NG Kerk in sy belydenisse bely.

*Hierdie kerkraad verwerp dus die Algemene Sinode se instelling van rituele waarop kerkrade besluit as mensgemaakte rituele wat nie Skrifgefundeerd is nie en versoek die Ring van Vryheid om die streeksinode van Kwazulu-Natal te versoek om die Algemene Sinode te versoek om sy besluite oor rituele te herroep. Die Algemene Sinode word ook versoek om liewer kerkrade aan te moedig om die Here se sakramente met hulle volheidsbetekenis feestelik en met vreugde te vier.*

## B.16 FREKWENSIE EN SAMESTELLING: ALGEMENE SINODE

**(NOORDELIKE SINODE)**
**BESKRYWINGSPUNT**

*Die Algemene Sinode volstaan met die herstrukturering en funksionering van die werksaamhede van die Algemene Sinode, maar vergader vierjaarliks met 'n afvaardiging van 400 lede. In die tyd tussen vergaderings hanteer die ASM steeds as verteenwoordigende regsliggaam van die Algemene Sinode sake van belang.*

**MOTIVERING**
**2.1 Agtergrond**
Die funksionering van die Algemene Sinode (AS) en spesifiek die verkleinde afvaardiging na die AS het deur 'n voorstel van die vloer om die getal afgevaardigdes weer 'n maksimum van 400 lede te maak, aan die orde gekom by die 2012 sitting van die Noordelike Sinode. Die vergadering het nie die voorstel tot stemming gebring nie, maar het versoek dat die Sinodale Diensraad (SDR) die ASM oor die saak nader. Daar is na die oordeel van die SDR heelwat emosies rondom die saak wat die funksionering van die verband kan laat skade ly as ons nie hieraan aandag skenk nie.

**2.2 'n Verantwoordbare AS besluit!**
Dit is waarskynlik nie nodig dat die SDR die ASM moet herinner daaraan dat ons in 'n tyd leef waar die kompleksiteit van ons leefwêreld die proses van verandering baie moeilik maak. In die bespreking rondom die verandering van die afvaardiging van die AS by die Noordelike Sinode is baie min na die verslag van die taakspan van die AS oor die struktuur en funksionering van die AS verwys (Agenda Algemene Sinode: 214vv Moderamen bylaag 1). Die verandering in funksionering van die AS was nie 'n saak waaroor daar sterk emosie of weerstand op die Noordelike Sinode beleef is nie. Oor die verkleinde afvaardiging was egter sterk standpunt ingeneem. Daar was selfs vrae of die verkleining kerkordelik bindend op die Noordelike Sinode is en sprake daarvan dat die verkleinde afvaardiging as 'n oligargie beleef word.

Die SDR betwyfel nie dat die saak deur die AS kerkordelik reg hanteer is en dat die AS in hulle bespreking 'n deeglike verslag as riglyn gehad het nie. Die SDR het begrip dat die verslag van die taakspan oor funksionering 'n meer vaartbelynde AS met gereelde vergadertye ter wille van relevansie in 'n vinnig veranderende omgewing in vooruitsig gestel het. Daar was by die SDR ook begrip vir die feit dat die verkleinde afvaardiging 'n logiese konsekwensie van die verslag en beredenering van die taakspan was. Die SDR weet ook van geen ringe of gemeentes wat tans binne die Sinodale gebied die saak formeel op hulle tafel geneem het met die oog op 'n beskrywingspunt aan die AS nie. Die saak waaroor dit hier handel, is dus nie 'n formele kerkordelike saak nie, maar 'n sterk emosie.

In die bespreking by die sinode en die SDR het die teenwoordige afgevaardigdes na die 2011 AS in hulle terugvoer betuig dat daar wel 'n sensitiwiteit by die afgevaardigdes vir die emosies van veral die verkleinde afvaardiging was. Die aanvanklike voorstel van 'n AS bestaande uit 120 persone is verander na 200 persone en die frekwensie van vergaderings van die aanvanklike voorstel van een jaar na twee jaar verander. In die bespreking by die AS 2011 is die statistiese onbeduidende verskil van 'n afvaardiging van 200 of 400 persone duidelik uitgewys. Die argumente rondom 'n kleiner afvaardiging en die moontlikhede wat dit skep vir 'n vergadering wat makliker bymekaar kan kom, was deeglik verreken. In die skematiese voorstelling van die AS se werksaamhede (Agenda Algemene Sinode 2011:219) is die noodsaak van deeglike kommunikasie met die sinodes in 'n nuwe funksionering duidelik aangetoon. Die taakspan het in hulle repliek by die AS dan ook die belangrikheid van die ontwikkeling van sisteme om die afstand tussen sinodes en die AS te oorbrug, aangespreek. In die lig van die argumente voor die Sinode was die besluit om die afvaardiging te verklein terugskouend verstaanbaar.

Die emosie rondom so 'n verandering is egter nie noodwendig voorsien nie.

**2.3 'n Herdefiniëring van verband.**
Binne die Noordelike Sinode is ons net soos baie ander sinodes besig om in 'n nuwe tyd die funksionering van verband te herdefinieer. Daar is in 'n tyd waar baie gemeentes se funksionering onder druk is, sterk gevoelens oor die rol en funksionering van die onderskeie dele van die verband. Die gesprek word nie in die

lig van ’n weerstand teen die verband gevoer nie. Dit is egter wel gevoed uit ’n leefwêreld waar sentrale bestuur en beheer al hoe vreemder beleef word en daar ’n sterk behoefte aan individuele inspraak in sake is waar ’n gemeente direk geraak word. Die proses om die gereformeerde beginsel van die gesamentlike soeke na waarheid in die verband in ’n nuut funksionerende wêreld in stand te hou, vra van ons almal kreatiewe denke. In die gepaardgaande veranderings aan die sisteem is dit belangrik om te verstaan dat verandering net suksesvol kan plaasvind as die emotiewe rondom die verandering deeglik verreken word. Daarsonder sal selfs goed beredeneerde idees as bedreigend ervaar word en teruggeval word na die reeds bestaande persepsies of funksionering.

**2.4 ’n Poging tot verwoording van emosies en persepsies.**
Om die saak oor die funksionering van die AS en die gepaardgaande veranderings aan te spreek, is dit nodig om te probeer verwoord watter persepsies ons binne die Noordelike Sinode oor die verband hoor. Die persepsies is nie gekwantifiseer nie, maar wel duidelik identifiseerbaar.
**2.4.1** Daar is duidelike verskil oor die definisie oor effektiewe funksionering van die AS. Die idee oor ’n verkleinde en vaartbelynde AS waar daar kleiner verteenwoordiging is, skep die idee dat die AS wegbeweeg van die rol binne die verband om te konsentreer op belydenis, beleid en teologiese sake. Die idee van ’n vinnig reagerende sentrale sisteem binne die verband skep die vrees dat die AS namens die gemeentes oor sake wil reageer sonder om die konteks van die plaaslike gemeente in ag te neem. Die vorige funksionering van die AS met genoeg tyd tussen sittings om deeglike navorsing te doen en die sake in die verband te toets, word as ’n veilige sisteem gesien. Binne die sisteem is daar minder bekommernis dat die AS en die leierskap in die versoeking sal kom om as “visioenêre” of “bemagtigde” leiers die kerk in ’n rigting te stuur waar die plaaslike gemeente se leierskap ontmagtig word of die konteks van die gemeente nie in ag geneem word nie.
**2.4.2** Daar is ongelukkig tans in Suid-Afrika waarskynlik ’n groter politieke wantroue en verwydering tussen mense as ’n paar jaar terug. Binne die Noordelike Sinode het ons kennis geneem van navorsing wat spesifiek oor die hantering van verlies in ons konteks gehandel het (dr Willem Boshoff) en die siening dat die hantering van verlies nie oral so goed hanteer is as by ander nie. Binne die gemeentes beleef ons in verskillende kontekste in Suid-Afrika baie sterk emosies oor die verandering van ons leefwêreld sonder dat daar enige beduidende inspraak daarin is. Binne die konteks word die optrede van die AS en die leierskap ongelukkig soms as manipulerend beleef. Hier is spesifiek die hantering van kerkeenheid en die belewenis van ’n eensydige beredenering rondom die Belharbelydenis vir baie ’n probleem. Om die saak nog meer te kompliseer, word die AS Moderamen se reaksie en verklarings deur sommige as ’n oorskryding van verantwoordelikhede gesien wat die plaaslike kerkraad in ’n posisie plaas waar hulle hantering van sake bemoeilik word.
**2.4.3** Die persepsie dat ons in die NG Kerk by ’n waterskeiding is oor teologiese verskille word sterk deur sommige beleef. Enige verkleining van inspraak of sterker funksionering van ’n sentrale verband word baie negatief en bedreigend beleef.
**2.4.4** Die huidig verkleinde afvaardiging maak dit baie moeilik om ’n balans te kry tussen streeksverteenwoordiging, kundigheid wat noodsaaklik is vir die AS funksionering en die verkose leierskap van die sinode. Daar is ongelukkig ’n gevoel van onvergenoegdheid met meeste pogings om ‘n gebalanseerde afvaardiging saam te stel.
**2.4.5** Die funksionering van die verband en die kostes daaraan verbonde word ’n al hoe groter probleem. Soos wat gemeentes ernstig moet besin oor hulle finansies is dit ongelukkig so dat die verband verder van die plaaslike gemeente se behoeftes is en die gemeentes makliker perspektief kan verloor oor die noodsaaklikheid van die verband binne ons gereformeerde funksionering.
**2.4.6** Die kritiese prosesse om sinodes en ringe sterker inspraak te gee soos in die taakspan se verslag oor die funksionering van die AS aandag gekry het, het in die oë van baie nie naastenby genoeg aandag gekry nie. Hierdie is ’n kritiese saak vir die sukses van ’n kleiner funksionerende AS. Voordat die saak nie genoegsaam deurgepraat is nie sal die vrees dat die AS die musiek voorskryf in plaas van die dirigent van die diverse orkes te wees, bly voortleef.
**2.4.7** Die Nederduitsch Hervormde Kerk se ongelukkige situasie met die Steedshervormers het beslis ’n impak op die denke op grondvlak. Dit het die potensiaal om in die klein kring van die Afrikaanse kerke aan persone met minderheidstandpunte die opsie van kerkskeuring ’n sterker realiteit te maak. Die perspektiewe oor die oorsaak van die spanning verskil ook hemelsbreed. Daar is egter ’n persepsie – en om billik te wees dink die SDR nie dit is die algemene persepsie nie – dat die situasie ’n goeie voorbeeld is van wat kan gebeur as die leierskap nie sensitief teenoor interne spanning in ’n kerk is nie.

## B.17 HOMOSEKSUALITEIT

**(WES-EN-SUID-KAAPLAND)**
**BESKRYWINGSPUNT**
Die Moderamen (Wes- en Suid-Kaapland) het kennis geneem van die hersieningsvoorstel/beskrywingspunt oor homoseksualiteit wat van 26 lidmate van die NG Kerk ontvang is. In die brief word gevra dat die

hersieningsvoorstel/beskrywingspunt aan die Moderamen voorgelê word "sodat dit deur die Algemene Sinode wat in Oktober 2013 vergader, behandel kan word". Die beleefde versoek is dus dat die Moderamen die brief van die 26 lidmate saam met hulle voorstel/beskrywingspunt en met as bylaag die Ope Brief van 2007,waarna in die 26 se brief verwys word, net so (sonder of met kommentaar van die Moderamen) na die Algemene Sinode sal deurstuur. Die Moderamen se moontlike eie voorstel oor hierdie saak kan dan afsonderlik van bogenoemde aan die Algemene Sinode voorgelê word.

Die volgende aanbeveling oor die saak dien voor die Moderamen en word die besluit van die vergadering:
1. Die Moderamen het met groot erns kennis geneem van die skrywe en hersieningsvoorstel van 26 lidmate oor homoseksualiteit.
*2. Die Moderamen verwys die skrywe na die Algemene Sinode en versoek dat dit op die agenda van die Algemene Sinode geplaas word.*
*3. Die Moderamen versoek die Algemene Sinode dus om, soos in die geval van die doopkwessie, duidelik leiding oor die saak te gee.*
*4. Die Moderamen is bewus van die feit dat hierdie 'n erg verdelende kwessie in kerke regoor die wêreld is, maar vertrou dat die kerk dit op 'n nugter, Skrifgefundeerde wyse sal hanteer.*

**HERSIENINGSVOORSTEL/ BESKRYWINGSPUNT OOR HOMOSEKSUALITEIT**

*Die Algemene Sinode word versoek om sy besluit oor Homoseksualiteit (Handelinge, 2007,12.2, bl 204) in hersiening te neem*. Die bestaande besluit lui soos volg:
1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God, die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.
3. Alle mense, ongeag hulle seksuele orientasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.
5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die Sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.
8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer."

**Die hersieningsvoorstel lui soos volg:**
*Die Algemene Sinode (2013) besluit:*
*1. Die Algemene Sinode herbevestig punte 1, 2, 3, 4, 5 en 8 van die besluit van 2007.*
*2. Die Algemene Sinode vervang punt 6 van die besluit van 2007 met: "Die Algemene Sinode aanvaar dat daar 'n permanente verhouding met 'n eie unieke aard tussen twee mense van dieselfde geslag kan bestaan, en gee opdrag aan die Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake om ondersoek te doen hoe so 'n verhouding aan Christelik-etiese verwagtinge kan voldoen."*
*3. Die Algemene Sinode vervang punt 7 van die besluit van 2007 met: "Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes tot die predikantsamp toegelaat word."*

**MOTIVERING:**
1. Terwyl aanvaar word dat die huwelik soos ons dit tans verstaan, tussen een man en een vrou is, kan 'n unieke, liefdevolle, permanente verhouding tussen twee mense van dieselfde geslag bestaan wat in sommige opsigte wel aan die huwelik herinner, en in ander nie. Die kerk moet ondersoek instel hoe dit kan gebeur sodat aan Christelik-etiese verwagtinge voldoen kan word.
2. Punt 3 van die 2007-besluit verklaar dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar word. Dit beteken onder meer "toegang tot die ampte". In punt 7 word wel gesê dat die Algemene Sinode homoseksuele gelegitimeerdes tot die predikantsamp toelaat, maar dan word bygevoeg dat hulle "'n selibate lewenstyl (moet) beoefen". As gedoopte, gelowige homoseksuele mense sonder meer toegelaat word tot al die ampte, kan daar egter nie bykomende eise aan gelegitimeerde homoseksuele mense gestel word wat nie vir almal geld nie. Anders

sou aan heteroseksuele predikante ook bykomende eise gestel kon word. Van alle gedoopte, gelowige lidmate van die kerk van Christus word veronderstel dat hulle lewens daarvan sal getuig, sekerlik ook van gelegitimeerdes, heteroseksueel of homoseksueel. Dit is, op stuk van sake, 'n gewetensaak. Punt 7, ook in sy hersiene vorm, kan desnoods heeltemal weggelaat word, maar dit is in hierdie konteks waarskynlik tog goed as pertinent genoem word dat
homoseksuele mense ook predikant kan word – maar dan sonder voorwaardes wat net vir hulle geld.

**OPE BRIEF AAN DIE ALGEMENE SINODE VAN DIE NG KERK, JUNIE 2007**

Geagte Susters en Broers
Die meeste van die ondergetekendes is lidmate van die NG Kerk, maar nie almal nie. Ons het egter almal verbintenisse met die NG Kerk – of deur familie, of deur vriende, of deur die geskiedenis. Ons is gelowige mense en rig hierdie Ope Brief in ons persoonlike hoedanigheid aan u omdat ons glo dat u tydens die Algemene Sinode van 2007 besluite gaan neem wat vir die evangelie van Jesus Christus in Suid-Afrika van besondere belang sal wees. Ons gebed is dat u deur u besluite tekens van hoop gaan oprig.

Ons vra beleefd u aandag vir die volgende:
1. Die Algemene Sinode van 2004 het "tekens van hoop" begin oprig toe hulle besluit het om van nuuts af na die kwessie van homoseksualiteit te kyk.
2. Die 2004-sinode het nog verder gegaan en om verskoning gevra aan gay mense en hulle families wat in die verlede deur die kerk se optrede diep seergemaak is. Daar is gays en familielede van gays onder die ondertekenaars van hierdie brief, en hulle aanvaar die verskoning van die Algemene Sinode.
3. Ons wil dit as ons oortuiging stel dat die meeste mense heteroseksueel gebore is, en sommige mense gay. Soos 'n heteroseksuele oriëntasie nie sonde is nie, so is 'n gay oriëntasie nie sonde nie. En soos 'n morele heteroseksuele leefwyse nie sonde is nie, so is 'n morele gay leefwyse nie sonde nie.
4. Ons aanbid 'n God van liefde en van geregtigheid. Waar daar haat en onreg is tussen en teenoor rasse, geslagte, nasies, heteroseksueles en gays – is God bedroef. 'n Kerk, veral 'n kerk, moet haat en onreg afwys. Die Algemene Sinode word nou geroep om haat en onreg teen gays, in die samelewing en in die kerk, in die duidelikste taal af te wys.
5. Ons versoek die Algemene Sinode van 2007 – ons pleit by u – om voort te bou op die besluite van 2004. Ons pleit dat u gay mense, nes heteroseksueles, as volwaardige mense en as volwaardige lidmate sal erken, dat u vir die diversiteit wat onder mense bestaan ruimte sal gee, en dat u die deur ook sal oopmaak vir die kerkrade wat gelei word om openlike gay mense as ampsdraers te verkies of te beroep sonder om eise te stel wat nie vir ander mense geld nie.
6. Ons versoek u om 'n gestruktureerde proses van versoening tussen heteroseksuele en gay mense in die kerk aan die gang te sit.
7. Laastens pleit ons by u dat u nie deur besluite wat nou geneem word, die verskoning wat in 2004 gevra is, ongedaan sal maak nie.

**BRIEF VAN 26 LIDMATE**

Geagte ds Sahd

HERSIENINGSVOORSTEL/ BESKRYWINGSPUNT OOR HOMOSEKSUALITEIT

Ondergetekendes, almal lidmate van die NG Kerk, versoek u vriendelik om die meegaande hersieningsvoorstel/beskrywingspunt asseblief aan die Moderamen voor te Iê sodat dit deur die Aigemene Sinode wat in Oktober 2013 vergader, behandel kan word.

Vir u kennisname heg ons ook hierby die Ope Brief aan wat in 2007 deur nagenoeg 500 persone onderteken is en wat onder al die afgevaardigdes se aandag gebring is en wye publisiteit geniet het, hoewel dit nie amptelik voor die Algemene Sinode gedien het nie. Let asseblief veral op punt 5 van die Ope Brief. Indien die Moderatuur/Moderamen met ons oor die hersieningsvoorstel/ beskrywingspunt gesprek wil voer, is 'n afvaardiging te enige tyd bereid tot so 'n ontmoeting.

Graag verneem ons die Moderamen se reaksie op hierdie brief.

Met dank vir u dringende aandag,

Die uwe in Christus,

Ds André Agenbag, predikant, Sonstraal-gemeente, Durbanville; dr Kobus Anthonissen, emeritus-predikant, Bellville; prof Hendrik Bosman, dosent: Ou Testament, Teologiese Fakulteit, Universiteit Stellenbosch; prof

Karin Calitz, dosent: Regsfakulteit, Universiteit Stellenbosch; dr Cecile Cilliers, skrywer, Vishoek; prof Julie Claassens, dosent: Ou Testament, Teologiese Fakulteit, Universiteit Stellenbosch; prof Marius de Waal, dosent: Regsfakulteit, Universiteit Stellenbosch; dr Ben du Toit, emeritus-dosent: Nuwe Testament, Teologiese Fakulteit, Universiteit Stellenbosch; dr Leon Fouche, predikant: Stellenbosch Welgelegen; dr Frits Gaum, emeritus-predikant, Glentana, Mosselbaai; prop Laurie Gaum, projekkoördineerder: Sentrum vir Christelike Spiritualiteit, Kaapstad; prof Hendrik Geyer, dosent: Teoretiese Fisika en direkteur: Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS), Universiteit Stellenbosch; dr Chris Jones, senior projekkoördineerder, Teologiese Fakulteit, Universiteit Stellenbosch; prof Louis Jonker, dosent: Ou Testament, Teologiese Fakulteit, Universiteit Stellenbosch; me Maureen Joubert, rubriekskrywer, Paarl; ds Jampie Nel, predikant, Oosterzee-gemeente, Bellville; dr Marius Nel, dosent: Nuwe Testament, Teologiese Fakulteit, Universiteit Stellenbosch; adv Theoniel Potgieter, SC: Lid van die Kaapse Balie, Kaapstad; me Martie Retief-Meiring, skrywer, Stellenbosch; prof Lina Spies, digter en emeritus-dosent: Afrikaanse Letterkunde, Universiteit Stellenbosch; prof Sampie Terreblanche, emeritus-dosent: Ekonomie, Universiteit Stellenbosch; dr Charlene van der Walt, dosent: Ou Testament, Teologiese Fakulteit, Universiteit Stellenbosch; prof Wentzel van Huyssteen, dosent: Teologie en Wetenskap, Princeton Theological Seminary, Princeton, VSA; ds Tinus van Zyl, emeritus-predikant, Somerset-Wes; me Lulani Vermeulen, gemeenteskapswerker: Philippolis; prof Robert Vosloo, dosent: Ekklesiologie, Teologiese Fakulteit, Universiteit Stellenbosch

## B.18 HUWELIK EN SAAMWOON

**(VRYHEID-WES)**
**BESWAARSKRIF**

Die Algemene Sinode het ’n nuwe besluit insake saamwoon geneem. Dis ’n “sleg-goed-beter-beste” argument:

**Die slegste saamwoonverhouding is eties onaanvaarbaar:** “Sommige mense woon saam omdat hulle seksuele eksklusiwiteit nie as ’n belangrike aspek van ’n verhouding beskou nie. Hierdie verhoudings is weens die nie-permanente en selfsugtige aard daarvan, eties onaanvaarbaar.” (Aanhaling soos die Algemene Sinode dit self stel.)

**Die beter saamwoonverhouding is eties aanvaarbaar en leef selfs die Christelike norme uit:** “Sommige woon saam met die argument dat hulle die huwelik hoog ag en daarom seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, ook wat die seksuele betref, voordat hulle trou. Hierdie verhoudings reflekteer in baie opsigte die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit en kan dus nie sonder meer afgewys word nie.” Dis volgens die Algemene Sinode ’n etiese verhouding want dit leef die Christelike norme vir die huwelik uit: “Die Algemene Sinode wil mense wat ’n etiese saamwoonverhouding leef en dus die Christelike norme vir die huwelik uitleef, aanmoedig om die verbintenis nog vaster te maak deur die kerklike en staatkundige aspekte ook in plek te kry.” (Aanhalings soos die Algemene Sinode dit self stel.)

**Die beste saamwoonverhouding is die huwelik:** “’n Vaste, formele ooreenkoms tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om hulle lewens in alle opsigte met mekaar te deel in ’n lewenslange verbintenis waarin seksualiteit ‘n eksklusiewe karakter dra, geseën of bevestig deur die kerk, gesluit in die teenwoordigheid van getuies, sover as moontlik in die gemeenskap van gelowiges en verkieslik erken deur die staat as ’n wettige huwelik.” Die Algemene Sinode wil lidmate aanmoedig tot hierdie beste saamwoonverhouding: “Die Algemene Sinode wil mense wat ’n etiese saamwoonverhouding leef en dus die Christelike norme vir die huwelik uitleef, aanmoedig om die verbintenis nog vaster te maak deur die kerklike en staatkundige aspekte ook in plek te kry.” (Aanhalings soos die Algemene Sinode dit self stel.)

Die enigste verskil tussen die beter en die beste saamwoonverhoudings, volgens die Algemene Sinode, is die kerklike en staatkundige aspekte wat ontbreek. Wanneer daaraan voldoen is, sal die verbintenis ***vaster*** wees as die etiese saamwoonverhouding.

Met hierdie besluit van die Algemene Sinode het die Sinode heeltemal wegbeweeg van sy vorige standpunte dat saamwoon buite die huwelik sonde is. Die saamwoonpaartjie kan hoogstens aangemoedig word om die kerklike en staatkundige aspekte ook in plek te kry.

***Hierdie kerkraad sien die saak egter so:***

Saamwoon buite die huwelik is ’n geloofsdaad waarin man en vrou die volgende glo van hulle verhouding:
* Hulle glo dat hulle mekaar liefhet;

* Hulle glo ook dat hulle hulle lewe met mekaar wil deel en dat hulle een huishouding met mekaar wil deel;
* Hulle glo dat hulle met mekaar ’n toekoms wil deel.
* Hulle glo dat hulle hul finansies saam wil deel.
* Hulle wil hulle liggame eksklusief met mekaar deel.
Maar hulle glo nie dat hulle saambly trou is nie.

Wat is dan die **verskil** tussen hierdie saamwoon en trou? Volgens mense wat wil saambly, is trou om regtens volgens die landswette te trou en om hierdie wetlike reëling dan met of sonder ’n kerkfunksie en met of sonder ‘n onthaalfunksie te vier. Dis die enigste verskil wat openlik voorgehou word as mense kies om saam te bly en te glo dat hulle nie getroud is nie.

Die Algemene Sinode noem hierdie verhouding ’n etiese verhouding/verbintenis wat “die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit” openbaar, maar die Algemene Sinode sal paartjies “aanmoedig om die verbintenis nog vaster te maak deur die kerklike en staatkundige aspekte ook in plek te kry.”

**Wat sê die Woord van God oor die eenheid van man en vrou?**
*** In Genesis 2 lees ons:**
[18] Verder het die Here God gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke ... [23] Toe sê die mens: “Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy ‘vrou’ genoem word; sy is uit die man geneem.” [24] Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.”

*** Die Here Jesus bevestig hierdie openbaring van die eenheid tussen man en vrou in Matteus 19:** “[3] Daar was Fariseërs wat Hom op die proef wou stel, en hulle kom toe by Hom met die vraag: “Mag ’n man sommer oor enige ding van sy vrou skei?” [4] Hy het hulle geantwoord: “Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? [5] Daarby het Hy gesê: ‘Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees.’ [6] Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag ’n mens nie skei nie.”

*** Die apostel Paulus stel die saak van die eenheid tussen man en vrou ook op dieselfde wyse in Efesiërs 5:** “[31] Daar staan in die Skrif: “Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees.”[32] Hierin lê daar ’n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk. [33] Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en ’n vrou moet aan haar man eerbied betoon.”

Volgens die Bybel is **die huwelik ’n voorsienigheidsdaad van God** waarin Hy as God ’n man en ’n vrou verenig om een persoon te wees. Dit is ’n eenheid waarin jy as man (Engels: *man*) jou manwees (Engels: *husband*) net in jou vrou vind en die vrou (Engels:*woman*) haar vrouwees (Engels: *wife*) net in jou as man vind. In hierdie eenheid vind en maak man en vrou mekaar eggenote (*husband en wife*).

Christene glo dat God deur sy voorsienigheidsdaad ’n man en vrou op só ’n wyse aan en met mekaar verbind dat hulle nie meer net twee persone is nie, maar dat hulle in en tot ’n eenheid met mekaar verbind is. Die naam vir hierdie eenheid wat God skep, is die huwelik.

Daarom is die huwelik baie meer as net maar ’n kontrak tussen twee mense oor hoe hulle wil saamleef en wat hulle met mekaar wil deel.
***Christene glo***, kragtens die Woord van God, dat God self as voorsienige Skepper in die tyd, dus in die geskiedenis, ’n wonderlike eenheid tussen ‘n man en ‘n vrou tot stand bring.
***Christene glo,*** kragtens die Woord van God, dat hierdie gebeurtenis ’n werklike gebeurtenis is wat dieper, groter, kragtiger en meer bindend is as enige kontrak tussen twee mense. ***Christene glo*** dat eers wanneer God hierdie eenheid gee, dit vir mense moontlik is om kontrakte te skep, openbare verklarings te maak en openbare funksies te hou.

Christene glo dus van harte in die huwelik as ’n daad van God. Hierdie eksegese het die Algemene Sinode nie verreken in sy standpunt oor saamwoon en die huwelik nie.

Wat is dan die probleem wat ons as Christene (en hierdie kerkraad) het met saambly wat iets ***anders*** is as trou?

Dít: saamwoners in die sg “etiese” verhouding ***glo*** dat hulle verhouding reg en eties is al is hulle nie getroud nie. Die Algemene Sinode glo ook so. Maar hierdie kerkraad glo dat so ’n geloof ’n valse geloof is, dat dit ongeloof is. In saambly **glo** mense God doen **niks** tussen hulle as man en vrou nie. Hulle glo God moet inval by hulle planne en hulle sienings. **Hulle glo** God moet eendag wanneer dit hulle pas – as dit hulle ooit gaan

pas – skielik op die toneel verskyn en dan mag, nee moet, Hy die huwelik vir hulle skep. Nie vroeër nie en en ook nie later nie: wanneer hulle so besluit. Hulle **glo nie** dat God voorsienend en skeppend ’n wonderlike eenheid wat ’n diep geheimenis is tussen hulle skep nie. Hulle **glo nie** in die huwelik wat God gee nie.

(Hierdie kerkraad ken die onderskeid tussen saamwoonpaartjies buite die huwelik wat **kan trou, maar nie wil nie** en saamwoonpaartjies wat **wil trou maar weens finansiële redes daardeur benadeel word** agv die vermindering van inkomste (mediesefondsvoordele, pensioenfondsvoordele ensovoorts). Lg is ’n saak wat al 30 jaar gelede deur die Algemene Sinode aangespreek moes word (Hierdie kerkraad maak ook ’n onderskeid in hantering tussen die twee genoemde gevalle en is besig om verder oor die saak na te dink). In elke geval word saamwoonpaartjies liefdevol vermaan en daarop gewys op wat die wil van die Here is insake die huwelik wat Hy gee. Hierdie konkrete gevalle word nie nou hier beredeneer nie. Wat nou beredeneer word, is die Algemene Sinode se ***beter*** saamwoonverhouding (soos aan die begin van hierdie saak gestel) as ***’n etiese verhouding.***

In beginsel is dit die oortuiging van hierdie kerkraad dat saamwoon buite die huwelik NIE ’n “etiese verhouding” is waarin “die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit” geopenbaar word nie, maar ’n sondige verhouding is omdat die huwelik wat God gee ’n voorsienigheidsdaad van Hom in die tyd is. Om in saamwoon buite die huwelik te glo, is ’n valse geloof en ongeloof. En dit is sonde.

*Hierdie kerkraad verwerp dus die Algemene Sinode se graduele onderskeid van “sleg-goed-beter-beste” en versoek die Ring van Vryheid om die streeksinode van Kwazulu-Natal te versoek om die Algemene Sinode te versoek om sy besluite oor saamwoon en die huwelik weer in ooreenstemming met die Woord van God te bring.*

## B.19 HUWELIK EN SAAMWOON
**(WONDERBOOM-SUID)**
**BESWAARSKRIF/ APPÈL**

Die Sentrale Kerkraad van die NG Gemeente Wonderboom-Suid het, kragtens Kerkorde Artikel 23 en die besluite wat daarmee saamgaan, op sy vergadering van 9 November 2011 besluit om te appélleer teen die volgende besluite van die Algemene Sinode 2011 – soos in die skrywe van dr Ben du Toit van 12 Oktober 2011 aan gemeentes en leraars vervat. Daar is op 10 November 2011 skriftelik van hierdie appél kennis gegee aan die skriba van die Algemene Sinode, dr JJ Gerber – en erkenning van ontvangs is dieselfde dag ontvang:

**Besluite waarteen beswaar aangeteken word**
*4. Die Algemene Sinode erken egter dat daar ander redes is waarom ander pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle die huwelik hoog ag en daarom wil seker maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, ook wat die seksuele betref, voordat hulle trou. Hierdie verhoudings reflekteer in baie opsigte die Bybelwaardes van liefde, respek en eksklusiwiteit en kan dus nie sonder meer afgewys word nie.*
*8. Die Algemene Sinode wil mense wat in 'n etiese saamwoonverhouding leef en dus die Christelike norme vir die huwelik uitleef, aanmoedig om die verbintenis nog vaster te maak deur die kerklike en staatkundige aspekte ook in plek te kry.*

Ten opsigte van bogenoemde twee besluite versoek die kerkraad die volgende:

**Voorstel:**
*Dat besluite 4 en 8 geskrap word - of met iets meer Bybels-korrek vervang sal word.*

**MOTIVERING:**
1. Die Algemene Sinode wys met besluit 5 dat hy goed weet wat 'n Christelike huweliksbeskouing in lyn met die Bybel is – en behoort nie enigsins ruimte te skep vir die ondermyning daarvan nie. Dis egter wat gebeur agv besluite 4 en 8.
2. Alhoewel die verslag wat voor die Sinode gedien het gedeeltelik ontstaan het uit die dilemma van sekere bejaardes wat sekere verliese aan pensioen- en mediese fondsvoordele sou ly wanneer hulle weer in die huwelik sou tree – en die verslag dit vir hulle moontlik wou maak om met ’n rustige gewete ongetroud saam te kan bly en steeds pensioen- en mediese voordele te geniet – los dit nie regtig die etiese probleem op nie. Die probleem sal steeds wees dat daar wanvoorstellings teenoor die pensioenfondse en mediese fondse gedoen sal moet word om die bystand te kan behou. Kan die kerk homself ’n deelgenoot aan sulke wanvoorstellings maak deur liewer sulke saamwoonverhoudings te kondoneer – en niks aan sulke saamwoners oor die misleiding van die fondse deur wanvoorstellings te sê nie? Of moet ons vir hulle sê dat hulle maar sulke wanvoorstellings aan die fondse kan doen? (Die kerkraad het wel waardering vir die feit dat



Inhoudsopgawe

daar "in gesprek getree" sal word met hierdie fondse en versekeraars. Ons hoop werklik daar realiseer iets van hierdie gesprekke, en dat die besluit nie net geneem is om die *indruk te skep* dat die kerk ernstig is oor wat reg is nie. Die kerkraad wonder net by watter forum die Algemene Sinode hierdie saak met die swetterjoel fondse en skemas gaan opneem!)

3. 'n Tweede probleem wat hiermee saamgaan, is dat hierdie soort toeskietlikheid jeens die meer bejaardes dan outomaties ook die deur vir die jonges wyd oopmaak om ongetroud saam te woon. Hulle mag ook geld – of die gebrek daaraan – as rede aanvoer waarom hulle dit nie kan bekostig om apart te woon nie – én waarom hulle nie nou kan trou nie! As die kerk konsekwent moet wees, moet die jonges dan ook nou die groenlig kry om maar ongetroud te kan saamwoon.

4. Deur die begrippe "proefhuwelike", "etiese saamwoonverhoudings" en "onbevestigde huwelike" te gebruik – en dit as respektabel voor te stel (soos in die verslag wat voor die sinode gedien het) – word die deur wyd oopgemaak vir lidmate om in willekeurige eiesinnigheid hulle eie kop te volg en te "doen wat goed is in hulle eie oë". Deur sogenaamde proefhuwelike en sekere ongetroude saamwoonverhoudings as "eties" en "onbevestigde huwelike" voor te stel, kry lidmate die boodskap dat die kerk "sag" is ten opsigte van die heiligheid van die huwelik – en sal hulle selfs die idee kry dat hulle die sanksie van die kerk geniet wanneer hulle ongetroud saamwoon. Dis mos hoe die menslike natuur maar werk.

5. Die verskil tussen 'n huwelik en die "etiese" ongetroude saamwoonverhoudings word deur die Sinode se besluite vervaag – en dit sal tot gevolg hê dat enige vorm van saamwonery later maar as 'n huwelik beskou sal word. Die vervaging van die verskil tussen die huwelik en ongetroude saamwonery sal 'n devaluasie van die huwelik in die gemoed van kinders en jongmense tot gevolg hê sodat hulle later nie meer die nodigheid sal sien om te trou nie. Dan het die NG Kerk meegewerk aan die ondermyning van die huwelik as bo-persoonlike instelling van God in die oë/gemoed van mense.

6. Die 7de gebod lui "Jy mag nie egbreuk pleeg nie". Dit toon dat die huwelik as instelling van God vir Hom belangrik is. Deur ruimte te skep vir allerlei ander soorte namaaksels van die huwelik dra die kerk nie by tot die beskerming van die huwelik as 'n bo-persoonlike saak en instelling nie, maar werk hy eintlik aktief mee aan die ondermyning daarvan. Dit is dus 'n oortreding van die 7de gebod. En word dit nie nou 'n kollektiewe sonde van die kerk nie? Moet die NG Kerk hom nie nou hiervan bekeer nie?

7. Die genoemde 2 besluite (4 en 8) hou nie rekening met die sondige natuur van mense wat hulle ongetroude saamwonery graag as 'n "etiese" saamwoonverhouding sal wil voorstel nie – terwyl die ware rede dikwels eintlik die begeerte is om huweliksvoorregte te geniet sonder die beslommernis van huweliksverantwoordelikheid. Dit sal in elk geval baie moeilik wees om die saamwoonverhoudings van "geriefsoekers" van "proefhuwelike" en "onbevestigde huwelike" te onderskei. Die vervaging van die verskille is dus ook hier van toepassing.

8. Die eerste mense wat ongetroud begin saamwoon het, was mense wat hulle nie aan God en sy gebod gesteur het nie. Dit was nie die toegewyde gelowiges wat 'n reguit pad met die Here en sy kerk gestap het nie. Die ongelowiges of kerklosses het die pas hiermee aangegee. En toe het meer en meer mense hulle voorbeeld begin volg omdat daar 'n sekularisasieproses in die samelewing aan die gang is. Selfs Christene en kerkmense volg nou in die spoor van die ongelowiges en kerklosses. En nou help die Algemene Sinode se besluite dat die verskil tussen die kerk en die wêreld uitgewis word deur ruimte te skep vir kerklidmate om net soos wêreldlinge te lewe. Verdere vervaging dus van verskille – ten koste van die kerk se getuienis.

9. Hierdie soveelste skuif weg van wat vroeër as reg beskou is, wek die indruk dat die kerk nie meer mooi weet wat reg en verkeerd is nie – en nie duidelike leiding aan sy lidmate kan gee oor talle etiese kwessies nie – en daardeur verloor die kerk sy getuienis en geloofwaardigheid in hierdie wêreld. Dit lyk deesdae eerder asof die NG Kerk so angstig is om aan niemand aanstoot te gee nie, dat hy alles in sy vermoë doen om eenvoudig almal te probeer akkommodeer. Dit lyk dus asof die sout laf geword het – en moontlik is dit deel van die rede waarom baie mense die kerk eenvoudig nie meer ernstig opneem nie. Seker omtrent 80% van ons jongmense maak deesdae in elk geval wat hulle wil en woon ongetroud saam. Dit lyk asof die sekularisering van ons jonges al baie ver gevorder het – en dat hulle nie meer 'n saak het met wat die kerk oor hulle saamwonery sê nie. Om hulle ongetroude saamwonery nou skielik as "eties" en "onbevestigde huwelike" voor te stel, gaan nie hulle lojaliteit koop of hulle respek vir die kerk verhoog nie. Inteendeel.

10. Feitlik alle pare wat ongetroud saamwoon, erken in pastorale situasies teenoor hulle leraars dat hulle weet dat hulle ongetroude saamwoon verkeerd (sonde) is, maar die Algemene Sinode se besluite sal hulle onder die indruk bring dat hulle eintlik 'n goeie saak het: hulle het 'n "etiese saamwoonverhouding" waarin (sommige) Christelike waardes funksioneer (maar ander natuurlik nie!) Hulle sal dink dat ongetroude saamwoon die "verantwoordelike ding" is om te doen voor jy trou. En wie kan nou beswaar inbring teen "verantwoordelike gedrag"?

11. Daar is baie toegewyde NG Kerklidmate wat oor die loop van baie jare 'n mooi pad met die NG Kerk geloop het wat baie ongemaklik begin voel oor die kerk se onvermoë om die Bybelse beginsels sonder kompromie uit te spel. Talle van hulle het die kerk al hieroor verlaat, en nog talle oorweeg dit na hierdie sitting (2011) baie sterk om dit ook te doen. Behoort die NG Kerk nie te begin om selfondersoek te doen oor die redes waarom baie lidmate die kerk verlaat nie? Het dit nie dalk baie te doen met die manier waarop deesdae met basiese Bybelse waarhede omgegaan word en die Skrif nou so uitgelê word dat dit presies die teenoorgestelde sê as wat die voor-die-hand-liggende betekenis van die Bybelgegewens aandui nie? Om

"sag" met mense te wees hoef mos nie te beteken dat ons hulle sonde moet kondoneer nie!
12. Die Algemene Sinode se besluite oor die Huwelik en Saamwoon spel nie uit wanneer die sogenaamde "etiese saamwoonverhoudings" nou lank genoeg geduur het om nie meer as "eties" beskou te word nie. Wat gebeur as die saamwoonpaar nie tot trou kom nie? Wat gebeur as hulle kinders het en die kinders wil doop? Sal die doop van sulke kinders as sanksionering van die ongetroude saamwoonverhouding gesien kan word? Of sal uitstel van die doop totdat sulke ongetroude saamwoners getroud is as kerklike sensuur gesien kan word? Kan saamwoners tot die kerkraad verkies word? Tydens 'n terugvoergeleentheid oor die Algemene Sinode 2011 op 24 November 2011 het dr James Kirkpatrick te kenne gegee dat hy geen fout daarmee kan sien as sulke "etiese" saamwoners op die kerkraad dien nie! Hierdie soort opmerkings is maar net 'n aanduiding van hoe vêr die sekularisasieproses selfs al by leraars in sleutelposisies van die Algemene Sinode deurgewerk het! Onder hierdie omstandighede kan die NG Kerk geen morele leiding gee wat die huwelik as instelling van God in die gemoed van mense sal beskerm en bevorder nie.
13. Indien die legitieme ruimte vir die uitlewing van mense se seksualiteit nie meer die wetlik-voltrekte huwelik is nie, maar dit ook nou deel kan wees van "proefhuwelike", "etiese saamwoonverhoudings" en "onbevestigde huwelike" – wat is die perke wat aan sulke seksuele eksperimente en proefnemings gestel kan word? Wanneer is 'n verhouding nou ryp genoeg vir seksuele proefneming? En as die paartjie gou moeg is vir mekaar – dan kan iemand anders seker ook maar uitgetoets word, of hoe? Die afstand van hier af na die aanvaarbaarheid van 'n "one-night-stand" is dan nie meer so groot nie. Wanneer verloor die seksuele sy heiligheid en eksklusiwiteit? Wanneer mense uiteindelik tot trou kom (indien ooit), is dit goed moontlik dat albei al 'n hele paar seksuele verbintenisse gehad het. Al die Skrifgedeeltes in die Bybel wat die seksuele sy legitieme ruimte vir uitlewing in die huwelik gee, word eenvoudig *geïgnoreer* – dele soos 1 Korintiërs 6:16-20; 7:1-8; 35-40; Deuteronomium 22:13-21; 23-24; 28-29. Nie alleen is die losmaking van die seksuele gemeenskap uit die huwelik die dun end van die wig nie, dit beroof die seksuele van sy spesiale betekenis as ekspressie van 'n baie eksklusiewe liefde tussen twee mense en as 'n unieke saambindende faktor in die huwelik.
14. Weereens, dit was nie toegewyde Christen-gelowiges wat die inisiatief geneem het met die losmaking van die seksuele uit die huwelik uit nie. Dit was mense wat nie veel gehad het aan God en sy gebod nie. Maar as gevolg van die sekulariseringsproses wat onder invloed van die massamedia in die samelewing aan die gang is, het talle Christene en kerkmense dit ook begin doen. Dit is inherent deel van wat die sondige menslike natuur graag wil doen – nie van wat die Skrif ons leer oor wat die Gees wil nie! Die Algemene Sinode behoort nie toe te gee aan die druk van algemene tendense in die samelewing nie. Die kerk het 'n baie belangrike getuienis om te lewer. Ons moet nie konformeer met die wêreld nie. Die Sinode moet nie eers naastenby die indruk laat ontstaan dat enigiets nou maar reg is nie. Want dit is nie. Ons kry ons waardes uit die Here se Woord. Ons is God se alternatiewe gemeenskap wat tekens van sy koninkryk op aarde moet oprig. "We are marching to the beat of a different drum!"
15. Afgesien van bogenoemde redes waarom besluite 4 en 8 nie behoort te bly staan nie, kan ook genoem word dat besluit 8 goedskiks ondervang word deur die besluit oor die pastorale versorging, naamlik "Die Sinode versoek leraars om in pastorale hantering van pare-in-verhouding, hulle met deernis te begelei van onvolledige verbintenisse na die omvattende, Bybelse verbintenis van die Christelike huwelik, en hierdie ideaal nooit af te water nie." Ons wil ook vra: Beteken dit ons kan vir ongetroude saamwoners sê dat wat hulle doen verkeerd is? Of durf ons nie vir ongetroude saamwoners sê dat hulle verkeerd doen nie?

## B.20 HUWELIK EN SAAMWOON
**( HOËVELD)**
**BESKRYWINGSPUNT**

**AANBEVELING**
*Wysig pt 4 van die besluit van die Algemene Sinode om soos volg te lui:*
*4. Die Algemene Sinode is egter bewus daarvan dat daar ander redes is waarom ander pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle die huwelik hoog ag en daarom seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, ook wat die seksuele betref, voordat hulle trou. Alhoewel hierdie verhoudings in baie opsigte die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit bevat, moet dit afgewys word omrede die seksuele. Kyk ook punt 6.*
**Die huidige besluit van die Algemene Sinode lees soos volg:**
4. Die Algemene Sinode is egter bewus daarvan dat daar ander redes is waarom ander pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle die huwelik hoog ag en daarom seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, ook wat die seksuele betref, voordat hulle trou. Hierdie verhoudings reflekteer in baie opsigte die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit en kan dus nie sonder meer afgewys word nie.

**MOTIVERING**
**Punt 6 van die besluite lees soos volg:**



Inhoudsopgawe

*6. Die Algemene Sinode oordeel dat, in die lig van bostaande, gelowiges met reg die huwelik 'n gawe van God noem en dat seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele ooreenkoms nie aan Christelike riglyne voldoen nie.*
Op die oog af, is punt 4 en punt 6 teenstrydig betreffende seks buite die huwelik, en al verstaan óns dat meeste afgevaardigdes by die Algemene Sinode die geheel van die verklaring sodanig verstaan het dat geen seks buite die huwelik goedgekeur is nie, het latere besprekings in die media (ook op facebook-kerkbode) duidelik laat blyk dat baie mense dit tog vertolk dat hierdie verklaring voorhuwelikse seks toelaat. Ons voorstel soos hierbo geformuleer, verander niks aan die bedoeling van die besluit nie, maar skakel verwarring en moontlike dubbelsinnigheid uit.

## B.21 HUWELIK EN SAAMWOON
**(OOSTELIKE SINODE)**
**BESKRYWINGSPUNT**

**VERBETERINGSVOORSTEL IN VERBAND MET 2011 SE BESLUIT 31 OOR DIE HUWELIK EN SAAMWOON**

**Formulering**
Die Sinodale Diensraad versoek die Algemene Sinode om punt 31.4 van die besluit oor die huwelik en saamwoon soos volg te wysig:
*Die Algemene Sinode is bewus daarvan ~~egter~~ dat daar egter ander redes is waarom ander pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle die huwelik hoog ag en daarom seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, ook wat die seksuele betref, voordat hulle trou. Hierdie verhoudings ~~reflekteer~~ kan in ~~baie~~ bepaalde opsigte die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit reflekteer. ~~en kan dus nie sonder meer afgewys word nie~~.*

**MOTIVERING**
1. Die besluit van die Algemene Sinode word as geheel geïnterpreteer as dit spesifiek meld dat die verskillende punte van die besluit (*punte 31.1 tot 31.10*) as 'n eenheid gelees moet word. Dit beteken dat die verskillende punte van die besluit in onderlinge samehang is om die Bybelse beskouing oor die huwelik te belig.
2. Die huidige bewoording van punt 31.4 skep die moontlikheid van teenstrydige interpretasies. Deur die bewoording te verbeter, kan die bedoeling van die besluit duideliker gestel word wat die aanleiding tot verwarring kan uitskakel.
3. Punt 31.4 beskryf 'n verskynsel van die hedendaagse samelewing. Dit behoort egter nie so bewoord te word dat die besluit as 'n waarde-oordeel verstaan word, wat buite konteks so geïnterpreteer kan word dat dit in stryd met die bedoeling van die res van die besluit is nie.

## B.22 HUWELIK EN SAAMWOON
**(DOORNKLOOF FAMILIEKERK)**
**BESWAARSKRIF**

Punt 4 van die 2011 -verklaring oor saamwoon bevat woorde van onduidelikheid . Daar is ruimte vir verbetering. Die Kerkraad van Doornkloof Familiekerk stel die volgende bewoordering voor:
*4. Die Algemene Sinode is egter bewus daarvan dat daar ander redes is waarom ander pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle die huwelik hoog* ag *en daarom seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, ook wat die seksuele betref, voordat hulle trou.*
*Alhoewel hierdie verhoudings in baie opsigte die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit bevat, moet dit afgewys word omrede die seksuele. Kyk ook punt 6.*

## B.23 KERKHERENIGING
**(VRYHEID-WES)**
**BESWAARSKRIF**

Hierdie kerkraad het kennis geneem van die dokument van die Ring van Louis Trichardt wat reeds in 2004 aan die Noordelike Steekssinode gestuur is genaamd "Die verwerping van die ontbinding van die NG Kerk vir die stigting van 'n nuwe kerk waarin die NG Kerk moet opgaan ter wille van kerkeenheid."

Hierdie dokument word nou deur die kerkraad aan die Ring van Vryheid gestuur (Bylaag 1). Aan die einde van genoemde dokument neem die Ring van Louis Trichardt sekere besluite. Op hierdie dokument is nog tot op datum nie deur die Noordelike of Algemene Sinode amptelik kerkregtelik geantwoord nie. Hierdie



Inhoudsopgawe

kerkraad beskou die saak wat deur genoemde dokument aan orde gestel word as van wesentlike belang vir ons kerk en al sy vergaderinge en lidmate. Hierdie kerkraad wil nou graag 'n amptelike kerkregtelike antwoord van ons streeksinode of die Algemene Sinode hê op hierdie dokument.

*Die Kerkraad van Vryheid-Wes versoek hiermee die die Ring van Vryheid om die kerkraad te ondersteun in sy versoek dat ons streeksinode en/of die Algemene Sinode van die NG Kerk nou 'n amptelike kerkregtelike antwoord op genoemde dokument sal gee.*

**Bylaag 1**
**Die verwerping van die ontbinding van die NG Kerk vir die stigting van 'n nuwe kerk waarin die NG Kerk moet opgaan ter wille van kerkeenheid.**

1. Die huidige konventpolitiek en openbare debat in die NG Kerk is besig om die NG Kerk se vergaderinge, gemeentes en lidmate in 'n vernietigende lokval in te lei: die houding dat kerklike eenheid vir die NG Kerk nie anders kan wees as om as NG Kerk saam met die VGK en NGKA wetlik te ontbind vir die konstituering van 'n nuwe kerklike organisasie nie.
2. Hierdie keuse word voorgehou asof dit volgens die geloof in die Vader, Seun en Heilige Gees moreel nie anders kan as om vir so 'n kerkontbinding en nuwe kerkkonstituering te kies nie. Wie nie hierdie keuse op hierdie wyse neem nie, se geloof in die eenheid van die Kerk van die Here en daarmee saam sy geloof in die Here self word verdag gemaak.
3. Die keuse vir die stigting van 'n nuwe kerklike organisasie vir lidmate van die NG Kerk volgens die huidige geloofs- en morele debatte, beteken dat die NG Kerk as deel van hierdie besluit om as NG Kerk te ontbind en op te gaan in 'n nuwe kerkorganisasie, erken dat die bestaan van die NG Kerk naas kerke soos die VGK en NGKA 'n sonde is: dit is teen ons geloof in die Here en teen ons lewenswyse uit ons geloof in die Here.
4. Die regsimplikasie van hierdie wyse waarop die keuse vir die wetlike ontbinding van en konstituering die NG Kerk voorgehou word, is dat die vergaderinge en lidmate van die NG Kerk erken dat die bestaan van die NG Kerk as organisasie soos hy tans daar uitsien kerkregtelik en gemeenregtelik verkeerd is.
5. Hierdie morele regverdiging van die keuse om as NG Kerk te ontbind en op te gaan in 'n nuwe kerkorganisasie plaas die NG lidmate, gemeentes en vergaderinge binne die regsposisie dat die NG Kerk aanspreeklik is vir hierdie verkeerde en sondige kerklike bestaan waarin hulle hulleself wetlik georganiseer het. Die VGK kan nie hiervoor aanspreeklik gehou word nie want hulle is wetlik georganiseer as 'n kerk wat die vereniging met die NG Kerk insluit.
6. Met hierdie morele regverdiging van die keuse tot die ontbinding van die NG Kerk om in 'n nuwe kerkverband met die VGK op te gaan, erken en staan die NG Kerk se gemeentes, lidmate en vergaderinge in vir die verkeerdheid van die bestaan van die NG Kerk as organisasie.
7. Die regsposisie en regsimplikasies van 'n besluit oor die wetlike en wettige konstituering van 'n kerkorganisasie in Suid Afrika word nie bepaal deur die geloofshouding, die vrome bedoelings of die morele integriteit van lidmate van die kerk nie. Dit word bepaal deur die Grondwet van Suid Afrika en dit word afgedwing deur die wette en howe van die land.
8. Die lokval waarin die NG Kerk se gemeentes, lidmate en vergaderinge ingelei word, is dat die keuse vir die ontbinding van die NG Kerk om in 'n nuwe ter stigte organisasie op te gaan, 'n geloofskeuse is wat eers geneem moet word voor en sonder om die regsposisie en regsimplikasies van hierdie nuwe wettige organisasie te verreken.
9. Om nie die regposisie en regsimplikasies van 'n besluit te verreken nie is onverantwoordelik. Dit is nie vroom of gelowig nie. Onverantwoordelikheid kan nie in diens staan van kerkeenheid nie. Om dit wel te verreken, maar nie aan die lidmate, gemeentes en vergaderinge van die kerk voor te hou om hulle keuse te beïnvloed, is nie 'n sensitiewe hantering van versoening nie. Dit is bedrog. Om die skade en vernietiging van 'n oningeligte en onverantwoordelike keuse na misleiding aan die wat die skade moet dra en ly, voor te hou as offers in diens van eenheid en versoening is die misbruik van God se naam. Die verdeeldheid waarin die NG Kerk deur sulke misleiding sal verval, is nie 'n moeilike geloofsweg na kerkeenheid nie. Dit is die verskeuring van die kerk deur en ter wille van opportunistiese geesdrywers. Onverantwoordelikheid, bedrog, misleiding en verskeuring is nie maar net wyses waarop kerkeenheid gefasiliteer word nie. Dit is sonde.
10. As die lidmate van die NG Kerk voor die keuse van die ontbinding van die NG Kerk om in 'n nuwe kerkverband op te gaan, gestel word, dan moet hulle voor die volle inhoud en impak van hierdie keuse gestel word – hulle moet instaan vir die gevolge van die keuse.
11. Wat is die regsposisie en regsimplikasies van hierdie keuse van die NG Kerk om as NG Kerk te ontbind en in 'n nuwe kerkorganisasie op te gaan?
11.1 Ontbinding beteken dat geen lidmaat, geen gemeente, geen kerkvergadering, geen eiendom, fonds, belegging of inrigting hom op die naam en die dienste en regte wat met daardie naam gepaard gaan, kan beroep nie indien hy lidmaatskap van die nuwe kerk aanvaar nie.
11.2 Die stigting van 'n nuwe kerk beteken presies dieselfde. Die nuwe kerk kan net optree binne die naam en regte van die nuwe konstitusie. Alle besluite, dienste, regte en eiendomme kan alleen in die naam van die nuwe kerk gedoen word.

11.3 Dit stel lidmate van die NG Kerk in die volgende posisie. Hulle sal weer aansoek moet doen as lidmate van die nuwe kerk. Geen vergadering kan vir mense of namens mense besluit dat hulle lidmate van ’n nuwe organisasie is nie.
11.4 Lidmate wat nie aansoek doen om lidmaatskap nie, kan nie maar net verklaar word as sou hulle lidmate van ‘n nuwe organisasie wees nie. Byvoorbeeld in tug: indien die nuwe gemeente met tug sou wou optree teen lidmate wat nie uitdruklik aansoek om lidmaatskap van die nuwe kerk gedoen het nie, sal hulle gewoon net in hofsake beland.
11.5 Die nuwe kerk mag nie eers met ’n veronderstelling werk dat mense moet verklaar dat hulle nie lidmate wil wees nie, anders word hulle sonder instemming lidmate van die nuwe kerk. Lidmaatskap tot die kerk gebeur deur ’n persoonlike geloofsbelydenis wat openlik verklaar word sodat die kerk regtens sy diens en tug teenoor hierdie lidmaat kan opneem.
11.6 Elke lidmaat sal alleen met ’n nuwe persoonlike geloofsbelydenis in die nuwe kerk opgeneem kan word. Geen vergadering kan met ’n besluit of verklaring hierdie aansoek en geloofsbelydenis van ‘n persoon wegneem nie.
11.7 Elke gemeente, ring en sinode in die NG Kerk is ’n regpersoon. Geen ander vergadering kan vir ’n gemeente regbesluite neem vir dit wat in sy regspersoon geregistreer is nie. Dit beteken dat elke gemeente, ring en sinode elkeen ’n afsonderlike en eie besluit sal moet neem om te ontbind en oor hulle bates te besluit. Daar is geen meerdere vergadering wat namens of vir hierdie vergaderinge kan besluit nie. Daar is ook geen binding wat maak dat hierdie liggame besluit hulle gee hulle bates of dra alles wat in hulle regspersoon geregistreer is oor na die nuwe kerk nie.
11.8 Elke gemeente is ’n regpersoon met die kerkraad as gevolgmatigde. Indien die kerkraad sou besluit om die eiendomme en bates van die gemeente aan ’n nuwe kerk te moet oordra – sal dit lidmate as lede van die gemeente vrystaan om te eis dat die bates verkoop moet word en dat die inkomste aan die lidmate gegee moet word. Alle bates van ’n gemeente kom uit die bydraes van sy lede. Indien die gemeente ontbind, kan die lede eis dat die bates onder hulle verdeel moet word, en nie aan ’n nuwe kerk geskenk mag word met wie hulle nie wil assosieer nie.
11.9 Geen kerklike vergadering kan vir ’n gemeente besluit of hy ’n gemeente is of nie. Net die gemeente kan deur die kerkraad so ’n besluit in oorleg met die ring neem. Kerkrade wat besluit om nie te ontbind en nie as nuwe gemeentes van die nuwe kerk as regpersoon te registreer nie kan nie wetlik verplig word om dit te doen nie.
11.10 Die kerkraad is die wetlike werkgewer van predikante. Indien die gemeente as NG gemeente ontbind en as ’n nuwe gemeente van ’n nuwe kerk konstitueer – is die predikant vanaf die oomblik van ontbinding werkloos. Die NG gemeente kan nie as NG gemeente net besluit dat hy die leraar van die nuwe kerk se gemeente gaan wees nie.
11.11 Dit beteken elke gemeente sal elke predikant weer moet beroep. Dit is die gewone gemeenregtelike proses waarin elkeen weer aansoek moet doen vir dieselfde pos omdat dit ’n nuwe regspersoon is.
11.12 Geen gemeente wat hulle as ’n nuwe gemeente van ’n nuwe kerk gekonstitueer het, kan binne die nuwe wetgewing op werkgewers en werknemers verplig word om dieselfde persoon wat in die NG Kerk predikant was, weer as predikant aan te stel nie. Dit beteken al die predikante sal weer heraansoek moet doen vir die poste wat hulle gehad het sonder enige waarborg dat hulle vir hierdie pos beroep sal word. Wetgewing verplig dat hierdie nuwe aansoeke is waarin daar teen ander aansoekers nie gediskrimineer mag word nie.
11.13 Die kerkraad as werkgewer kan ook nie die predikant verplig om ’n pos as predikant van ’n nuwe gemeente te aanvaar nie. Die predikant kan, as die gemeente besluit om te ontbind as NG gemeente binne die ontbinding van die NG Kerk, aanspraak maak op ’n skeidingspakket van sy werknemer, die kerkraad, wat hierdie skeidingspakket moet betaal uit eie fondse en waarskynlik uit die verkoop van sy bates. Die eis om ’n skeidingspakket sal voorkeur geniet bo die besluit om die bates en fondse aan ‘n nuwe kerk oor te dra.
11.14 Gemeentes wat ontbind as NG gemeentes kan nie maar net weer as die nuwe gemeentes van die nuwe kerk verklaar word deur ander kerklike vergaderinge nie. ’n Gemeente word gevorm uit lidmate. Indien die VGK en NG gemeente in een geografiese gebied ontbind, kan op die aandrang van lidmate net een gemeente in daardie gebied gevorm word vir die nuwe kerk. Hulle is onderling verbind om hulle nie meer op hulle vorige NG of VGK verbintenis te beroep nie. Dit sal absurd wees indien die NG gemeente en VGK gemeente in een gebied ontbind as morele daad teen die gewaande ras- en kultuurskeiding om weer twee nuwe gemeentes in een nuwe kerk te vorm – gebaseer op historiese verskille oor kultuur en ras.
11.15 Dieselfde geld vir die samestelling van nuwe ringe en sinodes.
11.16 In hierdie vergaderinge sal Engels die amptelike kerktaal wees om die taal en kultuurverskille binne een vergadering en een geografiese gebied te moet akkommodeer.
12. Om die bestaan van die NG Kerk te aanvaar as moreel verkeerd en daardeur te besluit om te ontbind, plaas elke gemeente, ring, sinode en instansie van die NG Kerk binne ’n posisie van restitusie en binne die restitusieproses en wetgewing van die land.
13. Enige persoon kan binne hierdie erkenning opstaan en homself of haarself beroep op vergoeding vir die onreg wat die NG Kerk aan hom of haar gedoen het weens die feit dat sy bestaan as eie kerk-organisasie moreel verkeerd was. Dit plaas elke aanstelling van elke professor, beampte, maatskaplike werker en

uitvoerende amptenaar binne die restitusieproses waarin die NG Kerk op grond van die feit dat hy sy eie bestaan as moreel ongeregverdigbaar gesien het, in gedrang.
14. Indien die NG Kerk sy eie bestaan moreel ongeregverdigbaar verklaar, beteken dit dat predikante en amptenare wat in die VGK minder betaal is as predikante in die NG Kerk ook restitusie-eise kan instel teen die fondse van die ontbinde kerk.
15. Daar is geen kerklike beampte, geen welmenende voorsitter van kerklike vergaderinge en geen welsprekende geleerde wat waarborge kan gee dat hierdie sake soos hier uitgespel, nie so kan en gaan verloop in die proses waarin die NG Kerk sy eie bestaansreg ongeldig verklaar en ontbind vir die opgaan in ’n nuwe kerk nie.
16. Indien die NG Kerk sy eie bestaan as kerklike organisasie tot niet verklaar op grond van die feit dat dit moreel nie regverdigbaar is nie en rassisties is, sal die ontbinding van die NG Kerk en die konstituering van ’n nuwe kerkorganisasie verloop volgens die wetgewing van die land en die gemenereg, nie volgens die idealistiese visioene en vrome wense van welmenendes nie.
17. In hierdie druk dat die NG Kerk as kerk moet ontbind en moet opgaan in ’n nuwe kerkverband gee kerklike verteenwoordigers gereeld die waarborg dat lidmate kan aanvaar dat niks aan die samestelling van gemeentes gaan verander nie. Gemeentes gaan presies bly soos hulle is.
18. Hierdie waarborg gaan teen die hele gees en bedoeling van die ontbinding van die NG Kerk in. In die meeste gebiede bestaan die VGK en die NG Kerk binne dieselfde geografiese gebied. Die motivering vir die ontbinding van die NG Kerk is juis dat sy bestaan nie moreel regverdigbaar is nie omdat dit kultuur en taalverskille sou verhef bo die eenheid van die kerk van die Here.
19. Die gee van waarborge vir die voortbestaan van gemeentes soos hulle tans gekonstitueer is, net as sou dit onder ‘n ander naam wees, is teenstrydig met die hele motivering vir die ontbinding van die NG Kerk.
20. Hierdie teenstrydigheid sal in die hof volgens die wette van die land getoets word en sal volgens die gemenereg as ’n innerlike teenstrydigheid en onhoudbaarheid uitgewys word binne die eie oortuigings van die NG Kerk oor die rede vir sy ontbinding as organisasie. Gemeentes sal gevorm word volgens die gees en bedoeling van die NG Kerk se verantwoording vir sy eie ontbinding – nuwe gemeentes sonder die motivering van taal en kultuur in die bediening van die Evangelie.
21. Indien dit werklik die oortuiging van die aanvoerders van die ontbinding van die NG Kerk is dat gemeentes presies dieselfde gaan bly, en net die samestelling van die kerklike vergaderinge is wat gaan verander, dan is daar ander maniere waarop hierdie samestelling bewerk kan word sonder die ontbinding van die NG Kerk as kerk.
22. Een manier is om aan gemeentes kerkregtelik die reg te verleen om in meer as een meerdere kerkverband binne die familie van NG Kerke en VGK te kan bestaan. Daar is geen gronde hoekom een gemeente net in een ringsverband of een sinodale verband binne die familie van NG Kerke hoef te funksioneer nie.
23. Indien hierdie reg deur die NG Kerk en die VGK, NGKA en Reformed Church in Africa aan hulle gemeentes toegestaan word, kan hierdie gemeentes uit eie besluitreg en met vryheid in verskillende meerdere vergaderinge hulle self verbind.
24. Hierdeur word geen konstitusionele reg van enige kerkorganisasie weggeneem nie, geen organisasie se bestaan moreel veroordeel nie en kan uit die vrye keuse van kerkrade ’n eenheid binne meerdere vergaderinge na vore gebring word.
25. In hierdie proses kan gemeentes die reg van hulle onderskeie organisasies kry om self te besluit om met ander gemeentes te kombineer soos wat die bediening van die Evangelie vereis.
26. Indien die aanvoerders van die ontbinding van die NG Kerk eerlik is in hulle bedoelings dat al die gemeentes net gaan bly soos hulle is, is daar ander kerklike weë om meerdere vergaderings te konstitueer om kerkeenheid in meerdere vergaderings se werking sigbaar te maak.
27. Hierdie ander weg sluit enige kerkskeuring uit. Dit is ’n waanbeeld om te dink dat alle lidmate en gemeentes die ontbinding van die NG Kerk gaan aanvaar. Die bestaan van die NGKA en die Reformed Church in Africa is vaste bewyse daarvan. Die NG Kerk sal voortbestaan na die nuwe kerk se stigting met selfs die moontlikheid dat daar nog ’n VGK ook kan bestaan na die stigting van ’n nuwe kerk. Hulle sal net in verskeurdheid verder bestaan soos die VGK en NGKA of in verwydering van mekaar soos die VGK en RCA. ’n Weg waar gemeentes vryelik in meerdere rings- en sinodale verbande kan funksioneer en nog steeds bly wat hulle is, is mos die weg wat die aanvoerders van die ontbinding van die NG Kerk voorstaan ter wille van kerkeenheid.
28. Hierdie weg maak ook ’n finale einde aan die morele veroordeling van mekaar se bestaansreg binne die organisasies van kerke binne die formuliere van eenheid. Om lidmate en gemeentes van die NG Kerk voor die keuse te stel dat hulle nie werklik in die eenheid van die kerk van die Here glo en daarom ook nie werklik in die Here glo as hulle nie die NG Kerk ontbind nie, is ’n eis wat ongeregverdig is sonder enige Skrifgesag.
29. Daar is geen Skrifgesag wat sê dat die NG Kerk as organisasie moet ontbind as sy gemeentes dieselfde gaan bly maar net in ander en nuwe meerdere vergaderinge gaan funksioneer nie. Hierdie keuse is nie meer gelowig, meer vroom, meer geestelik en nader aan die bedoeling van kerkwees volgens God as om te besluit dat die gemeentes van die verskillende kerkorganisasies wat die formuliere van eenheid aanvaar in meer as net een meerdere kerkverband hulleself mag verbind nie.

30. Indien daar ander weë is waarin elke gemeente in gesamentlike meerdere vergaderinge funksioneer, maar die aandrang bly dat die NG Kerk moet ontbind, sal NG lidmate en gemeentes hulleself die volgende moet afvra: is die eis dat die NG Kerk moet ontbind uit die eerlike behoefte na eenheid in meerdere vergaderinge of is dit die onverbiddelike eis van hulle wat nog woedend is oor die gevoel dat NG Kerk hom met die ideologie van apartheid vereenselwig het.
31. Die NG Kerk het al 250 jaar voor die ideologie van apartheid bestaan. Sy Evangeliebediening was nooit in sy ganse bestaan tot een ras of kultuurgroep beperk nie. Die vorming van eie erediens is al in 1857 besluit, nie weens die rassebeleid van ’n party nie, maar weens die eiesoortige behoeftes en uitdagings van die Evangeliebediening. Die vorming van eie kerkorganisasies uit die werk van die NG Kerk het al in 1881 begin, nie in 1948 nie.
32. Om hierdie eeuelange bediening van die NG Kerk te verguis as rassisme en sy bestaan as eie kerkorganisasie te wil wegmaak – in ’n proses waarin sy hele finansiële en gemeentelike inhoud vernietig word, is nie die eerlike behoefte vir sigbare eenheid in meerdere kerkvergaderinge nie. Dit is ’n doodswens uit wraak of skaamte vir die NG Kerk se assosiasie met die ideologie van apartheid in die verlede.
33. NG lidmate en gemeentes mag hulle nie aan hierdie eis dat die NG Kerk moet ontbind om sigbare eenheid net in kerklike meerdere vergaderinge te kry, onderwerp nie. Dit is is ’n kerkregtelike weg wat die NG Kerk gaan verteer en verskeur.
34. Die ironie is dat die NG Kerk die grootste kerk is met die meeste lidmate wat die formuliere van eenheid aanvaar. Hierdie ontbinding word nie as ’n minderheidsgroep gedoen teenoor die druk van ’n meerderheid nie. Dit word gedoen teenoor ’n minderheid wat in baie gevalle self afhanklik is vir hulle finansiële voortbestaan van die kerkorganisasie wat hulle eis moet ontbind.

**Besluite van die Ring van Louis Trichardt:**
1.Die Ring van Louis Trichardt verwerp die ontbinding van die van die NG Kerk vir die stigting van ’n nuwe kerk waarin die NG Kerk moet opgaan ter wille van kerkeenheid
2.Die Ring van Louis Trichardt versoek die kerkrade in die Ring om die studiestuk “Die verwerping van die ontbinding van die NG Kerk vir die stigting van ’n nuwe kerk waarin die NG Kerk moet opgaan ter wille van kerkeenheid” in behandeling te neem.
3.Die Ring van Louis Trichardt versoek kerkrade in die Ring om ’n besluit te neem waarin hulle standpunt inneem tov die ontbinding van die NG Kerk twv ’n nuwe kerkorganisasie.
4.Die Ring van Louis Trichardt versoek kerkrade in die Ring om gemeentevergaderinge te oorweeg waarin die gemeentevergadering ’n standpunt inneem tov die ontbinding van die NG Kerk twv ’n nuwe kerkorganisasie.
5.Die Ring van Louis Trichardt versoek kerkrade in die Ring om elke belydende lidmaat per individuele stembrief die geleentheid te gee om ’n keuse te maak vir of teen die ontbinding van die van die NG Kerk vir die stigting van ’n nuwe kerk waarin die NG Kerk moet opgaan ter wille van kerkeenheid.
6.Die Ring van Louis Trichardt versoek kerkrade in die Ring om vir elke nuwe lidmaat wat in die gemeente intrek per individuele stembrief die geleentheid te gee om ’n keuse te maak vir of teen die ontbinding van die van die NG Kerk vir die stigting van ’n nuwe kerk waarin die NG Kerk moet opgaan ter wille van kerkeenheid.

**Motivering vir 3 tot 6**
1.Die Ring is van mening dat hierdie die aangewese prosedure is om aan elke gemeente die regstatus te gee om hulle posisie as NG gemeente te behou ongeag enige besluit van die sinode of Algemene Sinode wat die status van die gemeente sal ontneem om ’n gemeente van ’n nuwe kerkorganisasie te word.
2.Op hierdie wyse word die gesag vir gesprek verskuif van die sinodes en Algemene Sinode na die gemeentes en hoef die gemeentes nie bevange te wees oor ’n besluit wat bo-oor hulle geneem gaan word nie.

7.Die Ring van Louis Trichardt verwerp die morele verwyt dat lidmate en gemeentes wat nie instem om die NG Kerk te ontbind vir ’n ander kerkorganisasie, teen die sigbare kerkeenheid van die Here is.
8.Die Ring van Louis Trichardt verbind homself tot ’n sigbare eenheid in die organisasie van die familie van NG Kerke sonder die ontbinding van die NG Kerk.
9.Die Ring van Louis Trichardt verwerp die opvatting en daarmee saam enige besluit van enige kerkvergadering van die NG Kerk dat die bestaan van die NG Kerk ander gelowiges sou verontreg.
10.Die Ring van Louis Trichardt versoek die Sinode van Noord Transvaal om die reg van gemeentes en ringe te erken om binne die NG familie van kerke in meer as net in die NG Kerk in meerdere vergaderinge te mag konstitueer ter wille van sigbare eenheid in die vergaderinge van die NG Kerkfamilie.
11. Die Ring van Louis Trichardt besluit om hierdie besluite aan die Sinode van Noord Transvaal deur te gee.
12. Die Ring van Louis Trichardt besluit om die verwerping van die ontbinding van die NG Kerk vir die stigting van ‘n nuwe kerk waarin die NG Kerk moet opgaan ter wille van kerkeenheid as beskrywingspunt namens die ring aan die volgende sinodesitting van die Sinode van Noord Transvaal deur te gee.

13. Die Ring van Louis Trichardt besluit om enige gemeente in die NG Kerk op navraag van die motivering en inhoud van die besluite van die ring behulpsaam te wees.
14. Die Ring van Louis Trichardt besluit om hierdie besluit en ’n verduideliking van hierdie besluite in die Kerkbode te publiseer.
15. Die Ring van Louis Trichardt besluit om hierdie besluite in ’n persverklaring aan die publiek bekend te maak.
16. Die Ring wys ’n persoon/e aan om die verduideliking en gesprek met openbare media te voer.

## B.24 KERKHERENIGING
**(WES-TRANSVAAL)**
**BESKRYWINGSPUNT**

*1. Die Sinode van Wes-Transvaal versoek dat die Algemene Sinode:*
*Die voorgestelde organiese eenheidsmodel moet herbesoek om ruimte te maak vir ’n model wat meer as net organiese kerkeenheid in vooruitsig stel.*
*2. Die Sinode van Wes-Transvaal versoek die Algemene Sinode om te besluit dat:*
*2.1 Streeksinodes, ringe en gemeentes hulle verantwoordelikheid ten opsigte van besluitneming en bedieningstrukture in ’n nuwe kerkverband mag behou.*
*2.2 Die Algemene Sinode na kerkvereniging ’n sinode van sinodes sal bly.*
*2.3 Sinodes in so ’n nuwe kerkverband die keuse het om as ’n sinode te bly voortbestaan.*
*2.4 As deel van die vrywillige proses van kerkvereniging, gemeentes wat gereed is, vry is om deel te word van die nuwe organiese eenheidsinodes en eenheidsringe.*

**MOTIVERING van ’n eie model vir kerkeenheid – ’n model wat ruimte laat vir meer as net organiese kerkeenheid**
**1.As ’n Bybelse kerk van Jesus Christus** verstaan ons dat die plaaslike kerk ten volle kerk van die Here is, maar dat dit nooit as kerk in isolasie bestaan nie. In ons gereformeerde tradisie word hierdie beginsel uitgedruk in die eenheid en gemeenskap (kerkverband) met mekaar. Dit is iets wat altyd ’n prioriteit vir plaaslike gemeentes moet wees. Ons bely immers dat ons mekaar nodig het om ook op plaaslike vlak ten volle kerk van die Here te wees, en dat dit gereflekteer moet word in die model van ’n nuwe kerkverband.
**2.** Soos dit in ’n gereformeerde kerk hoort, is **gemeentes** regspersone in sigself en **behou hulle verantwoordelikheid** mbt besluitneming en bediening. ’n Algemene Sinode skryf nie aan gemeentes voor hoe hulle hul bediening uitvoer nie. Ook nie aan sinodes en ringe nie.
**3.** Ons is dit met mekaar eens dat ons in die proses van kerkvereniging **een nuwe Algemene Sinode** moet vorm. Dit is belangrik dat die nuwe Algemene Sinode se werksaamhede beperk moet word sodat dit steeds ’n **sinode van sinodes** sal bly – ’n Kerk**verband**.
**4.** Ons verstaan dat die beste regsgeldige manier om een kerkverband te vorm, is dat een nuwe Algemene Sinode deur die bestaande Algemene Sinodes gevorm word. Wat dan kan volg, as ’n deel van die proses, is **’n vrywillige proses waarin “streek” sinodes en ringe nuwe “streek”-strukture kan vorm.**
**5.** Gemeentes, ringe en sinodes sal aangemoedig word en gehelp word om vrywillig in eenheid na mekaar te groei**,** en waar hulle dit so verkies selfs een organiese struktuur te vorm. Hulle **sal nie in een struktuur forseer word nie**.
**6.** ’n Sinode **mag ook besluit om** aan die begin deel te wees van die nuwe Algemene Sinode, maar **vir eers as ’n sinode te bly voortbestaan**. Dan staan dit gemeentes wat gereed is, vry om deel te word van nuwe “eenheidsinodes” wat tot stand mag kom en van die ringe wat deur die nuwe eenheidsinodes geskep word.
**7.** Daar moet **ruimte wees** dat die samestellende kerke elkeen ’n eie stel Gereformeerde Belydenisse mag hê en almal respekteer en aanvaar ander se pakket van gereformeerde belydenisse.
**8. Daar is dus ’n verskeidenheid weë na kerkeenheid moontlik**.
* Gemeentes, ringe en sinodes wat organies een wil word, mag dadelik daartoe oorgaan.
* Die wat nie op ál die vlakke organies een wil word nie, het vryheid om as bestaande sinodes en ringe as deel van die nuwe Algemene Sinode uitdrukking te gee aan kerkeenheid.
**9.** Ons leef eenmaal in ’n samelewing waar daar nie meer ’n goue middeweg is nie. **Daarom pleit ons by die Sinode om ruimte te skep** dat die pole in die “well-curve” mekaar omhels tot getuienis dat die Here se kinders mekaar lief het ten spyte van hulle verskillende kulture, spiritualiteite, belydenisse en vorme van kerkverband.

## B.25 KERKORDE ARTIKEL 26.2
**(OOSTELIKE SINODE)**
**BESKRYWINGSPUNT**

Die onderstaande beskrywingspunt is deur die Ring van Elarduspark aan die Oostelike Sinode se Sinodale Diensraad gestuur mdo op die Algemene Sinode. Dit word met die kommentaar van die Oostelike Sinode deurgegee.

**DIE SAMESTELLING VAN DIE KERKRAAD - KERKORDE ARTIKEL 26.2**
*1. Die Sinode versoek die Algemene Sinode om die woordjie "al" in die Kerkorde Artikel 26.2 te skrap.*
*2. Die Sinode versoek die Algemene Sinode om die Kerkorde Artikel 26 soos volg uit te brei:*
"*Artikel 26.3 Elke gemeente met meer as twee (2) Bedienaars van die Woord (makro-grootte gemeentes) besluit self of al die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens deel uitmaak van die Kerkraad, of net 'n beperkte getal."*
Artikel waarna verwys word
*Artikel 26.2 - Die kerkraad bestaan uit al die bedienaars van die Woord, asook die ouderlinge en diakens. (Vergelyk NGB Artikel 30)*

**MOTIVERING**
1. Makro-gemeentes funksioneer heeltemal anders as gemeentes met een of twee leraars. Die gemeentes word nie goed bedien deur makro-grootte kerkrade nie. 'n Verkleinde kerkraad bied groter effektiwiteit. Gedesentraliseerde kerkrade volgens Bepaling 17 van die Familiereëls van die Oostelike Sinode 2012 bied ook nie altyd 'n funksionele oplossing nie. Indien Artikel 26.2 gehandhaaf word soos dit tans geformuleer is, plaas die oorwig in die getalle van die leraars in makro-gemeentes enige verkleinde kerkraad se gesonde besluitneming onder druk. Daar moet egter altyd 'n gesonde verteenwoordiging van leraars op die kerkraad wees.
2. Leraars word in makro-gemeentes betrek by die bestuur en geestelike leiding deur gereelde byeenkomste van leraarspanne, asook 'n oop uitnodiging om kerkraadsvergaderings by te woon, sonder stemreg. Leraars in makro-grootte gemeentes het ook 'n oop uitnodiging om enige dringende saak op die kerkaad se agenda te plaas en self te motiveer tydens vergaderings. Leraars word dus glad nie uitgesluit uit bestuur of die geestelike leiding van die betrokke gemeente nie.
3. Leraars in makro-gemeentes verkies dikwels om nie op die kerkraad te dien nie as gevolg van die omvang van hulle spesialisposte en verantwoordelikhede in die groter gemeente.
4. Makro-grootte gemeentes is dikwels sinoniem met vernuwende gemeentes. Die gemeentes wil die NG Kerk bedien met beproefde praktiese modelle en wil nie teen die Kerkorde optree nie. Bepaling 18 sê tog duidelik dat huishoudelike bepalings in lyn met die Kerkorde moet wees.
5. Die woordjie "al" in Artikel 26.2 verwoord nie noodwendig die belydenissituasie van die NGB Artikel 30 waarna daar in die voetnota by die Artikel verwys word nie. Hier wil ons graag verwys na die Algemene Sinode (2011) se verslag "Die Heidelbergse Kategismus en die Roomse Mis" (Agenda bladsy 168 tot 173). Onderaan bladsy 169 staan die volgende: "Belydenisvorming is die uitkoms van 'n hermeneutiese onderneming waarin die verrekening van historisiteit en kontekstualiteit onontbeerlik is. In die hermeneutiese proses word daar gepoog om soveel as moontlik van die belydenissituasie te herwin."

**Die Sinodale Diensraad het die volgende kommentaar** volgens *Punt 6* van *Reglement 3 – Reglement van Orde* van die Algemene Sinode gelewer:
1. Die Sinodale Diensraad het begrip vir die situasie van gemeentes met baie/meerdere predikante. Dit word nie deur die huidige bewoording van die Kerkorde (Artikel 26.2) bevredigend opgelos nie. Dit is ook die getuienis van makro-gemeentes in ander sinodale gebiede.
2. Hierdie situasie kan aangespreek word indien die Algemene Taakspan Regte gesprek voer met makro-gemeentes in die verskillende sinodes. Hiertydens kan daar aandag gegee word aan en reëlings getref word oor stemreg, afvaardiging na meerdere vergaderinge, die gelykheid tussen leraars en ander praktiese sake.
3. Die Kerkorde gee tans nie genoeg erkenning aan die diversiteit van gemeentes nie. Soos daar verskillende bedienaars van die Woord is, kan daar ook verskillende wyses wees waarop kerkrade saamgestel word en funksioneer. Moontlik kan ’n reglement vir kerkrade opgestel word soos daar reglemente vir bedienaars van die Woord is. Dan kan Artikel 26.2 slegs lui: *Die kerkraad bestaan uit bedienaars van die Woord, asook ouderlinge en diakens – vergelyk hiervoor die reglement vir kerkrade*. Op hierdie wyse kan die Artikel eenvoudiger geformuleer word en die reglement vir die diversiteit voorsiening maak.

## B.26 SAMESTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODE
**(WES- EN SUID-KAAPLAND)**
**BESKRYWINGSPUNT**

’n Kerkraadsvergadering is ’n vergadering van ampsdraers wat beroep of verkies en bevestig is. ’n ring en sinode is ’n samekoms van gemeentes. Die Algemene Sinode is ’n vergadering/samekoms van sinodes wat bestaan uit verteenwoordiging van die samestellende sinodes. In 1982 is die afvaardiging van 50 vir elke

sinode na 40 verklein omdat die vergadering te groot geword het. Vanaf 2007 is daar 'n formule saamgestel waarvolgens sinodes saamgestel word. Dit het bestaan uit 'n formule waar elke sinode 20 lede stuur en die res van die 400 lede word dan pro-rata volgens lidmate vasgestel. In 2011 is besluit om die sinode met die helfte te verklein en dieselfde formule te gebruik om die sinode saam te stel. Die grootste motivering was finansiële oorwegings. Ons kerkregeringstelsel is nie 'n demokratiese stelsel waar getalle die deurslag gee nie, maar die gehoorsaamheid aan die Woord behoort die deurslag te gee. Dit is dus nie getalle wat die grootste rol speel nie, maar die verootmoediging van die afgevaardigdes voor God en sy Woord wat elke keer die deurslag moet gee. Die praktyk het egter getoon dat daar persepsies in die kerk ontstaan dat die belangrikste besluit deur 'n al kleinerwordende groep geneem word. Dit maak die kerk armer. Die Moderatuur is van mening dat 'n verkleinde Algemene Sinode die kerk baie armer maak en die geloofwaardigheid van besluite kan beïnvloed. In die lig daarvan dat die besluite van 2011 nie werklik die kerk finansieel gehelp het nie (die Algemene Sinode van 200 vergader nou elke tweede jaar waar in verlede 'n getal van 400 elke 4 jaar vergader het), wil die Moderamen die Algemene Sinode versoek om eerder weer die Sinode te vergroot en dit minder te laat vergader.

Verder is dit onprakties om elke tweede jaar te vergader. Daar is nie tyd vir behoorlike studiestukke nie en dit neem ongelooflik baie tyd van predikante wat in gemeentes staan om elke twee jaar sake voor te berei.

Die Sinode moet eerder probeer om vergaderings goedkoper en eenvoudiger te hou as om die verteenwoordiging en die frekwensie te verander.

In die lig van bogenoemde stuur die Moderamen die volgende beskrywingspunt aan die Algemene Sinode:
*1. Die Moderamen versoek die Algemene Sinode om die samestelling asook die frekwensie van vergaderings te heroorweeg .*
*2. Dit moet op so wyse gedoen word dat:*
*- die vergaderingsfrekwensie weer na 'n 4-jaar siklus verander met die opsie van dringende spesiale vergaderings waar nodig*
*- die samestelling van die Algemene Sinode vergroot na 400 lede*
*- die vergaderings op 'n baie goedkoper en eenvoudige manier gehou word wat pas by 'n land waar die meerderheid mense in armoede leef.*

## B.27 TWYFEL SAAI OOR GELOOFSWAARHEDE
**(HOËVELD)**
**BESKRYWINGSPUNT**

Die volgende besluit van die Sinode Hoëveld word aan die Algemene Sinode deurgegee. Die betrokke Sinode het besluit dat:
1. Die Sinode daarvan kennis neem dat uitsprake in die media deur teoloë van die NG Kerk lidmate verwar en selfs laat twyfel oor geloofswaarhede.
2. Om hierdie saak daadwerklik as volg aan te spreek:
2.1 **Deur gemeentes:** Die Sinode gemeentes daaraan herinner dat dit die opdrag van die ouderling is om te waak oor die suiwerheid van die leer (Kerkorde Artikel 16.1.5) asook die uitoefening van opsig en tug (Kerkorde Artikel 16.1.4). Indien daar predikante of teologiese dosente is wat onder die toesig van ouderlinge ander geloofswaarhede verkondig wat in stryd is met die Woord en Belydenisskrifte, daar teen hulle opgetree moet word.
2.2 **Deur die SDK**: Die Sinode die SDK versoek om die kwessie van vermeende dwalings in die NG Kerk wat ontevredenheid onder lidmate veroorsaak, 'n saak van prioriteit te maak en 'n paneel van leraars en ouderlinge saam te stel om:
2.2.1 In die lig van ons Seisoen van Luister aandag te gee aan die stemme van 'n aantal persone wat die afgelope paar jaar al op verskeie maniere probeer het om gevaarlike leerdwalings binne die kerk onder ons aandag te bring. Waar prakties moontlik, moet die paneel die persone persoonlik te woord staan, bv Sarel van der Merwe en sy DVD *Nuwe strome in die Teologie*, dr Adrio König met sy boek *Die Evangelie is op die spel*, Ferdi Mulder met sy boek *Opgestaan,* besorgde lidmate en leraars se boek *Die Trojaanse Perd in die NG Kerk*, asook kerkrade wat beskrywingspunte oor leerdwaling by die Sinode ingedien het. Die paneel moet verslag lewer aan die SDK en aan die Sinode.
2.2.2. Die SDK word versoek om voor die einde van die jaar nog 'n ope byeenkoms te reël waar hierdie probleem indringend bespreek kan word.
*2.2.3 **Deur die Algemene Sinode:** Die Algemene Sinode versoek word om duidelik aan lidmate van die NG Kerk te verklaar waar die teologiese toekoms van dié Kerk lê, tov:*
*2.2.3.1 die gesag van die Woord van God;*
*2.2.3.2 ons belydenisskrifte;*
*2.2.3.3 verskillende teologiese strominge in die kerk.*



Inhoudsopgawe